NG Kerk
Vrystaat

*Lig in die duisternis, **hier vir God, mekaar en die wêreld***




# KERKORDE

## NG KERK VRYSTAAT **2022**

Insluitend die Artikels van die Kerkorde van die **Algemene Sinode 2019**, asook aantekeninge, reglemente, vorms en aanvullende/toeligtende besluite soos vasgestel deur **NG Kerk Vrystaat 2022**

Saamgestel deur
**Die Sinodale Taakspan Kerkorde (STK) van die Vrystaat Sinode**

# KERKORDE

## VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

**Artikels, Reglemente, Vorms en Aanvullende / Toeligtende Besluite soos vasgestel deur die Algemene Sinode in Oktober 2019 en die Vrystaat Sinode in Maart 2022.**

**Saamgestel deur**
**die Sinodale Taakspan Kerkorde (STK)**
**van die Vrystaat Sinode.**

# VOORWOORD

Die Kerkorde wat jy “in jou hand vashou”, is die nuutste Kerkorde soos tydens die Algemene Sinode se sitting in Oktober 2019 goedgekeur, asook ons eie (Vrystaat) Sinode se reglemente en vorms, soos goedgekeur tydens die Sinodesitting in Maart 2022. Heelwat nuwe of veranderde reglemente het die lig gesien in hierdie Kerkorde. Vir volledigheidshalwe is die AS se reglemente, asook belangrike Sinode besluite en toeligting van besluite net so uit die AS Kerkorde 2019 ook in hierdie Kerkorde opgeneem. Daar is ook aan Afdeling D gewerk en sekere sake wat nie meer in gebruik is, of wat nie meer van toepassing is nie, is geskrap. ’n Aantal nuwe vorms is ook bygevoeg.

Die Kerkorde is ‘n wonderlike hulpmiddel om lidmate, kerkrade, gemeentes, ringe en die sinode te help om binne orde en met billikheid en regverdigheid daarna te streef om in alle opsigte tot eer van die God, tot opbou en uitbou van die kerk en tot heil van die gelowige, te leef.

Die Kerkorde was nog nooit bedoel om ‘n rottang te wees waarmee ons mekaar pak slae gee nie, dit was nog altyd die bedoeling om soos ‘n stapstok te wees wat jou bietjie hulp gee as die pad klipperig en moeilik raak. As jy onseker raak oor hoe die pad behoort te loop – ten opsigte van bykans alle kerklike sake – kan jy maar net die Kerkorde raadpleeg.

Daarom is dit my gebed dat die Kerkorde ‘n baie positiewe plek in jou lewe sal inneem, dat jy moeite sal doen om dit te bestudeer en dat jy dit sal toelaat om jou te help met rigting gee, wanneer jy oor ‘n kerklike saak of prosedure onseker is.

Alhoewel God ‘n God van orde is, is Hy ook ‘n genadige en liefdevolle God wat daarin spesialiseer om aan mense tweede en derde kanse te gee as hulle berou het oor wat hulle verkeerd gedoen het. So wil hierdie Kerkorde nie ‘n harde, koue, liefdelose boek wees wat geen genade betoon as foute begaan is nie, maar eerder op ‘n liefdevolle manier help om reg te maak, foute en verhoudings te herstel en op ‘n nuwe manier te leef waarin God eindelik al die eer sal ontvang.

Soos wat ons as God se kinders ons voortdurend behoort af te vra hoe sal die Here hierdie situasie waarin ek myself nou bevind, hanteer, moet ons dalk onsself dit aanleer om voor ons enige kerklike sake doen of besluit of aanpak, net te vra *wat leer die Kerkorde ons in die verband?*

‘n Groot dankie aan elkeen van die span STK lede vir baie tyd, moeite en opoffering om hierdie produk so spoedig gereed te kon kry vir publikasie. Dit is


’n groot werk wat gedoen is en die moeite hiermee het beslis nie ongesiens verbygegaan nie.

Mag ons Here Jesus Christus, die Koning van die Kerk, sy kerk – vir ons – baie styf in sy genade vashou sodat ons oral en altyd tot sy eer kan lewe.

Soli Deo Gloria.



Christo Weideman (Voorsitter)



Dave Samuel (Ondervoorsitter)



Werner Burger (Skriba)



Lood Oliver



Bertus Celliers



Doughy Bubb



Andreas van Rooyen



Gerber Roux

[18]Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan,
Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die
eerste plek in die heelal inneem. [19]God het besluit om met sy volle wese in
Hom te woon [20]en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die
bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy
alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen.

Kolossense 1

# INHOUDSOPGAWE

## AFDELING A: DIE KERKORDE


### HOOFSTUK 1

**DIE BELYDENIS, AARD EN ORDE VAN DIE KERK** 1

### HOOFSTUK 2

**DIE AMPTE VAN DIE KERK** 4

Algemene bepalinge 4

Predikante 4

Ouderlinge en diakens 9

### HOOFSTUK 3

**DIE VERGADERINGE VAN DIE KERK** 11

Algemene bepalinge 11

Besondere bepalinge 12

Die kerkraad 12

Die ring 13

Die sinode 16

Die Algemene Sinode 18

### HOOFSTUK 4

**DIE ARBEID VAN DIE KERK** 21

Die openbare erediens 21

Die sakramente 22

Die doop 22

Die nagmaal 22

Die jeugbediening 22

Die herderlike sorg 23

Gemeentebediening 23

Gestuurdheid *(Missio Dei)* 23

Diens van barmhartigheid 24

Dienswerk van die gelowiges 24

Leer en aktuele sake 24

Rentmeesterskap 25

Diensverhoudinge 25

## HOOFSTUK 5


**KERKLIKE OPSIG, TUG EN DISSIPLINE** 26

Doel en voorskrifte 26

Kerklike opsig en tug 26

Tugwaardige sondes 26

Lidmate, ampsdraers, gelegitimeerdes en werknemers 26

Kerklike dissipline 27

Tug- en dissiplinêre maatreëls 27

Appèl 28

Opheffing van tug- en/of dissiplinêre maatreëls 28


## HOOFSTUK 6


**BETREKKINGE VAN DIE KERK NA BUITE** 30

Kerk en staat 30

Kerk, maatskappy en vrye vereniging 30

Kerk en onderwys 30

Kerk en ekumeniese betrekking 31

Tussen-orde 31


# AFDELING B: REGLEMENTE EN HANDLEIDINGS VAN DIE VRYSTAAT SINODE

### ALGEMEEN


1. Organigram van die sinodale struktuur van die NG Kerk Vrystaat 33
2. Reglemente van orde: NG Kerk Vrystaat 34


### MODERAMEN EN SUB-TAAKSPANNE


3. Reglement vir die moderamen 41
4. Reglement vir die Sinodale Taakspan Kerkorde (STK) 44
5. Reglement vir die Sinodale Taakspan Aktuele en Leerstellige sake (STALS) 46
6. Reglement vir die Bestuursforum (SBF) 46


### FUNKSIONELE BEDIENINGE, DIENSTE EN FONDSE


7. Reglement vir Ondersteuning 47
8. Reglement vir Begeleiding 54
9. Reglement vir Vennote in Getuienis 55

10. Reglement vir Diens van Barmhartigheid 57
11. Reglement vir Kerklike Fondse 60
12. Reglement vir die Helpmekaar Studiefonds 71
13. Reglement vir die Beursfonds 72
13.1 Reglement vir die Beursfonds vir Teologies opleiding: Gemeenteleraars 72
13.2 Reglement vir die Beursfonds vir nagraadse Teologiese studie 73
13.3 Reglement vir die Beursfonds vir diverse Teologiese opleiding 74
13.4 Reglement vir Teologiese studente bystandsfonds 76
14. Reglement vir die Sinodale Argief- en Inligtingsdiens 75
15. Reglement vir Kommunikasie 94

# AFDELING C: KERKLIKE VORMS VAN DIE VRYSTAAT SINODE

Vorm 1: Beroepsbrief vir 'n Bedienaar van die Woord 96
Vorm 2: Benoemingsbrief vir predikante in Sinodale diens 97
Vorm 3: Akte van bevestiging 102
Vorm 3A: Akte van bevestiging: Diensleraar 103
Vorm 4A: Akte van demissie 104
Vorm 4B: Akte van demissie by emeritering 105
Vorm 4C: Akte van demissie vir 'n predikant in Sinodale diens 106
Vorm 4D: Akte van demissie by aanvaarding van 'n ander werk met behoud van bevoegdheid 107
Vorm 4E: Akte van demissie by aanvaarding van emeritaat weens swak gesondheid108
Vorm 4F: Akte van demissie vir 'n Brugpredikant 109
Vorm 4G: Akte van demissie by die losmaak van die band met behoud van Bevoegdheid 110
Vorm 5: Geloofsbrief vir 'n vergadering van die Sinode 111
Vorm 6: Geloofsbrief vir 'n vergadering van die Ring 113
Vorm 7: Verklaring van doop 115
Vorm 8: Verklaring van lidmaatskap 116
Vorm 9: Attestaat 117
Vorm 10: Beëindiging van lidmaatskap 118
Vorm 11: Verklaring: Lidmate van ander kerkgenootskappe 119
Vorm 12: Rektifikasie in die doopregister 120

Vorm 13: Rektifikasie in die Belydende lidmateregister 122

# AFDELING D: SINODALE REËLINGS VAN DIE VRYSTAAT SINODE

D1 Pligte van 'n kerkraad 124
D2 Pligte van die kassier 126
D3 Advies oor reis- en trekonkoste 127

# AFDELING E: REGLEMENTE VAN DIE ALGEMENE SINODE

## FUNKSIONERING VAN DIE ALGEMENE SINODE

1. Reglement vir die Funksionering van die Algemene Sinode 128
2. Reglement vir die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) 130
3. Reglement vir die Algemene Sinodale Bedryfspan (ASB) 133
4. Reglement van orde 134
5. Reglement vir die Algemene Taakspan Argief (ATA) 141
6. Reglement vir die Algemene Taakspan Bybelvertaling, - verklaring en –verspreiding (ATBV) 142
7. Reglement vir die Algemene Taakspan Fondse en Bates (ATFB) 144
8. Reglement vir die Algemene Taakspan Regte (ATR) 145
9. Reglement vir die Algemene Taakspan Predikantesake (ATP) 146
10. Reglement vir die Algemene Kuratorium (AK) 149

## PREDIKANTE

11. Reglement vir die Opleiding en Legitimasie van Predikante 151
12. Reglement vir die Bevoegdheid van Predikante, Proponente en Emeriti 161
13. Reglement vir Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante 171
14. Reglement vir Voltydse Predikantsposte 177
15. Reglement vir Deeltydse Predikantsposte 179
16. Reglement vir Tentmakerposte 181
17. Reglement vir Vastetermynpredikantsposte 182

18. Reglement vir Brugbediening 184

19. Reglement vir Standplaas- en Diensleraarposte 186

20. Reglement vir die Verlof van Predikante 188

## TUG EN DISSIPLINE

21. Reglement vir die Bestuur van Diensverhoudinge vir Predikante by Ongeskiktheid en Onvermoë 191

22. Reglement vir Tug en Vermaning 196

## APPÈL EN BESWAAR

23. Reglement vir Hersiening (revisie), Appèl, Beswaarskrif (gravamen) en Prosedurele beswaar 203

## KERKLIKE GOEDERE

24. Reglement vir Kerklike Goedere 210

## GEMEENTES

25. Reglement vir Gestuurdheid van die NG Kerk 220

26. Reglement vir die Verhouding tot Ander Kerke en Groepe 225

27. Reglement vir die Vermeerdering, Kombinering, Eenwording en Samesmelting van Gemeentes 235

# AFDELING F: BESLUITE VAN DIE ALGEMENE SINODE WAT KERKORDE ARTIKELS EN REGLEMENTE AANVUL EN TOELIG

## DIE BELYDENIS EN ORDE VAN DIE KERK

1. Bybel 242

2. Beginsels, Besluite, Riglyne en Handleidings 244

3. Geloofswaarhede 245

4. Belydenis van Belhar 245

## DIE AMPTE VAN DIE KERK

5. Predikant: Beroepsbrief en Prosedures by Beroeping 245

6. Beroepbaarheid van Predikante Binne die Familie van NG Kerke 246

7. Beroep van Gelegitimeerdes uit die Kerke van die NG Kerkfamilie buite die Grense van Suid-Afrika na die NG Kerk 246

8. Legitimasie met Beperkte Opdrag 247

9. Omruiling van Standplase 247

10. Bediening in Buitengewone Omstandighede 251

11. Brugbediening 252

12. Riglyne vir Bedienaars (Ouderlinge en Diakens met bevoegdheid) 252

13. Predikante, Diens- en Standplaasleraars 252

14. Predikant: Aftreeouderdom 253


## DIE VERGADERINGE VAN DIE KERK


15. NG Kerkseël 253

16. Telefoon-/ Elektroniese Vergaderings en Stemwyses 253


## DIE SAKRAMENTE


17. Doop 254

18. Doop en Nagmaal: Samehang van die Sakramente in Verbonds-Teologiese Perspektief 259

19. Nagmaal 259

20. Riglyne vir die Bediening van die Nagmaal Buite die Erediens 261


## DIE ARBEID VAN DIE KERK


21. Buitelandse Bediening 261

22. Kerklied 261

23. Outeursreg en Sangbundels 262

24. Kerklike Lidmaatskap 262

25. Kerklike Media 264

26. Riglyne vir Vergoeding aan Werkgewers 265


## KERKLIKE OPSIG EN TUG


27. Riglyne vir die Beslegting van Kerklike Geskille 266


## BETREKKINGE VAN DIE KERK NA BUITE


28. Suid-Afrikaanse Handves van Godsdiensregte en –Vryhede 267

29. Kerkhereniging 270


## AKTUELE EN ETIESE SAKE


30. Bediening van Bevryding 272

31. Ekologie 274

32. Geloftedag as Versoeningsdag 275
33. Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling 275
34. Selfdegeslagverbintenisse 275
35. Huwelik en Saamwoon 279

**A TOT Z – BELEID** 280

**TUSSEN-ORDE** 280

**GEDRAGSKODE VIR PREDIKANTE VAN DIE NG KERK** 288

# ADELING A: DIE KERKORDE

## HOOFSTUK 1

### DIE BELYDENIS, AARD EN ORDE VAN DIE KERK

### Artikel 1

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.

***Aantekening by Artikel 1:***

*Artikel 1 moet saam met Artikel 44 gelees word.*

### Artikel 2

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is deur God Drie-enig geroep om deel te neem aan die missie van God in die wêreld. Die kerk word deur die Heilige Gees opgebou om God se eer te dien en verkondig die bediening van versoening en die heil van Christus.

### Artikel 3

3.1 Waar die Woord van God eis dat in die gemeente van Christus alles welvoeglik en ordelik moet toegaan (1 Kor 14:40), word in die volgende artikels 'n aantal bepalinge gegee vir die lewe en werk van die kerk met die oog op die volbrenging van sy taak en roeping ooreenkomstig die Heilige Skrif en die belydenis.

3.2 Hierdie bepalinge handel oor die ampte in die kerk, die vergaderinge van die kerk, die werksaamhede van die kerk, regering en tug van die kerk en die betrekkinge van die kerk na buite.

3.3 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk reël sy eie interne orde op grond van sy onvervreembare roeping en interne bevoegdheid as kerk van Jesus Christus en ook op grond van sy reg tot vryheid van godsdiens.

***Besluite by Artikel 3:***

***3.1 Sinodale verband***

*3.1.1 Die sinodale verband van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Vrystaat word saamgestel uit die Nederduitse Gereformeerde gemeentes in die Vrystaat-provinsie.*

*3.1.2 Elke Nederduitse Gereformeerde gemeente het vasgestelde grense en bestaan uit die volgende lidmate:*

***3.2 Gemeentegrense***

*3.2.1 die belydende lidmate wat binne die grense van die gemeente woonagtig is en wie se lidmaatskap deur die kerkraad in ooreenstemming met die kerklike bepalinge erken en aangeteken is;*

*3.2.2 die dooplidmate, dit wil sê gedoopte kinders van belydende lidmate wat binne die gemeentegrense woon en ander dooplidmate wie se domisilie in die gemeente is;*

*3.2.3 die nog ongedoopte kindertjies van belydende lidmate wat kragtens die verbond van God deel van die verbondsgemeente is; en*

*3.2.4 lidmate buite die gemeentegrense wat kragtens Besluit 3.5.3 hieronder erken word.*

***3.3 Duur van lidmaatskap***

*3.3.1 Die persone in 3.2 genoem bly lidmate van die Nederduitse Gereformeerde gemeente totdat:*

*3.3.1.1 hulle deur skriftelike kennisgewing of voor 'n kommissie van die kerkraad bevestig dat hulle hul verband met die Kerk verbreek en die kerkraad vervolgens hulle betrekking tot die gemeente as vervalle verklaar (Vorm 10); of*

*3.3.1.2 hulle van die gemeente afgesny word.*

*3.3.2 'n Lidmaat wat sy verband met die Nederduitse Gereformeerde Kerk verbreek om na 'n nie-erkende kerk of 'n sekte oor te gaan, kan alleen terugkeer na betoning van berou en moet, na ondersoek oor sy gehegtheid aan die leer van die Kerk en nadat bewys gelewer is dat die kategese voorheen deurloop is, voor die kerkraad of 'n kommissie van die kerkraad belydenis van geloof aflê.*

*3.3.3 Wanneer 'n lidmaat uit die familie van Nederduitse Gereformeerde Kerke aansoek doen om as lidmaat opgeneem te word, behoort die kerkraad in die oorweging van so 'n aansoek 'n deeglike gesprek met sodanige persoon te voer oor die Formuliere van Eenheid as die enigste belydenisgrondslag van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.*

***3.4 'n Lidmaat wat na 'n ander gemeente vertrek***

*3.4.1 Waar 'n lidmaat na 'n ander gemeente vertrek, word op aanvraag en as die kerkraad dit goedvind, aan hom 'n attestaat oorhandig op die vasgestelde vorm (Vorm 9) wat deur die bedienaar van die Woord of die skriba onderteken moet word. Hierdie attestaat moet binne ses maande na uitreiking by die kerkraad van die ander gemeente ingedien word.*

*3.4.2 Waar 'n lidmaat reeds langer as ses maande vertrek het of waar daar by die opsieners beswaar bestaan om 'n attestaat uit te reik, word 'n bewys van lidmaatskap, onderteken deur die bedienaar van die Woord of die skriba van die kerkraad, uitgereik. 'n Bewys van lidmaatskap word verkieslik aan die skriba van 'n gemeente gestuur en nie aan die lidmaat wat vertrek persoonlik gegee nie.*

*3.4.3 'n Bewys van lidmaatskap moet onverwyld by die betrokke kerkraad ingedien word. Die oorkoms van sodanige lidmaat moet tydens die erediens deur afkondiging aan die gemeente bekend gestel word.*

*3.4.4 Die kerkraad het die reg en is verplig om die attestaat of bewys van lidmaatskap van elke lidmaat en bedienaar van die Woord wat as lidmaat by die gemeente aanmeld, aan te vra. Dit geld in besonder vir 'n lidmaat wat in 'n tugsaak betrokke is en weier om hom aan die tug te onderwerp op grond daarvan dat sy bewys van lidmaatskap nie ingedien is nie.*

*'n Kerkraad is verplig om op aanvraag die attestaat of bewys van lidmaatskap uit te reik, en indien dit tevore uitgereik is, te vermeld wanneer en na welke gemeente dit aangestuur is.*

*3.4.5 Sodra 'n lidmaat uit 'n gemeente vertrek, verval sy lidmaatsvoorregte in die gemeente wat hy verlaat, tensy hy skriftelik met die bepaalde gemeente reëlings betreffende sy voortgesette lidmaatskap getref het.*

*3.4.6 Hy het geen lidmaatsregte in die nuwe gemeente voordat sy attestaat of bewys van lidmaatskap ingedien is nie.*

*3.5* ***Gemeentegrense***

*3.5.1 Die Algemene Sinode het besluit dat elke gemeente 'n duidelik omskrewe grens het as 'n aanduiding van die primêre bedieningsgebied van daardie gemeente. Daarmee handhaaf die NGK die beginsel dat die finalisering van lidmaatskap van 'n betrokke gemeente (doop- en belydend) deur die kerkraad van daardie gemeente hanteer word.*

*3.5.2 Persone/lidmate wat binne die grense van 'n ander gemeente intrek, sien toe dat hulle attestate of bewyse van lidmaatskap by hierdie kerkraad/gemeente ingehandig word. Die kerkraad neem*

*goedkeurend hiervan kennis. Lidmate kan ook die administratiewe amptenaar van hulle vorige gemeente versoek om die dokumente te laat oorplaas.*

*3.5.3 Lidmate wat binne die grense van 'n gemeente woon of intrek, maar lidmaatskap van 'n ander gemeente verlang, kan dit doen deur hulle attestate of lidmaatbewyse by die betrokke kerkraad/gemeente in te handig.*

*Die inhandiging geskied met 'n kennisgewing aan die kerkraad binne wie se grense hulle reeds woon of gaan woon. Die twee betrokke kerkrade neem goedkeurend hiervan kennis. Sulke keuses moenie gemaak word as gevolg van hangende tugsake, growwe onmin of slegte verhoudinge in die geografiese gemeente nie. In sulke gevalle moet kerkrade/ringe die saak eers hanteer.*

*3.5.4 Gemeentes wat lidmate van buite hulle grense aanvaar, moet fisies in staat wees om hulle pastoraal te bearbei.*

*3.5.5 Lidmate wat binne die grense van 'n ander gemeente intrek, maar lidmate wil bly in die gemeente waarin hulle voorheen gewoon het, gee daarvan aan die twee kerkrade kennis. Die kerkrade neem goedkeurend hiervan kennis.*

*3.5.6 Die kerkraad van die gemeente waarbinne lidmate woon, moet geken word wanneer hierdie lidmate na 'n ander gemeente oorgaan. In gevalle van onsekerheid of twyfel kan kerkrade navraag doen oor die beweegredes van lidmate wat nie in hulle geografiese gemeente lidmaat wil wees nie.*

*3.7* ***Kategoriale Gemeentes***

*Die Sinode onderskryf die volgende beginsels in verband met kategoriale gemeentes:*

*3.7.1 Kategoriale gemeentes het steeds geografiese grense.*

*3.7.2 Ter wille van ordelikheid en die behoorlike opsig van kerkrade moet lidmate wat by ŉ kategoriale gemeente wil aansluit, dieselfde prosedure volg as wat die Algemene Sinode 1994 in verband met die oordrag van lidmaatskap oor gemeentegrense heen besluit het. (Handelinge 1994 bl 490, 491, 574).*

*3.7.3 Die ring moet ŉ kategoriale gemeente, net soos enige ander gemeente, se grense bepaal, desnoods in samewerking met ander ringe.*

***Aantekening by 3.5 (Besluit van Vrystaat Sinode 2017)***

*In die toepassing van die besluite van die Algemene Sinode moet die eer van God en die welsyn van en orde in die kerk voorop gaan en nie die keuses van mense nie. Terselfdertyd moet die geestelike heil van die betrokke lidmate/gesin ook verreken word.*

*Lidmate moet daarop gewys word:*

1. *dat die Here ook 'n doel het met die plek van ons verblyf en dat dit bepaalde geestelike voordele vir die gemeente en die lewe van die lidmaat/gesin inhou;*
2. *dat die keuse ten opsigte van lidmaatskap van 'n bepaalde gemeente 'n saak van ernstige gebed behoort te wees.*

# HOOFSTUK 2

## DIE AMPTE VAN DIE KERK

## 2.1 Algemene bepalinge

### Artikel 4

4.1 Christus verrig al die dienswerk in sy kerk en koninkryk deur sy Woord en Gees. Hy doen dit onder meer deur gebruik te maak van:

4.1.1 die dienswerk[1] van die drie besondere ampte in die kerk, te wete:

- dié van predikant[2], diensleraars en standplaasleraars
- dié van ouderling,
- dié van diaken,

om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk in die kerk en die wêreld; én

4.1.2 die dienswerk van al die gelowiges[3].

4.2 Die drie besondere ampte is gelykwaardig, maar word in opdrag en werk onderskei. By die uitoefening van hulle roeping mag geen ampsdraer oor ander ampsdraers heerskappy voer nie, aangesien Christus die enigste Hoof, Koning en Meester van sy kerk is.

### Artikel 5

Niemand mag in die kerk van Christus in een van die besondere ampte dien sonder dat die persoon:

- op wettige wyse beroep (of verkies) is,
- die nodige approbasie verkry het, en
- bevestig is nie.

## 2.2 Predikante

### Artikel 6

6.1 Vir die toelating tot die bediening van die Woord word vereis:

6.1.1 geskiktheid vir die amp[4];

6.1.2 deeglike teologiese opleiding[5]; en

6.1.3 ondertekening van die legitimasieverklaring waarin die ondertekening van die Formuliere van Eenheid vervat is.

6.2 Die Algemene Sinode bepaal die vereistes vir die opleiding, die aard en die toesig daaroor en die plekke waar dit moet geskied op aanbeveling van die Algemene Kuratorium.

6.3 Die Algemene Kuratorium word saamgestel deur die Algemene Sinode volgens *Reglement 10 vir die Algemene Kuratorium.*

---

1 Vergelyk Artikel 10 van die *Kerkorde*.

2 "Predikant" verwys ook na "bedienaar van die Woord", "leraar", "evangeliedienaar" en het die begrippe ooreenstemmende betekenisse. Waar in hierdie Kerkordeboek na die manlike verwys word, sluit dit ook die vroulike in en omgekeerd, tensy spesifiek anders vermeld.

3 Vergelyk die *Kerkorde* Artikel 55.

4 Vergelyk *Reglement 11 vir die Opleiding en Legitimasie van Predikante,* 4.1.1.

5 Vergelyk *Reglement 11 vir die Opleiding en Legitimasie van Predikante,* 4.1.2.

6.4 Wanneer meer as een sinode om historiese of ander redes by ’n plaaslike kuratorium betrokke is, reël die betrokke sinodes onderling die wyse waarop die kuratorium saamgestel word. Ander sinodes het die reg om, op eie koste, elk een verteenwoordiger in die kuratorium te benoem.

6.4.1 Die sorg vir, asook die beheer en toesig oor die opleiding van evangeliedienaars, word deur ’n plaaslike kuratorium behartig.

6.4.2 Die plaaslike kuratorium is verantwoordelik vir die keuring, begeleiding, toesighouding oor, eksaminering en aanbeveling vir toelating tot die evangeliebediening van teologiese studente. Hierdie verantwoordelikhede kan namens die kuratorium deur (’n) kommissie(s) van die kuratorium behartig word.

6.4.3 Die NG Kerkdosenteraad is meer bepaald vir die akademiese opleiding van die studente verantwoordelik.

6.4.4 Een lid van die NG Kerkdosenteraad het met adviserende stem sitting in die plaaslike kuratorium.

6.5 Die kuratorium benoem ’n proponentskommissie, wat bestaan uit soveel lede as wat hy nodig ag, uit bevoegde persone voorgelê aan die kuratorium deur die onderskeie sinodes. Hulle hoef nie noodwendig lede van die kuratorium te wees nie. Die proponentskommissie het as opdragte:

6.5.1 Die keuring en aanbeveling by die kuratorium van kandidate ná voltooiing van hul teologiese studies.

6.5.2 Die afneem van *colloquium doctum*.

## Artikel 7

Die verlening van bevoegdheid om as predikant beroep te word, die behoud daarvan en die beëindiging daarvan, geskied deur die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde.

| ***Aantekening by Artikel 7:*** |
|---|
| *Vergelyk Reglemente 9 en 12 van die Algemene Sinode KO 2019.* |

## Artikel 8[6]

8.1 ’n Predikant word vir diens aan ’n gemeente beroep deur die kerkraad van die gemeente, met approbasie deur die gemeente en goedkeuring deur die ring.

8.2 ’n Predikant word vir diens aan die kerkverband deur ’n kerkvergadering of sy gevolmagtigde benoem, met approbasie deur die kerkverband en goedkeuring deur die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie.

8.3 Die bevestiging van ’n predikant vir diens aan ’n gemeente geskied nadat goedkeuring daartoe verleen is deur die ring of sy gevolmagtigde.

8.4 Die bevestiging van ’n predikant vir diens aan die kerkverband geskied nadat goedkeuring daartoe verleen is deur die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie.

8.5 Die bevestiging van ’n proponent geskied met handoplegging.

8.6 ’n Predikant wat ’n beroep na ’n ander gemeente aangeneem het of ’n benoeming vir diens aan die kerkverband aanvaar het, ontvang ’n akte van demissie van die kerkvergadering in wie se diens gestaan is.

8.7 ’n Predikant wat emeriteer, ontvang ’n akte van emeritaat.

---

6 Vergelyk *Reglement 13 AS Kerkorde 2019* en *Beleid, Funksionele Besluite en Riglyne,* punt 5.

***Besluite by Artikel 8:***

*8.1 Die voorsitter van die beroepende vergadering gee aan die beroepene sowel as Die Kerkbode kennis van die beroep.*
*8.2 Besware teen 'n beroep word in terme van Regl 13.8 van die AS Kerkorde 2019 hanteer.*
*8.3 Die ring sien toe dat die bepalings van die Sinodale Pensioenfonds nagekom is.*
*8.4 In die geval waar 'n predikant of proponent uit die familie van Nederduitse Gereformeerde Kerke wat die Belhar-belydenis onderteken het, beroep word, moet hy opnuut verklaar dat hy die Formuliere van Eenheid as die enigste belydenisgrondslag van die Nederduitse Gereformeerde Kerk aanvaar alvorens hy in 'n gemeente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Vrystaat bevestig word.*
*8.5 Die beroepene moet so gou as moontlik bevestig word.*
*8.6 Die verantwoordelikheid van die beroepende kerkraad teenoor die bedienaar van die Woord begin op die datum waarop hy in sy vorige gemeente demissie ontvang het. Dit geld ook in die geval waar 'n bedienaar van die Woord na sy demissie maar vóór sy bevestiging sterf.*
*8.7 Die beroepende kerkraad dra die vervoerkoste van die beroepene en sy gesin, asook die verpakking en vervoer van sy meublement en boekery.*
*8.8 Die bevestiging geskied deur 'n bedienaar van die Woord in die plaaslike gemeente of die konsulent of, in geval van onvermydelike afwesigheid, deur 'n ander bedienaar van die Woord binne kerkverband wat daarvoor deur die konsulent gevra word. Die beroepene kan 'n bedienaar van die Woord van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vra om 'n bevestigingsrede te hou.*
*8.9 In die geval van 'n proponent wat vir die eerste keer bevestig word, stuur die kerkraad sy Akte van Legitimasie aan die skriba van die Moderamen wat aan hom 'n Akte van Bevestiging uitreik. (Vorm 3A)*

## Artikel 9

9.1 Die amp van die predikant fokus op die bediening van die Woord in al sy gestaltes.

9.2 Die predikant is geroep om 'n volgeling van Christus te wees en sy lewe te wy in diens van die Here en sy kerk.

9.3 Die predikant funksioneer in 'n gemeente, in die kerkverband en in die diens van die kerk in die wêreld.

9.4 In die gemeente aanvaar die predikant verantwoordelikheid vir onderskeiding, die bestudering en verkondiging van die Woord van God, die bediening van die sakramente, die diens van die gebede en dissipelskap. Die predikant is ook saam met die ander ampte verantwoordelik vir:

- eredienste,
- die opbou van die gemeente,
- onderrig en toerusting van gelowiges vir hulle dienswerk,
- die gemeente se dienswerk in die wêreld,
- leiding en organisering van die gemeente,
- uitoefening van Christelike liefde en tug,
- pastorale versorging,
- kerkplanting,
- die voortdurende ontwikkeling van bedieningsvaardighede.

Die kerkraad onderskei en bepaal, saam met die predikant, die wyse waarop dié verantwoordelikhede, in lyn met bepaalde begaafdhede, uitgeleef word en vervat dit in 'n diensooreenkoms.

9.5 Die predikant neem ook deel aan die gesamentlike bediening van die kerkverband in die onderskeie kerklike vergaderinge en ekumeniese verhoudings.

9.6 As deel van die dienswerk van die kerkverband aan die wêreld tref die kerkverband reëlings oor wyses waarop die predikant diensbaar is in die kerk en in die wêreld.

## Artikel 10

’n Predikant mag geen ampspligte (vergelyk Artikel 9 van die *Kerkorde*) onder lidmate van ’n ander gemeente verrig sonder die toestemming van daardie kerkraad nie.

## Artikel 11

11.1 ’n Predikant kan die kerklike bediening slegs om ernstige en gewigtige redes verlaat. Die persoon hou op om predikant te wees indien diens in die gemeente/kerkverband verlaat word om ’n ander betrekking te aanvaar. Die persoon kan egter vooraf van die Algemene Taakspan Predikantesake verlof ontvang om proponentsbevoegdheid te behou.

11.2 Sodanige behoud van bevoegdheid kan alleen verleen word indien die betrekking wat aanvaar word, ’n geestelike karakter dra wat regstreeks met die verkondiging van die Woord in verband staan en ten bate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk geag word.

11.3 Indien daar ander gewigtige redes is, kan sodanige behoud van bevoegdheid alleen verleen word indien die Algemene Taakspan Predikantesake, op grond van aanbevelings van die kerkraad en die ring, oordeel dat daar genoegsame *bona fide* redes[7] is om ’n ander betrekking[8] te aanvaar.

## Artikel 12

12.1 Die predikant word vir die uitvoering van die amp of bediening deur ’n kerkvergadering (kerkraad, ring, sinode, Algemene Sinode) in diens gestel.

12.2 Die predikant is, as geroepene van die Here deur sy kerk, aan die Here én aan die betrokke kerkvergadering verantwoording verskuldig.

12.3 Die kerkvergadering gee aan die predikant die respek en ondersteuning wat ’n geroepene van die Here en sy kerk in staat kan stel om die amp en bediening effektief uit te voer.

12.4 Indiensneming en diensbeëindiging geskied deur die betrokke kerkvergadering in wie se diens die predikant staan.

12.5 Slegs persone wat die nodige ampsbevoegdheid het (vergelyk Artikel 7 van die *Kerkorde*) kan in ’n gemeente of in die kerkverband as predikant dien.

12.6 Die predikant se dienste word met onmiddellike effek beëindig by verlies van bevoegdheid ingevolge *Reglement 12 vir die Bevoegdheid van Predikante, Proponente en Emeriti*.

12.7 Die betrokke kerkvergadering kan die dienste van ’n predikant in die volgende gevalle beëindig[9]:

12.7.1 op grond van wangedrag;

12.7.2 op grond van gebrekkige bedieningsvaardigheid of dienslewering;

---

[7] *Bona fide* redes is wanneer ’n predikant bedank uit die werkkring sonder dat daar enigsins sprake is van dissiplinêre en/of tugoptrede. Redes kan inhou dat die predikant vir die huidige nie die weg oopsien om voort te gaan met die bediening nie.

[8] Met die toekenning van proponentsbevoegdheid kan die volgende ook oorweeg word, naamlik: “dra die ander betrekking ’n geestelike karakter wat regstreeks met die verkondiging van die Woord in verband staan en ten bate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk geag word”?

[9] Vergelyk *Reglement 21 vir die Bestuur van Diensverhoudinge vir Predikante by Ongeskiktheid en Onvermoë.*

12.7.3 op grond van die gemeente of kerkverband se bedienings- en bedryfsvereistes.

## Artikel 13

Die gemeente of kerkverband in wie se diens ’n predikant staan, sien om na die persoon se geestelike, emosionele en fisieke behoeftes, is medeverantwoordelik vir die bedieningsontwikkeling en is verantwoordelik vir die lewensonderhoud soos ooreengekom[10].

## Artikel 14

14.1 ’n Predikant emeriteer op die ouderdom soos deur die Algemene Sinode bepaal[11].

14.2 ’n Predikant wat weens verswakte gesondheid, ouderdom of andersins uit die diens tree en daarvoor kwalifiseer, ontvang die voordele volgens die bepalinge van die betrokke pensioenfonds. Daar behoort ook voldoende voorsiening gemaak te word vir die weduwee/wewenaar en wese van die predikant.

14.3 ’n Emeritus ouer as die voorgeskrewe aftreeouderdom kan, met goedkeuring van die ring, vir ’n bepaalde termyn en vir ’n bepaalde taak beroep word[12].

14.4 ’n Emeritus wat weens verswakte gesondheid geëmeriteer het, moet eers weer beroepbaar gestel word deur die Algemene Taakspan Predikantesake op aanbeveling van die ring.

14.5 Emeriti jonger as die voorgeskrewe aftreeouderdom mag in enige predikantspos beroep word.

***Besluite by Artikel 14:***

***14.1 Neerlê van die bediening, Akte van demissie***

*14.1.1 Die aftree-ouderdom van alle leraars van gemeentes, predikante in sinodale diens en aan inrigtings verbonde, word op 65 jaar gestel. ’n Leraar wat die ouderdom van 65 jaar bereik het, mag vir hoogstens ses maande na bereiking van sy 65ste verjaardag en met toestemming van die betrokke kerkvergadering/kommissie in sy diens aanbly. Die ring moet toesien dat gemeenteleraars binne ses maande na bereiking van die ouderdom 65 aftree.*

*14.1.2 Wanneer ’n bedienaar van die Woord van voorneme is om die bediening neer te lê, is hy verplig om ten minste een maand voor die tyd skriftelik aan die kerkraad met opgaaf van redes van sy voorneme kennis te gee en ’n afskrif van hierdie kennisgewing aan die ringskommissie voor te lê.*

*14.1.3 Die kerkraad verleen aan die bedienaar van die Woord op ’n wettige gekonstitueerde vergadering van die kerkraad ’n Akte van demissie (Vorm 4A) mits die voorskrifte van die Kerkorde nagekom is en die ringskommissie of die kerkraad geen beswaar daarteen inbring nie.*

*14.1.4 Indien beswaar ingebring word, mag die kerkraad die verlening van die Akte van demissie uitstel.*

*14.1.5 Waar ’n bedienaar van die Woord die bediening neerlê as gevolg van swak gesondheid of by aftree-ouderdom, geskied dit met behoud van bedieningsbevoegdheid en word aan hom ’n Akte van demissie (Vorm 4A) oorhandig.*

***14.2 Beroeping na emeritering***

*14.2.1 ’n Bedienaar van die Woord wat met behoud van bedieningsbevoegdheid geemeriteer het en weer tot die bediening wil terugkeer, moet aan die ringskommissie binne wie se ressort hy woon, ’n versoek rig en dokumentêr bewys dat hy begerig en in staat is om weer voltyds diens te aanvaar. Sy versoek moet vergesel wees van ’n getuigskrif met betrekking tot sy leer en lewe, uitgereik deur die kerkraad binne wie se grense hy woon.*

---

[10] Vergelyk die A tot Z-beleid vervat in die Kerkordeboek of geplaas op die webblad van die NG Kerk www.ngkerk.org.za.

[11] Vergelyk *Funksionele Besluite 14*: Predikant: aftreeouderdom.

[12] Vergelyk *Reglement 17 vir Vastetermynpredikantsposte*, punt 4.

*14.2.2 Genoemde kommissie gee van die toegestane aansoek kennis aan die skriba van die Moderamen.*

***14.3 Afsterwe van bedienaar van die Woord***

*14.3.1 Wanneer 'n bedienaar van die Woord te sterwe kom en 'n weduwee of wewenaar of afhanklike minderjarige kinders nalaat, het die naasbestaandes vir 'n tydperk van 1 maand reg op die gehele onbeswaarde inkomste van die vakante predikant-standplaas met bewoning van die pastorie vir 'n tydperk van 3 maande of van die huishuur, of van die huissubsidie wat by onderlinge reëling daarvoor ontvang mag word. Die reistoelae word nie in dié geval by die onbeswaarde inkomste gereken nie. Die verhuisingskoste word deur die kerkraad betaal.*

*14.3.2 Wanneer 'n bedienaar van die Woord te sterwe kom en geen weduwee of wewenaar of minderjarige kinders nalaat nie, is bloedverwante en meerderjarige kinders wat van hom/haar afhanklik was en by hom/haar ingewoon het, geregtig op die bewoning van die pastorie en die lewensonderhoud vir 1 maand.*

## 2.3 Ouderlinge en diakens

## Artikel 15

15.1 Ouderlinge en diakens onderskryf met hulle bevestiging hulle instemming met die belydenis van die kerk.

15.2 Daar behoort 'n gereelde aftrede van ouderlinge en diakens te wees. Die dienstyd van ouderlinge en diakens word deur die kerkraad gereël.

***Besluite by Artikel 15:***

*15.1 Na elke verkiesing moet 'n kerkraadslid opnuut bevestig word.*

*15.2 Dit word aanbeveel dat nadat 'n kerkraadslid vier jaar aaneen gedien het, hy sovêr moontlik een jaar rus voordat hy weer verkies word.*

*15.3 Kerkraadslede word verkies volgens die Reglement van Orde (VS).*

*15.4 Die vergadering waarop 'n kerkraadslid verkies moet word, moet aan die gemeente tydens die erediens op die Sondag voor die verkiesing bekend gemaak word. 'n Persoon wat tot kerkraadslid verkies word, moet sonder versuim daarvan skriftelik kennis kry en sy verkiesing moet op twee agtereenvolgende Sondae tydens die openbare erediens afgekondig word.*

*15.5 'n Ongesensureerde lidmaat van die gemeente het die reg om tot 24 uur na die tweede afkondiging van die verkiesing skriftelik beswaar, met opgawe van rede(s), by die kerkraad in te dien, wat sonder versuim 'n vergadering van die kerkraad belê om die beswaar te oorweeg. By die stigting van 'n nuwe gemeente, moet 'n beswaar teen 'n verkose kerkraadslid voor die eerste Sondag na sy verkiesing, skriftelik by die konsulent ingedien word. Waar 'n beswaar gegrond bevind word, word die verkiesing nietig verklaar en moet die vakature so spoedig moontlik aangevul word.*

*15.6 'n Persoon wat tot kerkraadslid verkies is, moet binne agt dae na die tweede afkondiging skriftelik antwoord of hy die verkiesing aanvaar of bedank. By die bedanking moet redes vermeld word.*

*15.7 By afstigting moet 'n verkose kerkraadslid voor die eerste Sondag na sy verkiesing deur die gemeente skriftelik antwoord of hy die verkiesing aanvaar of bedank. By bedanking moet redes vermeld word.*

## Artikel 16

16.1 Die amp of bediening van die ouderling is gerig op geestelike onderskeiding en leiding, versorging, bestuur en toesig, en omvat:

16.1.1 die toerusting van lidmate vir hulle dienswerk;

16.1.2 die regering van die gemeente;

16.1.3 die doen van huisbesoek;

16.1.4 die uitoefening van opsig en tug;

16.1.5 waaksaamheid oor die suiwerheid van die leer;

16.1.6 medeverantwoordelikheid vir die kategetiese onderwys;

16.1.7 die roeping om ander na Christus te lei;

16.1.8 die lei van eredienste waar die kerkraad en die ring daartoe vergunning gegee het[13];

16.1.9 dissipelskap; en

16.1.10 ander opdragte wat deur die kerkraad bepaal word in die lig van artikel 16.1.

16.2 Die kerkraad bepaal met inagneming van artikel 16.1.1 tot 16.1.10 van die *Kerkorde* die bedienings-verantwoordelikheid van elke ouderling.

## Artikel 17

17.1 Die amp of bediening van die diaken is gerig op praktiese dienswerk. Dit begin in die erediens, en gaan vandaar uit na die gemeente en die wêreld waarin die lidmate leef. Die diakenamp omvat:

17.1.1 die toerusting van lidmate vir hulle dienswerk;

17.1.2 die opheffing, vertroosting en ondersteuning van almal wat in een of ander opsig barmhartigheidsdiens benodig;

17.1.3 die insameling en besteding van middele wat vir die diakonale werk nodig is;

17.1.4 die organisering en leiding van die barmhartigheidsbediening van die gemeente;

17.1.5 die lei van eredienste waar die kerkraad en die ring daartoe vergunning gegee het[14];

17.1.6 ander opdragte wat deur die kerkraad bepaal word in die lig van artikel17.1.

17.2 Die kerkraad bepaal met inagneming van artikel 17.1.1 tot 17.1.6 van die *Kerkorde* die bedieningsverantwoordelikheid van elke diaken.

---

[13] Vergelyk artikel 48.3.5 van die *Kerkorde* en Funksionele Besluit 12: *Riglyne vir die lei van eredienste deur ouderlinge en diakens..*

[14] Vergelyk artikel 48.3.5 van die *Kerkorde*.

# HOOFSTUK 3

## DIE VERGADERINGE VAN DIE KERK

### 3.1 Algemene bepalinge

### Artikel 18

Daar is vier kerkvergaderinge: kerkraad, ring, sinode en Algemene Sinode.

### Artikel 19

Die opsig oor, die regering van en die tug en/of dissipline in die kerk word aan hierdie vergaderinge toevertrou.

### Artikel 20

20.1 Die vergaderinge het, elkeen na sy eie aard en funksie, 'n kerklike gesag[15] deur Christus aan hulle toevertrou.

20.2 Die gesag van die ring, na aanleiding van sy aard en funksie, oor die kerkraad is dieselfde as dié van die sinode en die Algemene Sinode, na aanleiding van elkeen se eie aard en funksie, oor die kerkverband.

### Artikel 21

Die kerkvergaderinge behandel sake vanuit kerklike perspektief, in die lig van die Woord van God en op kerklike wyse.

### Artikel 22

22.1 In meerdere vergaderinge word alleen die sake behandel wat daar tuis hoort of daarheen verwys is deur mindere vergaderinge en wat nie in mindere vergaderinge afgehandel kon word nie.

22.2 'n Meerdere vergadering het die bevoegdheid om 'n saak wat 'n mindere vergadering moes afhandel, onder die volgende omstandighede te hanteer:

22.2.1 waar 'n mindere vergadering nie bestaan nie; en

22.2.2 in die geval van onvermoë of wanbestuur by die mindere vergadering.

### Artikel 23

### Kerklike appèl, gravamen (beswaar) en hersiening (revisie)

23.1 Die besluite van vergaderinge of hulle gevolmagtigdes is bindend, in soverre dit nie in stryd is met die Woord van God, die belydenis van die kerk en die *Kerkorde* nie (sien Artikel 1 en 2).

***Aantekening by Artikel 23.1***

*Vergelyk Reglement 23 van die AS Kerkorde 2019.*

23.2 Alle ampsdraers en lidmate van die kerk word daartoe opgeroep om voortdurend met die Woord van God, die belydenis en die *Kerkorde* as maatstaf die werk van vergaderings en ampsdraers te beoordeel.

23.3 Besluite van kerkrade, ringe en sinodes kan by wyse van appèl of aansoek om hersiening (revisie) heroorweeg word volgens voorskrifte van die reglement.

---

[15] Vergelyk *Artikel 4* en *21* van die *Kerkorde*.

23.4 In die geval van 'n besluit van die Algemene Sinode, kan 'n proseduriële beswaar, beswaarskrif oor leer/etiese sake (gravamen) of aansoek om hersiening (revisie) aan die Algemene Sinode gerig word.

23.5 Iemand wat appelleer, 'n beswaar (gravamen/beswaarskrif) indien, of aansoek doen om hersiening (revisie) is verplig om die appèl, beswaar, aansoek om hersiening (revisie) of proseduriële beswaar in te dien in ooreenstemming met die reglement wat deur die Algemene Sinode daarvoor goedgekeur is. (Sien Regl 13.)

23.6 Lidmate, ampsdraers en predikante in diens van die kerkverband van die Nederduitse Gereformeerde Kerk mag hulle nie tot die burgerlike hof wend in hulle beswaar teen 'n kerkvergadering se besluit(e) nie, voordat hulle nie eers die kerklike middele tot hulle beskikking aangewend en uitgeput het nie.

***Aantekening by Artikel 18 tot 23:***

*Artikel 18 tot 23 moet saamgelees word.*

*Elke kerklike vergadering het 'n eie werkterrein en 'n eie aard soos bepaal deur die Kerkorde en funksioneer met die gesag wat deur Christus verleen word.*

*Die kerklike wyse kom primêr en wesenlik na vore waar die Skrif, die belydenis en Kerkorde in die beraadslaginge en besluite spreek. Dit lê in die aard van 'n kerklike vergadering om te oorreed.*

*'n Meerdere vergadering behoort 'n saak na 'n mindere vergadering terug te verwys indien hy van oordeel is dat die saak nie na behore aandag ontvang het by die mindere vergadering nie.*

### Artikel 24

Die handelinge van elke vergadering word daagliks met Skriflesing en gebed begin en met danksegging beëindig.

### Artikel 25

Elke vergadering het 'n voorsitter wat verantwoordelik is vir die leiding en ordelike verloop van die vergadering, en 'n skriba wat die handelinge van die vergadering opteken.

## 3.2 Besondere bepalinge

### 3.2.1 Die kerkraad

### Artikel 26

26.1 Elke gemeente het 'n kerkraad aan wie die opsig oor, die regering van en die tug en/of dissipline in die gemeente toevertrou is.

26.2 Die kerkraad bestaan uit al die predikante, asook die ouderlinge en diakens[16].

***Besluit by Artikel 26:***

*Die betrokke kerkvergadering wat 'n besluit neem, bly die verantwoordelike en aanspreeklike instansie (tensy die vergadering buite sy bevoegdheid opgetree het, in welke geval die persone teenwoordig aanspreeklik word). 'n Adviseur kan nie verantwoordelik gehou word nie, tensy daar moedswillige misleiding (mala fidé) van die vergadering was. Alle besluite van kerkregtelike aard moet met die STK uitgeklaar word.*

[16] Vergelyk *Nederlandse Geloofsbelydenis* Artikel 30. Die beginsel word gehandhaaf dat alle predikante, ouderlinge en diakens in die kerkraad (kerkraad en/of gedesentraliseerde kerkrade) moet dien (vergelyk artikels 26.2 en 27.1).

***Aantekeninge by Artikel 26:***

*26.1 Hierdie artikel moet saamgelees word met Artikels 20-25. Omdat die gemeente volledig kerk is, kan die kerkraad alle kerklike sake hanteer. Hy kan net nie die sake wat deur die Kerkorde aan meerdere vergaderings toegeken is, afhandel nie.*

*26.2 Die Buitengewone Sinode OVS 1998 het die volgende in verband met kerkrade besluit: "Aangesien gemeentes as komplete kerke saam kerkverband vorm, moet die vorming van 'n nuwe kerkverband in die NG Kerkfamilie met al sy besonderhede (belydenisskrifte, kerkorde, toetrede van gemeentes, ringe en sinodes, stoflike aangeleenthede en al die ander sake vervat in die besluite van die Algemene Sinode van 1994) ook deur die kerkrade goedgekeur word."*

## Artikel 27

27.1 'n Kerkraad mag desentraliseer en aan gedesentraliseerde kerkrade[17] duidelik omskrewe bevoegdhede gee wat aan die ring vir goedkeuring voorgelê word.

27.2 Vir die behartiging van die besondere werksaamhede aan die onderskeie ampte verbonde, mag die ouderlinge en diakens gereeld afsonderlik vergader.

***Aantekeninge by Artikel 27:***

*27.1 Dit is wenslik dat 'n kerkraad nie uit te min persone bestaan nie. Om hiërargie en amps-oorheersing uit te skakel behoort daar 'n gelyke getal ouderlinge en diakens te wees.*

*27.2 Indien 'n hele kerkraad bedank, kan die ring deur middel van die ringskommissie die betrokkenes probeer oorreed om voort te gaan met hulle diens. Indien hierdie poging nie slaag nie, sou die aangewese weg wees om 'n gemeentevergadering te belê om 'n ander kerkraad te verkies.*

## Artikel 28

28.1 Die kerkraad vergader minstens vier keer per jaar. In buitengewone omstandighede en met die goedkeuring van die ring kan die kerkraad minder vergader.

28.2 Die kerkraad kies jaarliks 'n voorsitter uit die predikant(e) en ouderlinge.

28.3 Buitengewone vergaderings van die kerkraad word deur die voorsitter byeengeroep na oorlegpleging met die predikant(e), indien die voorsitter nie 'n predikant van die gemeente is nie.

28.4 Indien die plaaslike predikant(e) nie by 'n gewone of buitengewone kerkraadsvergadering teenwoordig kan wees nie, óf indien die pos van predikant vakant is, woon die konsulent of 'n ander predikant (dienend óf geëmeriteerd), deur die ring of sy gevolmagtigde daartoe aangewys, die vergadering adviserend namens die ring by, met verslag aan die ring. Die persoon kan ook op versoek van die kerkraad as voorsitter optree.

# 3.2.2 Die ring

## Artikel 29

As uitdrukking van die kerkverband en met die oog op behoorlike kerklike dissipline, word gemeentes onderling gegroepeer tot ringe. Hierdie groepering van gemeentes word van tyd tot tyd deur die sinode gedoen. Die ring vergader een maal per jaar of soos deur die betrokke sinode bepaal.

---

[17] Gedesentraliseerde kerkrade word saamgestel uit die predikant(e), ouderlinge en diakens, aangewys deur die kerkraad. Met die term "gedesentraliseerde kerkraad" word enige groepering in die gemeente verstaan.

***Besluite by Artikel 29:***

*29.1 Die ring vergader minstens een maal per jaar.*

*29.2 Ter wille van kontinuïteit verkies die ring uit sy lede ŉ skriba vir ŉ tydperk van drie jaar.*

*29.3 Die ring benoem by elke gewone vergadering soveel kommissies as wat hy nodig ag om sy opdragte uit te voer.*

*29.4 Die ring kies ŉ ringskommissie bestaande uit die skriba plus nog twee lede met drie sekundi.*

*29.5 Die ringskommissie berei die gewone en buitengewone vergaderings van die ring voor met voldoende kennisgewing aan die kerkrade.*

*29.6 Na afloop van die Ringsitting hanteer die Ringskommissie alleen sake wat deur die Ring of die Kerkorde en reglemente aan hom opgedra is met verslag aan die volgende Ringsitting. In die geval van diensverhoudings, tugsake, appèlle en kerklike geskille (vergelyk die Reglement vir die bestuur van diensverhoudinge by ongeskiktheid en onvermoë, die Reglement vir tug en dissipline en die Reglement vir appèl en beswaar Kerkorde AS 2019) tree die Rings-kommissie wel as die gevolmagtigde kommissie van die Ring op met verslag aan die Ring.*

*29.7 'n Buitengewone vergadering van die ring word deur die voorsitter van die ringskommissie belê in opdrag van die ringskommissie of op skriftelike versoek van minstens twee kerkrade binne ringsverband, met opgaaf van redes.*

***Aantekeninge by Artikel 29:***

*29.1 Om aan die ring as uitdrukking van die kerkverband gestalte te gee en ten einde die gelykwaardigheid van gemeentes te bevorder, behoort die ring om die beurt in verskillende gemeentes te vergader.*

*29.2 Ringe behoort ter wille van afwisseling die plaaslike leraar of een van die plaaslike leraars as voorsitter te verkies. Sodoende word hiërargie teengewerk en kry al die leraars 'n beurt in die voorsitterskap van die ring.*

*29.3 Die skriba behartig die pligte soos bepaal in die Kerkorde en soos deur die ring en sinode aan hom opgedra.*

## Artikel 30

30.1 Die ring word saamgestel uit een predikant en een ouderling/diaken as afgevaardigdes deur die kerkraad van elke gemeente binne die ringsgebied. Waar die pos vir predikant vakant is, kan ’n ouderling/diaken in die plek van die predikant afgevaardig word.

30.2 As ’n gemeente meer as een pos vir predikant het, het die kerkraad die reg om meer predikante en nog een ouderling/diaken vir elke bykomende predikant af te vaardig, indien die sinode daartoe besluit. Waar in sodanige gemeente ’n pos vir predikant vakant is, mag die kerkraad ’n ouderling/diaken vir die vakante pos afvaardig.

30.3 Vir elke afgevaardigde word ’n sekundus aangewys. ’n Ouderling/diaken mag as sekundus vir ’n predikant optree.

30.4 Alle afgevaardigdes moet van geloofsbriewe voorsien wees.

***Besluite by Artikel 30:***

*30.1 Elke kerkraad binne die ringsgebied vaardig sy bedienaar(s) van die Woord en een ouderling/diaken vir elke pos vir die bedienaar van die Woord af na die ringsvergadering. Waar ŉ gemeente nie ŉ bedienaar van die Woord het nie of die pos vir die bedienaar van die Woord vakant is, word 2 ouderlinge/diakens afgevaardig. ‘n Gelyke aantal sekundi word aangewys wat, indien nodig, in volgorde opgeroep word.*

*30.2 ‘n Primarius en sekundus ouderling/diaken mag mekaar tydens die ringsitting vervang, behalwe tydens ŉ tugondersoek.*

## Artikel 31

Tot die werksaamhede van die ring hoort:

31.1 kerkvisitasie;

31.2 die opsig oor die gemeentes, om toe te sien dat kerkrade en gemeentes hulle roeping nakom;

31.3 advies en hulp aan kerkrade;

31.4 die stigting van nuwe gemeentes of ontbinding van gemeentes op versoek van kerkrade en die reëling van gemeentelike grense[18];

31.5 die behandeling van sake wat óf in eerste instansie óf op appèl voor die ringsvergadering gebring word;

31.6 die behartiging van die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die gemeentes binne die ring soos telkens deur die ring bepaal;

31.7 die opsig, tug en/of dissipline oor alle ouderlinge, diakens, predikante, diens- en standplaasleraars wat emeriti en proponente insluit, sonder om die opsig van die kerkraad oor sy ampsdraers uit te sluit (vergelyk artikel 62.2 van die *Kerkorde*);

31.8 die aanwys van konsulente;

31.9 die toekenning van beperkte bevoegdheid op versoek van kerkrade (vergelyk artikel 48.3.5 van die *Kerkorde*).

***Besluite by Artikel 31:***

*31.1 Tydens sy gewone jaarlikse vergadering benoem die ring minstens twee visitatore met sekundi, vir elke gemeente binne sy gebied. Die beginsels van afwisseling, kontinuïteit, ervaring en bekwaamheid moet in ag geneem word.*

*31.1.1 Met die oog op die pastorale versorging en die welsyn van die gemeente(s) besoek die visitatore die gemeente(s) en sy leraar(s) aan hulle toegewys minstens een keer per jaar. Die tyd van die besoek(e) word deur die ring bepaal.*

*31.1.2 Die visitasie handel oor die leer en lewe van die gemeente aan die hand van die vrae waarop die ring besluit, met dien verstande dat die volgende rubrieke aandag kry: die getroue uitvoering van die ampswerk; die handhawing van die gereformeerde leer; die nakoming van die Kerkorde en besluite van meerdere vergaderings en die geestelike op- en uitbou van die gemeente.*

*31.1.3 Een van die visitatore lei na die ringsitting ŉ erediens in die gemeente. By hierdie geleentheid praat hy ook oor die visitasie in die algemeen of oor sake waaroor met die kerkraad ooreengekom is.*

*31.2 Die ring benoem ŉ konsulent vir elke gemeente, iemand anders as ŉ bedienaar van die Woord van die gemeente.*

***Aantekeninge by Artikel 31:***

*31.1 ŉ Saak kan voor die ring gebring word by wyse van ŉ beskrywingspunt deur ŉ kerkraad of ŉ ongesensureerde lidmaat met die toestemming van die kerkraad.*

*31.2 ŉ Konferensie met die gasheergemeente kan tydens die ringsitting gehou word. Die spreker(s) en onderwerp van die konferensie word normaalweg deur die gasheerkerkraad in oorleg met die ringskommissie bepaal.*

[18] Vergelyk *Reglement 27 vir Vermeerdering, Kombinering, Eenwording en Samesmelting van Gemeentes*.

### 3.2.3 Die sinode

## Artikel 32

Die sinode word saamgestel uit afgevaardigdes van gemeentes wat geografies ’n eenheid vorm en maklik vergader. Die groepering kan deur die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen gewysig word op versoek en met goedkeuring van die betrokke sinode(s)/sinodale kommissie(s).[19]

## Artikel 33

33.1 Sinodes word op een van die volgende maniere, waaroor elke sinode self besluit, saamgestel:

33.1.1 uit een predikant en een kerkraadslid (ouderling/diaken) as afgevaardigdes deur die kerkraad van elke gemeente binne die sinodale gebied. Waar die pos vir predikant vakant is, kan ’n ouderling/diaken in die plek van die predikant afgevaardig word; óf

33.1.2 as ’n gemeente meer as een pos vir predikant het, het die kerkraad die reg om meer predikante en nog een kerkraadslid (ouderling/diaken) vir elke bykomende predikant af te vaardig, indien die sinode daartoe besluit. Waar in sodanige gemeente ’n pos vir predikant vakant is, mag die kerkraad ’n kerkraadslid (ouderling/diaken) vir die vakante pos afvaardig; óf

33.1.3 ’n gelyke aantal predikante en kerkraadslede (ouderlinge/diakens) uit elke ring in die sinodale gebied. Die sinode besluit op die wyse van afvaardiging en die aantal afgevaardigdes per ring.

33.2 Die teologiese opleiding word in adviserende hoedanigheid verteenwoordig deur ’n NG dosent van die Teologiese Fakulteit Stellenbosch en/of die Teologiese Fakulteit Pretoria en/of die Teologiese Fakulteit Bloemfontein.

33.3 Vir elke afgevaardigde word ’n sekundus aangewys. ’n Kerkraadslid (ouderling/diaken) mag as sekundus vir ’n predikant optree.

33.4 Afgevaardigdes moet van geloofsbriewe voorsien wees.

***Besluite by Artikel 33:***

*33.1 Elke kerkraad binne die sinodale gebied vaardig ten minste een bedienaar van die Woord en een kerkraadslid af na die Sinode. Gemeentes met meer as een pos vir die bedienaar van die Woord kan na goeddunke soveel addisionele bedienaars van die Woord en ’n kerkraadslid vir elke bedienaar van die Woord afvaardig, tot die totaal van die aantal poste vir die bedienaar van die Woord van die gemeente, met dien verstande dat hulle proporsioneel bykomend sal bydra tot die koste van die Sinode. ‘n Gelyke aantal sekundi word aangewys wat, indien nodig, in volgorde opgeroep word.*

*33.2 ‘n Primarius en sekundus afgevaardigde mag mekaar tydens die sinode vervang, met dien verstande dat die afvaardigende kerkraad self vir die ekstra koste instaan.*

## Artikel 34

Die sinode vergader ten minste elke vier jaar, sovêr moontlik in die jaar na die gewone vergadering van die Algemene Sinode.

***Besluite by Artikel 34:***

*34.1 Die gewone vergadering van die Sinode word ten minste elke vier jaar gehou op ’n plek en datum soos deur die Moderamen bepaal.*

[19] Die onderskeie sinodes het verskillende benaminge (bv. moderamen, diensraad, sinodale dienskommissie) vir die liggaam wat die funksies van die sinodale kommissie verrig.

*34.2 ʼn Buitengewone vergadering kan deur die Moderamen bepaal word óf regstreeks óf wanneer minstens vyf kerkrade uit verskillende ringe met opgaaf van redes daarvoor aansoek doen.*

*34.3 ʼn Gewone sowel as ʼn buitengewone vergadering van die Sinode word deur die skriba van die Moderamen deur middel van ʼn kennisgewing in Die Kerkbode byeengeroep.*

## Artikel 35

Tot die taak en bevoegdhede van die sinode hoort:

35.1 die opstel en wysiging van bepalings en reglemente vir die werksaamhede aan hom toevertrou, mits dit nie met die *Kerkorde* in stryd is nie;

35.2 die behartiging van die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die gemeentes in sy gebied, met inagneming van Artikel 22 en daarom ook Artikel 26, 31 en 43 van die *Kerkorde*. Die aard en omvang van hierdie sake word deur die sinode self bepaal;

35.3 die opleiding van predikante soos deur Artikel 6 van die *Kerkorde* bepaal;

35.4 die opbou van die nodige fondse met die oog op eie werksaamhede en die finansiering van die Algemene Sinode volgens ʼn aanvaarde formule;

35.5 die behandeling van alle sake wat in eerste instansie of by wyse van appèl voor hom gebring word;

35.6 die aanwysing van afgevaardigdes na die Algemene Sinode; en

35.7 die opname van ander belydenisskrifte in die kerklike bepalinge van die sinode, op voorwaarde dat:

35.7.1 die Algemene Sinode vooraf bevind het dat sodanige belydenisskrif nie in stryd is met die Skrif, die Formuliere van Eenheid en die erkende ekumeniese belydenisse nie;

35.7.2 minstens twee derdes van ʼn sinode ten gunste daarvan besluit;

35.7.3 minstens twee derdes van die kerkrade van ʼn sinode ten gunste daarvan besluit en die nodige approbasie verkry is;

35.7.4 dit sonder dwang vir lidmate, ampsdraers en ander kerkvergaderinge binne die sinodale gebied geskied, en

35.7.5 dit nie as ʼn wysiging van die NG Kerk se gemeenskaplike belydenisgrondslag beskou word nie.

***Besluite by Artikel 35***

*DIE SINODE SE AFVAARDIGING NA DIE ALGEMENE SINODE*

*35.1. Die Sinode se afvaardiging word soos volg saamgestel in die lig van Artikel 35.6 en Artikel 38:*

*- Die lede van die Interimkomitee.*

*- Minstens een afgevaardigde uit elke Ring.*

*35.2. Om te voldoen aan die vereiste getal van die afvaardiging.*

*35.2.1 nomineer die helfte van die Ringe elk drie predikante; en*

*35.2.2 nomineer die ander helfte van die Ringe elk drie ouderlinge/diakens; en*

*35.2.3 die Sinode/Moderamen kies dan die vereiste getal afgevaardigdes uit die genomineerde ampsdraers.*

*35.2.4 Indien die Sinode binne ʼn jaar voor die Algemene Sinode vergader, hanteer die Sinode die aanwys van die afvaardiging.*

*35.2.5 Indien die Sinode meer as ʼn jaar voor die Algemene Sinode vergader, gee die Sinode aan die Moderamen volmag om die afvaardiging aan te wys.*

*35.2.6 Die Sinode/Moderamen sien toe dat die Ringe met die nominering van predikante en ouderlinge/diakens, afgewissel word. Die volgende besluit van die 2017 Vrystaatse Sinode is van toepassing:*

*- Die Sinode 2017 besluit om in die lig van sy besluite dat die Ringe om die beurt ʼn predikant of ouderling/diaken verteenwoordiger op die Moderamen aanwys en lede nomineer vir die Sinode se afvaardiging na die Algemene Sinode, dat*

*- die Ringe van Bethlehem, Bloemfontein-Noord, Bloemheuwel, Bultfontein, Fauresmith, Goudveld, Harrismith en Suid-Oos Ring, hierdie rondte elkeen 'n predikant aanwys vir verteenwoordiging op die Moderamen en drie ouderlinge/diakens nomineer vir die afvaardiging na die Algemene Sinode;*
*- die Ringe Heilbron, Sentraal, Smithfield, Vaalrivier, Valsrivier, Waterbron en Welkom, hierdie rondte elkeen een ouderling/diaken aanwys vir verteenwoordiging op die Moderamen en drie predikante nomineer vir afvaardiging na die Algemene Sinode; en*
*- die groepe Ringe vir 'n volgende rondte omruil en dat die patroon dan voortgesit word.*

***Aantekeninge by Artikel 35:***

*35.1 Sending, barmhartigheidsdiens, ensovoorts (Artikel 35.2), is die primêre taak van die gemeente. Slegs waar die taak te groot is vir een of meer gemeentes of ringe, word die saak sinodaal hanteer. Die Sinode waak daarteen om werk na hom aan te trek wat by gemeentes of ringe tuishoort.*

*35.2 Die Sinode herbevestig die uitgangspunt dat die plaaslike gemeente volledig kerk is.*

*35.3 Die Sinode erken dat gemeentes met mekaar in sinodale verband oorleg pleeg oor sake wat nié volledig onder die toesig van kerkrade en ringe tuiskom nie.*

### Artikel 36

Die samestellende kerke of sinodes behou volle seggenskap oor hul eiendomme, finansies, werksaamhede, ensovoorts, wat hulle voor toetreding tot die algemene sinodale verband gehad het of daarna verwerf, behalwe die wat volgens die *Kerkorde* aan die Algemene Sinode oorgedra is of sal word, of deur die Algemene Sinode in trust gehou word.

### Artikel 37[20]

Dit staan die samestellende kerke vry om met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts, uit die algemene sinodale verband te tree wanneer hulle so 'n stap voor God in die lig van sy Woord kan regverdig.

## 3.2.4 Die Algemene Sinode

### Artikel 38

**Samestelling en frekwensie van vergaderings**

38.1 Die Algemene Sinode vergader elke vier jaar.

38.2 Die vergadering van die Algemene Sinode bestaan uit 'n maksimum van 370 afgevaardigdes wat sovêr moontlik saamgestel word uit 'n gelyke aantal predikante en kerkraadslede.

38.3 200 afgevaardigdes wat uit 20 persone per samestellende sinode saamgestel word, waarvan die helfte verkieslik jonger as 40 jaar moet wees.

38.4 160 afgevaardigdes word proporsioneel volgens die aantal belydende lidmate van elke samestellende sinode aangewys.

38.5 Die Algemene Kuratorium wys 10 afgevaardigdes uit die vyf opleidingsentra, met volle sittingsreg aan. Hierdie persone word addisioneel bygevoeg by die getal afgevaardigdes uit die betrokke samestellende sinodes.

38.6 Diversiteit ten opsigte van geslag en ouderdom word in ag geneem met die saamstelling van afvaardigings.

38.7 Elke afvaardiging moet van 'n geloofsbrief voorsien wees.

[20] Die ATR interpreteer *Artikel 37* soos volg: *Artikel 37* is nie van toepassing op gemeentes nie; en die samestellende kerke waarna *Artikel 37* verwys, is tans die 10 sinodes waaruit die Algemene Sinode saamgestel is.

## Artikel 39

Die moderatuur (dagbestuur van die ASM) van die Algemene Sinode, bestaande uit ’n moderator (voorsitter), ’n assessor (ondervoorsitter) en ’n aktuarius, lei die vergadering van die sinode (vergelyk Artikel 25 van die *Kerkorde*). Die algemene sekretaris tree op as skriba van die vergadering, met adviserende stem. Die moderatuur word tydens die sinodesitting deur die moderators/voorsitters van die onderskeie sinodes bygestaan.

## Artikel 40

40.1 Aan die einde van die vergadering van die Algemene Sinode word die moderatuur (dagbestuur) deur die ASM verkies vir die duur van die volgende termyn.

40.2 Lede van die moderatuur kan nie vir meer as een termyn in dieselfde posisie verkies word nie.

40.3 Die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) konstitueer aan die einde van die Algemene Sinode vergadering[21].

## Artikel 41

Die afgevaardigde predikant met die langste diens, wat die oudste in jare is, open die vergadering en gaan voor totdat die moderator gekies is. Die algemene sekretaris help met die konstituering van die vergadering en die verkiesing van die moderator.

## Artikel 42

42.1 Die Algemene Sinode besluit self wanneer die volgende Algemene Sinode byeenkom, met dien verstande dat die Algemene Sinode nie langer as vier jaar uitmekaar vergader nie.

42.2 Die Algemene Sinodale Moderamen roep ’n buitengewone Algemene Sinode byeen indien dit nodig geag word, óf op eie inisiatief, óf op versoek van een of meer sinodes.

## Artikel 43

43.1 Tot die taak en funksie van die Algemene Sinode behoort

43.1.1 dit wat uitdrukking gee aan die kerk se gemeenskaplike identiteit in terme van Woord, Belydenis, *Kerkorde*, roeping en beleid;

43.1.2 dit wat die kerk se nasionale en internasionale ekumeniese verhoudinge raak;

43.1.3 dit wat die kerk se publieke getuienis op nasionale en internasionale gebied raak (vergelyk artikel 67.4 van die *Kerkorde*);

43.1.4 die viering van die kerk se onderlinge verbondenheid, eenheid en diversiteit;

43.1.5 die bevordering van sinergie tussen samestellende sinodes ten opsigte van roeping en getuienis;

43.1.6 die aanwysing van die Bybelvertaling(s) wat amptelik gebruik moet word;

43.1.7 die vasstelling van die belydenisskrifte ooreenkomstig Artikel 44, die *Kerkorde*, die liturgiese formuliere en gebruike, die liederebundel(s) en die liturgiese grondlyne vir eredienste;

43.1.8 die vasstelling van die formele vereistes vir die opleiding van die predikante;

43.1.9 die administrasie van vaste eiendom en fondse van die Algemene Sinode;

43.1.10 die oorsig en instandhouding van ’n konstruktiewe werksverhouding met die kerklike maatskappye naamlik Bybel-Media, CLF en Hugenote Kollege;

---

[21] Vergelyk *Reglement 2 vir die Algemene Sinodale Moderamen*.

43.1.11 die hantering van appèlsake wat voor die Algemene Sinode gebring word;

43.2 Die agenda van die Algemene Sinode word bepaal deur die sake in 43.1.

43.2.1 Die Algemene Sinode hanteer nie sake wat deur die samestellende sinodes of gemeentes hanteer kan word nie.

43.2.2 Die agenda van die Algemene Sinode word saamgestel uit sake wat deur die sinodes verwys word en wat uit die werk van die ASM voortspruit, met dien verstande dat dit nie die mandaat in 43.1 oorskry nie.

43.3 Die Algemene Sinode gee ’n mandaat aan die ASM om as gevolmagtigde die werksaamhede, bedieningsprioriteite, besluite en opdragte van die Algemene Sinode uit te voer aan die hand van die toepaslike reglemente vir die Algemene Sinode en ASM.

## Artikel 44

44.1 Die wysiging van die belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met ’n tweederdemeerderheid én twee derdes van alle kerkrade elk met ’n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het.

44.2 Artikel 44.1 en 44.2 van die *Kerkorde* word gewysig nadat elke sinode afsonderlik met ’n tweederdemeerderheidstem ten gunste daarvan besluit het en die Algemene Sinode daarna met ’n tweederdemeerderheidstem ten gunste daarvan besluit.

44.3 Die Algemene Sinode mag, met uitsondering van artikel 44.1 en 44.2 van die *Kerkorde*, die *Kerkorde* wysig of aanvul met ’n tweederdemeerderheidstem.

44.4 Sake in verband met leertug, leergeskille of geskille tussen sinodes en mindere vergaderinge kan by wyse van appèl voor die Algemene Sinode dien. In gevalle van leertug en leergeskille word ’n tweederdemeerderheidsbesluit vir die bekragtiging van die uitspraak van die Algemene Sinode vereis (vergelyk Artikel 65.2 van die *Kerkorde*).

44.5 Indien ’n tweederdemeerderheid nie verkry word nie, mag enige van die partye ’n verdere beroep op die afsonderlike sinodes doen. Die gesamentlike volstrekte meerderheid van stemme van die afsonderlike sinodes is dan beslissend.

## Artikel 45

Die Algemene Sinode mag artikels van die *Kerkorde*, met die uitsondering van artikel 44.1 en 44.2 van die *Kerkorde*, met ’n tweederdemeerderheidstem óf opskort óf daarvan vrystelling verleen.

## Artikel 46

Die Algemene Sinode organiseer sy werksaamhede na behoefte.

## Artikel 47

Die Algemene Sinode mag reglemente opstel met die oog op die uitvoering van Artikel 46 van die *Kerkorde*.

# HOOFSTUK 4

## DIE ARBEID VAN DIE KERK

## 4.1 Die openbare erediens

## Artikel 48

48.1 Die erediens is, onder die genadige werking van die Heilige Gees, die amptelike openbare samekoms van die gemeente tot ontmoeting met God en onderlinge gemeenskap van die heiliges, onder leiding van die besondere ampte en deur die bediening van die Woord, die bediening van die heilige sakramente, die gebed, kerklied en dankoffers.

48.2 Die inrigting van die eredienste word deur die kerkraad vasgestel met gebruikmaking van die liturgiese grondlyne soos deur die Algemene Sinode vasgelê.

48.3 Die leiding van eredienste berus by een van die volgende persone:

48.3.1 die predikant van die plaaslike gemeente, of in die persoon se afwesigheid:

48.3.2 die konsulent;

48.3.3 ’n ander bevoegde predikant[22] (vergelyk Reglement 12, *Reglement vir die Bevoegdheid van Predikante, Proponente en Emeriti*) van gereformeerde belydenis wat deur die kerkraad daartoe uitgenooi is;

48.3.4 ’n student van ’n teologiese fakulteit van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (vergelyk artikel 6.2 van die *Kerkorde*) wat, óf in ooreenstemming met die vereistes van die betrokke kuratorium en met toestemming van die kerkraad, deel van die praktiese opleiding in die gemeente ontvang, óf na voltooiing van die praktiese werk deur ’n kerkraad uitgenooi is;

48.3.5 ’n ouderling/diaken wat preekvergunning van die kerkraad en die ring ontvang het (vergelyk Artikel 4, 10 en 16.1.8, 17.1.5 en Besluit 13 van die *Kerkorde*)[23].

48.4 Prediking:

48.4.1 met die oog op die verkondiging van die volle raad van God moet die prediking deurgaans volle reg aan die kerklike jaar en die belydenisskrifte laat geskied; en

48.4.2 die inhoud van die prediking moet steeds ’n verklaring en toepassing van die Heilige Skrif wees.

48.5 Die Heidelbergse Kategismus, Nederlandse Geloofsbelydenis en Dordtse Leerreëls moet deurentyd sistematies in die prediking aan die orde gestel word.

---

[22] Onder ’n bevoegde predikant wat eredienste kan lei, word verstaan ’n persoon met ampsbevoegdheid in die NG Kerk of ’n ander kerk van gereformeerde belydenis. Wanneer ’n kerkraad aan ’n persoon wat nie sodanig bevoeg geag word nie ’n uitnodiging rig om ’n erediens te lei, word daar strydig met die *Kerkorde* gehandel (Handelinge Algemene Sinode 1998, bl 409, 1.19.2.2). Vergelyk *Reglement 26 vir die Verhouding tot ander Kerke en Groepe.*

[23] Vergelyk *Funksionele Besluit 12:* Riglyne vir die lei van eredienste deur ouderlinge en diakens.

## 4.2 Die sakramente

## Artikel 49

### 49.1 Die doop[24]

Die heilige doop word deur ’n predikant[25] bedien met gebruikmaking van water en ’n goedgekeurde liturgiese formulier. Dit word, behalwe by hoë uitsondering[26], in die amptelike openbare samekoms van die gemeente bedien.

### 49.2 Die nagmaal

49.2.1 Die heilige nagmaal word minstens vier maal per jaar in elke gemeente gevier[27].

49.2.2 Tot die heilige nagmaal word toegelaat:

49.2.2.1 belydende lidmate van die gemeente;

49.2.2.2 dooplidmate van die gemeente wat deur die kerkraad toegelaat is tot die heilige nagmaal[28];

49.2.2.3 besoekers uit ander Nederduitse Gereformeerde gemeentes;

49.2.2.4 besoekers uit ander kerke[29].

## 4.3 Die jeugbediening

## Artikel 50

50.1 Die jeug as wesenlike deel van die gemeente is die verantwoordelikheid van die kerk en hierdie verantwoordelikheid is onvervreembaar en onoordraagbaar.

50.2 Die bediening aan die jeug as verbondsjeug is ’n geïntegreerde deel van die omvattende gemeentelike bediening waarin God deur sy Woord tot die jeug kom deur verkondiging, onderrig, toerusting, herderlike sorg en dienswerk. Hierdie gemeentelike bediening geskied onder die leiding van die ampte aan en deur die jeug.

50.3 Die kinders van die gemeente, asook alle buitekerklikes wat belydende lidmate van die gemeente wil word, moet onderrig word in die Woord van God en die leer van die kerk. Hierdie onderrig geskied met die oog op belydenisaflegging waardeur hulle deel in die volle regte en verantwoordelikhede van belydende lidmate.

50.4 Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, word dit in kerkverband onderneem.

***Besluite by Artikel 50:***

*50.1 Katkisante wat nie bewys van hulle doop kan lewer nie, word gedoop met gebruikmaking van die Formulier vir die Openbare Belydenis van geloof en die bediening van die doop aan volwassenes.*

*50.2 Die openbare aflê van belydenis van geloof mag met die skriftelike verlof van die bedienaar van die Woord of betrokke kerkraad in ’n ander gemeente plaasvind waar die registrasie dan ook geskied.*

---

24 Vergelyk *Funksionele Besluite 17 en 18:* Doop.

25 Vergelyk *Artikel 48.3.1* tot *48.3.3* van die *Kerkorde* met voetnota.

26 Die meriete van so ’n versoek word deur die kerkraad beoordeel.

27 Vergelyk *Funksionele Besluit 19:* Nagmaal: gereelde viering van die nagmaal.

28 Vergelyk *Funksionele Besluit 19:* Nagmaal: praktyk van toelating van kinders by die nagmaal.

29 Vergelyk *Reglement 26 vir die Verhouding tot ander Kerke en Groepe*, 3.2.2.1 en 3.2.2.2.

## 4.4 Die herderlike sorg

### Artikel 51

51.1 Die predikante, ouderlinge en diakens moet herderlike sorg verleen aan alle lidmate van die gemeente, in besonder behoeftiges, siekes en oues van dae. Hulle moet besoek, bemoedig, vertroos en ondersteun word. Voorts moet lidmate voortdurend gewaarsku word teen valse leringe en dwalinge, teen wêreldsgesindheid en goddelose lewenspraktyke.

51.2 Die Christelike huwelik as 'n instelling van God moet heilig gehou word en kerkrade moet hieroor die nodige herderlike toesig hou.

51.3 Kerkrade sien toe dat afgestorwe lede van die gemeente op 'n Christelike wyse begrawe/veras word.

## 4.5 Gemeentebediening

### Artikel 52

52.1 Die kerk rig hom deur middel van gemeentebediening tot die lidmate ten einde die gemeente op te bou tot vervulling van sy dienswerk.

52.2 Die kerk rig hom deur intensiewe gespesialiseerde gemeentebediening tot kerkvervreemdes wat formeel nog lidmate is ten einde hulle daadwerklik te bereik en hulle tot gemeenskap met Christus te bring.

52.3 Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, word dit in kerkverband onderneem.

## 4.6 Gestuurdheid *(Missio Dei)*

### Artikel 53

53.1 Die missie van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees is om lewe en volheid aan die wêreld te gee, en die kerk is in diens van God se missie.

53.2 Deur die Woord en Gees vergader God vir Hom 'n gemeente. Deur dié gemeente:

- laat God sy Woord verkondig,
- bring Hy die gemeenskap van heiliges uit alle nasies tot stand,
- laat Hy diens aan die wêreld in nood lewer,
- laat Hy sy opdrag om die skepping en lewe te bewaar sigbaar tot uitdrukking bring, en
- word sy geregtigheid en versoening verkondig.

Só laat Hy sy koninkryk kom.

53.3 Die gestuurde kerk bedien die evangelie in al sy dimensies aan mense wat die evangelie nie ken nie of daarvan vervreemd is.

53.4 Elke gemeente is 'n gestuurde gemeente en so elke lidmaat van die gemeente.

***Besluite by Artikel 53:***

*53.1 Die Drie-enige God versamel, bou, roep en stuur die hele kerk, in al haar gestaltes (lidmate, gemeentes, kerklike verbande en bedieninge), as getuies van God se sending (Missio Dei) na die wêreld. In dié getuienis word die omvattende heil (vrede/sjaloom) met woord en daad bedien (Kolossense 1:20, 2 Korintiërs 5:18, Filippense 1:10-11).*

*53.2 Elke gemeente is geroep tot missionêre gemeente-wees in eie konteks, maar ook om onder leiding van en in die krag van die Heilige Gees betrokke te raak by diens- en getuienisprojekte in "Jerusalem, Judea, Samaria en tot aan die uithoeke van die wêreld" (Handelinge 1:8). Dit sluit die uitstuur en ondersteuning van sendelinge en uitreik-groepe in.*

*53.3 Om te onderskei wat hierdie roeping tot gestuur-wees vir elke spesifieke konteks behels, behoort daar biddend saam geluister te word na die Woord en Gees, na mekaar en ander en na die nood*

*in die wêreld.*

*53.4 Eenheid, versoening en geregtigheid is onontbeerlik vir die kerk se geloofwaardige getuienis in die wêreld (Efesiërs 4:3-6).*

*53.5 Getuienis word sovêr moontlik gedoen in vennootskap met ander, maar op weg na groter sigbare eenheid veral ook met susterkerke in die NG Kerkfamilie. Getuienis in vennootskap behels:*

- *Wedersydse erkenning en respek van die vennote se selfstandigheid.*
- *'n Fokus op die vennote se gedeelde roeping tot getuienis in die betrokke konteks.*
- *Die uitbou van standhoudende verhoudinge, wat ook in geskrewe ooreenkomste vervat kan word.*
- *Wedersydse ondersteuning, inspraak, verantwoording, openheid en vertroue.*
- *Doelbewuste wegbeweeg van afhanklikheid en voorskriftelikheid.*
- *Vennootskappe is 'n doelbewuste stap nader aan die eenwording binne die NG Kerkfamilie.*

*53.6 Die Bediening vir Vennote in Getuienis staan in diens van gemeentes, ringe, sinodes en ander kerklike verbande se roeping tot diens en getuienis.*

## 4.7 Diens van barmhartigheid

### Artikel 54

54.1 Die kerk moet met priesterlike bewoënheid omsien na die armes en ander sorgbehoewendes deur hulle te help, te troos en geestelik op te hef.

54.2 Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, onderneem die gemeentes in kerkverband barmhartigheidsbediening.

## 4.8 Die dienswerk van die gelowiges

### Artikel 55

55.1 Die roeping van die kerk in sy gestuurdheid na die wêreld (*Missio Dei*) impliseer die toegewyde dienswerk van elke gelowige.

55.2 Elke gelowige ontvang van die Here die gawes, die geleenthede en die krag van sy Gees om in hulle daaglikse lewe gestalte te gee aan God se liefde vir hierdie wêreld.

55.3 Met die oog hierop behoort die kerk gelowiges toe te rus, te inspireer en te ondersteun.

55.4 Die kerk skep geleenthede waar gelowiges betrek word by die uitbou van die kerk en die uitbreiding van God se koninkryk.

55.5 Dit staan gelowiges ook vry om ter wille van hulle dienswerk in die wêreld self aksies te begin en netwerke of vennootskappe te vorm om die koninkryk te bevorder.

55.6 Die kerk gee met gesonde oordeel sy seën en samewerking aan hierdie aksies, netwerke of vennootskappe wat ook in diens staan van die *Missio Dei*.

## 4.9 Leer en aktuele sake

### Artikel 56

Die kerk beywer hom vir Skrifgefundeerde beskouinge ten opsigte van aktuele, leerstellige en etiese aangeleenthede en die bevordering van 'n sedelik gesonde openbare lewe.

## 4.10 Rentmeesterskap

### Artikel 57[30]

Elke kerkvergadering maak die nodige voorsiening vir die sorgvuldige beheer van die stoflike aangeleenthede van die kerk en doen jaarliks verslag van sy rentmeesterskap aan die gemeente, ring, sinode of Algemene Sinode, soos die geval mag wees.

***Besluit by Artikel 57:***

*Rentmeesterskap word uitgeoefen volgens Reglement vir Kerklike goedere, Regl 24 Kerkorde AS 2019*

## 4.11 Diensverhoudinge

### Artikel 58

Werknemers, anders as predikante in diens van ’n gemeente of die kerkverband, se diensverhouding word per diensooreenkoms gereël.

[30] Hierdie *Artikel* moet saam gelees word met *Reglement 24 Kerkorde AS 2019*.

# HOOFSTUK 5

## KERKLIKE OPSIG, TUG EN DISSIPLINE

### Artikel 59

### Doel en voorskrifte

59.1 Kerklike opsig word gehou en kerklike tug en dissipline uitgeoefen

59.1.1 tot eer van God;

59.1.2 tot heil van die Kerk;

59.1.3 tot behoud van die sondaar;

59.2 volgens voorskrifte van

59.2.1 die Woord van God;

59.2.2 die belydenisskrifte;

59.2.3 die *Kerkorde* en ander bepalings[31] van die kerk;

59.2.4 die diensooreenkoms.

### Artikel 60

### Kerklike opsig en tug

60.1 Die kerklike opsig en tug dra ’n geestelike karakter en pas by die kerk as ’n geloofs- en ’n liefdesgemeenskap. Opsig en tug word dus op ’n kerklike wyse en met geestelike middele uitgeoefen.

60.2 Die amptelike uitoefening van die tug deur kerkvergaderinge of hulle gevolmagtigdes vervang nie die roeping van die gelowiges tot onderlinge vermaning nie, maar vul dit aan.

60.3 Amptelike kerklike opsig en tug is pastoraal-kerkregtelik van aard en moet uit ’n Bybelse en geestelike oogpunt billik en regverdig toegepas word.

60.4 Die kerklike opsig gaan oor die hele lewenswandel (leer en lewe) van al die lidmate (doop en belydend) van die gemeente, ampsdraers ingesluit.

### Artikel 61

### Tugwaardige sondes

61.1 Sondes wat tot tug lei, is sondes wat indruis teen die Woord van God en die belydenis van die kerk.

61.2 Sondes wat openbare aanstoot gee of wat na aanleiding van die voorskrifte van Matteus 18:15 - 17 onder die aandag van die kerk kom, stel die oortreder(s) bloot aan ’n amptelike tugondersoek.

61.3 Wangedrag deur werknemers van die kerk in terme van diensverhoudinge kan ook tugwaardige sondes wees.

### Artikel 62

### Lidmate, ampsdraers, gelegitimeerdes en werknemers

62.1 Alle doop- en belydende lidmate van die gemeente val onder die opsig en tug van die kerkraad.

---

31 Vergelyk *Reglement 22 vir Tug en Vermaning*.

62.2 Alle ouderlinge, diakens, predikante, diens- en standplaasleraars, emeriti en proponente staan onder die opsig en tug van die ring, sonder om die opsig van die kerkraad oor sy ampsdraers uit te sluit (vergelyk artikel 31.7 van die *Kerkorde*).

62.3 Lidmate van die kerk, wat as werknemers in diens van ’n gemeente of die kerkverband is, kan weens wangedrag getug word.

## Artikel 63

## Kerklike dissipline

63.1 Werknemers in diens van ’n gemeente of die kerkverband, kan in terme van hulle diensverhouding kerklik gedissiplineer word.

63.2 Kerklike dissiplinêre optrede is die gevolg van oortredings by die werkplek en het met die voorwaardes van die diensooreenkoms te doen.

63.3 Werknemers in diens van die kerkverband, staan onder die kerklike dissipline van die werkgewer.

63.4 Predikante, diens- en standplaasleraars, emeriti en proponente in diens van ’n gemeente staan onder die kerklike dissipline van die ring.

## Artikel 64

## Tug- en dissiplinêre maatreëls

64.1 Die onderstaande tug- en/of dissiplinêre maatreëls kan deur ondersoekliggame toegepas word:

### 64.2 Dooplidmate

64.2.1 ’n bestraffing in ’n privaatgesprek of ter vergadering van die ondersoekliggaam;

64.2.2 sensuur wat bestaan uit onthouding van die nagmaal en/of weerhouding van die aflegging van belydenis van geloof;

64.2.3 afsnyding van die gemeente deur die gebruik van die betrokke formulier.

### 64.3 Belydende lidmate

64.3.1 ’n bestraffing in ’n privaatgesprek of ter vergadering van die ondersoekliggaam;

64.3.2 sensuur wat bestaan uit die onthouding van die sakramente en die opskorting van ander lidmaatregte;

64.3.3 afsnyding van die gemeente, nadat sensuur en voortgesette herderlike sorg nie tot berou gelei het nie, deur die gebruik van die betrokke formulier.

### 64.4 Ouderlinge en diakens

64.4.1 ’n bestraffing in ’n privaatgesprek of ter vergadering van die ondersoekliggaam;

64.4.2 skorsing met of sonder onthouding van die sakramente en met of sonder opskorting van lidmaatregte totdat daar bewys van grondige berou is;

64.4.3 afsetting uit die diens met opskorting van lidmaatregte en onthouding van die sakramente

### 64.5 Predikante, diensleraars, standplaasleraars, emeriti, proponente en werknemers met verslag aan die Algemene Taakspan Predikantesake in die geval van gelegitimeerdes

64.5.1 ’n bestraffing in ’n privaatgesprek of ter vergadering van die ondersoekliggaam, of ’n skriftelike waarskuwing deur die werkgewer;

64.5.2 skorsing vir ’n vasgestelde tydperk met een of meer van die volgende maatreëls:

64.5.2.1 opskorting van lidmaatregte;

64.5.2.2 onthouding van die sakramente;

64.5.2.3 gedeeltelike of volle weerhouding van lewensonderhoud en toelaes deur die werkgewer.

64.5.3 Indien die ondersoekliggaam nie oortuig is van die egtheid van die berou nie, kan hierdie skorsing verleng word.

64.5.4 Ontslag uit diens van die gemeente of uit diens van die kerkverband met een of meer van die volgende maatreëls:

64.5.4.1 opskorting van lidmaatregte vir ’n vasgestelde tydperk en/of totdat daar berou is;

64.5.4.2 onthouding van die sakramente vir ’n vasgestelde tydperk en/of totdat daar berou is;

64.5.4.3 kennisgewing aan die Algemene Taakspan Predikantesake dat die betrokke persoon se legitimasie vir ’n vasgestelde tydperk opgeskort word;

64.5.4.4 kennisgewing aan die Algemene Taakspan Predikantesake dat die betrokke persoon se legitimasie met onmiddellike effek beëindig word, wat die nietigverklaring van die *Akte van Legitimasie* beteken.

## Artikel 65

## Appèl[32]

65.1 Ooreenkomstig Artikel 23 van die *Kerkorde* kan daar teen die bevindinge en tug en/of dissiplinêre maatreëls van ondersoekliggame geappelleer word.

65.2 Oor leerstellige sake (vergelyk artikel 44.4 van die *Kerkorde*) en oor die beëindiging van bevoegdheid (vergelyk Artikel 7 van die *Kerkorde*) kan tot by die Algemene Sinode geappelleer word.

65.3 Oor ander sake wat met die tug en/of dissipline verband hou, kan daar nie verder as die sinode geappelleer word nie.

## Artikel 66

## Opheffing van tug- en/of dissiplinêre maatreëls

66.1 Tugmaatreëls het berou en inkeer ten doel en word, met inagneming van artikel 59.1 van die *Kerkorde*, opgehef in die geval van:

### 66.2 Lidmate

66.2.1 Wanneer ’n belydende lidmaat berou betoon nadat die persoon onder sensuur geplaas is, hef ’n ondersoekliggaam of kerkraad wat oortuig is van die egtheid van berou, die sensuur op.

66.2.2 Wanneer belydenis van geloof weerhou is, laat die kerkraad die dooplidmaat toe tot belydenisaflegging wanneer die ondersoekliggaam oortuig is van die egtheid van berou.

66.2.3 Wanneer ’n lidmaat wat van die gemeente afgesny is, berou betoon en verlang om weer in die gemeente opgeneem te word, neem die kerkraad, indien oortuig van die egtheid van berou, die persoon weer in die gemeente op met die gebruik van die betrokke formulier.

66.2.4 By dooplidmate kan hierdie stap gepaard gaan met belydenisaflegging.

---

[32] Vergelyk *Reglement 23 vir Hersiening (Revisie), Appèl, Beswaarskrif (Gravamen) en Prosedurele beswaar.*

## 66.3 Ouderlinge en diakens

66.3.1 As die ring of sy gevolmagtigde kommissie as ondersoekliggaam oortuig is van die egtheid van berou, kan die skorsing opgehef word.

66.3.2 Ouderlinge en diakens wat afgesit is, kan dan weer verkies word tot die kerkraad.

## 66.4 Predikante, emeriti en proponente

66.4.1 As die ring of sy gevolmagtigde kommissie as ondersoekliggaam/kerkverband as werkgewer oortuig is van die egtheid van berou, word die sensuur en skorsing as tug en/of dissiplinêre maatreël opgehef met verslag aan die Algemene Taakspan Predikantesake.

66.4.2 In geval van ontslag van ’n werknemer volgens artikel 64.5.4 van die *Kerkorde*, moet die ring die opskorting van lidmaatregte en die onthouding van die sakramente ophef voor die Algemene Taakspan Predikantesake die legitimasie kan herstel.

66.4.3 Herstel in diens van die gemeente/kerkverband kan alleen geskied na geslaagde appèl en indien die appèlliggaam so beslis.

66.4.4 ’n Gelegitimeerde wie se legitimasie deur tug- en/of dissiplinêre optrede beëindig is, kan slegs na *colloquium doctum* by ’n proponentskommissie en na aanbeveling van ’n kuratorium deur die Algemene Taakspan Predikantesake opnuut gelegitimeer word[33].

66.4.5 In die geval van beëindiging van legitimasie deur tug- en/of dissiplinêre handeling as gevolg van ergerlike sondes/wangedrag soos owerspel, onsedelikheid, egskeiding, moord, meineed, diefstal of na beëindiging van legitimasie as gevolg van leerdwaling, mag toestemming tot legitimasie alleen by hoë uitsondering, nadat gunstige aanbevelings van alle betrokke kerkvergaderinge ontvang is, deur die Algemene Sinodale Moderamen op aanbeveling van die Algemene Taakspan Predikantesake, verleen word.

[33] Vergelyk *Reglement 12 vir die Bevoegdheid van Predikante, Proponente en emeriti*.

# HOOFSTUK 6

## BETREKKINGE VAN DIE KERK NA BUITE

## 6.1 Kerk en staat

### Artikel 67

67.1 In die lig van Romeine 13 erken die kerk die staat as ’n dienaar van God tot ons beswil. Dit is God wat aan die staat die opdrag gegee het om die reg te handhaaf en die kwaaddoeners te straf.

67.2 Die kerk erken dat die staatsowerheid wat deur sy fisiese swaardmag in beheer van ’n bepaalde staatsgebied is, deur God beskik is en as sodanig eerbiedig moet word. Die norm vir die kerk se deelname aan die publieke regsverkeer en uitoefening van burgerlike regte is die Woord van God.

67.3 Christus is die hoof van die kerk. Daarom beskou die kerk sy reg op vryheid van godsdiens, wat sy Bybels-profetiese getuienis teenoor die staatsowerheid en die wêreld waarin hy staan, insluit, as onvervreembaar. In die uitoefening hiervan maak hy aanspraak op die regsbepaalde beskerming van die owerheid.

67.4 Die kerk nader staatsowerhede op alle vlakke op ’n ordelike wyse. Hierdie skakeling word gedoen deur sy erkende kerkvergaderinge of die kommissies wat hulle daarvoor aanwys. Skakeling oor sake wat die kerk in sy algemene sinodale verband raak, geskied deur die Algemene Sinode se gevolmagtigde. Skakeling sonder ’n opdrag van die Algemene Sinode geskied deur die Algemene Sinodale Moderamen met verslag aan die Algemene Sinode (vergelyk artikel 43.1.3 van die *Kerkorde* en die voetnota).

## 6.2 Kerk, maatskappy en vrye vereniging

### Artikel 68

Waar moontlik, verleen die kerk steun aan maatskaplike, nie-kerklike organisasies wat op ’n positiewe Christelike basis georganiseer is en daarop gemik is om die koninkryk van God te bevorder. Hierdie steun geskied vanuit ’n kerklike perspektief en op ’n kerklike wyse. Die vraag of ’n bepaalde organisasie kan aanspraak maak op die steun van die kerk, hang af van sy grondslag en doelstellings en die uitlewing daarvan in die praktyk.

## 6.3 Kerk en onderwys

### Artikel 69

69.1 Die kerk beywer hom daarvoor dat die Woord van God en Protestants-Christelike norme en waardes rigtinggewend sal wees in onderwys- en opvoedkundige instellings, asook vir die kultuuridioom waarin die onderwys plaasvind.

69.2 Die kerk erken die interne bevoegdheid van onderwysinstellings om tipiese onderwysaangeleenthede (standaarde, leerinhoude, ensovoorts) te finaliseer.

69.3 Die kerk beywer hom vir Christelike opvoeding en onderwys vir sy kinders en jongmense. Hierdie onderwys moet verantwoorde standaarde en leerinhoude insluit.

## 6.4 Kerk en ekumeniese betrekking

### Artikel 70[34]

70.1 Die Kerk streef daarna om deur middel van sy vergaderinge op ’n verantwoorde wyse met ander Christelike kerke en kerkgemeenskappe saam te werk of te assosieer, ’n gemeenskaplike boodskap uit te dra en saam te stry vir die behoud van Christelike lewensbeginsels.

70.2 Die Algemene Sinode bepaal die aard en graad van die samewerking met ander kerke of kerkgemeenskappe deur middel van ’n gewone meerderheidstem. Wanneer ’n kerk of kerkgemeenskap by die Algemene Sinode aansoek doen om in assosiasie met die kerk te tree, word goedkeuring verleen wanneer met ’n tweederdemeerderheidstem ten gunste daarvan beslis is. Die aard en omvang van die assosiasie word deur die assosiasie-ooreenkoms gereël.

70.3 Die graad en wyse van samewerking of assosiasie word in elke geval bepaal deur die graad van ooreenstemming ten opsigte van belydenis, kerkregering, erediens en die siening van die Christelike lewenswandel van die betrokke kerk of kerkgemeenskap.

70.4 Die besluit oor ’n aansoek of beëindiging van lidmaatskap van ’n ekumeniese organisasie word geneem met ’n tweederdemeerderheid van die Algemene Sinode.

## 6.5 Tussen-orde

### Artikel 71

71.1 Met die oog op enige proses van kerkhereniging van die Nederduitse Gereformeerde Kerkfamilie onderling, of kerkvereniging met ander gereformeerde kerke, stel die Algemene Sinode vir sodanige samewerking en/of samevoeging van werksaamhede reëlings vas.

71.2 Sodanige reëlings word in ’n *Tussen-orde* omskryf, wat na die goedkeuring van die Algemene Sinode in die kerkordeboek opgeneem word.

71.3 Waar ’n *Tussen-orde* in stryd is met die *Kerkorde* of waar ’n *Tussen-orde* nie vir ’n bepaalde saak voorsiening maak nie, geld die *Kerkorde*.

71.4 Waar ’n *Tussen-orde* in stryd is met die bepalings en reglemente van die samestellende sinodes of waar ’n *Tussen-orde* nie vir ’n bepaalde saak voorsiening maak nie, kan ’n *Tussen-orde* eers in ’n sinode gebruik word nadat die goedkeuring van die betrokke sinode verkry is.

71.5 ’n *Tussen-orde* is nie bepalend of bindend vir die vorm en inhoud van ’n nuwe *Kerkorde* wat later in ’n verenigde kerk saamgestel mag word nie.

71.6 ’n *Tussen-orde* word gesamentlik opgestel en moet die goedkeuring dra van die gevolmagtigde verteenwoordigers van al die betrokke kerke wat in die proses van vereniging of hereniging met die Nederduitse Gereformeerde Kerk is.

71.7 ’n *Tussen-orde* sal alleen van toepassing wees waar twee of meer regspersone van verskillende kerkverbande daartoe ooreenkom.

---

[34] Vergelyk *Reglement 26 vir die Verhouding tot ander Kerke en Groepe.*

**Artikel 72**

72.1 Met die oog op enige proses van kerklike samewerking en/of kerkvereniging met ander gereformeerde kerke, stel die Algemene Sinode vir sodanige samewerking en/of samevoeging van werksaamhede reëlings vas.

72.2 Sodanige reëlings word in ŉ *Samewerking-orde* omskryf, wat na die goedkeuring van die Algemene Sinode in die kerkordeboek opgeneem word.

72.3 Waar ’n *Samewerking-orde* in stryd is met die *Kerkorde* of waar ’n *Samewerking-orde* nie vir ŉ bepaalde saak voorsiening maak nie, geld die *Kerkorde*.

# AFDELING B: REGLEMENTE VAN DIE VRYSTAAT SINODE

### ALGEMEEN
### 1. ORGANOGRAM VAN DIE SINODALE STRUKTUUR VAN DIE NG KERK VRYSTAAT

**(SOOS GOEDGEKEUR DEUR DIE VS SINODE IN 2013, MET ENKELE WYSIGINGS DEUR STK NA AFLOOP VAN VS SINODE 2022)**



## 2. REGLEMENT VAN ORDE: NG KERK VRYSTAAT

**1. OPENING EN KONSTITUERING**

Die afgevaardigdes kom byeen op die plek en tyd soos vooraf bepaal.

1.1 Die afgevaardigde leraar met die langste diens, wat die oudste in jare is, soos vooraf deur die betrokke skriba aangewys, gaan by rings- en sinodale vergaderings voor in Skriflesing, gebed en konstituering, en tree as waarnemende voorsitter op totdat die vergadering sy eie voorsitter verkies het.

1.2 By meerdere vergaderings neem die afgevaardigdes hulle plekke in soos aangedui deur die Ontwerpspan.

1.3 Die geloofsbriewe van afgevaardigdes moet in die geval van ‘n gewone vergadering van die sinode minstens drie maande voor die aanvang van die vergadering in die hande van die skriba wees. Die geloofsbriewe word voor die aanvang van die vergadering deur die Sinodale Taakspan Kerkorde (STK) of sy gevolmagtigde verteenwoordigers nagegaan, goedgekeur en met die konstituering voorgehou, waarna die voorsitter die vergadering as wettig gekonstitueer verklaar met uitsluiting van die afgevaardigdes oor wie se geloofsbriewe daar twyfel bestaan of wat nie in orde is nie.

1.4 By meerdere vergaderings word, nadat die vergadering gekonstitueer is, ooreenkomstig die Reglement van Orde en onder leiding van die waarnemende voorsitter genoem in 1.1 hierbo, eers 'n voorsitter verkies (wat die leiding van die vergadering oorneem), daarna 'n ondervoorsitter in die geval van 'n sinode (wat as voorsitter optree wanneer die voorsitter afwesig is, hom daartoe versoek of in die vergadering 'n spreukbeurt waarneem) en 'n skriba.

1.5 By elke gewone vergadering van die sinode word twee lede van die vergadering onderskeidelik tot voorsitter en ondervoorsitter verkies. Die persoon wat deur die sinode in die posisie van voorsitter of ondervoorsitter van die sinode en moderamen verkies is, kan nie weer in die daaropvolgende termyn deur die sinode in dieselfde posisie verkies word nie, ongeag of die persoon sy/haar termyn in daardie posisie voltooi het of nie.

1.6 Op 'n buitengewone vergadering van die sinode of ring neem die voorsitter van die Moderamen of Ringskommissie die leiding in die konstituering van die vergadering, waarna die vergadering sy eie voorsitter kies vir die afhandeling van die geslote agenda.

1.7 ’n Vergadering van die ring en die sinode word met oop deure gehou, tensy die betrokke vergadering anders besluit.

1.8 ’n Vergadering van die kerkraad word slegs met oop deure gehou waar die kerkraad in 'n betrokke geval so besluit.

1.9 Elke sittingsdag word, soos vooraf gereël, met gebed geopen en gesluit.

1.10 ’n Kerkvergadering is slegs wettig wanneer meer as die helfte van die lede teenwoordig is.

1.10.1 Die lede van 'n kerkvergadering is verplig om die vergadering by te woon en, indien hulle verhinder word, daarvan kennis te gee.

1.10.2 Geen lid mag sonder verlof van die voorsitter 'n vergadering verlaat nie.

## 2. BEHANDELING VAN SAKE

2.1 By die voorbring van sake neem die voorsitter die orde in ag wat vir hom die geskikste voorkom. Hy stel die sake wat behandel moet word aan die orde, gee by die behandeling, indien nodig, geleentheid vir toeligting en kan, as die saak dit vereis, wenke aan die hand doen om die vergadering te help om tot 'n beslissing te kom, en bring sy stem gelyktydig uit saam met die ander lede.

2.2 As die stemme staak, beslis die voorsitter wat naas sy gewone ook 'n beslissende stem het. Die voorsitter mag die lot gebruik in plaas van sy beslissende stem te gee. In ’n saak van kerklike opsig en tug word by staking van stemme uitspraak in die guns van die aangeklaagde gegee.

2.3 In gevalle wat op die orde van die vergadering betrekking het en waarvoor geen voorsiening in die reglement gemaak word nie, handel die voorsitter volgens gebruik en eie oordeel. As enige lid teen hierdie handelswyse beswaar het, word dit aan die oordeel van die vergadering onderwerp.

2.4 Elke lid van 'n vergadering moet by deelname aan die bespreking die voorsitter aanspreek.

2.5 Elkeen moet hom, sowel by skriftelike as mondelike voordrag van alle beledigende, haatlike of onbehoorlike uitdrukkings, asook van alles wat in stryd is met die agting van 'n kerkvergadering, weerhou.

## 3. AGENDA

3.1 Die agenda van die Sinode word slegs elektronies aan afgevaardigdes beskikbaar gestel, minstens twee weke voor die aanvang van die Sinode.

3.2 Gemeentes is self verantwoordelik vir die uitdruk van die agenda van die Sinode vir hulle afgevaardigdes.

3.3 Kragpunte vir laaiers van skootrekenaars en tablette en ander elektroniese toestelle word nie op so ‘n manier beskikbaar gemaak dat elke afgevaardigde ’n punt beskikbaar het nie.

## 4. BESKRYWINGSPUNTE, LAATSTUKKE EN VERSLAE

4.1 ’n Beskrywingspunt vir behandeling deur die ring kan deur die kerkraad of ’n ongesensureerde lidmaat met goedkeuring van die kerkraad ingestuur word. Hierdie beskrywingspunt moet drie weke voor die aanvang van die ringsitting in die hande van die skriba van die ringskommissie wees.

4.2 ’n Beskrywingspunt vir behandeling deur die sinode mag ingedien word deur ’n permanente kommissie, Bediening of taakspan van die sinode, ’n ring en ’n kerkraad. Onderhewig aan hierdie bepalings het ’n ongesensureerde lidmaat die reg om ’n beskrywingspunt by die kerkraad in te dien vir deursending na die sinode.

4.3 Beskrywingspunte vir behandeling deur die Sinode moet minstens twee maande voor die aanvang van die Sinode in die hande van die Skriba van die Moderamen wees.

4.4 Alle beskrywingspunte wat teen hierdie sperdatum ontvang is, word na die verantwoordelike Bediening/Taakspan verwys. Indien dit onseker is op watter Bediening/Taakspan se tafel die beskrywingspunt hoort, besluit die Interim-komitee na wie dit verwys word.

4.5 Beskrywingspunte wat minder as twee maande voor die aanvang van die Sinode ingedien word, word steeds na die verantwoordelike Bedieninge/Taakspan verwys, maar met die voorbehoud dat dit nie noodwendig in die Bediening/ Taakspan se verslag aan die Sinode opgeneem sal word nie, maar in ’n laat verslag opgeneem kan word. Bedieninge/Taakspanne wat laat verslae oor beskrywingspunte indien, het die diskresie om ’n aanbeveling te maak dat die beskrywingspunte wat dit behandel, direk deur die Sinode behandel word, of dat dit verwys word na ’n tydelike Taakspan van die Sinode. Laat verslae van Bedieninge/Taakspanne oor beskrywingspunte wat laat ontvang is, word elektronies aan afgevaardigdes versprei indien dit minstens ’n week voor die aanvang van die Sinode in die hande van die Skriba van die Moderamen is, andersins word dit in hardekopie tydens die Sinode aan afgevaardigdes uitgedeel.

4.6 Op elke gewone vergadering van die sinode moet verslae ingedien word deur al die permanente kommissies, bedieninge en taakspanne van die sinode sowel as die verteenwoordigers van die sinode in verskillende rade en liggame. Bedieninge/ Taakspanne se verslae moet minstens drie weke voor die aanvang van die Sinode in die voorgeskrewe formaat in die hande van die Skriba van die Moderamen wees. Laat verslae van Bedieninge/Taakspanne wat ander sake as laat beskrywingspunte behandel, word na die Tydelike Taakspan Kerkorde (TTK) verwys wat aanbevelings aan die Sinode maak oor die ontvanklikheid en hantering daarvan.

## 5. MOSIE VAN ORDE

5.1 Nadat 'n saak grondig bespreek is, het ’n lid van die vergadering die reg om by wyse van ’n mosie van orde, wat nie die wese van die saak onder bespreking raak nie, maar slegs die reëling van die werksaamhede van die vergadering, voor te stel dat die bespreking beëindig en oor die saak gestem word, of dat daar van die saak afgestap, of dat die vergadering verdaag of dat die orde waarin sake behandel moet word, verander word. Oor hierdie mosie, indien gesekondeer, moet sonder enige verdere bespreking dadelik gestem word, maar die voorsitter het die reg om die mosie tydelik terug te hou indien die saak na sy oordeel nie genoegsaam bespreek is nie.

## 6. SPREEKBEURT

6.1 By die behandeling van ’n saak voor ’n vergadering het elke lid die reg om sy mening uit te spreek tensy die vergadering anders besluit.

6.1.1 Niemand mag buite sy beurt of anders as met verlof van die voorsitter praat nie.

6.1.2 Indien twee of meer lede gelyktydig opstaan, beslis die voorsitter wie die eerste aan die beurt kom.

6.1.3 Waar ’n lid van die kerkvergadering hom volgens die oordeel van die voorsitter of volgens die besluit van die vergadering onordelik gedra, moet die voorsitter hom tot orde roep en as die vergadering so besluit, ’n apologie weens sy woorde of gedrag binne 'n vasgestelde tyd van hom eis. Weier hy om hom hieraan te onderwerp, word daar aantekening van sy woorde en dade gemaak en word hy as 'n wederstrewer van die *Kerkorde* deur die bevoegde kerkvergadering behandel.

6.2 ’n Lid van die vergadering mag nie meer as een maal oor dieselfde saak praat nie, behalwe wanneer hy die aandag van die voorsitter wil vestig op ’n afwyking van die reglement van orde, of wanneer hy as voorsteller van sy reg tot repliek gebruik maak.

6.2.1 Die voorsitter het die reg om, wanneer na sy oordeel die saak onder behandeling genoegsaam bespreek is, dit aan die vergadering te stel of laasgenoemde nie tot stemming wil oorgaan nie.

**7. VOORSTEL**

7.1 Elke lid van die vergadering het die reg om oor enige saak wat onder behandeling is ’n voorstel in te dien wat dadelik gesekondeer moet word voordat hy dit toelig, anders verval die voorstel. In ’n vergadering van die ring of die sinode moet die voorstel en die amendement(e) skriftelik ingedien en deur die voorsteller en die sekondant geteken word voordat die voorsteller dit toelig.

7.2 Geen spreekbeurt mag aangevra word, of voorstel of amendement deur die voorsitter ontvang word, voordat hy die saak aan die orde stel nie.

7.3 Die voorsteller of sekondant van ’n voorstel wat reeds ter tafel gelê is, mag dit nie sonder verlof van die vergadering terugtrek nie.

7.4 ’n Aanbeveling in die verslag van ’n sinode of tydelike kommissie word onmiddellik as ’n voorstel in behandeling geneem en het nie weer ’n voorsteller of sekondant nodig nie. Dit geld nie waar die aanbeveling oor ’n beskrywingspunt gaan nie.

7.5 By afwesigheid van die insender van ’n voorstel of ’n beskrywingspunt mag die vergadering die voorstel tog in behandeling neem indien hy dit as gewens beskou.

7.6 In die geval van voorstelle en amendemente, word die amendemente eers tot stemming gebring in opgaande orde vanaf die laaste wat ingedien is, en daarna die voorstel soos deur die aanvaarde amendemente gewysig. Na elke stemming kondig die voorsitter die uitslag aan.

**8. STEMMING**

8.1 Elke lid van ’n vergadering moet stem. Niemand mag buite stemming bly nie behalwe om gewigtige redes wat deur die vergadering beoordeel moet word.

8.2 Wanneer daar vir persone gestem word, geskied dit met geslote stemming (kyk pt 10.1 hieronder). Oor omstrede sake kan daar ook met ’n geslote stemming beslis word. Persone wat die vergadering in adviserende hoedanigheid bywoon, mag aan die bespreking deelneem, maar nie stem nie.

8.3 In ’n vergadering word oor ’n saak met ’n volstrekte meerderheid van stemme besluit, dit wil sê meer as die helfte van die lede wat teenwoordig is, behalwe in die gevalle waar die *Kerkorde* ’n tweederde meerderheid vereis (Artikel 44.1 en 44.2 en 68.4) en waar die bepalings van hierdie sinode by die artikels van die *Kerkorde* gewysig, geskrap of aangevul word.

8.4 Dit staan ’n lid vry om met of sonder opgaaf van redes te laat aanteken dat hy met ’n besluit wat geneem is nie instem of dat hy nie teenwoordig was toe die besluit geneem is nie.

**9. REVISIE (*Sien ook Reglement 23 van AS Kerkorde 2019*)**

9.1 ’n Besluit wat in ’n meerdere vergadering geneem is, mag alleen na voorafgaande kennisgewing tydens die vergadering en met toestemming van die vergadering aan die einde van die vergadering in hersiening geneem word indien die insteller oortuigend kan aanvoer dat:

9.1.1 in die bespreking van die saak waarom dit gaan in die vergadering, aan sekere aspekte daarvan glad nie of nie voldoende aandag gegee is nie; of wanneer

9.1.2 daar later inligting na vore gekom het wat hersiening van die besluit noodsaaklik maak.

9.2 ’n Besluit van die kerkraad mag met ’n gewone meerderheidstem aan die einde van die vergadering of tydens ’n latere vergadering (met vooraf kennisgewing) in hersiening geneem word.

9.3 Die prosedure vir revisie is soos volg:

9.3.1 Kennis word volgens 9.1 en 9.2 hierbo gegee dat revisie aangevra sal word.

9.3.2 Wanneer die aansoek vir revisie aan die orde gestel word, moet die lid van die vergadering wat dit aanvra, saaklik aantoon waarom ’n herbespreking van die betrokke besluit nodig is.

9.3.3 Nadat die lid van die vergadering wat revisie aanvra, saaklik die noodsaaklikheid vir die revisie aangetoon het, besluit die vergadering sonder verdere bespreking met opsteek van hande of hy die betrokke saak weer wil bespreek of nie.

9.3.4 As die vergadering besluit dat hy wel die betrokke saak weer oopstel vir bespreking moet die persoon wat revisie vra die vergadering onmiddellik met 'n voorstel dien wat soos gewoonlik sekondeer moet word. Indien die voorstel aanvaar word, vervang dit die vorige besluit van die vergadering.

**10. VERKIESING VAN AMPSDRAERS**

10.1 Die verkiesing van die voorsitter, ondervoorsitter, skriba en hulpskriba van die sinode, die voorsitter en skriba van die ring, die primarii en sekundi van die Moderamen, die primarii en sekundi van die ringskommissie, die afgevaardigdes na die ring en die sinode, kerkraadslede en ook die beroeping van bedienaars van

die Woord moet deur volstrekte meerderheid van stemme van die aanwesige stemgeregtigdes en per geslote stemming geskied. In die geval van kerkraadslede kan kerkrade egter, indien hulle dit verkies, sonder geslote stemming kerkraadslede kies.

10.2 By die verkiesing/beroeping geld die volgende:

10.2.1 Vir die beroeping van ’n bedienaar van die Woord:

10.2.1.1 Die groslys word deur die kerkraad saamgestel volgens 10.3.1 hieronder.

10.2.1.2 ’n Lidmaat van die gemeente het die reg om by die skriba van die kerkraad ’n naam in te gee vir plasing op die groslys.

10.2.1.3 Die kerkraad mag van ’n pre-advieskommissie gebruik maak vir die insameling van inligting oor genomineerdes volgens die riglyne van die Algemene Sinode.

10.2.1.4 Beroeping geskied volgens die prosedure in 10.3 hieronder.

10.3 Vir die verkiesing van kerkraadslede:

10.3.1 Die groslys word deur die kerkraad saamgestel met dien verstande dat elke stemgeregtigde nie meer persone per stembriefie mag nomineer as die getal poste waarvoor gestem moet word nie.

10.3.2 Nadat die groslys saamgestel is, word dit aan die hand van die volgende riglyne gesuiwer:

10.3.2.1 Genomineerdes moet godvrugtige, kundige en ongesensureerde lidmate van die Ned. Geref. Kerk wees, en hulle name moet voor bevestiging in die Lidmateregister van die gemeente ingeskryf wees.

10.3.2.2 By die verkiesing van ampsdraers mag daar vooraf hoegenaamd geen afspraak of propaganda wees nie.

10.3.3 Uit die groslys, nadat dit gesuiwer is, plaas elke stemgeregtigde net soveel name op die stembriefie as die getal persone wat verkies moet word. Alle stemgeregtigdes moet aan die stemming deelneem.

10.3.4 Die persoon wat by hierdie eerste stemming die hoogste getal stemme en daarby die volstrekte meerderheid verkry het, is wettig verkies.

10.3.5 As een of meer van die benodigde getal persone nie ’n volstrekte meerderheid verkry het nie, word daar weer ’n stemming gehou uit die name wat die meeste stemme verkry het en wat gesamentlik ’n volstrekte meerderheid uitmaak. Wie by hierdie stemming ’n volstrekte meerderheid verkry het, is verkies.

10.3.6 As die stemme by die eindstemming staak, moet die lot tussen die twee name beslis.

10.3.7 Die kerkraad mag van ’n pre-advieskommissie gebruik maak vir die insameling van inligting oor genomineerdes.

## 11. KOMMISSIES/TAAKSPANNE

11.1 Tydelike kommissies/taakspanne, soos deur die Ontwerpspan aangewys, mag voor die aanvang van die meerdere vergaderings met hulle werksaamhede begin.

11.2 Lede van ’n tydelike kommissie/taakspan/bediening word vooraf deur die Ontwerpspan of tydens die vergadering deur die voorsitter benoem. Ingeval die benoeming nie die goedkeuring van die meerderheid van die vergadering wegdra nie, vind die verkiesing deur die vergadering op die voorgeskrewe manier plaas.

11.3 Die samestelling van ’n permanente kommissie/taakspan/bediening met uitsondering van die Moderamen, die Begrotingskommissie en die Ringskommissie word gedoen deur die ring of sinode op aanbeveling van ’n kommissie wat uit die voorsitters van bestaande permanente kommissies/taakspanne/bedieninge saamgestel is. Indien die voorsitter van ‘n kommissie/taakspan/bediening verhinder word om die betrokke kommissie/taakspan/bediening op die ring/sinode te verteenwoordig, tree die skriba van die kommissie/taakspan/bediening in sy plek op. In die geval van die sinode vergader die Kommissie vir kommissies onder voorsitterskap van die ondervoorsitter van die sinode. Enige lidmaat mag in kommissies/taakspanne/bedieninge van die ring of die sinode benoem word.

11.4 Tydelike kommissies/taakspanne/bedieninge maak nie aanbevelings oor die verslae van permanente kommissies/taakspanne/bedieninge nie, tensy daar ’n beskrywingspunt oor dieselfde saak is wat nuwe aspekte na vore bring, of wanneer die saak deur die vergadering na hulle verwys is.

11.5 ’n Tydelike kommissie/taakspan/bediening tree af nadat sy verslag deur die vergadering aangehoor en afgehandel is. ’n Permanente kommissie/taakspan/bediening tree af op die volgende byeenkoms van die vergadering wat hom benoem het en nadat sy verslag afgehandel is. In albei gevalle is die lede herkiesbaar.

11.6 ’n Persoon wat op ’n kommissie/taakspan/bediening benoem is, kan alleen om gewigtige redes, wat die vergadering moet beoordeel, van sy pligte onthef word. Vakatures in sinodale kommissies/taakspanne/bedieninge wat tussen sinodes ontstaan, word aangevul deur die betrokke sinodale kommissie/taakspan/bediening of instansie waaruit die verteenwoordiger moet kom.

11.7 Elke sinodale kommissie/taakspan/bediening stel sy eie huishoudelike reglement op in ooreenstemming met die *Kerkorde*, waarin die werkwyse van die kommissie/taakspan/bediening duidelik omlyn word. Huishoudelike reglemente word deur die sinode goedgekeur en is altyd ter insae by die Direkteur: Bediening vir Ondersteuning, NG Kerk Vrystaat en by die skriba van die bepaalde kommissie/taakspan/bediening.

11.8 Die Sinodale Kommissie vir Vrouelidmate het die reg van verteenwoordiging op die ooreenstemmende kommissies van die kerkraad, ring en sinode.

## 12. NOTULE

12.1 Die skriba is verplig om, onder deurlopende desimaal genumereerde paragrawe met aanduidende opskrifte, aan te teken wat in die vergadering behandel word,

die besluite woordeliks oor te neem, die notule vervolgens uit te brei en nadat dit goedgekeur en onderteken is, die opdragte wat daaruit voortvloei, uit te voer en die stukke te onderteken.

12.2.1 In die geval van kerkraadsvergadering is die besluite - hoewel die notule eers op die volgende vergadering goedgekeur en onderteken word - dadelik van krag en mag die besluite onmiddellik uitgevoer word.

12.2.2 Besluite van die ring is ook dadelik van krag en die besluite mag onmiddellik uitgevoer word.

12.2.3 Die besluite van die Sinode van die Vrystaat is van krag sodra die notule beskikbaar gestel is.

12.3 Indien die sinode dit nodig ag om vir die skriba tydens die vergadering hulp te verleen, kan hy een of meer persone deur verkiesing daartoe aanwys.

12.4 In ’n meerdere kerkvergadering word met die notule gehandel soos besluit deur die vergadering.

12.5 Dit notule van ’n kerkraadsvergadering word op die volgende vergadering goedgekeur en deur die voorsitter en die skriba van die kerkraad onderteken en op elke bladsy geparafeer. Die notule van ’n kerkraadsvergadering kan aan die lede vooraf gestuur word. Sake van vertroulike aard wat persone raak en hulle in die verleentheid kan stel, moet nie in die notulegedeelte wat uitgestuur word, opgeneem word nie, maar moet in ’n vertroulike notule op die kerkraads-vergadering gelees en goedgekeur word.

12.6 ’n Verbetering van geringe aard word in dieselfde notule aangebring, maar ’n ingrypende of materiële verbetering word in die notule van die volgende vergadering opgeneem met verwysing na die bladsy waarop die besluit voorkom en met aantekening van die bladsy waarop die verbetering in die jongste notule aangebring is.

**13. SLUITING**

13.1 Elke vergadering word ten minste met gebed afgesluit deur die voorsitter of iemand deur hom/haar daartoe versoek.

## MODERAMEN EN SUB-TAAKSPANNE

### 3. REGLEMENT VIR DIE MODERAMEN

**1. NAAM**

Die Moderamen

**2. SAMESTELLING**

Die Moderamen word saamgestel uit

2.1 Die lede van die Interimkomitee (5), een afgevaardigde uit elke ring en die voorsitters van die vier bedieninge. Die Uitvoerende Amptenare van die vier bedieninge het sitting op die moderamen met adviserende stem.

2.2 Die Interimkomitee van die Moderamen bestaan uit vyf (5) lede en word soos volg saamgestel:

a) die drie (3) lede van die Moderatuur verkies tydens ’n gewone Sinode, wat dienooreenkomstig die verkiesing dien as voorsitter (die Moderator van die Sinode), ondervoorsitter (die Assessor van die Sinode) en skriba (ook die Skriba van die Sinode) van die Interimkomitee én Moderamen; plus een (1) addisionele lid verkies deur die sinode uit sy lede;

b) een (1) verteenwoordiger met sekundus van die Sinodale Taakspan Kerkorde (STK), soos aangewys deur die STK uit sy lede;

2.3 Die Moderamen wys tydens sy eerste vergadering drie sekundi uit sy eie geledere aan vir die vier verkose lede van die Interimkomitee wat in volgorde van verkiesing tydelik opgeroep word wanneer ’n lid of lede van die Interimkomitee vanweë verlof, siekte of enige ander geldige rede nie beskikbaar is nie wanneer ’n saak hanteer moet word, hierdie sekundi word deur die Moderamen aangevul soos nodig.

2.4 Indien die verteenwoordiger van die STK vanweë verlof, siekte of enige ander geldige rede nie beskikbaar is wanneer ’n saak deur die Interimkomitee hanteer moet word nie, word die sekundus soos aangewys deur die STK uit sy lede tydelik opgeroep.

2.5 Die een helfte van die Ringe wys vir die termyn tussen twee gewone vergaderings van die Sinode ’n predikant as afgevaardigde na die Moderamen aan en die ander helfte ’n ouderling/diaken, met sekundi; met die wisseling van termyne wys die Ringe wat predikante afgevaardig het ouderlinge/diakens aan en dié wat ouderlinge/diakens afgevaardig het, predikante.

2.6 Die verkose lede op die Moderamen en hulle sekundi word aangewys tot en met die volgende gewone vergadering van die Sinode, ongeag of hulle vir die volle duur van die tydperk steeds in ’n besondere amp is of nie.

2.7 Indien die posisie van voorsitter, ondervoorsitter of skriba van die Moderamen vakant raak, wys die Moderamen uit sy lede iemand in die betrokke posisie aan. Indien dit een van die verteenwoordigers van ’n Bediening, Taakspan of Ring is, besluit die Moderamen in oorleg met die betrokke Bediening/Taakspan/Ring of sy/haar sekundus hom/haar as verteenwoordiger sal vervang.

2.8 Indien die posisie van die STK lid op die Moderamen permanent vakant raak, neem die sekundus deur die STK aangewys sy/haar plek in.

2.9 Wanneer ’n verteenwoordiger van ’n Ring nie ’n Moderamenvergadering kan bywoon vanweë verlof, siekte of enige ander rede nie, word die sekundus tydelik opgeroep; wanneer ’n permanente vakature ontstaan in die verteenwoordiging van ’n Ring, neem die sekundus sy/haar plek permanent in; Ringe kan ’n nuwe verteenwoordiger en/of sekundus tussen twee sinodesittings aanwys wanneer ’n verteenwoordiger of sekundus nie langer beskikbaar is nie;

2.10 Bedieninge en die STK vul vakatures aan wat ontstaan by hulle verteenwoordigers.

2.11 Indien die voorsitter van ‘n Bediening of die verteenwoordiger van die STK nie ’n Moderamenvergadering kan bywoon vanweë verlof, siekte of enige ander rede nie, word die ondervoorsitter van die Bediening of die sekundus van die STK soos verkies of aangewys, tydelik opgeroep.

## 3. OPDRAG

Die Moderamen

3.1 funksioneer as ’n kommissie van die Sinode, dit is, hy ontvang sy opdragte van en lewer verslag aan die Sinode;

3.2 hanteer alle spoedeisende sake wat op die terrein van die Sinode lê en nie by ander kommissies/bedieninge/taakspanne van die Sinode tuishoort nie, met verslag aan die Sinode;

3.3 bemiddel spoedeisende sake wat op die terrein van die Sinode lê wat wel by kommissies/bedieninge/taakspanne tuishoort, maar waar die kommissies met mekaar in botsing kom en nie self die saak kan oplos nie;

3.4 hanteer aangeleenthede wat verband hou met visionering, publieke getuienis, eksterne kommunikasie, belydenisvorming en kerkeenheidsprosesse;

3.5 hanteer appèlle soos omskryf in die *Kerkorde* (Die *Kerkorde AS 2019,* Artikel 23 en *Reglement 23*);

3.6 roep ’n buitengewone sinode byeen na aanleiding van besluit 34.2 by Artikel 34 van die *Kerkorde*;

3.7 behandel aansoeke vir hertoelating tot die bediening in terme van Artikel 66.4 van die *Kerkorde* en punt 8 en 9 van die *Reglement vir die Bevoegdheid van Predikante, Proponente en Emeriti (Reglement 12);*

3.8 ontvang en oorweeg, naas die Sinode, beskrywingspunte en ander sake vir behandeling deur die Algemene Sinode (Die *Kerkorde AS 2019,* die *Reglement van Orde punt 7.1*);

3.9 bepaal die onderwerp en sorg vir die aanwysing van ’n spreker/s vir die Broederlike Onderhoud tydens die sinode;

3.10 skryf dank- en biddae na die eis van omstandighede uit;

3.11 wys verteenwoordigers aan om by bepaalde geleenthede namens die NG Kerk Vrystaat op te tree;

3.12 hanteer ekumeniese sake wat nie reeds aan ’n ander kommissie van die sinode toegewys is nie;

3.13 maak gebruik van sy Interimkomitee om spoedeisende sake, wat nie kan oorstaan na ’n gewone of buitengewone vergadering van die Moderamen nie, af te handel met verslag aan die Moderamen, met dien verstande dat die Interimkomitee in die geval van kontensieuse en/of sensitiewe sake, die ander lede van die Moderamen sal raadpleeg voordat hulle dit afhandel;

3.13.1 die Interimkomitee vergader soos nodig met verslag (volledige notules) aan die Moderamen;

3.13.2 die Interimkomitee keur sy eie notules so gou moontlik elektronies goed en sirkuleer dit dadelik onder die ander lede van die Moderamen;

3.13.3 die Skriba van die Interimkomitee stuur enige dokumente wat ontvang word dadelik deur na die bediening waar dit hoort.

3.14 beskik oor twee permanente taakspanne, naamlik die Sinodale Taakspan Kerkorde en die Sinodale Taakspan Aktuele en Leerstellige Sake, wat naas hulle deurlopende opdragte die Moderamen in sy besluitneming bystaan met advies; en

3.15 wys ’n Ontwerpspan vir die sinode aan wat:

3.15.1 in samewerking met die skriba van die Moderamen as taakspan van die Moderamen werk;

3.15.2 die lede van die Ontwerpspan moet saamgestel word uit kundige lede wat deur die Moderamen aangewys word; en

3.15.3 al die sake wat deur die sinode behartig moet word in die Agenda vervat en toesien dat dit gedruk, gebind en betyds aan die afgevaardigdes besorg word.

**4. KONSTITUERING EN VERGADERINGS**

4.1 Die Moderamen konstitueer so spoedig moontlik na aanwysing en vergader soos nodig.

***Besluite van die Vrystaatse Sinode 2017 by die Reglement vir die Moderamen:***

*1. Die Sinode besluit om in die lig van sy besluite dat die Ringe om die beurt ‘n predikant of ouderling/diaken verteenwoordiger op die Moderamen aanwys en lede nomineer vir die Sinode se afvaardiging na die Algemene Sinode, dat*

*1.1 die Ringe van Bethlehem, Bloemfontein-Noord, Bloemheuwel, Bultfontein, Fauresmith, Goudveld, Harrismith en Hospitaalpark hierdie rondte elkeen ‘n predikant aanwys vir verteenwoordiging op die Moderamen en drie ouderlinge/diakens nomineer vir die afvaardiging na die Algemene Sinode;*

*1.2 die Ringe Heilbron, Sentraal, Smithfield, Vaalrivier, Valsrivier, Waterbron en Welkom, hierdie rondte elkeen een ouderling/diaken aanwys vir verteenwoordiging op die Moderamen en drie predikante nomineer vir afvaardiging na die Algemene Sinode; en*

*1.3 die groepe Ringe vir ‘n volgende rondte omruil en dat die patroon dan voortgesit word.*

## 4. REGLEMENT VIR DIE SINODALE TAAKSPAN KERKORDE (STK)

**1. NAAM**

Sinodale Taakspan Kerkorde (STK).

**2. SAMESTELLING**

Die Taakspan

2.1 word deur die Sinode saamgestel; en

2.2 kan kundige lede koöpteer wanneer nodig.

## 3. OPDRAG

Die Taakspan

3.1 gee advies aan kerkvergaderings, kerklike kommissies/taakspanne en lidmate in verband met die uitleg en toepassing van die *Kerkorde*, reglemente van die Algemene Sinode en algemene sinodale besluite, asook die *Kerkorde* van die Vrystaat Sinode en sinodale besluite wat direk of na voorlegging van die voorsitter van die STK voor die Taakspan dien (navrae moet behalwe by hoë uitsondering skriftelik gerig word en adviese moet ook sovêr moontlik op skrif gestel word);

3.2 bewaar die korrespondensie en adviese en besorg dit aan die kerkargief;

3.3 maak ’n studie van sake wat deur die Sinode/Moderamen na die Taakspan verwys is en dien die Sinode/Moderamen met ’n verslag en aanbevelings in dié verband;

3.4 sien toe dat alle besluite van die Algemene Sinode en die Vrystaat Sinode wat wysigings aan die *besluite, aantekeninge, reglemente* van die *Kerkorde Vrystaat* meebring, op die juiste plekke ingevoeg, redaksioneel versorg en so spoedig moontlik gepubliseer word;

3.5 bring kerkregtelike ongerymdhede in sinodale verband, wat onder sy aandag kom, onder aandag van die Moderamen/die betrokke kerkvergadering met ’n aanduiding van die moontlike weg tot herstel;

3.6 win, in opdrag van die Sinode of sy gevolmagtigde(s), regsadvies in;

3.7 hersien die *Kerkorde* en die reglemente van die Vrystaat Sinode en bedien die sinode met voorstelle;

3.8 doen verslag aan die sinode; en

3.9 nomineer van sy lede (normaalweg die voorsitter as primarius en die ondervoorsitter as sekundus) as verteenwoordigers van die NG Kerk Vrystaat in die Algemene Taakspan Regte (ATR), wat deur die Algemene Sinode/Moderamen van die Algemene Sinode (ASM) saamgestel word.

3.10 nomineer van sy lede (normaalweg die voorsitter as primarius en die ondervoorsitter as sekundus), as verteenwoordigers van die STK in die Moderamen.

## 4. KONSTITUERING EN VERGADERINGS

Die Taakspan

4.1 konstitueer so spoedig moontlik na aanwysing en vergader soos nodig; en

4.2 wys ’n dagbestuur aan, bestaande uit ‘n voorsitter, ’n ondervoorsitter en ’n skriba. Die Dagbestuur vergader wanneer nodig.

## 5. REGLEMENT VIR DIE SINODALE TAAKSPAN AKTUELE EN LEERSTELLIGE SAKE (STALS)

**1. NAAM**

Sinodale Taakspan Aktuele en Leerstellige Sake (STALS).

**2. SAMESTELLING**

Die Taakspan

2.1 word deur die Sinode saamgestel; en

2.2 kan addisionele lede koöpteer of navorsers aanwys om spesifieke take te verrig.

### 3. OPDRAG

3.1 As subkomitee van die Moderamen bedien die STALS die Moderamen/Sinode van die Vrystaat met Skrifgefundeerde inligting oor bepaalde sake waartoe hulle opdrag kry, of gee aandag aan dringende sake, gee inligting deur en wys tendense uit. Die Taakspan tree dus reaktief, aktief en pro-aktief op.

3.2 Die Taakspan

3.2.1 reël jaarliks ’n geleentheid waartydens leraars en ander belangstellendes substansiële teologiese gesprekvoering kan hê;

3.2.2 beheer en verantwoord die fondse deur die Sinode aan die Taakspan toevertrou; en

3.2.3 is verantwoordelik vir die beskikbaarstelling van inligting op ’n wyse wat maklik toeganklik is vir belangstellendes.

**4. KONSTITUERING EN VERGADERINGS**

Die Taakspan

4.1 konstitueer na elke gewone vergadering van die sinode;

4.2 kies sy eie voorsitter;

4.3 vul vakatures aan na behoefte;

4.4 kan sub-taakspanne na behoefte benoem; en

4.5 bepaal sy frekwensie van vergaderings na behoefte en soos die begroting dit toelaat.

## 6. REGLEMENT VIR DIE SINODALE BESTUURSFORUM (SBF)

**1. NAAM**

Die Sinodale Bestuursforum (SBF).

### 2. SAMESTELLING EN VERGADERINGS

Die Forum

2.1 word saamgestel uit die Uitvoerende Amptenaar van elk van die sinodale bedieninge en die skriba van die Moderamen. Die SBF mag sy geledere aanvul op ’n ad hoc-basis na die eis van omstandighede, deur kundiges te koöpteer. Die forum kan ad hoc-taakspanne aanstel soos nodig;

2.2 vergader te minste vier keer per jaar; en

2.3 kies ’n voorsitter en ondervoorsitter wat jaarliks roteer. Die skribaat word deur die Kerkkantoor hanteer.

**3. WERKSWYSE**

3.1 Elke sinodale bediening behou sy selfstandigheid en beheerfunksies, met sy eie opdrag en verantwoording aan die Sinode, soos dit hoort in ’n sinodaal-presbiteriale kerkregering, maar funksioneer nie op ’n eiland nie.

3.2 Die SBF probeer om die bestuursfunksies (uitvoerende funksies) binne die sinodale werksaamheid te koördineer, koste-effektiwiteit te bevorder, die uitvoering van sinodale werksaamhede te belyn en samewerking te bevorder. Ten einde dit te bereik word die sinodale bedieninge en die Moderamen dienooreenkomstig geadviseer.

3.3 Sinodale bedieninge moet enige werksaamhede wat ander bedieninge wesentlik beïnvloed of raak by die SBF op die sakelys plaas.

3.4 Die SBF het die spesifieke opdrag om konsensus te probeer verkry oor die toedeling van die sinodale begroting en dit in die vorm van ’n beleidsdokument aan REO en die Moderamen beskikbaar te stel vir goedkeuring.

3.5 Die SBF het geen besluitnemingsbevoegdheid nie en funksioneer op ’n konsensusbasis. Waar konsensus nie bereik word nie en die sinodale werksaamhede as geheel wesentlik daardeur benadeel word, word die saak na die Moderamen verwys.

**4. KOSTES**

Elke bediening betaal sy eie kostes uit eie fondse. Gesamentlike projekte se koste word op ’n billike wyse verdeel soos ooreengekom.

**5. ONTBINDING**

Alleen die Sinode kan die Forum ontbind.

## 7. REGLEMENT VIR ONDERSTEUNING

Ondersteuning is verantwoordelik vir die Sinodale Kerkkantoor, Argief en Inligtingsdienste, asook Kommunikasie. Vanweë die unieke aard van Ondersteuning se samestelling, word aanvaar dat die funksionering van hierdie bediening sal verskil van dié van ander Bedieninge. Die Sinodale Kerkkantoor, onder bestuur van ’n lidmaat van die NG Kerk Vrystaat, genoem die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning, is verantwoordelik vir die doelmatige behartiging van die administrasie van die sinodale fondse en eiendomme, sowel as aanverwante werksaamhede van die Kerk, aan die hand van ’n bestuurshandleiding.

## 1. WOORDOMSKRYWING

Tensy uit die samehang anders blyk, sluit woorde en uitdrukkings in hierdie reglement wat die manlike geslag aandui, ook die vroulike geslag in, het woorde in die enkelvoud ook op die meervoud betrekking en omgekeerd en beteken:

### 1.1 "ADMINISTRASIE VAN 'N FONDS"

een of meer van die volgende handelinge wat deur die Sinodale Kerkkantoor verrig word met betrekking tot 'n fonds:

- invordering en ontvangs van geld;
- belegging en opvraging van geld;
- boekhoukundige verantwoording van geld;
- uitbetaling van geld ingevolge 'n besluit van 'n sinodale instelling wat beheer het oor die betrokke fonds;
- regshandeling met betrekking tot roerende en onroerende eiendom kragtens 'n besluit met 'n sinodale instelling wat beheer het oor die betrokke fonds.

### 1.2 "BEHEER VAN 'N FONDS"

die bevoegdheid aan 'n bepaalde sinodale instelling verleen deur die Kerkorde of deur besluit van 'n ander sinodale instelling om te beslis oor die aanwending van 'n fonds;

### 1.3 "'N FONDS"

geld en onroerende eiendom wat deur 'n sinodale instelling, gemeente of ring vir 'n bepaalde omskrewe doel beheer word en wat kragtens sinodale besluit aan die betrokke sinodale instelling, gemeente of ring toegeken word, of wat op enige ander wyse deur die betrokke sinodale instelling, gemeente of ring verkry word;

### 1.4 "SINODALE INSTELLING"

'n Sinodevergadering, 'n bediening, 'n taakspan, 'n kommissie, 'n ampsdraer of ander persoon of groep persone wat handelinge verrig wat handelinge van die NG Kerk Vrystaat is, maar sluit in hierdie Reglement nie 'n gemeente of 'n ring, of kommissies en ampsdraers van 'n gemeente of 'n ring, in nie;

### 1.5 "SINODALE KERKKANTOOR"

die kantoor in klousule 1.1 bedoel;

### 1.6 UITVOERENDE AMPTENAAR: ONDERSTEUNING

die persoon bedoel in Klousule 9 van hierdie Reglement;

## 2. DOEL EN SAMESTELLING

2.1 Ondersteuning is hoofsaaklik verantwoordelik vir die koördinering van werksaamhede sowel as dispuutbeslegting,

2.2 'n Uitvoerende pos is vir die bediening goedgekeur (Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning). Hierdie pos, ander voltydse sowel as deeltydse poste, asook

kundigheid wat ingekoop word, moet uit die bediening se sinodale toewysing asook die FN Trustfonds befonds word.

2.3 Ondersteuning funksioneer onder oorsig van ’n Ouditkomitee.

2.4 Ondersteuning is verantwoordelik vir doeltreffende en betroubare administrasie en beheer oor alle fondse wat aan Ondersteuning toevertrou is en vir alle ander funksies wat in verband staan met sodanige administrasie en beheer asook die bestuur van alle fondse insluitend die Sinode se begroting sowel as studiefondse, personeel en eiendomme wat aan hom toevertrou word en die administrasie van die ander bedieninge soos met hulle ooreengekom, asook alle Argieffunksies van die Sinode, en Kommunikasie.

2.5 Ondersteuning is verder verantwoordelik vir onder andere die insameling van gemeentelike bydraes (proratas en kollektes).

2.6 Ondersteuning beheer, ten einde sy verantwoordelikhede ingevolge klousule 1.1 en 1.2 bedoel na te kom, die Sinodale Kerkkantoor en die Argiefkantoor. Bevoegde handelinge van die drie genoemde kantore word geag handelinge van Ondersteuning te wees.

2.7 Een van die fokusareas van Ondersteuning is die Rentmeesterskap van die Sinode kragtens Kerkorde Artikel 57.

2.8 Die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning koördineer alle regsaksies waarin die sinode betrek mag word, in oorleg met die Interimkomitee, STK en betrokke bediening (sien ook 9.12 hieronder)

2.9 Die Sinode benoem op sy gewone vergadering, ingevolge Kerkorde Artikel 35, die Raad van Ondersteuning.

2.10 Die benoeming in 2.9 bedoel, vind plaas onderhewig daaraan dat die Raad van Ondersteuning saamgestel word uit:

2.10.1 Ses (6) lede deur die Sinode aangewys, waaruit die voorsitter verkies word;

2.10.2 Een (1) verteenwoordiger uit elk van die ander vier bedieninge (Moderamen, Bedieningsbegeleiding, Vennote in Getuienis en Diens van Barmhartigheid) in adviserende hoedanigheid.

2.10.3 Ander kundige persone

2.10.4 Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning in adviserende hoedanigheid.

2.10.5 Die Hoofrekenmeester in adviserende hoedanigheid.

2.11 Die lede van die Raad van Ondersteuning tree uit nadat Ondersteuning se verslag afgehandel is op die eersvolgende Sinodesitting, met dien verstande dat die uittredende Raad van Ondersteuning se lede dan weer in die diskresie van die betrokke Sinode, benoem kan word.

2.12 Tussentydse vakatures van lede deur die Sinode aangewys in die Raad van Ondersteuning word gevul deur die Moderamen.

2.13 Die Raad van Ondersteuning kan ’n dagbestuur van minstens drie lede verkies om werksaamhede in die interim tydperk, tussen vergaderings van die Raad van Ondersteuning, af te handel, met dien verstande dat die dagbestuur volledig en deurlopend verslag van sodanige werksaamhede aan die Raad van Ondersteuning doen.

2.14 Die fokusareas van die bediening is administrasie, finansies, argiefdienste en kommunikasie.

## 3. FOKUSAREA: ADMINISTRASIE EN FINANSIES

3.1 Die Raad van Ondersteuning:

3.2 vergader ten minste drie maal per jaar, welke vergadering gehou word volgens die voorskrifte, mutatis mutandis, van die Reglement van Orde;

3.3 verrig sy werksaamhede ingevolge die bevoegdheid aan hom verleen deur die Kerkorde (insluitende hierdie Reglement) en deur die besluite van bevoegde sinodale instellings van die NG Kerk Vrystaat;

3.4 doen verslag aan die Sinode in die jaar waarin ’n Sinodesitting plaasvind;

3.5 verskaf finansiële advies aan sinodale instellings, gemeentes en ringe op versoek, of wanneer die Raad van Ondersteuning dit nodig ag;

3.6 is verantwoordelik vir die administrasie en beheer van fondse soos in klousule 1.1 en 1.2 bedoel;

3.7 beman die Sinodale Kerkkantoor ingevolge klousule 7 van hierdie Reglement;

3.8 is verantwoordelik vir die bestuur van die Sinodale Kerkkantoor deur voldoende reëlings te tref indien die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning nie sy pligte kan behartig nie, of as sy pos vakant raak, tot die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning weer sy pligte kan behartig, of totdat ’n ander Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning benoem is, na gelang van die geval;

3.9 ondersoek, in oorleg met die Ringsfinansiële Kommissie, in diepte die omstandighede van ’n gemeente wat agterstallig raak met oorbetaling van sinodale verpligtinge. Na bevind van sake hanteer hyself die situasie of neem dit op met die betrokke Ring, die Sinodale Kerkkantoor of Sinode;

3.10 is verantwoordelik vir die beheer en administrasie van alle studiefondse van die NG Kerk Vrystaat, soos deur die reglemente van die onderskeie fondse bepaal.

## 4. ADMINISTRASIE VAN FONDSE

Ondersteuning doen verslag:

4.1 aan elke bediening, op ’n maandelikse basis, oor die stand van alle fondse onder die betrokke bediening se beheer en wel in sodanige vorm as waaroor ooreengekom is;

4.2 oor die administrasie van fondse op die wyse in Klousule 2.4 bedoel, met dien verstande dat die kommissie/taakspan/bediening wat beheer het oor ’n betrokke

fonds, indien nodig, tydens sodanige verslagdoening toeligting gee oor die wyse waarop die fondse aangewend word.

4.3 Geen uitbetalings uit of namens ŉ bepaalde fonds word gedoen –

4.3.1 as die betrokke fonds uitgeput is nie, tensy vooraf reëlings tot bevrediging van die Raad van Ondersteuning getref is;

4.3.2 tensy die Skriba van die betrokke kommissie of sy gevolmagtigde verteenwoordiger skriftelike opdrag tot sodanige uitbetaling gegee het nie.

4.4 Die Raad van Ondersteuning het toegang tot alle boeke, notules, sakelyste, bewysstukke, titelbewyse, rekeninge en ander dokumente van welke aard ook al wat met die administrasie van fondse te doen het en wat nie in sy besit of onder sy beheer is nie.

4.5 Ondersteuning neem ŉ waarborgpolis uit vir ’n bedrag soos van tyd tot tyd bepaal teen verliese as gevolg van bedrog of oneerlikheid van lede van die Raad van Ondersteuning, of personeellede van die Sinodale Kerkkantoor wat geld van fondse ontvang of hanteer en die jaarlikse premie op sodanige waarborgpolis word uit die Kerkkantoorfonds betaal.

**5. BELEGGINGS EN LENINGS**

5.1 Die Raad van Ondersteuning het die bevoegdheid om geld in klousule 1.1 bedoel na goeddunke te belê aan die hand van die Beleggingsbeleid. Beleggings in vaste eiendom geskied teen sekuriteit van ’n eerste of verdere verband oor vaste eiendom wat in die Vrystaat geleë is, met dien verstande dat daar op geen stadium sodanige belegging gemaak word teen sekuriteit van ’n verband wat in voorrang rangeer na ’n ander verband as ’n verband ten gunste van die NG Kerk Vrystaat nie.

5.2 Enige verbeterings op die eiendom in 5.1 bedoel moet omvattend verseker word deur die verbandgewer kragtens ’n toereikende versekeringspolis wat aan die NG Kerk Vrystaat sedeer is.

5.3 Alle verbande, lenings, beleggings soos in 5.1 bedoel word in die naam van die NG Kerk Vrystaat gedoen.

5.4 Toestemming tot kansellasie, sessie, ontheffing, substitusie, gedeeltelike afbetaling en enige ander dokumente waarvan die bepalings op verbande en ander beleggings betrekking het, word, onderhewig aan Klousule 5.7, deur die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning onderteken.

5.5 Alle onroerende eiendom wat deur die Raad van Ondersteuning administreer word, word in die naam van die NG Kerk Vrystaat geregistreer.

5.6 Behoudens Klousule 4 word alle dokumente wat ten doel het om die onroerende eiendom in 5.4, 5.5 bedoel te transporteer, te verbind, te vervreem, te verdeel, te bewaar of op enige ander wyse daarmee te handel, deur die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning en deur twee lede van die Raad van Ondersteuning onderteken.

## 6. FINANSIERING VAN DIE SINODALE KERKKANTOOR

6.1 Die Raad van Ondersteuning bepaal van tyd tot tyd ’n administrasiefooi vir die administrasie van ’n fonds en betaal sodanige fooi uit die betrokke fonds aan die Kerkkantoor oor.

6.2 Die lopende koste vir die instandhouding van die Sinodale Kerkkantoor word uit die Kerkkantoorfonds (Sien Reglement vir Kerklike Fondse 11.1) betaal, met dien verstande dat, indien die Kerkkantoorfonds nie in staat is om die gemelde lopende koste voldoende te dek nie, aanvullende bedrae vir sodanige doel uit die Fanie Naudé Trustfonds vir Kerkkantoor Administrasie beskikbaar gestel word.

## 7. PERSONEEL VAN DIE SINODALE KERKKANTOOR

7.1 Die Raad van Ondersteuning stel die volgende personeellede aan en bepaal hul salarisse en diensvoorwaardes:

7.1.1 Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning, met dien verstande dat die Raad van Ondersteuning slegs ’n Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning aanstel indien die Sinode of die Moderamen die opdrag daarvoor gee soos in 9.1 bedoel.

7.1.2 ’n Hoofrekenmeester, op aanbeveling van die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning;

7.1.3 addisionele personeellede, op aanbeveling van die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning.

7.2 Die Raad van Ondersteuning het die bevoegdheid om enige lid, amptenaar of personeellid wat onder sy toesig werk, in sy diens te stuit, terwyl ’n ondersoek na gemelde persoon se werk gedoen word.

7.3 Personeellede se vergoeding en diensvoorwaardes word vasgestel ooreenkomstig die menslike hulpbronbeleid en soos van tyd tot tyd kontraktueel ooreengekom in hul dienskontrakte.

7.4 Die Raad van Ondersteuning is ’n deelhebber soos bedoel in die Reglement vir die Sinodale Pensioenfonds en het die bevoegdheid om sy verpligtinge met betrekking tot werknemers wat begunstigdes van die Sinodale Pensioenfonds is, ingevolge gemelde Reglement na te kom.

## 8. OUDIT

8.1 Die Raad van Ondersteuning stel ’n geoktrooieerde ouditeur of ouditeure aan om fondse wat hy administreer te oudit en elke sodanige aanstelling duur vir ’n tydperk soos deur die Raad van Ondersteuning bepaal.

8.2 Die opdrag aan die ouditeure in 8.1 bedoel is om gereeld en deurlopend die boeke, rekenings en alle tersaaklike dokumente in verband met fondse wat deur Ondersteuning administreer word, na te sien en om jaarliks ’n volledige geouditeerde verslag oor die administrasie van gemelde fondse aan die Raad van Ondersteuning te oorhandig.

## 9. UITVOERENDE AMPTENAAR: ONDERSTEUNING

9.1 Die Sinode of Moderamen stel ’n Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning aan of gee opdrag aan die Raad van Ondersteuning om ’n Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning aan te stel.

9.2 Die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning moet ’n toegewyde lidmaat van die NG Kerk wees.

9.3 Die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning verrig sy werksaamhede ingevolge die bevoegdheid aan hom verleen deur die Kerkorde (insluitende hierdie Reglement) en deur besluite van bevoegde Sinodale instellings van die NG Kerk Vrystaat, asook soos uiteengesit in die bestuurshandleiding.

9.4 Die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning tree op as Skriba van die Raad van Ondersteuning en is verantwoordelik vir die doeltreffende en betroubare vergadering-administrasie met betrekking tot die werksaamhede van die Raad van Ondersteuning.

9.5 Die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning hou noukeurig boek van alle gelde wat deur hom ontvang word, deponeer dit onmiddellik tot krediet van die betrokke fonds by ’n goedgekeurde finansiële instelling soos deur die Raad van Ondersteuning bepaal.

9.6 Die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning is verantwoordelik vir die doeltreffende invordering van alle sinodale verpligtinge wat deur gemeentes, ringe en ander sinodale instellings verskuldig is.

9.7 Die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning sien toe dat die nodige registers en vorms vir die administratiewe werksaamhede van die Kerk op datum is en by die Sinodale Kerkkantoor verkrygbaar is.

9.8 Die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning se besoldiging en diensvoorwaardes word kontraktueel ooreengekom in ’n dienskontrak.

9.9 Die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning reël die werksaamhede in die Sinodale Kerkkantoor en stel pligtestate vir elke personeellid op.

9.10 Die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning verleen, sovêr moontlik, op versoek, hulp aan bedienaars van die Woord, kerkrade en ringe.

9.11 Die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning het as gevolmagtigde van die Sinode die bevoegdheid om enige regsgeding aanhangig te maak en gepaste regstappe te neem in verband met die fondse wat deur die Raad van Ondersteuning administreer word.

9.12 Die Uitvoerende beampte: Ondersteuning koördineer alle regsaksies waarin die sinode betrek mag word, in oorleg met die Interimkomitee, STK en betrokke bediening.

9.13 Die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning stuur jaarliks aan Ringskribas die betrokke ringstukke en ontvang dit terug, sien die ringstukke wat op finansiële aangeleenthede betrekking het na en sien toe dat die nodige formele regstellings daaraan gemaak word.

9.14 Die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning is Hoofbeampte van beide die Sinodale Pensioenfonds en die Amptenare Pensioenfonds van die NG Kerk Vrystaat.

## 8. REGLEMENT VIR BEDIENINGSBEGELEIDING

**1. NAAM**

Bedieningsbegeleiding

**2. SAMESTELLING**

2.1 Die Bediening word bestuur deur ’n Raad van Bedieningsbegeleiding (RB).

2.2 Die RB word deur die Sinode saamgestel op advies van die RB.

2.3 Tussentydse vakatures word deur die RB gevul.

2.4 Die lede van die RB word bepaal deur die kritiese prestasie areas (KPA’s) binne die Bediening.

2.5 Die Uitvoerende Amptenaar in die kantoor van Bedieningsbegeleiding dien ampshalwe in die RB.

2.6 Kundiges kan van tyd tot tyd vir die onderskeie KPA’s gekoöpteer word.

**3. OPDRAG EN BEVOEGDHEDE**

Die bediening

3.1 voer opdragte van die Sinode en ander werksaamhede uit met verslag van al sy werksaamhede aan die Sinode;

3.2 adviseer die Sinode in verband met die roeping en beleid wat gevolg moet word ten opsigte van bedieningsbegeleiding;

3.3 lewer diens in drie afdelings, nl:

- Netwerke (huidig 9 netwerke - Ekologie, Erediens, Gender-Geregtigheid, Gerontologie, JONK Vrystaat, Leierskap, Predikante, Spiritualiteit, VBO & Navorsing)
- Gemeente Ondersteuning en Uitbreiding Fonds (GOUF) en Fasilitering
- Kuratorium en Teologiese Seminarium

3.4 dra sorg vir elkeen van die genoemde KPA’s en wil daardeur inisiatief neem en leiding gee ten opsigte van die hulpverlening, versorging en begeleiding/bemagtiging van gemeentes en predikante (en gesinne) deur die werksaamhede van Bedieningsbegeleiding;

3.5 hanteer skakeling soos nodig en kan in die uitvoering van sy funksie en ter ondersteuning van ringe en gemeentes spesifieke projekte deur taakspanne loods wat ten doel het om die werksaamhede van ringe en gemeentes te stimuleer;

3.6 bepaal die behoeftes van gemeentes en leraars en ontwikkel ’n netwerk van dienste en praktiese bedieningshulp en nuwe produkte om die behoeftes effektief

aan te spreek; 3.7 behartig die toekenning van finansiële hulp aan gemeentes uit die Gemeente Ondersteuning en Uitbreiding Fonds (GOUF);

3.8 kontrakteer met diensverskaffers om die nodige VBO-geleenthede vir gemeenteleiers daar te stel;

3.9 beheer en verantwoord die fondse deur die Sinode aan die Bediening toevertrou; en 3.10 verteenwoordig die NG Kerk in die Vrystaat in die Algemene Sinode soos en wanneer nodig.

**4. KONSTITUERING EN VERGADERINGS**

Die RB:

4.1 konstitueer na elke gewone vergadering van die Sinode;

4.2 kies sy eie voorsitter en ondervoorsitter;

4.3 se skribaat, asook dié van die dagbestuur en GOUF word intern gereël volgens die beskikbare kapasiteit binne die Departement Administrasie en Inligting.

4.4 vul vakatures aan na behoefte.

4.5 kan taakspanne na behoefte benoem.

4.6 bepaal sy frekwensie van vergaderings, en die RB en taakspanne vergader na behoefte en soos die begroting dit toelaat.

## 9. REGLEMENT VAN VENNOTE IN GETUIENIS

**1. NAAM**

Vennote in Getuienis

**2. BENADERING**

*Getuienis* is die wesenlike roeping van die kerk in al haar gestaltes en in haar gerigtheid op die wêreld. As omvattende Woordbediening vloei getuienis voort uit die sending van God Drie-enig (*missio Dei*) en geskied langs die kanale van verkondiging, gemeenskap, diens en aanbidding. Dit is die getuienis van die heil in Christus en staan in diens van die herstel van die omvattende vrede (sjaloom) in en tussen mense, in gemeenskappe en in die skepping.

Getuienis word meestal in *vennootskap* met gemeentes, kerke en ander instansies gedoen. Met vennootskap word veral 'n formele, standhoudende verhouding tussen samewerkende partye bedoel en dit word gekenmerk deur wedersydse respek en ondersteuning, medeseggenskap en 'n gedeelde roeping. Vennootskappe sluit egter ook netwerke, ekumeniese- en ander vorme van samewerking in. Vennootskaps-verhoudinge met susterkerke is 'n doelbewuste stap na groter eenwording.

**3. OPDRAG EN BEVOEGDHEDE**

3.1 Die vestiging en uitbou van Vennootskappe, binne en buite ons landsgrense, wat ten doel het om die getuienis taak van die kerk te ondersteun;

3.2 Die instandhouding en vestiging van ekumeniese verhoudinge met ander kerke en profetiese dialoog met ander godsdienste;

3.3 Die koördinering, ondersteuning en begeleiding van gesamentlike werksaamhede binne die Sinodale verband dmv bewusmaking, mobilisering en aktivering van gemeentes in hulle roeping tot diens en getuienis binne hulle onderskeie gemeenskappe en buite of verder as hulle onmiddellike gemeenskappe;

3.4 Bevorder publieke getuienis (bv geregtigheid, versoening en eenheid, ekologie en Bybelse waardes in die gemeenskap);

3.5 Teologiese navorsing, besinning en die fasilitering van luisterende gesprekke binne die raamwerk van missionale teologie en ekklesiologie.

## 4. FUNKSIONERING

### 4.1 Raad

4.1.1. Vennote in Getuienis word bestuur deur ’n Raad wat deur die Sinode saamgestel word op advies van die Raad van Vennote in Getuienis en bestaan uit:

- Een verteenwoordiger van elke taakspan dien in die Raad
- Tussentydse vakatures word deur die Raad gevul
- Kundiges kan van tyd tot tyd gekoöpteer word om op die Raad te dien
- Die Uitvoerende Amptenaar van elk van die ander sinodale bedieninge met adviserende stem
- Die Uitvoerende Amptenaar van Vennote in Getuienis met adviserende stem

4.1.2 Die Raad van Vennote in Getuienis wys ’n dagbestuur aan wat bestaan uit ’n voorsitter, ondervoorsitter, twee addisionele lede en die Uitvoerende Amptenaar (laasgenoemde met adviserende stem).

4.1.3 Die Raad wys ook lede van taakspanne, vennootskappe en verteenwoordigers van Vennote in Getuienisbediening op ander instansies aan soos nodig.

4.1.4 Die Raad tree op as beherende instansie vir Vennote in Getuienis. Dit gee visioenêre leiding, beplan strategies, prioriseer werksaamhede, keur die interne begroting goed, koördineer die werksaamhede van die taakspanne en vennootskappe, neem verantwoordelikheid vir die diensverhoudinge van personeel in diens van Vennote in Getuienis en lewer verslag aan die sinode.

4.1.5 Ringe in die sinodale gebied wys ’n verteenwoordiger vir Vennote in Getuienis aan tydens die sinode sitting. Die Raad van Vennote in Getuienis vergader jaarliks met hierdie verteenwoordigers met die oog op terugvoer vanaf die ringe aan die Raad asook die Raad aan die Ringe rakende uitreik/getuienis aksies, gemeenskapsprojekte en ekumeniese skakeling.

### 4.2 Taakspanne, Projekspanne en Vennootskappe

’n Verskeidenheid van Taakspanne (staande komitees), Projekspanne en Vennootskappe neem verantwoordelikheid vir die verskillende arbeidsterreine, programme of projekte, met verslag aan die Raad. Elk van die strukture word

gevorm na die eis van die praktiese omstandighede en sluit doelbewus verteenwoordigers van die susterkerke of meewerkende partye in.

### 4.3 Uitvoerende amptenaar

Die Uitvoerende Amptenaar van die Vennote in Getuienis is 'n gelegitimeerde leraar van die NG Kerk wat uitvoering gee aan al die opdragte van die Raad van die Vennote in Getuienis en die werksaamhede van die Bediening koördineer. Hy/sy lewer verslag van werksaamhede aan die Raad.

### 5. KONSTITUERING EN VERGADERINGS

5.1 Die Raad van Vennote in Getuienis konstitueer na elke gewone sinodesitting.

5.2 Die Raad vergader ten minste twee (2) keer per jaar waarvan een vergadering met Ringsverteenwoordigers is.

5.3 Dagbestuur ten minste drie (3) keer per jaar.

5.4 Die Taakspanne, Projekspanne en Vennootskappe vergader soos nodig.

## 10. REGLEMENT VIR DIE BEDIENING VIR BARMHARTIGHEID

(Die Reglement vir Diens van Barmhartigheid is in 'n proses van hersiening en sal DV voorlopig deur die Moderamen goedgekeur word sodra dit voltooi is. Die reglement hieronder is in werking in soverre dit in ooreenstemming is met besluite soos geneem deur die Vrystaatse Sinode 2019)

### 1. GRONDSLAG

Die grondslag vir die werk is deur die Sinode van die NG Kerk Vrystaat soos volg bepaal:

1. *Die Here Jesus sit sy priesterlike werk na sy hemelvaart in die kerk en die wêreld voort.*
2. *Dit is die roeping van elke gelowige om die nood van sy medemens raak te sien en homself en sy besittings diensbaar te stel aan Christus om daarin te voorsien.*
3. *Die gemeentes van die NG Kerk Vrystaat aanvaar dit as deel van hulle wesenstaak om deur hulle barmhartigheidsbediening 'n instrument in die hand van die Here te wees en doen hierdie werk plaaslik, asook in rings- en sinodale verband.*

### 2. BARMHARTIGHEIDSDIENSTE IN GEMEENTES

Die barmhartigheidsbediening van gemeentes word gedoen onder toesig van elke plaaslike kerkraad wat die nodige strukture daarstel (bv 'n Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid of iets dergeliks) en befondsing voorsien. Die kerkraad wys ook verteenwoordigers aan op die beheerrade en direksies van die onderskeie subprogramme en staande komitees van ENGO en NG Welsyn Vrystaat, waar die konstitusies van sulke ondernemings dit vra. Die kerkraad maak na goeddunke gebruik van die maatskaplike werkers en ander dienste verskaf deur die Bediening vir Barmhartigheid.

## 3. BARMHARTIGHEIDSDIENSTE IN RINGE

Die barmhartigheidsbediening van ringe word gedoen onder toesig van elke plaaslike ring wat die nodige strukture daarstel (bv ’n Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid of iets dergeliks) en befondsing voorsien. Die ring wys ook verteenwoordigers aan op die beheerrade en direksies van die onderskeie subprogramme en staande komitees van ENGO en NG Welsyn Vrystaat waar die konstitusies van sulke ondernemings dit vra. Die ring maak na goeddunke gebruik van die maatskaplike werkers en ander dienste verskaf deur die Bediening vir Barmhartigheid.

## 4. ENGO

NG Maatskaplike Dienste – Vrystaat (NGMD), handeldrywende as ENGO (’n nie-regeringsorganisasie met ewigheidswaarde) is ’n geregistreerde Welsynsorganisasie (NPO 002-671). Al die werksaamhede vorm subprogramme van ENGO. Instansies het histories op ’n verskeidenheid van maniere volgens ooreenkoms subprogramme van ENGO geword en die verband kan weer deur ENGO verbreek word volgens die bepalings van die tersake ooreenkoms of waar dit in beste belang is van die dienswerk.

Die programme wat ENGO aanbied is die vakkundige-, professionele- en residensiële hulparm vir die barmhartigheidsdienste wat in gemeentelike-, rings- en sinodale verband gedoen word. Dit behels afhanklikheidsorg, bejaardesorg, gestremdesorg, gesins- en gemeenskapsorg, kindersorg, siekesorg, wets-oortredersorg en ander programme waarvoor daar van tyd tot tyd ’n behoefte bestaan.

Vanuit die ENGO-kantoor word bestuurs-, administratiewe- en vakkundige leiding en begeleiding gegee ten opsigte van verskillende subprogramme van ENGO, buro-dienste verskaf waar dit benodig word en personeel-voorsorgfondse bestuur en bedryf. Die Kantoor behartig ook binne sy konteks eksterne skakeling, kommunikasie, konsultasie, onderhandeling en litigasie.

Die hoofbestuur van ENGO word saamgestel soos wat die geregistreerde konstitusie dit vereis, naamlik een verteenwoordiger van elk van die subkomitees van ENGO, ’n verteenwoordiger van die Sinode en twee gekoöpteerde lede.

## 5. NEGEMADI

NeGeMaDi is ’n opleidingsinstansie van ENGO en KwaZulu Natal CMR wat geregistreer is by die *Health and Welfare Seta*.

Vir administratiewe en statutêre doeleindes is NeGeMaDi se bestuur geregistreer as ’n staande komitee van NG Welsyn Vrystaat. Die bestuur van NeGeMaDi is dieselfde persone wat op die staande komitee dien en word aangewys deur ENGO se hoofbestuur.

## 6. NG WELSYN VRYSTAAT

Alle kapitale bates wat gebruik word vir die professionele barmhartigheids-funksie van die NG Kerk in die Vrystaat, asook Lofdal Wonings vir begunstigdes van die SPF, is geplaas in ’n maatskappy, naamlik NG Welsyn, Vrystaat. Vir plaaslike werksaamhede, kantore en inrigtings word staande komitees aangewys

in oorleg met die kerkrade, besture en gemeenskap. Elke staande komitee bestuur die bates van die plaaslike werksaamheid. In sommige gevalle is dit beter dat eiendomme in 'n aparte nutsmaatskappy geplaas word, hoofsaaklik ter wille van die bestuur van risiko en om aanspreeklikheid te beperk. In sulke gevalle is NG Welsyn een van die direkteure.

Die Maatskappy is hoofsaaklik 'n houer van die bates wat vir die formele barmhartigheidsdienste gebruik word en hulle hooffunksie is om toe te sien dat die bates behoorlik in stand gehou word en aangewend word vir die doel waarvoor dit oorspronklik geskep is, asook dat dit nie onnodig belas word of onregmatig vervreem word nie.

Die direksie van sewe lede word aangewys soos bepaal in die Memorandum van Inkorporasie, naamlik deur 'n ledevergadering wat bestaan uit afgevaardigdes van die onderskeie staande komitees. Die Sinode wys een lid aan op die ledevergadering.

## 7. HELPCOR TRUST

Helpcor Trust is 'n fondsinsamelingsorganisasie vir geregistreerde NGO's. Dit het Artikel 18-vrystelling en kan dus belastingsertifikate uitreik aan donateurs. Die Vrystaat Sinode wys een lid vir die Trust aan. Die ander lede word in ooreenstemming met die trustakte deur ENGO aangewys.

## 8. OUDITKOMITEE

Die groep van regspersone wat onder die vaandel van die Bediening vir Barmhartigheidsdienste vaar, funksioneer onder die wakende oog van 'n onafhanklike ouditkomitee wat ingevolge die King 3-verslag gemandateer is. Die hooffunksies van die Ouditkomitee is die oorsig oor die rekeningkundige integriteit van die groep en risikobestuur.

Die Komitee se mandaat is om die onderskeie besture, rade, direksies en komitees te adviseer ten opsigte van enige gebreke wat hulle geïdentifiseer het of verbeterings wat hulle voorstel. Indien enige ongerymdhede geïdentifiseer word, het hulle die bevoegdheid om die stappe wat hulle meen nodig is, te neem. Die Komitee word deur ENGO se bestuur aangewys en moet onafhanklike lede en die eksterne ouditeur insluit.

## 9. HUGENOTE KOLLEGE

Die Hugenote Kollege (HK) in Wellington is 'n opleidingsinstansie vir kerklike dienswerkers. ENGO is die kerkregtelike skakel tussen die HK en die Vrystaat Sinode.

## 10. TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS

TOIBO is 'n inisiatief van die drie "Afrikaanse susterskerke". Hulle bedryf vier skole in Suid-Afrika vir kinders met spesiale leerbehoeftes, in die Vrystaat die Martie Du Plessis Skool. Die NG Kerk in die Vrystaat wys 'n verteenwoordiger aan op die Raad van TOIBO en op die beheerraad van Martie Du Plessis Skool.

# 11. REGLEMENT VIR KERKLIKE FONDSE

## 1. WOORDOMSKRYWING

Tensy uit die samehang anders blyk, sluit woorde en uitdrukkings in hierdie Reglement wat die manlike geslag aandui, ook die vroulike geslag in, het woorde in die enkelvoud ook op die meervoud betrekking en omgekeerd, en beteken:

### 1.1 "ADMINISTRASIE VAN ''N FONDS"

een of meer van die volgende handelinge wat deur die Sinodale Kerkkantoor verrig word met betrekking tot 'n fonds:

- invordering en ontvangs van geld;
- belegging en opvraging van geld;
- boekhoukundige verantwoording van geld;
- uitbetaling van geld ingevolge 'n besluit van 'n sinodale instelling wat beheer het oor die betrokke fonds; en
- regshandelinge met betrekking tot onroerende eiendom kragtens 'n besluit van 'n sinodale instelling wat beheer het oor die betrokke fonds;

### 1.2 "BEHEER VAN ''N FONDS"

die bevoegdheid aan 'n bepaalde sinodale instelling verleen deur die Kerkorde of deur 'n besluit van 'n ander sinodale instelling om te beslis oor die aanwending van 'n fonds;

### 1.3 "'N FONDS"

geld en onroerende eiendom wat deur 'n sinodale instelling, gemeente of ring vir 'n bepaalde omskrewe doel beheer word en wat kragtens sinodale besluit aan die betrokke sinodale instelling, gemeente of ring toegeken word of wat op enige ander wyse deur die betrokke sinodale instelling, gemeente of ring verkry word;

### 1.4 "SINODALE INSTELLING"

'n Sinodevergadering, 'n taakspan, 'n ampsdraer of ander persoon of groep persone wat handelinge verrig wat handelinge van die NG Kerk Vrystaat is, maar sluit in hierdie Reglement nie 'n gemeente of 'n ring, of taakspan en ampsdraers van 'n gemeente of 'n ring, in nie;

### 1.5 "SINODALE KERKKANTOOR"

die kantoor in Reglement van Ondersteuning bedoel;

### 1.6 "REGLEMENT VIR DIE SINODALE PENSIOENFONDS"

die Reglement vir die Sinodale Pensioenfonds van die NG Kerk Vrystaat.

### 1.7 "REGLEMENT VIR DIE SINODALE BYSTANDSFONDS"

die Reglement vir die Sinodale Bystandsfonds van die NG Kerk Vrystaat.

### 1.8 "REGLEMENT VIR DIE RAAD VAN ONDERSTEUNING

die Reglement van Ondersteuning.

**1.9 “UITVOERENDE AMPTENAAR: ONDERSTEUNING”**

die persoon bedoel in Klousule 9 van die Reglement vir die Raad van Ondersteuning.

## 2. OOGMERK MET EN ONDERSKEIDING TUSSEN KERKLIKE FONDSE

2.1 Die doel van kerklike fondse is om aan lidmate van die Kerk geleentheid te gee om op georganiseerde en verantwoordelike wyse voorsiening te maak vir finansiële ondersteuning vir die instandhouding van die openbare erediens, vir die hulp aan hulpbehoewendes en vir kerklike werksaamhede in gemeente-, rings- en sinodale verband.

2.2 onderskeid word in hierdie Reglement getref tussen:
2.2.1 gemeentelike fondse soos in Klousule 3 beskryf;
2.2.2 ringsfondse soos in Klousule 4 beskryf;
2.2.3 sinodale fondse soos in Klousule 5 tot 48 beskryf.

## 3. VERPLIGTINGE VAN GEMEENTES MET BETREKKING TOT FONDSE

3.1 Elke kerkraad handel met gemeentelike fondse volgens die voorskrifte van Vrystaat Kerkorde 2022 Afd D, p124ev.

3.2 Elke kerkraad bepaal self die bedrag wat gehef word ten opsigte van huweliksgelde en ander fooie.

3.3 Reiskoste soos in 5.5 bedoel van afgevaardigdes na ’n ringsvergadering, word deur die betrokke kerkraad betaal na goedkeuring en ondertekening van eise vir sodanige reiskoste deur die Ringskriba.

3.4 Kerkrade betaal alle kollektes, bydraes en ander geldelike verpligtinge maandeliks ingevolge hierdie Reglement sonder versuim aan die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning oor, in alle gevalle voor 20 Januarie.

3.5 Gemeentes hou spesiale kollektes, benewens kollektes soos in hierdie Reglement bedoel, soos van tyd tot tyd deur die Sinode bepaal en betaal gemelde spesiale kollektes sonder versuim aan die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning.

## 4. RINGSFONDSE

Die Ringskriba en Ringskommissie handel met die ringsfondse volgens die voorskrifte van die Kerkorde en onroerende eiendom van die ring word geregistreer volgens die voorskrifte van die Algemene Sinode Reglement vir Kerklike Goedere.

## 5. DIE SINODALE FONDS

5.1 In die jaar waarin die Sinode van die NG Kerk Vrystaat vergader, maak elke gemeente ’n bydrae tot die Sinodale Fonds vir ’n bedrag per afgevaardigde van die gemeente na die Sinode, soos van tyd tot tyd deur die Raad van Ondersteuning bepaal.

5.2 Die doel van die Sinodale Fonds is om administrasiekoste, koste vir gewone en buitengewone samekomste van meerdere kerkvergaderings, koste verbonde aan die werksaamhede van die Moderamen, sinodale verteenwoordigers op kerkraads- en ringsondersoekliggame en sinodale instellings te betaal, met dien verstande dat Sinodale taakspanne wat beheer oor eie fondse het, se koste uit sodanige eie fondse betaal word.

5.3 Die koste in 5.1 bedoel sluit in reiskoste, daggeld van lede, bodes en tydelike werkers, honoraria, reis- en verblyfkoste van getuies indien die betrokke kerkvergaderings so besluit en enige ander koste waartoe die Sinode of die Moderamen van tyd tot tyd mag besluit.

5.4 Reiskoste word betaal teen ’n vasgestelde tarief (motortarief), soos van tyd tot tyd deur die Raad van Ondersteuning bepaal.

5.5 Indien afgevaardigdes kerklike vergaderings buite die sinodale gebied bywoon, word reiskoste in die diskresie van die Raad van Ondersteuning, met inagneming van die meriete van die omstandighede betaal.

5.6 Indien ’n taakspan van die Sinode genoodsaak is om ’n gesamentlike vergadering buite die grense van die sinodale gebied met ’n soortgelyke taakspan van ’n ander Sinode te hou, word die betrokke taakspan van die Sinode deur nie meer as twee lede verteenwoordig nie.

5.7 ’n Lid van ’n meerdere kerkvergadering ontvang nie betaling vir die koste van sy terugreis wanneer hy die betrokke vergadering voor die sluiting daarvan sonder verlof verlaat, of wanneer hy reeds voor sy vertrek na die vergadering bewus is dat hy nie teenwoordig sal wees by ten minste die helfte van die tydsduur van die betrokke vergadering nie, met dien verstande dat hierdie Klousule 5.8 nie van toepassing is in gevalle waar verlof tot afwesigheid deur die vergadering gegee word weens siekte of ander dringende omstandighede nie.

5.8 Die daggeld van lede van die Sinode (verblyfkoste), die Moderamen en ander Taakspanne deur die Sinode benoem, word betaal soos van tyd tot tyd deur die Raad van Ondersteuning bepaal, met dien verstande dat daggeld met lede van die Sinode per sittingsdag telkens deur die Sinode volgens heersende omstandighede bepaal word.

5.9 ’n Jaarlikse honorarium word aan die Moderator en die Skriba van die Moderamen betaal.

5.10 Tydens Sinodesittings word ’n honorarium vir die tydperk van die betrokke vergadering aan een of meer tydelike assistent-skribas betaal (Notulekommissie).

5.11 Die honoraria soos in 5.10 en 5.11 bedoel word van tyd tot tyd deur die Raad van Ondersteuning volgens die eis van omstandighede bepaal en word uit die Sinodale Fonds betaal.

## 6. SINODALE GROEPLEWENSVERSEKERINGSKEMA

6.1 Die Raad van Ondersteuning behartig administratiewe en koördinerende funksies met betrekking tot die groeplewensversekeringskema waarvan werknemers van gemeentes en van die NG Kerk Vrystaat lid is.

6.2 Die voorgeskrewe premie, soos van tyd tot tyd namens die lede beding, is maandeliks aan die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning betaalbaar, met dien verstande dat die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning alternatiewe wyses van betaling mag voorskryf.

6.3 Die Raad van Ondersteuning is nie aanspreeklik teenoor lede van die groeplewensversekeringskema vir enige versuim van die onderskrywer van die groeplewensversekeringskema om sy verpligtinge teenoor lede na te kom nie.

## 7. MEDIESE SKEMA

7.1 Die Raad van Ondersteuning is verantwoordelik vir administratiewe en koördinerende funksies met betrekking tot die mediese skema waarvan werknemers van gemeentes en van die NG Kerk Vrystaat lid is.

7.2 Die voorgeskrewe premie van elke lid is maandeliks aan die begin van elke maand direk aan die Raad van Ondersteuning betaalbaar, met dien verstande dat die Raad van Ondersteuning alternatiewe wyses van betaling mag voorskryf.

7.3 Die Raad van Ondersteuning is nie aanspreeklik teenoor lede van die mediese skema vir enige versuim van die onderskrywer van die mediese skema om sy verpligtinge teenoor lede na te kom nie.

7.4 Die Raad van Ondersteuning bepaal van tyd tot tyd, indien dit na sy oordeel tot voordeel van die lede is, dat van mediese fonds verwissel word.

7.5 Alle predikante van die NG Kerk Vrystaat word volgens sinodebesluit, versoek om aan die skema deel te neem.

## 8. ANDER STUDIEFONDSE

8.1 Benewens die fondse in Klousules 17, 18,19, 21, 22, 32 en 39 bedoel, beheer en administreer die Raad van Ondersteuning ook ander Studiefondse wat ten doel het om beurse aan studente beskikbaar te stel.

8.2 Die Reglemente, soos van tyd tot tyd gewysig (waar nodig), van die Studiefondse soos in 8.1 bedoel, word deur die Raad van Ondersteuning bepaal en is ter insae by die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning beskikbaar.

## 9. KERKKANTOORFONDS

9.1 Die Kerkkantoorfonds word beheer en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning. Kragtens Klousule 6.1 van die Reglement vir die Raad van Ondersteuning het die Raad die bevoegdheid om na sy diskresie, ŉ administrasiefooi te hef met betrekking tot enige fonds waarvan hy die administrasie behartig en om sodanige administrasiefooi aan die Kerkkantoorfonds te betaal.

9.2 Die doel van die Kerkkantoorfonds is om die koste van die Sinodale Kerkkantoor te boek te stel.

## 10. DIE FANIE NAUDÉ TRUSTFONDS VIR KERKKANTOOR-ADMINISTRASIE

10.1 Die Fanie Naudé Trustfonds vir Kerkkantoor-administrasie word beheer en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

10.2 Die doel van die Fanie Naudé Trustfonds vir Kerkkantoor-administrasie, is om by te dra tot die lopende koste van die Sinodale Kerkkantoor, ten einde die Sinode en gemeentes 'n bydrae tot die Kerkkantoorfonds te spaar.

## 11. FONDS VIR DIENS VAN BARMHARTIGHEID

11.1 Die Fonds vir Diens van Barmhartigheid word beheer deur die Bediening vir Diens van Barmhartigheid geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

11.2 Elke gemeente maak jaarliks ’n sinodale bydrae tot die Sinodale Fonds vir Diens van Barmhartigheid.

11.3 Die Sinodale Fonds vir Diens van Barmhartigheid kan aangevul word deur skenkings en erflatings.

## 12. FONDS VIR KOMMUNIKASIE – VRYPOS

12.1 Elke gemeente is verplig om jaarliks vir hierdie fonds ’n kollekte op te neem.

12.2 Die Fonds vir Kommunikasie word deur die Raad van Ondersteuning geadministreer.

12.3 ’n Kollekte word in die Fonds vir Kommunikasie gestort om sodoende voorsiening te maak vir koste vir kommunikasie wat in belang van gemeentes aangegaan moet word.

## 13. VENNOOTSKAPPE: RICD (BINNELANDSE EKUMENIESE GENOOTSKAPPE)

13.1 Die Fonds vir Reformed Initiative for Community Development (RICD) word beheer deur Vennote in Getuienis en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

13.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks ’n kollekte vir hierdie Fonds op te neem en maak ook ’n proratabydrae tot gemelde Fonds.

13.3 Die Fonds bevorder gemeenskapsontwikkeling binne die NG Kerk-familie deur gesamentlike gemeenskapsontwikkelingsprojekte.

## 14. FONDS VIR DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SA

14.1 Elke gemeente is verplig om jaarliks, tydens die herdenking van die kerkhervorming, ’n kollekte vir hierdie fonds vir die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, op te neem.

14.2 Om die Bybel binne die bereik van selfs die armste te kan bring, word die Bybel gesubsidieer nie met behulp van toelae van die staat, of bydrae van gemeentes nie, maar deur vrywillige offers van gemeentes, gereelde donasies van gelowiges en organisasies, asook testamentêre bemakings van diegene wat dit gewil het dat die verspreiding van God se lewende Woord, sy loop moet neem.

14.3 Die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning betaal geld aan die fonds in 16.1 bedoel, gereeld aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika oor.

## 15. FONDS VIR TEOLOGIESE OPLEIDING

15.1 Die Fonds vir Teologiese Opleiding word beheer en geadministreer deur die Raad vir Ondersteuning.

15.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks, tydens ’n nagmaalsviering, ’n kollekte vir hierdie fonds op te neem.

15.3 Die opbrengs van hierdie fonds word aangewend vir die Kuratorium van die Vrystaat en programme van die Teologiese Seminarium.

## 16. FONDS VIR DOWES EN BLINDES (ook genoem TOIBO)

16.1 Die Fonds vir Dowes en Blindes word beheer en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

16.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks ’n kollekte vir hierdie fonds vir Dowes en Blindes op te neem soos deur die Sinode bepaal, asook vrywillige jaarlikse bydraes.

16.3 Uit hierdie fonds word jaarliks bydraes, wat deur die Sinode bewillig word, gemaak aan sowel die Instituut vir Dowes en Blindes te Worcester, ’n werksaamheid van die Ned Geref Kerk in Kaapland, asook vir die Transoranje-Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO), wat ’n gesamentlike onderneming is van die Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat, Transvaal en Natal, die Hervormde Kerk in Afrika en die Gereformeerde Kerk. Laasgenoemde Instituut bestaan uit vyf skole waarvan vier in die Transvaal is, naamlik die Transoranje skool vir Dowes, die Prinshofskool vir Swaksiendes en Voorbereidende Skool vir Blindes, die Transvalia Skool vir Epilepsie en die Sonitus Skool vir Hardhorendes, asook een in die Vrystaat, naamlik die Martie du Plessis Hoërskool te Bloemfontein.

## 17. DIE HELPMEKAAR VRYSTAAT BEURSFONDS

17.1 Die Helpmekaar studiefonds word beheer en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning volgens die voorskrifte van die Helpmekaar studiefonds se Reglement wat ter insae by die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning beskikbaar is. Elke gemeente is verplig om jaarliks ’n kollekte vir hierdie fonds op te neem.

17.2 Die hooftaak van hierdie fonds is om in terme van die Reglement van die fonds, beurse aan Vrystaatse studente te verleen.

## 18. BEURSFONDS VIR TEOLOGIESE OPLEIDING: GEMEENTE-LERAARS

18.1 Die Fonds word beheer en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning volgens die voorskrifte van die Reglement vir die Beursfonds vir Teologiese Opleiding: Gemeenteleraars.

18.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks ’n kollekte vir hierdie fonds op te neem.

18.3 Die doel van hierdie fonds is om teologiese studente wat hulle voorberei vir die evangeliebediening, finansieel te ondersteun deur middel van ‘n studiebeurs.

**19. BEDIENINGSFONDS**

19.1 Die Bedieningsfonds word beheer deur Bedieningsbegeleiding en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

19.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks ’n kollekte vir hierdie fonds op te neem.

19.3. Die fonds word aangewend om nuwe bedieninge in die Vrystaat te vestig.

**20. GEMEENTE ONDERSTEUNING (GOUF)**

20.1 Die Gemeente Ondersteuning word beheer deur Bedieningsbegeleiding en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

20.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks twee kollektes vir hierdie fonds op te neem en ook vrywillige bydraes tot die fonds te maak.

20.3 Die fonds word gebruik om gemeentes wat finansieel nie die mas kan opkom nie, finansieel te ondersteun.

**21. MEDIATEEK**

21.1 Die Fonds Bedieningsmateriaal word beheer deur Bedieningsbegeleiding en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

21.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks ’n kollekte vir hierdie fonds op te neem.

21.3 Boeke en lesmateriaal word op versoek beskikbaar gestel. Die Bedienings-begeleiding bedryf ’n Mediateek wat deur leraars en gemeentes benut word.

**22. GEMEENTEHULP**

22.1 Die Fonds vir Gemeentes en Gemeentehulp word beheer deur die Raad van Bedieningsbegeleiding en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

22.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks twee kollektes vir hierdie fonds op te neem.

22.3 Die kollekte word aangewend as ’n subsidie van sinodale fasilitering en om ’n beter bediening te bewerkstellig.

**23. GEMEENTE UITBREIDING (GOUF)**

23.1 Die Fonds Gemeente Uitbreiding word beheer deur die Bedieningsbegeleiding en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

23.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks ’n kollekte vir die Gemeente Ondersteuning- en Uitbreidingsfonds op te neem.

**24. VENNOOTSKAPPE: NGKA VRYSTAAT (BOTSHABELO) (BINNELANDSE EKUMENIESE VENNOOTSKAPPE**

24.1 Die Fonds vir Vennootskappe: NGKA Vrystaat, word beheer deur Vennote in Getuienis en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

24.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks ’n kollekte vir hierdie fonds op te neem.

24.3 Die fonds word aangevul met skenkings en erflatings.

24.4 Hierdie fonds dien die belange van die binnelandse getuienisaktiwiteite van die Kerk binne die Vrystaat. In hoofsaak dra die fonds die werksaamhede te Witsieshoek en Thaba Nchu.

24.5 Thaba Nchu en Botshabelo: Die salarisse van die leraars en evangeliste wat in Thaba Nchu en Botshabelo werksaam is, word deur hierdie fonds betaal. Nagenoeg 20 000 lidmate word bearbei.

**25. VENNOOTSKAPPE: LESOTHO (BUITELANDSE EKUMENIESE VENNOOTSKAPPE)**

25.1 Die Fonds vir Vennootskappe: Lesotho word beheer deur die Vennote in Getuienis en geadministreer deur die Raad van die Bediening vir Ondersteuning.

25.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks ’n kollekte vir hierdie fonds op te neem en ook jaarliks ’n proratabydrae tot gemelde fonds te maak.

25.3 Die Vennootskap in Lesotho word saam met die NG Kerk in Afrika en die VGK bedryf. Die salaris van 'n leraars asook ’n subsidie aan NGKA- en VGK gemeentes, word uit hierdie fonds betaal. ’n Aantal gemeentes met nagenoeg 3 000 lidmate word gesubsidieer.

**26. VENNOOTSKAPPE: MIDDESTAD- EN ARBEIDSBEDIENING (BINNELANDSE EKUMENIESE VENNOOTSKAPPE)**

26.1 Die Fonds vir Middestad- en Arbeidsbediening word deur die Vennote in Getuienis beheer en geadministreer deur die Raad vir Ondersteuning.

26.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks ’n kollekte vir hierdie fonds op te neem.

26.3 Hierdie fonds word aangewend om die salaris van die leraar van die Torings van Hoop in Bloemfontein-middestad te betaal.

**27. VENNOOTSKAPPE: REFORMED CHURCH IN ZAMBIA (RCZ) (BUITELANDSE EKUMENIESE VENNOOTSKAPPE)**

27.1 Die Fonds Vennootskappe: RCZ word beheer deur die Vennote in Getuienis en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

27.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks, ’n kollekte vir hierdie fonds op te neem.

27.3 Die Fonds word aangevul met skenkings en erflatings.

27.4 Nadat die inheemse kerk in Zambië deur die Sending van die OVS gevestig is, word die teologiese skool, Justo Mwale Theological College in Zambië, onder leiding van die Vrystaat se Raad van die Vennote in Getuienis bedryf. Leraars van die NG Kerk tree as dosente op en word deur hierdie fonds vergoed. Verder word ’n toelae vir boeke en lopende uitgawes aan die teologiese skool gegee.

## 28. TEOLOGIESE STUDENTE BYSTANDSFONDS

28.1 Die Teologiese Studente Bystandsfonds word beheer deur die Vennote in Getuienis en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

28.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks ’n kollekte vir hierdie fonds op te neem.

28.3 Die teologiese opleiding te Stofberg, Witsieshoek is gestaak en verskuif na ander universiteite. Hierdie kollekte word opgeneem en oorbetaal aan die JG Strydom Trust en aangewend vir die opleiding van Teologiese Studente.

28.4 Die Fonds ondersteun studente van die NG Kerk-familie wat by die Fakulteit Teologie en Religie van die Universiteit Vrystaat studeer deur noodsaaklike lewensonderhoud en middele te voorsien. Die studente doen aansoek deur die onderskeie Kuratoria.

## 29. VENNOOTSKAPPE: SENDING IN ASIË (BUITELANDSE EKUMENIESE VENNOOTSKAPPE)

29.1 Die Wêreldsendingfonds word beheer deur die Vennote in Getuienis en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

29.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks ’n kollekte vir hierdie fonds op te neem en ook jaarliks ’n proratabydrae tot gemelde fonds te maak.

29.3 Die Fonds word aangewend vir bydraes aan onder andere Biblia Hawesending, Missie Japan en ander verdienstelike Sending-aksies.

## 30. VENNOOTSKAPPE: STUDENTEBEARBEIDING (BINNELANDSE EKUMENIESE VENNOOTSKAPPE)

30.1 Die Fonds vir Bediening Kerkjeug word beheer deur die Vennote in Getuienis en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

30.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks ’n kollekte vir hierdie fonds op te neem.

30.3 Hierdie kollekte word aangewend vir die organisering van alle jeugaktiwiteite van die kerk.

## 31. VENNOOTSKAPPE: MULTIKULTURELE BEDIENING (BINNE-LANDSE EKUMENIESE VENNOOTSKAPPE)

31.1 Die Fonds vir Vennootskappe: Multikulturele Bediening word beheer deur die Vennote in Getuienis en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

31.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks ’n kollekte vir hierdie fonds op te neem.

31.3 Die studentekerk bedien nie slegs NG Kerk studente nie. 'n Groot aantal naskoolse jongmense in die stad kies ook om by hulle in te skakel. Die fonds word aangewend as bydrae tot die salarisse van die studenteleraars.

## 32. SINODALE PENSIOENFONDS (SPF)

32.1 Elke gemeente is verplig om jaarliks ’n kollekte vir die Sinodale Pensioenfonds op te neem. Die Fonds voorsien aftree-, ongeskiktheids- en sterftevoordele aan

sy deelhebbers. Die kollekte dien ter stywing van die fondse van die Sinodale Pensioenfonds.

32.2 Ampshalwe en volgens bepaling van die Reglement, is die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning ook die gevolmagtigde Hoofbeampte van die Sinodale Pensioenfonds. Die kollekte word aangewend vir kostes van die fonds om ledebydraes te spaar.

32.3 Die Sinodale Pensioenfonds word volgens die Wet op Pensioenfondse as ’n aparte Bediening, met eie regspersoonlikheid, eie bates en laste en sekuriteite en eie bankrekening, geadministreer.

**33. FONDS VIR EREDIENS**

33.1 Die Fonds vir die Eredienskommissie word beheer deur Bedieningsbegeleiding en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

33.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks ’n bydrae van R350.00 aan die fonds te maak.

33.3 Die fonds word onder andere aangewend vir die bevordering van die kerklied. Sake soos kerksang en -musiek, formuliere en die sinvolle inkleding van die liturgie, word deur die Erediens Netwerk hanteer.

**34. FONDS VIR VROUELIDMATE**

34.1 Die Fonds vir Vrouelidmate word beheer deur Visionering en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

34.2 Elke gemeente is verplig om verkieslik op Moedersdag ’n kollekte vir hierdie fonds op te neem. Fondse word aangewend om vrouelidmate toe te rus en te bemagtig. Hierdie Fonds is opgeneem in Beursfonds vir Teologiese Opleiding: Gemeenteleraars.

**35. HOSPITAALBEDIENING**

35.1 Hierdie fonds word beheer deur Diakonia. Elke gemeente maak jaarliks ’n bydrae van R50.00 tot hierdie fonds. Die Fonds word aangewend vir die bediening van die Woord deur hospitaalleraars aan siekes in verskeie hospitale.

**36. BEARBEIDING VAN GEVANGENES**

36.1 Die Fonds vir Bearbeiding van Gevangenes word beheer deur (Diakonia) en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

36.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks óf ’n kollekte vir hierdie fonds op te neem óf jaarliks ’n bydrae uit gemeentefondse tot gemelde fonds te maak.

36.3 Die Fonds word aangewend vir geestelike bearbeiding van gevangenes, dié op parool en ander wat weer deel van die samelewing geword het.

**37. FONDS VIR BEDIENINGSBEGELEIDING**

37.1 Die Fonds vir Gemeentebediening word beheer deur Bedieningsbegeleiding en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

37.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks ’n bydrae vir hierdie fonds oor te betaal.

37.3 Die opbrengs van die fonds word ooreenkomstig die besluit van die 2005 Sinode aangewend om die werksaamhede van Bedieningsbegeleiding te help befonds.

**38. PREDIKANTEBEGELEIDING**

38.1 Die Fonds vir Predikantebegeleiding word beheer deur Bedieningsbegeleiding en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

38.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks óf ’n kollekte vir hierdie fonds op te neem óf jaarliks ’n bydrae uit gemeentefondse tot gemelde fonds te maak.

38.3 Die Fonds word deur Bedieningsbegeleiding gebruik om predikante te versorg en toe te rus.

**39. VENNOOTSKAPPE: VENNOOTSKAPPE: VGK VRYSTAAT (BINNELANDSE EKUMENIESE VENNOOTSKAPPE)**

39.1 Die Vennootskappe: NGKA Vrystaat Botshabelo word beheer deur Vennote in Getuienis en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

39.2 Die kollekte word soos die naam aandui, in Botshabelo in Vennootskap met die NGKA Vrystaat aangewend. Botshabelo vorm deel van die binnelandse getuienisaksie. Die kollekte word ook gebruik om die Fondse van Vennootskappe: NGKA (Vrystaat) te versterk.

**40. JONK VRYSTAAT: KATEGESE**

40.1 Die Fonds vir JONK Vrystaat word beheer deur Bedieningsbegeleiding en geadministreer deur die Raad van Ondersteuning.

40.2 Elke gemeente is verplig om jaarliks ’n kollekte tydens die biddag vir dooplidmate gedurende Junie, vir die fonds van JONK op te neem.

40.3 ’n Bydrae tot gemelde fonds soos van tyd tot tyd deur JONK Vrystaat bepaal op grond van die aantal kinders in die betrokke gemeentes se kategeseskool, moet ook gemaak word (tans R25 pj per 100 kinders).

40.4 Fondse ontvang, word aangewend vir die organisering en stimulering van alle jeugaksies van die kerk, studerende jeug, werkende jongmense en kategeseskole. Die aanbieding van geestelike leierskursusse, skoolverlaterskampe, hoërskool-kampe en #Imagine, word ondersteun.

**41. KINDER- EN JEUGSORGSENTRUMS**

41.1 Die vier groot kinderhuise naamlik, Ons Kinderhuis, Winburg Kinderhuis, Charlotte Theron Kinderhuis en Gedenk Kinderhuis, is gedesentraliseer na ±40 kleiner Jeugsorgsentrums.

41.2 Die bydrae vir hierdie fondse geïn, word aangewend vir kinders wat deur bepaalde omstandighede nie deur hulle eie ouers versorg kan word nie. Soveel as moontlik waardes van ’n Christelike ouerhuis word deur versorging en bearbeiding verskaf.

41.3 Die Fonds Kinder- en Jeugsorgsentrums word deur die Raad van Ondersteuning geadministreer.

**42. VOLKSBLAD OMGEEFONDS (KERSDAG)**

42.1 Elke gemeente word vriendelik versoek om jaarliks op Kersdag ’n kollekte vir hierdie fonds op te neem. Die kollekte word sedert 1954 so opgeneem en aan Engo, wat die administrasie behartig, oorbetaal.

**43. VERDERE FONDSE**

43.1 Die Sinode bring van tyd tot tyd verdere fondse tot stand soos benodig vir kerklike werksaamhede, welke fondse beheer en geadministreer word soos deur die Sinode bepaal.

## 12. REGLEMENT VIR DIE HELPMEKAAR VRYSTAAT BEURSFONDS

1. ’n Aansoek om ’n studiebeurs en die meegaande korrespondensie moet gerig word aan die Hoof Uitvoerende Beampte: Ondersteuning en moet die Sinodale Kerkkantoor bereik voor 31 Januarie van die betrokke studiejaar.

2. Slegs studente –

   - van wie die ouers of voogde in die Vrystaat woon;
   - wat self ’n lidmaat is van ’n gemeente in die NG Kerk-familie;
   - wat ingeskryf is vir studie op ’n tersiêre vlak tot en met die verwerwing van ’n eerste graad (NQF 5 – 7) en vir ’n kursus wat SAQA (South African Qualifications Authority) geakkrediteer is;
   - wat voltyds studeer; en
   - wat by voorkeur aan ’n Vrystaatse instansie vir tersiêre opleiding studeer sal in aanmerking kom vir ’n toekenning uit hierdie fonds.

   Indien fondse dit toelaat, kan studente wat tot die breëre familie van Gereformeerde kerke in Suid-Afrika behoort, ook uit hierdie fonds gehelp word.

3. Studente moet elke jaar opnuut aansoek doen vir ’n beurs.

4. Met die opneem van die beurs onderteken die student ’n toekenningsooreenkoms waarin ook die voorwaardes van die beurstoekenning aanvaar word, en wat op die volgende neerkom:

   - bevredigende akademiese vordering in die betrokke kursus soos bevestig in die jongste eksamenuitslae of deurlopendeassessering;
   - goeie getuienis rakende algemene optrede; en
   - gunstige bewys van deelname aan die Helpmekaar Uitreik-Aksie.

5. Van beurshouers word verwag om deel te neem aan die Helpmekaar Uitreik-aksie deur in ’n tuis- of studentegemeente diens te lewer bv as kerkraadslid, kategeet, lid van ’n begeleidings/ sanggroep, omgeegroep, sopkombuis ens of ten minste twee keer per semester deel te wees van ’n diensleweringsprojek deur ’n gemeenskapsorganisasie van sy/haar keuse – en om van hierdie dienslewering deur sy/haar gemeenteleraar ’n kort skriftelike verslag aan die Sinodale

Kerkkantoor te laat toekom. Hierdie deelname moet deur ’n predikant of die hoof van die instansie wat die uitreik organiseer, bevestig word.

6. Uitbetaling geskied halfjaarliks vooruit met ontvangs van bewys van voldoening aan die bogenoemde voorwaardes.

7. Ingeval dit mag gebeur dat ’n student nie bevredigend aan bogenoemde voorwaardes voldoen of onder normale omstandighede bevredigend vorder nie, sal die uitbetaling van toegestane beursgelde in daardie betrokke jaar gestaak word.

8. Ingeval dit mag gebeur dat ’n beurshouer van kursus/studierigting verander, is dit nie vanselfsprekend dat die beurs aan hom/haar toegeken, vir ’n volgende jaar voortgesit sal word sonder behoorlike motivering deur die student waarom ’n kursusverandering nodig was of gebeur het en die Beurskomitee dit goedkeur nie.

9. Ingeval dit gebeur dat ’n student nie sy/haar finale eksamens in ’n studiejaar slaag nie, sal hy/sy die toekenning vir die volgende studiejaar verbeur.

## 13. REGLEMENT VIR BEURSFONDS

### 13.1 Reglement vir die Beursfonds vir Teologiese Opleiding: Gemeenteleraars

1. ’n Aansoek om ’n studiebeurs en die meegaande korrespondensie moet gerig word aan die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning en moet die Sinodale Kerkkantoor bereik voor 31 Januarie van die betrokke studiejaar.

2. Sodanige aansoek moet vergesel wees van die volgende dokumentasie: - ’n Bewys van lidmaatskap van ’n gemeente in die NG Kerk-familie (NGK, VGKSA, NGKA of RCA); - getuigskrif van die leraar van die aansoeker se tuisgemeente waarin daar oa vermelding is van die aansoeker se roeping en voorneme tot teologiese opleiding; en - bewys van die nodige akademiese kwalifikasies wat as minimum-vereiste vir toelating tot die betrokke opleidingsbaan geld (bv matrieksertifikaat ens.)

3. By oorweging van ’n aansoek vir ’n studiebeurs word die volgende kriteria in ag geneem: - Lidmaatskap van ’n gemeente in die familie van NG Kerke; - Inskrywing vir akademiese opleiding in die teologie aan die Universiteit van die Vrystaat (Fakulteit Teologie en Religie); - Inskrywing vir kerklike vorming en -begeleiding in en deur die Seminarium van die NG Kerk Vrystaat; - In die geval van inskrywing vir die gebruiklike BDiv-, MDiv- en Nagraadse Diploma gaan dit eerstens om voltydse studente; - In alle gevalle word die verdienstelikheid van ‘n beursaansoek en die finansiële ondersteuning waaroor ’n student mag beskik, in ag geneem en kom studente wat oor beperkte middele beskik, eerstens in aanmerking vir hulp.

4. By die toekenning van ’n studiebeurs word aan ’n student die versekering gegee dat sodanige beurs beskikbaar sal bly vir die volle vereiste tydperk wat op sy/haar opleidingsbaan van toepassing is (bv. BTh 3 jaar, BDiv 4 jaar, MDiv 1 jaar, Nagraadse Diploma 1 jaar ens), mits die student deurgaans bewys bly lewer van bevredigende akademiese vordering en voldoening aan die vereistes vir kerklike vorming en -begeleiding in die Seminarium.

5. Studente moet elke jaar opnuut aansoek doen vir ’n beurs.

6. Met die opneem van die beurs onderteken die student ’n toekennings-ooreenkoms waarin ook die voorwaardes van die beurstoekenning aanvaar word, en wat op die volgende neerkom: - bevredigende akademiese vordering in die betrokke kursus soos bevestig in die jongste eksamenuitslae of deurlopende assessering; - bevredigende vordering in die programme vir kerklike vorming en -begeleiding soos aangebied deur die Seminarium en skriftelik bevestig deur die betrokke Kuratorium; - goeie getuienis rakende algemene optrede; en - gunstige bewys van inskakeling en meelewing by ’n gemeente in die NG Kerk-familie soos skriftelik bevestig deur sy/haar mentorpredikant.

7. Uitbetaling geskied halfjaarliks vooruit met ontvangs van bewys van voldoening aan die bogenoemde voorwaardes.

8. Ingeval dit mag gebeur dat ’n student nie bevredigend aan bogenoemde voorwaardes voldoen of onder normale omstandighede bevredigend vorder nie, sal die uitbetaling van toegestane beursgelde in daardie betrokke jaar gestaak word.

9. Ingeval dit gebeur dat ’n student nie sy/haar finale eksamens onder normale omstandighede in ’n studiejaar slaag nie, sal hy/ sy die toekenning vir die volgende studiejaar verbeur.

## 13.2 Reglement vir die Beursfonds vir Nagraadse Teologiese Studie

1. ’n Aansoek om ’n studiebeurs vir nagraadse studie in die Teologie, en die meegaande korrespondensie moet gerig word aan die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning en moet die Sinodale Kerkkantoor bereik voor 31 Januarie van die betrokke studiejaar.

2. Beurse word beskikbaar gestel met die doel om navorsing te bevorder in ’n spesifieke teologiese dissipline of ’n keuse wat verband hou met of fokus op die wese, ontwikkeling en volhoubaarheid van gemeentes. In sommige gevalle, en op die diskresie van die beurskomitee, kan ’n beurs aangebied word aan kandidate om navorsing te doen binne ’n spesifieke veld wat tot belang is van die kerk.

3. Die beurse sal beskikbaar wees vir leraars binne die NG Kerk familie en wat dien binne ’n gemeente, of ’n sinodale posisie beklee, en met die oog op nagraadse studies by voorkeur aan die Fakulteit Teologie en Religie aan die UV, of – indien daar verdere fondse beskikbaar is – aan ’n ander fakulteit van teologie of kollege binne die grense van Suid-Afrika en Namibië.

4. Daar word ’n bedrag van R50 000 per jaar binne hierdie Beursfonds gereserveer, bekend as die Jaap Durand Stipendium vir Gereformeerde Teologie, en wat uitsluitlik beskikbaar is vir studie- of navorsingsprojekte van hetsy studente of dosente aan die Universiteit van die Vrystaat en in gereformeerde teologie in enige van die vakgebiede, waarvoor aansoek gedoen kan word via die Fakulteitskomitee en die Kuratorium, en wat ook konferensies en/of die aankope van boeke in hierdie velde, kan insluit.

5. Die beurse sal beskikbaar wees vir nagraadse studie soos ’n M.Th., Ph.D. (Teologie), D.Th. of DPhil en kan dit vir ’n gestruktureerde program of verhandeling oorweeg word. Kandidate moet bewys lewer van: - Met die oog op ’n Meestersgraad: ’n Honneursgraad in dieselfde- of nou verwante veld van ondersoek; - met die oog op ’n Doktorsgraad: ’n Magister in dieselfde- of nou verwante veld van ondersoek.

6. In die geval van ’n gestruktureerde program, moet die aansoek vergesel word deur ’n skrywe van die betrokke Kuratorium of Seminarium wat hierdie studie ondersteun; in die geval van gefokusde navorsing (bv in ’n verhandeling), moet die aansoekvorm vergesel word van ’n goedgekeurde navorsingsvoorstel en skrywe van die studieleier oor hoe die nodige literatuur en/of empiriese werk gedoen gaan word.

7. By oorweging van ’n aansoek vir ’n studiebeurs word – in alle gevalle – die meriete van die navorsing in ag geneem, asook die verdienstelikheid of dan finansiële behoefte en beskikbare middele van die student.

8. Beurse word vir ’n maksimum van 4 jaar aan ’n student toegeken – 2 jaar vir M-studies en 2 jaar vir D-studies.

9. Studente moet elke jaar opnuut aansoek doen vir ’n beurs;

10. Uitbetaling geskied eenmalig vooruit met ontvangs van bewys van registrasie en voldoening aan die bogenoemde voorwaardes.

### 13.3 Reglement vir die Beursfonds vir Diverse Teologiese Opleiding

1. Beurse word beskikbaar gestel aan persone wat hulself wil bekwaam as diensleraars, bedienaars of tweede loopbaan studente, en die seminarium-opleiding vir kerklike vorming wil deurloop aan die Seminarium van die NG Kerk Vrystaat.

2. ’n Aansoek om ’n studiebeurs en die meegaande korrespondensie moet gerig word aan die Uitvoerende Amptenaar: Ondersteuning en moet die Sinodale Kerkkantoor bereik voor 31 Januarie van die betrokke studiejaar.

3. Die aansoek proses verloop as volg: - Indien ’n student nie die koste van hierdie kursus uit eie fondse kan dek nie kan die student aansoek doen by sy/haar sturende gemeente om finansiële hulp vir hierdie studie en moet bewys lewer dat dit nie uit eie fondse gedek kan word nie - indien die gemeente nie in staat is om die student finansieel by te staan nie kan ’n skrywe aan die Ring gerig word om aansoek te doen om die student uit Ringsfondse by te staan met bewys dat die gemeente nie daartoe in staat is nie (die bewyse soos deurgegee aan die gemeente word ook hierby aangeheg) - indien die Ring nie in staat is om die student te help nie word ’n skrywe aan die Kuratorium van die student gerig om aansoek te doen vir hulp uit hierdie fonds met bewys dat die Ring nie daartoe in staat is nie (die bewyse soos deurgegee aan die Ring word ook hierby aangeheg); en - die Kuratorium rig dan ’n skrywe aan die Beurskomitee om aansoek te doen vir ’n toekenning uit hierdie fonds met bogenoemde bewyse aangeheg. Die beurskomitee sal dan elke aansoek op meriete hanteer.

4. Toekennings uit hierdie beursfonds word gemaak binne die beskikbaarheid van fondse in hierdie spesifieke Beursfonds, en met inagneming van finansiële ondersteuning waaroor die betrokke aansoeker uit eie- en/of gemeentelike- en/of ringsfondse beskik.

5. Met die opneem van die beurs onderteken die student 'n toekenningsooreenkoms waarin ook die voorwaardes van die beurstoekenning aanvaar word, en wat op die volgende neerkom: - bevredigende vordering in die programme vir kerklike vorming- en begeleiding soos aangebied deur die Seminarium van die NG Kerk Vrystaat en skriftelik bevestig deur die Kuratorium;

6. 'n Student kan slegs eenmalig uit hierdie fonds gehelp word.

7. Uitbetaling geskied halfjaarliks vooruit, by ontvangs van 'n bewys van voldoening aan al die bogenoemde voorwaardes.

### 13.4 Reglement vir die Teologiese Studente Bystandsfonds

1. Die opbrengs van hierdie fonds word beskikbaar gestel aan hulpbehoewende studente wat teologie studeer met die doel om hulle te bekwaam vir die bediening en wat in die proses addisionele kostes moes aangaan en/of weens buitengewone omstandighede nood beleef ten opsigte van lewensonderhoud tydens hul studiejaar.

2. Bystand word beskikbaar gestel aan teologie studente uit die familie van gereformeerde kerke wat ingeskryf is vir voltydse, voorgraadse studies (bv BTh, BDiv) of nagraadse kwalifikasies soos 'n MDiv, Nagraadse Diploma en MTh-programme met die oog op toelating tot die bediening.

3. Bystand uit hierdie fonds is ook beskikbaar aan buitelandse studente uit kerke van gereformeerde belydenis en wat ingeskryf is vir doktorale studies, maar indien dit gaan om kontaksessies met studieleiers word slegs vir 'n tydperk van 14 dae voorsiening gemaak.

4. Bystand uit hierdie fonds kan – sou daar wel nog van die opbrengs beskikbaar wees – aangewend word om studente wat finansiële nood beleef weens uitstaande akademiese- en verblyfsrekeninge teweeggebring is, te hulp te kom.

5. Studente wat hiervoor wil aansoek doen moet met die kantoor van Vennote in Getuienis in verbinding tree en die volgende sal oorweeg word:

   - Is die student 'n aktiewe lid van sy/haar gemeente?
   - Watter ondersteuningsnetwerk is beskikbaar vir die student?
   - Is die nood maandeliks, jaarliks of interim van aard?

6. Die betrokke Kuratorium moet 'n skrywe aan die kantoor van Vennote in Getuienis rig met 'n versoek vir hulp uit hierdie fonds.

7. Verslag van uitbetalings moet aan die Beurskomitee gelewer word.

## 14. REGLEMENTE VIR DIE SINODALE ARGIEF- EN INLIGTINGSDIENS

### 1 BELEID

1.1 In ooreenstemming met die karakter van die kerk het haar Argief- en Inligtingsdiens primêr ŉ kerklike doelstelling en grondslag. Dit is verder op ’n teologies-wetenskaplike en ’n sekulêr-wetenskaplike diens ingestel.

1.2 Hierdie arbeid bou die geheue van die kerk uit en stel die kerk in staat om haar funksies op ’n kerklik-verantwoordelike wyse voort te sit.

1.3 Die versameling, bewaring en gebruik van argiefmateriaal beteken die hantering van getuienisse oor die handelinge van God Drie-enig in en deur sy kerk in ’n bepaalde gebied.

1.4 In hierdie verband beteken argiefmateriaal: dié dokumente of alle ander materiaal wat inligting oor gemeentes, ringe, sinodes en hulle kommissies, sowel as kerklike inrigtings wat binne hulle grense val, bevat. Dit behels alle skriftelike inligting van die NG Kerk Vrystaat.

1.5 As sodanig staan die Argief- en Inligtingdiens as ’n gesistematiseerde inligtingsbron in diens van die Kerk en haar verskillende kennisvelde, met besondere klem op die teologie en meer bepaald die geskiedenis van die Kerk.

1.6 In hierdie verband kan die waarde van museummateriaal nie onderskat word nie. Hierdie materiaal (kulturele aspekte, mondelinge oorleweringe, ens) kan bydra tot ŉ meer volledige verstaan en beskrywing van die kerk.

1.7 Derhalwe beywer die Argief- en Inligtingsdiens hom daarvoor om gemeentes op te skerp om:

1.8 sodanige materiaal vir die plaaslike kerk te bewaar en uit te stal; en

1.9 hierdie materiaal aan die Argief te skenk vir veilige bewaring.

### 2 IMPLEMENTERING VAN DIE ARGIEF- EN INLIGTINGSBELEID IN DIE NG KERK VRYSTAAT

### 2.1 ALGEMEEN

2.1.1 Vir die doelmatige argiefwerksaamheid het kerkrade, ringe, sinodes en ander argief-lewerende instansies die volgende verantwoordelikhede:

2.1.2 die voorsiening van goedversorgde en gedokumenteerde inligting met gebruikmaking van die voorgeskrewe riglyne vir liassering soos deur die Argief opgestel;

2.1.3 die gebruikmaking van netjiese en leesbare skrif in ŉ ink wat nie maklik verbleik of uitgewis kan word nie;

2.1.4 rekenaaruitdrukke van ’n goeie letterkwaliteit (nie ligte of vinnige druk “draft” nie) of laserdruk;

2.1.5 die gebruik van duursame papier, verkieslik A4-formaat van 120 gram of meer;

2.1.6 skryf- of drukwerk verkieslik op albei kante van die papier met ’n oop ruimte van ongeveer 3 cm aan weerskante van die teks;

2.1.7 die volledige datering, ondertekening en/of parafering en stempel van alle dokumente soos die Argief dit vereis;

2.1.8 die inagneming van die noodsaaklikheid van ruimtebesparing in die Argief deur die stelselmatige vernietiging van efemere materiaal soos deur die Argivaris/Argiefkommissie bepaal;

2.1.9 die inlewering van argiefmateriaal by die Sinodale Argief onder die dekking van ’n behoorlike oorplasingslys en waar nodig, met vermelding van wat ontbreek.

2.1.10 duidelike aanduiding en opdrag te gee ten opsigte van dokumente wat geslote moet bly en waartoe toestemming deur die Sinode of Sinodale Kommissie of Ring of Kerkraad of Argiefskeppende Instansie verkry moet word voordat dokumente verskaf of geopen kan word.

2.2 Die taakgroep vir Argief- en Inligtingsdiens het reg van koöpsie en is belas met:

2.2.1 die nodige advies aan die Sinode vir die voorsiening van ’n doelmatige argiefbewaarplek en kundige personeel;

2.2.2 die nodige leiding aan die Sinode insake die versameling, versorging, bewaring en gebruik van argiefmateriaal en implementering en benutting van die rekenaar in dié verband;

2.2.3 reëlings om argiefmateriaal van kerkrade, ringe, sinodes, kerklike kommissies en -inrigtings in die sinodale argiefbewaarplek te versamel vir bewaring;

2.2.4 die verkryging van belangrike publikasies vir die Argief;

2.2.5 die toesig oor die werk van die Argief- en Inligtingsbeampte, as uitvoerende beampte, én die argiefpersoneel;

2.2.6 die opstel van ’n verslag oor die werk in die Argief- en Inligtingskantoor aan elke vergadering van die Sinode, plus ’n begroting van inkomstes en uitgawes aan die betrokke bediening en Sinode; en

2.2.7 die finale beslissing oor die moontlike vernietiging van efemere stukke.

## 3 ARGIEF- EN INLIGTINGSBEAMPTE

Die Sinode of Raad van die Bediening vir Ondersteuning benoem ’n Argief- en Inligtingsbeampte wat:

3.1 alle dienste op sy/haar terrein op ’n deeglike en wetenskaplike wyse uitbou;

3.2 alle take in verband met die versameling, bewaring, ontsluiting, navorsing en publikasies vervul, met die verantwoordelikheid om:

3.2.1 kerkrade, ringe, die Sinode en kerklike bedieninge argiefbewus te maak en op die inlewering van die betrokke materiaal by die betrokke sinodale argiefbewaarplek aan te dring;

3.2.2 aan te dring op die vervanging en/of verbetering van argiefmateriaal wat nie aan die voorskrifte van hierdie handleiding en/of aan die algemeen aanvaarde argiefvereistes voldoen nie;

3.2.3 aanwinste skriftelik te erken;

3.2.4 sovêr moontlik alle beskadigde stukke vakkundig te laat herstel;

3.2.5 mettertyd alle argiefmateriaal volgens ʼn aanvaarde beginsel te laat inbind;

3.2.6 toesien dat alle bande, bundels, lêers en ander argiefstukke stelselmatig genumereer en op inventaris geplaas word;

3.2.7 toesien dat die nodige vindmiddels vir argiefstukke opgestel word;

3.2.8 teen navorsingsfooie uittreksels uit argiefstukke te voorsien;

3.2.9 die noodsaaklikheid van die versigtige hantering van argiefstukke by navorsers tuis te bring;

3.2.10 toesien dat argiefmateriaal nie uit die Argief gaan nie;

3.2.11 toesien dat geslote stukke slegs met toestemming van die Argieflewerende instansie (Sinode of Moderamen of Ring of Kerkraad) geopen of beskikbaar gestel kan word.

3.3 ’n Vakkundige op die terrein van die argiefwetenskap moet wees en ’n grondige kennis van die kerk moet hê, maar nie ʼn leraar hoef te wees nie;

3.4 by die Sinode se pensioen- en mediese fonds ingeskakel word;

3.5 aan elke gewone vergadering van die Raad van die Bediening vir Ondersteuning oor sy/haar werk verslag doen;

3.6 sinodale vergadering met ’n adviserende stem bywoon;

3.7 ’n student op sy/haar arbeidsterrein moet bly en die nodige in-diens-opleiding in sy/haar departement behartig;

3.8 rekordbeheer binne die sinodale gebied toepas wat behels die leiding met betrekking tot:

3.8.1 argiefwaardige- en efemere stukke;

3.8.2 ’n liasseerstelsel;

3.8.3 die besorg van argiefmateriaal aan die sinodale argiefbewaarplek; en

3.8.4 deur sporadiese besoeke of werkswinkels in die argiefbewaarplek aan predikante, die betrokke gemeentelike amptenare en kerkraadskommissies leiding gee met betrekking tot kerklike argiefwese.

3.9 Sorg vir die indiening van “In Memoriamverslag”.

3.9.1 Elke Sinodale Argief- en Inligtingskantoor skakel aan die begin van elke kalenderjaar met die betrokke pensioenfondse van die sinode/s wat hulle bedien met die sterfte-kennisgewings van die voorafgaande jaar.

3.9.2 Die kantoor maak dan ’n lys van die sinodes waarin die oorledene gedien het.

3.9.3 'n Kopie van dié lys word voor 31 Januarie van elke jaar aan al die betrokke sinodes se skribas (of persoon verantwoordelik vir die In Memoriamverslag) gestuur waar die persoon in diens was.

## 4 DIE MODERAMEN, SINODALE BEDIENINGE EN ANDER KERKLIKE INSTANSIES

4.1 Die lede van die Moderamen (skriba), skribas van alle sinodale bedieninge, sinodale amptenare wat verantwoordelikheid beklee by diensaksies, verenigings, inrigtings, institute, byeenkomste, maatskappye, trusts, pensioenfondse, skemas, kerkkantore, rade en dies meer moet van tyd tot tyd soos in hierdie reglement gestel, alle argivalia by die Argief inlewer of daarmee handel soos onderling met die Argief- en Inligtingsbeampte ooreengekom. Dit behels behoorlike ondertekende, geparafeerde, gedateerde en genumereerde agendas, notules en bylaes, sistematies en argivalies korrek geliasseerde korrespondensie, aktes, registers, finansiële stukke, alle stukke wat betrekking het op die interne funksionering en kronologie van werksaamhede, statistiek en gegewens, manuskripte, aantekeninge en dies meer.

4.2 Die Skriba van die Sinode het die verantwoordelikheid om so gou moontlik ná elke sinodesitting die gepubliseerde Agenda, Handelinge en *Kerkorde* aan die Argief vir bewaring te besorg.

## 5 DIE RING

Die ring benoem ’n Argief- en Inligtingskommissie wat moet toesien dat:

5.1 die ring oor ’n doeltreffende argiefstelsel beskik waarby ingesluit is afskrifte van die ring en ringskommissies se behoorlik ondertekende notules, stukke in verband met die ring se administrasiefonds en ’n doelmatige liasseersisteem (en korrespondensie indien nodig), asook die nodige geriewe daarvoor;

5.2 daar aan al die argivaliese vereistes vir dokumentêre materiaal voldoen word, waarby die nasien van die afskrifte van dooplidmate- en lidmateregisters, huweliksregisters en duidelike fotostate uit die BI-30 Huweliksboek van die predikante wat voor elke ringsitting van die betrokke ringsgemeentes ontvang is, ingesluit word;

5.3 binne twee maande na elke ringsitting die oorspronklike notules van die vergadering, asook alle bylaes, verslae en gemeentelike stukke wat voor die ring gedien het, asook alle korrespondensie vir die betrokke ringsjaar (indien moontlik) onder dekking van die voorgeskrewe inventarisvorm (met vermelding van wat ontbreek), aan die Argief gestuur word;

5.4 alle stukke wat vir verbetering/aanvulling/vervanging terugverwys is, so gou moontlik na ontvangs en noukeurige kontrolering deur die ringskommissie aan die Argief- en Inligtingskantoor gestuur word;

5.5 die argief van die gasheergemeente tydens ringsittings nagegaan word; en daar moet aangegee word aan die volgende materiaal by die Gemeentekantoor: Notules (Kerkraad, Kommissies, Gemeentelike Aksies), Verslae van Kerkraadskommissies, Dooplidmaat- en Belydende Lidmaat Registers, Attestate

en Lidmatebewyse, Teenblaaie van Attestate / Lidmaatbewyse en Doopseëls uitgereik, Huweliksregisters, Konsistorieboeke, Kerkraadsregisters, Aankondigingsboeke, Verlofregister, Korrespondensie, Liassering, Foto's, Plakboeke, Foto-albums en Museumuitstalling;

5.6 in samewerking met die sinodale Argief- en Inligtingsbeampte aan kerkraadsargief-kommissies leiding gegee word met betrekking tot die ordening, bewaring en uitbouing van die gemeente-argief, die vernietiging van efemere stukke, die inlewering van gemeentelike argivalia by die sinodale argiefbewaarplek en alle ander verpligtinge;

5.7 die Ringskriba behoorlik ingelig is oor sy verpligtinge soos beliggaam in die argiefreglement;

5.8 handtekeninge onder aan notules en verslae volledig is en 'n duidelike eenheid met die notule en verslae vorm;

5.9 volledige verduidelikings verstrek word waar verslae en ander dokumente nie volledig onderteken kon word nie;

5.10 alle oorspronklike stukke, onder meer notules, verslae en korrespondensie by die Ringskriba vir ordening en versending na die Argief ingelewer word;

5.11 alle verslae en notules duidelike en volledige opskrifte het met vermelding van die naam van die betrokke sinodale gebied, ring, gemeente, kommissie, diensaksies en dies meer, asook die datum van die vergadering en/of verslag;

5.12 ringsnotules en verslae korrek en deurlopend genumereer word;

5.13 ringstukke in die volgorde van die inventaris georden word en daarop afgemerk word (met vermelding van wat ontbreek), voordat dit aan die Argief- en Inligtingskantoor versend word;

5.14 die nodige besonderhede oor die ring jaarliks aan die samesteller van die Jaarboek gestuur word;

5.15 'n besluiteregister tydens die ringsvergadering opgestel word;

5.16 'n indeks op ringsbesluite bygehou word;

5.17 wanneer 'n nuwe Ringskriba benoem word, alle materiaal insake die ring deur die uittredende Ringskriba aan die nuwe Ringskriba oorhandig word;

5.18 stukke in verband met buitengewone vergaderings/ringsittings óók aan die Argief- en Inligtingskantoor oorgedra word;

5.19 geslote dokumente duidelik gemerk word en opdrag gegee is aan Argief- en Inligtingskantoor vir sluiting van dokumente en slegs geopen mag word met toestemming van die spesifieke Ring.

## 6 DIE KERKRAAD

Elke kerkraad benoem 'n Argiefkommissie waarvan die skriba/kassier, skriba of saakgelastigde ampshalwe lid is en wat moet toesien dat

6.1 die gemeente oor ’n doeltreffende argiefstelsel beskik, waarby ingesluit is ’n doelmatige, geordende liasseersisteem en inventaris, asook die nodige geriewe daarvoor;

6.2 dat daar aan al die kerklike en argivaliese vereistes vir die betrokke materiaal en dienste voldoen word deurdat:

6.3 Die handelinge van die kerkraad, sy kommissies, diensaksies en ander gemeentelike vergaderings in ’n behoorlike, goed versorgde en argivalies aanvaarbare notuleboek, of notulelêer aangeteken en die betrokke bylaes daarby gevoeg word;

6.4 museummateriaal versamel en versorg word;

6.5 dooplidmaat-, lidmaat- en huweliksregisters op datum gehou en versorg word;

6.6 alle ander belangrike argiewe, byvoorbeeld konsistorieboeke, aankondigingsboeke en korrespondensie behoorlik versorg en bewaar word;

6.7 regstellings, wysigings of versuimde inskrywings in die registers korrek aangebring word nadat die aansoeke met die nodige bewysstukke, deur die kerkraad en Argief- en Inligtingskantoor goedgekeur is;

6.8 gemeentelike verslae volgens die kerklike bepalings opgestel en op die bestemde tyd aan die ring of sy kommissies besorg word;

6.9 sorgvuldig gekontroleerde, gekorrigeerde, geparafeerde en ondertekende afskrifte van die dooplidmaat- en lidmaatregisters en ook die huweliksregister en fotostate uit die predikant se BI-30 huweliksboek op bepaalde tye op voorgeskrewe blaaie aangebring en via die ring na die Argief- en Inligtingskantoor gestuur word;

6.10 al bogenoemde argiefmateriaal, asook enige ander waartoe ooreengekom is, vir veilige bewaring, versorging en oordeelkundige gebruik deur navorsers aan die Argief- en Inligtingskantoor toevertrou word;

6.11 alle stukke wat deur die ring/ringskommissie vir verbetering/aanvulling/vervanging na gemeentes terugverwys is, binne vier weke na die vergadering in die verlangde toestand aan die Ringskriba besorg word;

6.12 skriftelike en mondelinge oorkondes wat 'n bydrae kan lewer tot die getuienis van die handelinge van God met sy kerk, bewaar en aan die Argief- en Inligtingskantoor besorg word; en

6.13 geslote dokumente duidelik gemerk word en opdrag gegee is aan Argief- en Inligtingskantoor vir sluiting van dokumente en slegs geopen mag word met toestemming van die spesifieke kerkraad.

6.14 ’n inventaris van Inligtingsbronne wat voldoen aan die vereistes van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (Wet 2 van 2000) opgestel en jaarliks bygehou word vir deursending aan die Argief- en Inligtingskantoor.

6.15 voldoen word aan die vereistes gestel in die Nasionale Erfeniswet (Wet 215 25 van 1999 en aangevul in Goewermentskennisgewing Nr. 1313 van 25.10.2002); wat alle strukture – of gedeelte daarvan – wat ouer is as 60 jaar, beheer en wat

bepaal dat geen “erfenisobjek” (boeke, manuskripte, dokumente, argivalia, kaarte, afdrukke, foto’s, films, klankmateriaal en enige materiaal wat uniek is en wat die mondelinge geskiedenis van Suid-Afrika aanvul) sonder toestemming of ’n permit vervreem, vernietig, beskadig, bekrap, verander, gerestoureer of herstel mag word nie;

6.16 in samewerking met die kerkraad leiding gegee word met betrekking tot die ordening, instandhouding, bewaring en uitbouing van die gemeente-argief, die vernietiging van wegdoenbare stukke, die inlewering van gemeentelike argivalia by die argief en alle ander verpligtinge ten einde te voldoen aan die vereistes gestel in die Ned Geref Kerk se beleid ten opsigte van rekordbeheer.

## 7 REGISTERS

### 7.1 ALGEMEEN

7.1.1 Gegewens moet deeglik nagegaan word voordat ’n inskrywing in enige register gemaak word.

7.1.2 Die name en vanne van persone en die name van gemeentes moet volledig en korrek verstrek word. Afkortings soos BFN vir Bloemfontein en PE vir Port Elizabeth, en populêr-gebruikte maar nie-amptelike name soos "Groote Kerk" vir Kaapstad en "Bosmanstraatkerk" vir Pretoria is ontoelaatbaar. Die korrekte name verskyn in die Kerk se Jaarboek.

7.1.3 Ten einde die juiste geboortedatum en die spelling van die name vir inskrywing in die register te verseker, moet die ouer(s) by die aanmelding vir die doop die dokument toon wat by die registrasie van die kind se geboorte uitgereik is. Dooplidmate moet voor belydenisaflegging ’n doopseël inlewer.

7.1.4 Datums word volgens die agtsyferstelsel en in die orde van die dag, maand, jaar geskryf, bv 3 April 1978 as 03.04.1978 en 15 November 1977 as 15.11.1977.

7.1.5 Geen herhalingstekens soos "do" of "ditto" is toelaatbaar nie.

7.1.6 Inskrywings in dooplidmate- en lidmateregister geskied in alfabetiese orde (dit wil sê alle vanne wat met dieselfde letter begin, moet saam gegroepeer word). Vanne soos Van der Merwe en Van Rensburg kom onder die letter V, maar ’n van soos Janse(n) van Rensburg, waar die Janse(n) ’n deel van die van uitmaak en die betrokke persoon dit self so gebruik, kom onder J.

7.1.7 Inskrywings moet genommer word.

7.1.8 Ter wille van ruimtebesparing word daar normaalweg geen reël tussen twee inskrywings in die dooplidmate- of lidmateregister oopgelaat nie. Hoogstens mag daar tussen registrasies wat met verskillende letters van die alfabet begin, ’n reël oopgelaat word.

7.1.9 Om dieselfde rede begin die inskrywings van elke volgende nuwe jaar of termyn nie telkens op ’n nuwe bladsy nie, maar hulle word hoogstens deur die ooplaat van ’n reël, met of sonder die toevoeging van die jaartal, aangedui of geskei. Dit is van toepassing op die oorspronklike handgeskrewe- en afskrifteregisters.

7.1.10 Inligting wat in die opmerkingskolom van die dooplidmateregister verstrek word, moet verklarend wees ten opsigte van buitengewone omstandighede wat die kerkregtelike posisie van die doopouers, dopeling of bedienaar van die doop raak, of wat op die wese en implikasie van die sakrament betrekking het.

7.1.11 Waar die vader of moeder bv nie ’n belydende lidmaat van ’n gemeente is nie, of om ’n ander rede nie by die doop teenwoordig is nie, moet die dooplidmateregister aandui dat die betrokke ouer nie die doopbelofte afgelê het nie. In so ’n geval word met die opmerking “vader/moeder lê alleen belofte af” volstaan. Dit geld ook waar ’n ouer oorlede is of die ouers geskei is. Die name moet ingeskryf word met die nodige opmerking in die opmerkingskolom.

7.1.12 Waar by ’n registerinskrywing addisionele inligting van nut kan wees, mag dit in die opmerkingskolom aangeteken word, selfs al maak die handleiding nie spesifiek daarvoor voorsiening nie, hoewel die gestelde riglyn hierbo en in 7.1.13 eerbiedig moet word.

7.1.13 As algemene reël geld dat niks vermeld mag word wat lasterlik is of ’n stigma dra nie. Opmerkings soos "buite-egtelik", "vader onbekend" of "enkelouer" is heeltemal ontoelaatbaar.

7.1.14 Rektifikasie beteken om ’n fout in die register bv JOHANNIS tot JOHANNES of 20 April tot 21 April reg te stel.

Naamsverandering beteken om 'n bepaalde voornaam of van bv PETRUS deur HERMANUS of CONRADIE deur NIENABER, soos dikwels by aanneming gebeur, te vervang.

Versuimde registrasie beteken dat iemand se naam nie in die register ingeskryf is nie. Dit moet reggestel word deur die aanbring van versuimde inligting in die betrokke registers.

7.1.15 Aansoeke in verband met rektifikasie word per hardekopie (in tweevoud/per e-pos in PDF-formaat/per faks op die voorgeskrewe vorms (Bylae 3, vorm 12 of Bylae 3-vorm 13) en met die nodige bewysstukke/stawende dokumente ingedien by die kerkraad van die gemeente waar versuim plaasgevind het of in die geval van foutiewe inskrywing by die kerkraad waar lidmaat tans geregistreer is.

7.1.16 Ten opsigte van ’n regstelling en naamsverandering is die vereiste bewysstukke/stawende dokumente onder andere ’n identiteitsdokument. Vir ’n versuimde inskrywing moet skriftelike verklarings verkry word van twee betroubare en ongesensureerde lidmate, doopouers uitgesluit, dat die betrokke persoon wel gedoop is of belydenis afgelê het, plus ’n doop- of lidmaatskap-kaart/boekie.

7.1.17 'n Skriftelike verklaring deur die leraar wat die doop waargeneem het, vergesel van ’n afdruk van die betrokke bladsy in die doopkladboekie, kan in die geval van ’n versuimde doopinskrywing in plaas van bogenoemde verklaring ingelewer word. In die geval van versuimde lidmaatinskrywing is ’n verklaring deur die betrokke leraar plus die lidmaatkaart, in plaas van die verklarings, aanvaarbaar.

7.1.18 Nadat die kerkraad die aansoek op 'n wettig gekonstitueerde vergadering nagegaan en goedgekeur het, word dit én die bewysstukke met ’n aanbeveling na die Sinodale Argief- en Inligtingskantoor verwys vir goedkeuring.

7.1.19 Die skriba van die kerkraad bring die goedgekeurde wysiging in die oorspronklike register aan en die Sinodale Argief- en Inligtingskantoor sien toe dat dit op die afskrifte aangebring word.

7.1.20 Geen skrappinge in die register is toelaatbaar nie, maar die juiste besonderhede word met rooi bo die foutiewe gegewens, wat in alle gevalle met rooi onderstreep word, ingeskryf.

7.1.21 In die opmerkingskolom word daar, ook met rooi aangeteken: "Argief goedg. .............(datum)". Die amptenaar wat die wysiging aanbring, parafeer dit.

7.1.22 By versuimde registrasie word ná goedkeuring deur die Argief, die inskrywing in die register van die lopende jaar en in die gemeente waar die versuim plaasgevind het, gedoen. ’n Verduidelikende opmerking in die opmerkings-kolom (vers. reg. Arg goedg. en die datum) word aangebring, tesame met ’n verwysingsnota in die register by die jaar waar die inskrywing moes plaasvind.

7.1.23 ’n Skryffout wat in die lopende jaar begaan is of enige ander geval waar rektifikasie nodig is, moet direk reggestel en deur die registerhouer geparafeer word. In die afskrifte word die korrekte besonderhede dan sonder meer oorgeskryf.

7.1.24 Alle wysiginge en/of aanvullings word in die huidige gemeente gedoen, BEHALWE IN DIE GEVAL VAN VERSUIMDE REGISTRASIE. Dit word by die gemeente gedoen waar die versuimde registrasie plaasgevind het en nadat die naam in die register ingeskryf is, word ’n oorplasing gedoen na die huidige gemeente.

## 7.2 DIE DOOPLIDMATEREGISTER

### 7.2.1 VOORNAAM EN VAN

7.2.1.1 Die dooplidmaat word geregistreer onder die van soos dit op sy/haar identiteitsdokument verskyn.

7.2.1.2 Die dooplidmaat se van word eerste ingeskryf en daarna die volledige voorname.

7.2.1.3 Slegs die moeder se nooiensvan word saam met haar volle voorname ingeskryf en nie haar getroude van nie, maar as haar nooiensvan en haar getroude van dieselfde is, word "geb" duidelikheidshalwe na haar van geskryf, bv "Dippenaar (geb Dippenaar)".

7.2.1.4 Alle voorname van ouers en dooplidmate word voluit geskryf.

### 7.2.2 BUITE-EGTELIKE KIND

7.2.2.1 Die dooplidmaat word langs die gewone weg geregistreer.

7.2.2.2 Slegs die nooiensvan en voornaam van die moeder word ingeskryf. Indien dit ’n weduwee of geskeide vrou is, word haar getroude van in hakies langsaan

aangebring, bv (nou Nel). Die reël vir die vader se naam word oopgelaat en in die opmerkingskolom word aangebring: Moeder lê alleen belofte af.

7.2.2.3 Indien die biologiese ouers ná die doop trou, word die dooplidmaat se van by die Departement van Binnelandse Sake verander. Daarna word daar aansoek om rektifikasie gedoen, sodat die dooplidmaat se van verander kan word om met die van van die biologiese vader ooreen te stem. Die vader se naam en van word ook ingeskryf.

### 7.2.3 AANGENOME KIND

7.2.3.1 Waar ’n dooplidmaat voor die doopbediening aangeneem is, word die dooplidmaat onder die van van die aannemende ouers ingeskryf. Die name van die aannemende ouers word voluit in die ouerkolom aangeteken.

7.2.3.2 Indien die kind na die doopbediening aangeneem word en hy/sy dus ’n ander van kry, word aansoek om rektifikasie by die Argief gedoen, met die nodige bewyse van aanneming en vans-verandering. Na goedkeuring word in die opmerkingskolom aangedui “Arg. goedg. en die datum”.

Die name van die aannemende ouers word aangeteken, maar die name van die oorspronklike ouer(s)/biologiese ouer(s), mag onder geen omstandighede geskrap word nie. Met die aanbring van die nodige veranderings word die ou van, van die kind in rooi onderstreep, en die nuwe van word in rooi net bokant die ou van aangeteken. Die skriba parafeer daarnaas.

Ter wille van die alfabetiese orde in die registers moet ’n verwysings in rooi van die nuwe van, na die ou van in die betrokke registers gemaak word, bv VAN DER MERWE, JOHANNES kyk JOOSTE, JOHANNES. By die uitreik van ’n doopseël word die name van die aannemende ouers ingevul.

### 7.2.4 VOLWASSE DOOP

7.2.4.1 In die geval van ’n volwassene wat by belydenisaflegging gedoop word, word die inskrywing in beide die Doop- en Lidmateregister gedoen. Die name van die ouers word steeds voluit in die Dooplidmateregister geskryf. Indien die name van die ouers onbekend is, word in die Ouerkolom aangeteken: “Name nie beskikbaar”.

7.2.4.2 In die opmerkingskolom van die register vir belydende lidmate word aangeteken: "Na belydenis gedoop", KR en datum.

7.2.4.3 Die inskrywing van ’n getroude vrou geskied onder haar nooiensvan met die huidige van tussen hakies, byvoorbeeld (nou Nel).

### 7.2.5 BY HERTROUE

7.2.5.1 In die geval waar ’n weduwee of geskeide vrou weer trou en die kinders uit die vorige huwelik nog gedoop moet word, word die kinders geregistreer onder naam van die natuurlike (biologiese) vader, met die opmerking "oorlede op....." of "geskei op....." wat die geval mag wees, en die moeder se naam en nooiensvan.

7.2.5.2 Alleen indien die huidige vader langs geregtelike weë die kind(ers) op sy naam laat oorplaas het, met ander woorde wettiglik aangeneem het, kan die kinders by

die doop onder sy naam geregistreer word. In so ’n geval moet die dokumentêre bewys (aannemingsdokument) aan die betrokke kerkraad voorgelê word.

7.2.5.3 Indien so ’n aanneming eers ná die doop plaasvind, moet langs die voorgeskrewe weg aansoek om naamsverandering in die dooplidmateregister gedoen word (kyk pt 16.3.2).

### 7.2.6 DOOPGETUIES

7.2.6.1 Die inskrywing van die name van doopgetuies word ontmoedig omdat dit geen kerklike doel dien nie.

7.2.6.2 Minstens die eerste naam van die doopgetuie word voluit geskryf. Die nooiensvan van die vrou word ingeskryf met haar getroude van in hakies.

### 7.2.7 DOOP IN ’N ANDER GEMEENTE

In die geval waar met toestemming van die plaaslike kerkraad die doop in ’n ander gemeente bedien word, registreer die registerhouer van die gemeente waar die doop plaasgevind het, die doop in die dooplidmateregister, maar reik gelyktydig ’n bewys van dooplidmaatskap uit wat aan die gemeente waar die dopeling woonagtig is, gestuur word vir registrasie in dié gemeente se dooplidmateregister. Die registerhouer wat die dooplidmaatskap oorplaas, skryf in die VERTREKKOLOM die naam van die gemeente en die datum. In die Opmerkingskolom word ingevoeg: Toest + naam van gemeente wat toestemming gegee het vir die doop.

### 7.2.8 VERTREK NA ’N ANDER GEMEENTE (OORPLASING)

Wanneer ’n dooplidmaat met of sonder sy/haar ouers na 'n ander gemeente vertrek, reik die registerhouer ’n bewys van dooplidmaatskap uit wat in die nuwe gemeente ontvang, afgelees en in die dooplidmateregister ingeskryf word. Die geboortedatum en datum van doop en die naam van die leraar wat die doop waargeneem het, moet ook op die uitgereikte dooplidmaatskap verskyn.

### 7.2.9 DOOP AAN KINDERHUISKIND

7.2.9.1 Name van ouers: In alle gevalle word die name van die biologiese ouers ingevul.

7.2.9.2 In die opmerkingskolom word die kerkraadsbesluit en datum aangedui.

7.2.9.3 Die name van die lidmate van die gemeente wat bereid is om verantwoordelikheid te neem vir die verbondsopvoeding en deur die kerkraad aangewys is om as doopgetuies of geestelike voogde op die formulier te antwoord by die bediening van die doop aan ’n kinderhuiskind ouer as sewe jaar, moet in die kerkraadsbesluit genoem word.

7.2.9.4 Die name van die geestelike voogde kan in die volgende twee reëls, direk onder die name van die biologiese ouers ingevul word.

### 7.2.10 DOOP VAN KINDERS UIT DIE BUITELAND

7.2.10.1 As lidmate wat net tydelik in die buiteland woon, hul kind in ’n ander gemeente as hul tuisgemeente in Suid-Afrika wil laat doop, moet hulle die skriftelike toestemming van hul tuisgemeente verkry.

7.2.10.2 As lidmate wat permanent in die buiteland woon en daar by ’n gemeente inskakel, hul kind hier wil laat doop, is die prosedure soos volg:

7.2.10.2.1 hulle moet toestemming van hul gemeente in die buiteland kry;

7.2.10.2.2 daar word met hulle ’n doopgesprek gevoer deur die leraar van die gemeente waar die kind gedoop word.

7.2.10.2.3 Na die doop registreer die skriba die doop in die Dooplidmateregister, en reik gelyktydig ’n bewys van Dooplidmaatskap uit, wat aan die gemeente waar die dooplidmaat woonagtig is, gestuur word vir registrasie. In die opmerkingskolom word aangeteken: Toest. + gemeentenaam;

7.10.3 As lidmate wat permanent in die buiteland woon nie daar by ’n gemeente kan inskakel nie, maar hier wil laat doop, word die volgende prosedure gevolg:

7.10.3.1 die kerkraad van die gemeente waar hulle wil laat doop, vra hulle attestaat aan van die gemeente waar hulle lidmate was totdat hulle geëmigreer het;

7.10.3.2 daar word met hulle ’n doopgesprek gevoer.

7.10.3.3 hulle word tydens die gesprek gevra na die redes waarom hulle nie by ’n gemeente kan inskakel nie en hulle word aangespoor om wel by ’n gemeente in die buiteland in te skakel.

### 7.2.11 DOOP VAN KINDERS IN PLEEGSORG

7.2.11.1 Waar die dopeling voor die doopbediening in pleegsorg geneem is, word die dopeling onder sy/haar eie van ingeskryf, terwyl die name en van, van die pleegouers voluit in die ouer kolom verskyn. Die kerkraadsbesluit, datum en opmerking: “Doopouers is Pleegouers”, word in die opmerkingskolom aangedui.

7.2.11.2 Waar die kind ná die doopbediening wettig aangeneem word, word aansoek om rektifikasie met die voorlê van die nodige bewyse gedoen.

### 7.2.12 DOOP VAN KINDERS OUER AS 7 JAAR

Rekenskap word gegee ten opsigte van die doop van kinders ouer as sewe jaar deur die kerkraadsbesluit en datum in die opmerkingskolom aan te dui. Sien ook *Kerkorde AS 2019,* Artikel 49.1, asook Funksionele besluite 7 & 8: Doop.

### 7.2.13 DOOP VAN KINDERS UIT ANDER KERKE

In die opmerkingskolom moet van die doop van kinders uit ander kerke rekenskap gegee word. Die kerkraadsbesluit en datum word in die opmerkingskolom aangedui. Sien ook *Kerkorde* AS 2019, Reglement 26.3.3.

## 7.3 DIE BELYDENDE LIDMATEREGISTER

### 7.3.1 AFLEGGING VAN GELOOFSBELYDENIS

7.31.1 Die datum van belydenisaflegging en die geboortedatum van die lidmaat word in die onderskeie kolomme ingeskryf. Wanneer die lidmaat na ’n ander gemeente vertrek, moet die geboortedatum op die uitgereikte attestaat/lidmaatbewys verskyn.

7.3.1.2 Wanneer ’n vrou belydenis aflê, word dit onder haar nooiensvan in die register aangeteken en dié van behou sy deurgaans in die lidmateregisters van al die gemeentes waaraan sy mag behoort en hoeveel male sy ook al mag trou. Dit kan alleen verander word as sy haar nooiensvan wettig laat verander en dan ook aansoek doen om rektifikasie in die belydende lidmateregister. Waar ’n vrou uit ’n ander gemeente of kerk kom en haar getroude van verskyn op die lidmaatbewys/attestaat/verklaring, moet sy nogtans onder haar nooiensvan aangeteken word. Telkens word haar geldende getroude van in hakies bygevoeg, bv "(nou Odendaal)".

### 7.3.2 OORGEKOM/VERTREK

7.3.2.1 In die geval van ’n lidmaat wat by wyse van attestaat of lidmaatbewys uit ’n ander Ned Geref gemeente oorkom, word die naam van die betrokke gemeente in die regte kolom ingeskryf. Die datum waarop die naam van die lidmaat in die erediens afgelees word/op aankondigings verskyn, word in die register as datum van aankoms aangeteken.

7.3.2.2 In die geval van ’n vertrekkende lidmaat word die datum wanneer en die gemeente waarheen hy vertrek, in die onderskeie kolomme ingeskryf op die plek waar die naam oorspronklik in die register ingeskryf is.

7.3.2.3 Waar ’n persoon uit ’n ander kerk, gereformeerde of ’n nie-gereformeerde kerk of ’n sekte oorkom, vorm 11 voltooi het, en na die voorgeskrewe prosedure (sien Kerkorde AS 2019, Reglement 26.3.4) lidmaat van die gemeente word, word die korrekte naam van die vorige kerk of sekte in die kolom VAN WAAR geskryf, en in die opmerkingskolom word die Kerkraadsbesluit en datum aangeteken.

7.3.2.4 Waar ’n getroude vrou by wyse van attestaat of bewys van lidmaatskap oorkom, word haar name en nooiensvan soos dit op die attestaat/bewys van lidmaatskap voorkom, in die register geskryf. Waar ’n getroude vrou uit een van die susterskerke na ’n NG gemeente oorkom, word haar nooiensvan en name aangeteken soos dit op die ingelewerde sertifikaat verskyn. Die huidige van word tussen hakies geskryf.

7.3.2.5 Aangesien ’n predikant se akte van demissie ook sy attestaat is, word sy bevestigingsdatum as die datum van sy oorkoms aangeteken.

### 7.3.3 VERLIES VAN LIDMAATSKAP EN HERREGISTRASIE

7.3.3.1 Aangesien die NG Kerk geen interkerklike attestaat of bewys van lidmaatskap het nie en die oorgaan van lidmate by wyse van ’n “Verklaring insake lidmaatskap” (Vorm 8) moet geskied, moet verlies van lidmaatskap (byvoorbeeld: oorgaan na ’n nie-erkende kerk of afsnyding) en oorgaan na ’n erkende kerk (byvoorbeeld: om huweliksredes na ’n kerk met ’n gereformeerde belydenis) op presies dieselfde wyse hanteer word deur die uitreiking van ’n Vorm 8 ná besluit deur die kerkraad.

7.3.3.2 Indien verlies van lidmaatskap gedurende die jaar van oorspronklike registrasie geskied, word dit in die opmerkingskolom aangeteken dat die lidmaatskap verval het. Die datum van die kerkraadsbesluit word ook vermeld (voorbeeld: Lm verval. KR 10.02.2012).

7.3.3.3 Indien verlies van lidmaatskap buite die jaar van oorspronklike registrasie geskied, word dit by die oorspronklike inskrywing in die opmerkingskolom, met verwysing na die datum van die kerkraadsbesluit, aangeteken. Met vermelding van die naam, jaar van inskrywing en datum van die kerkraadsbesluit, word die saak per brief aan die argief oorgedra vir aantekening in die betrokke registerafskrif.

7.3.3.4 Indien die naam van die kerk waarheen die persoon oorgegaan het, bekend is, moet dit ook in die opmerkingskolom aangeteken word (voorbeeld: Lm verval. Oor na RKK. KR 10.02.2012).

7.3.3.5 Wanneer ’n persoon by wyse van belydenisaflegging of oorkoms weer lidmaat word, word dit so in die register aangeteken met verwysing na die kerk en die datum van die kerkraadsbesluit in die opmerkingskolom.

7.3.3.6 Waar ’n persoon ’n gemeente verlaat sonder om by ’n ander kerk aan te sluit en dan weer na berou na die kerk terugkeer, moet hy/sy weer belydenis van geloof aflê en dit moet so in die register aangeteken word. By verlating word in die opmerkingskolom aangeteken dat die lidmaatskap verval het.

**7.3.4 LIDMAATSKAP ONOPSPOORBAAR**

Waar die kerkraad tevrede is dat ’n lidmaatsertifikaat onopspoorbaar is en die lidmaat ’n verklaring ingedien het, word in die opmerkingskolom ingeskryf: "K'raadbesl. of KR ..........(datum)".

**7.4 DIE HUWELIKSREGISTER**

7.4.1 In elke gemeente word die huwelike wat daar bevestig word in ’n huweliksregister aangeteken.

7.4.2 Hierdie register word deur die kerkraad se argiefkommissie gekontroleer. Aan die einde van die register, net na die laaste inskrywing, word twee handtekeninge van die argiefkommissie aangebring.

7.4.3 In die kolom "Geboorteplek" moet die plek van geboorte ingevul word en nie RSA nie.

7.4.4 Die inskrywing van ’n weduwee/geskeide dame word soos volg gedoen: "Huidige getroude van en in hakies daarna die nooiensvan. bv Botha Amelia (geb. Verster)”. (Inligting hier ingevoeg volgens SKAI besluit 11/05/2007.)

7.4.5 Rekenaaruitdrukke word aanvaar, mits dit op papier van 120 gram of meer uitgedruk is, die vereiste kolomme bevat met die nodige parafering en handtekening soos vereis deur die Argief- en Inligtingskantoor.

**7.5 STERFTEREGISTER**

Wanneer ’n lidmaat te sterwe kom, word oorlede en die datum in die opmerkingskolom, teenoor die lidmaat se naam in die lidmateregister aangeteken. Dit geld ook ten opsigte van dooplidmate.

## 7.6 REGISTERAFSKRIFTE

7.6.1 Alle afskrifte moet ’n korrekte en getroue weergawe van die oorspronklike register-inskrywings wees. As ’n register egter gebrekkig aangelê is, beteken dit nie dat die gebreke in die afskrifte herhaal moet word nie. Die gegewens in die register moet met ander woorde in hulle korrekte vorm oorgeskryf of getik word. Die Argiefkommissie van die kerkraad moet die afskrifte nagaan:

- deur al die besonderhede in die dooplidmateregister met dié in die doopkladboek te vergelyk;
- deur die name in die belydende lidmateregister met die attestate/bewyse van lidmaatskap en die lys van name van persone wat belydenis afgelê het, te vergelyk;
- deur die teenblaaie van die lidmaatsertifikaatboek en attestaat-boek met die lidmateregister te vergelyk;
- deur die besonderhede in die afskrifte noukeurig met dié in die registers te vergelyk.

Die parafering en handtekening van die kommissie beteken dat die afskrifte nagegaan, waar nodig gekorrigeer en uiteindelik as korrek gesertifiseer is. Alle wysigings moet ook geparafeer word.

7.6.2 Op die voorblad verskyn slegs die naam van die gemeente en die tydperk waaroor die afskrifte strek. Die naam van die gemeente en die jaartal word verder op elke bladsy aangedui.

7.6.3 Lê die binneblaaie soos ’n boek oop. Begin met die inskrywings op die agterkant van die eerste blad en gaan dan voort soos dit in die register voorkom. Nommer die bladsy sodat wanneer die "boek" ooplê, die twee bladsye dieselfde nommer kry.

7.6.4 Daar mag geen bladsy tussenin oopgelaat word nie. Moet dus nie elke letter van die alfabet op ŉ nuwe bladsy begin nie. Hoogstens mag daar tussen die name wat met verskillende letters van die alfabet begin, ŉ reël oopgelaat word.

7.6.5 Geen gewone regstelling mag bo-oor ’n skryffout van die registerhouer aangebring word nie. Die fout moet met rooi onderstreep en die regstelling in rooi daarbo ingeskryf word. Alle regstellings word geparafeer. LW: ’n Gewone regstelling of korreksie is geen wysiging of rektifikasie nie.

7.6.6 Op die laaste bladsy van die afskrifte en net onder die laaste inskrywing sertifiseer die argiefkommissie van die kerkraad dat die afskrifte ’n korrekte en getroue weergawe van die oorspronklike register is. Elke binnebladsy word ook regs onder deur die kommissie klein en netjies geparafeer.

7.6.7 Voltooide afskrifte moet nie opgerol of gevou word nie en word in ’n groot koevert aan die ring se argiefkommissie besorg.

7.6.8 Die ringsargiefkommissie moet ’n maand of meer voor die ringsitting vergader om al die afskrifte na te gaan. Dan kan in gevalle waar dit nie in orde is nie, die afskrifte vir korreksie aan die kerkrade teruggestuur word sodat dit by die ringsvergadering reeds in orde is.

7.6.9 Die kerkraadsargiefkommissie moet toesien dat alle stukke wat deur die meerdere vergaderings vir verbetering/aanvulling/vervanging na hulle kerkraad terugverwys is, binne vier weke na afloop van die betrokke ringsvergadering in die verlangde toestand aan die Ringskriba terugbesorg word.

## 7.7 REKENARISERING VAN REGISTERS

Gemeentes is vry om te rekenariseer met dien verstande dat die Argief- en Inligtingskantoor se aanwysings en voorskrifte gevolg word.

**LW: Al sou daar van rekenarisering gebruik gemaak word, moet daar nogtans ’n oorspronklike (handgeskrewe) register aangehou word vir die belydende lidmate en dooplidmate.**

## 7.8 ELEKTRONIESE OORPLASING VAN LIDMAATSKAP

Elektroniese oorplasing van lidmaatskap mag elektronies per e-pos/faks aangevra en oorgeplaas word, mits dit op 'n amptelike vorm/briefhoof is.

## 7.9 ELEKTRONIESE BEWARING

7.9.1 Die praktyk om dokumente wat elektronies geskep is slegs elektronies te bewaar, word nie aanbeveel nie.

7.9.2 Kommissies van die Algemene Sinode, sinodes, ringe, kerkrade, inrigtings en alle argiefskeppende instansies word versoek om, naas die elektroniese bewaring van dokumente alle dokumentasie - notules en ander argivalia - in gedrukte vorm te bewaar en volgens die goedgekeurde riglyne vir bewaring (Agenda Algemene Sinode 1998, bl 142) na die Sinodale Argiefbewaarplekke oor te plaas.

## 7.10 INDIENING VAN REGISTERAFSKRIFTE

Registerafskrifte kan op die volgende wyse ingedien word:

7.10.1 Afskrifte (handgeskrewe) op die voorgeskrewe registerblaaie.

7.10.2 Rekenaaruitdrukke van lidmateregisters vir doop- en belydende lidmate, en huwelike volgens voorskrif en op 120 gram papier.

7.10.3 Voltooide afskrifte moet nie opgerol of gevou word nie.

7.10.4 Die Ring sien toe dat al die afskrifte voor die ringsitting nagegaan word. Afskrifte word waar nodig vir korreksies aan die kerkraad teruggestuur vir regstelling voor die Ringsvergadering.

7.10.5 Die kerkraad moet toesien dat alle stukke wat deur die Ring vir verbetering/aanvulling/vervanging na die kerkraad terugverwys is, binne vier weke na afloop van die betrokke Ringsvergadering in die verlangde toestand aan die Ringskriba terugbesorg word.

## 7.11 STANDAARDAFKORTINGS VIR GEBRUIK IN REGISTERS

Met die oog op die beperkte ruimte in registers beskikbaar is die volgende lys deur die Algemene Sinode (1998) goedgekeur:

| | |
|---|---|
| AGS | Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika |

| | |
|---|---|
| Afr | Afrikaans(e) |
| AP Kerk | Afrikaanse Protestantse Kerk |
| Arg | Argivaris/Argief |
| Art | Artikel |
| Ass of God | Assembly of God |
| Bapt Kerk | Baptistekerk |
| Bel | Belydenis van Geloof |
| Bep | Bepaling |
| Bl | Bladsy |
| Ch of Eng SA | Church of England in Southern Africa |
| Cong Church | Congregational Church |
| CPSA | Church of the Province of South Africa (Anglikane) |
| Dupl | Duplikaat/Inskrywing |
| Ev Geref Kerk | Evangeliese Gereformeerde Kerk |
| Fout | Foutiewe Inskrywing |
| Gel | Gelofte |
| Gem | Gemeente |
| GKSA | Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika |
| Ingel | Ingelewer |
| lnskr | Inskrywing |
| KO | Kerkorde |
| KR | Kerkraad/Kerkraadsbesluit/Kerkraadsgoedkeuring/ kerkraadsnotule |
| Kaap | Wes- en Suid-Kaapland |
| Lm/Lid | Lidmaat/Lidmaatsertifikaat/Lidmaatskap |
| Luth Kerk | Lutherse Kerke |
| Meth Kerk | Methodist Church |
| Nasar Kerk | Kerk van die Nasarener in Afrika |
| Nam | Namibië |
| NGKA | Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika |
| N Kaap | Noord-Kaapland |

| | |
|---|---|
| N Tvl | Noord-Transvaal |
| NG Kerk | Nederduitse Gereformeerde Kerk |
| NH Kerk | Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika |
| Oos-Kaap | Oos-Kaapland |
| Oos O Kerk | Oosterse Ortodokse Kerk |
| O Tvl | Oos-Transvaal |
| OVS | Oranje-Vrystaat |
| Oorl | Oorlede |
| P | Pagina (bladsy) |
| PPK | Pinkster Protestantse Kerk |
| Presb Kerk | Presbiteriaanse Kerk |
| RCA | Reformed Church in Africa |
| RKK | Roomse Katolieke Kerk |
| Reg | Registrasie/Register |
| SD Adven | Sewende Dag Adventiste Kerk |
| Skr | Skriba |
| Skrift | Skriflelik |
| Toest | Toestemming |
| VGKSA | Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika |
| V | Van |
| Ver | Verander |
| Verl | Verloor(e) |
| Vers | Versuim(de) |
| Vers reg | Versuimde registrasie |
| Vol Ev Kerk | Volle Evangelie Kerk |
| W Tvl | Wes-Transvaal |

Die Algemene Sinode aanvaar dat as standaardafkorting vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk "NG Kerk" (in plaas van NG kerk) gebruik word.

Die Algemene Sinode het op die volgende riglyne in dié verband besluit:

- erkende afkortings word gebruik;
- amptelike afkortings van die name van kerke en instansies word gebruik;

- indien daar nie ŉ afkorting vir ŉ bepaalde woord of naam is nie, stel die kommissie sy eie lys afkortings vir hulle gebruik saam.

**7.12 LIDMAATSKAP OOR GEMEENTEGRENSE**

7.12.1 In die geval waar ŉ Kerkraad ŉ besluit moes neem, moet die datum van die Kerkraadsbesluit in die Opmerkingskolom aangeteken word. (KR + datum). Vergelyk die *Kerkorde* AS 2019, Funksionele besluit 24. Sien ook Besluite 3.5 by Artikel 3 van hierdie Kerkorde.

**7.13 MINIMUM VEREISTES VIR BEWARING VAN REKORDS asook DIE WETLIKE VOORSKRIFTE VIR DIE BEWARING VAN REKORDS** (soos goedgekeur by die Algemene Sinode 2015), is by die Argief en Inligtingskantoor beskikbaar. Die reglement bevat die vereistes waarmee gehandel moet word met alle dokumente in elke gemeente-, rings-, sinodale en ander kerklike instansies, se kantore.

## 15. REGLEMENT VIR KOMMUNIKASIE

**1. SAMESTELLING VAN DIE TAAKSPAN KOMMUNIKASIE**

Die Taakspan

1.1 word saamgestel uit die skriba van die Moderamen (sameroeper), een verteenwoordiger (met sekundus) van elke bediening en die kommunikasie-beampte (met adviserende stem);

1.2 vergader ten minste vier keer per jaar; en

1.3 die skribaat word deur die kommunikasiebeampte hanteer.

**2. OPDRAG**

Die Taakspan is verantwoordelik vir

2.1 die redigering en bekendstelling van inligting rakende die werksaamhede van die Sinode, ringe en gemeentes;

2.2 die redigering en deurgee van tersaaklike inligting, verklarings en standpunte oor aktuele-, leerstellige- en etiese kwessies uit die kerk aan die sinodale verband en die gemeenskap;

2.3 die skep en instandhouding van funksionele netwerke in die media-wêreld;

2.4 die handhawing van ’n Bybelse integriteit met eerlikheid, ewewigtigheid, menswaardigheid en Woordgetrouheid in alle kommunikasiehandelinge; en

2.5 die Sinodale Kantoor bedryf sy interne kommunikasie op dieselfde waardes (vergelyk punt 2.4).

**3. MIDDELE**

3.1 Die Sinode beskik oor die volgende middele vir kommunikasie: Die Taakspan Kommunikasie met sy Kommunikasiekantoor. Die Taakspan hou toesig oor en werk in oorleg met die kantoor.

3.2 Die Sinode streef na interne sinodale kantoorkommunikasie gebaseer op die waardes van punt 2.4. Interne kantoorkommunikasie word deur die Direkteur Bediening vir Ondersteuning, in oorleg met die Sinodale Taakspan vir die Kerkkantoor en die kantoorhoofde, bedryf.

3.3 Alhoewel die Taakspan Kommunikasie van tyd tot tyd hieraan kan wysig, word die volgende sake deur die kommunikasiekantoor versorg:

3.3.1 VRYPOS as ’n twee-weeklikse elektroniese nuusbrief.

3.3.1.1 Die nuusbrief verskyn slegs in skoolkwartale.

3.3.1.2 Intekenare op die nuusbrief word deur die Taakspan Kommunikasie in oorleg met sy kantoor vasgestel.

3.3.1.3 Die doel van VRYPOS is die bekendstelling van werksaamhede in punte 2.1 en 2.2, dit dien as ’n spreekbuis vir die Moderamen en sinodale bedieninge/ taakspanne én dra nuuswaardighede oor wat onder sy aandag kom.

3.3.1.4 VRYPOS reageer nie op enige iets uit die ander media nie. Dit dien ook nie as ’n advertensiekanaal van nie-kerklike, of enige ander soort advertensiekanaal nie (bv toere, privaat verblyf, vakansiehuise).

3.3.2 ’n WEBWERF vir die Vrystaatse Sinode. Hierdie webwerf ondersteun die opdragte in punte 2.1 tot 2.4.

3.3.3 DATABASISSE in sinodale gebruik. Hieronder dien die volgende (dit kan deur die Taakspan Kommunikasie gewysig word):

- Jaarboek Ned Geref Kerk
- Kassierslys
- E-posadresse
- SMS-bondels
- Personeelinligtingstelsel

## 4. GOEDKEURING EN WYSIGING

Die goedkeuring en wysiging van hierdie reglement geskied deur die Moderamen.

# AFDELING C: KERKLIKE VORMS VAN DIE VRYSTAAT SINODE

## VORM 1

## BEROEPSBRIEF VIR ’N BEDIENAAR VAN DIE WOORD

**Beroep uitgebring deur die**

________________________________________________________

(naam en adres van gemeente)

**en gerig aan**

________________________________________________________

(naam en adres van beroepene)

**AANHEF:**

Genade, barmhartigheid en vrede vir u van God die Vader en van die Here Jesus Christus! Die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente.......................................... het genoeë om u in kennis te stel dat u tot herder en leraar van hierdie gemeente beroep is, sodat u hier alles kan kom doen wat van ’n herder en leraar volgens die Woord van God, die Kerkorde en ander bepalinge van die Nederduitse Gereformeerde Kerk verwag kan word.

**DIENSAANBOD:**

Dit is vir die Kerkraad van ................................................................. (naam van gemeente) ’n voorreg en ’n vreugde om met vrymoedigheid vir u ’n voltydse pos / tentmakerpos / vaste termynpos* as bedienaar van die Woord van die gemeente aan te bied, terwyl ons terselfdertyd ook biddend die vertroue uitspreek dat u hierdie diensaanbod (beroep) gunstig sal oorweeg. Die kerkraad onderneem namens die gemeente dat aan u die nodige agting en liefde bewys sal word en lojale samewerking en ondersteuning verleen sal word sodat u in die vervulling van u taak aangemoedig kan word en ook daarin vreugde kan ervaar.

**POSBESKRYWING:**

U sal die verantwoordelikheid aanvaar om binne die gemeente die ampspligte soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde uit te voer. Die volgende spesifieke pligte sal deur u nagekom word:

________________________________________________________________

________________________________________________________________

**LEWENSONDERHOUD:**

Die Kerkraad onderneem om met betrekking tot u lewensonderhoud uitvoering te gee aan die bepaling van Artikel 13 van die Kerkorde. Die volgende is in hierdie opsig van belang:

(a) U totale vergoedingspakket beloop R .................... per jaar. Hierdie pakket sal jaarliks met inagneming van die aanbevole skale van die Algemene Steunspan Predikantesake (ASP), Algemene Steunspan Fondse en Bates (ASFB) en die Raad van die Eenheid vir Ondersteuning (REO) aangepas word. Die pakket kan na u behoefte binne die raamwerk van en onderworpe aan tersaaklike wetgewing en sinodale besluite, gestruktureer word.

(b) U verlof word gereël volgens die *Reglement vir die Verlof van Bedienaars van die Woord* van die Algemene Sinode en met inagneming van die gemeente se personeelbeleid.

(c) Die staande besluite van die Algemene Sinode en die Sinode van die NG Kerk Vrystaat is van toepassing met betrekking tot u deelname aan die pensioenfonds, mediese skema en ander sinodale skemas en fondse.

(d) Huisvesting: ’n Vry woning word u aangebied / U kan ook ’n keuse uitoefen om u eie huisvesting te bekom in welke geval die kerkraad ’n spesifieke ooreenkoms met u sal aangaan*.

**DIENSBEËINDIGING:**

Diensbeëindiging, anders as deur aanvaarding van ’n beroep, word gereël deur Artikels 11, 12 en 14 van die Kerkorde en met inagneming van die spesifieke besluite van die Algemene Sinode en die Sinode van die NG Kerk Vrystaat oor 65 jaar as verpligte aftree-ouderdom.

**FINALISERING VAN OOREENKOMS:**

Indien u hierdie aanbod positief oorweeg, is die Kerkraad bereid om deur middel van onderhandeling ’n diensooreenkoms ingevolge hierdie aanbod met u te finaliseer, voordat u die beroep aanvaar. Finale reëlings oor die datum van bevestiging sal getref word tydens hierdie onderhandelinge.

**WYSIGINGS:**

Hierdie diensooreenkoms kan van tyd tot tyd gewysig word met instemming van beide partye en skriftelike goedkeuring van die ring of sy gevolmagtigde kommissie.

**VERBINTENIS TOT ONDERWERPING AAN DIE GESAG VAN DIE KERKVERBAND:**

Met die ondertekening van hierdie aanbod of ander ooreenkoms wat hieruit voortvloei verklaar ons ................................................................ (naam van gemeente) as werkgewer dat ons ons neerlê by bepalings van die Kerkorde en besluite van die Algemene Sinode en die Sinode van die NG Kerk Vrystaat soos van tyd tot tyd gewysig, asook toepaslike wetgewing en personeelbeleid van die betrokke kerkvergadering.

Geteken te __________________________op hierdie ____________ dag van _________

GETUIES: VOORSITTER: KERKRAAD

1. ______________________________ ___________________________

2. ______________________________ (NAMENS WERKGEWER)

**VERBINTENIS TOT ONDERWERPING AAN DIE GESAG VAN DIE KERKVERBAND:**
Met die ondertekening van hierdie aanbod of ander ooreenkoms wat hieruit voortvloei verklaar ek ................................................................................................................... (naam van beroepene) as werknemer dat ek my neerlê by bepalings van die Kerkorde en besluite van die Algemene Sinode en die Sinode van die NG Kerk Vrystaat soos van tyd tot tyd gewysig, asook toepaslike wetgewing en personeelbeleid van die betrokke kerkvergadering.

**VERKLARING DEUR BEROEPENE/BENOEMDE:**
Ek ...................................................................................................... (volle name) verklaar hiermee dat daar geen hangende of dreigende tughandeling teen my is nie en bevestig by hernuwing dat ek getrou sal bly aan die legitimasieverklaring wat ek onderteken het en wat ek aanvaar as kode vir optrede deur 'n predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Ek neem kennis van die diensaanbod van ____________________________________________ (naam van die gemeente) en versoek hiermee dat verdere onderhandelinge gevoer sal word met die oog op die finalisering van 'n diensooreenkoms.

Geteken te _________________________ op hierdie _______________ dag van __________

GETUIES:

1. ________________________________

2. ________________________________

___________________________________
BEROEPENE

* Skrap dit wat nie van toepassing is nie

**VORM 2**

NG Kerk
Vrystaat

# BENOEMINGSBRIEF VIR PREDIKANTE IN SINODALE DIENS

**Beroep uitgebring deur die**

______________________________________________________________

(naam van die betrokke sinodale kommissie/eenheid/Moderamen)

**en gerig aan**

______________________________________________________________

(naam en adres van beroepene)

**AANHEF:**

Genade, barmhartigheid en vrede vir u van God die Vader en van die Here Jesus Christus! Die Sinode/Moderamen van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Vrystaat het genoeë om u in kennis te stel dat u tot predikant in sinodale diens met opdrag ...................................................................... benoem is met al die verantwoordelikhede wat die gemelde arbeid volgens die Woord van God, die Kerkorde en ander bepalinge van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van u verwag*.

**DIENSAANBOD:**

Dit is vir die Sinode/Moderamen/Eenheid ’n voorreg en ’n vreugde om met vrymoedigheid die pos van predikant in sinodale diens met opdrag ........................................................... vir u aan te bied, terwyl ons terselfdertyd ook biddend die vertroue uitspreek dat u hierdie diensaanbod (beroep) gunstig sal oorweeg*.

**POSBESKRYWING:**

U arbeid word verrig onder toesig van die Eenheid ____________________________________ (naam van eenheid) ooreenkomstig die voormelde Kerkorde, en ook ooreenkomstig ander besluite van die Sinode of die betrokke eenheid in verband met u dienswerk.

**LEWENSONDERHOUD:**

Die Sinode/Moderamen/Eenheid onderneem om met betrekking tot u lewensonderhoud uitvoering te gee aan die bepaling van Artikel 13 van die Kerkorde. Die volgende is in hierdie opsig van belang*:

(a) U totale vergoedingspakket beloop R..................... per jaar. Hierdie pakket sal jaarliks met inagneming van die aanbevole skale van die Algemene Steunspan Predikantesake (ASP), Algemene Steunspan Fondse en Bates (ASFB) en die Raad van die Eenheid vir Ondersteuning (REO) aangepas word. Die pakket kan na u behoefte binne die raamwerk van en onderworpe aan tersaaklike wetgewing en sinodale besluite, gestruktureer word.

(b) U verlof word gereël volgens die *Reglement vir die Verlof van Bedienaars van die Woord* van die Algemene Sinode en met inagneming van die Sinode se personeelbeleid.

(c) Die staande besluite van die Algemene Sinode en die Sinode van die NG Kerk Vrystaat is van toepassing met betrekking tot u deelname aan die pensioenfonds, mediese skema en ander sinodale skemas en fondse.

(d) Huisvesting: 'n Vry woning word u aangebied / U kan ook 'n keuse uitoefen om u eie huisvesting te bekom in welke geval die Sinode/Moderamen 'n spesifieke ooreenkoms met u sal aangaan*.

**DIENSBEËINDIGING:**

Diensbeëindiging anders as deur aanvaarding van 'n beroep, word gereël deur Artikels 11, 12 en 14 van die Kerkorde en met in agneming van die spesifieke besluite van die Algemene Sinode en die Sinode van die NG Kerk Vrystaat oor 65 jaar as verpligte aftree-ouderdom.

**FINALISERING VAN OOREENKOMS:**

Indien u hierdie aanbod positief oorweeg, is die Sinode/Moderamen bereid om deur middel van onderhandeling 'n diensooreenkoms ingevolge hierdie aanbod met u te finaliseer, voordat u die beroep aanvaar*. Finale reëlings oor die datum van bevestiging sal getref word tydens hierdie onderhandelinge.

**WYSIGINGS:**

Hierdie diensooreenkoms kan van tyd tot tyd gewysig word met instemming van beide partye en skriftelike goedkeuring van die Sinodale Taakspan Kerkorde of sy gevolmagtigde.

**VERBINTENIS TOT ONDERWERPING AAN DIE GESAG VAN DIE KERKVERBAND:**

Met die ondertekening van hierdie aanbod of ander ooreenkoms wat hieruit voortvloei verklaar ons die _................................................................................................ (naam van die Eenheid/ Moderamen) as werkgewer dat ons ons neerlê by bepalings van die Kerkorde en besluite van die Algemene Sinode en die Sinode van die NG Kerk Vrystaat soos van tyd tot tyd gewysig, asook toepaslike wetgewing en personeelbeleid van die betrokke kerkvergadering.

Geteken te ____________________ op hierdie ____________ dag van ________________

GETUIES:

______________________________

______________________________

________________________
(NAMENS WERKGEWER)

**VERBINTENIS TOT ONDERWERPING AAN DIE GESAG VAN DIE KERKVERBAND:**

Met die ondertekening van hierdie aanbod of ander ooreenkoms wat hieruit voortvloei verklaar ek ........................................................................................................... (naam van beroepene) as werknemer dat ek my neerlê by bepalings van die Kerkorde en besluite van die Algemene Sinode en die Sinode van die NG Kerk Vrystaat soos van tyd tot tyd gewysig, asook toepaslike wetgewing en personeelbeleid van die betrokke kerkvergadering.

**VERKLARING DEUR BEROEPENE/BENOEMDE:**

Ek ........................................................................................................................ (volle name) verklaar hiermee dat daar geen hangende of dreigende tughandeling teen my is nie en bevestig by hernuwing dat ek getrou sal bly aan die legitimasieverklaring wat ek onderteken het en wat ek aanvaar as kode vir optrede deur ’n predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Ek neem kennis van die diensaanbod van die ______________________________________ (naam van die Eenheid/Moderamen) en versoek hiermee dat verdere onderhandelinge gevoer sal word met die oog op die finalisering van ’n diensooreenkoms.

Geteken te _____________________op hierdie _____________ dag van ________________

GETUIES:

_____________________________

_____________________________

_________________________

BEROEPENE

* Skrap dit wat nie van toepassing is nie

## VORM 3 A

### AKTE VAN BEVESTIGING

Aangesien ______________________________________________________________ op ____________________________ in ooreenstemming met al die betrokke bepalings deur __________________________________ met oplegging van hande bevestig is tot herder en leraar van die gemeente _______________________________ binne die gebied van die Ring van __________________________, word hiermee verklaar dat die bevestigde die bevoegdheid van bedienaar van die Woord in die Nederduitse Gereformeerde Kerk het en deel in al die voorregte en verpligtinge aan die amp verbonde.

Die Sinode bid die bevestigde die rykste seën van God toe in die uitoefening van hierdie heilige en heerlike amp ooreenkomstig die Woord, Belydenis en Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Gegee te _________________________________ op ______________________________

_________________________

SKRIBA VAN DIE SINODE

**VORM 3 B**

NG Kerk
Vrystaat

# AKTE VAN BEVESTIGING VAN DIENSLERAAR

Aangesien ____________________________________________________________ op ____________________________ in ooreenstemming met al die betrokke bepalings deur __________________________________ met oplegging van hande bevestig is tot Diensleraar van die gemeente _______________________________ binne die Ring van _________________________, word hiermee verklaar dat die bevestigde die bevoegdheid van Diensleraar het met die opdrag om die toegespitste diens van____________________________ te verrig in die Nederduitse Gereformeerde Kerk en deel in al die voorregte en verpligtinge aan die amp verbonde.

Die Sinode bid die bevestigde die rykste seën van God toe in die uitoefening van hierdie heilige en heerlike amp ooreenkomstig die Woord, Belydenis en Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Gegee te _________________________________ op ______________________________

________________________

SKRIBAVAN DIE SINODE

NG Kerk
Vrystaat

## AKTE VAN DEMISSIE

Die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente ___________________________ het die stukke in verband met die beroep van die broer / suster ___________________ ___________na die gemeente_______________________ gesien, en getuig hiermee in waarheid dat hy/sy hom/haar gedurende sy/haar verblyf in ons midde onberispelik in leer en wandel op ʼn wyse wat ʼn bedienaar van die Woord waardig is, gedra het. Op sy/haar versoek demitteer die Kerkraad hom/haar op eervolle wyse van sy/haar band met die Kerkraad en gemeente van__________________________ en oorhandig aan hom/haar hierdie Akte van Demissie wat ook dien as sy/haar attestaat, en wens hom/haar daarby van harte toe dat hy/sy in sy/haar nuwe werkkring met veel vrug mag arbei en steeds die ryke seën van die Here mag geniet.

Die broer/suster word vergesel deur sy/haar eggenoot/eggenote ____________________________en die volgende belydende lidmate

______________________________________________________________________________en die volgende dooplidmate: ______________________________________________________________

Gegee op ____________________ deur die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente _____________________________________ en hiermee onderteken deur die lede van die Kerkraad.

| **Ouderlinge:** | **Diakens:** |
| --- | --- |
| __________________________________ | __________________________________ |
| __________________________________ | __________________________________ |
| __________________________________ | __________________________________ |
| __________________________________ | __________________________________ |
| __________________________________ | __________________________________ |
| __________________________________ | __________________________________ |
| __________________________________ | __________________________________ |
| __________________________________ | __________________________________ |
| __________________________________ | __________________________________ |
| __________________________________ | __________________________________ |
| __________________________________ | __________________________________ |

## VORM 4B

### AKTE VAN DEMISSIE BY EMERITERING

Die Ring/Ringskommissie van ___________________________ het die vereiste stukke wat

betrekking het op die emeritering van broer/suster

________________________ (volle name)

as herder en leraar van die gemeente

_________________________________ (naam van gemeente)

/in diens van die kerkverband as_____________________________ (hoedanigheid)

in orde gevind, en demitteer hom/haar op sy/haar versoek en met die goedkeuring van die Kerkraad van _____________________________

/die kerkverband ________________________________ (naam van eenheid) ooreenkomstig die bepalings van die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Vrystaat op eervolle wyse van sy/haar diens in die gemeente/die kerkverband.

Hy/sy word van harte toegewens dat die rus na sy/haar jarelange dienswerk in die kerk van die Here vir hom/haar nuttig en genoeglik sal wees, en dat hy/sy steeds die rykste seëninge van die Here in die toekoms sal ondervind.

Gegee deur die Ring/Ringskommissie op hierdie ___________ dag van die maand _________________ in die jaar_________.

_____________________________

Voorsitter van die Ring/Ringskommissie

_____________________________

Skriba van die Ring/Ringskommissie

NG Kerk
Vrystaat

## AKTE VAN DEMISSIE VIR ’N PREDIKANT IN SINODALE DIENS

Die Sinode/Moderamen van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Vrystaat het die stukke gesien en in orde gevind wat betrekking het op die beroeping van die broer/suster ________________________________________________________ tans predikant in sinodale diens met opdrag _________________________________________ en demitteer gemelde broer/suster hiermee op eervolle wyse van sy/haar diens in genoemde betrekking, wens hom/haar van harte toe dat hy/sy in sy/haar nuwe hoedanigheid met veel vrug mag arbei aan die saak van Christus en voortdurend die seëninge van God tot sy tydelike en ewige heil mag ondervind.

Geteken te ____________________ op ______________________ deur die lede van die Moderamen.

________________________________

________________________________

________________________________

________________________________

________________________________

________________________________

________________________________

________________________________

________________________________

________________________________

________________________________

________________________________

## VORM 4D

# AKTE VAN DEMISSIE BY AANVAARDING VAN ’N ANDER WERK MET BEHOUD VAN BEDIENINGSBEVOEGDHEID

Die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde gemeente ___________________________ het in oorleg met die Ringskommissie van die Ring van ____________________________die vereiste stukke wat betrekking het op die demittering van broer/suster ____________________________________________________ (volle name) as herder en leraar van die gemeente in orde gevind, en demitteer hom/haar op sy/haar versoek hiermee ooreenkomstig die bepalings van die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Vrystaat op eervolle wyse van sy/haar diens in die gemeente, met behoud van sy/haar bedieningsbevoegdheid as bedienaar van die Woord in die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Die rykste seëninge van die Here word hom/haar in sy/haar nuwe werk van harte toegebid.

Gegee deur die Kerkraad op hierdie __________ dag van die maand ___________________ in die jaar ______ en geteken deur die lede van die Kerkraad.

| **Ouderlinge**: | **Diakens**: |
|---|---|
| ____________________________________ | ______________________________________ |
| ____________________________________ | ______________________________________ |
| ____________________________________ | ______________________________________ |
| ____________________________________ | ______________________________________ |
| ____________________________________ | ______________________________________ |
| ____________________________________ | ______________________________________ |
| ____________________________________ | ______________________________________ |
| ____________________________________ | ______________________________________ |
| ____________________________________ | ______________________________________ |
| ____________________________________ | ______________________________________ |
| ____________________________________ | ______________________________________ |
| ____________________________________ | ______________________________________ |
| ____________________________________ | ______________________________________ |

**VORM 4E**

## AKTE VAN DEMISSIE BY AANVAARDING VAN EMERITAAT WEENS SWAK GESONDHEID

Die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde gemeente ___________________________ het in oorleg met die Ringskommissie van die Ring van ____________________________die vereiste stukke wat betrekking het op die emeritering van broer/suster ________________________________________ weens swak gesondheid as herder en leraar van die gemeente in orde gevind. Hiermee word hy/sy op sy/haar versoek, ooreenkomstig die bepalings van die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Vrystaat, op eervolle wyse van sy/haar diens in die gemeente gedemitteer.

Hy/Sy word verbetering van sy/haar gesondheid en die seën van die Here toegebid.

Gegee op hierdie _________________ dag van die maand _____________________ in die jaar _______ en geteken deur die lede van die Kerkraad.

| **Ouderlinge**: | **Diakens**: |
|---|---|
| ____________________________________ | ______________________________________ |
| ____________________________________ | ______________________________________ |
| ____________________________________ | ______________________________________ |
| ____________________________________ | ______________________________________ |
| ____________________________________ | ______________________________________ |
| ____________________________________ | ______________________________________ |
| ____________________________________ | ______________________________________ |
| ____________________________________ | ______________________________________ |
| ____________________________________ | ______________________________________ |
| ____________________________________ | ______________________________________ |
| ____________________________________ | ______________________________________ |
| ____________________________________ | ______________________________________ |
| ____________________________________ | ______________________________________ |

**VORM 4F**

## AKTE VAN DEMISSIE (BRUGBEDIENING)

Die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente __________________________ het die stukke in verband met die verstryking van die termyn van die broer ________________________ as brugpredikant in die gemeente gesien, en getuig hiermee in waarheid dat hy hom gedurende sy verblyf in ons midde onberispelik in leer en wandel op 'n wyse wat 'n bedienaar van die Woord waardig is, gedra het. Die Kerkraad demitteer hom op eervolle wyse van sy band met die Kerkraad en gemeente van__________________________ en oorhandig aan hom hierdie Akte van Demissie wat ook dien as sy attestaat, en wens hom daarby van harte toe dat hy die ryke seën van die Here vir nog lank mag geniet.

***(indien van toepassing, anders skrap gewoon)***

Die broer word vergesel deur sy eggenote____________________________en die volgende belydende lidmate

_________________________________________________________________________en die volgende dooplidmate: _______________________________________________

Gegee op ____________________ deur die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente _____________________________________ en hiermee onderteken deur die lede van die Kerkraad.

| **Ouderlinge:** | **Diakens:** |
|---|---|
| __________________________________ | __________________________________ |
| __________________________________ | __________________________________ |
| __________________________________ | __________________________________ |
| __________________________________ | __________________________________ |
| __________________________________ | __________________________________ |
| __________________________________ | __________________________________ |
| __________________________________ | __________________________________ |
| __________________________________ | __________________________________ |
| __________________________________ | __________________________________ |
| __________________________________ | __________________________________ |
| __________________________________ | __________________________________ |

**VORM 4G**

## AKTE VAN DEMISSIE BY UITDIENSTREDING INGEVOLGE ARTIKEL 12.7 EN REGLEMENT 21 MET BEHOUD VAN BEDIENINGSBEVOEGDHEID

Die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde gemeente____________________________het in oorleg met die Ringskommissie van die Ring van___________________________die vereiste stukke wat betrekking het op die uitdienstreding van broer_______________________(volle name) as herder en leraar van die gemeente in orde gevind, en demitteer hom hiermee ooreenkomstig die bepalings van die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Vrystaat op eervolle wyse van sy diens in die gemeente, met behoud van sy bedieningsbevoegdheid as bedienaar van die Woord in die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Die rykste seëninge van die Here word hom van harte toegebid vir die toekoms. Gegee deur die Kerkraad op hierdie___________dag van die maand____________________in die jaar________en geteken deur die lede van die Kerkraad.

| **Ouderlinge:** | **Diakens:** |
| --- | --- |
| _________________________________ | _________________________________ |
| _________________________________ | _________________________________ |
| _________________________________ | _________________________________ |
| _________________________________ | _________________________________ |
| _________________________________ | _________________________________ |
| _________________________________ | _________________________________ |
| _________________________________ | _________________________________ |
| _________________________________ | _________________________________ |
| _________________________________ | _________________________________ |
| _________________________________ | _________________________________ |
| _________________________________ | _________________________________ |

Voorsitter/Konsulent ___________________ Skriba _______________________

# DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VRYSTAAT

## GELOOFSBRIEF VIR ’N VERGADERING VAN DIE SINODE

Die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde gemeente ______________________ verklaar hiermee dat hy op sy wettig gekonstitueerde vergadering, gehou op ________________________ die volgende persone verkies het as sy afgevaardigdes na die vergadering van die Sinode wat in ________________________________ (plek) op_________________________ (datum) sitting neem.

**DIE LERAAR/S** (name voluit)**:**

1. ________________________________________________________________
2. ________________________________________________________________
3. ________________________________________________________________
4. ________________________________________________________________

**DIE OUDERLING(E)/DIAKEN(S)** (name voluit en dui amp(te) aan asseblief)

1. ________________________________________________________________
2. ________________________________________________________________
3. ________________________________________________________________
4. ________________________________________________________________

**SEKUNDI** (name voluit en dui amp(te) aan asseblief)

1. ________________________________________________________________
2. ________________________________________________________________
3. ________________________________________________________________
4. ________________________________________________________________
5. ________________________________________________________________
6. ________________________________________________________________
7. ________________________________________________________________
8. ________________________________________________________________

***Besluite by Art 33:***

1. *Elke kerkraad binne die sinodale gebied vaardig ten minste een bedienaar van die Woord en een kerkraadslid af na die Sinode. Gemeentes met meer as een pos vir die bedienaar van die Woord kan na goeddunke soveel addisionele bedienaars van die Woord en 'n kerkraadslid vir elke bedienaar van die Woord afvaardig, tot die totaal van die aantal poste vir die bedienaar van die Woord van die gemeente, met dien verstande dat hulle proporsioneel bykomend sal bydra tot die koste van die Sinode. 'n Gelyke aantal sekundi word aangewys wat, indien nodig, in volgorde opgeroep word.*
2. *'n Primarius en sekundus afgevaardigde mag mekaar tydens die sinode vervang, met dien verstande dat die afvaardigende kerkraad self vir die ekstra koste instaan.*

GETEKEN DEUR:

1. Die Voorsitter van die Kerkraad: ________________________________________

2. Lede van die vergadering:

| Ouderlinge: | Diakens: |
|---|---|
| __________________________ | __________________________ |
| __________________________ | __________________________ |
| __________________________ | __________________________ |
| __________________________ | __________________________ |
| __________________________ | __________________________ |
| __________________________ | __________________________ |
| __________________________ | __________________________ |
| __________________________ | __________________________ |
| __________________________ | __________________________ |
| __________________________ | __________________________ |
| __________________________ | __________________________ |
| __________________________ | __________________________ |

VOLTOOI ASSEBLIEF:

DIE KWORUM VIR HIERDIE VERGADERING VAN DIE KERKRAAD OF SENTRALE KERKRAAD IS:

..............................

*Druk op een bladsy voor en agter

**VORM 6**

NG Kerk
Vrystaat

## DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VRYSTAAT
## GELOOFSBRIEF VIR 'N VERGADERING VAN DIE RING

Die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde gemeente ______________________ verklaar hiermee dat hy op sy wettig gekonstitueerde vergadering gehou op ________________________ die volgende persone verkies het as sy afgevaardigdes na die vergadering van die Ring van ___________________________________ wat te ___________________ op ___________________ en volgende dae gehou word.

**DIE LERAAR/S** (name voluit)**:**

1. ____________________________________________________________________
2. ____________________________________________________________________
3. ____________________________________________________________________
4. ____________________________________________________________________

**DIE OUDERLING(E)/DIAKEN(S)** (name voluit en dui amp(te) aan asseblief)

1. ____________________________________________________________________
2. ____________________________________________________________________
3. ____________________________________________________________________
4. ____________________________________________________________________

**SEKUNDI** (name voluit en dui amp(te) aan asseblief)

1. ____________________________________________________________________
2. ____________________________________________________________________
3. ____________________________________________________________________
4. ____________________________________________________________________
5. ____________________________________________________________________
6. ____________________________________________________________________
7. ____________________________________________________________________
8. ____________________________________________________________________

***Besluite by Art 30:***

1. *Elke kerkraad binne die ringsgebied vaardig sy bedienaar(s) van die Woord en een ouderling/diaken vir elke pos vir die bedienaar van die Woord af na die ringsvergadering. Waar 'n gemeente nie 'n bedienaar van die Woord het nie of die pos vir die bedienaar van die Woord vakant is, word 2 ouderlinge/diakens afgevaardig. 'n Gelyke aantal sekundi word aangewys wat, indien nodig, in volgorde opgeroep word.*
2. *'n Primarius en sekundus ouderling/diaken mag mekaar tydens die ringsitting vervang, behalwe tydens 'n tugondersoek.*

GETEKEN DEUR:

1. Die Voorsitter van die Kerkraad: ____________________________________________

2. Lede van die vergadering:

| Ouderlinge: | Diakens: |
|---|---|
| ______________________________ | ______________________________ |
| ______________________________ | ______________________________ |
| ______________________________ | ______________________________ |
| ______________________________ | ______________________________ |
| ______________________________ | ______________________________ |
| ______________________________ | ______________________________ |
| ______________________________ | ______________________________ |
| ______________________________ | ______________________________ |
| ______________________________ | ______________________________ |
| ______________________________ | ______________________________ |
| ______________________________ | ______________________________ |
| ______________________________ | ______________________________ |
| ______________________________ | ______________________________ |
| ______________________________ | ______________________________ |

VOLTOOI ASSEBLIEF:

DIE KWORUM VIR HIERDIE VERGADERING VAN DIE KERKRAAD OF SENTRALE KERKRAAD IS:

..............................

*Druk op een bladsy voor en agter

NG Kerk
Vrystaat

# VERKLARING VAN DOOP

(indien attestasie al verval het)

Die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente __________________________ verklaar hiermee dat dit uit die Dooplidmaatregister van die gemeente blyk dat ______________________________________________________ op____________________ die sakrament van die doop ontvang het.

_____________________________
Voorsitter/Skriba van die kerkraad

Uitgereik te _________________________

Datum____________________________

**VORM 8**

# VERKLARING VAN LIDMAATSKAP

(indien attestasie al verval het)

Die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente ___________________________ verklaar hiermee dat die volgende persone tot op _____________________ lidmate van die gemeente was:

BELYDENDE LIDMAAT(E):

| | Volle name | Geboortedatum |
|---|---|---|
| 1. | ........................................................................... | ................................................ |
| 2. | ........................................................................... | ................................................. |
| 3. | ........................................................................ | ............................................... |
| 4. | ........................................................................ | ............................................... |
| 5. | ........................................................................ | ............................................... |

DOOPLIDMAAT(E):

| | Volle name | Geboortedatum |
|---|---|---|
| 1. | ....................................................................... | .............................................. |
| 2. | ....................................................................... | .............................................. |
| 3. | ........................................................................ | .............................................. |
| 4. | ........................................................................ | ............................................... |
| 5. | ........................................................................ | ............................................... |

Die kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente __________________________ word hiermee versoek om die bogenoemde persone onder sy herderlike sorg en opsig op te neem.

Die adres van bogenoemde(s) in u gemeente: _______________________________________

Namens die Kerkraad uitgereik op ______________________

_______________________________

Voorsitter/Skriba van die kerkraad

## VORM 9

NG Kerk
Vrystaat

# ATTESTAAT

HEIL DIE LESER

Die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente __________________________ getuig hiermee dat die volgende persone belydende lidmate van die bogenoemde kerk is, en sover dit aan die Kerkraad bekend is, suiwer in leer en onberispelik in lewenswandel is:

| | Volle name | Geboortedatum |
|---|---|---|
| 1. | ....................................................................... | .................................................... |
| 2. | ....................................................................... | .................................................... |
| 3. | ....................................................................... | .................................................... |
| 4. | ....................................................................... | .................................................... |
| 5. | ....................................................................... | .................................................... |

Die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente __________________________ word versoek om die genoemde lidmate as sodanig te erken, onder u herderlike sorg en opsig op te neem en tot die gebruik van die sakramente toe te laat.

Genoemde lidmaat(e) word vergesel van die volgende dooplidmate wat ook aan u herderlike opsig toevertrou word:

| | Volle name | Geboortedatum | Doopdatum |
|---|---|---|---|
| 1. | ....................................................... | .................................. | ......................... |
| 2. | ....................................................... | .................................. | ......................... |
| 3. | ....................................................... | .................................. | ......................... |
| 4. | ....................................................... | .................................. | ......................... |
| 5. | ....................................................... | .................................. | ......................... |

Na die beste van ons wete is die adres van bogenoemde in u gemeente: ________________

Namens die Kerkraad uitgereik op ______________________________________________

_____________________________

Voorsitter/Skriba van die kerkraad

## VORM 10

## BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP

Die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente ___________________________ verklaar hiermee dat ______________________________________________________________ tot op (datum) ____________________________________ lidmaat van hierdie gemeente was en dat sy/haar band met die Nederduitse Gereformeerde Kerk hiermee verbreek is.

Namens die Kerkraad uitgereik op _______________________________________________

_____________________________
Voorsitter/Skriba van die kerkraad

**VORM 11**

## VERKLARING VIR ONDERTEKENING DEUR LIDMATE VAN ANDER KERKGENOOTSKAPPE

[Voltooi ŉ afsonderlike vorm vir elke lidmaat.]
[ Sien KO 2022 Vrystaat Regl 7.3.2.3]

Ek, die ondergetekende

| | |
|---|---|
| **Volle name:** | |
| **Van:** | |
| **Nooiensvan:** | |
| **Geboortedatum:** | |

verklaar hiermee dat ek die leer soos in die Ou en Nuwe Testament en in die belydenisskrifte van die Ned Geref Kerk vervat is, onderskryf en verstaan dat ek deur God tot diens in die gemeente en wêreld geroep word. Ek beloof om as lidmaat van die gemeente van Christus deur Sy genade in die belydenis van die leer tot die einde van my lewe te volhard, en alle leringe wat daarvan afwyk, te verwerp. Ek bely dat Jesus Christus my Verlosser is en dat ek Hom liefhet. Ek aanvaar ook dat medegelowiges die verantwoordelikheid het om my te help om op die regte pad te bly.

| | |
|---|---|
| **Leraar:** Handtekening | |
| **Leraar:** Titel, naam en van | |

| | |
|---|---|
| **Gemeente:** | |

| | |
|---|---|
| **Datum:** | |

____________________________________

**Lidmaat se handtekening**

## VORM 12

# REKTIFIKASIE IN DIE DOOPLIDMAATREGISTER

**LET WEL:**

1. Hierdie aansoek moet in duplikaat by die betrokke kerkraad ingelewer word.
2. Dit moet vergesel wees van behoorlike bewysstukke.
3. Na goedkeuring en voltooiing deur die kerkraad, word die vorms tesame met die voorgeskrewe bedrag na die Argief gestuur.
4. Na goedkeuring deur die Argief, word een vorm na die kerkraad teruggestuur.

**Adres applikant:**

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

Voorsitter van die Kerkraad NG Gemeente _____________________________________

Ondergetekende doen hiermee aansoek vir die volgende verandering/laatinskrywing in u dooplidmaatregister:

VOLLE NAAM VAN DOOPLIDMAAT (soos tans in register) ____________________

___________________________________________________________________

GEBOORTEDATUM: ______________________ DOOPDATUM: _______________

DATUM OORGEKOM:

______________________________________________________________________

VADER: ______________________________________________________________

MOEDER: _____________________________________________________________

DIE VOLGENDE VERANDERING(E) MOET AANGEBRING WORD
(volledig en duidelik in hoofletters):

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

OM DIE VOLGENDE REDES:

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

________________________
Handtekening van applikant

________________________
Datum

## GOEDKEURING VAN KERKRAAD

Die Kerkraad het op sy vergadering van ________________________ die aansoek oorweeg en beveel aan dat die Argief die verandering goedkeur.

Die Kerkraad het die volgende bewysstukke voor hom gehad:

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

| ________________ | ________________ |
|---|---|
| Datum | Skriba van Kerkraad |

**NB: Bewysstukke moet ook aan die Argief voorsien word.**

## BESLUIT VAN DIE ARGIEF

Die Argief het soos volg besluit:

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

| ________________ | ______________________ |
|---|---|
| Datum | Argief of verteenwoordiger |

*Druk op een bladsy voor en agter

**VORM 13**

NG Kerk
Vrystaat

# REKTIFIKASIE IN DIE BELYDENDE LIDMAATREGISTER

**LET WEL:**

1. Hierdie aansoek moet in duplikaat by die betrokke kerkraad ingelewer word.
2. Dit moet vergesel wees van behoorlike bewysstukke.
3. Na goedkeuring en voltooiing deur die kerkraad, word die vorms tesame met die voorgeskrewe bedrag na die Argief gestuur.
4. Na goedkeuring deur die Argief, word een vorm na die kerkraad teruggestuur.

**Adres applikant:**

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

Voorsitter van die Kerkraad

NG Gemeente________________________________________________

Ondergetekende doen hiermee aansoek vir die volgende verandering/laatinskrywing in u lidmaatregister:

VOLLE NAAM VAN LIDMAAT (soos tans in register) ______________________________

________________________________________________________________________

DATUM BELYDENIS AFGELÊ: _____________________________________________

DATUM OORGEKOM: _____________________________________________________

DIE VOLGENDE VERANDERING(E) MOET AANGEBRING WORD: (volledig en duidelik in hoofletters):

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

OM DIE VOLGENDE REDES:

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

________________________
Handtekening van applikant

________________________
Datum

## GOEDKEURING VAN KERKRAAD

Die Kerkraad het op sy vergadering van ________________________________ die aansoek oorweeg en beveel aan dat die Argief die verandering goedkeur.

Die Kerkraad het die volgende bewysstukke voor hom gehad:

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

________________________ ________________________
Datum Skriba van Kerkraad

**NB: Bewysstukke moet ook aan die Argief voorsien word.**

## BESLUIT VAN DIE ARGIEF

Die Argief het soos volg besluit:

______________________________________________________________________
______________________________________________________________________
______________________________________________________________________
______________________________________________________________________

________________________ ________________________
Datum Argief of verteenwoordiger

*Druk op een bladsy voor en agter

# AFDELING D: SINODALE REËLINGS VAN DIE VRYSTAAT SINODE

Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat het die volgende reëlings getref ter wille van ’n eenvormige en ordelike afhandeling van sake binne die sinodale gebied van die Vrystaat:

## D1 PLIGTE VAN ’N KERKRAAD

Die pligte van ’n kerkraad behels die volgende:

1. Die opsig oor die bediening van die Woord en die sakramente, die beslissing oor wie tot die kansel en die gebruik van die sakramente toegelaat word ingevolge die kerkorde, die handhawing van die liturgiese orde, die kategese, openbare aflê van belydenis van geloof, die huisbesoek, die uitoefening van tug en die behandeling van ingekome stukke. Die kerkraad doen hierdie take namens die gemeente wat hulle verteenwoordig.

2. Die toesig oor die gereelde en tydige indiening en uitreiking van attestate en bewyse van lidmaatskap.

3. Die reëling van die kerklike bevestiging van die huwelik as instelling van goddelike oorsprong en die handhawing van die besluit van die Algemene Sinode met betrekking tot die hertrou van geskeides.

4. Die reëling van dank- en biddae ingevolge die kerklike jaar en soos wat die behoefte mag ontstaan vir spesifieke en die herdenking van die kerkhervorming.

5. Die behartiging van die kategese, asook die bevordering van die werksaamhede van die Kerk.

6. Die behartiging van alimentasie.

7. Voorsiening vir die lewensonderhoud van die bedienaar van die Woord na onderhandeling volgens sinodale skaal, soos aanbeveel deur die Vrystaat sinode asook die voorsiening van ’n doelmatige woning en ’n geskikte vervoermiddel of ‘n vervoertoelaag. Die sinode se aanbeveling(s) dien as riglyn, maar die totale vergoedingspakket word onderhandel volgens waartoe die gemeente finansieel in staat is.

Elke gemeente moet ‘n kommissie vir diensverhoudinge hê. Hierdie kommissie stel ‘n diensooreenkoms op vir die leraar in terme van die riglyne van die Vrystaat sinode. Die diensooreenkoms moet bepalings bevat vir salarisskaal waarop die leraar begin met bepalings ingesluit rakende ’n 13$^{de}$ betaling (bonus) en jaarlikse verhoging; werkure verlang, verlofreëlings; behuising- en reisvoordele en ampspligte wat verwag word.

8. Die behartiging van die stoflike aangeleenthede van die gemeente onder die volgende bepalinge:

8.1 Alle fondse, eiendomme en kerkgoedere behoort aan die gemeente (wat ’n regspersoon is) en die kerkraad tree slegs op as bestuursorgaan van die gemeente *(vgl Regl 24, pt 4.1)*. Gemelde goedere moet geregistreer wees op naam van “Die Nederduitse Gereformeerde gemeente ………..”.

8.2 Stukke wat op die geldelike administrasie betrekking het, word geteken deur die voorsitter van die kerkraad, nadat hy deur die kerkraad daartoe gemagtig is of deur 'n ander persoon of persone wat deur die kerkraad daartoe volmag verkry het.

8.3 Die Kerkraad stel 'n kassier aan wat verkieslik 'n lidmaat van die Nederduitse Gereformeerde Kerk moet wees en wat hom/haar aan die voorskrifte van die pligte van die kassier en besluite van die kerkraad en Sinode moet hou.

8.4 Die gemeente se ouditeur mag nie op die kerkraad se Finansiële Kommissie dien nie.

9. Die waarneming van kollektes en insamelings wat deur die Vrystaat Sinode bepaal word.

10. Die hou van dooplidmaat- en lidmaatregisters.

11. Die opstel van huishoudelike reglemente, indien nodig, wat nie in stryd met die bestaande Kerkorde is nie.

12. Die hou van die volgende vergaderings:

12.1. Die hou van minstens vier gewone vergaderings elke jaar. In buitengewone omstandighede en met die goedkeuring van die ring kan die kerkraad minder vergader. Hierdie vergaderings moet tydens die erediens op die Sondag voor die vergadering, aan die gemeente bekend gemaak word

12.2. Die hou van buitengewone vergaderings wat deur die voorsitter self, of op die skriftelike versoek van minstens twee lede met opgaaf van redes bepaal moet word. Die agenda van ’n buitengewone vergadering mag slegs die saak waarvoor hy byeengeroep is, bevat. ’n Buitengewone vergadering moet afgekondig word die Sondag voordat dit gehou word. Indien dit nie moontlik is nie, moet elke lid betyds skriftelik of mondelings daarvan verwittig word.

13. Die erkenning op sy vergaderings van die voorsitterskap van die verkose voorsitter volgens die besluit van die Sinode: Elke kerkraad kies jaarliks ‘n voorsitter uit die leraar(s) of ouderlinge. (*In gemeentes met meer as een voltydse leraar mag die kerkraad besluit dat die leraars om die beurt optree as voorsitter van die kerkraad by vergaderings.)*

14. Die indeling van die gemeente in wyke/groepe met die oog op die uitvoering van die ampspligte van ouderlinge en diakens.

15. Die aanstelling van 'n skriba wat die notule hou, alle registers, kerkboeke en dokumente sorgvuldig in die argief van die gemeente in 'n brandvrye kluis bewaar, en bewyse van doop- en lidmaatskapsertifikate, namens die kerkraad uitreik. Indien die skriba nie 'n lid van die kerkraad is nie, maak sy/haar teenwoordigheid dit nie tot 'n oop vergadering nie.

16. Die verskaffing van alle gevraagde inligting aan die ring, die Sinode of hul kommissies/bedieninge.

17. Die kerkraad moet op ’n wettig gekonstitueerde vergadering vir elke vergadering van die ring en van die sinode die volgende opdragte nakom:

17.1. Die afvaardiging van die bedienaar(s) van die Woord en (’n) primarius ouderling(e)/ diaken(s). Vir elke primarius word ’n sekundus aangewys. Die geloofsbrief van die afvaardiging moet deur al die lede van die vergadering onderteken word.

17.2. Die indiening by die ring van die vorms wat deur al die lede van die vergadering of deur ’n gevolmagtigde kommissie van die kerkraad onderteken word.

17.3. Die indiening van beskrywingspunte, gravamina asook versoekskrifte, indien enige.

## D2 PLIGTE VAN DIE KASSIER

Die Kassier voer opdragte van die kerkraad uit met betrekking tot die invordering van gelde en inkomste van die kerk en die betaling van die skulde van die kerkraad en gee by elke kerkraadsvergadering verslag van die stand van die kerklike fondse. Een keer per jaar, voor die einde van Februarie, moet ’n volledige finansiële staat van alle fondse asook 'n nasienersverslag deur ’n onafhanklike nasiener oor die voorafgaande boekjaar (Maart tot Februarie), aan die kerkraad voorgelê word (sien nota 1).

Die kassier moet vir elke gemagtigde uitbetaling ’n behoorlike bewysstuk of ’n kwitansie kry en vir alle gelde wat ontvang word, kwitansies in duplikaat uitreik. Alle dokumente moet deurlopend voorgelê word aan ’n onafhanklike komitee/persoon van die gemeente, vir nasiening (sien nota 2).

**NOTA 1**

**A)** ***Definisie van ’n onafhanklike nasiener***

’n Onafhanklike nasiener is ’n finansiële of rekeningkundige deskundige wat in terme van die Maatskappywet, die nasienfunksie van ’n privaat maatskappy mag doen. So ’n onafhanklike nasiener moet lid wees van ’n professionele instituut of instansie.

**B)** ***Verantwoordelikhede van ’n onafhanklike nasiener***

i) Om jaarliks, waar die kerk nie self finansiële state opstel nie, finansiële state op te stel vanaf inligting verskaf deur die Kerkraad, in ooreenstemming met Sinodale voorskrifte vir finansiële state van gemeentes.

ii) Om ’n getekende verslag te verkry vanaf die onafhanklike komitee/persoon van die kerkraad wat bevestig dat al die pligte van so komitee/persoon nagekom is soos vereis deur die Sinodale kerkkantoor (sien nota 2)

iii) Die bates en die laste soos op die finansiële state te bevestig op jaareinde.

iv) ’n Oorsigverslag uit te reik aan die Kerkraad wat bogenoemde bevestig.

**NOTA 2**

***PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN ONAFHANKLIKE KOMITEE/ PERSOON VAN ‘N GEMEENTE***

1. So 'n komitee/persoon moet onafhanklik wees van die Kerkraad, asook van die finansiële komitee en die kassiere (soortgelyk aan ouditkomitee). Waar ’n gemeente nie oor sodanige kundige persoon beskik nie, kan die funksie uitgekontrakteer word, selfs ook aan die onafhanklike Nasiener. Die kerkraad kan egter self besluit of hulle eerder ’n oudit wil doen of nie.

2. Hierdie onafhanklike komitee/persoon moet deurlopend die volgende take uitvoer:

   i) Bevestig dat alle uitgawes en betalings gestaaf word deur ’n geldige dokument.

   ii) Bevestig dat ’n begroting vir die finansiële jaar gedoen word.

   iii) Bevestig dat alle uitgawes en betalings binne die begroting is. Waar betalings en uitgawes meer as die begroting is, moet spesifieke goedkeuring by die Kerkraad verkry word.

iv) Bevestig dat alle inkomstes en gelde ontvang deur ’n kwitansie of stawende bewys ondersteun word.

v) Bevestig dat alle gelde wat ontvang is op ’n gereelde basis gebank word.

vi) Bevestig dat alle sinodale kollektes oorbetaal word en ’n sertifikaat van die Kerkkantoor verkry word.

vii) Bevestig dat proratas maandeliks aan die Vrystaat sinode oorbetaal word.

viii) Bevestig dat finansiële rekords gehou word en boeke op 'n maandelikse basis opgeskryf en gebalanseer word tot en met proefbalans.

ix) Bevestig dat alle inskrywings in die grootboek korrek geallokeer is.

x) Bevestig dat bankrekonsiliasies maandeliks gedoen word.

xi) Bevestig dat kleinkas op ’n maandelikse basis gebalanseer word.

xii) Bevestig dat belasting en ander statutêre heffings maandeliks oorbetaal word.

xiii) Bevestig dat alle finansiële besluite van kerkraadsvergaderings geïmplementeer is en korrek weergegee word in die finansiële rekords.

xiv) Bevestig dat die toedeling van fondse en uitgawes by trustfondse korrek gehanteer word en in ooreenstemming is met die voorskrifte van die trust of trustfonds.

xv) Bevestig dat ’n salarisregister gehou word en dat salarisse is soos goedgekeur deur die Kerkraad.

xvi) Bevestig dat ’n verlofregister gehou word en dat dit in terme is met goedkeurings van die Kerkraad.

xvii) Bevestig dat ’n bateregister gehou word en voldoende versekering bestaan.

xviii) Bevestig dat ’n beleggingsregister gehou word en dat beleggings in ooreenstemming is met die finansiële rekords, kerkraadsbesluite en voorskrifte van trust en trustfondse.

xix) Bevestig dat ’n volledige lêer wat al bogenoemde bevestig, tesame met ’n proefbalans en stawende dokumente en opsommings, na jaareinde aan die onafhanklike Nasiener voorgelê word.

**D3 ADVIES OOR REIS- EN TREKONKOSTE**

Die Vrystaat Sinode het die volgende besluite geneem insake reis- en trekonkoste:

**Besluite by artikel 8**
*8.7 Die beroepende kerkraad dra die vervoerkoste van die beroepene en sy gesin, asook die verpakking en vervoer van sy meublement en boekery*.

Die Algemene Sinode adviseer dat kerkvergaderings eenmalig, soos by diensaanvaarding, die reis- en trekonkoste van leraars en kerkamptenare by uitdienstreding weens die bereiking van die ouderdomsgrens, of as gevolg van siekte - of van sy naasbestaandes in geval van sy afsterwe in sy dienstyd - vanaf sy standplaas of plek van dienslewering na sy plek van aftrede, waar hy of sy naasbestaandes hulle gaan vestig, sal dra (Notule Sinode, 1995 p 243, pt 2.9)

*Nota: Let daarop dat hierdie bepaling slegs advies is van die Algemene Sinode en daarom kan ’n kerkraad besluit of hulle dit gaan uitvoer al dan nie.*

# AFDELING E: REGLEMENTE VAN DIE ALGEMENE SINODE

## FUNKSIONERING VAN DIE ALGEMENE SINODE

## REGLEMENT 1

## REGLEMENT VIR DIE FUNKSIONERING VAN DIE ALGEMENE SINODE

Hierdie reglement moet in samehang met Artikel 43 van die *Kerkorde*, asook Reglement 2 vir die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) gelees word.

### 1. NAAM

Die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

### 2. AARD EN FUNKSIE VAN DIE VERGADERING VAN DIE ALGEMENE SINODE

2.1 Die vergadering van die Algemene Sinode is ’n viering van die eenheid en identiteit van die NG Kerk.

2.2 Die vergadering van die Algemene Sinode gaan geloofsonderskeidend om met die sake op die agenda.

2.3 Die Algemene Sinode motiveer en ondersteun die sinodes in die uitvoering van hulle roeping.

2.4 Die Algemene Sinode is nie ’n voorskriftelike sinode nie.

2.5 Die Algemene Sinode hanteer alleenlik sake wat volgens Artikel 43 op die terrein van die Algemene Sinode val.

2.6 In die termyn tussen gewone vergaderings van die Algemene Sinode funksioneer die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) as ’n gevolmagtigde werksvergadering waar die operasionele- en bedryfsake van die Algemene Sinode volgens omskrewe mandate (sien Reglement vir die ASM) behartig word.

2.7 Die Algemene Sinode en sy taakspanne doen navorsing en beoefen inklusiewe konsulterende gesprek en gemeenskaplike denke wat sinodes en gemeentes help om eie beleid te vorm.

2.8 Die Algemene Sinode en sy taakspanne dien adviserend vir die samestellende sinodes ten opsigte van bepaalde beleidsake soos kerkordelike sake, predikantesake en arbeidsregtelike sake.

### 3. SAMESTELLING EN FREKWENSIE VAN VERGADERINGS

3.1 Die Algemene Sinode vergader elke vier jaar.

3.2 Die vergadering van die Algemene Sinode bestaan uit ’n maksimum van 370 afgevaardigdes wat sover moontlik saamgestel word uit ’n gelyke aantal predikante en kerkraadslede.

3.2.1 Twee honderd afgevaardigdes wat uit twintig persone per samestellende sinode saamgestel word, waarvan die helfte verkieslik jonger as 40 jaar moet wees.

3.2.2 Honderd en sestig afgevaardigdes word proporsioneel volgens die aantal belydende lidmate van elke samestellende sinode / kerke aangewys.

3.2.3 Die Algemene Kuratorium wys tien afgevaardigdes uit die vyf opleidingsentra aan, naamlik die drie teologiese fakulteite by Stellenbosch, Bloemfontein en Pretoria; Hugenote Kollege, asook die Namibiese Evangeliese Teologiese Seminarium. Hierdie persone het volle sittingsreg.

3.2.4 Sinodes word aangemoedig om diversiteit ten opsigte van geslag en ouderdom in ag te neem met die saamstelling van hulle afvaardigings.

## 4. AGENDAVORMING

4.1 Die vorming van die agenda geskied vanuit die samestellende sinodes, die ASM en die permanente taakspanne van die Algemene Sinode.

4.2 Elke vergadering van die Algemene Sinode word voorafgegaan deur ’n konsultasieproses met die samestellende sinodes en taakspanne van die Algemene Sinode om voorstelle en insette vir die agenda te verkry.

4.3 Die ASM stel die agenda in ’n geloofsonderskeidende proses vas na aanleiding van die insette van die samestellende sinodes en taakspanne van die Algemene Sinode.

4.4 Die agenda handel slegs oor sake binne die raamwerk van Artikel 43 van die Kerkorde.

## 5. FUNKSIONERING

5.1 Wyse van vergadering

5.1.1 Vergaderings word ingerig om maksimale deelname en interaksie van afgevaardigdes te verseker.

5.1.2 Vergaderings geskied in ’n geloofsonderskeidende modus op soek na konsensus. Hierdie proses kan soos volg verloop:

5.1.2.1 Geloofsonderskeidende prosesse tydens die vergadering waarin die vergadering onder leiding van die Gees luister na die Woord, na mekaar en na ander stemme.

5.1.2.2 Doelgerigte prosesse waar die insette óf formeel gelewer word, óf uit die vergadering gevra word.

5.1.2.3 Besinning oor werksaamhede van taakspanne van die ASM.

5.1.3 Stemming vind slegs plaas as dit absoluut noodsaaklik is en die vergadering self daaroor besluit het.

5.2 Bepaling van fokusareas

5.2.1 Die vergadering onderskei roepingsprioriteite van die kerk wat in die reses deur die ASM en taakspanne tot uitvoering gebring moet word.

5.2.2 Die ASM gaan geloofsonderskeidend met die roepingsprioriteite om en bepaal die fokusareas vir die volgende termyn.

5.2.3 Die Algemene Sinode verwys slegs sake na die ASM wat binne die raamwerk van Artikel 43 van die Kerkorde val.

5.3 Besluitneming

5.3.1 Besluitneming geskied aan die hand van geloofsonderskeidende, inklusiewe en konsulterende prosesse met die oog op konsensus (vergelyk Reglement van Orde, reglement 4, punt 5).

5.3.2 Die Algemene Sinode in sitting se besluitnemingsmandaat strek tot:

5.3.2.1 sake van gemeenskaplike belang ten opsigte van roeping, belydenis, publieke getuienis, teologiese opleiding, ekumene, kerkorde. (vergelyk Artikel 43 van die Kerkorde); en

5.3.2.2 eie bedryfsake wat nie na die ASM gedelegeer is nie.

5.3.3 Die vergadering stem slegs oor 'n besluit as dit absoluut onafwendbaar geword het en die vergadering self so oordeel.

## REGLEMENT 2

## REGLEMENT VIR DIE ALGEMENE SINODALE MODERAMEN (ASM)

### 1. NAAM: ALGEMENE SINODALE MODERAMEN (ASM)

### 2. SAMESTELLING

Die ASM word soos volg saamgestel:

2.1 Stemgeregtigde lede:

Vyf verteenwoordigers van elke samestellende sinode wat die verkose moderatuur/dagbestuur insluit.

2.1.1 Sinodes besluit self oor die wyse waarop hulle afvaardiging saamgestel word.

2.1.2 Sinodes hoef nie hulle afvaardiging saam te stel slegs uit persone wat na die vergadering van die Algemene Sinode afgevaardig is nie.

2.1.3 Sinodes word sterk aangemoedig om diversiteit in ag te neem met die samestelling van die ASM. Dit sluit onder andere in dat nie-gelegitimeerde kerkraadslede, vroue en jong leiers oorweeg word.

2.2 Adviserende lede

Voorsitters van die volgende taakspanne van die Algemene Sinode:

2.2.1 ATLAS

2.2.2 Algemene Kuratorium

2.2.3 Algemene Taakspan Regte

2.2.4 Ekumene

2.2.5 Publieke Getuienis

2.2.6 Missionale Roeping

2.2.7 Algemene Taakspan Fondse en Bates

2.3 Adviserende lede

2.3.1 Die Algemene Sekretaris, Algemene Bestuurder en PSD Teologiese Navorsing

2.3.2 Voorsitters van ander taakspanne van die Algemene Sinode wanneer die taakspanne se saak dien.

2.3.3 Voorsitters van adhoc-taakspanne wat die fokusse van die ASM dien.

2.3.4 Voorsitters of verteenwoordiger van direksies wanneer die kerklike maatskappy se saak dien.

### 3. KONSTITUERING

3.1 Die ASM konstitueer aan die einde van die vergadering van die Algemene Sinode onder leiding van die algemene sekretaris.

3.2 By hierdie vergadering word die voorsitter, ondervoorsitter, aktuarius (na advies van die Tydelike Taakspan Regte) verkies.

3.3 Hierdie lede behartig saam met die algemene sekretaris die sake van die Algemene Sinode tot die eerste vergadering van ASM.

3.4 Die ASM vergader binne een maand na die gewone vergadering van die Algemene Sinode.

3.5 Die addisionele lede van die dagbestuur word tydens die eerste gewone vergadering van die ASM verkies.

3.6 Die ASM konstitueer telkens met die lede wat deur sinodes aangewys is. Hierdie ledelys moet veertien dae voor die vergadering aan die algemene sekretaris besorg word.

## 4. DAGBESTUUR

4.1 Die ASM wys ’n dagbestuur aan wat bestaan uit sewe persone: ’n voorsitter, ondervoorsitter, aktuarius, drie addisionele lede, en die Algemene Sekretaris.

4.2 Die vergadering word aangemoedig om diversiteit in ag te neem met die samestelling van die dagbestuur.

4.3 Die dagbestuur dien tot aan die einde van die opvolgende gewone sitting van die Algemene Sinode.

4.4 Lede van die dagbestuur kan nie in dieselfde posisie herkies word nie. (Dagbestuurlede is wel in dieselfde posisie herkiesbaar indien hulle in die tweede helfte van die vierjaar-siklus van die ASM tot die dagbestuur verkies is.)

4.5 Die dagbestuur tree as interim-liggaam op tussen vergaderings van die ASM en hanteer sake van spoedeisende belang waarvoor daar nie taakspanne bestaan nie.

4.6 Die notule van die ASM word deur die dagbestuur goedgekeur.

## 5. DIE AARD EN FUNKSIE VAN DIE ASM

5.1 Die ASM funksioneer in die termyn tussen gewone vergaderings van die Algemene Sinode as ’n gevolmagtigde werksvergadering waar die operasionelesake en bedryfsake van die Algemene Sinode behartig word.

5.2 Die ASM is ’n vergadering wat geloofsonderskeidend omgaan met die sake op die agenda.

5.3 Die ASM funksioneer as ’n luistervergadering waar geluister word na die stories van die deelnemende sinodes onderweg na hulle roepingsvervulling.

5.4 Die ASM funksioneer as ’n werksvergadering waar die leierskap van sinodes en voorsitters van taakspanne vergader om die werk wat op die terrein van die Algemene Sinode val, voort te sit.

5.5 Die ASM motiveer en ondersteun die sinodes en hulle leierskap om te volhard met hulle roeping soos wat elkeen dit onderskei het.

5.6 Die ASM bepaal strategiese fokusareas om die roepingsprioriteite van die Algemene Sinode te dien.

5.7 Taakspanne word deur die ASM aangewys om die hierdie fokusse te dien.

5.8 Die ASM kan nuwe fokusareas identifiseer na konsultasie met die leierskap (moderature/diensrade) van samestellende sinodes.

5.9 Die ASM dien as punt van koördinering, sinkronisasie en verslagdoening ten opsigte van die voortgaande werk van die taakspanne.

5.10 Die ASM is verantwoordelik om die bedryfsake (personeel, fondse en bates, beleggings, infrastruktuur, kommunikasie) van die Algemene Sinode te behartig. Die ASM het bevoegdheid oor beleid ten opsigte van die bedryfsake van die Algemene Sinode.

5.11 In die hantering van kontensieuse of potensieel verdelende sake kan die vergadering besluit om die volgende proses te volg:

5.11.1 Die verteenwoordigers van samestellende sinodes konsulteer afsonderlik ter vergadering met terugvoer aan die vergadering en/of

5.11.2 die saak word verwys na die leierskap (moderature/diensrade) van samestellende sinodes vir konsultasie en advies met terugvoer aan die volgende vergadering.

5.12 Die skribaat word behartig deur die kantoor van die Algemene Sinode. Die ASM kan ’n notulerende skriba aanwys.

5.13 Die ASM besluit self oor die frekwensie van vergaderings maar vergader ten minste een maal per jaar.

5.14 Die ASM doen verslag aan die Algemene Sinode.

## 6. TAAKSPANNE VAN DIE ASM

6.1 Taakspanne

6.1.1 funksioneer aan die hand van hulle omskrewe mandate in hulle onderskeie reglemente en opdragte van die ASM;

6.1.2 dien as ruimtes waar geloofsonderskeidend saam gedink word;

6.1.3 ontwikkel kundigheid wat die kerk ten goede kan strek; en

6.1.4 is nie voorskriftelik nie, maar adviserend en ondersteunend ten opsigte van samestellende sinodes en ander kerkvergaderings.

6.2 Die ASM prioritiseer en wys taakspanne aan om die opdrag van die Algemene Sinode soos vervat in Artikel 43 van die Kerkorde tot uitvoering te bring.

6.3 Die ASM wys taakspanne aan om ondersteuningsdienste aan die Algemene Sinode te lewer, byvoorbeeld:

6.3.1 Navorsing

6.3.2 Algemene Taakspan Fondse en Bates

6.3.3 Bedryfspan

6.3.4 Argief

6.3.5 Predikantesake

6.3.6 Kommunikasie

6.3.7 Koördineringspan

6.3.8 ’n Onafhanklike klankbordfunksie

6.4 Die ASM wys ad-hoc taakspanne aan om die fokusareas soos bepaal deur die ASM en spesifieke opdragte van die Algemene Sinode te dien.

6.5 Die ASM beskryf die opdrag, lewensduur en wyse van verslaggewing van die taakspanne.

6.6 Taakspanne moet jaarliks ’n begroting in oorleg met die Algemene Bestuurder opstel.

6.7 Taakspanne doen verslag aan die ASM.

## 7. SAMESTELLING VAN TAAKSPANNE

7.1 Met die konstituering van die ASM word ʼn tydelike taakspan vir taakspanne aangewys om die eerste vergadering van die ASM te dien met ʼn verslag.

7.2. Taakspanne word deur die ASM saamgestel uit kundige persone wat in oorleg met die samestellende sinodes aangewys word.

7.3 Die ASM besluit of ʼn taakspan sinodaal saamgestel moet word.

7.4 Taakspanne kan verdere kundiges koöpteer in oorleg met die ASM en die Bedryfspan (vir begrotingsdoeleindes).

7.5 Die Algemene Bestuurder koördineer die werk van taakspanne met die oog op integrasie en strategiese belyning met die bedieningsprioriteite van die Algemene Sinode en fokusse van die ASM.

7.6 Vakatures in die taakspan word deur die ASM op aanbeveling van die taakspan aangevul.

7.7 Vanweë die moontlikheid van botsing van belange kan ʼn PSD/sinodale amptenaar nie voorsitter wees van enige taakspan aan wie hy/sy verslag moet lewer nie.

# REGLEMENT 3

# REGLEMENT VIR DIE ALGEMENE SINODALE BEDRYFSPAN

## 1. NAAM

Algemene Sinodale Bedryfspan (ASB)

## 2. SAMESTELLING

2.1 Die Bedryfspan word deur die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) saamgestel en bestaan uit:

2.1.1 die Algemene Sekretaris;

2.1.2 die Algemene Bestuurder;

2.1.3 twee lede van ATFB-lede met sekundi;

2.1.4 een lid van die Subtaakspan vir Diensverhoudinge met ʼn sekundus; en

2.1.5 een lid van die ATR met sekundus.

2.2 Die Bedryfspan koöpteer kundige lede soos nodig.

2.3 Die kantoor van die Algemene Sinode behartig die sekretariaat van die Bedryfspan.

2.4 Die Algemene Sekretaris tree ampshalwe op as voorsitter van die Bedryfspan.

2.5 Vakatures word op aanbeveling van die Bedryfspan deur die ASM aangevul.

## 3. OPDRAG

Die Bedryfspan se opdrag is:

3.1 die uitvoering van take/opdragte van die Algemene Sinode en die ASM;

3.2 die operasionele bestuur en koördinering van die bedryf en ondersteuningsdienste (administrasie, fondse en bates, regte, diensverhoudinge en kommunikasie) van die Algemene Sinode;

3.3 die verlening van die dag-tot-dag bedryfsondersteuning aan die taakspanne van die Algemene Sinode;

3.4 die koördinering van die werksaamhede van ondersteuningsdienste;

3.5 die daarstel van ʼn kantoor vir die werk van die Algemene Sinode;

3.6 die vasstel van beleid vir die Algemene Sinode se bedryfsondersteuningsisteem;

3.7 die finalisering van die begroting vir die werksaamhede van die Algemene Sinode in oorleg met die Taakspan vir Fondse en Bates;

3.8 die aanwys van ՚n Subtaakspan vir Diensverhoudinge (DVK);

3.8.1 Die DVK bestaan uit vier kundige lede en die Algemene Bestuurder (ampshalwe).

3.8.2 Die reglement vir die werksaamhede van die Subtaakspan vir Diensverhoudinge word deur die Bedryfspan opgestel.

3.9 die goedkeuring, bewaring, opdatering en liassering van personeelbeleid, dienscooreenkomste en personeelrekords op aanbevelings van die subtaakspan vir diensverhoudinge;

3.10 die aanstelling van junior personeel in die kantoor van die Algemene Sinode in ooreenstemming met die personeelbeleid, ná oorleg met die Taakspan vir Fondse en Bates, en op aanbeveling van die Subtaakspan vir Diensverhoudinge;

3.11 die vasstelling van die jaarlikse registrasiefooi vir gelegitimeerdes met die oog op die behoud van bevoegdheid; en

3.12 die aanwys van ’n subtaakspan vir eiendomme wat die dag-tot-dag-bestuur en onderhoud van die eiendomme behartig, met verslag aan die Bedryfspan.

## 4. VERGADERINGS

4.1 Die Bedryfspan vergader minstens eenmaal per kwartaal.

4.2 Die Bedryfspan het nie ’n dagbestuur nie.

# REGLEMENT 4

# REGLEMENT VAN ORDE

## INLEIDING

Kerklike vergaderinge behandel sake vanuit kerklike perspektief, in die lig van die Woord van God en op kerklike wyse (artikel 22.1). Die Algemene Sinode (asook alle ander vergaderinge van die kerk) is vergaderings waar Christus die kerk deur die Woord en die Gees lei.

## 1. OPENING EN KONSTITUERING

1.1 Die afgevaardigdes kom byeen op die plek en tyd soos vooraf deur die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) bepaal. Die projekspan vir die agenda van die Algemene Sinode (ontwerpspan) wys iemand aan om die opening van die vergadering te behartig. By ’n gewone- sowel as 'n buitengewone Algemene Sinode neem die voorsitter, assessor en aktuarius van die ASM die leiding.

1.2 Die berekening van elke samestellende sinode se afvaardiging geskied deur die ASM aan die hand van Artikel 38 van die Kerkorde. Geloofsbriewe van afgevaardigdes moet die Algemene Sekretaris minstens drie maande voor die aanvang van die vergadering bereik. Gewysigde geloofsbriewe kan tot die aanvang van die vergadering ingedien word. Konstituering geskied aan die hand van die geloofsbriewe. By ’n buitengewone Algemene Sinode word geloofsbriewe en verslae ingedien soos deur die ASM bepaal.

1.3 Die vergadering word deur die voorsitter van die ASM as wettig gekonstitueer verklaar soos saamgestel deur die afgevaardigdes wie se geloofsbriewe ingedien is. Die meerderheid van die afgevaardigdes na die vergadering ingevolge Artikel 38 van die *Kerkorde* vorm die kworum.

1.4 Die moderatuur (dagbestuur van die ASM) wat tydens die vergadering van die Algemene Sinode leiding neem, bestaan uit die voorsitter, assessor en aktuarius van die ASM. Die

Algemene Sekretaris tree adviserend as skriba van die vergadering op. Die moderatuur word tydens die vergadering deur die moderators/voorsitters van die samestellende sinodes op versoek van die moderatuur of wanneer die vergadering so versoek, bygestaan.

1.5 Die vergadering van die Algemene Sinode is nie ’n geslote vergadering nie, tensy die vergadering anders besluit.

1.6 Elke sittingsdag word op ’n gepaste wyse geopen met Skriflesing en gebed en afgesluit met gebed.

1.7 Lede van die vergadering moet vooraf verskoning maak indien hulle vir ’n deel van die vergadering afwesig gaan wees. ’n Sekundus kan in die plek van ’n afgevaardigde verskyn. Geen lid mag sonder verlof die vergadering verlaat nie.

## 2. BUITENGEWONE ALGEMENE SINODE

2.1 Die ASM het ’n mandaat om 'n buitengewone vergadering van die Algemene Sinode byeen te roep. Dit geskied met skriftelike kennisgewing van vier weke aan al die samestellende sinodes.

2.2 'n Buitengewone vergadering van die Algemene Sinode konstitueer met dieselfde personeel as by verdaging van die vorige gewone vergadering van die Algemene Sinode. Dit staan samestellende sinodes egter vry om die afvaardiging aan te vul.In alle gevalle moet geloofsbriewe ingehandig word.

2.3 Die voorsitter van die ASM open die vergadering en lei die vergadering.

2.4 Die buitengewone Algemene Sinode kan net die sake hanteer waarvoor die vergadering byeen geroep is.

## 3. BEHANDELING VAN SAKE

3.1 Die projekspan vir die agenda van die Algemene Sinode word deur die ASM aangewys. Die projekspan stel die agenda vir die vergadering saam en sorg dat die agenda, indien enigsins moontlik, ses weke voor die vergadering elektronies aan die afgevaardigdes beskikbaar gestel word. Harde kopieë van die agenda word ter vergadering beskikbaar gestel of kan vooraf deur samestellende sinodes aangevra word soos benodig. Vóór die vergadering word die agenda en ná die vergadering word die handelinge aan alle dienende predikante van die kerk, sowel as gemeentes, amptenare en belanghebbende instansies, gestuur.

3.2 Die verslag van die projekspan vir die agenda word by die aanvang van die vergadering in behandeling geneem.

3.3 Die Algemene Sekretaris maak aantekeninge van sake wat op meer as een plek in die agenda voorkom en stel hierdie aantekeninge tot beskikking van die voorsitter.

3.4 By die behandeling van sake neem die voorsitter die orde in ag wat die geskikste voorkom. Die voorsitter dra die sake wat behandel moet word, duidelik voor, gee die nodige inligting en kan, as die saak dit vereis, wenke aan die hand doen om die vergadering te help om tot ’n beslissing te kom.

3.5 Die voorsitter kan, met instemming van die vergadering, ’n ordereëling tref om in die stemming oor die amendemente af te wyk van die volgorde waarin die amendement ingedien is. Die voorsitter kan ook versoek dat voorsteller van die aanbeveling en die voorstellers van amendemente die geleentheid kry om die amendemente te konsolideer.

3.6 Die voorsitter neem ’n saak wat op meer as een plek in die agenda voorkom, op die mees sinvolle plek in behandeling en handel, indien enigsins moontlik, die saak daar af. Waar dieselfde saak elders voorkom en afgehandel is, word slegs die opskrif aangegee en deur middel van die betrokke bladsyverwysing aangedui waar dit reeds afgehandel is.

3.7 In gevalle wat op die orde van die vergadering betrekking het en waarvoor geen voorsiening in hierdie reglement gemaak word nie, handel die voorsitter volgens gebruik en eie oordeel. As enige lid teen hierdie handelswyse beswaar het, word dit aan die beslissing van die vergadering onderwerp.

3.8 Elke lid van ’n vergadering moet by deelname aan die bespreking die voorsitter aanspreek.

3.9 By die behandeling van sake is elke lid op een spreekbeurt geregtig, tensy die vergadering anders besluit. Niemand mag buite ’n toegekende spreekbeurt en/of sonder verlof van die voorsitter praat nie. As twee of meer lede gelyk opstaan, beslis die voorsitter wie die eerste aan die woord kom.

3.10 Geen lid van die vergadering is geregtig op meer as een spreekbeurt oor dieselfde saak nie, behalwe wanneer die persoon die aandag van die voorsitter wil vestig op ’n afwyking van die reglement van orde, óf met die verlof van die vergadering óf om as voorsteller of as indiener van 'n amendement, repliek te lewer.

3.11 Die voorsitter het die reg om, wanneer na eie oordeel die saak onder behandeling genoegsaam bespreek is, dit aan die vergadering te stel of daar nie tot stemming oorgegaan kan word nie.

3.12 Indien die vergadering goeie rede het om, tydens 'n verslag of debat, te vermoed dat 'n besluit of standpunt moontlik tot groot verdeeldheid in die kerk kan lei, kan die vergadering vóór die finale besluitneming een van die volgende opsies uitoefen:

3.12.1 die saak word tydens die vergadering verwys na die tien samestellende sinodes se onderskeie afvaardigings vir besinning en konsultasie met terugvoer aan die vergadering.

3.12.2 die saak word verwys na die tien samestellende sinodes om in die reses daarmee te gaan werk in die gemeentes en sinodale strukture met verslag aan die toepaslike taakspan van die Algemene Sinode.

3.12.3 Opsies 3.12.2 kan slegs uitgeoefen word indien opsie 3.12.1 nie tot konsensus gelei het nie.

## 4. VOORSTEL EN AMENDEMENT(E)

4.1 Die Algemene Sinode neem bindende besluite oor die sake wat in Artikel 43 van die Kerkorde beskryf word.

4.2 ’n Substantiewe mosie of -voorstel kom by wyse van ’n skriftelike verslag van ’n taakspan van die Algemene Sinode voor die vergadering.

4.3 ’n Substantiewe mosie of -voorstel kan by wyse van ’n amendement gewysig word.

4.4 ’n Amendement kan slegs een keer deur ’n verdere amendement gewysig word.

4.5 Amendemente word by wyse van ’n gewone meerderheid goedgekeur. Indien die voorstel ’n twee-derde meerderheid vereis, word die twee-derde meerderheid by die finale stemming oor die gewysigde voorstel vereis.

4.6 Die voorstel en die amendement(e) moet skriftelik ingedien en deur die voorsteller en die sekondant geteken word. Aanbevelings van ’n projekspan en ’n algemene of ’n tydelike taakspan word as substantiewe voorstelle aan die vergadering voorgehou. Indien ’n tydelike taakspan ’n aanbeveling doen wat ’n aanbeveling van ’n projekspan of algemene taakspan raak, het die projekspan of die algemene taakspan die voorstel en moet die tydelike taakspan amendeer. Indien meer as een projek- of algemene taakspan ’n voorstel oor dieselfde saak voor die vergadering het, reël die voorsitter watter een die voorstel is.

4.7 Geen spreekbeurt mag aangevra word, of geen voorstel of amendement(e) mag dien, voordat die voorsitter die saak aan die orde stel nie.

4.8 ’n Voorstel of amendement wat reeds ter tafel is, mag nie sonder die verlof van die vergadering teruggetrek word nie.

4.9 Die indiener van ’n voorstel word beperk tot ’n spreekbeurt van agt minute, met vyf minute vir repliek. Ander sprekers in die debat word beperk tot vyf minute. Die vergadering mag in bepaalde gevalle van hierdie tydsbeperking afwyk.

4.10 Wanneer ’n amendement tot stemming gebring word, het die persoon/taakspan wat die oorspronklike voorstel ingedien het, reg op repliek alvorens daar oor die amendement gestem word.

4.11 Wanneer die vergadering ’n voorstel by wyse van ’n amendement gewysig het, is die gewysigde voorstel die voorstel voor die vergadering. Voordat die gewysigde voorstel tot stemming gebring word, het die voorsteller van die amendement die reg op repliek.

4.12 Wanneer enige voorstel, beskrywingspunt of amendement regsimplikasies en/of kerkordelike implikasies het, word die voorstel/aanbeveling/beskrywingspunt na die ATR of TTR verwys vir kerkordelike advies voordat ’n finale besluit geneem word.

4.13 Indien sodanige advies en aanbevelings nie ter vergadering gelewer kan word nie, staan die voorstel/aanbeveling/beskrywingspunt oor tot die volgende sitting van die Algemene Sinode om die ATR in staat te stel om die implikasies deeglik, indien nodig met regsadvies, te oorweeg met verslag aan die Algemene Sinode.

## 5. STEMMING

Die Algemene Sinode neem so ver moontlik besluite by wyse van ’n gespreksmatige proses waartydens konsensus gesoek word. Stemming vind slegs plaas as dit absoluut noodsaaklik is en die vergadering self daaroor besluit het. (Sien reglement 1.5.1.3)

5.1 Die opneem en tel van die stemme word deur ’n tydelike taakspan vir stemming, wat vooraf deur die ontwerpspan aangewys is, behartig.

5.2 Elke lid van die vergadering moet stem. Vir ’n beslissing word ’n volstrekte meerderheid (helfte plus een) van stemme van die aanwesige lede vereis, behalwe in die gevalle waar die *Kerkorde* ’n tweederdemeerderheid vereis (Artikel 44 en 70). Die voorsitter het ’n gewone maar nie ’n beslissende stem nie. Persone wat die vergadering in adviserende hoedanigheid bywoon, mag aan die bespreking deelneem, maar nie stem nie.

5.3 Die stemming oor persone geskied op geslote wyse en soos volg:

5.3.1 Eers word ’n nominasielys saamgestel. Elke stemgeregtigde lid mag persone nomineer, maar nie meer as die getal persone wat gekies moet word nie.

5.3.2 Uit die name op die nominasielys stem elke stemgeregtigde vir soveel name as die getal persone wat gekies moet word.

5.3.3 Die persoon op wie die meeste stemme verenig word, is verkies indien die getal stemme op die persoon uitgebring die volstrekte meerderheid van die aanwesige stemgeregtigdes uitmaak. ('n Volstrekte meerderheid is die helfte plus een van al die stemme wat uitgebring is.)

5.3.4 Indien ’n persoon nie ’n volstrekte meerderheid van stemme kry nie, vind daar ’n verdere stemming plaas uit die name wat die hoogste getal stemme gekry het en saam ’n volstrekte meerderheid vorm.

5.3.5 Indien daar ’n staking van stemme is wat nie deur verdere stemming opgelos kan word nie, geskied die beslissing deur die lot.

5.4 Die stemming oor sake verloop soos volg:

5.4.1 Oor alle sake, waaroor daar nie konsensus verkry kan word nie, word daar gestem óf met opsteek van hande, óf in die geval van kontensieuse sake op ’n geslote stemwyse, indien

die vergadering so besluit. Indien die stemming oor ’n saak gelykop is, word die saak terugverwys.

5.4.2 In die geval van ’n voorstel met amendemente:

5.4.2.1 Amendemente word eerste tot stemming gebring in opgaande orde vanaf die laaste amendement wat ingedien is. en

5.4.2.2 Indien die amendement(e) aanvaar is, word gestem vir die voorstel soos deur die aanvaarde amendement(e) gewysig.

5.4.2.3 Slegs indien al die amendemente verwerp word, stem die vergadering oor die oorspronklike voorstel.

5.4.3 Na elke stemming oor ’n amendement of ’n voorstel word die uitslag van die stemming aangekondig – nie die getal stemme vir of teen die voorstel of amendement uitgebring nie, maar of dit aanvaar of verwerp is.

5.4.4 Dit staan ’n lid vry om met of sonder opgaaf van redes te laat notuleer dat die persoon met ’n besluit wat geneem is nie saamstem nie of dat die persoon nie teenwoordig was toe die besluit geneem is nie.

## 6. MOSIE VAN ORDE

6.1 ’n Mosie van orde is ’n voorstel wat betrekking het op:

6.1.1 die volgorde waarin sake ter tafel moet kom; of

6.1.2 die opskorting van die bespreking van ’n bepaalde saak; of

6.1.3 die verwysing van ’n bepaalde saak; of

6.1.4 die afstap van ’n bepaalde saak.

6.2 ’n Ordemosie kan op enige tydstip gedurende die voortgang van die bespreking ingedien word. Daar word dadelik sonder bespreking oor die ordemosie gestem. Dit word egter aan die oordeel van die voorsitter oorgelaat om die mosie terug te hou as die voorsitter van mening is dat dit aangewend word om ’n behoorlike bespreking van die onderwerp te voorkom.

## 7. BESKRYWINGSPUNTE EN VERSLAE

7.1 Alleen ’n kerkvergadering of sy gevolmagtigde en ’n kuratorium oor beleid ingevolge artikel 6.2 van die *Kerkorde* mag beskrywingspunte by die Algemene Sinode indien. Beskrywingspunte wat hulle oorsprong by kerkrade of ringe het, word met ’n motivering na die betrokke samestellende sinode of moderamen of diensraad gestuur. Beskrywingspunte en verslae van taakspanne en tydelike taakspanne is bedoel om die Algemene Sinode in sitting behulpsaam te wees met die neem van ingeligte en weldeurdagte besluite. Die Algemene Sinode het die verantwoordelikheid om enige en alle verslae deeglik te oorweeg en die voorstelle van taakspanne te wysig indien nodig.

7.2 Die betrokke sinodale vergadering of sy gevolmagtigde neem die beskrywingspunt van ’n kerkraad of ring in behandeling en stuur die beskrywingspunt met bykomende kommentaar na die Algemene Sinode.

7.3 Beskrywingspunte is alleen ontvanklik as dit in ooreenstemming met Artikel 43 van die *Kerkorde* is en minstens drie maande voor die vergadering deur die Algemene Sekretaris ontvang is.

7.4 Beskrywingspunte van spoedeisende aard mag deur die vergadering in behandeling geneem word, indien die vergadering, na raadpleging en aanbeveling van die Tydelike Taakspan Regte, daartoe besluit.

7.5 Verslae van algemene taakspanne van die Algemene Sinode moet minstens drie maande voor die vergadering by die Algemene Sekretaris ingedien word.

7.6 Dringende sake wat binne die drie-maande-tydperk voor die vergadering van die Algemene Sinode voorkom en deur algemene taakspanne behandel is, mag by wyse van addendum verslae, met verlof van die taakspan vir die agenda, ter tafel gelê word.

7.7 Die taakspan vir die agenda het die bevoegdheid om verslae, wat deur die algemene taakspanne ingedien is, te laat verkort indien dit onnodig lank is.

7.8 Aanbevelings van taakspanne wat wysigings aan die *Kerkorde* en reglemente behels, word in die agenda gemerk: *Vir die aandag van die Tydelike Taakspan Regte*. Hierdie voorstelle word dan voor die sinodesitting deur die Tydelike Taakspan Regte nagegaan vir kerkregtelik bevredigende formulerings, sonder uitspraak oor die beginsel vervat in die voorstel. Tydens die behandeling van die betrokke voorstel in die projek- of algemene taakspan se verslag, lewer die Tydelike Taakspan Regte advies oor die kerkregtelike aspekte daaraan verbonde.

7.9 Aanbevelings in verslae van taakspanne en/of beskrywingspunte van kerkvergaderings waar nuwe aanbevelings oor vorige besluite gemaak word, word gesien as kennisgewing van hersiening met betrekking tot vorige besluite van die Algemene Sinode. Die taakspan en/of kerkvergadering wat nuwe voorstelle oor vorige besluite maak, lig die vergadering in oor die vorige besluite wat ter sake is. (Sien reglement 19.2.2.2?)

## 8. TAAKSPANNE

8.1 Tydelike taakspanne, soos deur die projekspan vir die agenda aangewys, mag voor die aanvang van die vergadering met hulle werksaamhede begin.

8.2 Die benoeming van tydelike taakspanne gedurende die sitting van die Algemene Sinode word, op aanbeveling van die moderatuur, deur die vergadering met opsteek van hande gedoen.

8.3 Amptenare in diens van die samestellende sinodes en van die Algemene Sinode het sitting met adviserende stem in tydelike taakspanne (wat hulle portefeuljes raak), as afgevaardigdes of waarnemers wat op koste van die onderskeie sinodes teenwoordig is.

8.4 Beskrywingspunte wat betyds ontvang word, word deur die Algemene Sekretaris na die toepaslike taakspanne verwys vir verslag aan die vergadering van die Algemene Sinode. Ander beskrywingspunte word deur tydelike taakspanne hanteer. Insenders van beskrywingspunte mag dit by die taakspan toelig.

8.5 Tydelike taakspanne maak nie aanbevelings (sien 4.5) oor die verslae van taakspanne nie, tensy daar ’n beskrywingspunt oor dieselfde saak is wat nuwe aspekte na vore bring, of wanneer ’n saak deur die vergadering na hulle verwys is.

8.6 Na afloop van die vergadering word opdragte uitgevoer en werksaamhede voortgesit deur taakspanne onder die strategiese leiding van die ASM, met ondersteuning van die Bedryfspan en die kantoor van die Algemene Sinode. Ad-hoc taakspanne hanteer korttermyn opdragte en werksaamhede en ontbind as die opdrag afgehandel is. Algemene taakspanne bestaan vir die volle termyn tussen die gewone sinodesittings en het 'n deurlopende opdrag en werksaamheid.

8.7 Taakspanne van die Algemene Sinode word na afloop van die vergadering deur die ASM saamgestel. 'n Voorsitter, ondervoorsitter en skriba word tydens die konstitueringsvergadering vir die hele termyn tussen die gewone sinodevergaderings verkies.

8.8 Vakatures wat tussen gewone vergaderinge van die Algemene Sinode in taakspanne ontstaan, word deur die ASM op aanbeveling van die betrokke taakspan, aangevul.

## 9. HERSIENING[35]

9.1 Besluite wat geneem is, mag alleen na voorafgaande kennisgewing en met die toestemming van die vergadering op ’n tyd wat deur die moderatuur bepaal is, in revisie geneem word.

9.2 Kennisgewing van revisie:

9.2.1 Revisie kan toegestaan word indien oortuigend aangevoer word dat:

9.2.1.1 daar in die bespreking van die saak waarom dit gaan, aan sekere aspekte daarvan nie voldoende aandag gegee is nie of glad nie aandag gegee is nie; en/of

9.2.1.2 daar later inligting na vore gekom het wat hersiening van die besluit noodsaaklik maak.

9.2.2 Elke kennisgewing van revisie word na die Tydelike Taakspan Regte verwys om oor die meriete daarvan te oordeel teen die agtergrond van 9.2.1.

9.2.3 Die aansoeker stel die rede(s) vir die aansoek om revisie aan die Tydelike Taakspan Regte.

9.2.4 Die Tydelike Taakspan Regte doen ’n aanbeveling aan die vergadering ten opsigte van elke kennisgewing van revisie.

9.2.5 Die vergadering beslis met meerderheidstem of die revisie toegestaan word**.** Indien toegestaan, word die saak weer oopgestel vir bespreking en kan die vergadering tot ’n ander besluit kom of die vorige besluit kan gehandhaaf word.

9.3 Wanneer revisie by wyse van die proses soos beskryf in 9.2 of by wyse van ’n verslag soos beskryf in 7.9 behandel word is die saak waaroor dit gaan oop vir bespreking en word voorstelle en amendemente opnuut ingedien (sien paragraaf 4).

9.4 Indien ’n nuwe voorstel goedgekeur word, vervang dit die vorige besluite.

## 10. NOTULE

10.1 Voorstelle moet skriftelik ingedien word en sodanig genotuleer word.

10.2 Alle voorstelle en amendemente, ook die wat nie aanvaar word nie, word in die notule opgeneem.

10.3 Die notule van elke sittingsdag word deur ’n notulekommissie versorg en tydens die volgende sittingsdag deur die vergadering goedgekeur en deur die moderator en skriba onderteken.

10.4 Die notule van die laaste sittingsdag word deur die notulekommissie geredigeer en deur die Moderamen by sy eerste vergadering goedgekeur en onderteken.

10.5 Funksionele besluite van die Algemene Sinode tree in werking wanneer die goedgekeurde notule beskikbaar is, tensy die Algemene Sinode anders besluit. Besluite wat kerkordelike en reglementele veranderinge tot gevolg het, tree in werking met die elektroniese publikasie van die *Kerkorde*, tensy die Algemene Sinode anders besluit.

## 11. TOEGANG TOT MINDERE VERGADERINGE, AMPSDRAERS EN LIDMATE

11.1 Indien die Algemene Sinode beleidsbesluite neem, is hy bevoeg om die kerk in geheel aan te spreek, dit wil sê mindere kerkvergaderings, ampsdraers en lidmate.

11.2 Indien die Algemene Sinode beleidsbesluite neem wat opgevolg of in die praktyk uitgevoer moet word, werk die Algemene Sinode deur die samestellende sinodes.

## 12. SLUITING

Die vergadering word op ’n wyse afgesluit waarop die moderatuur besluit.

[35] Vergelyk ook Reglement 23 vir Hersiening (revisie), Appèl, Beswaarskrif (gravamen) en Prosedurele Beswaar, 2.1 .

# REGLEMENT 5

# REGLEMENT VIR DIE ALGEMENE TAAKSPAN ARGIEF[36]

## 1. NAAM

Algemene Taakspan Argief (ATA).

## 2. SAMESTELLING

2.1 Die taakspan, bestaande uit sewe lede, word soos volg deur die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) saamgestel:

2.1.1 ’n argivaris of persoon belas met die argief uit elk van die kerkargiewe te

Stellenbosch

Bloemfontein

Pietermaritzburg

Pretoria (Oostelike Sinode)

Windhoek.

2.1.2 een kundige op die terrein van argiefwese. (Die kundige moet verkieslik ’n dosent aan een van die universiteite wees waar teologiese studente opgelei word.)

2.1.3 die bestuurder van die Argief in Stellenbosch, synde die “adjunk-inligtingsbeampte van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir die doeleindes van Wet 2 van 2000 en Wet 4 van 2013” te wees, wat ’n ex officio-lid met stemreg van die Algemene Taakspan Argief is.

2.2 Die ASM wys sekundi vir elkeen van bogenoemde primariuslede aan. Indien sowel die primarius as die sekundus nie meer beskikbaar is nie, wys die ASM, op aanbeveling van die betrokke sinodes of hulle gevolmagtigdes, ’n nuwe verteenwoordiger en sekundus aan.

2.3 Indien sowel die primarius as die sekundus kundige lid nie meer beskikbaar is nie, het die taakspan die bevoegdheid om ’n plaasvervanger kundige aan te wys.

## 3. OPDRAG

Die taakspan se opdrag is die:

3.1 formulering van ’n algemene argiefbeleid vir die kerk;

3.2 advisering van die onderskeie sinodes se argiefkommissies oor die opstel van argief-reglemente en handleidings;

3.3 bevordering van die teologies-wetenskaplike arbeid van die kerkargiewe ten einde die institusionele geheue van die kerk uit te bou en die kerk in staat te stel om sy werksaamhede op ’n verantwoordelike en pragmatiese wyse voort te sit;

3.4 koördinering van werksaamhede van die argiewe van die onderskeie sinodes;

3.5 advisering van die onderskeie sinodes se argiefkommissies oor die toepassing van relevante wetgewing;

3.6 kontrolering dat die onderskeie kerkargiewe voldoen aan die standaardvereistes vir doelmatige en veilige bewaring van argivalia;

3.7 toesig oor die bewaring en ontsluiting van die Algemene Sinode se eie argivalia by die aangewese kerkargief;

3.8 toesig oor die opstelling van die In Memoriam-verslae van amptenare en ampsdraers in diens van die Algemene Sinode;

3.9 bevordering van die bekendstelling van die geskiedenis van die kerk as geheel; en

---

[36] *Beleid vir Argiefbewaarplekke van die NG Kerk* goedgekeur deur die Algemene Sinode 2015 (Agenda AS 2015, p 27, pt 4.3, Notule AS 2015, p 7, pt 14). Vergelyk ook *Riglyne vir die Argief* (Webwerf van die NG kerk)

3.10 verslagdoening aan die ASM en die Algemene Sinode.

## 4. VERGADERINGS

4.1 Die taakspan vergader minstens een maal per jaar.

4.2 Die taakspan kies ’n voorsitter, ondervoorsitter en skriba uit eie geledere. ’n Lid kan nie vir meer as twee termyne in dieselfde posisie verkies word nie.

4.3 Die sakelys maak by elke vergadering voorsiening vir

4.3.1 verslagdoening oor die uitvoering van die taakspan se opdragte; en

4.3.2 ’n oorsig oor die finansiële state en begroting van die taakspan.

4.4 Op die laaste vergadering van die taakspan se termyn, word kundige lede benoem met die oog op benoeming deur die Algemene Sinode/ASM.

4.5 Die taakspan se vergaderings kan van tyd tot tyd uitgebrei word tot ’n konferensie waarheen argivarisse van ander kerke en ander toepaslike kundiges en belangstellendes uitgenooi kan word om op eie koste deel te neem. Die doel van so ’n konferensie is onder andere om

4.5.1 die werksaamhede van die argiewe van die onderskeie kerke deur onderlinge samewerking te bevorder;

4.5.2 uitvoering aan die taakspan se opdrag te kan gee ten opsigte van die bevordering van die teologies-wetenskaplike arbeid van kerkargiewe; en

4.5.3 om enige ander sake te bespreek wat kerkargiewe raak.

## 5. DAGBESTUUR

5.1 Die taakspan het nie ’n dagbestuur nie.

## 6. BEGROTING

6.1 Die taakspan begroot vir een vergadering/konferensie per jaar.

# REGLEMENT 6

# REGLEMENT VIR DIE ALGEMENE TAAKSPAN BYBELVERTALING, -VERKLARING EN -VERSPREIDING

## 1. NAAM

Algemene Taakspan Bybelvertaling, -verklaring en -verspreiding (ATBV).

## 2. SAMESTELLING

2.1 Die taakspan word soos volg deur die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) saamgestel:

2.1.1 een Ou-Testamentikus en een Nuwe-Testamentikus van die NG Kerk deur elk van die NG Kerkdosenterade van die teologiese fakulteite Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein uit die huidige of vorige dosentekorps aanbeveel; en

2.1.2 twee predikante van die NG Kerk in diens van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

2.2 Ander vakkundiges kan gekoöpteer word, maar die aantal teoloë en vakkundiges mag nie tien oorskry nie.

2.3 Die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suidelike Afrika (VGKSA) kan op eie koste een Ou-Testamentikus en een Nuwe-Testamentikus uit die VGKSA se huidige of vorige dosentekorps met adviserende stem benoem.

2.4 Die vul van vakatures word deur die ASM of sy gevolmagtigde bekragtig op aanbeveling van die taakspan.

## 3. OPDRAG

Die taakspan

3.1 adviseer die Algemene Sinode in verband met die aanwysing van Bybelvertaling(s) wat amptelik gebruik moet word (vergelyk artikel 43.1.5 van die *Kerkorde*);

3.2 neem inisiatief en adviseer die Algemene Sinode in verband met die publikasie van Bybelvertalings na aanleiding van die behoefte van lidmate;

3.3 dien as amptelike skakel tussen die NG Kerk en die Bybelgenootskap van Suid-Afrika ten opsigte van die werksaamhede van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, onder andere Bybelvertalingsprogramme, navorsing, publikasies en Bybelverspreiding;

3.4 doen gereeld verslag aan die Algemene Sinode/ASM en ander sinodes oor tersaaklike aangeleenthede, asook oor die werk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika; en

3.5 benoem in samewerking met die Bybelgenootskap, predikante (voltyds of deeltyds) in diens van die Bybelgenootskap; en

3.6 adviseer die Algemene Sinode met die oog op die goedkeuring van Bybelvertalings wat in opdrag van die Algemene Sinode deur die Bybelgenootskap vertaal is. Hiervoor word ’n addisionele kundige taakspan aangewys waar geen persoon wat persoonlik betrokke is by die vertaling, teenwoordig kan wees nie.

## 4. KONSTITUERING EN VERGADERINGS

4.1 Die taakspan konstitueer so spoedig moontlik na aanwysing.

4.2 Indien dit nie moontlik is om saam op ’n plek te vergader nie, hanteer die aangewese sameroeper die konstituering telefonies of elektronies.

4.3 Die taakspan vergader minstens twee keer tussen vergaderings van die Algemene Sinode.

4.4 Tussentydse vakatures word deur die ASM gevul op aanbeveling van die taakspan.

4.5 Met die eerste vergadering na elke gewone Algemene Sinode word ’n voorsitter, ondervoorsitter en sekretaris gekies, wat ook as dagbestuur optree.

## 5. BEFONDSING

Die taakspan lê ’n begroting vir sy werksaamhede aan die Bedryfspan van die Algemene Sinode voor na oorlegpleging met die Algemene Taakspan Fondse en Bates.

## 6. PREDIKANTE VAN DIE NG KERK IN DIENS VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

6.1 Die Algemene Sinode stel per ooreenkoms ’n aantal predikante beskikbaar vir diens aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

6.2 Predikante vir diens aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (voltyds en deeltyds) word deur die Algemene Taakspan Bybelvertaling, -verklaring en -verspreiding formeel benoem en bevestig vir diens aan die kerkverband.

6.3 Die benoeming van predikante word gedoen deur die dagbestuur van die ATBV, ten minste een verteenwoordiger van die Bybelgenootskap op die ATBV en ander lede soos deur die Bybelgenootskap aangewys. Dit word vir goedkeuring elektronies aan die volle ATBV voorgehou.

6.4 Predikante in diens van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se diensverhouding word per diensooreenkoms tussen die betrokkenes en die Bybelgenootskap gereël.

6.5 Die vergoeding van predikante in diens van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika geskied volledig deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

## REGLEMENT 7

## REGLEMENT VIR DIE ALGEMENE TAAKSPAN FONDSE EN BATES

### 1. NAAM

Algemene Taakspan Fondse en Bates (ATFB).

### 2. SAMESTELLING

2.1 Die taakspan word deur die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) saamgestel uit een lid per samestellende sinode met sekundus deur die sinode of sy gevolmagtigde.

2.2 Sinodes kan op eie koste ’n bykomende lid met adviserende stem aanwys.

2.3 Die Algemene Sekretaris en die rekenmeester in die kantoor van die Algemene Sinode is *ex officio*-lede van die taakspan.

2.4 Die voorsitters van die komitees wat die taakspan aanwys, woon die vergadering adviserend by.

2.5 Die taakspan kies ’n voorsitter, ondervoorsitter en skriba uit eie geledere.

2.6 Die vul van vakatures word deur die ASM of sy gevolmagtigde bekragtig op aanbeveling van die sinodes en die taakspan.

### 3. OPDRAG

Die taakspan

3.1 adviseer die Algemene Sinode in verband met die beleid wat gevolg moet word ten opsigte van finansiële bestuur, bates, beleggings, eiendomme en oudit;

3.2 stel jaarliks in oorleg met die Bedryfspan die begroting op vir onderskeidelik die strategiese en operasionele werksaamhede van die Algemene Sinode aan die hand van:

3.2.1 Artikel 43 van die *Kerkorde;*

3.2.2 die roepingsverklaring van die Algemene Sinode;

3.2.3 die prioriteite deur die Algemene Sinode gestel;

3.2.4 die begrotings- en beleggingsbeleid van die Algemene Sinode;

3.2.5 die beskikbaarheid van fondse daarvoor.

3.3 hou toesig oor die besteding van fondse ten opsigte van al die werksaamhede van die Algemene Sinode, waaronder die administratiewe, personeel- en kapitale uitgawes;

3.4 tree in gesprek met die ouditkomitee soos nodig;

3.5 kontroleer en bespreek die jaarlikse geouditeerde finansiële state en bestuursbrief van die Algemene Sinode en lê dit aan die ouditkomitee voor wat dit dan aanbeveel na die Algemene Sinode/ASM vir goedkeuring;

3.6 lewer jaarliks insette aan die Taakspan Predikantesake in verband met die riglyne vir die vergoedingspakket van predikante;

3.7 beoordeel die finansiële implikasies by die vulling van vakatures in poste vir werknemers in algemene sinodale diens;

3.8 sien toe dat die *Reglement 24 vir Kerklike Goedere* uitgevoer word ten opsigte van die Algemene Sinode, die afsonderlike regsentiteite én trusts se fondse en bates;

3.9 tree op in alle regsgedinge of dispute oor eiendom, goedere en fondse sonder meer bepaalde lasgewing sowel eisend as verwerend ten behoewe van die Algemene Sinode na raadpleging van die Algemene Taakspan Regte;

3.10 stel in oorleg met die Algemene Taakspan Regte reglemente op vir geadministreerde fondse en lê dit vir goedkeuring voor aan die Algemene Sinode of die ASM wanneer die Algemene Sinode nie in sitting is nie;

3.11 wys sonder afstanddoening van aanspreeklikheid die nodige subtaakspanne aan om gedelegeerde werksaamhede te onderneem, waaronder ’n subtaakspan vir beleggings en ’n subtaakspan vir eiendom;

3.12 wys elke twee jaar drie fidusiêre verantwoordelike persone aan soos vereis vir die Algemene Sinode as openbare weldaadorganisasie; en

3.13 sien toe dat die jaarlikse opgawe van inkomste aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) voorsien word soos deur die belastingvrystellingseenheid van die SAID vereis.

## 4. KONSTITUERING EN VERGADERINGS

4.1 Die taakspan konstitueer so spoedig moontlik na aanwysing en vergader ten minste twee keer per jaar op nie-elektroniese wyse.

4.2 Indien nodig, kan bykomend van die elektroniese vergaderingswyse gebruik gemaak word.

## 5. DAGBESTUUR

5.1. Die ATFB kan ’n dagbestuur aanwys.

# REGLEMENT 8

# REGLEMENT VIR DIE ALGEMENE TAAKSPAN REGTE

## 1. NAAM

Algemene Taakspan Regte (ATR).

## 2. SAMESTELLING

2.1 Die taakspan word soos volg deur die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) saamgestel:

2.1.1 die aktuarius van die Algemene Sinode;

2.1.2 die aktuarius of ’n ander kerkregkundige van elk van die samestellende sinodes, met sekundus;

2.1.3 die bestuurder of ander lid van die Algemene Taakspan Predikantesake, met sekundus; en

2.1.4 een NG Kerk dosent in kerkreg aan een van die teologiese fakulteite te Stellenbosch, Pretoria of Bloemfontein, met sekundus. Indien ’n teologiese fakulteit nie verteenwoordig word nie en verlang dat sy NG Kerk dosent aan die werksaamhede van die taakspan deelneem, kan sodanige dosent die vergaderinge van die taakspan op koste van die fakulteit/kuratorium en met adviserende stem bywoon.

2.1.5 Die taakspan kan kundige lede koöpteer soos nodig.

2.1.6 Die vul van vakatures word deur die ASM of sy gevolmagtigde bekragtig op aanbeveling van die sinode en taakspan.

## 3. OPDRAG

3.1 Die taakspan:

3.1.1 gee advies in verband met die interpretasie en toepassing van die *Kerkorde*, reglemente van die Algemene Sinode en algemene sinodale besluite.

3.1.2 maak ’n studie van sake wat deur die Algemene Sinode na die taakspan verwys word en dien die Algemene Sinode/ASM met ’n verslag en aanbevelings in dié verband;

3.1.3 sien toe dat alle besluite van die Algemene Sinode wat wysigings aan die artikels van die *Kerkorde* en die reglemente van die Algemene Sinode meebring, redaksioneel versorg en so spoedig moontlik gepubliseer word;

3.1.4 bring kerkregtelike ongerymdhede in algemene sinodale verband, wat onder sy aandag kom, onder aandag van die ASM met ’n aanduiding van die moontlike weg tot herstel;

3.1.5 tree, ingeval waar teen ʼn besluit van ʼn sinode geappelleer word op as appèlliggaam van die Algemene Sinode (vergelyk Artikel 23 en 43.1.10 van die *Kerkorde* en die *Reglement 23 vir Hersiening (revisie), Appėl, Beswaarskrif (gravamen) en Prosedurele Beswaar* of wys uit eie geledere so ’n gevolmagtigde appèlliggaam aan om die appèl te hanteer;

3.1.6 hanteer prosedurele besware teen besluite van die Algemene Sinode in terme van Reglement 23, punte 4.5.3 en 4.5.4;

3.1.7 bestudeer vooraf alle beskrywingspunte in verband met wysigings van die *Kerkorde* en die reglemente van die Algemene Sinode;

3.1.8 adviseer die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde(s) in gevalle waar die Algemene Sinode by die hof aangekla mag word;

3.1.9 wend doelbewuste pogings aan om kerklike sake uit die hof te hou en dra sorg dat sake wat wel in die hof beland, behoorlik verdedig word;

3.1.10 win in opdrag van die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde(s) regsadvies in;

3.1.11 hersien die *Kerkorde* en die reglemente van die Algemene Sinode en bedien die Algemene Sinode met voorstelle; en

3.1.12 gee terugvoer aan die ASM en doen verslag aan die Algemene Sinode.

## 4. KONSTITUERING EN VERGADERINGS

4.1 Die taakspan konstitueer so spoedig moontlik na aanwysing en vergader hoogstens een maal per jaar.

4.2 ’n Dagbestuur word by konstituering saamgestel, bestaande uit die aktuarius as voorsitter, ’n ondervoorsitter, ’n skriba en ’n addisionele lid. Die dagbestuur vergader wanneer nodig.

4.3 Die taakspan benoem subtaakspanne na behoefte.

# REGLEMENT 9

# REGLEMENT VIR DIE ALGEMENE TAAKSPAN PREDIKANTESAKE

## 1. NAAM

Die Algemene Taakspan Predikantesake (ATP).

## 2. SAMESTELLING

2.1 Die taakspan word soos volg deur die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen (ASM) saamgestel en bestaan uit tien lede (vergelyk 2.3.1 tot 2.3.5 hieronder) wat gesamentlik oor kundigheid en ervaring beskik op die terreine van begeleiding en

versorging van predikante, voortgesette bedieningsontwikkeling van predikante, bestuur van diensverhoudinge, kerkreg en statutêre reg.

2.2 Minstens twee lede van die taakspan moet afgevaardigdes na die Algemene Sinode wees.

2.3 Die taakspan word soos volg saamgestel:

2.3.1 die verteenwoordiger van die Algemene Taakspan Regte, met sekundus;

2.3.2 die bestuurder van die kantoor vir predikantesake;

2.3.3 twee verteenwoordigers van teologiese opleiding (een uit die Algemene Kuratorium en een van die Forum vir Voortgesette Bediendingsontwikkeling), met sekundi;

2.3.4 twee verteenwoordigers van predikantebegeleiding, met sekundi; en

2.3.5 vier kundiges, waarvan minstens twee nie-gelegitimeerdes moet wees, met sekundi.

2.3.6 Die taakspan word, wanneer nodig, bygestaan deur een lid uit elke sinode, deur die betrokke sinode of sy gevolmagtigde aangewys, met sekundus. Wanneer die taakspan 'n bevoegdheidsaangeleentheid hanteer, geskied dit waar moontlik in oorleg met die lid deur die betrokke sinode aangewys.

2.3.7 Die taakspan kan twee addisionele lede koöpteer.

2.4 Die kantoor vir predikantesake hanteer die skribaat van die taakspan.

2.5 Die voorsitter en ondervoorsitter word deur die taakspan uit eie geledere aangewys.

2.6 Vakatures in die taakspan word op aanbeveling van die taakspan deur die ASM aangevul.

2.7 Die voorsitter, bestuurder en nog 'n lid deur die taakspan aangewys, tree as dagbestuur op.

2.8 Die dagbestuur hanteer, in terme van die taakspan se opdrag, alle administratiewe en spoedeisende sake met verslag aan die taakspan.

2.9 Die taakspan lewer verslag aan die Bedryfspan, ASM en die Algemene Sinode.

## 3. WERKSTERREINE EN OPDRAG

### 3.1 Beleid

Adviseer die kerkverband oor die beleid wat verband hou met predikantesake.

### 3.2 Subtaakspanne

Die taakspan verrig die volgende funksies deur middel van die volgende subtaakspanne:

#### 3.2.1 Bevoegdheidsaangeleenthede

3.2.1.1 die verlening van bedieningsbevoegdheid (legitimasie) op aanbeveling van die kuratoria;

3.2.1.2 die opskorting of ontneming van bedieningsbevoegdheid (legitimasie) op aanbeveling van 'n ring of sy gevolmagtigde ondersoekliggaam;

3.2.1.3 die instandhouding van die bevoegdheidsregister;

3.2.1.4 die advisering van aansoekers en kerkvergaderinge oor die hantering van aansoeke om herstel van bevoegdheid en die vereistes wat daarvoor nagekom moet word; en

3.2.1.5 die verskaffing van tersaaklike inligting aan kerklike vergaderings en die *Jaarboek* oor bedieningsbevoegdheid van proponente, predikante, emeriti, diensleraars en standplaasleraars.

#### 3.2.2 Diensverhoudinge

3.2.2.1 die gee van advies en leiding aan sinodes, ringe en kerkrade, in oorleg met die aktuarius van die Algemene Sinode én die aktuarius van die betrokke sinode, met die oog op eenvormige en gekoördineerde optrede ten opsigte van hantering van diensverhoudinge;

3.2.2.2 die samestelling en bywerk van die *Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge*; en

3.2.2.3 die jaarlikse aanbeveling van die riglyne vir vergoedingspakkette van predikante aan in oorleg met die Algemene Taakspan Fondse en Bates.

3.2.3 **Arbeidsregtelike Dienste**

3.2.3.1 die instandhouding van ’n persoonlike lêer waarin die bevindinge van alle tug-, dissiplinêre en appèlsake, waarby studente en gelegitimeerdes betrokke is, aangeteken word;

3.2.3.2 die gee van advies en leiding aan ondersoekliggame, in oorleg met die aktuarius van die Algemene Sinode én die aktuarius van die betrokke sinode, met die oog op eenvormige en gekoördineerde optrede ten opsigte van die hantering van tug- en dissiplinêre ondersoeke, appèlsake en beslissings oor bedieningsbevoegdheid;

3.2.3.3 die verskaffing van opleiding en toerusting ten opsigte van arbeidsregtelike en gemeenregtelike aangeleenthede in tug- en/of dissiplinêre optrede en bevoegdheidsaansoeke; en

3.2.3.4 die gee van advies aan ondersoekliggame, in oorleg met die aktuarisse van die Algemene Sinode en die sinodes.

3.2.4 **Standplaasverwisseling**

3.2.4.1 die gee van advies en leiding aan die sinodale predikantebegeleiers, sinodes, ringe, kerkrade en predikante oor die beleid ten opsigte van standplaasverwisseling; en

3.2.4.2 die verlening van hulp met passingsprosesse.

3.2.5 **Predikantebegeleiding**

die gee van advies en leiding, in oorleg met die sinodale predikante begeleiers, oor die beleid ten opsigte van die implementering van die *A tot Z-beleid*, predikante-versorging en die mentorprogram.

3.2.6 **Opleiding en VBO**

3.2.6.1 die lewering van jaarliks insette by die Algemene Taakspan Teologiese Opleiding rakende behoeftes van opleiding aan studente;

3.2.6.2 die lewering van jaarlikse insette by die Forum vir Voortgesette Bediendingsontwikkeling en diensverskaffers rakende voortgesette bedieningsontwikkeling; en

3.2.6.3 die administrasie van krediete vir voortgesette bedieningsontwikkeling.

**3.3 Sekretariaat**

Die sekretariaat van die taakspan verrig die volgende funksies:

3.3.1 die gereelde instandhouding van die bevoegdheidsregister;

3.3.2 die hantering van alle korrespondensie rakende die bevoegdheidsregister; en

3.3.3 die hantering van die skribaat van die taakspan.

**3.4 Begroting en befondsing**

3.4.1 Die begroting vir die kantoor en werksaamhede van die taakspan word deur die Algemene Taakspan Fondse en Bates én die Bedryfspan in samewerking met die taakspan hanteer.

3.4.2 Die werksaamhede van die kantoor, taakspan en subtaakspanne wat betrekking het op alle bevoegdheidsaangeleenthede, word befonds uit die registrasiefooi, wat slegs hiervoor aangewend mag word. Die jaarlikse registrasiefooi word deur die Bedryfspan op aanbeveling van die taakspan en die Algemene Taakspan Fondse en Bates vasgestel.

3.4.3 Die Algemene Sinode begroot vir werksaamhede van die taakspan wat op die terrein van die Algemene Sinode tuishoort.

## 4. VERGADERINGS

4.1 Die taakspan vergader minstens kwartaalliks waarvan een vergadering per jaar uitgebrei word met een verteenwoordiger uit elke sinode op die koste van die sinode.

4.2 Die subtaakspanne vergader soos nodig.

## 5. KANTOOR VIR DIE TAAKSPAN

5.1 Die taakspan:

5.1.1 neem ’n bestuurder in diens wat die kantoor bestuur en die werksaamhede koördineer.

5.1.2 skep ’n ondersteunde infrastruktuur vir die werksaamhede.

# REGLEMENT 10

# REGLEMENT VIR DIE ALGEMENE KURATORIUM

## 1. NAAM

Algemene Kuratorium (AK).

## 2. SAMESTELLING

Die taakspan word soos volg deur die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen (ASM) saamgestel:

2.1 twee verteenwoordigers van elk van die kuratoria te Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein, verkieslik die voorsitter en skriba, met sekundi;

2.2 een verteenwoordiger van elke sinode wat nie reeds in terme van 2.1 hierbo verteenwoordig is nie, met sekundus;

2.3 een verteenwoordiger van elk van die NG Kerkdosenterade aan die teologiese fakulteite te Stellenbosch, Pretoria, Bloemfontein, Hugenote Kollege en Namibia Evangelical Theological Seminary (NETS), verkieslik die voorsitter, met sekundus;

2.4 twee verteenwoordigers deur die Algemene Sinode of die ASM aangewys, waaronder ’n verteenwoordiger van die Algemene Taakspan Predikantesake, met sekundi; en

2.5 een verteenwoordiger van die Forum vir Voortgesette Bedieningsontwikkeling, met sekundus.

2.6 Elke lidkerk van die NG Kerkfamilie kan op eie koste in adviserende hoedanigheid een verteenwoordiger benoem.

2.7 Die vul van vakatures word deur die ASM of sy gevolmagtigde bekragtig op aanbeveling van die sinode, kuratoria en taakspan.

## 3. OPDRAG

3.1 Die taakspan

3.1.1 sien in die algemeen om na die teologiese opleiding en verdere bedieningsontwikkeling, en adviseer die Algemene Sinode in verband met die beleid wat gevolg moet word ten opsigte van teologiese opleiding en verdere bedieningsontwikkeling in die lig van die *A tot Z-beleid*;

3.1.2 koördineer en bespreek sake van gemeenskaplike belang vir die onderskeie teologiese fakulteite en die sentra vir verdere bedieningsontwikkeling soos deur die Algemene Sinode en/of die kuratoria na die taakspan verwys, en gee daaroor leiding;

3.1.3 bepaal in oorleg met die kuratoria en NG Kerkdosenterade die minimum vereistes vir toelating tot die evangeliebediening en lê dit aan die Algemene Sinode vir goedkeuring voor;

3.1.4 sien in oorleg met die kuratoria toe dat die vereistes vir toelating tot die evangeliebediening in die NG Kerk in die akademiese programme aan die universiteit en/of in die programme van die sentra vir bedieningsontwikkeling geïmplementeer word;

3.1.5 verseker deur genoegsame kontrole en toepaslike optrede dat die teologiese opleiding by die onderskeie teologiese opleidingsentra geskik en gelykwaardig is;

3.1.6 bepaal die bestek vir *colloquium doctum*, waaraan die kuratoria uitvoering gee;

3.1.7 oefen in geval van verdienstelike aansoeke vir legitimasie ’n diskresie uit om ’n aanbeveling aan ’n kuratorium te maak ten opsigte van aanvullende studie en/of eksaminering met die oog op legitimasie;

3.1.8 beskik oor diskresionêre bevoegdheid rakende die vereistes vir die (aanvullende) opleiding van tweede loopbaan-aansoekers;

3.1.9 hou register van alle studente wat gekeur is vir die teologiese opleiding en voorsien die Algemene Taakspan Predikantesake van ’n afskrif daarvan;

3.1.10 ontvang verslae van kuratoria oor die verdere bedieningsontwikkeling van gelegitimeerdes by die onderskeie sentra vir verdere bedieningsontwikkeling en voorsien die Algemene Taakspan Predikantesake van afskrifte daarvan;

3.1.11 kompileer, sonder inhoudelike wysiging, die verslae van die onderskeie kuratoria met die oog op een samevattende verslag aan die Algemene Sinode; en

3.1.12 gee terugvoer aan die ASM en doen verslag aan die Algemene Sinode.

## 4. KONSTITUERING EN VERGADERINGS

4.1 Die taakspan konstitueer so spoedig moontlik na aanwysing en vergader hoogstens twee maal per jaar.

4.2 ’n Dagbestuur word by konstituering saamgestel, bestaande uit ’n voorsitter, ’n ondervoorsitter en ’n skriba.

4.3 Die taakspan kan subtaakspanne benoem vir advies rakende enige aspek van teologiese opleiding.

## PREDIKANTE

Die volgende nege reglemente (11-19) handel oor die bevoegdheid van predikante, proponente, emeriti, diens- en standplaasleraars asook die onderskeie predikantsposte. Ter wille van duidelikheid gee die ATR die volgende kort verklarings van elk:

“*bevoegdheid*”- word deur die kerk (Algemene Sinode) by wyse van legitimasie aan persone verleen wat aan al die neergelegde vereistes voldoen om kerklike/ampswerk te verrig

“legitimasie” - ’n plegtige geleentheid waar kandidate wat aan die neergelegde vereistes voldoen ’n l*egitimasieverklaring* aflê

“*proponent*” - is ’n persoon wat die vereiste teologiese opleiding deurloop het, aan die neergelegde vereistes voldoen, l*egitimasieverklaring* afgelê het, maar nog nie georden of in die amp van predikant bevestig is nie

“*predikant*” - is ’n persoon wat gelegitimeer, georden en bevestig is en in aktiewe kerklike diens werksaam is

“*emeritus*” - is ’n gelegitimeerde wat weens die bereiking van die aftree-ouderdom uit die amp van predikant getree het en steeds oor ampsbevoegdheid beskik. Onder sekere

voorwaardes kan emeriti nog in ’n aktiewe bediening staan tot op 70 jaar waarna finaal uit aktiewe kerklike diens getree moet word

“*standplaasleraar*” - is ’n persoon wat die spesifieke vereiste kerklike opleiding vir standplaasleraars deurloop het, gelegitimeer, georden en bevestig is om diens te lewer binne die missionale konteks waarvoor hy/sy opgelei en beroep is, byvoorbeeld: Khoi-San, Dowes en Portugeessprekendes.

“*diensleraar*”- is ’n persoon wat die spesifieke vereiste kerklike opleiding deurloop het, gelegitimeer is en georden en bevestig is om diens te lewer met 'n spesifieke toegespitsde opdrag ooreenkomstig die terrein van opleiding, soos byvoorbeeld: pastoraat, jeug- en familiebediening, diakonaat, geloofsvorming, evangelisasie, kerkplanting, aanbidding, bejaardebediening, berading en sending.

*“voltydse predikantspos*” - is ’n voltydse pos met ’n onbepaalde termyn en verwys na die bediening van ’n predikant wat in ’n bepaalde gemeente bevestig is en wat volgens diensooreenkoms sy volle lewensonderhoud van die gemeente ontvang

“*deeltydse predikantspos*” - is ’n pos vir 'n predikant wat op 'n deeltydse basis vir ’n onbepaalde termyn 'n predikantspos in 'n gemeente beklee en verwys na die bediening van ’n predikant wat in ’n bepaalde gemeente bevestig is en wat volgens diensooreenkoms vir ’n vasgestelde gedeelte van sy tyd diens lewer aan die gemeente en slegs ’n gedeelte van sy lewensonderhoud van die gemeente ontvang

“*Tentmakerpo*s”- is ’n deeltydse pos vir 'n predikant wat op 'n vrywillige basis soos ooreengekom, vir ’n onbepaalde termyn 'n bediening in 'n gemeente verrig sonder enige vergoeding en vertoon die karakter van ’n gewone pos vir predikant.

“*vastetermynpredikantspos*” - is 'n pos vir ’n predikant en duur vir 'n vasgestelde termyn (met ’n aanvangs- en einddatum) van langer as ses maande, met ’n duidelik omskrewe taak/opdrag en wat termineer na die termyn en na voltooiing van die taak. ’n Vastetermynpos kan voltyds of deeltyds gevul word.

“*brugpredikantspos*”- ’n brugpredikantpos is vastetermynpos wat aan die hand van die prosedure van ’n vastetermynposte geskep en gevul word. ’n Brugpredikant het ’n spesifieke funksie om om ’n gemeente te begelei in die oorgangstyd wat ontstaan nadat ’n vakature ontstaan het en die pos weer gevul word.

## REGLEMENT 11

## REGLEMENT VIR DIE OPLEIDING EN LEGITIMASIE VAN PREDIKANTE

### 1. PLEK WAAR EN OOREENKOMS MET DIE UNIVERSITEIT

Teologiese opleiding in die NG Kerk geskied aan die teologiese fakulteite van en sentra vir bedieningsontwikkeling by die universiteite van Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein, asook die Hugenote Kollege en die Namibiese Evangeliese Teologiese Seminarium, en word by wyse van skriftelike ooreenkoms tussen die betrokke sinode(s) en die onderskeie opleidingsentra bepaal, op voorwaarde dat dit nie in stryd is met die besluite van die Algemene Sinode soos in hierdie *reglement* vervat nie.

## 2. SAMESTELLING EN FUNKSIES VAN DIE ALGEMENE KURATORIUM, DIE PLAASLIKE KURATORIUM EN SUBTAAKSPANNE OF SUBKOMMISSIES

### 2.1 Algemene Kuratorium

Die Algemene Kuratorium is die taakspan van die Algemene Sinode wat oorhoofse verantwoordelikheid dra vir teologiese opleiding (vergelyk *Reglement 10 vir die Algemene Kuratorium*).

### 2.2 Plaaslike Kuratorium

#### 2.2.1 Samestelling

Die kuratorium word saamgestel uit verteenwoordigers van die sinode(s) binne wie se gebied die teologiese fakulteit geleë is. Die getal lede in ’n kuratorium word bepaal deur die betrokke sinode(s). Ander sinodes het die reg om op eie koste elk een verteenwoordiger in die onderskeie kuratoria te benoem. Een lid van die NG Kerkdosenteraad het sitting in die kuratorium. Indien die betrokke sinode(s) ’n predikant(e) met opdrag teologiese opleiding benoem en vir diens aan die kerkverband bevestig het, dien hierdie persoon in die kuratorium.

#### 2.2.2 Funksies

Die kuratorium

2.2.2.1 gee uitvoering aan die Algemene Sinode se beleid én reglemente en die betrokke sinode(s) se bepalings en besluite vir teologiese opleiding;

2.2.2.2 is verantwoordelik vir die keuring, begeleiding, versorging, toesighouding oor, eksaminering en aanbeveling vir toelating tot die evangeliebediening van teologiese studente wat by die betrokke universiteit ingeskryf is en predikante in die NG Kerk wil word;

2.2.2.3 voer onderhandelinge en sluit ooreenkomste met die universiteit oor die kerk se vereistes vir, die aard van en die toesig oor teologiese opleiding;

2.2.2.4 benoem en stel teologiese dosente aan vir diens aan die kerkverband, of benoem dosente in die teologie wat met kerklike inspraak deur die universiteit aangestel word in ’n pos toegeken aan die kerk, of akkrediteer dosente wat sonder kerklike inspraak deur die universiteit aangestel is;

2.2.2.5 sorg vir en hou toesig oor die verdere bedieningsontwikkeling van gelegitimeerdes binne die gebied van die betrokke sinode(s) in die lig van die *A tot Z-beleid*; en

2.2.2.6 werk saam met die ander kerklike vennote by die universiteit, die ander kuratoria van die Kerk, die Algemene Kuratorium en ander gereformeerde kerke op ekumeniese gebied om teologiese opleiding te bevorder en uit te bou.

### 2.3 Dagbestuur

Elke kuratorium wys ’n dagbestuur aan ooreenkomstig die bepalings en/of reglemente van die betrokke sinode(s).

### 2.4 Subtaakspanne of subkommissies

Die kuratorium behartig die volgende funksies self of word in die uitvoering daarvan bygestaan en/of geadviseer deur subtaakspanne of subkommissies:

#### 2.4.1 Keuring

2.4.1.1 ’n Voornemende teologiese student word deur die ring met ’n gemotiveerde verslag as teologiese kandidaat by die kuratorium aangemeld. Die kuratorium word voorsien van ’n skriftelike verklaring deur die sturende gemeente dat die voornemende student ’n lidmaat van die gemeente is. Die kuratorium kan ook ’n student voorlopig toelaat in afwagting van die kennisgewing, verslag en/of verklaring.

2.4.1.2 Tot die keuringstaak van die kuratorium behoort die beoordeling van die verslag van die ring, die aanvanklike en verdere persoonlikheidsevaluering van die student, die verkryging van die student se instemming met die kerk se verstaan van die amp van predikant soos in die Woord, belydenis, kerklike bepalinge, roepingsverklaring en beleid van die Algemene Sinode uitgedruk.

2.4.1.3 Die kuratorium ontmoet vóór die aanvang van teologiese studies die voornemende teologiese student, verkieslik saam met verteenwoordigers van die sturende gemeente en die ring. Die ontmoeting word benut vir gesprek oor die student se roepingsverstaan, geestelike groei, kerklike betrokkenheid, beskikbaarheid van studiebeurse en bedieningsmoontlikhede.

2.4.1.4 Gekeurde teologiese studente word tydens die formele inskrywing aan die universiteit deur die kuratorium bygestaan, van advies oor kursusaangeleenthede bedien en aan die Kerk se betrokkenheid by die teologie fakulteit bekendgestel.

2.4.1.5 Die kuratorium verleen jaarliks op grond van ’n skriftelike keuringsverslag toestemming aan teologiese studente om voort te gaan met hulle teologiese studie.

2.4.1.6 ’n Teologiese student se keuring kan deur die kuratorium opgeskort of beëindig word wanneer akademiese vordering, klasbywoning, gedrag en kerklike meelewing nie bevredigend is nie.

2.4.1.7 Die kuratorium doen jaarliks aan die sturende gemeente, die student se huidige gemeente, die betrokke ring(e) en die Algemene Kuratorium verslag oor die student se vordering.

2.4.1.8 Die keuring van ’n teologiese student aan een van die kerklik-goedgekeurde teologiese opleidingsentra kan deur die kuratorium na ’n ander kerklik-goedgekeurde teologiese opleidingsentrum oorgedra word, mits die nodige dokumentasie daarmee saamgaan en die ander kuratorium die keuring aanvaar.

2.4.1.9 Finale keuring vind by eksaminering voor legitimasie plaas.

### 2.4.2 Begeleiding, versorging en toesighouding

2.4.2.1 Die begeleiding van teologiese studente het ’n versorgingswaarde en ’n keuringsfunksie. Begeleiers doen jaarliks op grond van goeie persoonlike kontak met die teologiese student en aan die hand van ’n skriftelike verslag ’n aanbeveling met die oog op die voortsetting van die opleiding.

2.4.2.2 Die begeleiding en versorging van teologiese studente is ’n geïntegreerde proses waarin gemeente(s), die ring(e) en die kuratorium ’n eie bydrae lewer.

2.4.2.3 Die kuratorium begelei en versorg die teologiese student ten opsigte van akademiese ontwikkeling, spiritualiteitsvorming én persoonsontwikkeling.

2.4.2.4 Die kuratorium neem verantwoordelikheid vir die bedieningsgeskiktheid en bedieningsgereedheid van die teologiese student, waarby ingesluit word deurlopende professionele vorming en ’n praktiese gemeentejaar.

2.4.2.5 Die kuratorium stel ’n gedragskode vir teologiese studente op en hou toesig en oefen dissipline uit oor die student se nakoming van die gedragskode.

2.4.2.6 Die gemeente waar die teologiese student tydens opleiding lidmaat is, is verantwoordelik vir die pastorale versorging van en toesig oor die leer en lewe van die student.

### 2.4.3 Dissiplinering

2.4.3.1 Teologiese studente staan vir die duur van hulle opleiding onder die gesamentlike toesig van die kuratorium en die NG Kerkdosenteraad (vergelyk artikel 6.3 van die *Kerkorde* en 2.5 hieronder).

2.4.3.2 As lidmate en ampsdraers in gemeentes staan teologiese studente, wat hulle leer en lewe betref, onder die toesig en tug van die kerkvergadering wat kerkordelik daarvoor verantwoordelik is. Die kuratorium kan die betrokke kerkvergadering daaroor raadpleeg.

2.4.3.3 Hierdie toesig hef nie die toesig van die universiteit oor teologiese studente op nie.

2.4.3.4 Die kuratorium wys vir ’n dissiplinêre ondersoek ’n gevolmagtigde ondersoekliggaam van minstens drie lede uit eie geledere en/of uit die betrokke sinode(s) se gebied aan. Die ondersoekliggaam kan kundiges as volwaardige lede koöpteer.

2.4.3.5 ’n Teologiese student kan tydens ’n dissiplinêre ondersoek deur ’n NG Kerklidmaat bygestaan word.

2.4.3.6 Die dissiplinêre ondersoek geskied in terme van die toepaslike voorskrifte van die *Reglement 22 vir Tug en Vermaning.*

2.4.3.7 Die volgende dissiplinêre maatreëls kan deur die ondersoekliggaam opgelê word:

2.4.3.7.1 ’n bestraffing in ’n privaatgesprek of ter vergadering van die ondersoekliggaam;

2.4.3.7.2 die opskorting vir ’n vasgestelde tydperk van die student se keuring met die oog op legitimasie; of

2.4.3.7.3 die beëindiging van die student se keuring met die oog op legitimasie.

2.4.3.8 Die betrokke sinode(s) of sy/hulle gevolmagtigde(s) hanteer die appèl van ’n teologiese student teen ’n dissiplinêre maatreël(s).

#### 2.4.4 Eksaminering en aanbeveling vir legitimasie

2.4.4.1 Elke kuratorium benoem ’n proponentskommissie ooreenkomstig die bepalings en/of reglemente van die bepaalde sinode(s).

2.4.4.2 Die proponentskommissie neem die proponentseksamen (vergelyk 6. hieronder) af en beveel die suksesvolle kandidate by die kuratorium aan vir legitimasie deur die Algemene Taakspan Predikantesake.

2.4.4.3 Die proponentskommissie is deurlopend betrokke by die proses van opleiding ten einde te verseker dat die opleiding beantwoord aan die behoeftes van die kerk.

### 2.5 NG Kerkdosenteraad

2.5.1 Die NG Kerkdosenteraad word saamgestel uit die teologiese dosente deur die NG Kerk benoem aan die teologiese fakulteit van die universiteit en die sentrum vir bedieningsontwikkeling van die kerk by die universiteit.

2.5.2 Die NG Kerkdosenteraad is saam met die kuratorium verantwoordelik vir die vorming van teologiese studente met die oog op die bediening in die NG Kerk en die ander lidkerke van die NG Kerkfamilie.

2.5.3 Die kuratorium word deur ten minste een lid, wat nie ’n aanstelling by die universiteit of sentrum vir bedieningsontwikkeling het nie, in die NG Kerkdosenteraad verteenwoordig.

## 3. TEOLOGIESE DOSENTE

### 3.1 Benoeming, aanstelling en akkreditering

3.1.1 Die benoeming en aanstelling van teologiese dosente by universiteite waar predikante vir die NG Kerk opgelei word, kan op een van twee maniere geskied:

3.1.1.1 Die universiteit kan ’n dosent aanstel na inspraak deur die kerk soos bepaal in die ooreenkoms tussen die betrokke universiteit en die sinode(s). Die kuratorium benoem en bevestig sodanige dosent as teologiese dosent van die NG Kerk.

3.1.1.2 Die kuratorium kan, ná oorleg met die betrokke universiteit, ’n dosent aan die sentrum vir bedieningsontwikkeling benoem, aanstel en bevestig vir diens aan die kerkverband.

Die universiteit word versoek om sodanige teologiese dosent te akkrediteer om ook as dosent aan die teologiese fakulteit op te tree.

3.1.2 In beide gevalle word die posbeskrywing en profiel bekendgestel in die *Kerkbode*.

3.1.3 Die benoeming en bevestiging van teologiese dosente in doseerposte wat deur die kerk geskep en gevul word, geskied in terme van artikel 8.2 en artikel 8.4 van die *Kerkorde*.

3.1.4 Doseerposte wat deur die universiteit ingevolge ’n ooreenkoms aan die kerk toegeken is, word gevul in terme van die reëls en kriteria deur die universiteit in oorleg met die kerk bepaal, en word befonds soos tussen die universiteit en die kerk ooreengekom.

3.1.5 Teologiese dosente aan die universiteit wat sonder die kerk se inspraak aangestel is, kan deur die kuratorium as teologiese dosent geakkrediteer word. Slegs benoemde en geakkrediteerde dosente kan kerkspesifieke en kerkeie opleiding vir teologiese studente van die NG Kerk aanbied.

3.1.6 Die benoeming en akkreditering van teologiese dosente deur die kuratorium, word in die *Kerkbode* vir approbasie deur die kerkverband voorgelê.

3.1.7 Teologiese dosente wat deur die kuratorium benoem is, beskik oor die bevoegdheid van predikant in die NG Kerk. Proponente word met handoplegging bevestig en verkry sodoende die bevoegdheid van predikant.

**3.2 Vereistes by benoeming**

3.2.1 By die benoeming van teologiese dosente, word aan die volgende vereistes voldoen:

3.2.1.1 die persoon moet oor die bevoegdheid van predikant of die bevoegdheid van proponent in die NG Kerk beskik;

3.2.1.2 die persoon moet oor die nodige akademiese kwalifikasies beskik en aan die ander posvereistes voldoen;

3.2.1.3 die persoon moet kerklik betrokke wees en oor genoegsame ondervinding in die kerklike bediening beskik; en

3.2.1.4 die persoon moet ’n onbetwyfelbare voorstander van die gereformeerde leer wees.

**3.3 Dissiplinering**

3.3.1 As lidmate en ampsdraers in gemeentes, staan teologiese dosente, wat hulle leer en lewe betref, onder die toesig en tug van die kerkvergadering wat kerkordelik daarvoor verantwoordelik is. Die kuratorium kan die betrokke kerkvergadering daaroor raadpleeg.

3.3.2 Wanneer ’n klag teen of nadelige gerug oor ’n dosent by die kuratorium aangebring word, word dit deur die kuratorium aan die verantwoordelike ring oorhandig. Die kuratorium kan ook as klaer in ’n tugondersoek optree. Waar ’n ondersoekliggaam besluit om ’n teologiese dosent ’n tugmaatreël(s) in terme van Artikel 64 van die *Kerkorde* op te lê en sodanige tugmaatreël die teologiese dosent se diensverhouding by die universiteit beïnvloed, word ’n ooreenkoms rakende die voortgesette diens van die dosent tussen die kerk en die universiteit daaroor aangegaan.

3.3.3 Die kuratorium hou toesig oor en is verantwoordelik vir die bestuur van die diensverhouding van teologiese dosente wat by ’n sentrum vir bedieningsontwikkeling vir diens aan die kerkverband aangestel is. Dit sluit dissiplinêre optrede deur die kuratorium in terme van die *Reglement 22 vir Tug en Vermaning* teen sodanige teologiese dosent in.

3.3.4 Die universiteit hou toesig oor en is verantwoordelik vir die bestuur van die diensverhouding van teologiese dosente wat as personeel van die universiteit aangestel is. Die bepalings soos deur die universiteit in dié verband neergelê, geld vir dissiplinêre optrede. Waar dissiplinêre maatreëls deur die universiteit toegepas ’n teologiese dosent

se diens aan die kerk beïnvloed, word 'n ooreenkoms rakende die voortgesette diens van die dosent tussen die kerk en die universiteit daaroor aangegaan.

3.3.5 Die kuratorium wys vir 'n dissiplinêre ondersoek teen 'n teologiese dosent van die NG Kerk 'n gevolmagtigde ondersoekliggaam van ten minste drie lede uit eie geledere en/of uit die betrokke sinode(s) se gebied aan. Die ondersoekliggaam kan kundiges as volwaardige lede koöpteer.

3.3.6 'n Teologiese dosent kan tydens 'n dissiplinêre ondersoek deur 'n NG Kerklidmaat bygestaan word.

3.3.7 Die dissiplinêre ondersoek geskied in terme van die toepaslike voorskrifte van die *Reglement 22 vir Tug en Vermaning.*

3.3.8 Die volgende dissiplinêre maatreëls kan deur die ondersoekliggaam opgelê word:

3.3.8.1 'n bestraffing in 'n privaatgesprek of ter vergadering van die ondersoekliggaam;

3.3.8.2 die opskorting vir 'n vasgestelde tydperk van die dosent se voorreg om teologiese studente van die NG Kerk op te lei; of

3.3.8.3 die beëindiging van die dosent se voorreg om teologiese studente van die NG Kerk op te lei en die uiteindelike beëindiging van die kerk se finansiële bydrae ten opsigte van die betrokkene, soos met die universiteit ooreengekom.

3.3.9 Die betrokke sinode(s) of sy/hulle gevolmagtigde(s) hanteer die appèl van 'n teologiese dosent teen 'n dissiplinêre maatreël(s).

3.3.10 Die kuratorium kan na behoorlike ondersoek besluit om die akkreditering van 'n teologiese dosent op te skort of te beëindig.

## 4. VEREISTES VIR TEOLOGIESE OPLEIDING

### 4.1 Algemene vereistes

4.1.1 Die teologiese opleiding van die kerk is primêr gefokus op die opleiding en vorming van predikante vir die bediening van die kerk.

4.1.2 Benewens hierdie hoofoogmerk hou die teologiese opleiding rekening met

4.1.2.1 die opleiding van teoloë wat die kerk en evangelie kan dien deur te doseer, navorsing te doen en ander gespesialiseerde werk (soos Bybelvertaling) vir die kerk te doen;

4.1.2.2 die opleiding vir ander ampte, dienste en bedieninge soos wat die kerk dit nodig ag (soos jeugwerkers, pastorale werkers, evangeliste); en

4.1.2.3 die opleiding en toerusting van lidmate vir hulle dienswerk volgens hulle gawes binne en buite die gemeente.

4.1.3 In die gereformeerde tradisie neem teologiese opleidingsinstansies saam met gemeentes en die kerkverband verantwoordelikheid vir die opleiding vir die amp van predikant in die kerk.

4.1.4 In die opleiding van predikante word aandag gegee aan die geïntegreerde vorming van kennis (logos), karakter (etos) en vaardighede en houdings (patos). Gereelde aandag word tydens teologiese opleiding aan ten minste die volgende by studente gegee:

4.1.4.1 geestelike lewe en geestelike dissiplines;

4.1.4.2 roepingsbewustheid;

4.1.4.3 psigiese gesondheid en persoonsgroei;

4.1.4.4 Bybelse en teologiese kennis en insig;

4.1.4.5 kontekstuele insig en oordeel;

4.1.4.6 verstaan van die kerk en van die roeping en werking van gemeentes; en

4.1.4.7 vorming van spesifieke vaardighede wat vir die bediening nodig is.

4.1.5 Sinodes doen alles in hulle vermoë om die praktyk van verdere bedieningsontwikkeling goed te vestig en uit te bou. Teologiese en bedieningsopleiding is ’n bedieningslange taak en verantwoordelikheid en daarom vestig die NG Kerk ’n tradisie van bedieningslange leer by gelegitimeerdes van die kerk.

**4.2 Akademiese vereistes**

4.2.1 Die NG Kerk vereis van sy studente ’n sesjarige opleiding in gereformeerde teologie, wat die verkryging van die gepaardgaande grade insluit. Hierdie sesjarige opleiding moet ten minste die suksesvolle voltooiing van Grieks II en Hebreeus II insluit.

4.2.2 Die akademiese vereistes vir toelating tot die evangeliebediening in die NG Kerk word deur die Algemene Kuratorium in oorleg met die kuratoria en die NG Kerkdosenterade geformuleer en deur die Algemene Sinode goedgekeur. Die Algemene Kuratorium en die kuratoria sien toe dat dié vereistes in die akademiese programme by die teologiese fakulteite en/of by die programme van die sentra vir bedieningsontwikkeling geïmplementeer word.

4.2.3 Kursusse, modules en/of programme word deur die universiteit in die volgende vakdissiplines aangebied:

4.2.3.1 Ou Testamentiese Wetenskap;

4.2.3.2 Nuwe Testamentiese Wetenskap;

4.2.3.3 Kerkgeskiedenis en Kerkreg/Ekklesiologie;

4.2.3.4 Dogmatiek en Etiek/Sistematiese Teologie;

4.2.3.5 Godsdiens- en Sendingwetenskap/Missiologie; en

4.2.3.6 Praktiese Teologie.

4.2.4 Spesialisering in ’n bepaalde studiegebied, insluitende ’n verhandeling oor ’n gespesialiseerde onderwerp, is ’n akademiese vereiste vir teologiese opleiding.

**4.3 Bykomende vereistes**

4.3.1 Die volgende is bykomende vereistes vir teologiese opleiding en toelating tot die evangeliebediening:

4.3.1.1 die suksesvolle eksaminering van die kandidaat se kennis van die Bybel en die belydenisskrifte;

4.3.1.2 die suksesvolle evaluering van die kandidaat se taal- en kommunikasievaardigheid;

4.3.1.3 die gereelde bywoning van kursusse, modules en programme deur die universiteit en die sentrum vir bedieningsontwikkeling aangebied;

4.3.1.4 die suksesvolle voltooiing van die bedieningsvorming en die verpligte gemeentejaar ooreenkomstig die voorskrifte van die kuratorium en die NG Kerkdosenteraad; en

4.3.1.5 die geslaagde lewering van ’n proefpreek onder toesig van ’n dosent en ’n lid van die proponentskommissie in ’n gemeente tydens die finale studiejaar.

4.3.2 Kandidate wat toelating tot die evangeliebediening verlang, word verplig om ten minste drie jaar van die opleiding voltyds aan een van die kerklik-goedgekeurde teologiese opleidingsentra te voltooi. In die geval van tweedeloopbaanstudente en ander hoogs uitsonderlike gevalle kan die Algemene Kuratorium, op voorlegging van ’n kuratorium, hierdie vereiste ter syde stel.

4.3.3 Die Algemene Kuratorium beskik oor diskresionêre bevoegdheid rakende die vereistes vir die (aanvullende) opleiding van tweede-loopbaan aansoekers en voorsien die kuratorium en die NG Kerkdosenteraad van die vereistes waaraan ’n bepaalde aansoeker moet voldoen**.**

## 5. GEMEENTEJAAR

5.1 Opleiding in bedieningsvorming geskied tydens al die studiejare, maar in besonder tydens die finale studiejaar.

5.2 Gedurende die finale studiejaar werk studente vir hulle bedieningsvorming vanaf die begin van Februarie tot die einde van Oktober onder toesig van ’n gemeenteleraar én by ’n gemeente deur die kuratorium en die NG Kerkdosenteraad goedgekeur.

5.3 Teologiese studente onderteken die volgende onderneming voor die aanvang van die gemeentejaar:

*“Ek, die ondergetekende, onderskryf hiermee opreg en as voor die Here die leer soos vervat in die Formuliere van Eenheid van die gereformeerde kerke, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls. Ek verklaar met my hele hart dat ek dit aanvaar en bely as in ooreenstemming met die Woord van God; dat ek die leer getrou sal handhaaf; dat ek my op die bevordering van godsdienskennis, Christelike sedes, orde en eendrag met alle ywer sal toelê; en ek verbind my om, sou dit bevind word dat ek teen enige gedeelte van hierdie verklaring en belofte gehandel het, my aan die uitsprake van die bevoegde kerkvergadering te onderwerp.”*

5.4 Die kerkraad van die gemeente waar die teologiese student die gemeentejaar doen, voorsien die kuratorium en die NG Kerkdosenteraad vóór einde September van ’n verslag oor die praktiese opleiding. Die betrokke kuratorium en NG Kerkdosenteraad voorsien die *pro forma* vir hierdie verslag (vergelyk ook 6.2.7 hieronder).

## 6. PROPONENTSEKSAMEN

6.1 Die proponentseksamen geskied aan die einde van die finale studiejaar of so gou doenlik daarna en word deur die proponentskommissie afgeneem.

6.2 Die ondersoek tydens die proponentseksamen geskied sover moontlik in die teenwoordigheid van die kandidaat en handel oor:

6.2.1 die kandidaat se roeping en beweegredes om predikant te word;

6.2.2 die kandidaat se getuienis oor geloofsekerheid en die ervaring van die genade van God;

6.2.3 die kandidaat se lewensverhaal, wat sorg vir geestelike, fisiese en emosionele gesondheid insluit;

6.2.4 die kandidaat se getuienis oor die verstaan van die inhoud van ’n predikant se ampswerk, wat bewussyn van gawes en groeigeleenthede insluit;

6.2.5 die kandidaat se bedieningsgeskiktheid en bedieningsgereedheid;

6.2.6 die kandidaat se spiritualiteitsvorming en persoonsontwikkeling, soos onder meer deur die deurlopende persoonlikheidsevaluering bepaal;

6.2.7 die inhoud van die verslag van die gemeente(s) waar die kandidaat tydens die gemeentejaar praktiese opleiding ondergaan het, onder meer die kandidaat se gemeentelike meelewing, gehegtheid aan die leer van die kerk, voorbeeldigheid, onbesproke gedrag en getroue uitvoering van diensverpligtinge;

6.2.8 die inhoud van die verslag van die sentrum vir bedieningsontwikkeling oor die kandidaat se kerkeie opleiding, professionele vorming, kennis van die Bybel en die belydenisskrifte en taal- én kommunikasievaardighede (vergelyk ook 4.3.1.1 en 4.3.1.2 hierbo);

6.2.9 die inhoud van die verslag van die gemeente waar die teologiese student tydens opleiding lidmaat is oor die kandidaat se leer en lewe;

6.2.10 die inhoud van die verslag van die dosent en die lid van die proponentskommissie oor die beoordeling van die kandidaat se proefpreek (vergelyk 4.3.1.5 hierbo); en

6.2.11 die inhoud van die verslag van die NG Kerkdosenteraad oor die kandidaat se akademiese kennis, gehegtheid aan die leer van die kerk, aanwending van teoretiese akademiese kennis in die praktyk van die bediening en die suksesvolle voltooiing van die vereiste universiteitskursusse, -modules en -programme.

6.3 Die kuratorium beslis op aanbeveling van die proponentskommissie dat ’n kandidaat aan die neergelegde vereistes voldoen het en daarom by die Algemene Sinode vir legitimasie aanbeveel word (vergelyk Artikel 7 van die *Kerkorde*).

6.4 ’n Kandidaat wat deur die kuratorium afgewys word, kan weer op ’n tyd soos deur die proponentskommissie bepaal, vir eksaminering en moontlike toelating aanmeld.

6.5 Studente van die NG Kerk wat in die buiteland studeer het, lê die proponentseksamen af met die oog op legitimasie deur die Algemene Taakspan Predikantesake.

## 7. COLLOQUIUM DOCTUM

7.1 *Colloquium doctum* word by die proponentskommissie afgelê deur

7.1.1 persone wie se terugkeer tot die evangeliebediening deur ’n sinode of sy gevolmagtigde by die kuratorium aanbeveel word; of

7.1.2 persone wat by ander kerke se opleidingsentra tot die evangeliebediening toegelaat is en begeer om predikante in die NG Kerk te word.

7.2 Die volgende vereistes vir toelating tot *colloquium doctum* word gestel vir persone wat tot die evangeliebediening in die NG Kerk wil terugkeer:

7.2.1 bewys van goeie sedelike gedrag deur middel van ’n getuigskrif van die kerkraad van die gemeente waarvan die kandidaat lidmaat is;

7.2.2 bewys dat die kandidaat deur die betrokke sinode of sy gevolmagtigde ondersoek is met betrekking tot sy persoonlike geloofsekerheid, persoonlike ondervinding van die genade van God, roepingsbewustheid en geskiktheid vir die evangeliebediening.

7.3 Die kuratorium verwys alle persone wat vir *colloquium doctum* aanmeld, vooraf vir persoonlikheidsevaluering.

7.4 Die volgende vereistes word gestel vir predikante van gereformeerde kerke met wie die NG Kerk formele ekumeniese bande het, wat begeer om tot die evangeliebediening in die NG Kerk toegelaat te word:

7.4.1 Die predikant in diens van ’n ander gereformeerde kerk dien skriftelik ’n gemotiveerde aansoek in by die kuratorium van een van die teologiese opleidingsentra van die NG Kerk. Hierdie aansoek word vergesel van die getuienis van:

7.4.1.1 die ring van die NG Kerk binne wie se grense hierdie persoon as predikant in die bediening staan of woon (indien nie meer in die aktiewe bediening nie); en

7.4.1.2 die kerk of gemeente van waaruit die persoon wil oorkom, indien wenslik of moontlik.

7.4.2 ’n Skriftelike onderneming rakende die inhandiging van lidmaatskap deur die aansoeker en ’n skriftelike bevestiging van die aanvaarding van lidmaatskap deur ’n gemeente van die NG Kerk word vereis alvorens verder gehandel kan word met die aansoek.

7.4.3 In die geval waar aanvullende opleiding vereis word, kan so ’n persoon eers na suksesvolle voltooiing van die aanvullende opleiding én na *colloquium doctum* deur die proponentskommissie by die kuratorium vir legitimasie aanbeveel word.

7.4.4 Indien geen verdere aanvullende opleiding vereis word nie, kan die persoon na *colloquium doctum* deur die proponentskommissie by die kuratorium vir legitimasie aanbeveel word.

7.5 Die volgende vereistes word gestel vir persone wat ’n volledige of gedeeltelike teologiese opleiding ondergaan het aan die opleidingsentra van gereformeerde kerke met wie die NG Kerk formele ekumeniese bande het:

7.5.1 Die persoon wat opleiding by ’n ander gereformeerde kerk se opleidingsentrum ondergaan het, dien skriftelik ’n gemotiveerde aansoek by die kuratorium van een van die teologiese opleidingsentra van die NG Kerk in. Hierdie aansoek word vergesel van ’n skriftelike bevestiging van lidmaatskap van ’n gemeente van die NG Kerk en die getuienis van die ring van die NG Kerk binne wie se grense hierdie persoon woon of lidmaat is.

7.5.2 In die geval waar aanvullende opleiding vereis word omrede die teologiese opleiding deur die NG Kerkdosenteraad en die kuratorium as nie-gelykstaande geag word met die opleiding wat die NG Kerk vir sy teologiese studente vereis, kan so ’n persoon eers na suksesvolle voltooiing van die aanvullende opleiding én na *colloquium doctum* deur die proponentskommissie by die kuratorium vir legitimasie aanbeveel word.

7.5.3 Indien geen verdere aanvullende opleiding vereis word nie, kan die persoon na *colloquium doctum* deur die proponentskommissie by die kuratorium vir legitimasie aanbeveel word.

7.6 Die volgende vereistes word gestel vir persone wat ’n volledige of gedeeltelike teologiese opleiding aan die opleidingsentra van nie-gereformeerde kerke, of aan opleidingsentra wat nie aan ’n kerk verbind is nie, ondergaan het:

7.6.1 Van persone wat ’n volledige of gedeeltelike teologiese opleiding aan inrigtings van nie-gereformeerde kerke gevolg het, of aan opleidingsentra wat nie aan ’n kerk verbind is nie, word verwag om die vereiste teologiese studie aan een van die kerklik-goedgekeurde teologiese opleidingsentra van die NG Kerk te voltooi. Die Algemene Kuratorium bepaal in oorleg met die betrokke kuratorium en die NG Kerkdosenteraad die ontbrekende opleiding.

7.6.2 Hierdie persone word as teologiese studente aan die universiteit en by die sentrum vir bedieningsontwikkeling beskou en die vereistes wat aan teologiese studente gestel word, is op hierdie persone van toepassing (vergelyk 4. hierbo).

7.7 Inhoud van *colloquium doctum*

7.7.1 Die Algemene Kuratorium bepaal die bestek vir *colloquium doctum*, waaraan die kuratoria uitvoering gee.

7.7.2 Die *colloquium doctum* is ’n ondersoek na die kandidaat se akademiese bekwaamheid, asook na die kandidaat se kennis van die gereformeerde teologie en gehegtheid aan die leer van die Kerk. Dié ondersoek kan mondeling of skriftelik geskied.

7.7.3 Die proponentskommissie voorsien die kandidaat van ’n voorgeskrewe bestek vir *colloquium doctum*, sodat onder andere die akademiese bekwaamheid en gehegtheid aan die leer van die kerk aan die hand daarvan ondersoek kan word.

7.7.4 By bevredigende aflegging van *colloquium doctum*, word die kandidaat by die kuratorium vir beslissing aanbeveel.

7.8 Die kuratorium beslis op aanbeveling van die proponentskommissie dat ’n kandidaat aan die neergelegde vereistes voldoen het en daarom by die Algemene Sinode vir legitimasie aanbeveel word (vergelyk Artikel 7 van die *Kerkorde*).

7.9 ’n Kandidaat wat deur die kuratorium afgewys word, kan weer na ses maande by die kuratorium aanmeld vir *colloquium doctum*.

## 8. LEGITIMASIE

8.1 ’n Verteenwoordiger van die Algemene Taakspan Predikantesake behartig namens die Algemene Sinode die legitimasie (vergelyk Artikel 7 van die *Kerkorde*).

8.2 Die legitimasie geskied by geleentheid van ’n openbare kerklike byeenkoms wat vir dié doel deur die kuratorium gereël word. Die legitimasie kan ook in uitsonderlike gevalle plaasvind tydens of na afloop van ’n vergadering van die kuratorium.

8.3 Goedgekeurde kandidate word met ’n gepaste woord, die aflegging van die *plegtige legitimasieverklaring* en die oorhandiging van die *Akte van Legitimasie* tot die evangeliebediening toegelaat. Die *Akte van Legitimasie* word onderteken deur twee lede van die Algemene Taakspan Predikantesake.

8.4 Die kandidaat antwoord op en onderteken die volgende *plegtige legitimasieverklaring*:

“Ek, die ondergetekende, ..............................................., oortuig van my roeping deur die Here en toegelaat tot die openbare bediening van die Woord in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, verklaar hiermee voor die Here

1. dat ek glo dat die leer soos vervat in die drie algemene belydenisskrifte en die drie Formuliere van Eenheid - naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis (*Confessio Belgica*), die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, ooreenkom met die Woord van God;
2. dat ek hierdie leer getrou sal verkondig en uitleef;
3. dat ek alle dwalinge wat met hierdie leer in stryd is, sal weerlê en alles in my vermoë sal doen om dit uit die kerk te weer;
4. dat, indien ek later enige beswaar of ander insig oor die leer ontwikkel, ek dit nie sal leer of bevorder voordat ek dit aan ’n bevoegde kerkvergadering vir ’n beslissing voorgelê het nie;
5. dat ek my aan die orde van die NG Kerk sal hou;
6. dat ek, om beroep te word, volgens die *Kerkorde* en besluite van die Nederduitse Gereformeerde Kerk sal optree;
7. dat ek my op die uitbreiding van die Koninkryk van God sal toelê deur die bevordering van die kennis van, vertroue in en gehoorsaamheid aan die Drie-enige God;
8. dat ek myself verbind tot voortgesette bedieningsontwikkeling.

Ek verbind my deur my handtekening tot al die voormelde.”

8.5 Gelegitimeerdes beskik oor die bevoegdheid van proponent in die NG Kerk. Die registrasie by die Algemene Taakspan Predikantesake en die jaarlikse aanmelding met die oog op die behoud van die bevoegdheid van proponent word gereël deur die *Reglement 12 vir die Bevoegdheid van Predikante, Proponente en Emeriti*.

## 9. BYKOMENDE SINODALE BEPALINGE

Die betrokke sinode(s) wat verantwoordelikheid vir die teologiese opleiding by ’n kerklik goedgekeurde teologiese opleidingsentrum aanvaar het, kan na gelang van die plaaslike omstandighede en verhoudinge met die betrokke universiteit, eie of bykomende bepalinge neerlê, op voorwaarde dat dit nie in stryd is met die besluite van die Algemene Sinode soos onder meer in hierdie *reglement* vervat nie.

# REGLEMENT 12

# REGLEMENT VIR DIE BEVOEGDHEID VAN PREDIKANTE, PROPONENTE EN EMERITI

## 1. ALGEMENE UITGANGSPUNTE

1.1 Daar moet by elke aspek van die reëling van die bevoegdheid (wat verpligtinge en regte insluit) van predikante, dienskleraars, proponente en emeriti daarvan uitgegaan word dat dit Christus is wat sy kerk deur die Woord en die Heilige Gees regeer en dat Hy dit doen deur persone wat Hy daartoe roep, toerus en in sy diens stel.

1.2.1 Die verlening van bevoegdheid om as predikant/diensleraar/standplaasleraar beroep te word, asook die behoud daarvan, geskied deur die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde (vergelyk Artikel 7 van die *Kerkorde*) op aanbeveling van 'n kuratorium.

1.3 Die beëindiging van bevoegdheid as predikant/diensleraar/standplaasleraar geskied deur die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde (vergelyk Artikel 7 van die *Kerkorde*) op aanbeveling van 'n ring of sy gevolmagtigde.

1.4 Die bevoegdheid vir die uitvoering van die werk van die predikant/diensleraar/standplaasleraar is nie geleë in bepaalde vermoëns of besondere kwaliteite, of 'n aparte geestelike stand wat beklee is met 'n blywende eer of mag en wat deur ordening verkry word nie. Daar bestaan nie so iets soos 'n ampsbevoegdheid wat aan die persoon kleef en aan sodanige persoon sekere regte en bevoegdhede verleen sonder dat die betrokkene die amp binne gemeentelike verband beklee nie. Bevoegdheid word verleen aan gelegitimeerdes wat kerklike werk doen, hetsy in 'n gemeente, die kerkverband, 'n teologiese fakulteit of 'n kerklike instansie waarvoor die posvereistes die van 'n opgeleide predikant is.

1.5 Wanneer 'n ring na 'n tug- of dissiplinêre ondersoek die reg om beroep te word, tydelik wegneem, het dit nie sonder meer die permanente verlies van ampsbevoegdheid tot gevolg nie.

1.6 'n Persoon kan 'n predikant/diensleraar/standplaasleraar wees indien hy/sy op 'n wettige wyse beroep is, die nodige approbasie verkry het, en in 'n gemeente bevestig is (Artikel 5 en 8 van die *Kerkorde*). Die amp van predikant/diensleraar/standplaasleraar funksioneer dus binne gemeentelike verband.

1.7 Predikante/proponente wat in 4.4.3 hieronder genoem, naamlik diegene wat deur die kerkverband benoem is vir diens aan die kerkverband, word deur 'n gemeente beroep en in 'n gemeente in die amp bevestig.

## 2. VERLENING VAN BEVOEGDHEID OM BEROEP TE WORD

### 2.1 DIE BEVOEGDHEID OM BEROEP TE WORD

Die bevoegdheid om beroep te word, word aan die volgende gelegitimeerdes verleen nadat hulle aan die gestelde vereistes voldoen het:

2.1.1 standplaasleraar

2.1.2 diensleraar

2.1.3 proponente

2.1.4 predikante

2.1.5 emerituspredikante jonger as 70 jaar

### 2.2 STANDPLAASLERAAR

2.2.1 'n Standplaasleraar is 'n persoon wat die vereiste kerklike opleiding deurloop het, gelegitimeer, georden en bevestig is om diens te lewer binne die missionale konteks waarvoor hy opgelei en beroep is.

2.2.2 'n Standplaasleraar verrig 'n spesifieke missionale bediening in 'n missionale konteks, soos byvoorbeeld: Khoi-San, Dowes en Portugeessprekendes.

2.2.3 'n Standplaasleraar moet aan die volgende vereistes voldoen:

2.2.3.1 'n innerlike roeping hê en oortuig wees dat die Here hom tot die kerklike bediening geroep het;

2.2.3.2 die voorgeskrewe kerklike opleiding deurloop het;

2.2.3.3 oor persoonlike en teologiese vaardighede beskik, asook 'n gesonde geestelike lewe wat insluit:

2.2.3.3.1 gevestigde geestelike dissiplines;

2.2.3.3.2 psigiese gesondheid en geestelike volwassenheid;

2.2.3.3.3 Bybelse, kerklike en teologiese kennis en insig;

2.2.3.3.4 kontekstuele insig en hermeneutiese oordeel;

2.2.3.3.5 verstaan van die kerk en van gemeentes se roeping en funksionering;

2.2.3.3.6 opgeleiding in spesifieke vaardighede vir 'n bepaalde konteks;

2.2.3.4 die suksesvolle eksaminering van die kandidaat se kennis van die Bybel en die belydenisskrifte;

2.2.3.5 die suksesvolle evaluering van taal- en kommunikasievaardigheid;

2.2.3.6 die suksesvolle voltooiing van die bedieningsvorming en die verpligte praktykvorming ooreenkomstig die voorskrifte van die Algemene Kuratorium (vergelyk Reglement 11, Reglement vir die Opleiding en Legitimasie van Predikante); en

2.2.3.7 die geslaagde lewering van 'n proefpreek onder toesig van 'n dosent en 'n lid van die proponentskommissie in 'n gemeente tydens die finale studiejaar;

2.2.3.8 deur die Algemene Sinode gelegitimeer wees.

2.2.4 Standplaasleraars moet hulle jaarliks vóór 31 Mei by die Algemene Taakspan Predikantesake aanmeld ten einde aan te dui of hulle steeds beskikbaar is vir bediening in die kerk. Hierdie aanmelding moet vergesel wees van die bygewerkte vertroulike inligting en die nodige jaarlikse registrasiegelde soos bepaal deur die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde.

2.2.5 Standplaasleraars word met goedkeuring van die ring in 'n spesifieke gemeente vir 'n spesifieke missionale opdrag bevestig. Wanneer standplaasleraars nie meer hierdie taak verrig nie, of verhuis, verloor hulle die bevoegdheid wat verleen is om die werk te verrig.

2.2.6 Standplaasleraars het preekbevoegdheid en kan die sakramente bedien in die missionale konteks van sy bediening.

2.2.7 Standplaasleraars is nie beroepbaar vir ander bedieninge buite die spesifieke bediening/konteks waarvoor hulle opgelei is nie.

**2.3 DIENSLERAARS**

2.3.1 Diensleraars is 'n persoon wat die vereiste kerklike opleiding deurloop het, gelegitimeer is en georden en bevestig is om toegespitste diens te lewer met 'n spesifieke opdrag ooreenkomstig die terrein van opleiding.

2.3.2 Diensleraars verrig toegespitste diens in een van die volgende spesialisasievelde: pastoraat, jeug- en familiebediening, prediking, diakonaat, geloofsvorming, evangelisasie, kerkplanting, aanbidding, geloofsvorming, bejaardebediening, berading, lering, uitreikbediening en sending.

2.3.3 Diensleraars moet aan die volgende vereistes voldoen:

2.3.3.1 'n innerlike roeping hê en oortuig wees van die Here se roeping tot die kerklike bediening;

2.3.3.2 die voorgeskrewe kerklike opleiding deurloop het;

2.3.3.3 oor persoonlike en teologiese vaardighede beskik, asook 'n gesonde geestelike lewe wat insluit:

2.3.3.3.1 gevestigde geestelike dissiplines;

2.3.3.3.2 psigiese gesondheid en geestelike volwassenheid;

2.3.3.3.3 Bybelse, kerklike en teologiese kennis en insig;

2.3.3.3.4 kontekstuele insig en hermeneutiese oordeel;

2.3.3.3.5 verstaan van die kerk en van gemeentes se roeping en funksionering;

2.3.3.3.6 opgelei wees in spesifieke vaardighede in ʼn bepaalde studieveld byvoorbeeld jeug, pastoraat, diakonaat, berading, ensomeer wat vir die kerklike bediening toepaslik is;

2.3.3.4 die suksesvolle eksaminering van die kandidaat se kennis van die Bybel en die belydenisskrifte;

2.3.3.5 die suksesvolle evaluering van die kandidaat se taal- en kommunikasievaardigheid;

2.3.3.6 die suksesvolle voltooiing van die bedieningsvorming en die verpligte praktykvorming ooreenkomstig die voorskrifte van die Algemene Kuratorium (vergelyk Reglement 11, Reglement vir Opleiding en Legitimasie van Predikante);

2.3.3.7 die geslaagde lewering van ʼn proefpreek onder toesig van ʼn dosent en ʼn lid van die proponentskommissie in ʼn gemeente tydens die finale studiejaar; en

2.3.3.8 deur die Algemene Sinode gelegitimeer wees.

2.3.4 Diensleraars moet hulle jaarliks vóór 31 Mei by die Algemene Taakspan Predikantesake aanmeld ten einde aan te dui of hulle steeds beskikbaar is vir bediening in die kerk. Hierdie aanmelding moet vergesel wees van die bygewerkte vertroulike inligting en die nodige jaarlikse registrasiegelde soos bepaal deur die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde.

2.3.5 Diensleraars word met goedkeuring van die ring in ʼn spesifieke gemeente vir ʼn spesifieke opdrag bevestig. Wanneer diensleraars nie meer hierdie taak verrig nie, of verhuis, verloor hulle die bevoegdheid wat verleen is om die werk te verrig.

2.3.6 Diensleraars het preekbevoegdheid en kan die sakramente bedien in die konteks van hulle bediening.

2.3.7 Diensleraars is nie beroepbaar vir ander bedieninge buite die toegespitste bedieningsveld waarvoor hulle opgelei is nie.

2.3.8 Diensleraars werk altyd onder toesig van die betrokke plaaslike gemeente se predikant.

2.3.9 Diensleraars kan ook in tentmakerposte, deeltydse poste en termynbepaalde poste bevestig word.

**3. PROPONENT**

3.1 ʼn Proponent is ʼn persoon wat die vereiste teologiese opleiding deurloop het, gelegitimeer is en nog nie georden of in die amp van predikant bevestig is nie en aan die volgende vereistes voldoen:

3.1.1 ʼn innerlike roeping hê en oortuig wees van die Here se roeping tot die kerklike bediening;

3.1.2 teologiese opleiding deurloop het;

3.1.3 wat gedurende teologiese opleiding deurentyd bewys gelewer het van die volgende persoonlike en teologiese vaardighede :

3.1.3.1ʼn gevestigde geestelike lewe en geestelike dissiplines;

3.1.3.2ʼn roepingsbewustheid;

3.1.3.3psigiese gesondheid en geestelike volwassenheid;

3.1.3.4Bybelse, kerklike en teologiese kennis en insig;

3.1.3.5kontekstuele insig en oordeel;

3.1.3.6ʼn verstaan van die kerk en van gemeentes se roeping en funksionering;

3.1.3.7die vorming van spesifieke vaardighede wat vir die bediening nodig is;

3.1.4 die suksesvolle eksaminering van die kandidaat se kennis van die Bybel en die belydenisskrifte;

3.1.5 die suksesvolle evaluering van die kandidaat se taal- en kommunikasievaardigheid;

3.1.6 die suksesvolle voltooiing van die bedieningsvorming en die verpligte gemeentejaar ooreenkomstig die voorskrifte van die kuratorium en die NG Kerkdosenteraad *(vergelyk Reglement 11 vir die Opleiding en Legitimasie van Predikante)*; en

3.1.7 die geslaagde lewering van ’n proefpreek onder toesig van ’n dosent en ’n lid van die proponentskommissie in ’n gemeente tydens die finale studiejaar;

3.2 ’n Proponent word deur die Algemene Sinode gelegitimeer nadat aan al bogenoemde kriteria voldoen is.

3.3 ’n Proponent het preekvergunning en kan dus op uitnodiging van ’n gemeente die Woord- en sakramentsbediening behartig.

3.4 Persone wat reeds by legitimasie die normale aftree-ouderdom van 65 jaar bereik het, ontvang die bevoegdheid om beroep te word in terme van *Reglement 17 vir Vastetermynpredikantsposte* (punt 4).

3.5 Proponente moet hulle jaarliks vóór 31 Mei by die Algemene Taakspan Predikantesake aanmeld ten einde aan te dui of hulle steeds beskikbaar is vir beroeping. Hierdie aanmelding moet vergesel wees van ’n vertroulike aanbeveling oor die persoon se gemeentelike meelewing, uitgereik deur die kerkraad van die gemeente waar die persoon lidmaat is.

3.6 Aangesien proponente onder die opsig van die kerkraad staan, word dit van die kerkraad verwag om op die hoogte te bly van die leer en lewe van proponente wat onder sy opsig val.

3.7 Proponente mag op uitnodiging van ’n kerkraad die Woord verkondig en sakramente bedien tydens eredienste en ander geleenthede.

3.8 Die volgende voormalige predikante behou die bevoegdheid om beroep te word, maar ontvang die bevoegdheid as proponent:

3.8.1 Predikante wat op grond van Artikel 11 vooraf by die Algemene Taakspan Predikantesake toestemming ontvang om hulle diensooreenkoms met die gemeente te beëindig.

3.8.2 Predikante wat met die oog op verdere studie demissie ontvang het (vergelyk *Reglement 20 vir Verlof van Predikante*, punte 5.4 en 5.5).

3.8.3 Predikante wie se diensooreenkoms, met behoud van bevoegdheid, deur die ring beëindig (losgemaak is van die gemeente) is in ooreenstemming met artikel 12.7 en *Reglement 21 vir die Bestuur van Diensverhoudinge vir Predikante by Ongeskiktheid en Onvermoë*, asook *Reglement 22 vir Tug en Vermaning.*

3.8.4 Predikante wat deur ander erkende denominasies (vergelyk *Reglement 26 vir die Verhouding tot ander Kerke en Groepe*) beroep word en wat vooraf by die Algemene Taakspan Predikantesake toestemming ontvang het.

3.8.5 Indien die man of vrou van ’n predikant in diens van ’n gemeente of die kerkverband verplaas word, en dit meebring dat demissie verleen moet word en die diensverhouding beëindig word.

## 4. DIE BEVOEGDHEID VAN PREDIKANT

4.1 Predikante is persone wat die vereiste teologiese opleiding deurloop het, gelegitimeer is, verdere bedieningsontwikkeling ondergaan, reeds georden is en wat voldoen aan die beskrywing soos uiteengesit in 3.1 tot 3.2 wat handel oor ’n proponent.

4.2 Gelegitimeerdes wat oor predikantsbevoegdheid beskik, is persone wat:

4.2.1 op wettige wyse beroep (of benoem) is,

4.2.2 die nodige approbasie verkry het, en

4.2.3 bevestig en georden is.

4.3 Elke predikant wat in ’n gemeente in die amp bevestig is, beskik oor volle ampsbevoegdheid en beklee die amp soos omskryf in Artikel 9 van die *Kerkorde*.

4.4 Elke predikant wat vir diens aan die kerkverband bevestig is, beskik oor volle ampsbevoegdheid.

Hierdie persone is

4.4.1 predikante wat deur die kerkverband benoem is om as NG Kerkdosente teologiese studente aan die kerklik-goedgekeurde teologiese opleidingsentra van die NG Kerk op te lei;

4.4.2 predikante wat deur die kerkverband benoem is vir diens aan ringe, sinodes en die Algemene Sinode; en

4.4.3 predikante wat deur die kerkverband benoem is vir diens aan instansies soos die Bybelgenootskap, die Kapelaansdienste of ander instansies wat deur die Algemene Sinode, of die ASM namens die Algemene Sinode, goedgekeur is.

4.5 Predikante moet hulle jaarliks vóór 31 Mei by die Algemene Taakspan Predikantesake aanmeld ten einde aan te dui of hulle steeds beskikbaar is vir beroeping. Hierdie aanmelding moet vergesel wees van die bygewerkte vertroulike inligting en die nodige jaarlikse registrasiegelde soos bepaal deur die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde.

**5. DIE BEVOEGDHEID VAN EMERITUS**

5.1 Emeriti is gelegitimeerdes wat afgetree het. Emeriti jonger as 70, wat voldoen aan die beskrywing soos uiteengesit in 3.1 tot 3.2 (wat handel oor ’n proponent), is beroepbaar onderworpe aan die volgende vereistes:

5.1.1 ’n bewys dat alle verpligtinge by emeritaat nagekom is;

5.1.2 ’n bewys van die persoon se mediese geskiktheid; en

5.1.3 ’n verklaring deur die ring dat die emeritus bedieningsbevoeg is om weer beroep te word.

5.2 ’n Emeritus is ’n predikant wat ingevolge Artikel 14 van die *Kerkorde* geëmeriteer het en ’n eervolle Akte van Demissie by Emeritaat ontvang het.

5.3 ’n Emeritus (ouer as 70 jaar) behou die bevoegdheid van predikant en kan in terme van Artikel 9 van die *Kerkorde* die bediening van die Woord, die bediening van die sakramente en die diens van die gebede op uitnodiging van ’n gemeente behartig.

5.4 ’n Emeritus (ouer as 65 en jonger as 70 jaar) is beroepbaar in terme van *Reglement 17 vir Vastetermynpredikantsposte* (punt 4).

5.5 ’n Emeritus (ouer as 70 jaar) kan voortgaan om as huweliksbevestiger op te tree.

5.6 Ter wille van die behoorlike instandhouding van die bevoegdheidsregister moet emeriti tot op ouderdom 70 jaarliks vóór 31 Mei by die Algemene Taakspan Predikantesake aanmeld.

**6. BEHOUD VAN BEVOEGDHEID OM BEROEP TE WORD**

Hierdie deel handel oor alle persone wat gelegitimeer is en steeds bevoegdheid wil behou om beroepbaar te wees en/of in ’n kerklike betrekking te dien.

**6.1 PROPONENTE**

Proponente moet

6.1.1 beskik oor ’n bewys dat voortgesette bedieningsontwikkeling (VBO) soos voorgeskryf deur die Algemene Sinode en wat die volle spektrum van alle teologiese vakgebiede en bedieningsontwikkeling dek, deurloop is.

6.1.2 ter wille van hulle eie bedieningsontwikkeling en die welwese van die gemeente, ingeskakel wees by die mentorprogram van die kerk.

6.1.3 volgens die siklus soos voorgeskryf deur die Algemene Sinode hulle onderwerp aan ’n evalueringsproses onder leiding van die betrokkene se ring.

6.1.4 hulle aan die gedragskode vir predikante in die NG Kerk onderwerp.

6.1.5 jaarliks voor 31 Mei by die Algemene Taakspan Predikantesake aanmeld.

**6.2.1 PREDIKANTE**

Predikante moet

6.2.1 beskik oor ’n bewys dat voortgesette bedieningsontwikkeling (VBO) soos voorgeskryf deur die Algemene Sinode en wat die volle spektrum van alle teologiese vakgebiede en bedieningsontwikkeling dek, deurloop is.

6.2.2 ter wille van hulle eie bedieningsontwikkeling en die welwese van die gemeente, inskakel wees by die mentorprogram van die kerk.

6.2.3 volgens die siklus soos voorgeskryf deur die Algemene Sinode hulle onderwerp aan ’n evalueringsproses onder leiding van die betrokkene se ring.

6.2.4 hulle aan die gedragskode vir predikante in die NG Kerk onderwerp.

6.2.5 hulle volgens die siklus (elke tien jaar), soos voorgeskryf deur die Algemene Sinode, onderwerp aan ’n evalueringsproses oor standplaasverwisseling onder leiding van die ring.

6.2.6 jaarliks vóór 31 Mei by die Algemene Taakspan Predikantesake aanmeld.

**6.3 EMERITUS**

Emeriti moet

6.3.1 beskik oor ’n bewys dat voortgesette bedieningsontwikkeling (VBO) soos voorgeskryf deur die Algemene Sinode en wat die volle spektrum van alle teologiese vakgebiede en bedieningsontwikkeling dek, deurloop is.

6.3.2 ter wille van hulle eie bedieningsontwikkeling en die welwese van die gemeente, inskakel wees by die mentorprogram van die kerk.

6.3.3 om bo die aftree-ouderdom van 65 jaar weer beroep te word, bereid wees om onderwerp te word aan ’n evalueringsproses onder leiding van die betrokkene se ring.

6.3.4 onderworpe bly aan die gedragskode vir predikante in die NG Kerk.

6.3.5 wanneer hulle jonger as 70 jaar is, jaarliks vóór 31 Mei by die Algemene Taakspan Predikantesake aanmeld.

**7. VERANDERING VAN TOEGEKENDE BEVOEGDHEID VAN PREDIKANT EN PROPONENT**

7.1 Persone aan wie die Algemene Taakspan Predikantesake die bevoegdheid van predikant, proponent of emeritus toegeken het, behou hierdie bevoegdheid, ook al sou die Algemene Sinode hierdie reglement wysig, mits die oorspronklike voorwaardes wat in hulle geval gegeld het, dieselfde bly.

7.2 Predikante, proponente en emeriti van die kerk wat predikant wil word in ’n ander denominasie van gereformeerde belydenis, kan vooraf by die Algemene Taakspan Predikantesake aansoek doen om beroepbaar te bly binne die NG Kerk terwyl die persoon in die ander denominasie werk.

7.3 Predikante wat om *bona fide* redes[37] die bediening wil verlaat, kan ’n aansoek rig aan die Algemene Taakspan Predikantesake wat deur die predikant, die kerkraad en ring gemotiveer word.

7.3.1 Die Algemene Taakspan Predikantesake hanteer die aansoek.

7.3.2 Indien die aansoek suksesvol is, behou sodanige predikant die bevoegdheid van proponent.

---

[37] *Bona fide* redes is wanneer ’n predikant uit sy werkkring bedank sonder dat daar enigsins sprake is van tug- en/of dissiplinêre optrede. Redes kan inhou dat die predikant vir die huidige nie die weg oopsien om met die bediening voort te gaan nie.

7.3.3 Vir die behoorlike instandhouding van die bevoegdheidsregister moet sodanige persone jaarliks vóór 31 Maart by die Algemene Taakspan Predikantesake aanmeld.

## 8. VERLIES VAN BEVOEGDHEID

8.1 Persone hou op om ’n predikant óf, waar van toepassing, emeritus te wees indien hulle

8.1.1 nie meer die werk verrig soos in 4.3 en 4.4 hierbo omskryf nie;

8.1.2 in ’n politieke bestuursliggaam dien of hulle as ’n politieke kandidaat in ’n verkiesing vir enige vlak van regering beskikbaar stel;

8.1.3 hulle deur woord of daad van ’n Nederduitse Gereformeerde gemeente afskei;

8.1.4 ’n skriftelike bedanking by die betrokke kerkvergadering of sy gevolmagtigde ingedien het en dit aanvaar word;

8.1.5 skriftelik aan die Algemene Taakspan Predikantesake kennis gee dat hulle die amp van predikant neerlê, met kennisgewing aan die ring onder wie se opsig hulle val;

8.1.6 dit deur tughandeling verloor (vergelyk artikel 64.5.4 van die *Kerkorde*).

8.2 Persone hou op om proponent te wees indien hulle

8.2.1 in ’n politieke bestuursliggaam dien of hulle as politieke kandidaat in ’n verkiesing vir enige vlak van regering beskikbaar stel;

8.2.2 hulle deur woord of daad van ’n Nederduitse Gereformeerde gemeente afskei;

8.2.3 skriftelik aan die Algemene Taakspan Predikantesake kennis gee dat hulle afstand doen van hulle bevoegdheid as proponent;

8.2.4 dit deur tughandeling verloor (vergelyk artikel 64.5.4 van die *Kerkorde*).

8.3 Wanneer ’n persoon ophou om ’n predikant, proponent of emeritus te wees, word die volgende prosedure gevolg:

8.3.1 Die betrokke kerkvergadering stel die Algemene Taakspan Predikantesake van die verlies van bevoegdheid in kennis.

8.3.2 Die persoon besorg die *Akte van Legitimasie via* die skriba van die ring/ringskommissie aan die Algemene Taakspan Predikantesake terug.

8.3.3 Die Algemene Taakspan Predikantesake gee in die *Kerkbode* kennis van die verlies van bevoegdheid.

## 9. HERSTEL VAN BEVOEGDHEID

9.1 Eertydse predikante of proponente mag slegs langs die volgende weg weer gelegitimeer word:

9.1.1 Die persoon doen skriftelik aansoek by die ring onder wie se opsig gestaan word.

9.1.2 Hierdie ring ondersoek die aangeleentheid met inagneming van artikel 66.4.5 van die *Kerkorde*. In die geval van ’n eertydse predikant word die getuienis ingewin van al die kerkrade en ringe binne wie se gebied die persoon woonagtig was tydens en sedert die bevoegdheid verloor is. Getuienis kan ook van kerkrade en ringe ingewin word waar die persoon woonagtig was voordat daar uit die bediening getree is. In die geval van ’n eertydse proponent word sover moontlik die getuienis ingewin van al die kerkrade en ringe binne wie se gebied die persoon woonagtig was voor én nadat proponentsbevoegdheid verloor is.

9.1.3 Die ring voorsien die sinode/sinodale kommissie/moderamen binne wie se gebied die ring val, van al die tersaaklike stukke, ’n verslag en aanbevelings.

9.1.4 Die skriba van die sinode/sinodale kommissie/moderamen stuur die dokumentasie en die verslag aan die Algemene Taakspan Predikantesake met die oog op advies.

9.1.4.1 Wanneer ’n sinode/sinodale kommissie/moderamen die aansoek behandel, word die applikant ingevolge 7.2 van *Reglement 11 vir die Opleiding en Legitimasie van*

*Predikante* ter vergadering ondersoek met inagneming van die artikel 66.4.4 en 66.4.5 van die *Kerkorde*. Indien die uitslag positief is, word die persoon na ’n proponentskommissie vir *colloquium doctum* verwys. In die geval van artikel 66.4.5 van die *Kerkorde* word die applikant se aansoek na die Algemene Sinode/ASM verwys vir beslissing alvorens vir *colloquium doctum* aangemeld mag word (vergelyk 10. hieronder).

9.1.4.2 Wanneer ’n aansoek voor ’n sinode self gebring word, mag die applikant tydens die vergadering deur ’n kommissie ondersoek word, met inagneming van al die vereistes hierbo gestel. Indien die uitslag positief is, word ’n aanbeveling dienooreenkomstig voor die vergadering gelê. Indien die aanbeveling van die kommissie negatief is, mag die betrokke applikant die aansoek voor die volle vergadering verdedig of by ’n volgende sinode ’n nuwe aansoek indien.

9.1.4.3 Indien die sinodale kommissie/moderamen die aansoek weier, word dit met opgawe van rede(s) skriftelik aan die applikant bekendgemaak. Teen die beslissing van die sinodale kommissie/moderamen mag die applikant by die sinode appèl aanteken, of by ’n latere geleentheid ’n nuwe aansoek indien.

9.1.4.4 Indien ’n applikant om redes wat volgens die oordeel van die vergadering aanvaarbaar is, versoek om nie ter vergadering te verskyn nie, word die aansoek in die persoon se afwesigheid behandel.

9.2 Nadat ’n kandidaat goedkeuring verkry het om aan te meld vir *colloquium doctum*, moet dit binne 18 maande geskied.

9.3 Na ’n bevredigende *colloquium doctum* by die proponentskommissie, word die applikant by die Algemene Taakspan Predikantesake vir legitimasie aanbeveel.

9.4 Eertydse predikante wat weer gelegitimeer word, beskik oor die bevoegdheid van proponent. Bevestiging in ’n gemeente na die aanname van ’n beroep geskied weer met oplegging van hande.

## 10. HERTOELATING TOT DIE BEDIENING VAN PERSONE WAT IN ARTIKEL 66.4.5 GENOEM WORD

10.1 Waar ’n eertydse predikant of proponent in terme van artikel 66.4.5 van die *Kerkorde* aansoek om hertoelating tot die bediening doen, moet kerkvergaderinge bykomend aan die volgende aandag gee:

10.1.1 Daar moet duidelike getuienis van berou en bekering wees.

10.1.2 Daar moet voldoende getuienis wees dat die kerklike tug tot sy reg gekom het.

10.1.3 Daar moet genoegsame getuienis wees dat die hertoelating tot die bediening sonder skade vir die kerk gedoen kan word.

10.1.4 Die tydsverloop, rugbaarheid, omvang van die skade, restitusie, herstel van verhoudinge, die heil van die kerk, geskiktheid vir die bediening en doelbewuste weerhouding van die ampspligte van predikant moet ook in oorweging geneem word.

## 11. HERTOELATING TOT DIE BEDIENING VAN PERSONE WAT DIE NG KERK VERLAAT HET

11.1 ’n Eertydse predikant of proponent wat na ’n ander kerk of godsdienstige groep oorgegaan het, maar sedertdien weer lidmaat van ’n Nederduitse Gereformeerde gemeente geword het en begeer om weer tot die bediening van die Woord in die NG Kerk toegelaat te word, moet dieselfde prosedure volg soos in 9.1 tot 9.4 hierbo vermeld.

11.2 Die *colloquium doctum* word afgeneem in terme van 7.1 tot 7.3 en 7.7 tot 7.9 van *Reglement 11 vir die Opleiding en Legitimasie van Predikante*.

## 12. TOELATING TOT DIE BEDIENING VAN PREDIKANTE UIT ANDER KERKE

12.1 ’n Predikant in diens van ’n gereformeerde kerk met wie die NG Kerk formele ekumeniese bande het, kan tot die evangeliebediening in die NG Kerk toegelaat word, indien voldoen word aan die vereistes gestel onder 7.4 van *Reglement 11 vir die Opleiding en Legitimasie van Predikante*.

## 13. VERTOË IN VERBAND MET BEVOEGDHEID

13.1 ’n Persoon wat deur ’n beslissing van die Algemene Taakspan Predikantesake rakende die persoon se bevoegdheid veronreg voel, kan met voorlegging van nuwe gegewens ’n beroep doen op ’n volgende vergadering van die Algemene Taakspan Predikantesake.

13.2 ’n Persoon wat nog steeds verontreg voel ten opsigte van die Taakspan Predikantesake se beslissing, kan ’n verdere beroep doen op die Algemene Sinode/ASM.

13.3 ’n Persoon wie se bevoegdheid geraak word deur die kennisgewing van ’n ondersoekliggaam in ’n tug- en/of dissiplinêre ondersoek (vergelyk Artikel 64.5.4.3 en 65.5.4.4 van die *Kerkorde*), kan skriftelike vertoë aan die Algemene Taakspan Predikantesake rig, voordat die Algemene Taakspan Predikantesake daaraan uitvoering gee.

## 14. BEVOEGDHEIDSREGISTER EN –SERTIFIKAAT

14.1 Die Algemene Sinode hou ’n register van alle proponente, standplaasleraars, diensleraars, predikante en emeriti wat oor die bevoegdheid om beroep te word, beskik.

14.2 Die basiese inligting soos vervat in die *Bevoegdheidsregister* word in die *Jaarboek* gepubliseer. Regstellings verskyn in die *Kerkbode*.

14.3 Alvorens ’n kerkraad ’n beroep uitbring of ’n kerkvergadering ’n benoeming maak, moet daar by die kantoor van die Algemene Taakspan Predikantesake vasgestel word of die persone op die groslys wel oor die bevoegdheid beskik om beroep te word.

14.4 Ringe en ander kerkvergaderinge kan, wanneer ’n beroep uitgebring is/benoeming gemaak is, en voordat die beroep/benoeming goedgekeur is, by die kantoor van die Algemene Taakspan Predikantesake vasstel of die beroepene/benoemde wel oor die bevoegdheid beskik om beroep te word.

14.5 Proponente, predikante en emeriti wat ’n predikant wil word in ’n ander denominasie van gereformeerde belydenis, kan vooraf by die Algemene Taakspan Predikantesake aansoek doen om ’n bevoegdheidsertifikaat, in terme waarvan bevestiging aan die ander denominasie gegee kan word dat die persoon óf ’n gelegitimeerde proponent, óf ’n geordende predikant óf ’n afgetrede bedienaar van die Woord van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is.

## 15. REGISTRASIE- EN AANSOEKFOOIE

15.1 Die Bedryfspan van die Algemene Sinode stel jaarliks op aanbeveling van die AlgemeneTaakspan Predikantesake, en na oorleg met die Algemene Taakspan Fondse en Bates, die registrasie- en aansoekfooie vas.

15.2 Die vasgestelde fooie word in die *Kerkbode* gepubliseer en aan die sinodes, kerkrade en gelegitimeerdes deurgegee.

15.3 Die betaling van registrasiegeld is verpligtend en wanbetaling van registrasiegeld kan tot dissiplinêre optrede deur die ring lei.

# REGLEMENT 13

# REGLEMENT VIR BEROEPING, BEVESTIGING, DEMISSIE EN EMERITAAT VAN PREDIKANTE

## 1. ALGEMEEN

1.1 ’n Predikant word beroep vir diens aan die gemeente of benoem vir diens aan die kerkverband (vergelyk Artikel 8.1 en 8.2 van die *Kerkorde*).

1.2 ’n Predikant kan beroep, bevestig en uitgestuur word vir die gemeente se sending-/getuienisaksie of vir sending-/getuienisdiens saam met ander kerke of sendingorganisasies (vergelyk 2.5.1.2 en 2.8 van *Reglement 25 vir Gestuurdheid van die NG Kerk*).

1.3 Gelegitimeerdes van die ander lidkerke van die NG Kerkfamilie kan in die NG Kerk beroep en bevestig word, op voorwaarde dat

1.3.1 die beroepene aan die vereistes van die NG Kerk vir opleiding en legitimasie voldoen (vergelyk *Funksionele Besluite*: Beroepbaarheid van Predikante binne die Familie van NG Kerke), of

1.3.2 die Algemene Taakspan Predikantesake op aanbeveling van die ring goedgekeur het dat die beroepene met beperkte opdrag bevestig kan word (vergelyk *Funksionele Besluite*: Beroeping met Beperkte Opdrag).

1.4 Gelegitimeerdes van ander gereformeerde kerke met wie die NG Kerk in terme van ’n bilaterale ooreenkoms in volle verhoudinge staan, kan met inagneming van spesifieke vereistes wat die NG Kerk stel, in die NG Kerk beroep en bevestig word (vergelyk 4.3.1 en 4.7.1 van *Reglement 26 vir die Verhouding tot Ander Kerke en Groepe*).

1.5 Die bepalings van hierdie *Reglement* is van toepassing by die beroeping, bevestiging, demissie en emeritaat van predikante in voltydse poste, deeltydse poste, tentmakerposte en vastetermynposte.

## 2. BEROEPING VIR DIENS AAN GEMEENTE

2.1 Die kerkraad van die gemeente beroep ’n predikant vir diens aan die gemeente en kry daarvoor die goedkeuring van die lidmate van die gemeente en die ring.

2.2 Voordat die beroepsbrief gestuur word, moet

2.2.1 die goedkeuring (approbasie) van die gemeente deur afkondiging verkry word; en

2.2.2 die ring of sy gevolmagtigde skriftelik bevestig dat daar aan al die kerklike vereistes vir die uitbring van die beroep voldoen is.

2.3 Besware teen ’n beroep of beroepene word by die betrokke ring of sy gevolmagtigde ingedien, wat dit volgens die bepalinge van die betrokke sinodale gebied hanteer (vergelyk ook 8. hieronder).

2.4 Indien nie aan die vereistes voldoen is nie, word die beroep deur die ring of sy gevolmagtigde ongeldig verklaar.

## 3. BENOEMING VIR DIENS AAN KERKVERBAND

3.1 Die ring, sinode of Algemene Sinode se gevolmagtigde benoem ’n predikant vir diens aan die kerkverband en kry daarvoor die goedkeuring van die kerkverband.

3.2 Voordat die benoemingsbrief gestuur word, moet

3.2.1 die goedkeuring (approbasie) van die kerkverband deur bekendmaking van die benoeming in die *Kerkbode* verkry word; en

3.2.2 die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie of sy gevolmagtigde skriftelik bevestig dat daar aan al die kerklike vereistes vir die benoeming voldoen is.

3.2.3 Besware teen ’n benoeming of benoemde word by die betrokke sinode of sy gevolmagtigde ingedien, wat dit volgens die bepalinge van die betrokke sinodale gebied hanteer.

## 4. PROSEDURE BY BEROEPING

4.1 Die kerkraad bepaal die posvereistes en kan die pos in die *Kerkbode* bekend stel.

4.2 Die kerkraad stel ’n groslys op een of meer van die volgende wyses saam:

4.2.1 lede van die kerkraad kan tydens die beroepsvergadering name op die groslys plaas; en/of

4.2.2 die ringskommissie en/of die Algemene Taakspan Predikantesake kan deur die kerkraad versoek word om vooraf name op die groslys te plaas; en/of

4.2.3 die lidmate van die gemeente kan versoek word om by die skriba van die kerkraad name in te gee vir vooraf plasing op die groslys; en/of

4.2.4 die naam van die beroepende gemeente en die datum van die beroepsvergadering kan onder amptelike berigte in die *Kerkbode* geplaas word en gelegitimeerdes kan sodoende versoek word om hulle name tesame met ’n *curriculum vitae* aan die skriba van die kerkraad te stuur vir vooraf plasing op die groslys.

4.3 Die kerkraad van die beroepende gemeente kan aan gelegitimeerdes wie se name vooraf op die groslys geplaas is, ’n vraelys stuur waarin bedieningsgerigte vrae gestel word.

4.4 Die kerkraad kan ’n *curriculum vitae* aanvra van enige persoon wie se naam vooraf op die groslys geplaas is.

4.5 Vertroulikheid word gehandhaaf ten opsigte van die persoonlike inligting van diegene wie se name op die groslys geplaas is.

4.6 Indien die kerkraad van ’n pre-advieskommissie gebruik maak, word die name met die beskikbare inligting aan die kommissie voorgelê.

4.6.1 Die pre-advieskommissie bepaal aan die hand van die posvereistes wie die geskikte persone vir die pos is.

4.6.2 Die pre-advieskommissie lê die name van minstens drie geskikte persone in alfabetiese volgorde aan die kerkraad voor, tesame met al die ander name op die groslys.

4.6.3 Die pre-advieskommissie kan inligting oor persone wie se name op die groslys is, sonder beïnvloeding aan die kerkraad voorsien.

4.7 Op versoek van die kerkraad en met opgaaf van rede(s), kan die ring of sy gevolmagtigde goedkeuring verleen dat minder as drie (3) name op die groslys geplaas word.

4.8 Die verteenwoordiger van die ring woon die beroepsvergadering by.

4.9 Die beroeping vind met geslote stemwyse plaas, en wel soos volg:

4.9.1 Die aanwesige kerkraadslede moet ’n kworum wees.

4.9.2 Elke lid van die vergadering moet stem.

4.9.3 Persone wat die vergadering in adviserende hoedanigheid bywoon (waaronder die verteenwoordiger van die ring en die lede van die pre-advieskommissie wat nie kerkraadslede is nie), kan aan die bespreking deelneem, maar mag nie stem nie.

4.9.4 Die persoon op wie die meeste stemme verenig word, is verkies indien die getal stemme op die persoon uitgebring die volstrekte meerderheid van die aanwesige stemgeregtigdes uitmaak.

4.9.5 Indien ’n persoon nie ’n volstrekte meerderheid van stemme kry nie, vind daar ’n verdere stemming plaas uit die name wat die hoogste getal stemme gekry het en saam ’n volstrekte meerderheid vorm.

4.9.6 Indien daar ’n staking van stemme is wat nie deur verdere stemming opgelos kan word nie, geskied die beslissing deur die lot.

4.10 In gevalle waar die benoeming deur die kerkverband geskied, sien die kerkvergadering toe dat aan die toepaslike vereistes van hierdie gedeelte van die *reglement* voldoen word.

## 5. BEROEPSBRIEF

5.1 Die kerkraad stel die beroepsbrief op.

5.2 'n Verteenwoordiger van die ring, wat nie 'n lidmaat van die betrokke gemeente is nie, adviseer die kerkraad in die opstel van die beroepsbrief.

5.3 In die geval van benoeming deur die kerkverband, word die advies deur die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie of sy gevolmagtigde gegee.

5.4 Die beroepsbrief is die diensaanbod wat aan die hand van Artikel 9 van die *Kerkorde* die diensopdrag en in terme van Artikel 13 van die *Kerkorde* die diensvoordele van die beroepene omskryf.

5.5 In gevalle van benoeming deur die kerkverband, word die nodige aanpassings gemaak ten opsigte van die diensopdrag en diensvoordele.

5.6 Onderhandeling rakende beskikbaarheid vir die pos en enige diensvoorwaardes, kan slegs plaasvind nadat die beroep uitgebring is.

## 6. KENNISGEWING VAN BEROEP

6.1 Die voorsitter van die kerkraadsvergadering gee dadelik aan die gelegitimeerde wat beroep is, kennis van die beroep wat uitgebring is.

6.2 Die *Kerkbode* word onverwyld deur die skriba in kennis gestel van die uitbring van die beroep (later ook van die aanneming of bedanking daarvan).

## 7. GOEDKEURING VAN BEROEP

7.1 Waar 'n predikant na 'n gemeente beroep word, word die naam van die beroepene op twee agtereenvolgende Sondae tydens die erediens aan die gemeente vir goedkeuring (approbasie) deur die gemeente bekendgemaak.

7.2 So gou doenlik na die laaste bekendmaking van die beroep en nadat die tyd vir besware verby is, lê die voorsitter van die kerkraad die betrokke stukke aan die skriba van die ring of sy gevolmagtigde voor.

7.3 Die ring of sy gevolmagtigde kontroleer of daar aan die volgende kerkordelike vereistes vir die uitbring van die beroep voldoen is:

7.3.1 skriftelike bevestiging van die Algemene Taakspan Predikantesake dat die beroepene na 'n gemeente van die kerk beroepbaar is;

7.3.2 skriftelike bevestiging van die beroepene se huidige gemeente dat die persoon lidmaat is;

7.3.3 skriftelike bevestiging van die verteenwoordiger van die ring tydens die beroepsvergadering dat die korrekte kerkordelike prosedures gevolg is met die uitbring van die beroep;

7.3.4 die voltooide beroepsbrief behoorlik onderteken is deur die gevolmagtigdes van die kerkraad;

7.3.5 skriftelike bevestiging van die huidige ring onder wie se opsig die beroepene staan, dat daar geen tug en/of dissiplinêre ondersoek teen die beroepene hangende is nie en/of dat die persoon beroepbaar is; en

7.3.6 bevestiging deur die beroepende vergadering dat geen wettige beswaar teen die beroep uitgebring is nie.

7.4 Waar 'n benoeming deur die kerkverband gemaak word (vergelyk artikel 8.2 van die *Kerkorde*), verkry die vergadering wat die benoeming maak die goedkeuring van die kerkverband deur bekendmaking van die benoeming in die *Kerkbode* en word die stukke

genoem in 7.3.1 tot 7.3.6 hierbo aan die sinodale regskommissie /kerkordekommissie of sy gevolmagtigde voorgelê vir goedkeuring.

7.5 Indien nie aan die vereistes voldoen is nie, word die beroep deur die ring of sy gevolmagtigde, of die benoeming deur die sinodale regs-/kerkordekommissie of sy gevolmagtigde, ongeldig verklaar.

7.6 Sodra die beroep deur die ring of sy gevolmagtigde of die benoeming deur die sinodale regs-/kerkordekommissie goedgekeur is, word die beroepsbrief of benoemingsbrief aan die beroepene of benoemde gestuur vir oorweging van die beroep of benoeming.

7.7 Die beroepene het na ontvangs van die beroepsbrief ’n maksimum van veertien dae om die beroep te aanvaar of te bedank, tensy uitstel daartoe deur die kerkraad verleen word.

## 8. BESWARE TEEN BEROEP

8.1 Enige ongesensureerde belydende lidmaat van die beroepende gemeente het die reg om tot 24 uur na die tweede afkondiging van die beroep skriftelik beswaar, met opgawe van rede(s), by die kerkraad in te dien.

8.2 Besware mag slegs gegrond wees op bepaalde klagtes teen die leer of lewe van die beroepene, of op grond van klagtes insake onreëlmatigheid in verband met die uitbring van die beroep.

8.3 Besware teen die beroep ingebring, word soos volg hanteer:

8.3.1 Die besware word by die skriba van die kerkraad ingedien, wat die voorsitter versoek om spoedeisend die kerkraad byeen te roep om die besware in behandeling te neem.

8.3.2 Indien die besware handel oor onreëlmatighede gedurende die beroepsproses, word dit as ’n appèl teen die besluit van die kerkraad hanteer volgens Reglement 23 *vir Hersiening (revisie), Appėl, Beswaarskrif (gravamen) en Prosedurele Beswaar* met dien verstande dat dit as uiters dringend hanteer sal word en indien enigsins moontlik, binne twee weke afgehandel word. Indien die beswaar gehandhaaf word, word die beroep ter syde gestel.

8.3.3 Indien die besware handel oor die leer of lewe van die beroepene, word dit as ’n tugondersoek hanteer volgens die Reglement 22 vir Tug en Vermaning, met dien verstande dat dit as uiters dringend hanteer sal word.

8.3.3.1 Die volgende proses word gevolg:

8.3.3.1.1 Die ringskommissie van die ring waaronder die beroepende gemeente sorteer stel eers vas of die beswaar ontvanklik is in terme van bepaling 8.1 van hierdie reglement.

8.3.3.1.2 Indien dit ontvanklik is, word dit verwys na die ring of sy gevolmagtigde wat oor die beroepene opsig het.

8.3.3.1.3 Hierdie ring of sy gevolmagtigde stel ná die ontvangs van die skriftelike beswaar en ná gesprek met die beroepene vas of daar bona fide-redes is waarom die beswaar ondersoek behoort te word.

8.3.3.1.4 Indien besluit word dat die besware ondersoek behoort te word, word dit na ’n tugliggaam verwys vir ondersoek, waarop die beroep ter syde gestel word (vergelyk bepaling 7.3.5 van hierdie reglement wat lui: *skriftelike bevestiging van die huidige ring onder wie se opsig die beroepene staan, dat daar geen tug en/of dissiplinêre ondersoek teen die beroepene hangende is nie en/of dat die persoon beroepbaar is.*

8.3.4 Indien die besware ongegrond is, word voortgegaan met die beroep.

8.3.5 Indien dit blyk dat die besware gegrond is, word die beroep deur die ring of sy gevolmagtigde ongeldig verklaar.

8.3.6 Indien die ring die beroep ongeldig verklaar, gee die kerkraad aan die beroepene daarvan kennis met opgaaf van rede(s) en kan ’n ander beroep uitgebring word.

## 9. DIENSOOREENKOMS

9.1 Na oorweging van die bepalings van die beroepsbrief en enige onderhandelinge daaromtrent, word die diensooreenkoms waarvolgens die predikant in diens van die gemeente of die kerkverband gaan tree, finaal opgestel.

9.2 Die diensooreenkoms bevat inhoudelik die volgende:

9.2.1 die identifikasie van die partye;

9.2.2 die aanhef;

9.2.3 die diensomskrywing (algemene diensverpligtinge – vergelyk Artikel 9 van die *Kerkorde* met gepaardgaande spesifieke verwagtinge).

9.2.4 die vergoeding en byvoordele (vergelyk Artikel 13 van die *Kerkorde*);

9.2.5 die wedersydse erkenning deur die partye dat hulle geskrewe ooreenkoms onderhewig is aan die bepalinge van die *Kerkorde*, die besluite van die Algemene Sinode en die betrokke sinode, soos van tyd tot tyd gewysig;

9.2.6 die aanvangsdatum;

(In die geval van predikante in diens van gemeentes of in diens van die kerkverband word die datum van demissie uit die vorige gemeente of werkkring, die aanvangsdatum. In ander gevalle word die aanvangsdatum die datum van bevestiging of ’n datum van indienstreding soos ooreengekom.)

9.2.7 ’n verklaring deur die beroepene dat daar geen hangende of dreigende tughandeling teen die persoon is nie en dat beroepene aan die plegtige *legitimasieverklaring* getrou sal bly;

9.2.8 die partye se handtekeninge, met getuies en datum van ondertekening as aanvaarding dat ’n diensooreenkoms tussen die partye tot stand kom.

9.3 Die finale diensooreenkoms van ’n predikant in diens van ’n gemeente word deur die ring of sy gevolmagtigde en in geval van ’n predikant in diens van die kerkverband deur die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie of sy gevolmagtigde goedgekeur. Hierna word die finale ooreenkoms deur beide partye onderteken en kan die bevestiging plaasvind met inagneming van die ander vereistes vir bevestiging.

9.4 Hierdie diensooreenkoms kan van tyd tot tyd gewysig word met instemming van beide partye en skriftelike goedkeuring van die ring of sy gevolmagtigde in die geval van ’n predikant in diens van ’n gemeente, of die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie of sy gevolmagtigde, in die geval van ’n predikant in diens van die kerkverband.

## 10. BEVESTIGING

10.1 Die bevestiging van ’n predikant vir diens aan ’n gemeente geskied nadat

10.1.1 die beroepende kerkraad die volgende stukke by die ring of sy gevolmagtigde ingedien het:

10.1.1.1 ’n afskrif van die getekende dienskontrak;

10.1.1.2 ’n afskrif van die beroepene se *Akte van Demissie* uit die vorige werkkring óf ’n getuigskrif van eervolle ontslag in die geval van diens aan ’n instansie buite die kerkverband óf die *Akte van Legitimasie* in die geval van ’n proponent wat beroep is;

10.1.1.3 ’n afskrif van die beroepene se attestaat van die vorige gemeente wat by die beroepende gemeente ingedien is; en

10.1.1.4 ’n skriftelike bevestiging van die pensioenkantoor dat die beroepene se pensioen in orde is.

10.1.2 die ring of sy gevolmagtigde kommissie skriftelik bevestig het dat aan die kerkordelik vereistes (vergelyk 10.1.1 hierbo) voldoen is.

10.2 Die bevestiging van ’n predikant in diens aan die kerkverband geskied nadat:

10.2.1 die kerkvergadering wat die benoeming gemaak het of sy gevolmagtigde die volgende stukke by die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie of sy gevolmagtigde ingedien het:

10.2.1.1 ’n afskrif van die getekende dienskontrak;

10.2.1.2 ’n afskrif van die benoemde se *Akte van Demissie* uit die vorige werkkring óf ’n getuigskrif van eervolle ontslag in die geval van diens aan ’n instansie buite die kerkverband óf die *Akte van Legitimasie* in die geval van ’n proponent wat beroep is;

10.2.1.3 ’n afskrif, indien van toepassing, van die benoemde se attestaat, uitgereik deur die vorige gemeente en ingedien by ’n (ander) gemeente van die NG Kerk; en

10.2.1.4 ’n skriftelike bewys van die pensioenkantoor dat die benoemde se pensioen in orde is.

10.2.2 die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie skriftelik bevestig het dat aan die kerkordelike vereistes (vergelyk 10.2.1 hierbo) voldoen is.

10.3 Die skriba van die beroepende vergadering of die kerkvergadering wat die benoeming gemaak het, rig ’n uitnodiging aan al die predikante in diens van die ringsgemeentes óf in diens van die breër kerkverband om die bevestiging by te woon.

10.4 Die bevestiging in ’n gemeente geskied deur ’n predikant in diens van die gemeente óf die konsulent of ’n ander predikant met bevoegdheid in die NG Kerk deur die konsulent/ring daartoe versoek.

10.5 Die bevestiging in die kerkverband geskied deur ’n predikant met bevoegdheid in die NG Kerk deur die betrokke kerkvergadering of sy gevolmagtigde daartoe aangewys.

10.6 Die bevestiging van ’n proponent geskied met oplegging van hande waarmee die bevoegdheid van predikant verkry word.

10.7 Die bevestiging vind so spoedig moontlik plaas nadat aan die kerkordelike vereistes voldoen is.

10.8 Die kerkraad of ander kerkvergadering stel die betrokke ring, die sinodale kantoor, die Algemene Taakspan Predikantesake en die *Kerkbode* onverwyld in kennis van die bevestiging, met vermelding van:

10.8.1 die basiese biografiese besonderhede van die persoon wat bevestig is;

10.8.2 die vorige gemeente/werkkring;

10.8.3 die datum waarop die bevestiging plaasgevind het;

10.8.4 die gemeente waarin die persoon bevestig is;

10.8.5 die naam van die persoon wat die bevestiging waargeneem het; en

10.8.6 die moontlike verandering in bevoegdheid wat plaasgevind het.

10.9 In die geval van ’n proponent of ’n bevoegde bedienaar uit ’n ander gereformeerde kerk wat bevestig is, word

10.9.1 die betrokke sinodale kantoor versoek om aansoek te doen om die aanstelling as huweliksbevestiger; en

10.9.2 die aktuarius van die sinode versoek om ’n *Akte van Bevestiging* uit te reik.

## 11. DEMISSIE

11.1 ’n Predikant wat ’n beroep na ’n ander gemeente aangeneem het of ’n benoeming vir diens aan die kerkverband aanvaar het, stel die kerkraad of ander kerkvergadering skriftelik daarvan in kennis.

11.2 Die betrokke kerkvergadering in wie se diens die predikant gestaan het, maak die predikant op ’n eervolle wyse los van die gemeente of ander werkkring deur die uitreiking van die *Akte van Demissie*.

11.3 Die *Akte van Demissie* word onderteken deur die voorsitter en skriba van die betrokke kerkvergadering.

11.4 Die verlening van demissie geskied tydens ’n vergadering of erediens deur die voorsitter of ander lid van die betrokke kerkvergadering.

11.5 Demissie word verleen nadat

11.5.1 die beroeps- of benoemingsbrief én die getekende nuwe diensooreenkoms aan die ring of sy gevolmagtigde/betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie voorgelê is; en

11.5.2 die ring of sy gevolmagtigde/betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie skriftelike bevestiging ontvang het dat alle uitstaande verpligtinge teenoor die predikant met betrekking tot vergoeding, verlof en ander diensvoordele nagekom is.

11.6 Die *Akte van Demissie,* uitgereik deur ’n kerkraad, dien ook as attestaat vir oorplasing van lidmaatskap na die volgende gemeente.

11.7 ’n Predikant wat uit diens van die gemeente of die kerkverband bedank, of weens tug- en/of dissiplinêre handeling uit diens van die gemeente of uit diens van die kerkverband ontslaan is (vergelyk Artikel 64.5.4 van die *Kerkorde*), ontvang by diensbeëindiging ’n dienssertifikaat.

## 12. EMERITAAT

12.1 Predikante in diens van gemeentes of die kerkverband, moet by bereiking van ouderdom vyf-en-sestig (65) emeriteer.

12.2 Beroepbaarheid van emeriti:

12.2.1 Geen predikant ouer as 65 jaar kan na emeritering in ’n voltydse of deeltydse predikantepos (vergelyk *Reglement 14 vir Voltydse Predikantspos en Reglement 15 vir Deeltydse Predikantspos)* in diens wees nie (vergelyk *Reglement 17 vir vastetermyn Predikantspos* vir diens as emeritus tussen ouderdom 65 en 70).

12.2.2 Emeriti jonger as die voorgeskrewe aftreeouderdom mag in enige predikantspos beroep word.

12.3 Geen predikant kan na ouderdom 70 jaar in enige predikantspos diens doen nie.

12.4 Die ring, onder wie se opsig ’n predikant by emeritering staan, reik aan die predikant by emeritering die *Akte van Emeritaat* uit.

12.5 Die *Akte van Emeritaat* word onderteken deur die voorsitter en skriba van die ring.

12.6 Die skriba van die ring stel die betrokke sinodale kantoor, die pensioenkantoor, die Algemene Taakspan Predikantesake én die *Kerkbode* van die emeritering in kennis.

12.7 Die *Akte van Emeritaat* kan tydens ’n vergadering of erediens namens die ring oorhandig word.

# REGLEMENT 14

# REGLEMENT VIR VOLTYDSE PREDIKANTSPOSTE

## 1. AARD

1.1 ’n Voltydse predikantspos is ’n voltydse pos met ’n onbepaalde termyn. (Die begrip ”voltyds” verwys na die bediening van ’n predikant wat in ’n bepaalde gemeente bevestig is en wat volgens diensooreenkoms sy volle lewensonderhoud van die gemeente ontvang.)

1.2 ’n Predikant in ’n voltydse predikantspos:

1.2.1 verrig die ampspligte van Artikel 9 van die *Kerkorde* in ’n gemeente soos in die diensooreenkoms vervat;

1.2.2 verrig die pligte in die kerkverband soos in die diensooreenkoms vervat;

1.2.3 ontvang volle lewensonderhoud van die gemeente of die kerkverband; en

1.2.4 mag nie buite die kerkverband deeltydse diens aan ’n ander werkgewer lewer nie.

## 2. SKEP VAN POS

2.1 Vanaf die stigting tot die ontbinding van ’n gemeente beskik die gemeente oor ’n pos vir predikant wat óf voltyds óf deeltyds vir ’n onbepaalde termyn gevul word.

2.2 Die vulling van die pos vir ’n predikant in die gemeente kan met die goedkeuring van die ring of sy gevolmagtigde vir ’n tyd opgeskort word, terwyl die kerkraad met die hulp van die ring of sy gevolmagtigde na ander wyses kyk waarop die gemeente bedien kan word (soos kombinering, eenwording of samesmelting).

2.3 Die beroeping van ’n predikant vir die vulling van ’n voltydse predikantspos in die gemeente, kan alleen geskied nadat die kerkraad die ring of sy gevolmagtigde oortuig het van die finansiële volhoubaarheid van die pos, en die ring of sy gevolmagtigde daartoe goedkeuring verleen het.

2.4 Die ring of sy gevolmagtigde moet goedkeuring verleen vir die vulling van ’n voltydse predikantspos by meerdere bediening in die gemeente.

2.5 Die ring of sy gevolmagtigde adviseer die kerkraad met die opstel van die diensooreenkoms. Die ring of sy gevolmagtigde sien toe dat die pos aan die volgende vereiste voldoen:

2.5.1 Vergoeding en ander diensvoordele vir ’n voltydse predikantspos is in ooreenstemming met die sinodale riglyne vir die vergoedingspakket vir predikante, tensy anders ooreengekom.

2.6 ’n Voltydse predikantspos is pensioendraend. Die ring of sy gevolmagtigde sien toe dat die pos aan die volgende vereistes voldoen:

2.6.1 ’n predikant in ’n voltydse predikantspos se pensioenbydraevlak word bereken volgens die ooreengekome bydraekategorie;

2.6.2 die werkgewer bepaal die werkgewerbydrae tot die pensioenfonds aan die hand van die reëls van die pensioenfonds;

2.6.3 die werkgewer se bydrae bepaal die ooreenstemmende bydraekategorie van die werknemer; en

2.6.4 die minimum bydraekategorie volgens die reëls van die sinodale pensioenfonds. (Elke pensioenfonds reël self sy eie minimum bydraevlakke. Werkgewers moet hulle eie pensioen- en sinodale kantoor skakel om seker te maak van die minimum bydraevlak.)

2.7 Nadat die ring of sy gevolmagtigde die pos en die beroepsbrief goedgekeur het, kan die kerkraad oorgaan tot beroeping.

2.8 By die skep van ’n voltydse predikantspos in die kerkverband, sien die betrokke kerkvergadering toe dat aan die toepaslike vereistes van hierdie *reglement* voldoen word.

2.9 'n Emeritus, jonger as die normale aftreeouderdom, kan met goedkeuring van die ring of sy gevolmagtigde in ’n voltydse predikantspos beroep word.

## 3. BEROEPING EN BEVESTIGING

3.1 By die beroeping en bevestiging word uitvoering gegee aan die voorskrifte van Artikel 8 van die *Kerkorde* en *Reglement 13 vir die Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante*.

3.2 ’n Predikant wie se pos van ’n tentmakerpos of ’n vastetermynpos na ’n voltydse predikantspos verander word, se diensooreenkoms word dienooreenkomstig gewysig, goedgekeur en onderteken, sonder om weer beroep en bevestig te word.

## 4. AFVAARDIGING NA MEERDERE VERGADERINGE

’n Predikant in ’n voltydse predikantspos word na meerdere vergaderinge afgevaardig.

## 5. DIENSBEËINDIGING

5.1 ’n Predikant in ’n voltydse predikantspos tree by aanvaarding van ’n beroep of by bereiking van die normale aftree-ouderdom uit diens van die gemeente/kerkverband.

5.2 By diensbeëindiging/aanvaarding van emeritaat, stel die kerkvergadering die Algemene Taakspan Predikantesake daarvan in kennis.

# REGLEMENT 15

# REGLEMENT VIR DEELTYDSE PREDIKANTSPOSTE

## 1. AARD

1.1 ’n Deeltydse predikantspos is ’n pos vir ’n predikant wat op ’n deeltyds basis vir ’n onbepaalde termyn ’n predikantspos in ’n gemeente beklee. (Die begrip ”deeltyds” verwys na die bediening van ’n predikant wat in ’n bepaalde gemeente bevestig is en wat volgens diensooreenkoms vir ’n vasgestelde gedeelte van sy tyd diens lewer aan die gemeente en slegs ’n gedeelte van sy lewensonderhoud van die gemeente ontvang.)

1.2 ’n Deeltydse predikantspos vertoon die karakter van ’n gewone pos vir predikant.

1.3 ’n Predikant in ’n deeltydse predikantspos vervul ampspligte van Artikel 9 op ’n deeltydse basis soos ooreengekom.

## 2. SKEP VAN POS

2.1 Indien die gemeente ’n deeltydse predikantspos vir ’n predikant wil skep, of om finansiële of ander redes ’n bestaande voltydse pos in ’n deeltydse predikantspos wil omskep, doen die kerkraad ’n gemotiveerde voorlegging aan die ring of sy gevolmagtigde.

2.2 Die ring of sy gevolmagtigde keur, met inagneming van die gemeente se bedieningsbehoeftes en finansiële omstandighede, die deeltydse predikantspos goed.

2.3 Die ring of sy gevolmagtigde adviseer die kerkraad met die opstel van die diensooreenkoms.

2.3.1 Uitvoering word gegee aan die tersaaklike voorskrifte van Artikel 8 van die *Kerkorde, Reglement 13 vir Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante,* ander toepaslike bepalinge in reglemente en verbandhoudende besluite.

2.3.2 ’n Deeltydse predikantspos kan nie geskep word om die bevoegdheid van predikant te verkry of te behou nie, of om sitting in kerklike vergaderinge te verkry nie.

2.3.3 Die diensvoordele van ’n deeltydse predikantspos word in terme van die sinodale riglyne vir ’n voltydse predikantspos, proporsioneel tot die aantal diensure van die pos bepaal. ’n Voltydse en deeltydse predikantspos in dieselfde gemeente word in proporsionele terme gelykwaardig behandel.

2.3.4 ’n Deeltydse predikantspos is pensioendraend, onderworpe aan die volgende vereistes:

2.3.4.1 ’n predikant in ’n deeltydse predikantspos se pensioenbydraevlak word bereken volgens die ooreengekome bydraekategorie;

2.3.4.2 die werkgewer bepaal die werkgewerbydrae tot die pensioenfonds aan die hand van die reëls van die pensioenfonds;

2.3.4.3 die werkgewer se bydrae bepaal die ooreenstemmende bydraekategorie van die werknemer;

2.3.4.4 wanneer die predikant in ’n deeltydse predikantspos beroep is en reeds by ’n ander wetlik goedgekeurde pensioenfonds ingeskakel is (dit sluit vrywillige annuïteitsfondse uit), hoef daar nie by die kerk se amptelike pensioenfonds ingeskakel te word nie. Die werkgewer moet egter steeds die minimum bydraekategorie, soos bepaal deur die reëls van die wetlik goedgekeurde pensioenfonds waarby die predikant ingeskakel is, bydra. (Elke pensioenfonds reël self die minimum bydraevlakke. Werkgewers moet hulle eie pensioen- en sinodale kantoor skakel om seker te maak van die minimum bydraevlak.)

2.3.5 ’n Deeltydse predikantspos het duidelik omskrewe bedieningsverpligtinge wat in direkte verband met die amp van predikant staan.

2.4 Nadat die ring of sy gevolmagtigde die pos en die voorgestelde diensooreenkoms goedgekeur het, kan die kerkraad oorgaan tot beroeping.

2.5 By die skep van ’n deeltydse predikantspos in die kerkverband, sien die betrokke kerkvergadering toe dat aan die toepaslike vereiste van hierdie reglement voldoen word.

2.6 ’n Emeritus, jonger as die normale aftreeouderdom, kan met goedkeuring van die ring of sy gevolmagtigde in ’n deeltydse predikantspos beroep word.

## 3. BEROEPING EN BEVESTIGING

3.1 By die beroeping en bevestiging word uitvoering gegee aan die voorskrifte van Artikel 8 van die *Kerkorde* en *Reglement 13 vir die Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante*.

3.2 ’n Predikant wie se pos van ’n voltydse pos na ’n deeltydse predikantspos verander word, se diensooreenkoms word dienooreenkomstig gewysig, goedgekeur en onderteken, sonder om weer beroep en bevestig te word.

## 4. AFVAARDIGING NA MEERDERE VERGADERINGE

’n Predikant in ’n deeltydse predikantspos word na meerdere vergaderinge afgevaardig.

## 5. DIENSOOREENKOMS MET DIE ANDER WERKGEWER(S)

5.1 Indien die predikant in ’n deeltydse predikantspos ook in ’n ander werkkring diens verrig, kom die kerkraad en die werkgewer in die diensooreenkoms ooreen oor die voorwaardes van die predikant se diens aan die ander werkgewer(s).

5.2 Die aangaan van alle toekomstige diensooreenkomste met ander werkgewers, moet telkens deur die kerkraad goedgekeur word.

## 6. DIENSBEËINDIGING

6.1 ’n Predikant in ’n deeltydse predikantspos tree by aanvaarding van ’n beroep of by bereiking van die normale aftree-ouderdom uit diens van die gemeente/kerkverband.

6.2 ’n Predikant in ’n deeltydse predikantspos kan vóór verstryking van die termyn weens wangedrag, ongeskiktheid en bedryfsvereistes uit diens van die gemeente/kerkverband ontslaan word (vergelyk R*eglement 21 vir die Bestuur van Diensverhoudinge vir Predikante by Ongeskiktheid en Onvermoë en Reglement 22 vir Tug en Vermaning*).

6.3 By diensbeëindiging word ’n Akte van Demissie uitgereik waar van toepassing en word die bevoegdheid van die predikant/emeritus behou.

6.4 By diensbeëindiging/aanvaarding van emeritaat, stel die kerkvergadering die Algemene Taakspan Predikantesake daarvan in kennis.

# REGLEMENT 16

## REGLEMENT VIR TENTMAKERPOSTE

### 1. AARD

1.1 ’n Tentmakerpos is ’n deeltydse pos vir ’n predikant wat op ’n vrywillige basis vir ’n onbepaalde termyn ’n bediening in ’n gemeente verrig.

1.2 ’n Tentmakerpos vertoon die karakter van ’n gewone pos vir predikant. ’n Tentmaker is ’n predikant wat op ’n vrywillige basis, soos ooreengekom, ampspligte van Artikel 9 van die *Kerkorde* vervul.

1.3 ’n Tentmakerpos is ’n pos waar geen diensvoordele, vergoeding of kompensasie vir dienste van toepassing is nie.

### 2. SKEP VAN POS

2.1 Indien die gemeente ’n tentmakerpos vir ’n predikant wil skep, of om finansiële of ander redes ’n bestaande voltydse pos in ’n tentmakerpos wil omskep, doen die kerkraad ’n gemotiveerde voorlegging aan die ring of sy gevolmagtigde.

2.2 Die ring of sy gevolmagtigde keur die tentmakerpos goed, met inagneming van die gemeente se bedieningsbehoeftes en finansiële omstandighede.

2.3 Die ring of sy gevolmagtigde adviseer die kerkraad met die opstel van die diensooreenkoms.

2.3.1 Uitvoering word gegee aan die tersaaklike voorskrifte van Artikel 8 van die *Kerkorde*, *Reglement 13 vir Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante*, ander toepaslike bepalinge in reglemente en verbandhoudende besluite.

2.3.2 ’n Tentmakerpos kan nie geskep word om die bevoegdheid van predikant te verkry of te behou nie, of om sitting in kerklike vergaderinge te verkry nie.

2.3.3 Geen vergoeding van enige aard is by ’n tentmakerpos ter sprake nie.

2.3.4 ’n Tentmakerpos is nie pensioendraend nie.

2.3.5 ’n Tentmakerpos het duidelik omskrewe bedieningsverpligtinge wat met die amp van predikant in direkte verband staan.

2.4 Nadat die ring of sy gevolmagtigde die pos en die voorgestelde diensooreenkoms goedgekeur het, kan die kerkraad oorgaan tot beroeping.

2.5 By die skep van ’n tentmakerpos in die kerkverband, sien die betrokke kerkvergadering toe dat aan die toepaslike vereiste van hierdie *Reglement* voldoen word.

### 3. BEROEPING EN BEVESTIGING

3.1 By beroeping en bevestiging word uitvoering gegee aan die voorskrifte van Artikel 8 van die *Kerkorde* en *Reglement 13 vir die Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante*.

3.2 ’n Predikant wie se pos van ’n voltydse pos na ’n tentmakerpos verander word, se diensooreenkoms word dienooreenkomstig gewysig, goedgekeur en onderteken, sonder om weer beroep en bevestig te word.

### 4. AFVAARDIGING NA MEERDERE VERGADERINGE

’n Predikant in ’n tentmakerpos word na meerdere vergaderinge afgevaardig.

### 5. DIENSBEËINDIGING

5.1 ’n Predikant in ’n tentmakerpos tree by aanvaarding van ’n beroep of by bereiking van die normale aftree-ouderdom uit diens van die gemeente/kerkverband.

5.2 By diensbeëindiging/aanvaarding van emeritaat, stel die kerkvergadering die Algemene Taakspan Predikantesake daarvan in kennis.

## REGLEMENT 17

## REGLEMENT VIR VASTETERMYNPREDIKANTSPOSTE

### 1. AARD

1.1 ’n Vastetermynpos is ’n pos vir ’n predikant.

1.2 ’n Vastetermynpos vir ’n predikant duur ’n vasgestelde termyn (met ’n aanvangs- en einddatum) van langer as ses maande.

1.3 'n Vastetermynpos behels ’n duidelik omskrewe taak/opdrag.

1.4 Na verstryking van die termyn en na voltooiing van die taak, termineer ’n vastetermynpos.

1.5 ’n Vastetermynpos kan voltyds of deeltyds gevul word.

1.6 ’n Predikant kan vir ’n termyn van ses maande of korter benoem word om ’n spesifieke taak in ’n gemeente te doen, byvoorbeeld tydens die kraamverlof van die gemeente se predikant. So ’n tydelike aanstelling (van ses maande of korter) is vrygestel van die bepalings van hierdie reglement ten opsigte van die skep van die pos, die beroeping, bevestiging en pensioenverpligting van die pos.

### 2. SKEP VAN POS

2.1 Indien die gemeente ’n vastetermynpos vir ’n predikant wil skep, doen die kerkraad ’n gemotiveerde voorlegging aan die ring of sy gevolmagtigde.

2.2 Die ring of sy gevolmagtigde keur die vastetermynpos goed, met inagneming van die gemeente se bedieningsbehoeftes en finansiële omstandighede.

2.3 Die ring of sy gevolmagtigde adviseer die kerkraad met die opstel van die diensooreenkoms.

2.3.1 Uitvoering word gegee aan die tersaaklike voorskrifte van Artikel 8 van die *Kerkorde*, *Reglement 13 vir Beroep, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante*, ander toepaslike bepalinge in reglemente en verbandhoudende besluite.

2.3.2 ’n Vastetermynpos kan nie geskep word om die bevoegdheid van predikant te verkry of te behou nie, of om sitting in kerklike vergaderinge te verkry nie.

2.3.3 Gegewe die sinodale riglyne word in dieselfde gemeente gelykwaardigheid in diensvoordele gehandhaaf tussen ’n vastetermynpos en ’n pos vir ’n onbepaalde termyn.

2.3.4 ’n Vastetermynpos (langer as ses maande) is

2.3.4.1 pensioendraend, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

2.3.4.1.1 ’n predikant in ’n vastetermynpos se pensioenbydraevlak word bereken volgens die ooreengekome bydraekategorie;

2.3.4.1.2 die werkgewer bepaal die werkgewerbydraes tot die pensioenfonds aan die hand van die reëls van die pensioenfonds;

2.3.4.1.3 die werkgewer se bydrae bepaal die ooreenstemmende bydraekategorie van die werknemer;

2.3.4.2 nie pensioendraend nie, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

2.3.4.2.1 wanneer die predikant in ’n vastetermynpos beroep word en reeds by ’n ander wetlik goedgekeurde pensioenfonds ingeskakel is (dit sluit vrywillige annuïteitsfondse uit); en

2.3.4.2.2 wanneer ’n emeritus (65 jaar en ouer) by aanvaarding van ’n vastetermynpos reeds pensioen ontvang. (Pensioenfondsreëls bepaal dat iemand wat jonger as 65 jaar oud is, en wat weer beroep word, wel by die pensioenfonds moet aansluit. Slegs emeriti ouer as 65 jaar word vrygestel van inskakeling by die pensioenfonds.)

2.3.5 ’n Vastetermynpos het duidelik omskrewe bedieningsverpligtinge wat met die amp van predikant in direkte verband staan, (vergelyk Artikel 9 van die *Kerkorde).*

2.4 Nadat die ring of sy gevolmagtigde die pos en die voorgestelde diensooreenkoms goedgekeur het, kan die kerkraad oorgaan tot beroeping.

2.5 By die skep van ’n vastetermynpos in die kerkverband, sien die betrokke kerkvergadering toe dat aan die toepaslike vereiste van hierdie reglement voldoen word.

## 3. BEROEPING EN BEVESTIGING

3.1 By die beroeping en bevestiging word uitvoering gegee aan die voorskrifte van Artikel 8 van die *Kerkorde* en *Reglement 13 vir die Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante*.

3.2 ’n Predikant wat in dieselfde gemeente waar hy bevestig is vir ’n vastetermynpos aansoek doen en in die pos aangestel word, word nie weer beroep en bevestig nie.

## 4. EMERITI

4.1 ’n Emeritus kan tot op ouderdom 70 jaar, met goedkeuring van die ring of sy gevolmagtigde, in ’n vastetermynpos beroep word, waarna die emeritus finaal uit kerklike diens tree. ’n Emeritus kan nie na ouderdom 70 in ’n vastetermynpos aangestel word nie.

4.2 By bereiking van die normale aftree-ouderdom (65 jaar), moet geëmeriteer word sonder dat pensioen noodwendig geneem word.

4.3 ’n Emeritus kan weer diens in dieselfde gemeente aanvaar, maar slegs indien

4.3.1 ’n vastetermynpos volgens die voorgeskrewe prosedure geskep is (vergelyk 2.1 tot 2.5 hierbo);

4.3.2 alle verpligtinge by emeritaat nagekom is;

4.3.3 die persoon se mediese geskiktheid bepaal is;

4.3.4 ’n nuwe diensooreenkoms aangegaan word;

4.3.5 beroeping en bevestiging in die pos plaasgevind het;

4.3.6 bydraes tot die pensioenfonds voortgesit word, indien pensioen nie by emeritaat geneem is nie; en

4.3.7 die ander vereistes van hierdie reglement nagekom word.

4.4 ’n Emeritus ouer as 65 jaar wat by aanvaarding van ’n vastetermynpos reeds pensioen ontvang, is vrygestel van pensioenbydraes.

## 5. TERMYN

5.1 Die termyn vir ’n vastetermynpos duur nie langer as drie jaar nie.

5.2 By verstryking van die termyn, kan die pos vir ’n maksimum van twee jaar deur dieselfde of ’n ander predikant gevul word, op voorwaarde dat die ring of sy gevolmagtigde instemming daartoe verleen en ’n nuwe diensooreenkoms tot stand kom.

5.3 By die uiteindelike verstryking van die termyn, kan die vastetermynpos nie voortgesit word nie. Verwagtinge moet nie geskep word dat die pos voortgesit gaan word nie. Diensooreenkomste moet nie na verstryking van die termyn stilswyend voortgesit word nie.

5.4 Indien die situasie vereis dat die pos wel voortgesit moet word, kan dit slegs geskied as ’n voltydse predikantspos, deeltydse predikantspos óf ’n tentmakerpos.

## 6. AFVAARDIGING NA MEERDERE VERGADERINGE

’n Predikant in ’n vastetermynpos word na meerdere vergaderinge afgevaardig.

## 7. DIENSBEËINDIGING EN BEHOUD VAN BEVOEGDHEID

7.1 ’n Predikant in ’n vastetermynpos tree op datum van die verstryking van die termyn uit diens van die gemeente/kerkverband.

7.2 ’n Predikant in ’n vastetermynpos kan vóór verstryking van die termyn weens wangedrag, ongeskiktheid en bedryfsvereistes uit diens van die gemeente/kerkverband ontslaan word (vergelyk *Reglement 21 vir die Bestuur van Diensverhoudinge vir Predikante by Ongeskiktheid en Onvermoë) asook Reglement 22 vir Tug en Vermaning*).

7.3 ’n Emeritus in ’n vastetermynpos se diens word beëindig nie later nie as die laaste dag van die maand waarin die ouderdom van 70 jaar bereik is.

7.4 By diensbeëindiging ná verstryking van die termyn, stel die kerkvergadering die Algemene Taakspan Predikantesake daarvan in kennis.

7.5 By diensbeëindiging na verstryking van die termyn, word ’n Akte van Demissie uitgereik waar van toepassing en word die bevoegdheid van predikant/emeritus behou.

# REGLEMENT 18

# REGLEMENT VIR BRUGBEDIENING

## 1. AARD VAN DIE POS

1.1 ’n Brugbediening is ’n korttermynbediening met die doel om ’n gemeente te begelei in die tyd nadat ’n vakature in ’n gemeente ontstaan het en voordat die vakature weer gevul word.

1.2 ’n Brugpredikantpos is ’n vastetermynpos wat aan die hand van die prosedure soos uiteengesit in Reglement 17 *vir Vastetermynpredikantspos* geskep en gevul word.

1.3 ’n Brugpredikantpos het ’n duidelik omskrewe taakomskrywing.

## 2. DIE BRUGPREDIKANT

2.1 ’n Brugpredikant is ’n gelegitimeerde predikant van die NG Kerk met die spesifieke opdrag om die gemeente in die oorgangstyd tussen twee predikantsposte in ’n gemeente (nadat ’n vakature ontstaan het) te begelei.

2.2 ’n Brugpredikant staan onder opsig en tug van die ring en kan vóór verstryking van die termyn weens wangedrag, ongeskiktheid en bedryfsvereistes uit diens van die gemeente/kerkverband ontslaan word (vergelyk *Reglement 21 vir die Bestuur van Diensverhoudinge vir Predikante by Ongeskiktheid en Onvermoë asook Reglement 22, Reglement vir Tug en Vermaning*).

2.3 ’n Brugpredikant moet:

2.3.1 die toepaslike opleiding as brugpredikant deurloop het;

2.3.2 oor ’n wye bedieningservaring beskik;

2.3.3 vertroud wees met die breë kerkverband se funksionering;

2.3.4 deurlopend oor genoegsame VBO-punte beskik; en

2.3.5 na oorleg met die sinodale strukture en deur die ring of sy gevolmagtigde geskik geag word vir die spesifieke gemeente se omstandighede en bedieningsbehoeftes.

2.4 ’n Brugpredikant tree op die datum van die verstryking van die termyn uit diens van die gemeente en kan nie in ’n ander pos in die gemeente beroep word nie.

2.5 By diensbeëindiging na verstryking van die termyn, word die bevoegdheid van predikant/emeritus behou.

## 3. TERMYN VAN POS

3.1 ’n Brugbedieningspos kan voltyds of deeltyds gevul word na gelang van die gemeente se situasie en behoeftes.

3.2 ’n Brugbedieningspos het ’n vaste termyn wat kan strek van drie tot nege maande. In uitsonderlike gevalle kan die termyn tot ’n maksimum van twaalf maande verleng word. Goedkeuring hiervoor word verkry van die ring of sy gevolmagtigde met opgaaf van redes. Sien 4.2.6 van hierdie reglement insake pensioenverpligting.

## 4. SKEP VAN POS EN DIE TERMYN

4.1 Wanneer ’n vakature in ’n gemeente ontstaan en die kerkraad op ’n brugbediening besluit, begelei die konsulent die kerkraad om ’n gemotiveerde voorlegging aan die ring of sy gevolmagtigde voor te lê oor die wenslikheid vir die skep van ’n pos vir ’n brugbediening.

4.2 Die ring of sy gevolmagtigde keur die pos vir brugbediening goed met inagneming van die volgende:

4.2.1 Die gemeente se bedieningsbehoeftes en finansiële omstandighede tydens die vakature.

4.2.2 Die advies van die sinode kan ook ingewin word.

4.2.3 ’n Pos vir brugbediening kan nie geskep word om die bevoegdheid van predikant te verkry of te behou nie, of om sitting in kerklike vergaderinge te verkry nie.

4.2.4 Gegewe die sinodale riglyne word in dieselfde gemeente gelykwaardigheid in diensvoordele gehandhaaf tussen ’n predikantspos vir brugbediening en ’n pos vir ’n onbepaalde termyn, en geskied vergoeding volgens die algemene sinodale riglyne.

4.2.5 Vergoeding mag wel in uitsonderlike omstandighede *vooraf onderhandel* word tussen partye met dien verstande dat die bostaande riglyn sal geld indien die gemeente dit kan bekostig.

4.2.6 Indien die pos vir brugbediening ses maande of korter is, of die posbekleër ’n emeritus is en reeds pensioen ontvang, is die pos nie pensioendraend nie en berus die vergoeding op die beginsel van totale koste van indiensneming. Indien die pos vir brugbediening vir ’n periode van langer as ses maande is, is dit van dag een af pensioendraend en geld die bepalinge van *Reglement 17 vir Vastetermynpredikantsposte*.

4.2.7 Die pos vir brugbediening het duidelik omskrewe bedieningsverpligtinge wat met die amp van predikant in direkte verband staan.

4.3 Die ring of sy gevolmagtigde adviseer die kerkraad oor

4.3.1 die termyn vir die kontrakperiode van die predikant in die brugbedieningspos;

4.3.2 die opstel van die diensooreenkoms; en

4.2.3 die opstel van die pligtestaat aan die hand van Kerkorde Artikel 9.

4.4 Nadat die ring of sy gevolmagtigde die pos en die voorgestelde diensooreenkoms goedgekeur het, kan die kerkraad oorgaan tot die beroepingsproses.

## 5. BEROEPING EN BEVESTIGING

5.1 Die kerkraad beroep ’n geskikte kandidaat as brugpredikant in ooreenstemming met die kerklike voorskrifte (Artikel 7 van die *Kerkorde*), en finaliseer in oorleg met die ring of sy gevolmagtigde die diensooreenkoms.

5.2 Die beroeping geskied tydens ’n kerkraadsvergadering uit ’n groslys van ten minste twee name van predikante (wat geskikte emeriti kan insluit).

5.3 Die beroeping se naam word aan die gemeente voorgelê vir approbasie by twee Sondae se eredienste.

5.4 Nadat approbasie verkry is, keur die ring of sy gevolmagtigde die beroep goed, tesame met die finale diensooreenkoms.

5.5 Nadat die skriftelike aanvaarding van die diensooreenkoms deur die beroepte ontvang is, word die beroepte as predikant in die gemeente bevestig.

**6. TAAK EN OPDRAG VAN DIE BRUGPREDIKANT**

6.1 Die brugpredikant

6.1.1 kan verkies word as voorsitter van die kerkraad aan die hand van Artikel 28;

6.1.2 kan nie as kandidaat oorweeg word vir die vulling van die vakature nie; en

6.1.3 word na meerdere vergaderings afgevaardig.

6.2 Die brugpredikant begelei die gemeente om met die oog op die toekomstige bedeling

6.2.1 te visioeneer en te beplan;

6.2.2 oor die geskiedenis van die gemeente (verlede) na te dink;

6.2.3 die eie identiteit van die gemeente te herontdek; en

6.2.4 God se roeping vir die gemeente vir die volgende jare te onderskei.

6.3 Die brugpredikant begelei die gemeente om afskeid te neem van ’n bedeling wat verby is en voorbereidings te tref vir ’n nuwe bedeling

6.3.1 in hulle verhouding met die breë kerkverband; en

6.3.2 ter voorbereiding vir ’n nuwe predikant.

6.4 Die brugpredikant doen maandeliks verslag aan die kerkraad en die ring of sy gevolmagtigde.

## REGLEMENT 19

## REGLEMENT VIR STANDPLAAS- EN DIENSLERAARSPOSTE

**1. AARD**

1.1 ’n Standplaasleraar is ’n persoon

1.1.1 wat die vereiste kerklike opleiding deurloop het, gelegitimeer, georden en bevestig is om diens te lewer binne die missionale konteks waarvoor hy opgelei en beroep is; en

1.1.2 wat ’n spesifieke missionale bediening in ’n missionale konteks verrig, soos byvoorbeeld vir die Khoi-San, Dowes en Portugeessprekendes.

1.2 ’n Diensleraar is ’n persoon

1.2.1 wat die vereiste kerklike opleiding deurloop het, gelegitimeer, georden en bevestig is om diens te lewer met ’n spesifieke opdrag, ooreenkomstig die terrein van opleiding.

1.2.2 wat toegespitste diens in een van die volgende spesialisasievelde verrig, naamlik:

pastoraat, jeug- en familiebediening, prediking, diakonaat, geloofsvorming, evangelisasie, kerkplanting, aanbidding, geloofsvorming, bejaardebediening, berading, lering, uitreikbediening en sending.

1.3 Diensleraars en standplaasleraars staan soos alle ander ampsdraers onder die opsig en tug van die ring. (*Kerkorde Artikel 59 tot 66 asook Reglement 21 vir die Bestuur van*

*Diensverhoudinge vir Predikante by Ongeskiktheid en Onvermoë* en Reglement 22 vir Tug en Vermaning.)

## 2. SKEP VAN POS

2.1 Indien die gemeente ’n standplaas- of diensleraarspos wil skep, doen die kerkraad ’n gemotiveerde voorlegging aan die ring of sy gevolmagtigde.

2.2 ’n Gemeente kan slegs ’n diensleraarspos skep as daar reeds ’n predikantspos in die gemeente gevul is.

2.3 Die ring of sy gevolmagtigde keur, met inagneming van die gemeente se bedieningsbehoeftes en finansiële omstandighede, die standplaas- of diensleraarspos goed.

2.4 Die ring of sy gevolmagtigde adviseer die kerkraad met die opstel van die diensooreenkoms en sien toe dat daar uitvoering gegee word aan die tersaaklike voorskrifte van Artikel 8 van die *Kerkorde,* die *Reglement 13 vir Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante,* ander toepaslike bepalinge in reglemente en verbandhoudende besluite.

2.5 ’n Standplaas- of diensleraarspos kan nie geskep word om die bevoegdheid te verkry of te behou of om sitting in kerklike vergaderinge te verkry nie.

2.6 ’n Standplaas- of diensleraarspos het duidelik omskrewe bedieningsverpligtinge wat met die opleiding van die standplaas- of diensleraar in direkte verband staan.

2.7 Nadat die ring of sy gevolmagtigde die pos en die voorgestelde diensooreenkoms goedgekeur het, kan die kerkraad oorgaan tot beroeping.

2.8 Standplaas- of diensleraarsposte kan óf voltyds óf deeltyds gevul word.

## 3. PENSIOENVOORDELE

3.1 ’n Standplaas- of diensleraarspos (langer as ses maande) is

3.1.1 pensioendraend, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

3.1.1.1 ’n standplaas- of diensleraarspos se pensioenbydraevlak word bereken volgens die ooreengekome bydraekategorie,

3.1.1.2 die werkgewer bepaal die werkgewerbydraes tot die pensioenfonds aan die hand van die reëls van die pensioenfonds, en

3.1.1.3 die werkgewer se bydrae bepaal die ooreenstemmende bydraekategorie van die werknemer;

3.1.2 nie pensioendraend nie, onderworpe aan die volgende voorwaarde:

3.1.2.1 wanneer die beroepene reeds by ’n ander wetlik goedgekeurde pensioenfonds ingeskakel is (dit sluit vrywillige annuïteitsfondse uit).

## 4. BEROEPING EN BEVESTIGING

By die beroeping en bevestiging word uitvoering gegee aan die voorskrifte van Artikel 8 van die *Kerkorde* en *Reglement 13 vir die Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante*.

## 5. AFVAARDIGING NA MEERDERE VERGADERINGE

Standplaas- of diensleraars word na meerdere vergaderings afgevaardig.

## 6. DIENSOOREENKOMS MET DIE ANDER WERKGEWER(S)

6.1 Standplaas- of diensleraars wat in deeltydse poste aangestel word, kan ook in diens van ander werkgewers wees.

6.2 By die aangaan van ’n diensooreenkoms met ’n standplaas- of diensleraar, bepaal die kerkraad die voorwaarde(s) vir diens aan die ander werkgewer(s).

6.3 Die aangaan van alle toekomstige diensooreenkomste met ander werkgewers moet vooraf deur die kerkraad goedgekeur word.

## 7. DIENSBEËINDIGING

7.1 ’n Standplaas- of diensleraar tree by aanvaarding van ’n beroep of by bereiking van die normale aftree-ouderdom uit diens van die gemeente.

7.2 Diensbeëindiging anders as beroeping of emeritaat geskied aan die hand van die diensooreenkoms en ooreenkomstig die toepaslike kerkordelike reglemente (vergelyk *Reglement 21 vir die Bestuur van Diensverhoudinge vir Predikante by Ongeskiktheid en Onvermoë) asook Reglement 22 (Reglement vir Tug en Vermaning*).

7.3 By diensbeëindiging/aanvaarding van emeritaat, stel die kerkvergadering die Algemene Taakspan Predikantesake daarvan in kennis.

# REGLEMENT 20

# REGLEMENT VIR DIE VERLOF VAN PREDIKANTE

## 1. ALGEMENE BEPALINGE

1.1 Die kerkraad of sy gevolmagtigde reël alle verlof waarop ’n predikant in terme van die diensooreenkoms geregtig is.

1.2 Die predikant doen op voorgeskrewe wyse by die kerkraad of sy gevolmagtigde aansoek om verlof te neem. Verlof, met die uitsondering van siekteverlof, kan slegs geneem word nadat die aansoek goedgekeur is.

1.3 Alle verlof wat geneem word, word genotuleer en aangeteken in ’n verlofregister wat elke ses maande deur die kerkraad en jaarliks deur die ring in sitting gekontroleer word.

1.4 Indien ’n predikant in diens van die kerkverband is, word alle verlof gereël, goedgekeur en gekontroleer deur die kerkvergadering of sy gevolmagtigde as verteenwoordiger van die werkgewer.

1.5 Verlof is nie van een diensverhouding na ’n ander oordraagbaar nie.

## 2. JAARLIKSE VERLOF

2.1 Voltydse predikante is geregtig op 42 kalenderdae jaarlikse verlof, met volle besoldiging vir elke twaalf maande van diens in die gemeente/kerkverband, tensy anders ooreengekom is.

2.2 Deeltydse predikante se verlof word per ooreenkoms proporsioneel gelykwaardig met die diensvoordele van ’n voltydse predikant bepaal.

2.3 Jaarlikse verlof val ’n predikant *pro rata* vanaf indienstreding toe.

2.4 Die kerkvergadering of sy gevolmagtigde en die predikant kom ooreen wanneer die jaarlikse verlof geneem kan word. Indien ’n ooreenkoms nie bereik word nie, kan die kerkvergadering of sy gevolmagtigde besluit wanneer die predikant verlof moet neem.

2.5 Jaarlikse verlof kan nie geneem word gedurende ’n tydperk van kennisgewing van diensbeëindiging nie, tensy die werkgewer anders besluit.

2.6 Jaarlikse verlof word in die jaar waarin dit verdien is, geneem. Hoogstens 21 kalenderdae kan na die volgende jaar oorgedra word. Opgehoopte verlof moet binne die eerste ses maande van die volgende jaar geneem word.

2.7 Minstens 21 kalenderdae aaneenlopende gewone verlof moet jaarliks geneem word.

2.8 Gewone verlof is slegs op die datum van diensbeëindiging uitbetaalbaar. Die *pro rata*-gedeelte van die huidige jaar se ongebruikte verlof en die goedgekeurde opgehoopte verlof

wat van die vorige jaar oorgedra is, kan tot ’n gesamentlike maksimum van 30 kalenderdae uitbetaal word. Uitbetaling geskied volgens heersende wetgewing.

## 3. SIEKTEVERLOF

3.1 Die kerkvergadering of sy gevolmagtigde kan aan ’n predikant siekteverlof met volle lewensonderhoud en toelaes toestaan.

3.1.1 Siekteverlof word bereken teen 120 kalenderdae en word in siklusse van drie jaar toegestaan.

3.1.2 Deeltydse predikante se siekteverlof word per ooreenkoms proporsioneel gelykwaardig met die diensvoordele van ’n voltydse predikant bepaal.

3.1.3 In die geval van oorskryding van toegekende siekteverlof binne ’n siklus van drie jaar, kan ’n predikant kies om beskikbare vakansieverlof aan te wend vir siekteverlof. Indien geen toegekende siekteverlof of vakansieverlof meer beskikbaar is nie en swak gesondheid steeds verhinder dat diensverpligtinge doeltreffend verrig kan word, kan die predikant aansoek doen vir verdere siekteverlof. Indien die kerkvergadering die aansoek goedkeur, neem die kerkvergadering of sy gevolmagtigde ’n besluit oor vergoeding vir ’n ooreengekome tydperk, en tref gepaste reëlings vir plaasvervangende diens.

3.1.4 By ’n aansoek om siekteverlof vir meer as drie kalenderdae kan die kerkvergadering of sy gevolmagtigde aandring op ’n verslag van ’n geneesheer om te bepaal

3.1.4.1 waarom die predikant nie gesond genoeg is om diens te verrig nie; en

3.1.4.2 hoe lank die afwesigheid na verwagting sal duur alvorens normale diens hervat kan word.

3.1.5 Die kerkvergadering of sy gevolmagtigde het die reg om op koste van die predikant ’n mediese sertifikaat van ’n geneesheer vir voorlegging aan die kerkvergadering te vereis, voordat siekteverlof goedgekeur word.

3.1.6 Indien die siekteverlof 120 kalenderdae per drie jaar siklus oorskry, word die advies van die ring of sy gevolmagtigde ingewin met die oog op die voortgang van die bediening in die gemeente.

## 4. VERLOF VIR BEDIENINGSONTWIKKELING

4.1 ’n Minimum van ses en ’n maksimum van twaalf kalenderdae per jaar word aan ’n predikant toegeken vir verlof vir bedieningsontwikkeling, tensy anders ooreengekom.

4.2 Verlof vir bedieningsontwikkeling val ’n predikant *pro rata* vanaf datum van indienstreding toe.

4.3 Verlof vir bedieningsontwikkeling word toegestaan nadat die kerkvergadering of sy gevolmagtigde die betrokke kursus/program goedgekeur het.

4.4 Verlof vir bedieningsontwikkeling kan nie oorgedra word na ’n volgende jaar nie.

## 5. STUDIEVERLOF[38]

5.1 Studieverlof is ’n vergunning en die kerkvergadering en die predikant moet in die lig van plaaslike omstandighede ooreenkom oor studieverlof.

5.2 Wanneer ’n kerkvergadering en die predikant ooreenkom oor deeltydse studie, is die predikant slegs geregtig op deeltydse vergoeding.

5.3 Wanneer ’n kerkvergadering en die predikant ooreenkom oor voltydse studie vir minder as ses maande, voorsien die predikant vir die duur van die studietydperk in eie lewensonderhoud en is toelaes nie betaalbaar nie.

[38] Vir volledige beskrywing van Studieverlof, vergelyk *Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge*, Hoofstuk 2, 15.7.

5.4 Indien voltydse studie langer as ses maande duur, is ’n predikant verplig om demissie by die kerkvergadering te ontvang.

5.5 Die predikant tref self reëlings met die Algemene Taakspan Predikantesake met betrekking tot behoud van proponentsbevoegdheid by demissie weens verdere studie.

5.6 Die predikant is verplig om eers opgehoopte verlof te gebruik voordat die persoon kan aanspraak maak op studieverlof. ’n Predikant kan aansoek doen om ’n terugskrywing van verlof wat vir toepaslike studie gebruik is, mits ’n kursus(se) wat vooraf deur die kerkvergadering goedgekeur is, suksesvol voltooi is.

## 6. KRAAMVERLOF

6.1 ’n Vroulike predikant is geregtig op ’n maksimum van vier maande kraamverlof wat soos volg toegestaan word, tensy anders ooreengekom:

6.1.1 ’n maksimum van vier weke voor die bevalling en ’n minimum van ses weke na die geboorte van die baba kan geneem word;

6.1.2 volle lewensonderhoud en toelaes is vir die tydperk van 10 weke (vergelyk 6.1.1) betaalbaar; en

6.1.3 die vergoedingskomponent vir die restant van die kraamverlof word tussen die predikant en die kerkvergadering of sy gevolmagtigde onderhandel.

6.2 Aanwas van jaarlikse verlof vind tydens kraamverlof plaas.

## 7. OPENBARE VAKANSIEDAE

7.1 ’n Predikant is geregtig op openbare vakansiedae. Indien die predikant ’n diensverpligting het, kom die persoon en die kerkvergadering of sy gevolmagtigde ooreen op ’n gepaste reëling.

7.2 Die gemeente/kerkverband en die predikant kan met mekaar in die dienskontrak ooreenkom dat jaarlikse verlof nie verleng word met die openbare vakansiedae wat in die verlofsiklus val nie.

7.3 By gebrek aan ’n skriftelike ooreenkoms, word ’n predikant se verlof verleng met elke openbare vakansiedag wat in die verloftydperk val.

## 8. VERLOF VIR GESINSVERANTWOORDELIKHEDE[39]

’n Predikant is, met die oog op gesinsverantwoordelikhede, geregtig op drie dae menslikheidsverlof per jaar, wat nie oploopbaar is nie.

## 9. SABBATSTYD[40]

9.1 Predikante is bo en behalwe verlof, met goedkeuring van die kerkvergadering of sy gevolmagtigde, geregtig op sabbatstyd.

9.2 Die toekenning van sabbatstyd is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

9.2.1 Na verloop van drie jaar in dieselfde werkkring, is ’n predikant geregtig op 30 kalenderdae sabbatstyd.

9.2.2 Sabbatstyd kan nie opgehoop word nie.

9.2.3 Sabbatstyd word aaneenlopend geneem.

---

39 Verlof vir Gesinsverantwoordelikheid is in die volgende gevalle van toepassing: geboorte van kind, siekte van kind, of die dood van die werknemer se huweliksmaat, ouer, aanneemouer, grootouer(s), broer of suster, kind, aangenome kind of kleinkind.

40 Predikante wat in terme van hulle diensooreenkomste nog op langverlof geregtig is (wat nou uitfaseer) of langverlof vir ’n ander gelykwaardige diensvoordeel (soos verhoogde mediese- of pensioenvoordele) prysgegee het, is nie sonder meer op sabbatstyd geregtig nie. Daaroor moet opnuut onderhandel en ooreengekom word.

9.2.4 Gedurende sabbatstyd is die predikant nie vir ampspligte in die gemeente of diens aan die kerkverband beskikbaar nie.

9.2.5 Sabbatstyd geskied met volle lewensonderhoud en toelaes.

9.2.6 Na die sabbatstyd gee die predikant terugvoer aan die kerkvergadering.

9.2.7 Sabbatstyd kan nie van een gemeente/werkkring na ’n ander oorgedra word nie.

9.2.8 Sabbatstyd is nie by diensbeëindiging uitbetaalbaar nie.

# TUG EN DISSIPLINE

## INLEIDENDE UITGANGSPUNTE BY REGLEMENT 21 EN 22

1.1 Indien die gebrekkige bedieningsvaardigheid, dienslewering of mediese ongeskiktheid van ’n predikant ondersoek word, word dit volgens die prosedures in Reglement 21 *vir die Bestuur van Diensverhoudings vir Predikante by Ongeskiktheid en Onvermoë)* hanteer.

1.2 Indien die kerkvergadering ondersoek wil instel of gebrekkige bedienings- of bedryfsvereistes tot ’n moontlike diensbeëindiging van die predikant kan lei, word dit volgens die prosedures in Reglement 21 hanteer.

1.3 Indien ’n predikant van leerdwaling en/of wangedrag in lewenswyse beskuldig word, word dit volgens die prosedures in Reglement 22 *vir Kerklike Tug en Vermaning)* hanteer.

1.4 Kerkvergaderinge moet van enige besluit, wat kragtens Reglement 21 en 22 van die *Kerkorde* oor ’n predikant geneem word, aan die Algemene Taakspan Predikantesake kennis gee.

## REGLEMENT 21

# REGLEMENT VIR DIE BESTUUR VAN DIENSVERHOUDINGE VIR PREDIKANTE BY ONGESKIKTHEID EN ONVERMOË

## 1. ALGEMENE UITGANGSPUNTE

**Hierdie reglement sit prosedures uiteen vir die uitvoering van artikel 12.7 van die Kerkorde.**

1.1 Elke kerkvergadering (kerkraad/ring/sinode/Algemene Sinode) het ’n taakspan/ kommissie/diensgroep wat die diensverhouding tussen die gemeente/kerkverband as werkgewer en die predikant/diensleraar as werknemer bestuur. Die kerkvergadering se taakspan/kommissie/diensgroep kan kundiges buite die gemeente/kerkverband betrek. Hierdie taakspan/kommissie/diensgroep kan ’n gevolmagtigde taakspan wees en doen verslag aan die kerkvergadering oor sy werksaamhede.

## 2. PROSEDURE (WYSE VAN OPTREDE)

### 2.1 Gebrekkige bedieningsvaardigheid of dienslewering (ongeskiktheid) en disfunksionele interpersoonlike verhoudings

Indien die kerkraad of die ring oordeel dat ’n predikant/diensleraar se moontlike gebrekkige bekwaamheid/geskiktheid vir die pos waarin hy/sy staan of sy/haar disfunksionele verhoudings in die gemeente, ’n disfunksionele of nadelige invloed op die funksionering van die gemeente

(werkkring) het, word die saak op die agenda van die kerkraad geplaas vir ’n formele ondersoek aan die hand van die volgende prosedure, met ’n verslag aan die ring:

2.1.1 Die kerkraad wys ’n ondersoekliggaam aan wat saamgestel is uit drie lede van die kerkraad, ten minste een lid van die laaste ringsvergadering deur die ring se gevolmagtigde aangewys, en ten minste een lid deur die sinode se gevolmagtigde aangewys.

2.1.2 Die ondersoekliggaam ondersoek die bekwaamheid, geskiktheid of disfunksionele verhoudings van die predikant. Die vereistes vir ’n formele ondersoek is dieselfde as die vereistes vir ’n tugondersoek (vergelyk *Reglement 22 vir Tug en Vermaning*), aangepas vir die ondersoek na bekwaamheid, geskiktheid of disfunksionele verhoudings.

2.1.3 Die besware oor ongeskiktheid, onbekwaamheid, of disfunksionele verhoudings wat formeel ondersoek gaan word, moet skriftelik onder die aandag van die predikant gebring word.

2.1.4 Indien bevind word dat die predikant/diensleraar onbevredigende diens lewer, moet die aard van die onbevredigende diens en die vereistes waaraan die persoon moet voldoen, skriftelik onder die betrokkene se aandag gebring word, met verslag aan die kerkraad.

2.1.5 Die ondersoekliggaam doen alles in sy vermoë om deur toepaslike evaluering, toerusting, begeleiding (leiding en advies), berading en mediasie die betrokke predikant te help om bevredigende diens aan die gemeente te lewer en/of die disfunksionele verhoudings te herstel.

2.1.6 ’n Redelike tyd word toegelaat vir die predikant om dienste te verbeter en te voldoen aan die vereistes wat die kerkraad aan die persoon gestel het, waarna die predikant se dienslewering weer geëvalueer word.

2.1.7 Die kerkraad oorweeg eerstens ander wyses buiten diensbeëindiging om die aangeleentheid reg te stel.

2.1.8 Indien die ondersoekliggaam tot die gevolgtrekking kom dat die onbekwaamheid of ongeskiktheid of disfunksionele verhoudings nie uit die weg te ruim is nie, kan die kerkraad die predikant uit diens van die gemeente ontslaan. Diensbeëindiging weens gebrekkige bedieningsvaardigheid of dienslewering of disfunksionele verhoudings geskied met volle behoud van die predikantsbevoegdheid en die uitreiking van die *Akte van Demissie*.

2.1.9 In gevalle waar die predikant in diens van die kerkverband is, versoek die kerkvergadering sy gevolmagtigde wat die diensverhoudinge hanteer, om met die bystand van die sinodale regs-/kerkordekommissie/diensgroep die bekwaamheid of geskiktheid van die predikant of die aard en omvang van disfunksionele verhoudings tussen die predikant en ander personeel formeel te ondersoek. Dieselfde prosedure, uiteengesit in 2.1.2 tot 2.1.8 hierbo, en indien nodig aangepas, word gevolg.

**2.2 Swak gesondheid of besering (ongeskiktheid)**

Indien ’n kerkraad of die betrokke ring oordeel dat ’n predikant weens swak gesondheid of besering nie meer die vereiste diensverpligtinge kan nakom nie, word die saak op die agenda van die kerkraad geplaas vir hantering aan die hand van die volgende prosedure, met verslag aan die ring:

2.2.1 Die kerkraad wys ’n gevolmagtigde ondersoekliggaam aan wat saamgestel is uit drie lede van die kerkraad, ten minste een lid van die laaste ringsvergadering deur die ring se gevolmagtigde aangewys, en ten minste een lid deur die sinode se gevolmagtigde aangewys.

2.2.2 Wanneer alternatiewe ondersoek word, word daar gekyk na die aard van die diensverpligtinge, die duur van die afwesigheid, die erns van die siekte of besering, die moontlikheid van herstel of rehabilitasie en die moontlikheid van plaasvervangende diens.

2.2.3 In die geval van permanente ongeskiktheid, word die moontlikheid van veranderde diensverpligtinge, en/of veranderde werksomstandighede, en/of die beskikbaarheid van enige geskikte alternatiewe werk ondersoek, ten einde die predikant se ongeskiktheid te akkommodeer.

2.2.4 Die ondersoek na die ongeskiktheid van die predikant weens swak gesondheid of beserings word in oorleg met die sinodale pensioenfonds en/of ’n ander soortgelyke toepaslike liggaam gedoen.

2.2.5 Tydens die ondersoek kry die predikant die geleentheid om sy/haar kant van die saak te stel en voorstelle te maak. Die predikant kan deur ’n NG Kerklidmaat bygestaan word.

2.2.6 Indien die predikant tydens die uitvoering van ’n diensverpligting ernstig beseer of siek word, rus daar ’n swaarder plig op die gemeente/kerkverband om die ongeskiktheid van die predikant te akkommodeer.

2.2.7 Die kerkraad kan, nadat alle moontlike alternatiewe ondersoek is, op billike gronde, in oorleg met die sinodale pensioenfonds of ander soortgelyke toepaslike liggaam, besluit om ’n predikant weens swak gesondheid of besering uit diens van die gemeente te ontslaan. Diensbeëindiging weens mediese ongeskiktheid geskied met behoud van die bevoegdheid van die predikant en die uitreiking van die *Akte van Demissie*.

2.2.8 In gevalle waar die predikant in diens van die kerkverband is, versoek die kerkvergadering sy gevolmagtigde wat die diensverhoudinge hanteer, om met die bystand van die sinodale regskommissie/kerkordekommissie/diensgroep, die mediese ongeskiktheid van die predikant formeel te ondersoek. Dieselfde vereistes, uiteengesit in 2.2.2 tot 2.2.6 hierbo, en indien nodig aangepas, word nagekom.

**2.3 Die gemeente/kerkverband se bedryfsvereistes**

Indien ’n kerkraad of die betrokke ring oordeel dat ’n gemeente om finansiële redes nie meer ’n predikant kan bekostig nie, word die saak op die agenda van die kerkraad geplaas vir hantering aan die hand van die volgende prosedure, met verslag aan die ring:

2.3.1 Die kerkraad wys ’n ondersoekliggaam aan wat saamgestel is uit drie lede van die kerkraad waarin die kommissie/taakspan/diensgroep wat die diensverhoudinge en fondse hanteer, verteenwoordig is, waarvan ten minste een lid van die laaste ringsvergadering deur die ring se gevolmagtigde aangewys is, en ten minste een lid (verkieslik ’n finansiële kundige) deur die sinode se gevolmagtigde aangewys is.

2.3.2 Die ondersoekliggaam bepaal die omvang van die finansiële probleem en wend daadwerklike pogings aan om oplossings te soek, byvoorbeeld voortgesette diens teen verminderde diensvoordele en -verpligtinge, deeltydse- of tentmakerbediening, aanstelling in ’n ander pos, standplaasverwisseling en kombinasie van poste.

2.3.3 Indien diensbeëindiging die enigste oplossing blyk te wees, pleeg die kerkraad se ondersoekliggaam oorleg met die predikant(e) wat waarskynlik deur die beoogde diensbeëindiging geraak sal word.

2.3.4 Die oorlegplegende partye poog om eenstemmigheid te bereik oor

2.3.4.1 geskikte maatreëls om die diensbeëindiging te vermy, dit tot die minimum persone te beperk, en die uitvoering daarvan so te bestuur dat dit die minimum ontwrigting vir al die partye tot gevolg sal hê en die nadelige gevolge daarvan te versag;

2.3.4.2 die metode van bepaling van die predikant(e) wie se dienste in die geval van medeleraarskap beëindig gaan word;

2.3.4.3 voorsiening by diensbeëindiging (uittreeloon of skeidingspakket).

2.3.5 Die kerkraad se ondersoekliggaam voorsien skriftelik aan die predikant(e) met wie oorleg gepleeg word

2.3.5.1 die redes vir die beoogde diensbeëindiging;

2.3.5.2 alternatiewe wat oorweeg is voordat diensbeëindiging voorgestel is en die redes waarom elk van die alternatiewe verwerp is;

2.3.5.3 die aantal predikante wat waarskynlik geraak gaan word in die geval van medeleraarskap;

2.3.5.4 die voorgestelde metode van bepaling van welke predikant(e) se diens beëindig moet word in die geval van medeleraarskap;

2.3.5.5 die datum waarop die diensbeëindiging waarskynlik van krag sal word;

2.3.5.6 die voorgestelde voorsiening by diensbeëindiging (uittreeloon of skeidingspakket);

2.3.5.7 enige bystand wat die kerkraad beoog om aan te bied; en

2.3.5.8 die moontlikheid van ’n toekomstige beroep.

2.3.6 Die betrokke predikant(e) word die geleentheid gebied om vertoë te rig oor enige aangeleentheid waaroor oorleg gepleeg word, en die kerkraad en ring se gevolmagtigdes oorweeg die vertoë en reageer daarop. Indien die kerkraad en ring se gevolmagtigdes nie daarmee eens is nie, word redes daarvoor verstrek.

2.3.7 Die kerkraad se ondersoekliggaam bepaal die predikant(e) wie se diens beëindig gaan word volgens maatstawwe waaroor die oorlegplegende partye ooreengekom het of wat, indien daar nie eenstemmigheid is nie, billik en objektief is.

2.3.8 By bereiking van ’n ooreenkoms, goedkeuring deur die kerkraad en na ondertekening daarvan deur die oorlegplegende partye, beëindig die kerkraad die diens van die predikant(e). Indien daar nie eenstemmigheid is nie, besluit die kerkraad in oorleg met die ring of sy gevolmagtigde op billike en objektiewe wyse in die lig van die voorgeskrewe voorsiening. Diensbeëindiging weens bedryfsvereistes geskied met behoud van die bevoegdheid van predikant en die uitreiking van die *Akte van Demissie*.

2.3.9 In gevalle waar die predikant in diens van die kerkverband is, ondersoek die kerkvergadering se taakspan/kommissie/diensgroep wat die diensverhoudinge en fondse hanteer, in oorleg met die sinodale regskommissie/kerkordekommissie, die saak formeel. Dieselfde vereistes, uiteengesit in 2.3.2 tot 2.3.8 hierbo, en indien nodig aangepas, word nagekom.

**2.4 Gemeente/kerkverband se bedieningsvereistes**

’n Predikant se diensverhouding kan ook weens die gemeente/kerkverband se veranderde tegnologiese behoeftes (bv. gebrekkige rekenaarvaardigheid), strukturele aanpassings (bv. oortollige poste by kombinering, eenwording of samesmelting van gemeentes), bedieningsvereiste (bv. demografiese- en taalveranderinge van die lidmate) of soortgelyke omstandighede (bv. nood en oorlewing van die gemeente, of die predikant se onaanpasbaarheid) beëindig word.

2.4.1 Indien ’n kerkraad of die betrokke ring oordeel dat ’n predikant nie meer aan die bedieningsvereiste van die gemeente voldoen nie, word die saak op die agenda van die kerkraad geplaas vir hantering aan die hand van die volgende prosedure met verslag aan die ring:

2.4.1.1 Die kerkraad wys ’n ondersoekliggaam aan wat saamgestel is uit drie lede van die kerkraad waarin die kommissie/taakspan/diensgroep wat die diensverhoudinge hanteer, verteenwoordig is, waarvan ten minste een lid van die laaste ringsvergadering deur die ring se gevolmagtigde aangewys is, en ten minste een lid deur die sinode se gevolmagtigde aangewys is.

2.4.1.2 Die ondersoekliggaam bepaal die omvang van die bedieningsvereistes waaraan die predikant nie voldoen nie en wend daadwerklike pogings aan om oplossings te soek. Dieselfde prosedure, uiteengesit in 2.1.2 tot 2.1.8 en/of 2.3.2 tot 2.3.8 (wat ook al van toepassing is) hierbo, en indien nodig aangepas, word gevolg.

2.4.2 In gevalle waar die predikant in diens van die kerkverband is, versoek die kerkvergadering sy gevolmagtigde wat die diensverhoudinge hanteer, om met die bystand van die sinodale regs-/ kerkordekommissie/diensgroep, die bedieningsvereistes waaraan die predikant nie voldoen nie, formeel te ondersoek. Dieselfde vereistes, uiteengesit in 2.4.1.2 hierbo, en indien nodig aangepas, word nagekom.

**2.5 Voorsiening**

In gevalle van diensbeëindiging geld die volgende reëlings met betrekking tot billike voorsiening:

2.5.1 **Diensbeëindiging weens gebrekkige bedieningsvaardigheid of dienslewering of disfunksionele verhoudings**

2.5.1.1 In die geval van diensbeëindiging weens onbekwaamheid, word ’n uittreeloon/ skeidingspakket bereken gelyk aan ten minste twee weke se lewensonderhoud vir elke voltooide jaar van aaneenlopende diens by die betrokke werkgewer vir die eerste dertien jaar, en daarna een week per voltooide jaar. Dit word bereken teen die geldende ooreengekome TKVI (totale koste van indiensneming). In die verband geld ’n minimum van 4 weke.

2.5.1.2 Die uitbetaling van alle uitstaande verlof geskied ingevolge die bepalings van *Reglement 20 vir die Verlof van Predikante*.

2.5.2 **Diensbeëindiging weens mediese ongeskiktheid**

2.5.2.1 Wanneer ’n predikant se diens weens mediese ongeskiktheid beëindig moet word, ontvang die persoon ongeskiktheidsvoordele volgens die bepalinge van die sinodale pensioenfonds (vergelyk Artikel 14 van die *Kerkorde*).[41]

2.5.2.2 In die geval waar ’n reglement wat ongeskiktheidsvoordele reël nie van toepassing is nie, ontvang die persoon ’n uittreeloon/skeidingspakket gelyk aan ten minste twee weke se lewensonderhoud vir elke voltooide jaar van aaneenlopende diens by die betrokke werkgewer vir die eerste dertien jaar en daarna een week per voltooide jaar. Dit word bereken teen die geldende ooreengekome TKVI (totale koste van indiensneming). In die verband geld ’n minimum van 4 weke.

2.5.2.3 Die uitbetaling van alle uitstaande verlof geskied ingevolge die bepalings van *Reglement 20 vir die Verlof van Predikante*.

2.5.3 **Diensbeëindiging weens die gemeente/kerkverband se bedienings- en bedryfsvereistes**

2.5.3.1 In die geval van diensbeëindiging weens die gemeente/kerkverband se finansiële onvermoë of ander bedryfsvereistes, word ’n uittreeloon/skeidingspakket bereken gelyk aan ten minste twee weke se lewensonderhoud vir elke voltooide jaar van aaneenlopende diens by die betrokke werkgewer vir die eerste dertien jaar en daarna een week per voltooide jaar. Dit word bereken teen die geldende ooreengekome TKVI (totale koste van indiensneming). In die verband geld ’n minimum van 4 weke.

2.5.3.2 Die uitbetaling van alle uitstaande verlof geskied ingevolge die bepalings van *Reglement 20 vir die Verlof van Predikante*.

---

[41] Kerkrade moet hulle voor die beëindiging van diens weens mediese ongeskiktheid vergewis van die bepalinge van die betrokke reglement.

## 3. APPÈL

3.1 In alle gevalle van diensbeëindiging het die predikant die reg tot appèl ingevolge Artikel 23 van die *Kerkorde* en *Reglement 23 vir Hersiening (revisie), Appėl, Beswaarskrif (gravamen) en Prosedurele Beswaar*. By diensbeëindiging ingevolge artikel 12.7 van die *Kerkorde* word die predikant oor die rede ingelig en herinner aan die reg tot appèl.

3.2 In die geval van die verlies van bevoegdheid (indien van toepassing by artikel 12.7.1 van die *Kerkorde*), het 'n predikant die reg tot appèl na die ASM/Algemene Sinode (vergelyk artikel 65.2 van die *Kerkorde*).

## INLEIDENDE UITGANGSPUNTE BY REGLEMENT 21 EN 22

1.1 Indien die gebrekkige bedieningsvaardigheid, dienslewering of mediese ongeskiktheid van 'n predikant/diensleraar/standplaasleraar ondersoek word, word dit volgens die prosedures in Reglement 21 *vir die Bestuur van Diensverhoudings vir Predikante by Ongeskiktheid en Onvermoë* hanteer.

1.2 Indien die kerkvergadering ondersoek wil instel of gebrekkige bedienings- of bedryfsvereistes tot 'n moontlike diensbeëindiging van die predikant kan lei, word dit volgens die prosedures in Reglement 21 hanteer.

1.3 Indien 'n predikant/diensleraar/standplaasleraar van leerdwaling en/of wangedrag in lewenswyse beskuldig word, word dit volgens die prosedures in Reglement 22 vir Tug en Vermaning van die Kerkorde hanteer.

1.4 Kerkvergaderinge moet van enige besluit, wat kragtens Reglement 21 en 22 van die Kerkorde oor 'n predikant geneem word, aan die Algemene Taakspan Predikantesake kennis gee.

# REGLEMENT 22

# REGLEMENT VIR TUG EN VERMANING

**Hierdie reglement handel oor die hantering van kerklike dissipline t.o.v. die leer en lewe van lidmate en ampsdraers.**

## PROLOOG

Wanneer van Reglement 22 gebruik gemaak word, moet dit geskied binne die konteks van Kerkorde Artikel 1 en 2 se "gegrond op die Bybel" wat impliseer dat die inhoud en gees van die Bybel bepalend is vir hoe die letter van die Kerkorde geïnterpreteer word. Dat die Woord van God se voorskrifte bepalend moet wees vir hoe die tug hanteer moet word, word eksplisiet aangedui in Artikel 59: *"Kerklike opsig word gehou en kerklike tug en dissipline uitgeoefen… volgens voorskrifte van die Woord van God; die belydenisskrifte; die Kerkorde en ander bepalings van die kerk; die diensooreenkoms"*. Hierdie volgorde beteken dat daar 'n bepaalde rangorde is in wat in ag geneem moet word.

Die eer van God, die heil van die kerk (gemeente ingesluit) en die behoud van die sondaar is drie lense waarmee na die saak gekyk word. Die eer van God en die heil van die kerk kan nie gedien word as die behoud van die sondaar en optrede wat daarop gemik is, nie deeglik in ag geneem word nie.

Reglement 22 mag nooit so vertolk word of gebruik word dat dit die aard van die kerklike opsig en tug misken nie. Artikel 60 bepaal: *"Die kerklike opsig en tug dra 'n geestelike karakter en*

*pas by die kerk as 'n geloofs- en 'n liefdesgemeenskap. Opsig en tug word dus op 'n kerklike wyse en met geestelike middele uitgeoefen. Amptelike kerklike opsig en tug is pastoraal-kerkregtelik van aard en moet uit 'n Bybelse en geestelike oogpunt billik en regverdig toegepas word*."

Verder geskied die toepassing van Reglement 22 teen die agtergrond dat lidmate by die aflegging van belydenis van geloof en ampsdraers by legitimasie, ordening en bevestiging hulle onderwerp aan die kerklike opsig en tug. Daarmee lê hulle saam met ander lidmate en ander ampsdraers 'n eed af om hulle verantwoordbaar te hou aan die Woord, die belydenisskrifte en Bybelse waardes wat gepas is vir lidmate en ampsdraers en versoek hulle die geloofsgemeenskap om hulle daaraan te hou en te vermaan en te tug wanneer hulle leer en lewe in stryd is daarmee in so 'n mate dat dit hulle getuienis, geloofwaardigheid en die heil van die liggaam van Christus tot nadeel strek.

Teen hierdie agtergrond geskied 'n tugondersoek met die oog op die vasstelling- en billike beoordeling van die feite en die waarheid. Die tugliggaam tree nie op as "regter" nie, maar as 'n besorgde lid van die liggaam van Christus wat soek na weë en middele vir hoe daar gehandel kan word om die eer van God, die welwese van die liggaam van Christus, asook die behoud van die sondaar ten beste te dien.

## 1. SAMESTELLING VAN DIE KERKLIKE TUGLIGGAAM

1.1 Ondersoeke na beweerde optrede, uitsprake of dissiplinêre oortredings wat as tugwaardige sondes geklassifiseer kan word, word deur 'n gevolmagtigde tugliggaam van die kerkvergadering met tug- en vermanende verantwoordelikheid hanteer.

**Kerkraadstugliggaam**

1.2 Die gevolmagtigde tugliggaam van die kerkraad bestaan uit ten minste drie lede. Hierdie tugliggaam word saamgestel uit minstens twee ouderlinge van die gemeente soos deur die kerkraad aangewys, en minstens een predikant/ouderling van 'n ander ringsgemeente soos deur die ringskommissie aangewys. Minstens een vrou moet, hetsy deur aanwysing of koöptering, op die tugliggaam dien, en indien die geïmpliseerde of die klaer 'n vrou is, moet daar verkieslik twee vroue op die tugliggaam dien. Ander kundige lidmate van binne of buite die gemeente kan ook gekoöpteer word as volwaardige lede van die tugliggaam.

1.3 'n Kerkraad of sy gevolmagtigde (bv. die dagbestuur) kan met opgaaf van redes ook versoek dat 'n ringstugliggaam of 'n ander kerkraad die ondersoek behartig.

**Ringstugliggaam**

1.4 Die gevolmagtigde ringstugliggaam bestaan uit 'n minimum van vyf lede, waarvan drie lede deur die ring of sy gevolmagtigde aangewys word en minstens twee lede deur die sinodale regskommissie/kerkorde kommissie/taakspan/diensgroep of sy gevolmagtigde aangewys word. Minstens een lid van die ringstugliggaam moet, hetsy deur aanwysing of koöpsie, vroulik wees, en indien die geïmpliseerde of die klaer 'n vrou is, moet daar verkieslik twee vroue op die tugliggaam dien. Ander kundige lidmate van binne of buite die ring kan ook gekoöpteer word as volwaardige lede van die ringstugliggaam. Besware oor lede van die ringstugliggaam deur enige van die partye moet met opgaaf van redes geskied en word deur die ringstugliggaam in oorleg met die ring of sy gevolmagtigde hanteer. Die ringstugliggaam het finale besluitnemingsbevoegdheid by die beslegting van enige beswaar oor sy samestelling.

1.5 'n Ring of sy gevolmagtigde (bv. ringskommissie) kan met opgaaf van redes ook versoek dat 'n ander ring dit namens hom doen of dat die sinode of sy gevolmagtigde lede aanwys

om dit namens hom te doen (vgl. 1.8 hieronder). Die ring of sy gevolmagtigde wys hierdie persone aan as sy gevolmagtigde tugliggaam.

**Algemene bepalings oor die tugliggaam**

1.6 Enige lid wat in ’n kerklike tugliggaam dien en aan ’n tugondersoek deelneem, behou sittingsreg in die tugliggaam tot die ondersoek voltooi is.

1.7 Indien ’n situasie ontstaan waartydens óf die tugliggaam óf die aangeklaagde/ geïmpliseerde oordeel dat ’n regverdige en billike ondersoek nie kan plaasvind met die huidige samestelling van die tugliggaam nie, het beide die reg om, met opgaaf van rede(s), aansoek te doen dat ’n ander tugliggaam saamgestel word om die tugondersoek te behartig. Die tugliggaam het in oorleg met die kerkvergadering of sy gevolmagtigde finale besluitnemingsbevoegdheid by die beslegting van enige beswaar oor sy samestelling.

1.7.1 In geval van ʼn tugondersoek deur die kerkraad of sy gevolmagtigde, word die ring of sy gevolmagtigde versoek om ’n ander tugliggaam aan te wys om as gevolmagtigde van die betrokke kerkraad die ondersoek te doen.

1.7.2 In geval van ’n tugondersoek deur die ringstugliggaam, word die sinode of sy gevolmagtigde versoek om ’n ander tugliggaam aan te wys om as gevolmagtigde van die betrokke ring die ondersoek te doen.

1.8 Indien ʼn gevolmagtigde tugliggaam van die ring (soos in par 1.4 verwys), benewens ʼn situasie soos in punt 1.7, nie die tugondersoek kan hanteer nie, kan die kerkvergadering of sy gevolmagtigde, by hoë uitsondering en met opgaaf van redes, die betrokke sinode of sy gevolmagtigde versoek om ʼn gevolmagtigde tugliggaam saam te stel om die tugondersoek namens die ring te behartig (vgl. 1.5 hierbo). Indien die sinode of sy gevolmagtigde oordeel dat die versoek meriete dra, wys die sinodale regskommissie/kerkorde kommissie/taakspan/diensgroep of sy gevolmagtigde minstens drie persone aan om die tugondersoek namens die ring of kerkraad te behartig. Die ring of sy gevolmagtigde wys hierdie persone aan as sy gevolmagtigde tugliggaam. Minstens een lid van dié tugliggaam moet ʼn vrou wees, en indien die geïmpliseerde of die klaer ’n vrou is, moet daar verkieslik twee vroue op die tugliggaam dien. Ander kundige lidmate kan ook deur dié tugliggaam gekoöpteer word as volwaardige lede.

## 2. TUGWAARDIGE SONDES: AMPSDRAERS, PROPONENTE, EMERITI, DIENSLERAARS EN LIDMATE

2.1 ʼn Tugondersoek oor ’n klagte teen die leer en/of lewe van ’n predikant, emeritus, proponent, standplaas- of diensleraar wat in diens van ’n gemeente is, geskied deur die gevolmagtigde tugliggaam van die ring (vgl. 1.1, 1.4, 1.7 en 1.8).

2.2 ’n Tugondersoek oor ’n klagte teen die leer en/of lewe van ’n predikant, emeritus, proponent, standplaas- of diensleraar wat in diens van die kerkverband is, geskied deur die ring se gevolmagtigde tugliggaam, onder wie se opsig die persoon staan (vgl. 1.1, 1.4, 1.7 en 1.8).

2.3 ’n Tugondersoek oor ’n klagte teen die leer en/of lewe van ’n ouderling of diaken geskied deur die ring of sy gevolmagtigde tugliggaam (vgl. 1.1, 1.4, 1.7 en 1.8).

2.4 ’n Tugondersoek oor ’n klagte teen die leer en/of lewe van ’n lidmaat van die gemeente (anders as ampsdraers, emeriti en proponente) geskied deur die kerkraad of sy gevolmagtigde tugliggaam (vgl. 1.1, 1.2 en 1.3).

## 3. AANBRING VAN KLAG, NADELIGE GERUG OF VERSLAG

3.1 Die tugwaardige sondes waarna in Artikel 61 van die *Kerkorde* en dissiplinêre oortredings waarna in Artikel 63 van die *Kerkorde* verwys word, kom op een van drie maniere voor die betrokke kerkvergadering:

3.1.1 deur ’n nadelige gerug; of

3.1.2 deur ’n skriftelike klag; of

3.1.3 deur ’n skriftelike verslag van die kerkvergadering of sy gevolmagtigde wat die diensverhoudinge hanteer.

## 4. AANVANKLIKE HANTERING VAN DIE KLAG, NADELIGE GERUG OF VERSLAG

4.1 Enige klag, nadelige gerug of verslag word deur ’n kerkvergadering of sy gevolmagtigde (bv. ringskommissie) in ontvangs geneem en na die gevolmagtigde tugliggaam wat hy aanwys, verwys vir hantering.

4.2 Voordat die gevolmagtigde tugliggaam besluit om die aangeleentheid formeel te ondersoek

4.2.1 word die gevolmagtigde tugliggaam gesuiwer van die persone oor wie die klag, nadelige gerug of verslag gaan, asook van die klaer of aanbringer van die gerug of verslag;

4.2.2 stel die gevolmagtigde tugliggaam deur die insameling van relevante dokumente en verhelderende gesprekke eers vas of die klag, nadelige gerug of verslag tot ’n formele tugondersoek sal lei; *(Die aard van hierdie vasstelling word aan die diskresie van die tugliggaam oorgelaat en moet so gedoen word dat die moontlike ondersoek nie daardeur benadeel word nie.)* en;

4.2.3 probeer die gevolmagtigde tugliggaam eers om, waar toepaslik, die saak deur herderlike sorg, versoeningsaksies, verhelderende gesprekke, kerklike mediasie of die hantering daarvan as ’n geskil op te los. Indien so ’n proses nie die gewenste resultaat lewer nie, word ’n formele tugondersoek gedoen.

4.3 Indien besluit word om nie ’n tugondersoek na die leer, lewe van die aangeklaagde/geïmpliseerde te doen nie, moet die klaer of aanbringer van die nadelige gerug of verslag, asook die aangeklaagde/geïmpliseerde, skriftelik daarvan in kennis gestel word, met opgaaf van redes.

4.4 ’n Klag, nadelige gerug of verslag wat ontvang word, word nadat dit ter tafel gebring is, die besit van die betrokke kerkvergadering of sy gevolmagtigde tugliggaam en kan nie sonder toestemming van die betrokke kerkvergadering of sy gevolmagtigde tugliggaam teruggetrek word nie.

4.5 Indien ’n lidmaat of ampsdraer voor of tydens ’n tugondersoek bedank, gaan die betrokke kerkvergadering of sy gevolmagtigde tugliggaam voort om die aangeleentheid te ondersoek, die nodige besluit(e) te neem en relevante instansies skriftelik daarvan in kennis te stel. In geval van predikante is dit die Algemene Taakspan Predikantesake, asook die kerkvergadering waaraan die aangeklaagde verbonde was voor die bedanking. In die geval van ander ampsdraers en lidmate is dit die betrokke gemeente.

## 5. OPSKRIFSTELLING VAN DIE KLAG DEUR DIE GEVOLMAGTIGDE TUGLIGGAAM

5.1 Indien besluit word om die klag, nadelige gerug of verslag te ondersoek, word dit deur die gevolmagtigde tugliggaam op skrif gestel.

5.1.1 In die geval van ’n klag of nadelige gerug kan die tugliggaam die klaer of die aanbringer van die gerug bystaan met betrekking tot die formulering van die klag, sonder om die wese en inhoud daarvan te verander. Die geformuleerde klag word per handtekening deur die klaer as korrek bevestig.

5.1.2 In die geval van ’n verslag formuleer die tugliggaam self die klag.

5.2 ’n Geformuleerde klag wat ondersoek word, moet skriftelik die aard, plek en tyd van die beweerde tugwaardige sonde ten opsigte van leer en lewe vermeld.

## 6. BESORGING VAN DIE KLAG

Die klag moet ten minste sewe dae vóór die aanvang van die tugondersoek skriftelik aan die aangeklaagde/geïmpliseerde besorg word. Die kerkraad van die aangeklaagde/ geïmpliseerde word in kennis gestel van die ondersoek en datum.

## 7. DIE MOONTLIKHEID VAN STUITING VAN AMPSDRAERS, EMERITI EN PROPONENTE

7.1 By ’n oortreding in leer en/of lewe (onder meer owerspel, onsedelikheid, seksuele teistering, molestering, pornografie, egskeiding, moord, aanranding, meineed, diefstal, bedrog, rassisme, haatspraak, laster, leerdwaling en skeurmakery) deur ’n ampsdraer, emeritus of proponent, mag die ring se gevolmagtigde tugliggaam, na ontvangs van die klag, nadelige gerug of verslag, die aangeklaagde/geïmpliseerde stuit om enige ampsdiens te verrig. Die betrokke kerkvergadering of gevolmagtigde tugliggaam moet die aangeklaagde/geïmpliseerde ampsdraer, emeritus of proponent vooraf skriftelik kennis gee van die voorgenome stuiting. Hierdie kennisgewing moet ’n kort en saaklike uiteensetting bevat van die beweerde oortreding in leer en/of lewe en die aangeklaagde/geïmpliseerde inlig dat skriftelike vertoë gerig mag word voordat ’n besluit tot stuiting gefinaliseer word.

7.2 Hierdie stuiting geskied met kennisgewing aan die aangeklaagde/geïmpliseerde en die kerkvergadering/instansie in wie se diens die persoon staan.

7.3 Stuiting behels die opskorting van ampspligte. Stuiting is nie ’n tug- en/of dissiplinêre handeling of maatreël nie, maar dien slegs om al die betrokkenes te beskerm en ’n vry en regverdige ondersoek moontlik te maak. Dit geld in die geval waar die beweerde oortreding in leer en/of lewe van so aard en omvang is dat dit ’n negatiewe impak op die uitvoering van die aangeklaagde/geïmpliseerde se ampspligte kan hê.

7.4 Stuiting kan hoogstens drie maande duur waarna die gevolmagtigde ringstugliggaam dit moet ophef of die voortsetting daarvan by die ring of sy gevolmagtigde (bv. ringskommissie) moet motiveer met die opgaaf van redes.

7.5 Lewensonderhoud word nie tydens stuiting opgeskort nie.

## 8 VEREISTES VIR ’N TUGONDERSOEK

8.1 Ooreenkomstig artikel 59.2 van die *Kerkorde* gee die gevolmagtigde tugliggaam aan die volgende uitvoering tydens die tugondersoek:

8.1.1 Niemand met ’n botsende belang ten opsigte van die persoon/saak wat ondersoek word, mag deel wees van ’n gevolmagtigde tugliggaam wat ’n tugondersoek doen en besluite daaroor neem nie.

8.1.2 Die gevolmagtigde tugliggaam word gesuiwer van alle partye met botsende belange. Dit is die klaer(s), aanbringer(s) van die nadelige gerug of verslag, die aangeklaagde(s), moontlike getuies, persone wat in die eerste of tweede graad aan die partye verwant is en ander persone wat een of ander persoonlike belang by die saak het.

8.1.3 Vergaderings wat tugondersoeke hanteer, is geslote vergaderings.

8.1.4 Die gevolmagtigde tugliggaam het die reg om vooraf voldoende getuienis en inligting te versamel ter voorbereiding van die ondersoek. (Sien ook 4.2.2 en 4.2.3 van hierdie reglement.)

8.1.5 Klaer(s), aangeklaagde(s) en getuies moet voldoende geleentheid kry om hulle saak te stel.

8.1.6 Die doel van die tugondersoek is om die eer van God, die welwese van die kerk en die behoud van die sondaar te dien (Kerkorde Artikel 59). Die tugondersoek fokus op die vasstelling van die werklike feite, ’n soeke na die waarheid en die billike beoordeling daarvan in die lig van die Bybel, belydenisskrifte en die Kerkorde. Die tugliggaam tree nie

op as 'n "*regter*" tussen twee strydende partye nie, maar as 'n besorgde lid van die liggaam van Christus wat deur 'n bepaalde insident benadeel word (seergekry het) en soek na weë en middele vir hoe daar opgetree kan word om die eer van God, die welwese van die liggaam van Christus, asook die behoud van die sondaar ten beste te dien.

8.1.7 Die partye is nie geregtig op iemand wat namens hulle optree nie, maar kan bygestaan word deur enige NG Kerklidmaat. Indien die klag van sodanige ergerlike aard is dat die aangeklaagde/geïmpliseerde uit diens van die gemeente/kerkverband ontslaan kan word, het die gevolmagtigde tugliggaam die diskresie om op versoek van enige van die partye regsverteenwoordiging in adviserende hoedanigheid (vgl. punt 8.1.6 hierbo) aan die party(e) toe te staan.

8.1.8 Die lede van 'n gevolmagtigde tugliggaam wat tot 'n bevinding(e) en besluit(e) in 'n tugondersoek kom, moet almal vir die volle duur van die ondersoek teenwoordig wees.

8.1.9 Die ondersoek van 'n klag vind deurentyd plaas in die teenwoordigheid van die klaer(s) en die aangeklaagde(s). Vrae deur al die aanwesiges kan oor en weer gestel word. Die betrokke tugliggaam kan self ook getuies oproep en getuienis aanbied om tot 'n behoorlike bevinding te kom. Die partye self kan in die loop van die saak verdere getuienis aanbied om lig op die saak te werp.

8.1.10 Die gevolmagtigde tugliggaam moet so ver moontlik binne veertien dae na ontvangs van die klagte met sy verrigtinge begin en dit so ver moontlik binne ses weke na die aanvang van die ondersoek afhandel. Redes moet aan die betrokke kerkvergadering gegee word waar nie by hierdie tydsraamwerk gehou kon word nie.

8.1.11 Indien enige van die partye weier om in die tugondersoek te verskyn of die voortgang van die tugondersoek verhinder, kan die gevolmagtigde tugliggaam met opgaaf van rede(s) die ondersoek in afwesigheid van die party(e) voortsit.

8.1.12 Ná die aanhoor van die partye en die getuies, kom die gevolmagtigde tugliggaam tot 'n bevinding wat op skrif gestel word. In die geval waar die aangeklaagde skuldig bevind word, vorm getuienis ter versagting of verswaring deel van die totale ondersoek en hoef dit nie afsonderlik hanteer te word nie.

8.1.13 Die bevinding oor skuld of onskuld en die besluit oor die toepassing van 'n tug en/of dissiplinêre maatreël(s) deur 'n gevolmagtigde tugliggaam, gaan met opgaaf van redes gepaard.

## 9. APPÈL TEEN DIE BEVINDING VAN 'N GEVOLMAGTIGDE TUGLIGGAAM

9.1 Wanneer 'n lidmaat appèl wil aanteken teen die bevinding en/of tug- en dissiplinêre maatreël van 'n kerkvergadering of sy gevolmagtigde, moet dit ingevolge die bepalings van *Reglement 23 vir Hersiening (revisie), Appèl, Beswaarskrif (gravamen)en Prosedurele beswaar* gedoen word.

9.2 In gevalle van verlies van bevoegdheid tree dit eers in werking wanneer die tydperk vir appèl soos gereël deur *Reglement 23 vir Hersiening (revisie), Appèl, Beswaarskrif (gravamen)en Prosedurele beswaar* geëindig het. Die betrokke ampsdraer word in sy ampspligte gestuit tot op daardie datum.

9.3 In gevalle van verlies van bevoegdheid en waar appèl aangeteken word, skort die betrokke kerkvergadering wat die bevinding gemaak het, die verlies van bevoegdheid onmiddellik op by die ontvangs van die appèl. Die betrokke ampsdraer word in sy ampspligte gestuit tot by die afhandeling van die appèl. Wanneer die appèl nie gehandhaaf word nie, tree die verlies van bevoegdheid onmiddellik in werking.

9.4 Lewensonderhoud word nie tydens stuiting opgeskort nie.

## 10. KOSTE

10.1 Die koste van ’n tugondersoek, wat koste vir duplisering van dokumente, reis- en vergaderkoste en ander uitgawes insluit, is vir die rekening van die betrokke kerkvergadering. Die sinode neem verantwoordelikheid vir die sinodale lede wat op ’n gevolmagtigde tugliggaam aangewys is.

10.2 Alle koste wat deur die partye self aangegaan is om óf die klag in te dien en/of die klag te verdedig, sowel as vir die koste van hulle getuies, is vir hulle eie rekening.

## 11. VOORSIENING IN DIE GEVAL VAN DIENSBEëINDIGING IN TUG-ONDERSOEKE VAN PREDIKANTE

In gevalle van diensbeëindiging geld die volgende reëlings met betrekking tot billike voorsiening:

11.1 Die uitbetaling van alle uitstaande verlof ingevolge die bepalings van *Reglement 20 vir die Verlof van Predikante*.

11.2 In gevalle van summiere ontslag word behuisingsvoordele vir 30 dae na die ontslag voorsien.

11.3 In gevalle van ontslag op ’n datum soos besluit deur die kerkvergadering, word lewensonderhoud, toelaes en behuisingsvoordele voorsien soos ooreengekom tot op dié datum.

## 12 KENNISGEWING VAN BEVINDING IN GEVAL VAN PREDIKANTE

12.1 In alle gevalle waar die gevolmagtigde tugliggaam ’n bevinding ten opsigte van ’n predikant, proponent, emeritus, standplaas- of diensleraar gemaak het (selfs al het die persoon bedank – vergelyk 4.5 hierbo), word daarvan binne twee dae aan die betrokke kerkraad en die ring kennis gegee. Indien moontlik moet die voorsitter van die tugliggaam self die kerkraad en gemeente hiervan inlig. Hierna word die bevinding en besluite van die tugliggaam binne veertien dae skriftelik aan die sinodale regskommissie/ kerkordekommissie/taakspan/diensgroep én die Algemene Taakspan Predikantesake verskaf.

12.2 Die Algemene Taakspan Predikantesake word deur die kerkvergadering of sy gevolmagtigde skriftelik in kennis gestel indien ’n party appelleer teen die bevinding en besluite van ’n tugliggaam rakende ’n proponent, predikant of emeritus.

12.3 Die Algemene Taakspan Predikantesake word onverwyld deur die betrokke kerkvergadering of sy gevolmagtigde in kennis gestel wanneer ’n tugmaatreël opgehef word of ’n verdere tugmaatreël toegepas word rakende ’n proponent, predikant of emeritus.

# APPÈL EN BESWAAR

# REGLEMENT 23

# REGLEMENT VIR HERSIENING (REVISIE), APPÈL, BESWAARSKRIF (GRAVAMEN) EN PROSEDURELE BESWAAR

## 1. HERSIENING (REVISIE), APPÈL, BESWAARSKRIF (GRAVAMEN), PROSEDURELE BESWAAR

**Doel en voorskrifte**

1.1. Appèl, gravamen, revisie en prosedurele besware word uitgeoefen

1.1.1. tot eer van God;

1.1.2. tot heil van die kerk of gemeente;
1.1.3. tot behoud van die sondaar;
1.2. volgens die voorskrifte van
1.2.1. die Woord van God;
1.2.2. die belydenisskrifte; en
1.2.3. die Kerkorde, reglemente en ander bepalinge van die kerk.

## 2. HERSIENING (REVISIE), APPÈL (KERKRAAD, RING, SINODE), LEERSTELLIGE BESWAAR (GRAVAMEN), PROSEDURELE BESWAAR

2.1. Besluite van kerklike vergaderings is bindend, maar dit kan herroep, gewysig of vervang word by wyse van hersiening (revisie), leerstellige beswaar (gravamen) of appèl (in die geval van kerkraad, ring, sinode). In die geval van die Algemene Sinode geskied dit deur middel van ’n prosedurele beswaar.

2.1.1 Hersiening (revisie) behels die hersiening van ’n bestaande besluit, tydens dieselfde of ’n volgende vergadering op versoek van ’n lid van die vergadering.

2.1.2 ’n Leerstellige beswaar (gravamen) is ’n ernstige beswaar teen ’n besluit wat die Algemene Sinode geneem het oor leerstellige aangeleenthede en word gebruik om ’n ernstige beroep hieroor op die Algemene Sinode te doen.

2.1.3 Appèl behels ’n beroep op ’n meerdere vergadering wanneer ’n lidmaat en/of kerkvergadering ’n ernstige beswaar het oor ’n kerkvergadering se besluit.

2.1.4 ’n Prosedurele beswaar is ’n beswaar in terme van ’n kerkordelike prosedurele ongerymdheid tydens ’n vergadering van die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde.

## 2.2. HERSIENING (REVISIE) VAN BESLUITE

### 2.2.1 Prosedure en hantering van hersiening (revisie)

2.2.1.1 Besluite wat geneem is, mag alleen na vooraf kennisgewing deur ’n lid van die vergadering en met die toestemming van die vergadering, in hersiening (revisie) geneem word. Kennisgewing geskied óf tydens die vergadering waar die besluit(e) geneem is, óf in die agenda vir die volgende vergadering. (Sien Reglement van Orde)

2.2.1.2 Hersiening (revisie) kan toegestaan word indien oortuigend aangevoer word dat in die bespreking van die saak waaroor dit gaan, aan sekere aspekte daarvan glad nie, of nie voldoende aandag gegee is nie en/of daar later inligting na vore gekom het, en/of omstandighede sodanig verander het wat hersiening van die besluit noodsaaklik maak.

2.2.1.3 Die aansoek om hersiening (revisie) word op skrif gestel, aan die vergadering voorgelê en die vergadering beslis met meerderheidstem of die hersiening (revisie) toegestaan word**.** Indien toegestaan, is die saak weer oop vir bespreking. Die aansoek om hersiening (revisie) moet duidelik aandui watter besluite van die vergadering ter sprake is, en hoe die besluite moontlik gewysig kan word.

2.2.1.4 Tydens die behandeling van die aansoek om hersiening (revisie) kan ’n nuwe voorstel of amendement(e) opnuut ingedien word. Die vergadering kan tot ’n gewysigde of ander besluit kom, of die vorige besluit kan gehandhaaf of herroep word.

2.2.1.5 Indien die hersieningsvoorstel (revisie) goedgekeur is, vervang dit die vorige besluit(e).

**2.2.2. Besluite tydens die vergadering:**

2.2.2.1 Wanneer kennis van hersiening (revisie) met betrekking tot besluite van dieselfde vergadering gegee word, word die redes verstrek waarom hersiening (revisie) aangevra word, maar 'n beredenering van die saak waaroor die besluit handel, word nie toegelaat nie.

2.2.2.2 Nadat kennis van hersiening (revisie) gegee is, besluit die vergadering of hersiening (revisie) toegestaan word.

2.2.2.3 Indien hersiening (revisie) toegestaan word, word die besluit tydens die vergadering in behandeling geneem op 'n tydstip soos deur die voorsitter gereël.

**2.2.3 Besluite van die verlede:**

**2.2.3.1 Kerkraadsvergaderings:**

2.2.3.1.1 Wanneer kennis van hersiening (revisie) gegee word, word die redes verstrek waarom hersiening (revisie) aangevra word, maar 'n beredenering van die saak waaroor die besluite handel, word nie toegelaat nie.

2.2.3.1.2 Nadat kennis van hersiening (revisie) gegee is, besluit die vergadering of hersiening (revisie) toegestaan word.

2.2.3.1.3 Indien hersiening (revisie) toegestaan word, word die besluit by 'n volgende vergadering in behandeling geneem.

**2.2.3.2 Meerdere vergaderings:**

2.2.3.2.1 Besluite van meerdere vergaderings word na vooraf skriftelike kennisgewing in behandeling geneem.

2.2.3.2.2 Verslae van kommissies/taakspanne en beskrywingspunte waar nuwe aanbevelings oor vorige besluite gemaak word, word geag genoegsame skriftelike kennisgewing van hersiening (revisie) te wees.

## 3. LEERSTELLIGE BESWAAR (GRAVAMEN)

3.1 'n Leerstellige beswaar (gravamen) is 'n ernstige beswaar teen 'n besluit wat die Algemene Sinode geneem het ten opsigte van 'n leerstellige aangeleentheid.

Benewens 'n kerkordelike prosedurele beswaar of hersiening (revisie), kan 'n lidmaat of 'n kerkvergadering wat 'n ernstige beswaar op grond van die Bybel en die belydenis teen 'n besluit van die Algemene Sinode het, die beswaar by wyse van 'n skriftelike leerstellige beswaar (gravamen) aan die Algemene Sinode voorlê.

3.2 Die Algemene Taakspan Regte besluit oor die ontvanklikheid van die leerstellige beswaar (gravamen) met verslag aan die moderamen van die Algemene Sinode.

3.3 Indien die leerstellige beswaar (gravamen) ontvanklik is, word dit vir oorweging aan die volgende Algemene Sinode voorgelê.

3.4 Indien die leerstellige beswaar (gravamen) nie ontvanklik is nie, word die beswaarde na verslag aan die ASM skriftelik in kennis gestel van die redes waarom die leerstellige beswaar (gravamen) nie ontvanklik is nie.

3.5 In gevalle waar leerstellige sake ter sprake is, kan die saak voor die Algemene Sinode met ’n tweederdemeerderheid na die sinodes vir oorweging verwys word.

3.6 Die gesamentlike volstrekte meerderheid van al die stemme van die sinodes is dan die beslissing.

3.6.1 Waar ’n besluit op hierdie wyse geneem is, val lidmate wat nie met die besluit saamstem nie, in by die sinodebesluit.

## 4. APPÈL

### 4.1 ALGEMENE SAKE

4.1.1 ’n Lidmaat of ’n kerkvergadering wat ’n ernstige beswaar het op grond van die Bybel, die belydenis en/of die *Kerkorde* teen ’n besluit van ’n kerkraad, ring of sinode (streeksinode) kan appèl by ’n meerdere kerkvergadering teen daardie besluit aanteken.

4.1.2 Kennis van appèl word binne 21 kalanderdae nadat die besluite van die kerkvergadering in werking tree, ingedien.

4.1.3 Die gronde vir appèl word binne 21 kalenderdae na die kennisgewing van appèl ingedien by die skriba van die kerkvergadering by wie daar appèl aangeteken word.

4.1.4 Daar kan nie meer as een keer oor dieselfde saak by dieselfde vergadering appèl aangeteken word nie.

4.1.4.1 In terme van Artikel 65.2 en 65.3 van die Kerkorde kan daar oor leerstellige sake en bevoegdheidsaangeleenthede van gelegitimeerdes tot by die Algemene Sinode geappelleer word. Oor ander sake wat met die tug verband hou, kan daar nie verder as die sinode geappelleer word nie.

4.1.5 Wanneer ’n appèl ingedien word, besluit die appèlliggaam oor die moontlikheid om die uitvoering van die besluit op te skort. Indien opskorting oorweeg word, verkry die appèlliggaam die mening van die betrokke kerkvergadering of sy gevolmagtigde oor redes waarom die besluit nie opgeskort moet word nie en neem daarna ’n besluit.

4.1.6 Die kerkvergadering of sy gevolmagtigde appèlliggaam, kan waar toepaslik, die saak éérs vir herderlike sorg, versoeningsaksie, kerklike mediasie of die hantering daarvan as ’n geskil verwys (vergelyk *Funksionele Besluite*: Riglyne vir die Beslegting van Kerklike Geskille).

4.1.6.1 Indien geskilbeslegting nie die gewenste resultaat lewer nie, gaan die appèl voort.

4.1.6.2 As deel van geskilbeslegting kan die kerkvergadering wat die besluit geneem het waarteen geappelleer word, eers deur die meerdere vergadering of sy gevolmagtigde versoek word om die appellant aan te hoor en die besluit reg te stel. Indien die besluit nie na bevrediging van die appellant gewysig word nie, gaan die appèl voort. [42]

## 4.2 APPÈL TEEN BESLUITE VAN DIE KERKRAAD

4.2.1 Lidmate van die gemeente wat ’n ernstige beswaar het op grond van die Bybel, die belydenis en/of die *Kerkorde* teen ’n besluit van die kerkraad, kan binne die toegelate tyd (vergelyk 4.1.2 en 4.1.3) skriftelik by die ring daarteen appelleer. Die appellant gee daarvan kennis aan die kerkraad.

4.2.2 Die gronde vir appèl wat later daarop volg, word aan die skriba van die ring of sy gevolmagtigde appèlliggaam gestuur.

4.2.3 Die kerkvergadering wat die besluit geneem het waarteen geappelleer word, kan eers besluit om die appellant aan te hoor. Indien die kerkraad of sy gevolmagtigde besluit om eers die appellant aan te hoor, word die ring of sy gevolmagtigde binne 14 kalenderdae na die ontvangs van die kennisgewing van appèl daarvan in kennis gestel. Die ring of sy gevolmagtigde bepaal die tydsraamwerke waarbinne so ’n gesprek of ontmoeting moet plaasvind. Die ring of sy gevolmagtigde kan ’n persoon of persone aanwys om die ontmoeting as waarnemer by te woon.

4.2.4 Die kerkvergadering of sy gevolmagtigde appèlliggaam, kan waar toepaslik, die saak éérs vir herderlike sorg, versoeningsaksie, kerklike mediasie of die hantering daarvan as ’n geskil verwys (vergelyk *Funksionele Besluite*: Riglyne vir die Beslegting van Kerklike Geskille).

4.2.4.1 Indien die optrede waarna in 4.2.4 verwys word nie die gewenste resultaat lewer nie, gaan die appèl voort.

4.2.4.2 As deel van die optrede waarna in 4.2.4 verwys word, kan die kerkvergadering wat die besluit geneem het waarteen geappelleer word, eers deur die meerdere vergadering of sy gevolmagtigde versoek word om die appellant aan te hoor en die besluit reg te stel. Indien die besluit nie na bevrediging van die appellant gewysig word nie, gaan die appèl voort.[43]

## 4.3. APPÈL TEEN BESLUITE VAN DIE RING OF SY GEVOLMAGTIGDE

4.3.1 Lidmate of ’n kerkraad van ’n ringsgemeente wat ’n ernstige beswaar het op grond van die Bybel, die belydenis en/of die *Kerkorde* teen die besluit(e) van die ring of sy gevolmagtigde, kan binne die toegelate tyd (vergelyk 4.1.2 en 4.1.3) skriftelik by die sinode daarteen appèl aanteken. Die appellant gee daarvan kennis aan die ring.

[42] Matt. 18:15-16
[43] Matt. 18:15-16

4.3.2 Die gronde vir appèl wat later daarop volg, word aan die skriba van die sinode of sy gevolmagtigde appèlliggaam gestuur.

4.3.3 Die kerkvergadering wat die besluit geneem het waarteen geappelleer word, kan eers besluit om die appellant aan te hoor. Indien die ring of sy gevolmagtigde besluit om eers die appellant aan te hoor, word die sinode of sy gevolmagtigde binne 14 dae na die ontvangs van die kennisgewing van appèl daarvan in kennis gestel. Die sinode of sy gevolmagtigde bepaal die tydsraamwerke waarbinne so ’n gesprek of ontmoeting moet plaasvind. Die sinode of sy gevolmagtigde kan ’n persoon of persone aanwys om die ontmoeting as waarnemer by te woon.

4.3.4 Die kerkvergadering of sy gevolmagtigde appèlliggaam, kan waar toepaslik, die saak éérs vir herderlike sorg, versoeningsaksie, kerklike mediasie of die hantering daarvan as ’n geskil verwys (vergelyk *Funksionele Besluite*: Riglyne vir die Beslegting van Kerklike Geskille).

4.3.4.1 Indien die optrede waarna in 4.3.4 verwys word nie die gewenste resultaat lewer nie, gaan die appèl voort.

4.3.4.2 As deel van die optrede kan die kerkvergadering wat die besluit geneem het waarteen geappelleer word, eers deur die meerdere vergadering of sy gevolmagtigde versoek word om die appellant aan te hoor en die besluit reg te stel. Indien die besluit nie na bevrediging van die appellant gewysig word nie, gaan die appèl voort. [44]

## 4.4. APPÈL TEEN BESLUITE VAN ’N SINODE OF SY GEVOLMAGTIGDE

4.4.1 Lidmate of ’n kerkraad of ’n ring wat ’n ernstige beswaar het op grond van die Bybel, die belydenis en/of die *Kerkorde* teen die besluit(e) van ’n sinode of sy gevolmagtigde, kan binne die toegelate tyd (vergelyk 4.1.2 en 4.1.3) skriftelik by die Algemene Sinode daarteen appelleer. Die appellant gee daarvan kennis aan die sinode.

4.4.2 Die gronde vir appèl wat later daarop volg, word aan die Algemene Sekretaris van die Algemene Sinode gestuur.

4.4.3 Die kerkvergadering of sy gevolmagtigde appèlliggaam, kan waar toepaslik, die saak éérs vir herderlike sorg, versoeningsaksie, kerklike mediasie of die hantering daarvan as ’n geskil verwys (vergelyk *Funksionele Besluite*: Riglyne vir die Beslegting van Kerklike Geskille).

4.4.3.1 Indien die optrede waarna in 4.4.3 verwys word nie die gewenste resultaat lewer nie, gaan die appèl voort.

4.4.4 Die sinode wat die besluit geneem het of sy gevolmagtigde, waarteen geappelleer word, kan eers besluit om die appellant aan te hoor. Indien die sinode of sy gevolmagtigde besluit om eers die appellant aan te hoor, word die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde binne 14 kalenderdae na die ontvangs van die kennisgewing van appèl daarvan in kennis gestel. Die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde bepaal die tydsraamwerke waarbinne so ’n

[44] Matt. 18:15-16

gesprek of ontmoeting moet plaasvind. Die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde kan ’n persoon of persone aanwys om die ontmoeting as waarnemer by te woon.

4.4.5 Die beslissing van die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde appèlliggaam is finaal ten opsigte van daardie aangeleenthede wat tot sy bevoegdheid behoort.

## 4.5 PROSEDURELE BESWAAR TEEN BESLUITE VAN DIE ALGEMENE SINODE OF SY GEVOLMAGTIGDE

4.5.1 Lidmate of ’n kerkraad of ’n ring of ’n sinode wat op grond van prosedurele ongerymdhede volgens die *Kerkorde* ernstig beswaard is (sien 3.5) oor besluit(e) van die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde kan binne 21 kalenderdae nadat die notule van die vergadering beskikbaar is, skriftelik ’n beswaar by die Algemene Sekretaris indien. Die Algemene Sekretaris stel die moderatuur in kennis van die beswaar wat ontvang is en stuur dit aan die Algemene Taakspan Regte.

4.5.2 Die beswaargronde met motivering word skriftelik binne 21 kalenderdae ná die kennisgewing van die beswaar aan die Algemene Sekretaris verskaf. Die Algemene Sekretaris stuur die skriftelik gemotiveerde beswaargronde aan die Algemene Taakspan Regte.

4.5.3 By ontvangs van die prosedurele beswaar kan die ATR besluit om die beswaarde(s) te ontmoet ten einde die aangeleentheid te bespreek en tot ’n moontlike vergelyk te kom oor die beswaargronde en die hantering daarvan. Indien daar nie ’n bevredigende ooreenkoms bereik word nie, gaan die formele hantering van die beswaar voort.

4.5.4 By die ontvangs van die beswaar oor prosedurele ongerymdhede wys die Algemene Taakspan Regte ’n onafhanklike tribunaal van minstens drie persone aan om die beswaar te oorweeg. Die tribunaal van minstens drie persone word saamgestel uit regspraktisyns wat NG lidmate is, en ten minste een kerkregkundige wat nie lid was van die betrokke vergadering nie. Indien nodig word die lede van die tribunaal deur die Algemene Sinode vergoed. Daar mag egter nooit meer kerkregkundiges as regspraktisyns in die tribunaal wees nie.

4.5.5 Die tribunaal oorweeg die skriftelik gemotiveerde beswaargronde nadat die skriftelike kommentaar (repliek) van die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde verkry is.

4.5.5.1 Die tribunaal oordeel oor die dringendheid van die beswaar. Indien die tribunaal oordeel dat die beswaar sonder nadelige gevolge vir die kerk kan oorstaan na die volgende vergadering van die Algemene Sinode, stel die tribunaal die persoon wat die prosedurele beswaar ingedien het, asook die ASM, in kennis daarvan en sien die Algemene Sekretaris toe dat die saak op die agenda van die volgende Algemene Sinode geplaas word.

4.5.6 Indien die tribunaal van mening is dat die aangeleentheid dringend hanteer moet word, neem hy dit in behandeling en kom tot ’n bevinding en stel die persoon wat die beswaar ingedien het, asook die ASM, in kennis van die bevinding.

4.5.7 Die bevinding van die tribunaal is finaal.

4.5.8 Maatreëls tot beskikking van die tribunaal:

4.5.8.1 In geval van ernstige prosedurele foute wat die betrokke besluit(e) onwettig maak, word die besluit(e) ter syde gestel.

4.5.8.2 In geval van prosedurele foute wat nie die integriteit van die besluit aantas nie, word die Algemene Sinode gewys op die prosedurele fout wat gemaak is.

4.5.8.3 In die geval van geen wesentlike prosedurele foute nie, word die beswaar van die hand gewys.

## 4.6. HANTERING VAN APPÈL DEUR KERKVERGADERINGE OF HULLE GEVOLMAGTIGDE APPÈLLIGGAME

4.6.1 Indien 'n kerkvergadering nie self 'n appèl of beswaar aanhoor nie, word 'n appèlliggaam van minstens drie lede deur die kerkvergadering of sy gevolmagtigde aangewys om die appèl te hanteer. Die appèlliggaam kan kundige lidmate koöpteer. Die vergadering van die appèlliggaam is 'n geslote vergadering.

4.6.2 'n Lidmaat of 'n kerkvergadering wat 'n appèlstuk wil indien, moet binne 21 kalenderdae nadat die vergadering se goedgekeurde notule beskikbaar gestel is, of nadat die bevindinge van 'n tug- en/of dissiplinêre ondersoek bekend gemaak is, by die meerdere vergadering daarvan kennis gee. In die geval van 'n kerkraad moet die kennisgewing van appèl binne 21 kalenderdae nadat die besluit geneem is, ingedien word.

4.6.3 Die appellant moet binne 21 kalenderdae nadat daar kennis van appèl gegee is, aan die appèlliggaam 'n skriftelike uiteensetting van die gronde van/redes vir die appèl (ter sake dokumentasie ingesluit) voorsien, anders verval die reg op appèl.

4.6.4 Die skriba van die appèlliggaam voorsien die kerkvergadering, of sy gevolmagtigde, teen wie se besluit daar geappelleer word, van die gronde van appèl en verkry binne 21 kalenderdae nadat die gronde van/redes vir die appèl ingedien is, die kerkvergadering wat die besluit(e) geneem het, se skriftelike reaksie daarop (ter sake dokumentasie, waaronder alle dokumente, notules, transkripsies, ensovoorts, moet ingesluit word) en besorg dit aan die appèlliggaam.

4.6.5 Die skriba van die appèlliggaam voorsien die kerkvergadering, of sy gevolmagtigde teen wie se besluit daar geappelleer word, asook enige ander partye (bv. klaer of aangeklaagde in die geval van 'n tugsaak) van die gronde van appèl en verkry binne 21 kalenderdae nadat die gronde van/redes vir die appèl ingedien is, die kerkvergadering wat die besluit(e) geneem het, asook enige ander party betrokke, se skriftelike reaksie daarop (ter sake dokumentasie, waaronder alle dokumente, notules, transkripsies, ensovoorts, moet ingesluit word) en besorg dit aan die appèlliggaam.

4.6.6 Die appellant word by die indiening van die appèl in kennis gestel dat, indien die appèl van die hand gewys word, die uiteindelike koste[45] van die saak van die appellant gevorder mag word, indien die betrokke appèlliggaam só besluit. Die appellant moet skriftelike instemming met die reëling betuig. Indien die appellant dit nie doen nie, verval die appèl. Die appellant is geregtig om vooraf 'n aanduiding te kry van die beraamde koste.

---

45 Die koste van 'n appèlsaak word beperk tot die billike koste verbonde aan die vergader-, reis-, duplisering- en administratiewe uitgawes.

4.6.7 Die appèlliggaam vergader binne 21 kalenderdae na die ontvangs van die antwoord van die kerkvergadering wat die besluit geneem het, op die appèl en beslis so spoedig moontlik daaroor.

4.6.8 Die appèlondersoek geskied op grond van die skriftelike uiteensetting van die appellant se gronde vir appèl (met ter sake dokumentasie) en op grond van die skriftelike reaksie van die kerkvergadering op die appellant se gronde vir appèl (met ter sake dokumentasie).

4.6.9 Appèlle met betrekking tot prosedurele foute en tug/dissipline van individue, word in ’n geslote vergadering hanteer. Wanneer die appèl afgehandel is, is die appèl, die gronde vir die appèl, die reaksie van die kerkvergadering, asook die notules van die appèlliggaam ter insae vir enige iemand wat met opgaaf van redes insae sou wou hê. Sulke inligting sal nie sonder baie goeie redes weerhou word nie.

## 4.7 MIDDELE TOT BESKIKKING VAN ’N APPÈLLIGGAAM

4.7.1 Na oorweging van ’n appèl kan die appèlliggaam, die appèl op een van die volgende wyses hanteer:

4.7.1.1 die appèl in geheel of gedeeltelik toestaan, of

4.7.1.2 die appèl in geheel of gedeeltelik afwys, of

4.7.1.3 indien die appèl berus op wesenlike onreëlmatighede, stel die appèlliggaam die besluit van die betrokke kerkvergadering tersyde.

4.7.2 Indien die appèlliggaam die appèl in geheel of gedeeltelik toestaan, word die betrokke kerklike vergadering se besluit/uitspraak, waar van toepassing, na die betrokke kerkvergadering of gevolmagtigde ondersoekliggaam terugverwys vir hersiening.

4.7.3 In die geval van ’n ondersoekliggaam, kan die kerkvergadering na wie die saak terugverwys is, ’n nuwe gevolmagtigde ondersoekliggaam aanwys om die saak van nuuts af te ondersoek.

## 4.8 BESLISSING VAN DIE APPÈLLIGGAAM

4.8.1 Die appèlliggaam kom tot ’n beslissing oor die appèl en notuleer ook die rede(s) daarvoor. Die appellant en die kerkvergadering teen wie se besluit(e) geappelleer is, word skriftelik in kennis gestel van die beslissing en die rede(s) daarvoor.

4.8.2 Indien die appèl betrekking gehad het op die bevoegdheid van ’n gelegitimeerde, word die Algemene Taakspan Predikantesake binne 14 dae in kennis gestel van die beslissing van die appèlliggaam.

# KERKLIKE GOEDERE

# REGLEMENT 24

# REGLEMENT VIR KERKLIKE GOEDERE

## 1. ALGEMENE SINODALE GOEDERE

## 1.1 ADMINISTRASIE VAN ALGEMENE SINODALE GOEDERE[46]

1.1.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk) in algemene sinodale verband is ’n regspersoon en die Algemene Sinode, of ander gevolmagtigde(s) deur die Algemene Sinode aangewys, is sy orgaan. Die NG Kerk is dus eienaar van alle roerende en onroerende goedere wat deur die Algemene Sinode beheer en verkry word.

1.1.2 Vaste eiendom word in die naam van die *Nederduitse Gereformeerde Kerk Algemene Sinode* geregistreer.

1.1.3 Algemene sinodale kerklike goedere word geadministreer deur die Algemene Taakspan Fondse en Bates ingevolge besluite van die Algemene Sinode.[47]

1.1.4 Die Algemene Taakspan Fondse en Bates is bevoeg om in opdrag van die Algemene Sinode enige regshandeling te verrig en om tussentydse beleggings te maak wat verband hou met die beskikking, verkryging, ontvangs van testamentêre bemakings, vervreemding, beswaring of versekering van die betrokke bates, onderhewig daaraan:

1.1.4.1 dat die inkomste en eiendom van die Algemene Sinode, met inbegrip van eiendom of inkomste wat deur enige gevolmagtigde van die Algemene Sinode bestuur word, nie aan enige persoon uitgekeer mag word nie, maar uitsluitlik aangewend mag word vir die beoefening van die aktiwiteite (openbare weldade) van die Algemene Sinode; en

1.1.4.2 dat niks wat hierin bepaal is, die betaling te goeder trou belet van redelike besoldiging (synde vergoeding wat nie oormatig is nie, inaggenome wat algemeen as redelik geag word in die openbare weldaadorganisasie-sektor en met betrekking tot die diens gelewer) aan enige werknemer of beampte van die Algemene Sinode vir dienste wat sodanige persoon werklik aan die Algemene Sinode gelewer het nie; en met insluiting van

1.1.4.2.1 die ontvang van oordrag van alle eiendomme, goedere of fondse van die ontbinde Raad van Kerke en die gefedereerde rade;

1.1.4.2.2 die verkryging van eiendomme, roerend en/of onroerend, deur skenking, erflating, aankoop, huur of op enige ander wyse; en

1.1.4.2.3 die behoud van ’n belegging in die vorm van ’n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit (of enige bate in so ’n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit) wat dit as ’n skenking, bemaking of erflating verkry, in die vorm waarin dit verkry is mits dit voldoen aan die wet en die vereistes van die belastingvrystellingseenheid van die SAID.

1.1.5 In geval van die uittrede van al die sinodes in terme van Artikel 36 van die *Kerkorde óf* die ontbinding van die Algemene Sinode, word alle eiendomme, goedere en fondse tussen die samestellende sinodes na verhouding van die getal belydende lidmate binne die gebied van elke sinode ten tye van die ontbinding verdeel.

1.1.6 Die Algemene Taakspan Fondse en Bates administreer die algemene sinodale kerklike goedere, met dien verstande dat die taakspan

1.1.6.1 deurlopend sal verseker dat daar voldoen word aan die kerkordelike bepalinge, reglemente en besluite van die Algemene Sinode en die vereistes van die belastingvrystellingseenheid van die SAID;

---

[46] ***Kerklike goedere*** [versamelnaam vir besittings] sluit in alle roerende en onroerende besittings soos eiendomme en fondse, skenkings en bemakings, asook handelsware of koopware, materiaal en stof.

[47] Die Algemene Sinode het in 2013 bevestig dat met die ontbinding van die Algemene Sinodale Sendingkommissie (ASSK) en die Algemene Kommissie vir Diens van Barmhartigheid (AKDB) volgens besluit van die Algemene Sinode in 2004, die Algemene Diensgroep Diensgetuienis (ADD) die gemagtigde orgaan van die Algemene Sinode as regspersoon geword het. Die Algemene Sinode het in 2013 bevestig dat met die ontbinding van die Algemene Jeugkommissie volgens besluit van die Algemene Sinode in 2004, die Algemene Diensgroep Gemeente-ontwikkeling (ADGO) die gemagtigde orgaan van die Algemene Sinode as regspersoon geword het. Die Algemene Sinode het in 2013 bevestig dat met die ontbinding van die Algemene Diensgroep Gemeente-ontwikkeling (ADGO) en die Algemene Diensgroep Diensgetuienis (ADD), die Algemene Sinodale Moderamen die gemagtigde orgaan van die Algemene Sinode as regspersoon geword het.

1.1.6.2 die volgende beheer- en bestuursdokumente vir goedkeuring voorlê:

1.1.6.2.1 aan die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen (ASM) wanneer nodig, die reglemente, aktes van oprigting en/of konstitusies van al die betrokke strukture en afsonderlike kerklike regsentiteite wat aan die taakspan finansiële verslag doen, asook enige voorgestelde wysigings daaraan; en

1.1.6.2.2 aan die Bedryfspan jaarliks, die onderstaande finansiële bestuursinligting ten opsigte van alle strukture en ander regsentiteite soos verwys na in 1.6.2.1, naamlik

1.1.6.2.2.1 goedgekeurde geouditeerde finansiële state van die vorige finansiële jaar;

1.1.6.2.2.2 die goedgekeurde begroting vir die huidige finansiële jaar; en

1.1.6.2.2.3 enige ander toepaslike finansiële bestuursinligting soos deur die Bedryfspan versoek; asook

1.1.6.3 volledige registers moet byhou van alle vaste bates en eiendomme, alle skenkings en bemakings, asook beleggings van die Algemene Sinode en dit moet ook as sodanig in die staat van finansiële posisie van die Algemene Sinode getoon word.

## 1.2 SKENKINGS EN BEMAKINGS

1.2.1 Alle skenkings en bemakings aan die Algemene Sinode word deur die Algemene Taakspan Fondse en Bates hanteer en bestuur in oorleg met die Algemene Taakspan Regte. Wanneer skenkings en bemakings volgens wetlike eise anders hanteer moet word, moet die korrekte voorskrifte nagekom word met verantwoording aan die Algemene Sinode. Die Algemene Sinode sal nie ’n skenking wat herroeplik op aandrang van die skenker is, vir ander redes as die wesenlike versuim om aan die aangewese oogmerke en voorwaardes van bedoelde skenking te voldoen (met inbegrip van enige wanvoorstelling met betrekking tot die belastingaftrekbaarheid daarvan ingevolge Artikel 18A van die wet) aanvaar nie: met dien verstande dat ’n skenker nie enige voorwaarde mag oplê wat bedoelde skenker of enige verbonde persoon met betrekking tot bedoelde skenker in staat kan stel om enige direkte of indirekte voordeel uit die aanwending van die skenking te verkry nie.

1.2.2 Indien ’n skenking/bemaking vir ’n spesifieke doel gemaak word, moet dit ten behoewe van daardie gespesifiseerde doel aangewend word.

1.2.3 Indien ’n skenking/bemaking vir ’n goedgekeurde projek gedoen word, mag die betrokke projekspan dit daarvoor aanwend.

1.2.4 Indien ’n projekspan ’n skenking/bemaking wil aanwend vir ’n doel of projek waarvoor daar nog nie goedkeuring ontvang is nie, moet die advies en goedkeuring van die Algemene Taakspan Fondse en Bates eers verkry word.

1.2.5 In geval die Algemene Taakspan Fondse en Bates nie goedkeuring gee nie, mag die projekspan hom na die ASM wend.

1.2.6 Om eiendomme, roerend en/of onroerend, te verkoop, te verruil, te verhuur, te skenk of op enige ander manier te vervreem, te verbind, in pand, as sekuriteit te gee, of op enige ander wyse te beswaar, met dien verstande dat:

1.2.6.1 skenkings slegs gemaak mag word ter bevordering van die doelstellings van die Algemene Sinode volgens Artikel 43 óf aan teologiese studente óf aan predikante, werknemers en amptenare in diens van kerkvergaderinge van die NG Kerk, asook aan godsdienstige, liefdadigheids- en/of opvoedkundige inrigtings wat ingevolge die bepalings van die wet en die vereistes van die belastingvrystellingseenheid van die SAID van belasting vrygestel is;

1.2.6.2 slegs sekuriteit gegee mag word vir die verpligtinge van die Algemene Sinode.

## 1.3 BELEGGING VAN FONDSE

1.3.1 Om gelde onder sy beheer te belê en om sodanige beleggings te gelde te maak, op te vra, te kanselleer, te sedeer, te verander of andersins daarmee te handel met dien verstande dat

1.3.1.1 Die Algemene Taakspan Fondse en Bates die verantwoordelikheid het om die Algemene Sinode se beleggingsportefeulje deurlopend te beskerm deur te verseker dat die nodige maatreëls in plek is.

1.3.1.2 Beleggings word slegs gedoen in terme van die Algemene Sinode se goedgekeurde beleggingsbeleid.

1.3.1.3 Die Algemene Sinode se *strategiese bateverdeling* jaarliks saamgestel word na inagneming van die Algemene Sinode se begrote bedryfsuitgawes en dat die allokasie in ooreenstemming moet wees met Regulasie 28-beperkings wat die pensioenfondswet voorstel.

1.3.1.4 Die beleggingskomissie van die taakspan die beleggingsbeleid en -strategie van die Algemene Sinode deurlopend moet nakom, met dien verstande dat die Algemene Taakspan Fondse en Bates nieteenstaande bostaande beperkings, ’n skenking of bemaking belê in ooreenstemming met die voorgeskrewe vereistes soos deur die skenker/bemaker bepaal.

## 1.4 REGSGEDINGE OF DISPUTE OOR ALGEMENE SINODALE KERKLIKE GOEDERE

1.4.1 In alle regsgedinge of dispute oor algemene sinodale kerklike goedere tree die Algemene Taakspan Fondse en Bates sonder meer bepaalde lasgewing, sowel eisend as verwerend, ten behoewe van die Algemene Sinode op, ná raadpleging van die Algemene Taakspan Regte.

1.4.2 Ten einde hierdie handelinge te verrig, word alle amptelike dokumente onderteken deur twee lede van die Algemene Taakspan Fondse en Bates wat daartoe deur die Algemene Sinode of die ASM gemagtig is.

1.4.3 Die Algemene Sinode het geen aanspraak op die eiendomme, goedere en fondse wat aan die samestellende sinodes, ringe of kerkrade behoort en onder afsonderlike reglemente besit en beheer word nie.

1.4.4 Waar enige vaste eiendom aan die Algemene Sinode geskenk of nagelaat word ten behoewe van ’n werksaamheid of inrigting binne die gebied van ’n sinode, word dit met wedersydse instemming vir beheer en administrasie opgedra aan die betrokke sinode om vir die werksaamhede of inrigting aangewend te word.

1.4.5 Eiendomme wat voor die totstandkoming van die Algemene Sinode van die NG Kerk in gefedereerde verband gevestig was (soos byvoorbeeld die eiendomme onder die toesig en beheer van die Algemene Sondagskoolkommissie) het in 1962 met kerkvereniging die eiendomme van die NG Kerk in die algemene sinodale verband geword. Transportaktes van sodanige eiendomme wat op naam van die verskillende sinodes geregistreer staan, kan met die oog op besparing van koste, onveranderd bly. Enige handeling in verband met sodanige eiendomme geskied egter in terme van die bepalings van hierdie *reglement*. Hierdie eiendomme kan verbind of vervreem word volgens die bepalings van die *Kerkorde* van die betrokke sinode in wie se naam dit geregistreer is, slegs nadat die Algemene Taakspan Fondse en Bates in oorleg met die Algemene Taakspan Regte en die Algemene Sinode/ASM daaroor besluit het.

## 2. SINODALE GOEDERE

2.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk) in sinodale verband is ’n regspersoon en die sinode, of ander gevolmagtigde(s) deur die sinode aangewys, is sy orgaan.

2.2 Die NG Kerk is dus eienaar van alle roerende en onroerende goedere wat deur die sinode beheer en verkry word en vaste eiendom word in die naam van die *Nederduitse Gereformeerde Kerk Sinode* .................................. (voeg in die amptelike naam van die betrokke sinode) geregistreer.

2.3 Sinodale kerklike goedere word geadministreer ingevolge besluite van die sinode.

2.4 Die sinode of sy gevolmagtigde is bevoeg om enige regshandeling te verrig en om tussentydse beleggings te maak wat verband hou met die beskikking, verkryging, ontvangs van testamentêre bemakings, vervreemding, beswaring of versekering van die betrokke bates, onderhewig daaraan

2.4.1 dat die inkomste en eiendom van die sinode, met inbegrip van eiendom of inkomste wat deur enige gevolmagtigde van die sinode bestuur word, nie aan enige persoon uitgekeer mag word nie, maar uitsluitlik aangewend mag word vir die beoefening van die aktiwiteite (openbare weldade) van die sinode; en

2.4.2 dat niks wat hierin bepaal is, die betaling te goeder trou belet van redelike besoldiging, synde vergoeding wat nie oormatig is nie, inaggenome wat algemeen as redelik geag word in die openbare weldaadorganisasie-sektor en met betrekking tot die diens gelewer aan enige werknemer of beampte van die sinode vir dienste wat sodanige persoon werklik aan die sinode gelewer het nie; en met insluiting van

2.4.3 die verkryging van eiendomme, roerend en/of onroerend, deur skenking, erflating, aankoop, huur of op enige ander wyse; en

2.4.4 die behoud van ’n belegging in die vorm van ’n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit (of enige bate in so ’n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit) wat dit as ’n skenking, bemaking of erflating verkry, in die vorm waarin dit verkry is, mits dit voldoen aan die wet en die vereistes van die belastingvrystellingseenheid van die SAID.

2.5 Volledige registers moet bygehou word van alle vaste bates en eiendomme, alle skenkings en bemakings, asook beleggings van die sinode en dit moet ook as sodanig in die staat van finansiële posisie van die sinode getoon word.

## 3. RINGSGOEDERE

3.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk) in ringsverband is ’n regspersoon en die ring, of ander gevolmagtigde(s) deur die ring aangewys, is sy orgaan.

3.2 Die ring is dus eienaar van alle roerende en onroerende goedere wat deur die ring beheer en verkry word en vaste eiendom word in die naam van die *Nederduitse Gereformeerde Ring* ........................ geregistreer.

3.3 Die ring se kerklike goedere word geadministreer ingevolge besluite van die ring.

3.4 Die ring of sy gevolmagtigde is bevoeg om enige regshandeling te verrig en om tussentydse beleggings te maak wat verband hou met die beskikking, verkryging, ontvangs van testamentêre bemakings, vervreemding, beswaring of versekering van die betrokke bates, onderhewig daaraan dat

3.4.1 die inkomste en eiendom van die ring, met inbegrip van eiendom of inkomste wat deur enige gevolmagtigde van die ring bestuur word, nie aan enige persoon uitgekeer mag word nie, maar uitsluitlik aangewend mag word vir die beoefening van die aktiwiteite (openbare weldade) van die ring; en

3.4.2 niks wat hierin bepaal is, die betaling te goeder trou belet van redelike besoldiging (synde vergoeding wat nie oormatig is, inaggenome wat algemeen as redelik geag word in die

openbare weldaadorganisasie-sektor en met betrekking tot die diens gelewer nie) aan enige werknemer of beampte van die ring vir dienste wat sodanige persoon werklik aan die ring gelewer het nie); en met insluiting van

3.4.3 die verkryging van eiendomme, roerend en/of onroerend, deur skenking, erflating, aankoop, huur of op enige ander wyse; en

3.4.4 die behoud van ’n belegging in die vorm van ’n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit (of enige bate in so ’n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit) wat dit as ’n skenking, bemaking of erflating verkry, in die vorm waarin dit verkry is, mits dit voldoen aan die wet en die vereistes van die belastingvrystellingseenheid van die SAID.

3.5 Volledige registers moet bygehou word van alle vaste bates en eiendomme, alle skenkings en bemakings asook beleggings van die ring.

## 4. GEMEENTELIKE GOEDERE

4.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk) in gemeenteverband is ’n regspersoon en die kerkraad, of ander gevolmagtigde(s) deur die kerkraad aangewys, is sy orgaan.

4.2 Die gemeente is dus eienaar van alle roerende en onroerende goedere wat deur die kerkraad beheer en verkry word en vaste eiendom word in die naam van die *Nederduitse Gereformeerde Gemeente* ........................ geregistreer.

4.3 Gemeentelike kerklike goedere word geadministreer ingevolge besluite van die kerkraad.

4.4 Die kerkraad of sy gevolmagtigde is bevoeg om enige regshandeling te verrig en om tussentydse beleggings te maak wat verband hou met die beskikking, verkryging, ontvangs van testamentêre bemakings, vervreemding, beswaring of versekering van die betrokke bates, onderhewig daaraan dat

4.4.1 die inkomste en eiendom van die gemeente, met inbegrip van eiendom of inkomste wat deur enige gevolmagtigde van die kerkraad bestuur word, nie aan enige persoon uitgekeer mag word nie, maar uitsluitlik aangewend mag word vir die beoefening van die aktiwiteite (openbare weldade) van die gemeente;

4.4.2 niks wat hierin bepaal is, die betaling te goeder trou belet van redelike besoldiging (synde vergoeding wat nie oormatig is, inaggenome wat algemeen as redelik geag word in die openbare weldaadorganisasie-sektor en met betrekking tot die diens gelewer nie) aan enige werknemer of beampte van die gemeente vir dienste wat sodanige persoon werklik aan die gemeente gelewer het nie, en met insluiting van

4.4.2.1 die verkryging van eiendomme, roerend en/of onroerend, deur skenking, erflating, aankoop, huur of op enige ander wyse, asook

4.4.2.2 die behoud van ’n belegging in die vorm van ’n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit (of enige bate in so ’n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit) wat dit as ’n skenking, bemaking of erflating verkry, in die vorm waarin dit verkry is, mits dit voldoen aan die wet en die vereistes van die belastingvrystellingseenheid van die SAID.

4.5 Volledige registers moet bygehou word van alle vaste bates en eiendomme, alle skenkings en bemakings, asook beleggings van die gemeente.

## 5. KERKLIKE REGSENTITEITE

5.1 Alhoewel die Algemene Sinode[48] nie regsaanspreeklikheid aanvaar vir die werksaamhede en verpligtinge van afsonderlike kerklike regsentiteite (bv maatskappye, organisasie sonder winsoogmerk en openbare weldaadsorganisasies) waarvan die lede van die ASM die ledevergadering vorm óf waarvan die Algemene Sinode of die ASM die lede van die ledevergadering aanwys of laat aanwys nie, is dit vir die strategiese belyning en

[48] Waar nodig ook van toepassing op sinodes, ringe en gemeentes.

operasionele beplanning van die Algemene Sinode se werksaamhede noodsaaklik dat die finansiële inligting genoem in 2.6.3 ten opsigte van die afsonderlike kerklike regsentiteite (buiten die Algemene Sinode, sinodes, ringe en gemeentes) vir die Algemene Sinode en sy gevolmagtigde(s) beskikbaar moet wees en dat daar deurlopend voldoen moet word aan toepaslike wetgewing.

5.2 Die Algemene Sinode, of die ASM wanneer die Algemene Sinode nie in sitting is nie, beslis in gevalle waar die Algemene Taakspan Fondse en Bates en ’n ander gevolmagtigde van die Algemene Sinode, én/óf waar die Algemene Taakspan Fondse en Bates en ’n bepaalde regsentiteit waarvan die lede van die ASM die ledevergadering vorm, of die lede van die ledevergadering aanwys of laat aanwys, én/óf waar die afsonderlike regsentiteite onderling nie eenstemmigheid kan bereik nie.

5.3 Al die kerklike regsentiteite moet voldoen al die wetlike vereistes soos op die betrokke kerklike regsentiteit van toepassing.

5.4 Die reglemente, aktes van oprigting en/of konstitusies van kerklike regsentiteite, asook enige wysigings daaraan, word aan die Algemene Sinode/ASM via die Algemene Taakspan Fondse en Bates voorgelê en goedgekeur waar van toepassing.

5.5 Aangesien die Algemene Sinode die rekeningkundige raamwerk *“IFRS for SMEs excluding business combinations”* vir sy eksterne oudit volg, hoef die finansiële state van ander kerklike regsentiteite nie gekonsolideer te word nie, tensy daar vir ’n spesifieke regsentiteit anders besluit word deur die Algemene Sinode.

## 6. DIE KERK[49] SE OPENBARE WELDAADSORGANISASIES

6.1 Die voorwaardes en vereistes vir ’n organisasie om as ’n openbare weldaadsorganisasie (OWO) goedgekeur te word, is vervat in Artikel 30 van die wet, terwyl die reëls wat die voorkeurbehandeling van ’n OWO ten opsigte van belastingvrystelling vervat is in Artikel 10(1)(cN) van die wet. Artikel 10(1)(cN) maak voorsiening vir die vrystelling van normale belasting van sekere ontvangstes en toevallings van goedgekeurde OWO's. Sekere ontvangstes en toevallings van ’n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit sal nogtans belasbaar wees.

6.2 Goedgekeurde OWO’s moet regdeur hulle bestaan voldoen aan die wet en verwante wetgewing. Indien ’n fidusiêre persoon skuldig bevind word aan ’n misdryf, kan hy/sy na skuldigbevinding ’n boete opgelê word of tronkstraf kry vir ’n periode wat nie twee jaar oorskry nie.

6.3 Die volgende vereistes is belangrik om na te kom:

6.3.1 Die enigste oogmerk van die OWO is om een of meer openbare weldaadsaktiwiteit, soos omskryf in Artikel 30(1) van die wet, op ’n nie-winsgewende grondslag en met ’n altruïstiese of filantropiese bedoeling, te onderneem.

6.3.2 Geen aktiwiteit sal regstreeks of onregstreeks die ekonomiese eiebelang van enige fiduciarius of werknemer van die organisasie bevorder nie, anders as by wyse van redelike besoldiging.

6.3.3 Die OWO is verplig om ten minste drie (3) persone, wat nie verbonde persone met betrekking tot mekaar is nie, te hê om die fidusiêre verantwoordelikheid van bedoelde organisasie te aanvaar en geen enkele persoon regstreeks of onregstreeks die besluitnemingsbevoegdheid met betrekking tot daardie organisasie beheer nie: met dien verstande dat die bepalings van hierdie paragraaf nie van toepassing is nie op enige trust wat ingevolge die testament van ’n persoon wat voor of op 3l Desember 2003 te sterwe gekom het, opgerig is:

[49] Die Algemene Sinode, sinodes, ringe en gemeentes en ander kerklike regsentiteite

- Adresverandering moet binne 60 dae aan die Kommissaris van die SAID verskaf word.
- Enige verandering aan die konstitusie moet onmiddellik by die kommissaris aangemeld word.
- Alle finansiële state moet vir vier jaar bewaar word.
- Veranderinge ten opsigte van die drie fidusiêre persone moet onmiddellik by die kommissaris aangemeld word.

6.3.4 Die OWO word verbied om direk of indirek enige van sy fondse aan enige persoon uit te keer (behalwe in die loop van die beoefening van enige openbare weldaadsaktiwiteit) en dit word vereis om sy fondse alleenlik vir die oogmerk waarvoor dit ingestel is, aan te wend.

6.3.5 Die fondse van die OWO sal slegs aangewend word vir die oogmerk waarvoor dit ingestel is.

6.3.6 By ontbinding van die OWO sal die oorblywende bates oorbetaal word aan

6.3.6.1 enige soortgelyke OWO, wat goedkeuring ingevolge Artikel 30 van die wet geniet;

6.3.6.2 enige instelling, raad of liggaam wat ingevolge die bepalings van Artikel 10(1)(cA)(i) van die betaling van belasting vrygestel is, wat as enigste of vernaamste oogmerk die beoefening van enige openbare weldaadsaktiwiteit het; of

6.3.6.3 enige staatsdepartement of administrasie in die nasionale of provinsiale of plaaslike regeringsfeer van die republiek, soos in Artikel 10(1)(a) of (b) van die wet bedoel.

6.3.7 Die OWO is verbied om ’n skenking wat herroeplik op aandrang van die skenker is, vir ander redes as die wesentlike versuim om aan die aangewese oogmerke en voorwaardes van bedoelde skenking te voldoen, met inbegrip van enige wanvoorstelling met betrekking tot die belastingaftrekbaarheid daarvan ingevolge Artikel 18A, te aanvaar nie: Met dien verstande dat ’n skenker (behalwe ‘n skenker wat ’n goedgekeurde OWO is of ’n instelling, raad of liggaam is wat ingevolge Artikel 10(1)(cA)(i) van belasting vrygestel is en wat as sy enigste of vernaamste oogmerk het die beoefening van enige openbare weldaadsaktiwiteit) nie enige voorwaarde mag oplê wat bedoelde skenker of enige verbonde persoon met betrekking tot bedoelde skenker in staat kan stel om enige direkte of indirekte voordeel uit die aanwending van die skenking te verkry nie.

6.3.8 ’n Afskrif van enige wysigings aan die konstitusie, trustakte, akte van oprigting en statute, of enige ander geskrewe stuk waarkragtens die OWO ingestel is, sal aan die kommissaris voorgelê word.

6.3.9 Geen oormatige besoldiging, inaggenome wat algemeen as redelik geag word in die sektor vir die diens gelewer, sal aan enige werknemer, amptenaar, lid of ander persoon betaal word nie en geen persoon sal ekonomies bevoordeel word op enige wyse wat nie in ooreenstemming is met sy funksie is nie.

6.3.10 Die OWO nie bewustelik ’n party is of was nie, of nie bewustelik toelaat, of toegelaat het, dat dit gebruik word as deel van ’n transaksie, handeling of skema waarvan die enigste of hoofdoel die vermindering, uitstel of vermyding is van die aanspreeklikheid vir enige belasting, reg of heffing wat by ontstentenis van bedoelde transaksie, handeling of skema, deur ’n persoon ingevolge hierdie wet of enige ander wet wat deur die kommissaris geadministreer word, betaalbaar sou wees of was.

6.3.11 Geen hulpbronne regstreeks of onregstreeks mag gebruik word om enige politieke party te ondersteun, bevorder of te opponeer nie.

6.3.12 Die OWO sal die vereiste Inkomstebelastingopgawe IT12EI (tesame met aanvullende dokumentasie, indien aangevra) indien. Alle inkomste en uitgawes moet verklaar word.

6.3.13 In die geval van ’n OWO wat fondse of bates voorsien aan enige vereniging van persone soos verwys in paragraaf (b)(iii) van die omskrywing van ’n ”openbare

weldaadsaktiwiteit" in Artikel 30 van die Wet, redelike stappe sal neem om te verseker dat die fondse vir die doel waarvoor dit voorsien is, aangewend word.

6.3.14 ’n Goedgekeurde OWO ingevolge Artikel 18A(1)(b)(i) van die wet, moet ten minste 75% van die fondse wat ontvang is deur die organisasie by wyse van skenkings wat ingevolge hierdie artikel as ’n aftrekking kwalifiseer, uitkeer (of die verpligting aangaan om aldus uit te keer) binne ’n tydperk van twaalf maande vanaf die einde van die finansiële jaar waartydens bedoelde skenkings verkry is.

6.3.15 In die geval van OWO’s bepaal Artikel 63A van die wet:
’n OWO ingevolge Artikel 30(3) van die wet deur die kommissaris goedgekeur moet enige kapitaalwins of kapitaalverlies bepaal ten opsigte van ’n beskikking oor ’n bate verontagsaam, waar

6.3.15.1 die gebruik van daardie bate vanaf waardasiedatum deur daardie OWO nie gerig was op enige besigheidsonderneming of handelsaktiwiteite nie; of

6.3.15.2 wesenlik die geheel van die gebruik van daardie bate op en na waardasiedatum deur daardie OWO gerig is op

6.3.15.2.1 ’n doelstelling anders as die beoefening van ’n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit; of

6.3.15.2.2 die beoefening van ’n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit in Artikel 10(1)(cN)(ii)(aa), (bb) of (cc) van die wet beoog.

6.3.16 *Vrystellings van die normale belasting:* Artikel 10 van die wet bepaal die volgende: [50]

*Van die normale belasting word vrygestel*

*die ontvangste en toevallings van enige OWO ingevolge Artikel 30(3) van die wet deur die kommissaris goedgekeur, in die mate wat die ontvangste en toevallings verkry is, anders as uit enige besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit; of uit enige besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit*

*(i) indien die onderneming of aktiwiteit*
- *integraal en direk verwant is tot die enigste of vernaamste oogmerk van daardie OWO soos in paragraaf (b) van die omskrywing van "openbare weldaadsorganisasie" in Artikel 30 van die wet beoog;*
- *beoefen of uitgevoer word op 'n grondslag waarvan wesenlik die geheel gerig is op die verhaling van koste; en*
- *wat nie onregverdige mededinging met betrekking tot belasbare entiteite tot gevolg het nie*

*(ii) indien die onderneming of aktiwiteit van ’n toevallige aard is en wesenlik onderneem word met vrywillige bystand sonder vergoeding;*

*(iii) indien die onderneming of aktiwiteit deur die minister by kennisgewing in die Staatskoerant goedgekeur is, met inagneming van*
- *die omvang en welwillendheidsaard van die onderneming of aktiwiteit;*
- *die direkte verband en verwantskap van die onderneming of aktiwiteit met die enigste of vernaamste oogmerk van die OWO;*
- *die winsgewendheid van die onderneming of aktiwiteit; en*
- *die vlak van ekonomiese verwringing wat deur die belastingvrye status van die OWO wat die onderneming of aktiwiteit bedryf veroorsaak mag word; of*

*(iv) behalwe ’n onderneming of aktiwiteit ten opsigte waarvan item (i), (ii) of (iii) van toepassing is en nie meer is nie as die grootste van*
- *vyf persent van die totale ontvangste en toevallings van daardie OWO gedurende die betrokke jaar van aanslag; of*
- *R200 000.*

---

[50] Kyk ook INTERPRETATION NOTE: NO. 24 (Issue 2)

## 7. DEFINISIES

### 7.1 FIDUSIÊRE PERSOON EN PLIGTE

7.1.1 Die vereiste vir ’n fidusiêre persoon is een wat ’n vertrouensposisie beklee en verantwoordelik optree met besluitnemingsbevoegdheid met betrekking tot die besigheid van ’n organisasie.

*7.1.2 Fidusiêre persone*

7.1.2.1 moet konflik van belange vermy;

7.1.2.2 mag nie die grense van hulle bevoegdhede oorskry nie;

7.1.2.3 moet deurgaans ’n onbevange diskresie handhaaf; en

7.1.2.4 moet hulle bevoegdhede uitoefen vir die doel waarvoor dit toegeken is.

7.1.3 ’n Openbare Weldaadsorganisasie (OWO) moet ten minste drie onverbonde persone hê wat die fidusiêre verantwoordelikheid vir die organisasie aanvaar.

### 7.2 KOMMISSARIS

Die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) word hieronder “kommissaris”.

### 7.3 OPENBARE WELDAADSAKTIWITEIT

’n Openbare weldaadsaktiwiteit is

7.3.1 enige aktiwiteit in Deel I van die Negende Bylae van die wet gelys as

*7.3.1.1 Godsdiens en Geloof*

*7.3.1.1.1 Die bevordering of beoefening van godsdiens wat dade van aanbidding, getuienis, onderrig en gemeenskapsdiens insluit, gebaseer op ’n geloof in ’n godheid.*

*7.3.1.1.2 Die bevordering en/of beoefening van ’n geloof* ; en

7.3.2 enige ander aktiwiteit van tyd tot tyd deur die minister by kennisgewing in die Staatskoerant bepaal as van ’n welwillendheidsaard te wees, met inagneming van die behoeftes, belange en welvaart van die algemene publiek.

### 7.4 OPENBARE WELDAADSORGANISASIE

7.4.1 Dis enige organisasie wat

7.4.1.1 ’n nie-winsgewende maatskappy is, soos omskryf in klosule a1 van die Maatskappywet 71 van 2008 of ’n trust of ’n vereniging van persone is wat in die republiek ingelyf, opgerig of gestig is; of

7.4.1.2 ’n tak binne die republiek is van enige maatskappy, vereniging of trust opgerig, ingelyf of ingestel in ’n land behalwe die republiek en wat van belasting op inkomste in daardie ander land vrygestel is;

7.4.2 Dis enige organisasie waarvan die enigste of hoofoogmerk die beoefening van een of meer openbare weldaadsaktiwiteite is, waar

7.4.2.1 al daardie aktiwiteite beoefen word op ’n nie-winsgewende grondslag en met ’n altruïstiese of filantropiese bedoeling;

7.4.2.3 geen van daardie aktiwiteite bedoel is om regstreeks of onregstreeks die ekonomiese eie belang van enige fiduciarius of werknemer van die organisasie te bevorder nie, anders as by wyse van redelike besoldiging wat aan daardie fiduciarius of werknemer betaalbaar is; en

7.4.3 Dis enige organisasie waar

7.4.3.1 elke sodanige aktiwiteit deur daardie organisasie beoefen word vir die voordeel van, of algemeen toeganklik is, vir die algemene publiek, ingesluit enige sektor daarvan (behalwe klein en eksklusiewe groepe); en

7.4.3.2 enige aktiwiteit soos deur die minister ingevolge paragraaf (b) van die omskrywing van *"openbare weldaadsaktiwiteit"* in subartikel 30 (1) van die wet bepaal, of enige

voorwaardes deur die minister ingevolge subartikel 30 (3)(a) van die wet voorgeskryf moet binne ’n tydperk van l2 maande ná die datum van publikasie van daardie aktiwiteit of daardie voorwaardes deur die minister in die Staatskoerant in die parlement ter tafel gelê word vir insluiting in die wet.

### 7.5 WET

*Wet* verwys na die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 (soos gewysig).

# GEMEENTES

# REGLEMENT 25

# REGLEMENT VIR GESTUURDHEID VAN DIE NG KERK

## 1. DEFINISIE

1.1 Die missie van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees is om lewe en volheid aan die wêreld te gee. Die kerk is in diens van hierdie missie van God.

1.2 Deur die Woord en Gees vergader God vir Hom ’n gemeente. Deur dié gemeente

1.2.1 laat God sy Woord verkondig,

1.2.2 bring Hy die gemeenskap van heiliges uit alle nasies tot stand,

1.2.3 laat Hy diens aan die wêreld in nood lewer,

1.2.4 laat Hy sy opdrag om die skepping en lewe te bewaar sigbaar tot uitdrukking bring, en

1.2.5 word sy geregtigheid en versoening verkondig.

Só laat Hy sy Koninkryk kom.

1.3 Die gestuurde kerk bedien die evangelie in al sy dimensies aan mense wat die evangelie nie ken nie of daarvan vervreemd is.

1.4 Elke gemeente is ’n gestuurde gemeente en so ook elke lidmaat van die gemeente.

1.5 Gestuurdheid (missionale kerkwees) is die roeping van elke lidmaat, asook van die plaaslike gemeente. Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, geskied dit in die kerkverband deur ringe en sinodes.

1.6 Waar binne een geografiese gebied meer as een kerkverband van die NG Kerkfamilie bestaan, word gestuurdheid in oorleg en samewerking met mekaar gedoen.

## 2. UITVOERING

### 2.1 Kerklike betrokkenheid by God se missie

2.1.1 Die kerk is in diens van God se missie.

2.1.2 Dit is die plig van die kerkraad om die gemeente te motiveer en toe te rus om as gestuurde gemeente betrokke te wees by die heilshandeling van God met die wêreld. Hierdie betrokkenheid sluit in persoonlike getuienis deur woord en lewe, die beoefening van geloofsgemeenskap, voorbidding, rentmeesterskap, die diens van barmhartigheid en die ywer vir reg en geregtigheid in die samelewing.

2.1.3 Vir die koördinering, stimulering en uitvoering van die getuienistaak benoem die kerkraad ’n gevolmagtigde wat die gestuurheid van die gemeente hanteer.

2.1.4 Elke kerkraad onderneem gestuurde dienswerk, sowel binne as buite eie gemeentegrense, na gelang van omstandighede. In alle gevalle geskied hierdie dienswerk in oorlegpleging met, en waar moontlik in samewerking met, ander lede van die NG Kerkfamilie (gemeente, ring of sinode) wat belang mag hê by die betrokke bedieninge.

2.1.5 Waar die omvang van die gestuurde dienswerk dit vereis, kan die kerkverband deur ring en sinode die kerkraad in die uitvoering van die dienswerk steun.

2.1.6 Die ring en sinode neem respektiewelik die verantwoordelikheid vir die gestuurde dienswerk in die rings- en sinodale gebied.

2.1.7 Waar gestuurde dienswerk buite die grense van die gemeente geskied, moet waar moontlik, skakeling en samewerking wees met ander gestuurde kerke en instansies wat reeds daar werksaam is.

2.1.8 Waar ’n sinode ’n gestuurde aksie begin met spontane bydraes van lidmate vanuit die kerk as geheel (byvoorbeeld ’n geloofaksie), moet ander sinodes wie se lidmate daarby betrokke word, ook in die saak geken word.

2.1.9 Die Algemene Sinode bepaal die beleid vir die gestuurdheid van die NG Kerk.

2.1.10 Deur middel van bedieninge op die terreine van byvoorbeeld mediese werk, onderwys, lektuurvoorsiening, tegniese hulpmiddels, sosio-ekonomiese opheffing, publieke getuienis teenoor die owerheid en missionêre barmhartigheidsdiens streef die NG Kerk daarna om die koninkryk van God op omvattende wyse met woord en daad te dien.

## 2.2 Toerusting vir gestuurdheid

2.2.1 Die NG Kerk aanvaar dit as taak en verantwoordelikheid om lidmate en ander werkkragte op te lei en toe te rus met die oog op eie gestuurde diens, asook met die oog op beskikbaarstelling van werkkragte, waar verlang of benodig, vir gestuurde diens by ander lede van die NG Kerkfamilie.

2.2.2 Die opleiding en toerusting vir eie gestuurde diens, asook gestuurde diens by ’n lid van die NG Kerkfamilie, geskied op die volgende wyse:

2.2.2.1 deur lidmate te aktiveer en te skool vir gestuurdheid met woord en daad;

2.2.2.2 deur gestuurde werkkragte op te lei en toe te rus vir ’n bepaalde deeltydse of voltydse diens waarvoor hulle ’n roeping het, of vir die dienswerk wat hulle gevra mag word om by ander lede van die NG Kerkfamilie te verrig; of

2.2.2.3 deur die opleiding van predikante vir gestuurde diens op die terreine van

2.2.2.3.1 die opbou van gemeentes tot gestuurde gemeentes;

2.2.2.3.2 die bediening op ’n bepaalde gestuurde bedieningsgebied;

2.2.2.3.3 die bediening as predikant by ’n ander lid van die NG Kerkfamilie waarheen die persoon beroep mag word;

2.2.2.3.4 ’n bediening van spesialiteitswerk op bepaalde terreine by ’n ander lid van die NG Kerkfamilie, indien daarvoor ’n behoefte bestaan; en/of

2.2.2.3.5 ’n bediening in die wêreldsending.

## 2.3 Lidmate in diens van ander kerke en organisasies

2.3.1 Die NG Kerk keur dit goed dat lidmate hulle by kerke en sendingorganisasies wat vir die kerk aanvaarbaar is, kan aansluit vir gestuurde diens, veral in ander wêrelddele, mits die kerk se belydenis nie in gedrang kom nie en die NG Kerk se beleid vir gestuurdheid daardeur gedien word. Vir hierdie soort diens word die volgende bepaal:

2.3.1.1 Die sinode of sy gevolmagtigde bepaal met watter kerke en organisasies ooreenkomste in dié verband aangegaan mag word. ’n Organisasie word geag ’n goedgekeurde organisasie te wees indien die werksaamheid van die organisasie ’n geestelike karakter dra, met die verkondiging van die Woord in regstreekse verband staan, en ten bate van die NG Kerk geag word.

2.3.1.2 Wanneer lidmate begerig is om by ’n erkende kerk of organisasie te gaan werk, word ’n ooreenkoms met daardie kerk of organisasie aangegaan oor aangeleenthede soos

lewensonderhoud, toelaes, pensioenvoorsiening, en kerklike lidmaatskap van en toesig oor die betrokke werker.

2.3.1.3 Lidmate wat begerig is om gestuurde dienswerk buite ’n diensterrein van die NG Kerk te doen, verkry, indien nodig, ’n buitelandse reisattestaat van hul kerkraad.

2.3.1.4 Lidmate wat voornemens of begerig is om by so ’n erkende kerk of organisasie in te skakel, tree met die betrokke sinode of sy gevolmagtigde in verbinding.

## 2.4 Basis waarop met ander kerke en organisasies saamgewerk word

2.4.1 Die kerke en organisasies moet van Protestants-Christelike belydenis wees.

2.4.2 NG Kerk werkers moet die vryheid hê om hul geloofsbeskouing ooreenkomstig die Drie Formuliere van Eenheid uit te leef.

2.4.3 Lidmate moet eweneens die vryheid behou om in beskouinge waaroor daar verskille tussen gelowiges bestaan, hul eie standpunt daarop na te hou.

2.4.4 Die NG Kerk werkers moet getrou bly aan die belydenis van die kerk.

## 2.5 Gelegitimeerdes in diens van ander kerke en organisasies

2.5.1 Ten opsigte van hul bedieningsbevoegdheid is daar drie kategorieë waarvolgens gelegitimeerdes in gestuurde diens gebruik kan word:

2.5.1.1 **Predikante/diens- en standplaasleraars van die NG Kerk wat deur erkende kerke vir gestuurde diens beroep en bevestig[51] word**

Hulle verkry bevoegdheid in die ander kerk, en verloor bevoegdheid in die NG Kerk. Hulle kan egter vooraf by die Algemene Taakspan Predikantesake aansoek doen om die opskorting van bevoegdheid in die NG Kerk. Terugkeer na die NG Kerk geskied na suksesvolle *colloquium doctum* by die Algemene Kuratorium en die herstel van proponentsbevoegdheid deur die Algemene Taakspan Predikantesake, op voorwaarde dat daar jaarliks nie later nie as 31 Maart by die Algemene Taakspan Predikantesake aangemeld is en die registrasiegeld betaal is.

2.5.1.2 **Predikante/ proponente/diens- en standplaasleraars van die NG Kerk wat deur kerkvergaderings of hul gevolmagtigdes beroep en uitgestuur word vir ’n eie gestuurde diens of vir gestuurde diens saam met ander kerke en/of organisasie**

Terwyl hulle lidmaatskap van die gemeente van die NG Kerk behou, deur die gemeente beroep en bevestig is én in diens van die gemeente/kerkverband bly, behou hulle die bevoegdheid van predikant/**diens- en standplaasleraars** solank hulle met hierdie opdrag besig is. Indien hulle lidmaat van die ander kerk word en in diens van daardie kerk tree, kan hulle vooraf by die Algemene Taakspan Predikantesake aansoek doen om opskorting van bevoegdheid in die NG Kerk. Terugkeer na die NG Kerk geskied na suksesvolle *colloquium doctum* by die Algemene Kuratorium en die herstel van proponentsbevoegdheid deur die Algemene Taakspan Predikantesake, op voorwaarde dat daar jaarliks nie later nie as 31 Maart by die Algemene Taakspan Predikantesake aangemeld is en die registrasiegeld betaal is.

2.5.1.3 **Predikante en proponente van die NG Kerk wat in diens van ’n organisasie tree**

’n Predikant of proponent wat in diens van ’n organisasie tree en daarom nie meer in diens van die NG Kerk of ander erkende kerk staan nie, kan vooraf by die Algemene Taakspan Predikantesake aansoek doen om die behoud van proponentsbevoegdheid.

2.5.2 **Pensioenaandeel vir uitgestuurdes**

[51] Uitgestuurdes in diens van die kerkverband word deur die kerkvergadering of sy gevolmagtigde benoem en bevestig.

’n Gemeente of die kerkverband wat ’n gelegitimeerde beroep/benoem, bevestig en uitstuur vir gestuurde diens saam met ander kerke en organisasies (vergelyk 2.5.1.2 hierbo), moet in belang van so ’n persoon deelhebber word van die pensioenfonds.

2.5.3 **Lewensonderhoud en toelaes vir uitgestuurdes**

’n Gemeente of die kerkverband wat ’n proponent of predikant vir ’n eie gestuurde aksie of vir gestuurde diens saam met ander kerke en/of organisasies beroep/benoem, bevestig en uitstuur (vergelyk 2.5.1.2 hierbo), kan die lewensonderhoud en toelaes vir die predikant op een van die volgende wyses reël:

2.5.3.1 Die gemeente/kerkverband is verantwoordelik vir die volle lewensonderhoud en toelaes, waarby die pensioenbydrae ingesluit is.

2.5.3.2 Die gemeente/kerkverband is verantwoordelik vir ’n kontraktuele gedeelte van die lewensonderhoud en toelaes én die pensioenbydrae.

2.5.3.3 Die ander kerk of sendingorganisasies neem kontraktueel verantwoordelikheid vir die volle lewensonderhoud en toelaes, maar die gemeente/kerkverband bly verantwoordelik vir die pensioenbydrae.

2.5.4 **Kerklike inskakeling van uitgestuurdes**

’n Predikant wat beroep, bevestig en uitgestuur word (vergelyk 2.5.1.2 hierbo), skakel as lidmaat en ampsdraers by die sturende gemeente in, onderhewig aan die volgende:

2.5.4.1 Indien dit vir ’n uitgestuurde onmoontlik is om sy lidmaatsregte en ampsvoorregte in die plaaslike gemeente uit te oefen, word die persoon met ’n reisattestaat aan die sorg en toesig van ’n ander gemeente toevertrou.

2.5.4.2 Die uitgestuurde staan egter steeds onder die tug en/of dissipline van die sturende gemeente en die betrokke ring.

2.5.4.3 Indien die uitgestuurde nie aan die kerkregering kan deelneem nie, wat die bywoning van kerkraadsvergaderinge en die afvaardiging na meerdere vergaderinge insluit, kan die ring daaraan vrystelling verleen en kan dit as sodanig in die diensooreenkoms opgeneem word.

## 2.6 Lidmaatskap en kerkverband

2.6.1 Gelowiges uit elke taal en nasie wat deur die gestuurde aksies van die NG Kerk vergader word en deur doop en belydenis lidmate van die kerk van Christus word, vorm met alle gelowiges ’n eenheid in die ware geloof in Christus as lidmate van sy liggaam.

2.6.2 Nuwe lidmate sal, waar moontlik, inskakel by ’n gemeente van die NG Kerkfamilie. By gebrek aan sodanige gemeente kan hulle, ná onderhandeling, by ’n ander kerk inskakel of kan daar, wanneer genoegsaam getalle bestaan, tot selfstandige gemeentevorming in die kerkverband oorgegaan word.

2.6.3 Ter wille van meer doeltreffende Woordbediening is dit wenslik dat elkeen "in sy eie taal praat oor die groot dinge wat God gedoen het" (Handelinge 2:11). Daarom behoort daarvoor ruimte te bestaan dat Woordbediening en aanbidding kan geskied met inagneming van eiesoortige taal- en kultuuragtergrond en bedieningsbehoeftes.

2.6.4 Indien ’n bepaalde groep gelowiges dit mettertyd sou verlang en omstandighede dit regverdig, kan daar ruimte vir hulle geskep word om in eie gemeenteverband op te tree, ooreenkomstig hul eie bedieningsbehoeftes binne die konteks van eie taal en kultuur, maar verkieslik word aansluiting gesoek by die bestaande kerk in die streek waarmee die kerk in die NG Kerkfamilie die nouste bande het.

2.6.5 Eie gemeentevorming impliseer ook die moontlikheid van eie breër verbande van ring en sinode. Hier sal faktore soos geografiese verwyderdheid, staatkundige bestel, en die

behoefte aan inkleding van die evangelie in eie kulturele konteks ’n rol speel. Voorop bly egter staan dat die eenheidsband met die bestaande kerk in die NG Kerkfamilie in die streek sover moontlik behoue bly en steeds uitdrukking sal vind op die mees sinvolle en effektiewe wyse.

## 2.7 Die NG Kerkfamilie

2.7.1 Die NG Kerk aanvaar dat die eenheid van die kerk ’n onmisbare toetssteen is vir die egtheid en geloofwaardigheid van die kerk se getuienis in die wêreld (Kerk en Samelewing, par 83).

2.7.2 Daarom onderskryf die NG Kerk die ideaal van één kerkverband binne die NG Kerkfamilie (Kerk en Samelewing, par 236).

2.7.3 Met die oog op die opbou van die kerk tot gestuurde diens in die wêreld, onderskryf die NG Kerk die beginsel van wederkerige hulp en bystand ten opsigte van behoeftes binne die hele NG Kerkfamilie.

2.7.4 Solank die hele NG Kerkfamilie nog nie in een kerkverband verenig is nie, geld die volgende ten opsigte van die wedersydse beskikbaarstelling van werkkragte binne die NG Kerkfamilie:

2.7.4.1 Die NG Kerk kan predikante vir ander lede beskikbaar stel as hulle dit versoek. Hierdie leraars word in ooreenstemming met die kerkordes en bepalinge van die onderskeie kerkverbande beroep en bevestig, of soos ooreengekom in die ooreenkomste tussen die betrokke sinodes.

2.7.4.2 Predikante wat deur die NG Kerk beskikbaar gestel word en beroep en bevestig is in ’n ander kerkverband van die NG Kerkfamilie, se bevoegdheid en opsig en tug word bepaal deur die kerkorde van daardie kerkverband.

2.7.4.3 Die NG Kerk kan kundiges op die gebied van teologiese opleiding, jeugwerk, sending, evangelisasie, kerklike administrasie, diakonaat, ensovoorts op versoek van ’n ander lid van die NG Kerkfamilie vir tydelike diens in daardie kerkverband beskikbaar stel. Hulle posisie met betrekking tot die strukture van die ander kerkverband word by wyse van onderlinge ooreenkomste gereël.

2.7.4.4 Ander werkkragte uit die NG Kerk wat volgens ooreenkoms dienswerk in ’n lidkerk van die NG Kerkfamilie verrig, word lidmate van die betrokke kerk. In ’n gebied waar nie ’n gemeente van die NG Kerkfamilie bestaan nie, bly hulle lidmate van die NG Kerk.

## 2.8 Gesamentlike gestuurde diens

2.8.1 Die NG Kerk aanvaar gesamentlike gestuurde diens as verantwoorde benadering. Indien gestuurde diens in ’n gebied of land gedoen word waar daar reeds ’n kerk uit die NG Kerkfamilie bestaan, word samewerking gesoek.

2.8.2 Indien die NG Kerk in ’n gebied of land werk waar daar nog nie ’n gemeente van een van die lidkerke van die NG Kerkfamilie is nie, kan die NG Kerk self of saam met ander lidkerke werkkragte beroep, bevestig en uitstuur.

2.8.3 Waar geleentheid tot gesamentlike gestuurde diens voorkom, kan gesamentlike diensgroepe vir gestuurde diens van die betrokke lidkerke van die NG Kerkfamilie in die lewe geroep word om verantwoordelikheid vir die werk te aanvaar.

2.8.4 Gesamentlike gestuurde diens word gereël volgens onderlinge ooreenkoms tussen die betrokke kerkvergaderinge of hulle gevolmagtigdes.

## 2.9 Skakeling met die owerheid

2.9.1 Die kerk se roeping tot getuienis behels ook skakeling met die owerheid op alle vlakke, oor aangeleenthede op die terrein van getuienis.

2.9.2 Skakeling met die owerheid geskied volgens Artikel 67 van die *Kerkorde*.

# REGLEMENT 26

# REGLEMENT VIR DIE VERHOUDING TOT ANDER KERKE EN GROEPE

## 1. BEPALING VAN DIE VERHOUDING TOT ANDER KERKE EN GROEPE

1.1 Die Woord van God is die primêre maatstaf en basis by die bepaling van die NG Kerk se houding teenoor en verhouding tot ander kerke en godsdienstige groepe.

1.2 Hoe 'n kerk die Bybel verstaan, die hoofsaak van die boodskap van die Bybel interpreteer en dit op die lewe toepas, staan uitgedruk in die kerk se belydenisskrif(te).

1.3 Die belydenisgrondslag wat die NG Kerk onderskryf en waaraan hy hom gebonde ag, is

1.3.1 Die drie ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius, wat die NG Kerk met die meeste ander Christelike kerke deel.

1.3.2 Die drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, wat die NG Kerk met 'n aantal gereformeerde kerke deel, en wat die eiendomlike van die NG Kerk is.

1.4 Die NG Kerk se belydenisgrondslag is ondergeskik aan die Bybel en moet steeds daaraan getoets word.

1.5 Dit is nie voldoende dat 'n belydenis op papier staan of dat iemand dit op 'n stadium in die verlede onderskryf het nie. Daar moet ook gevra word of 'n bepaalde kerk en sy lidmate hulle daardeur gebonde ag en of die belydenis in 'n godvrugtige lewe konkreet word.

1.6 Die gesamentlike kriteria[52] vir bepaling van die NG Kerk se houding teenoor en verhouding tot ander kerke en groepe is dus die wil van God Drie-enig, soos in die Bybel weergegee, en weerspieël in

- die belydenis,
- die Kerkorde,
- die erediens, en
- die Christelike lewenswandel, diens en getuienis.

## 2. GROEPERINGE VAN DIE CHRISTENDOM

2.1 Om kerke en Christelike groepe in te deel, is moeilik omdat sekeres in meer as een kategorie pas en ander nêrens. Verder moet daar rekening gehou word met die feit dat kerke nie staties is nie, maar gedurig besig is om te verander, asook dat sekere kerke gekenmerk word deur 'n patroon van wyduiteenlopende modaliteite wat onder een struktuur gehuisves word. Oor die aard en graad van die NG Kerk se verhouding tot onderstaande kerke word deur die Algemene Sinode beslis (vergelyk ook 3.1.2, 3.1.4, 3.2 en 3.3 hieronder).

2.2 Hier word uitgegaan van die groot groeperinge van die Christendom soos dit in die geskiedenis ontvou het, naamlik:

---

[52] Vergelyk Agenda van die Algemene Sinode 1994, p 66, 14.2.1 tot 14.2.5 vir 'n bespreking van dié kriteria.

2.2.1 **Gereformeerde kerke**

Waaronder die Familie van NG Kerke, die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, die Afrikaanse Protestantse Kerk, die Presbiteriaanse Kerke (Uniting Presbyterian Church in Southern Africa, Evangelical Presbyterian Church), die Church of England in Southern Africa, die United Congregational Church of Southern Africa, die Volkskerk van Afrika, die Calvyn Protestantse Kerk en die Rynse Kerk.

2.2.2 **Ander Protestantse kerke**

Waaronder die Lutherse kerke, die Anglican Church of Southern Africa (die Anglikaanse Kerk), die Methodist Church of Southern Africa, die Baptiste Kerke (in onderskeiding van die charismatiese baptiste kerke) en die Evangelies Gereformeerde Kerk.

2.2.3 **Pinkster en Charismatiese kerke**

Die pinkstergroepe, byvoorbeeld die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika, die Volle Evangelie Kerk, die Pinkster Protestantse Kerk en die Assemblies of God. Charismatiese groepe, byvoorbeeld die Hatfield Christian Church/Centre en Rhema. Ander, byvoorbeeld die Kerk van die Nasarener, Lede in Christus en die Sewende Dag Adventiste.[53]

2.2.4 **Nie-Reformatoriese Kerke**

Waaronder die Rooms Katolieke Kerk en die Oosters Ortodokse Kerke.

2.2.5 **Afrika Onafhanklike Kerke**

2.2.6 **Ander groepe**

Waaronder die Jehovasgetuies, die Christian Science, die Church of Jesus Christ of the Latter Day Saints (die Mormone) en die Apostelkerke (die Ou Apostoliese Kerk, die Nuwe Apostoliese Kerk, die Apostel Eenheid, die Twaalf Apostels, ensovoorts).

## 3. PRAKTIESE TOEPASSING VAN DIE KRITERIA

### 3.1 Samewerking met ander Christelike kerke

3.1.1 Die NG Kerk stel hom ten doel om op verantwoordelike wyse, sonder prysgawe van die eie standpunt, met ander Christelike kerke saam te werk ter bevordering van die Koninkryk van God.

3.1.2 Die graad en wyse van samewerking sal in elke geval bepaal word deur die graad van ooreenstemming ten opsigte van belydenis, kerkorde, erediens en die Christelike lewenswandel van die betrokke kerk (vergelyk 1.6 hierbo).

3.1.3 Ekumene moet deur alle kerkvergaderinge beoefen word, te wete die Algemene Sinode, sinodes, ringe en kerkrade. Dit is nodig om te beklemtoon dat plaaslike ekumene op die agenda van elke kerkraad moet bly.

3.1.4 Die Algemene Sinode bepaal die beleid oor die aard en graad van ekumeniese verhoudinge (vergelyk Artikel 70 van die *Kerkorde*).

### 3.2 Assosiasie

3.2.1 Nadat ’n formele aansoek ontvang en beoordeel is, kan die Algemene Sinode met ’n tweederdemeerderheidstem goedkeuring verleen dat ander kerke of kerkgemeenskappe (ingesluit gemeentes van ander kerke) in assosiasie met die NG Kerk tree.

3.2.2 Die graad en wyse van assosiasie word in elke geval bepaal deur die graad van ooreenstemming ten opsigte van belydenis, kerkorde, erediens en die Christelike lewenswandel, diens en getuienis van die betrokke kerk of kerkgemeenskap.

---

[53] Hierdie twee kerke word vir praktiese redes hier geplaas.

3.2.3 ’n Ander kerk of kerkgemeenskap se assosiasieverbintenis met die NG Kerk word in ’n assosiasieooreenkoms vervat. In hierdie ooreenkoms word wedersydse voorregte en verpligtinge uitgespel, waaronder die wyse waarop daar oor-en-weer in die kerkvergaderinge sitting geneem (waarnemend, adviserend of stemhebbend) en aan die vergaderinge deelgeneem word. Ander reëlings kan insluit: wedersydse erkenning van opleiding en legitimasie, oor-en-weer aanvaarding van lidmaatskap, kanselruiling met die bevoegdheid om sakramente te bedien, gesamentlike werksaamhede, finansiële verpligtinge, die wyse waarop die assosiasie kan oorgaan tot inlywing by die NG Kerk, die wyse waarop die assosiasie beëindig kan word, ens.

## 3.3 Verlening van kerklike voorregte sonder oordrag van lidmaatskap

### 3.3.1 Die doop

3.3.1.1 Die doop word aan kinders van lidmate van kerke uit die eerste vier groeperinge, wat nie die verbondsdoop verwerp nie, bedien, mits hulle skriftelike verlof daartoe van die betrokke kerkraad of instansie van die kerk waaraan hulle behoort, ontvang het.

3.3.1.2 Lidmate van kerke uit die eerste vier groeperinge wat nie die verbondsdoop verwerp nie, kan, met toestemming van hulle eie kerkraad en na die dooponderhoud, toegelaat word om saam met hulle eggenoot/eggenote, wat lidmaat van die NG Kerk is, by te staan by die doopbediening van hulle kinders en ook op die vrae te antwoord.

3.3.1.3 Lidmate van kerke wat die verbondsdoop verwerp, persone uit groepering 5 en 6, asook mense wat Christus bely, maar nie formeel aan ’n kerk behoort nie, kan na die dooponderhoud toegelaat word om saam met hulle eggenoot/eggenote, wat lidmaat van die NG Kerk is, by te staan by die doopbediening van hulle kinders sonder dat die vrae aan hulle gestel word en hulle daarop moet antwoord.

3.3.1.4 Die kerkraad van ’n NG gemeente kan aan lidmate toestemming verleen om hulle kinders in ’n gemeente van ’n kerk uit die eerste twee groeperinge (vergelyk 2.2.1 en 2.2.2 hierbo) te laat doop.

### 3.3.2 Die nagmaal

3.3.2.1 In gemeentes van die NG Kerk mag besoekers die nagmaal gebruik op voorwaarde dat hulle toegang en vrymoedigheid daartoe in hulle eie gemeentes het.

3.3.2.2 Die volgende sou as moontlike voorbeeld kon dien van ’n uitnodiging tot deelname aan die nagmaal:

“Aangesien die kerk van Christus meer omvattend is as slegs hierdie gemeente word elkeen van u wat u persoonlike verlossing in Jesus Christus gevind het, in u eie gemeente toegang tot die nagmaal en vrymoedigheid daartoe het en wat u kan vereenselwig met die leer oor die nagmaal, soos dit in die formulier aan u voorgehou is, uitgenooi om aan hierdie nagmaalsfees deel te neem. Wie egter die genadewerk van God minag en tog deelneem, eet en drink ’n oordeel oor hulleself.”

3.3.2.3 In ekumeniese verhoudinge op sowel gemeentelike as sinodale vlak word wedersydse toeganklikheid, al dan nie, van die betrokke kerke bespreek en dienooreenkomstige gedragswyses bepaal.

3.3.2.4 Lidmate van ’n NG gemeente kan op besoek in ’n ander kerk nagmaal gebruik indien daardie kerk dit toelaat. Lidmate behoort dus voortdurend ingelig te word oor die sin van die nagmaal en die implikasies wat dit het vir die wyse waarop ’n mens as nagmaalsgas in ander gemeentes en kerke optree. Hierdie inligting kan verskaf word deur die prediking, die inkleding van die liturgie en die kategese.

### 3.4 Oorkoms na 'n Nederduitse Gereformeerde Gemeente

3.4.1 **Algemeen**

3.4.1.1 Geloof in die God van die Heilige Skrif soos dit in die Formuliere van Eenheid tot uitdrukking kom, is die enigste voorwaarde om aan 'n NG gemeente as gemeente van Christus te behoort.

3.4.1.2 Lidmaatskap van alle NG gemeentes is oop vir enige gelowige wat die belydenis van hierdie kerk aanvaar.

3.4.1.3 Die opneem van lidmate uit ander kerke is in beginsel en praktyk 'n gemeentelike aangeleentheid wat onder die toesig van die kerkraad en in ooreenstemming met die kerkordelike bepalings plaasvind.

3.4.1.4 In elke geval waar iemand uit 'n ander kerk of groep na 'n NG gemeente wil oorkom/terugkom, moet 'n deeglike pastorale gesprek gevoer word oor alle aspekte van die leer en lewe van so iemand (vergelyk ook 1.6 hierbo) en oor die beweegredes vir die aansoek.

3.4.1.5 Tydens hierdie pastorale gesprek moet rekening gehou word met die feit dat nie alle lede van 'n bepaalde kerk dieselfde geestelike ingesteldheid en geestelike peil het of dieselfde opvattinge huldig nie.

3.4.2 **Aanvaarding van doop**

3.4.2.1 Die doop van persone uit ander kerke word aanvaar mits dit

- geskied het in die Naam van die Drie-enige God Vader, Seun en Heilige Gees,
- met water bedien is, en
- bedien is deur 'n persoon wat afgesonder is vir die bediening van die Woord en die sakramente.

3.4.2.2 Die doop van persone wat in een van die Apostelkerke (waaronder die Ou Apostel Kerk, die Nuwe Apostel Kerk, die Apostel Eenheid en die Twaalf Apostels) gedoop is, word nie aanvaar nie.

3.4.3 **Belydende lidmaatskap**

3.4.3.1 In die pastorale gesprek met persone wat uit kerke uit die eerste twee groeperinge van kerke na 'n NG gemeente wil oorkom, word gelet op punte van verskil in leer en lewe sodat die persoon die leer van die NG Kerk heelhartig kan onderskryf.

3.4.3.2 Van persone uit kerke uit groepering 3 en 4 word naas die pastorale gesprek ook gedeeltelike of volledige onderrig met belydenis van geloof voor 'n kommissie van die kerkraad of voor die gemeente vereis.

3.4.3.3 Persone uit die vyfde en sesde groeperinge moet 'n deeglike kategese deurloop en openbare belydenis van geloof aflê.

## 4. EKUMENIESE BELEID

### 4.1 Uitgangspunte vir die NG Kerk met betrekking tot ekumeniese verhoudinge

Hierdie uitgangspunte moet saam gelees word met die volgende: (i) 1 tot 3 hierbo; (ii) Agenda Algemene Sinode 1994, p 66, 14.2.1-14.2.5; (iii) Die Ekumeniese Beleid, Agenda Algemene Sinode 1990, pp 61-64, Handelinge Algemene Sinode 1990, pp 546-549.

4.1.1 Die kerk van Christus is wêreldwyd één.

4.1.2 Die kerk van Christus is oor die grense van plek en tyd één.

4.1.3 Eenheid is 'n gawe aan en 'n roeping vir die kerk

Hierdie taak word veral ook op plaaslike vlak volvoer – hier word die kragtigste getuienis van eenheid tot stand gebring. Plaaslike kerke streef daarna om met die ware kerk van Christus (NGB Artikel 29) saam te aanbid, te getuig en te werk.

4.1.4 Eenheid en verskeidenheid

Eenheid is nie eendersheid nie. Die verskeidenheid van volke, tale, gebruike en kulture moet erken word. Ook die gevolglike ryk verskeidenheid in aanbidding, konfessionele uitdrukkings, formuliere en kerkstrukture. Die verskeidenheid mag egter nie tot geskeidenheid lei nie – dit is ’n verskeidenheid in die eenheid van Christus se kerk.

4.1.5 Eenheid in waarheid

Kerke streef daarna om saam die waarheid van die Woord van die Here, wat nie ter wille van eenheid prysgegee moet word nie, te soek.

## 4.2 Die NG Kerk en ekumeniese verhoudinge, bilateraal en multilateraal (ekumenies)

4.2.1 Die NG Kerk (Algemene Sinode) wil aktief bilaterale (een-tot-een) verhoudinge met ander Christelike kerke (denominasies) aanknoop, handhaaf en bevorder, beide op nasionale en internasionale vlak.

4.2.2 Oor die kerke met wie bilaterale verhoudinge aangegaan word, en die aard en graad van elke verhouding, besluit die Algemene Sinode op onder meer aanbeveling van die Algemene Sinode se gevolmagtigde wat die ekumeniese verhoudinge hanteer.

4.2.3 Die NG Kerk wil ook sy roeping tot die eenheid van die kerk bevorder en handhaaf deur in nasionale en internasionale ekumeniese organisasies en liggame op ’n multilaterale vlak (ekumenies) met ander kerke en organisasies in verhouding te tree.

4.2.4 Oor die ekumeniese organisasies of liggame met wie in verbinding getree word, en die aard en graad van die multilaterale verhoudinge, besluit die Algemene Sinode op aanbeveling van onder meer sy gevolmagtigde wat die ekumeniese verhoudinge hanteer.

## 4.3 Bilaterale kerklike verhoudinge

Bilaterale kerklike verhoudinge met ander kerke (nasionaal of internasionaal) kan bestaan uit:

- Volle verhoudinge.
- Gedeeltelike verhoudinge.
- Dialoogverhoudinge.
- Insidentele kontakverhoudinge.

4.3.1 **Volle verhoudinge** (vergelyk 4.7.1 hieronder)

4.3.1.1 Volle verhouding met ’n ander kerk behels die volgende:

- die stuur van afgevaardigdes na mekaar se sinodes;
- die toelaat van leraars op mekaar se kansels;
- die toelaat van mekaar se lidmate tot die nagmaalstafel;
- gesamentlike optrede op terreine van gemeenskaplike verantwoordelikheid;
- kommunikasie met mekaar oor sake van gemeenskaplike belang en kommer;
- wedersydse opsig oor en sorg vir mekaar as kerke ten einde die eenheid van die kerk te bevorder;
- die pastorale versorging van mekaar se lidmate wanneer hulle binne die grense van mekaar se kerke vestig; en

- die wedersydse erkenning van mekaar se teologiese opleiding en gevolglike oor-en-weer beroepbaarheid van leraars met inagneming van spesifieke vereistes wat ’n kerk kan stel.

4.3.1.2 Die Algemene Sinode se gevolmagtigde wat die ekumeniese verhoudinge hanteer, sien toe dat die bepalings rakende die volle verhouding met die ander kerk in ’n ooreenkoms beslag vind en nagekom word.

4.3.1.3 Die Algemene Sinode se gevolmagtigde wat die ekumeniese verhoudinge hanteer, bly op hoogte van ontwikkelinge in dié kerke met wie die NG Kerk volle verhoudinge het en lig die Algemene Sinode gereeld daaroor in.

4.3.1.4 Die Algemene Sinode se gevolmagtigde wat die ekumeniese verhoudinge hanteer, adviseer die Algemene Sinode oor die kerke met wie volle verhoudinge aangegaan en volgehou kan word.

4.3.1.5 Indien alle aspekte van ’n volle kerklike verhouding vanweë praktiese omstandighede nie kan gerealiseer nie, kan volle verhoudinge ten opsigte van sommige aspekte aangegaan word. Die doel moet steeds volle verhoudinge ten opsigte van alle fasette wees.

4.3.2 **Gedeeltelike verhoudinge** (vergelyk 4.7.2 hieronder)

4.3.2.1 Die NG Kerk streef daarna om gedeeltelike kerklike verhoudinge na te streef en aan te gaan met kerke van gereformeerde oortuiging met wie die NG Kerk nie in volle verhouding staan nie.

4.3.2.2 Voorwaardes vir die aangaan van ’n gedeeltelike kerklike verhouding is:

4.3.2.2.1 Wedersydse erkenning van ’n gemeenskaplike basis in gereformeerde geloofsoortuiginge soos uitgedruk in reformatoriese belydenisskrifte.

4.3.2.2.2 ’n Wedersydse begeerte om ’n kerklike verhouding aan te gaan.

4.3.2.3 ’n Gedeeltelike verhouding word aangegaan met die veronderstelling dat dit tot ’n volle kerklike verhouding kan lei.

4.3.2.4 Samewerkingsooreenkomste, gesamentlike optrede ten opsigte van gemeenskaplike verantwoordelikhede, voortgaande kommunikasie oor sake van gemeenskaplike kommer en wedersydse sorg vir mekaar se lidmate, indien daartoe versoek, is moontlik met kerke met wie die NG Kerk in ’n gedeeltelike verhouding staan.

4.3.2.5 Die Algemene Sinode se gevolmagtigde wat die ekumeniese verhoudinge hanteer, identifiseer met verantwoording aan die Algemene Sinode die kerke met wie die NG Kerk gedeeltelike verhoudinge wil aangaan en is, indien nodig, namens die NG Kerk verantwoordelik vir die samewerkingsooreenkomste, gesamentlike optredes, voortgaande kommunikasie en die implementering van die wedersydse versorging van lidmate, indien daartoe versoek.

4.3.2.6 Die Algemene Sinode se gevolmagtigde wat die ekumeniese verhoudinge hanteer, adviseer die Algemene Sinode wanneer ’n gedeeltelike verhouding kan oorgaan in ’n volle verhouding.

4.3.3 **Dialoogverhoudinge** (vergelyk 4.7.3 hieronder)

4.3.3.1 Die NG Kerk streef daarna om deur die Algemene Sinode se gevolmagtigde wat die ekumeniese verhoudinge hanteer, in gereelde dialoog te tree met ’n wye verskeidenheid kerke wat nie noodwendig dieselfde belydenisgrondslag of standpunte het nie ten einde ingelig te word oor hulle kerklike lewe, verhoudinge en standpunte.

4.3.3.2 Algemene Sinode se gevolmagtigde wat die ekumeniese verhoudinge hanteer, identifiseer die kerke en voer die gesprekke op ’n gereelde basis met verantwoording aan die Algemene Sinode.

4.3.3.3 Benewens dat die dialoog kan lei tot gedeeltelike of volle kerklike verhoudinge, kan die gesprekke ook op kort termyn die moontlikhede van samewerking, gesamentlike optredes en kommunikasie oor sake van gemeenskaplike kommer oorweeg en soos nodig verder voer.

4.3.4 **Kontakverhoudinge** (vergelyk 4.7.4 hieronder)

4.3.4.1 Die NG Kerk wil ook die roeping tot ekumene uitvoer deur na aanleiding van behoeftes, omstandighede en geleenthede, insidentele kontak op te neem met ander kerke.

4.3.4.2 Die kontakverhoudinge word deur die Algemene Sinode se gevolmagtigde wat die ekumeniese verhoudinge hanteer, behartig met verantwoording aan die Algemene Sinode.

## 4.4 Multilaterale kerklike verhoudinge (vergelyk 4.7.5 hieronder)

4.4.1 Die NG Kerk wil sy ekumeniese roeping bevorder en uitbou deur

4.4.1.1 deel te wees van ekumeniese organisasies waar die Kerk met ander gereformeerde kerke kan saamwerk;

4.4.1.2 deel te neem aan ekumeniese organisasies, geselskappe en verenigings wat die Kerk sal toelaat om die ekumeniese verantwoordelikhede wyd, effektief en doeltreffend na te kom; en

4.4.1.3 verhoudinge met ekumeniese organisasies te ontwikkel.

4.4.2 Oor die aard, graad en omvang van deelname aan ’n multilaterale ekumeniese organisasie, geselskap of vereniging, besluit die Algemene Sinode na ’n bestudering van die aard van ’n betrokke ekumeniese organisasie, soos dit gevind en gedemonstreer word in die grondwet, basiese uitgangspunte, verklarings, aktiwiteite en optredes van elke organisasie. Die Algemene Sinode se gevolmagtigde wat die ekumeniese verhoudinge hanteer, adviseer die Algemene Sinode hierin.

4.4.3 Grade van betrokkenheid by multilaterale organisasies kan, wat die NG Kerk betref, die volgende behels:

4.4.3.1 volle lidmaatskap – dit wil sê volle deelname, verkiesbaarheid tot posisies, aanvaarding van medeverantwoordelikheid vir besluite en aksies.

4.4.3.2 waarnemerlidmaatskap – dit wil sê die kerk neem net die handelinge en optredes van die betrokke organisasie waar, aanvaar nie verantwoordelikheid vir besluite en optredes nie en verteenwoordigers is ook nie verkiesbaar tot enige posisies nie.

## 4.5 Die Algemene Sinode se gevolmagtigde wat die ekumeniese verhoudinge hanteer

4.5.1 Die Algemene Sinode se gevolmagtigde wat die ekumeniese verhoudinge hanteer, word deur die ASM saamgestel en rapporteer aan die Algemene Sinode deur die ASM.

4.5.2 Ooreenkomstig die uitgangspunte van die NG Kerk vir ekumeniese betrekkinge en ander besluite van die Algemene Sinode, dra die Algemene Sinode dit op aan die Algemene Sinode se gevolmagtigde wat die ekumeniese verhoudinge hanteer om belangstelling in en verhoudinge met die kerk van Christus wêreldwyd (nasionaal en internasionaal) te handhaaf en te bevorder.

4.5.3 Die taak van die Algemene Sinode se gevolmagtigde wat die ekumeniese verhoudinge hanteer, is soos volg:

4.5.3.1 Met betrekking tot kerke met wie die NG Kerk in **volle verhouding** is (vergelyk 4.7.1 hieronder):

4.5.3.1.1 Identifiseer kerke met wie die Algemene Sinode in volle verhoudinge kan tree en adviseer die Algemene Sinode daaroor.

4.5.3.1.2 Handhaaf noue en voortgesette verhoudinge met dié kerke met wie die Algemene Sinode besluit het om in volle verhouding te tree.

4.5.3.1.3 Bly ingelig oor ontwikkelinge in dié kerke met wie die Algemene Sinode volle verhoudinge aangegaan het en lig ook die Algemene Sinode dienooreenkomstig in.

4.5.3.1.4 Benewens die normale spektrum van vol verhoudinge beveel die Algemene Sinode se gevolmagtigde wat die ekumeniese verhoudinge hanteer, by die Algemene Sinode aan watter spesifieke soort vol verhoudinge met elke kerk aangegaan moet word.

4.5.3.2 Met betrekking tot kerke met wie die NG Kerk in **gedeeltelike verhoudinge** is (vergelyk 4.7.2 hieronder):

4.5.3.2.1 Identifiseer kerke met wie die NG Kerk gedeeltelike verhoudinge wil aangaan en adviseer die Algemene Sinode daaroor.

4.5.3.2.2 Inisieer en/of maak kontak met kerke met wie die NG Kerk gedeeltelike verhoudinge sou kon aangaan. In hierdie proses kan van die volgende gebruik gemaak word

- Uitnodigings kan na wedersyds afgevaardigdes se algemene sinodes (of die ekwivalent) gestuur word, waar die afgevaardigdes erken word en geleentheid kry om verteenwoordigers van die kerk te ontmoet. Die NG Kerk sou ook aan die afgevaardigde van die ander kerk geleentheid kon gee om kortliks groete oor te dra.
- Indien daar nie van wedersydse ekumeniese afgevaardigdes gebruik gemaak word nie, kan daar per skrywe gekommunikeer word. Verslag word aan die Algemene Sinode gedoen.
- Daar kan ook wedersyds van persone of instellinge gebruik gemaak word wat per geleentheid by ’n kerk besoek kan aflê.
- Agendas, handelinge en die *Kerkorde* en ander amptelike dokumente kan gereelde aan die ander kerk gestuur word.
- Bedink weë waarop die NG Kerk tot diens kan wees en dit onder die aandag van die ander kerk(e) kan bring, soos byvoorbeeld geleenthede vir opleiding van predikante en ander werkkragte, beskikbaarheid van onderrigmateriaal, of enige ander vorm van diens wat die NG Kerk sou kon lewer. Daar moet ook kennis geneem word van die dienste wat ander kerke sou kon lewer.

4.5.3.3 Met betrekking tot kerke met wie die NG Kerk in **dialoog/kontak** is (vergelyk 4.7.3 en 4.7.4 hieronder):

In uitvoering van die standpunt van die NG Kerk om betrekkinge met ander kerke te bevorder en te handhaaf, gee die Algemene Sinode se gevolmagtigde wat die ekumeniese verhoudinge hanteer, deur studie en kontak – soos die geleentheid hom voordoen – uitvoering aan die beleidstandpunt van die Kerk. Dit gebeur deur dialoog of ander vorme van kontak met

- kerke wat belangstel om een of ander vorm van verhouding aan te gaan;
- kerke wat spesifiek met die NG Kerk ’n verhouding wil aangaan;
- kerke wat hulle bande met die NG Kerk verbreek het of hulle om een of ander rede teruggetrek het uit ’n vorige verhouding; en
- kerke van verskillende historiese of konfessionele agtergronde wat bereid is om sake van gemeenskaplike belang of oor sake wat opklaring verg, te praat of te kommunikeer.

4.5.3.4 Met betrekking tot **multilaterale verhoudinge** (vergelyk 4.7.5 hieronder):

- dien as kontakliggaam van die NG Kerk met ekumeniese organisasies; en

- dien as die skakelliggaam tussen die NG Kerk en dié ekumeniese liggame of organisasies met wie die NG Kerk betrekkinge het. Ten opsigte van hierdie liggame/organisasies moet die Algemene Sinode se gevolmagtigde wat die ekumeniese verhoudinge hanteer
  - ∗ hulle aktiwiteite bestudeer en die Algemene Sinode met ’n verslag en aanbevelings dien; en
  - ∗ persone identifiseer wat die NG Kerk by die onderskeie organisasies/liggame verteenwoordig.
- stel ondersoek in na verskillende ekumeniese organisasies, neem dit waar, bestudeer dit en doen daaroor aan die Algemene Sinode verslag.

## 4.6 Ekumene in ander staatkundige bedelings

4.6.1 Aan samestellende sinodes wat in state buite die Republiek van Suid-Afrika (bv Namibië) is, word die reg verleen om selfstandige ekumeniese verhoudinge aan te gaan en uit te bou binne die raamwerk van die besluite van die Algemene Sinode.

4.6.2 In die aanwysing van afgevaardigdes na ekumeniese liggame, moet die Algemene Sinode rekening hou met die feit dat die algemene sinodale verband in verskillende state funksioneer.

## 4.7 Die stand van sake van die NG Kerk se ekumeniese verhoudinge

Onderstaande is die stand van sake sedert Oktober 2013. Die Moderamen van die Algemene Sinode (ASM) word gereeld op hoogte gehou van die toedrag van sake.

**4.7.1 Kerke met wie die NG Kerk in vol verhoudinge staan** (vergelyk 4.3.1 hierbo)

4.7.1.1 Die Familie van NG Kerke in Suid-Afrika, naamlik die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika en die Reformed Church in Africa

4.7.1.2 Die lede van die NG Kerkfamilie buite Suid-Afrika (volle verhoudinge word onderhandel kragtens besluit van die Algemene Sinode 2011) naamlik die Dutch Reformed Church in Botswana, Swaziland Reformed Church, Reformed Church in Zimbabwe, Reformed Church in Zambia, Church of Central Africa Presbyterian (Nkhoma Synod), Church of Central Africa Presbyterian (Harare Synod), Igreja Reformada em Moçambique en Reformed Church of East Africa

4.7.1.3 Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

4.7.1.4 Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

4.7.1.5 Christian Reformed Church in North America

4.7.1.6 Christian Reformed Churches of Australia

4.7.1.7 Reformed Church in Japan

4.7.1.8 Christian Reformed Church in Sri Lanka

4.7.1.9 Reformed Church in Hungary

4.7.1.10 Gereformeerde Evangeliese Kerk van Australië

4.7.1.11 Afrikaanse Christenkerk van Nieu-Seeland

**4.7.2 Kerke met wie die NG Kerk in gedeeltelike verhoudinge staan** (vergelyk 4.3.2 hierbo)

4.7.2.1 Die Volkskerk van Afrika en Calvyn Protestantse Kerk.

4.7.2.2 Gedeeltelike verhoudinge word kragtens besluite van die Algemene Sinode onderhandel met die Uniting Presbyterian Church in Southern Africa, Uniting Church in Australia,

Church of Jesus Christ in Madagascar, Communauté Evangélique du Congo, Protestantse Kerk in Nederland, Verenigde Protestantse Kerk in België, Voortgezette Gereformeerde Kerken in Nederland, en Lesotho Evangelical Church in Southern Africa.

**4.7.3 Kerke met wie die NG Kerk in dialoog is** (vergelyk 4.3.3 hierbo)

4.7.3.1 Evangelische Kirche Deutschland

4.7.3.2 Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika

4.7.3.3 Methodist Church of Southern Africa

4.7.3.4 Rooms-Katolieke Kerk van Suid-Afrika

4.7.3.5 Anglican Church of South Africa

4.7.3.6 Evangelical Lutheran Church in Southern Africa (NT)

4.7.3.7 Federasie van Switserse Protestantse Kerke

4.7.3.8 Presbyterian Church of Australia

4.7.3.9 Presbyterian Church (USA)

4.7.3.10 Reformed Churches in New Zealand

4.7.3.11 United Congregational Church in Southern Africa

**4.7.4 Kerke met wie die NG Kerk in kontakverhoudinge is** (vergelyk 4.3.4 hierbo)

4.7.4.1 Afrikaanse Protestantse Kerk

4.7.4.2 Church of England in South Africa

4.7.4.3 Rynse Kerk

**4.7.5 Multilaterale verhoudinge** (vergelyk 4.3.5 hierbo)

Die NG Kerk is lid van die

4.7.5.1 Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke (WGGK) [World Communion of Reformed Churches (WCRC)]

4.7.5.2 Gemeenskap van Gereformeerde Kerke in Afrika (GGKA) [Communion of Reformed Churches in Africa (CRCA)]

4.7.5.3 Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK)

4.7.5.4 Council of Churches in Namibië

4.7.5.5 The Evangelical Alliance of South Africa (TEASA)

4.7.5.6 Conventus van Reformatoriese Kerke

4.7.5.7 Tussenkerklike Raad (TKR)

4.7.5.8 All Africa Conference of Churches (AACC)

4.7.5.9 World Reformed Fellowship

4.7.5.10 Die Algemene Sinode het die NG Kerk se lidmaatskap van die volgende liggame goedgekeur en dit is tans in proses van afhandeling: Wêreldraad van Kerke (WRK), World Reformed Fellowship (WRF) en Global Christian Forum (GCF)

## REGLEMENT 27

## REGLEMENT VIR DIE VERMEERDERING, KOMBINERING, EENWORDING EN SAMESMELTING VAN GEMEENTES

### 1. VERMEERDERING/AFSTIGTING VAN GEMEENTES

### 1.1 Algemene reëlings

1.1.1 Die uitbreiding van die kerk en die gevolglike vermeerdering van gemeentes is die roeping en plig van ’n groeiende en lewenskragtige kerk.

1.1.2 Indien ongesensureerde belydende lidmate oortuig is van die noodsaaklikheid van die stigting van 'n nuwe gemeente, moet hulle 'n skriftelike versoek tot die kerkraad rig. Die versoekskrif moet die volgende insluit: (1) 'n ondersoek na die lewensvatbaarheid van 'n nuwe gemeente, (2) moontlike plekke van aanbidding, (3) begroting, (4) voorstelle oor leierskorps vir die gemeente en die toerusting van leiers.

1.1.3 Indien die kerkraad oordeel dat daar genoeg rede vir die stigting van 'n nuwe gemeente is, gee hy verlof dat die lidmate wat die nuwe gemeente wil vorm, mag oorgaan tot gemeentestigting. Dit beteken ook dat die betrokke lidmate 'n ooreenkoms met die kerkraad onderteken om die nuwe gemeente te stig.

1.1.3.1 Die ooreenkoms om die nuwe gemeente te stig moet voorstelle bevat oor die wyse waarop die gemeente se bediening sal geskied, asook voorstelle oor die wyse waarop en wanneer 'n predikant bekostig sal word.

1.1.3.2 Wanneer die kerkraad oortuig is van die wenslikheid van die stigting van 'n nuwe gemeente en dat dit lewensvatbaar is, stuur die kerkraad die versoekskrif en die ooreenkoms kragtens artikel 31.4 van die *Kerkorde* saam met *aanbevelings* oor die volgende sake aan die skriba van die ring of die ring se gevolmagtigde:

1.1.3.2.1 die voorgestelde naam en grense van die nuwe gemeente; of

1.1.3.2.2 indien die gemeente nie geografies saamgestel word nie, die bedieningsfokus van die nuwe gemeente. Die bedieningsfokus sluit die volgende moontlike in

- kerkplanting in snelgroeiende gebiede of gebiede waar die sosio-ekonomiese omstandighede verander,
- kerkplanting waar bestaande gemeentes nie meer aan bedieningsbehoeftes kan voldoen nie,
- kerkplanting waar geen gemeente funksioneer nie, en
- kerkplanting waar bestaande gemeente(s) kwynend is, soos blyk uit 'n dramatiese daling in lidmaatgetalle en 'n ernstige daling in finansiële vermoë van gemeente(s);

1.1.3.2.3 die ooreenkoms tot gemeentestigting; en

1.1.3.2.4 aanverwante sake wat die aandag van die ring moet geniet.

1.1.4 Wanneer by die ring aansoek gedoen word om die stigting van 'n gemeente, beoordeel die ring die ingekome stukke en indien die ring oordeel dat die nuwe gemeente in staat sal wees om te bestaan, word verlof tot gemeentestigting gegee.

1.1.5 Die stigting van 'n nuwe gemeente geskied deur die ring of die ring se gevolmagtigde op las van die ring, tydens 'n vergadering waarvan vier weke vooraf in die *Kerkbode* kennis gegee is, en waarheen die belanghebbendes uit die betrokke gemeente(s) opgeroep is. Die betrokke lidmate het deur die ondertekening van die ooreenkoms reeds die stigting van die gemeente goedgekeur en stem op hierdie vergadering nie weer oor die saak nie.

1.1.6 Tydens hierdie vergadering stel die ring of die ring se gevolmagtigde die grense van die gemeente so duidelik moontlik vas en gee 'n noukeurige beskrywing van die grense van reeds bestaande gemeentes wat met die grense van die nuwe gemeente saamval. Indien die ring of die ring se gevolmagtigde toestemming gee dat die nuwe gemeente nie geografies saamgestel word nie, word die bedieningsfokus van die nuwe gemeente so duidelik moontlik bepaal (vergelyk 1.1.3.2.2 hierbo).

1.1.7 Tydens hierdie vergadering wat onder leiding van die ring of die ring se gevolmagtigde staan, word die kerkraadslede van die nuwe gemeente met opsteek van hande verkies en wel deur die belydende lidmate wat deur hul handtekeninge reeds tot die stigting van die gemeente ooreengekom het.

1.1.8 Die bevestiging van hierdie kerkraadslede geskied sonder afkondiging van hul name deur die konsulent, of op sy versoek, deur ’n ander predikant binne die kerkverband. Indien daar teen ’n persoon wat verkies is, beswaar ingebring word, word die persoon se bevestiging uitgestel totdat die saak deur die kerkraad ondersoek is.

1.1.9 Die kerkraad benoem een van sy lede as die bewaarder van die boeke en dokumente van die gemeente totdat ’n skriba en/of kassier benoem is. ’n Inventaris van die boeke en dokumente moet opgestel word en ’n duplikaat aan die konsulent oorhandig word.

1.1.10 Die koste van die ring, of die ring se gevolmagtigde in verband met die stigting van nuwe gemeente(s), word deur die gemeente(s) gedra.

1.1.11 Indien die kerkraad op versoek van sy lidmate weier om voorbereidende stappe te doen of te laat doen met die oog op die stigting van ’n nuwe gemeente, het sodanige lidmate die reg om hulle na die ring te wend. ’n Afskrif van die versoekskrif met volle besonderhede moet minstens drie weke voor die vergadering van die ring by die betrokke kerkraad vir kennisname ingedien word.

## 1.2 Wanneer meer as een gemeente en/of ring by die afstigting betrokke is

1.2.1 Indien dit blyk dat die beoogde nuwe gemeente uit gedeeltes van meer as een gemeente moet bestaan, terwyl die saak slegs deur lidmate van een gemeente aanhangig gemaak is, het die betrokke kerkraad die reg om die ander kerkrade regstreeks om hul medewerking te nader.

1.2.2 Indien die aangrensende kerkrade wat genader is, weier om voorbereidende stappe te doen of te laat doen met die oog op die stigting van ’n nuwe gemeente, het die betrokke kerkraad die reg om sy versoek aan die ring voor te lê.

1.2.3 Die ring het die reg om te besluit dat maatreëls in die betrokke wyke van die gemeente(s) binne die grense van daardie ring met die oog op moontlike afstigting getref word.

1.2.4 Waar die nuwe gemeente met lidmate uit gemeentes van meer as een ring gestig word, moet die betrokke ringe onderling besluit watter ring die stigting moet waarneem.

1.2.5 Wanneer die ring ’n opdrag tot stigting gee, moet die kerkraad dadelik die versoekskrif en ooreenkoms laat onderteken deur die lidmate wat deel van die nuwe gemeente wil wees.

1.2.6 Die kerkraad van elke gemeente wat deel van die nuwe gemeente uitmaak, moet die versoekskrif en die ooreenkoms saam met sy aanbevelings daaroor aan die ring voorlê.

## 1.3 Die ring kan self inisiatief neem

1.3.1 Waar ’n ring dit nodig ag, kan hy een of meer kerkrade opdrag gee om die stigting van ’n nuwe gemeente te ondersoek. Die ring kan ook aan sy gevolmagtigde opdrag gee om ’n kerkraad te ontmoet en tot stigting van ’n nuwe gemeente aan te spoor.

1.3.2 Ringe kan die stigting van ’n nuwe gemeente oor of binne bestaande gemeentegrense aanbeveel, met inagneming van kategorieë, fokusgroepe, bedieningsverskeidenheid in omliggende gemeentes en bedieningsbehoeftes.

1.3.3 In buitengewone omstandighede kan ’n ring, wanneer geen kerkraad gevind kan word om ’n nuwe gemeente te stig nie, self poog om lidmate te vind wat oortuig is van die noodsaaklikheid van die stigting van ’n nuwe gemeente. Die ooreenkoms tot nuwe gemeentestigting word in sulke buitengewone omstandighede in die lig van 1.3 hierbo met die ring gesluit.

1.3.4 In buitengewone omstandighede kan die sinodale verband aan die ring opdragte gee om die stigting van ’n nuwe gemeente te ondersoek. Die sinodale verband kan in sulke omstandighede ’n kerkraad ontmoet en tot stigting van ’n nuwe gemeente aanspoor.

## 1.4 Kennisgewing van afstigting

1.4.1 Die skriba van die ringskommissie oorhandig aan die kerkraad van die nuwe gemeente ’n uittreksel uit die notule van die ring of die ring se gevolmagtigde, bevattende die naam van die gemeente, beskrywing van die grense of, indien toepaslik, omskrywing van die bedieningsfokus, name van kerkraadslede, *aanbevelings* genoem onder 1.1.3.2 hierbo, die naam van die konsulent en ander sake waarby die nuwe gemeente belang mag hê.

1.4.2 Die skriba van die ring of die ring se gevolmagtigde gee aan die skriba van die sinode se gevolmagtigde[54] kennis van die stigting van die nuwe gemeente met vermelding van die grenslyne of, indien toepaslik, omskrywing van die bedieningsfokus, asook die name van die eerste lede van die kerkraad met die oog op publikasie in die *Kerkbode*.

1.4.3 Die skriba van die sinode of die sinode se gevolmagtigde gee aan die Registrateur van Aktes kennis van die stigting van die nuwe gemeente.

1.4.4 Die naam van die nuwe gemeente word in die kennisgewing soos volg aangegee: *Nederduitse Gereformeerde Gemeente* .....................

1.4.5 Indien dit by die vermeerdering van gemeentes sou blyk dat verteenwoordigers nie aangewys is vir die ondertekening van dokumente en stukke namens die nuwe gemeente vir doeleindes van uitvoering van stigting nie, moet sulke dokumente of stukke geteken word deur die voorsitter en skriba van ring of die ring se gevolmagtigde of die gevolmagtigde van die ring binne wie se grense die te stigte gemeente geleë is.

# 2. KOMBINERING VAN GEMEENTES

Kombinasie beteken dat twee of meer gemeentes, wat selfstandig voortbestaan, kontraktueel ooreenkomste met mekaar aangaan ter wille van die effektiewe evangeliebediening.

## 2.1 Prosedure vir kombinering

2.1.1 Die kerkraad stel ondersoek in na die moontlikheid van kombinasie as die kerkraad self oordeel dat dit nodig is, of ook op versoek van ’n groep lidmate.

2.1.2 In alle gevalle van kombinasie word ’n geskrewe ooreenkoms opgestel en aan die betrokke kerkrade vir goedkeuring voorgelê. Indien van toepassing, moet 2.4 van die *Reglement vir die Bestuur van Diensverhoudinge vir Predikante by Ongeskiktheid en Onvermoë* in ag geneem word. Ten minste twee derdes van die kerkraadslede van elke betrokke kerkraad moet die ooreenkoms goedkeur.

2.1.3 Nadat die kerkrade die kombinasie-ooreenkoms goedgekeur het, word die ooreenkoms op twee agtereenvolgende Sondae tydens die erediens aan elkeen van die betrokke gemeentes vir approbasie bekend gemaak, met vermelding dat besware daarteen binne sewe dae na die laaste bekendmaking skriftelik by die skriba van die kerkraad ingedien moet word.

2.1.4 Nadat die gemeente approbasie verleen het, word die kombinasie-ooreenkoms aan die betrokke ring of die ring se gevolmagtigde vir goedkeuring en bekragtiging voorgelê. Nadat die ring die ooreenkoms bekragtig het, word dié ooreenkoms van krag of op ’n datum wat in die ooreenkoms bepaal word.

2.1.5 Die koste van die ring(e) of die ring(e) se gevolmagtigde(s) met betrekking tot die kombinasie van gemeentes, word deur die gemeente(s) gedra.

2.1.6 Indien die kerkraad weier om op versoek van ’n groep lidmate die moontlikheid van kombinasie te ondersoek, het die lidmate die reg om hulle met hulle versoek tot die ring te wend. ’n Afskrif van die versoekskrif moet minstens drie weke voor die vergadering

[54] Die onderskeie sinodes het verskillende benaminge (bv. moderamen, diensraad, sinodale dienskommissie) vir die liggaam wat die funksies van die sinodale kommissie verrig.

van die ring by die betrokke kerkraad vir kennisname deur die skriba van die ring of die ring se gevolmagtigde ingedien word.

2.1.7 Wanneer meer as een ring by kombinasie betrokke is, moet vooraf, na ooreenkoms deur die ringe, by die sinode aansoek gedoen word vir hergroepering van die betrokke gemeentes wat wil kombineer.

2.1.8 Die ring kan self die inisiatief neem en waar hy dit nodig ag, aan twee of meer kerkrade opdrag gee om kombinasie te ondersoek. Die ring kan ook aan sy gevolmagtigde opdrag gee om die betrokke kerkrade te ontmoet en tot kombinasie aan te spoor.

2.1.9 Die kombinasie-ooreenkoms kan in beraad met die ringe en approbasie van die gemeentes na wedersydse kennisgewing en ooreenkoms gewysig of beëindig word as al die betrokke kerkrade in hulle aparte vergaderings hulle goedkeuring daaraan heg.

2.1.10 Wanneer die gemeentes wat wil kombineer, nie vakant is nie, kan daar nie tot kombinasie oorgegaan word voordat die betrokke predikant(e) en die ring of die ring se gevolmagtigde tevrede is dat daar billike voorsiening vir die betrokke predikant(e) gemaak is nie.

2.1.11 Die beroeping en demittering van ’n predikant vir kombinasie-gemeentes geskied op ’n gesamentlike vergadering van die betrokke kerkrade, onder voorsitterskap van die konsulent van die gemeente waar die vergadering plaasvind. Vir die gemeentes in die kombinasie word ’n konsulent benoem. Die naam van die beroepene word op twee agtereenvolgende Sondae tydens die erediens vir approbasie aan elke gemeente van die kombinasie bekend gemaak.

2.1.12 ’n Predikant moet in een van die kombinasie-gemeentes bevestig word.

2.1.13 ’n Predikant in kombinasie-gemeentes word deur die gemeente wat die persoon beroep en bevestig het, afgevaardig na meerdere vergaderings. Die predikant het egter as afgevaardigde net een stem. Elke kombinasie-gemeente verkies en vaardig volgens voorskrif van die *Kerkorde* ook ’n ouderling/diaken af.

2.1.14 Die kombinasie-gemeentes is verplig om gesamentlik ’n aandeel in die pensioenfonds vir die predikant te hou. Alle ander koste met betrekking tot die predikant moet in die ooreenkoms van kombinasie gereël word.

2.1.15 Die ooreenkoms met die predikant kan, na wedersydse kennisgewing, gewysig of beëindig word, indien al die betrokke kerkrade, in hul aparte vergaderinge, hul goedkeuring daaraan heg.

2.1.16 Indien dit by die kombinering van gemeentes sou blyk dat verteenwoordigers nie aangewys is vir die ondertekening van dokumente en stukke namens die gemeentes vir doeleindes van uitvoering van ooreenkomste nie, moet sulke dokumente of stukke geteken word deur die voorsitter, en skriba van die ring, of die ring se gevolmagtigde, of die gevolmagtigde van die ring in wie se gebied die kombinerende gemeentes geleë is.

## 3. EENWORDING VAN GEMEENTES

Eenwording beteken dat ’n gemeente wat nie langer selfstandig wil of kan voortbestaan nie, ontbind en dat die betrokke lidmate by ander bestaande gemeente ingelyf word.

### 3.1 Prosedure vir eenwording

3.1.1 Die kerkraad van die gemeente wat wil ontbind, moet ’n besluit tot ontbinding neem en die kerkraad van die gemeente waarby die betrokke lidmate ingelyf word, moet toestemming tot inlywing gee. Ten minste twee derdes van die dienende kerkraadslede van elke betrokke kerkraad moet ten gunste van eenwording besluit.

3.1.2 Die betrokke kerkrade moet oor die voorwaardes vir ontbinding en inlywing ooreenkom. Indien van toepassing moet 2.4 van die *Reglement vir die Bestuur van Diensverhoudinge vir Predikante by Ongeskiktheid en Onvermoë* in ag geneem word.

3.1.3 Die ooreenkoms waartoe die kerkrade gekom het, moet vir approbasie op twee agtereenvolgende Sondae by al die openbare eredienste van die betrokke gemeentes bekend gemaak word, met vermelding dat besware daarteen binne sewe dae na die laaste bekendmaking skriftelik by die skriba van die kerkraad ingedien moet word.

3.1.4 Nadat die approbasie van die ongesensureerde belydende lidmate op dié wyse verkry is, word die ooreenkoms aan die betrokke ring(e) vir goedkeuring voorgelê. Nadat hierdie goedkeuring verkry is of op ’n datum wat in die ooreenkoms bepaal word, word die ooreenkoms van krag.

3.1.5 Aangesien hiermee ’n verandering van gemeentegrense geïmpliseer word, moet die ooreenkoms ’n duidelike omskrywing van grenslyne bevat.

3.1.6 Die betrokke ringskriba gee aan die skriba van die sinode of die sinode se gevolmagtigde kennis van die ontbinding van die gemeente, asook van die nuwe grenslyne van die inlywende gemeente(s). Die skriba van die sinode of die sinode se gevolmagtigde sorg vir die publikasie van bostaande feite in die *Kerkbode*.

3.1.7 ’n Afskrif van die ooreenkoms tussen die gemeentes word aan die skriba van die sinode, of die sinode se gevolmagtigde op papier, soos deur die argief voorgeskryf, en in tweevoud gestuur.

3.1.8 Die kerkraad van die gemeente wat ontbind, gee aan die Registrateur van Aktes kennis van die ontbinding en van die oordrag van sy eiendomme.

3.1.9 Die dienende kerkraadslede van die gemeente wat ontbind, dien ook, indien dit so ooreengekom word, in die inlywende gemeente.

3.1.10 Die onroerende eiendomme van die ontbonde gemeente word, tensy anders ooreengekom, op die naam van die inlywende gemeente geregistreer en alle roerende goed van die ontbonde gemeente, met die regte en verpligtinge daaraan verbonde, gaan op die inlywende gemeente oor.

3.1.11 Die eenwording van gemeentes kan alleen plaasvind wanneer die gemeente wat ontbind, vakant is of indien nie, as daar vir die predikant(e), na die oordeel van die ring, billike voorsiening gemaak is.

3.1.12 Indien dit by die eenwording van gemeentes sou blyk dat verteenwoordigers namens ’n gemeente wat ontbind het nie aangewys is vir die ondertekening van dokumente en stukke vir doeleindes van uitvoering van ooreenkomste nie, moet sulke dokumente of stukke geteken word deur die voorsitter en skriba van die ring of die ring se gevolmagtigde, of die gevolmagtigde van die ring, binne wie se grense die ontbinde gemeente geleë was.

## 4. SAMESMELTING VAN GEMEENTES

Samesmelting beteken dat twee of meer gemeentes, wat nie langer selfstandig wil of kan voortbestaan nie, afsonderlik ontbind om saam een totaal nuwe gemeente te stig binne dieselfde geografiese gebied as waarbinne die onderskeie samestellende gemeentes aanvanklik voor ontbinding bestaan het.

### 4.1 Prosedure

4.1.1 Die kerkrade van die onderskeie samesmeltende gemeentes neem afsonderlik ’n besluit tot samesmelting.

4.1.2 Aan alle ongesensureerde belydende lidmate van die onderskeie samesmeltende gemeentes word aan die hand van ’n vraelys-stembrief geleentheid gebied om skriftelik aan te dui of hulle ten gunste van die samesmelting, is al dan nie.

4.1.2.1 Die genoemde vraelys-stembrief word persoonlik en sonder enige stemwerwing deur die onderskeie kerkrade van die samesmeltende gemeentes aan elke ongesensureerde belydende lidmaat binne die bepaalde gemeente beskikbaar gestel.

4.1.2.2 Dit is elke lidmaat se eie verantwoordelikheid om toe te sien dat die persoon se voltooide vraelys-stembrief die kerkkantoor van die gemeente bereik vóór of óp die sperdatum wat deur die kerkraad bepaal is.

4.1.2.3 Goedkeuring moet van ’n meerderheid van die lidmate wat vraelys-stembriewe ingehandig het, verkry word, alvorens met die proses van samesmelting voortgegaan kan word.

4.1.3 Nadat die goedkeuring van die lidmate volgens die prosedure onder 4.1.2. hierbo verkry is, kom die kerkrade afsonderlik én gesamentlik ooreen tot ’n samesmeltingsooreenkoms bevattende onder andere ’n duidelike grensbeskrywing van die nuwe gemeente, die posisie van die predikant(e) en kerkraadslede in die nuwe saamgestelde gemeente en reëlings in verband met die hantering van die onderskeie gemeentes se bates (roerend en onroerend). Elke kerkraad benoem twee persone om namens die samesmeltende gemeente alle nodige dokumentasie te onderteken.

4.1.4 Die samesmeltingsooreenkoms word vir approbasie op twee agtereenvolgende Sondae by al die openbare eredienste van die betrokke gemeentes bekend gemaak, met vermelding dat besware daarteen binne sewe dae na die laaste bekendmaking skriftelik by die skriba van die kerkraad ingedien moet word.

4.1.4.1 Lidmate wat wil beswaar maak, moet dit skriftelik met gemotiveerde opgaaf van rede(s) doen vóór die verstryking van die week eindigend na die tweede afkondiging.

4.1.4.2 Besware word aan die ring of die ring se gevolmagtigde voorgelê vir oorweging van die geldigheid daarvan.

4.1.5 Nadat approbasie verkry is, word die ooreenkoms aan die ring voorgelê vir goedkeuring.

4.1.5.1 Die skriba van die ring of die ring se gevolmagtigde gee kennis aan die skriba van die betrokke sinode of die sinode se gevolmagtigde.

4.1.5.2 Die kerkraad van die nuwe gemeente gee kennis aan die Registrateur van Aktes van die oordrag van eiendomme.

## 5. KOMBINASIE VAN WERKSAAMHEDE VAN GEMEENTES, RINGE EN SINODES/GEMAGTIGDES VAN SINODES UIT VERSKILLENDE KERKVERBANDE

Kombinasie beteken hier dat twee of meer kerkvergaderinge van verskillende kerkverbande, of gevolmagtigdes van kerkvergaderinge, as deel van die soeke na kerklike eenheid in die NG Kerkfamilie, ten bate van die koninkryk van God en as gelyke deelgenote van mekaar, kontraktuele ooreenkomste aangaan vir die uitvoering van sekere gemeenskaplike werksaamhede.

### 5.1 Praktiese en kerkregtelike riglyne

5.1.1 Die aspekte of saak ten opsigte waarvan die partye ’n kombinasie beoog, moet duidelik omskryf word.

5.1.2 ’n Skriftelike ooreenkoms word opgestel wat alle regte, pligte en verantwoordelikhede (insluitende finansies) van die partye duidelik omskryf.

5.1.3 *Reglement 24 vir Kerklike Goedere* moet by die opstel van die ooreenkoms in aanmerking geneem word.

5.1.4 Waar die standplaas of ander pos van ’n predikant kragtens die beoogde kontrak in gedrang kan kom, moet Artikel 12 van die *Kerkorde* in ag geneem word.

5.1.5 Indien dit die bedoeling is dat die gekombineerde liggaam die reg sal hê om sake te hanteer soos die beroep en indiensstelling van 'n predikant, moet aspekte soos konstituering, kworumvereistes, wyse van besluitneming, stemreg, befondsing, verantwoordelikheid vir die standplaas of aanstelling, pensioen, medies, administrasie, ensovoorts noukeurig uitgeklaar word.

5.1.6 Die ooreenkoms moet dit duidelik stel dat die daarstelling van die gemeenskaplike doelwitte kragtens die kontraktuele ooreenkoms, nie die regte en verantwoordelikhede van die kontrakterende kerkvergaderinge of hulle gevolmagtigdes kan ophef of tot niet verklaar nie.

5.1.7 Die ooreenkoms kan voor die verstryking van die vasgestelde termyn gewysig of beëindig word, indien die betrokke partye, na wedersydse kennisgewing, in hulle afsonderlike vergaderinge hulle goedkeuring daaraan heg.

5.1.8 Die kontrakterende party val steeds onder die regering, opsig en tug van die verantwoordelike kerkvergadering.

## 5.2 Werkswyse

5.2.1 Die betrokke kerkvergaderinge as regspersone moet die skriftelike ooreenkoms afsonderlik in die onderskeie kerkvergaderinge goedkeur.

5.2.2 Nadat die kerkvergaderinge of hulle gevolmagtigdes onderling tot 'n ooreenkoms gekom het, neem die ring van die betrokke gemeente verantwoordelikheid vir die opsig en tug van die predikant.

5.2.3 Die betrokke kerklike liggame in wie se diens die predikant is, neem self verantwoordelikheid vir die bestuur van die diensverhouding (vergelyk Reglement 21).

# AFDELING F: BESLUITE VAN DIE ALGEMENE SINODE WAT KERKORDE ARTIKELS EN REGLEMENTE AANVUL EN TOELIG

## DIE BELYDENIS EN ORDE VAN DIE KERK

### 1. BYBEL

**1.1 Skrifgebruik en Skrifgesag**

Die Algemene Sinode keur die volgende verklaring goed en verwys dit na gemeentes en ringe vir bespreking:

1.1.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk bely, as kerk wat in die Gereformeerde tradisie staan, dat die Bybel die Woord van God is en dat dit daarom:

1.1.1.1 *gesag* het oor ons hele lewe, omdat dit aan ons betuig dat ons nie aan onsself behoort nie, maar aan die Here, sodat ons geroep word om in vertroue op Hom en in gehoorsaamheid aan Hom te leef;

1.1.1.2 *betroubaar* is, omdat ons vas glo dat God werklik is soos Hy Homself in die Skrif aan ons bekend maak: die Vader, Seun en Gees wat uit genade ons God is;

1.1.1.3 *duidelik* is, omdat die kerk hierin die helderheid van die evangelie van God se liefde en genade hoor;

1.1.1.4 *voldoende* is, omdat die Heilige Gees ons deur die Bybel alles leer wat ons hoef te weet om in God te glo en om sy wil te gehoorsaam (vergelyk NGB Artikel 7).

Daarom bely ons steeds gelowig dat dié waarheid bo alles is.

1.1.2 Soos nog altyd vir die Gereformeerde tradisie, beteken hierdie belydenis vir ons nié:

1.1.2.1 dat die Bybel vereis dat ons ons denkvermoë, wat ’n gawe van God is, moet opoffer nie;

1.1.2.2 dat die Bybel gesien kan word as ’n eksakte handboek vir historiese of wetenskaplike kennis nie;

1.1.2.3 dat die hele Bybel so maklik is om te verstaan dat enige mens selfstandig en onmiddellik alles daarin kan begryp nie;

1.1.2.4 dat die Bybel vir ons die volle kennis oor alle aspekte van die werklikheid gee, sodat geen verdere menslike nadenke of navorsing nodig is nie.

1.1.3 Ons bely verder dat God deur die Heilige Gees die kerk deur die eeue in die waarheid van hierdie Woord lei. Dit beteken vir ons dat ons die Skrif as die lewende Woord van God hoor in gemeenskap met die Heilige Gees en met mekaar. Daarom was die kerke in die Gereformeerde tradisie nog altyd oortuig van die belangrikheid van ’n verantwoordelike interpretasie van die Skrif waardeur die kerk as geloofsgemeenskap onder leiding van die Heilige Gees soek na die waarheid, geregtigheid en barmhartigheid wat God deur sy Woord in ons tot stand bring. Hierdie oortuiging dat die kerk die Skrif moet interpreteer, blyk onder meer uit:

1.1.3.1 die klem wat van die begin af gelê is op ’n grondige kennis van die oorspronklike tale (Hebreeus, Grieks en Aramees) waarin die Bybel geskryf is, asook die soeke na die beste metodes vir verantwoordelike Skrifuitleg;

1.1.3.2 die beklemtoning dat die hele Skrif gelees moet word in die lig van die konteks waarin dit ontstaan het, sodat die tyd- en kultuurbetrokkenheid daarvan verreken kan word in die uitleg;

1.1.3.3 die soeke na reëls vir die uitleg van die Skrif (voorbeelde van sulke uitlegreëls uit ons tradisie is: dat die Skrif as totaliteit gelees moet word, dat Skrif met Skrif vergelyk moet word en dat die moeiliker dele in die lig van die makliker dele vertolk moet word en dat die Skrif uit sy hart, die evangelie van Jesus Christus, verstaan moet word);

1.1.3.4 die onderskeid wat in die uitleg van die Skrif gemaak is tussen verskillende dele van die Skrif wat 'n verskillende soort gesag het (byvoorbeeld die onderskeid tussen die historiese en normatiewe dele van die Skrif, asook die onderskeid tussen die kultiese en morele wetgewing);

1.1.3.5 die dankbare, maar kritiese luister na die manier waarop die Skrif in die geskiedenis van die kerk uitgelê is en in ons eie tyd deur medegelowiges in ons eie kerk en ander kerke uitgelê word;

1.1.3.6 die vestiging van kerklike praktyke vir die interpretasie van die Skrif, soos veral die prediking, maar ook kategese, Bybelstudie, teologiese studie en andere;

1.1.3.7 en veral ook in die daarstel van belydenisskrifte waarin die kerk streef om die hart van die Skrifboodskap duidelik te vertolk en gehoorsaam te aanvaar.

1.1.4 Hoewel die kerk in elke tyd anders mag oordeel oor die beste reëls en metodes vir verantwoordelike Skrifuitleg, bly dit vir ons 'n basiese oortuiging dat die belydenis van die Skrif as Woord van God nooit teenoor verantwoordelike Skrifuitleg staan nie. Die belydenis roep ons juis op om onsself, in gemeenskap met mekaar en met al die gawes wat God vir sy kerk gegee het, toe te lê op die soeke na die waarheid.

1.1.5 In die lig van hierdie belydenis glo ons dat God ook in die uitdagende tye waarin ons leef, sy kerk deur sy Woord en Gees in die waarheid sal lei. As Gereformeerdes verbind ons ons daartoe om, ook wat die komplekse leerstellinge en etiese kwessies van ons tyd betref, in hierdie oortuiging saam te soek na waarheid, geregtigheid en barmhartigheid. Ons glo dat hierdie soeke 'n ekumeniese strewe is, in verbondenheid met die kerk van alle eeue en die kerk dwarsoor die wêreld. Waar ons van mekaar verskil, glo ons dat ons in gesprek met mekaar moet bly, in die gebed dat God ons liefde al meer sal laat toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat ons die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom (Filippense 1:9-10).

**1.2 Nuwe Bybelvertalings**

Die Algemene Sinode wys lidmate en gemeentes daarop dat die 1933(1953)- en 1983 vertalings die Bybels in Afrikaans is wat amptelik deur die kerk vir gebruik in die erediens aanvaar is. Die Bybelvertalerspaneel van die Nuwe Afrikaanse Bybel (1983-vertaling) is vooraf deur die betrokke kerke goedgekeur en hierdie Bybel is op 2 November 1983 as amptelike Bybel deur die NG Kerk aanvaar. Alternatiewe vertalings kan daarom baie waardevol en nuttig wees, maar behoort nie die amptelik goedgekeurde Bybel op die kansel te vervang nie. Dit sluit egter nie uit dat selfs in die erediens by geleentheid op verantwoordelike wyse na ander vertalings verwys kan word nie.

(Handelinge 2019)

1.3.2 Gebruik van die 2020-vertaling (Direkte Vertaling).

1.3.2.1 Die Algemene Sinode neem met dank kennis dat die vertaling van die 2020-vertaling (Direkte Vertaling) volgens die voorgestelde proses en vertaalopdrag plaasgevind het;

1.3.2.2 Die Algemene Sinode spreek opregte dank uit teenoor alle betrokkenes: die Bybelgenootskap wat positief reageer het op die versoek om ŉ nuwe vertaling, die ongeveer 25 kerke wat aan die projek saamgewerk het en Prof. Bernard Combrink vir sy inspirerende visie en onbaatsugtige ywer in die voltooiing van hierdie projek, saam met die redaksiekomitee en al die vertalers;

1.3.2.3 In die lig van die noukeurige vertaalproses wat gevolg is, keur die Algemene Sinode die 2020-vertaling (Direkte Vertaling) amptelik goed, vir gebruik saam met die ander twee amptelike vertalings, die 1953-vertaling en die 1983-vertaling;

1.3.2.4 Die Algemene Sinode doen ŉ beroep op sinodes, ringe en gemeentes om die 2020-vertaling (Direkte Vertaling) met entoesiasme in eredienste, kategese en Bybelstudie te gebruik, en om in 2020 verbeeldingryke projekte te loods om die 2020-vertaling in gebruik te neem, onder andere ook omdat dit saamval met die 200-jarige viering van die bestaan van die Bybelgenootskap in Suid-Afrika.

1.3.2.5 Die Algemene Sinode besluit om 2020 as die "Jaar van die Bybel" te vier.

## 2. BEGINSELS, BESLUITE, RIGLYNE EN HANDLEIDINGS

2.1 As gereformeerdes aanvaar ons die Skrif as hoogste *norm*.

2.2 Uit die Skrif lei ons sekere beginsels af.

2.3 Wanneer 'n *beginsel(s)* en die daaruit voortvloeiende *standpunt* tot 'n geheel saamgevoeg word om 'n program/gedragslyn vir optrede in die kerklike lewe aan te dui, kan van 'n *beleid* gepraat word.

2.4 Daar kan tussen twee soorte besluite deur kerkvergaderings onderskei word, naamlik:

(1) besluite wat gebiedend/voorskriftelik van aard is; en

(2) besluite wat aanwysend/rigtinggewend van aard is.

### 2.4.1 Voorskriftelike besluite (waaronder *Kerkorde*, bepalings en reglemente)

2.4.1.1 Voorskriftelike besluite kom dikwels voor in die vorm van *Kerkorde*-artikels, bepalings by die *Kerkorde* en reglemente, maar besluite wat nie spesifiek aandui dat dit 'n "reglement" is nie, is nie daarom nie-voorskriftelik of van enige mindere gesag nie. 'n Spaarsamige gebruik van bewoordings soos "die sinode keur die volgende as reglement/riglyn/beleid goed" ten gunste van "die sinode besluit" sal help om groter duidelikheid te bring en sal voorkom dat "gewone" besluite gesien word as "mindere" besluite.

2.4.1.2 Alle besluite is voorskriftelik, tensy die woordgebruik of algemene samehang die teendeel aandui.

### 2.4.2 Aanwysende besluite (waaronder riglyne en handleidings)

2.4.2.1 Riglyne vir die uitvoering van 'n kerklike beleid word deur aanwysende besluite gegee. (Vergelyk DCG Fourie: *Die Gesag van kerkvergadering* in Die Kerkbode 24 Desember1980, p 805).

2.4.2.2 'n *Riglyn* dui die weg aan waarlangs/wyse waarop 'n saak/beleid prakties toegepas of uitgevoer kan word. *Daar is ruimte vir diskresie om aanpassings te maak,* mits daar nie afgewyk word van die beginsels waarvan uitgegaan word of die beleid wat vasgelê is nie.

2.4.2.3 ’n *Handleiding* is die uiteensetting van ’n reeks riglyne, reëls of prosedurestappe wat gevolg moet word by die hantering van ’n sekere soort saak. Waar ’n handleiding egter nie elke stap wat gevolg moet word voorskryf nie, kan daar ruimte vir aanwending van diskresie wees mits die doelwit wat gestel word bevredigend bereik word en geeneen van die neergelegde reëls oortree word nie.

(Handelinge 1994, p 457, pt 2)

## 3. GELOOFSWAARHEDE

3.1 Die Algemene Sinode herbevestig weereens die NG Kerk se standpunt oor die gesag van die Woord van God as enigste norm vir ons geloof.

3.2 Die Algemene Sinode herbevestig weereens dat die NG Kerk die belydenisskrifte sien as normatief in die sin dat dit volgens die Skrif ons geloof bely.

3.3 Die Algemene Sinode herbevestig dat die Skrif en Belydenis gelees moet word binne hulle historiese konteks en dat hulle met verantwoorde hermeneutiek vertolk sal word, sodat ons die leiding van die Gees vir ons tyd kan hoor.

3.4 Die Algemene Sinode wys lidmate daarop dat ons met mekaar in gesprek sal tree voordat mense verdag gemaak word, of van leerdwaling beskuldig word, want verdagmaking en leuens is net soveel sonde as leerdwaling.

3.5 Die Sinode besef dat baie lidmate geweldige onsekerhede op baie vlakke beleef en wil lidmate verseker van deernis met hulle situasie. Die Sinode wil ook lidmate en leraars daarop wys dat, juis wat ons van die Bybel en Belydenisskrifte as antwoord hierop glo, ons weerhou van fundamentalisme (aan die een kant) en vrysinnigheid/radikale sekularisme (aan die ander kant).

(Handelinge 2013)

## 4. BELYDENIS VAN BELHAR

**Besluite 2011**

4.1 Die Algemene Sinode volstaan met die besluit van 1998: "Die AS aanvaar dat die Belydenis van Belhar op sigself genome nie met die drie formuliere van eenheid in stryd is nie" en ook "aanvaar ter wille van die eenheidsproses en sy getuienis die wesenlike inhoud van die Belydenis van Belhar."

(Handelinge 2011, p105, pt 9, en p106, pt 13)

# DIE AMPTE VAN DIE KERK

## 5. PREDIKANT: BEROEPSBRIEF EN PROSEDURES BY BEROEPING (Vergelyk die *Kerkorde*, Artikel 8)

### 5.1 Proforma vir ’n beroepsbrief en die finale diensooreenkoms.

5.1.1 Identifikasie van die partye.

5.1.2 Aanhef.

5.1.3 Diensomskrywing: Algemene diensverpligtinge (Artikel 9) met gepaardgaande spesifieke verwagtinge.

5.1.4 Vergoeding en byvoordele (Artikel 13).

5.1.5 Die wedersydse erkenning deur die partye dat hulle geskrewe ooreenkoms onderhewig is aan die bepalinge van die Kerkorde en die besluite van die Algemene Sinode en die betrokke sinode soos van tyd tot tyd gewysig.

5.1.6 Aanvangsdatum (a) in die geval van leraars in diens van gemeentes of in diens van die kerkverband, die datum van demissie. (b) in ander gevalle waar ’n beroep aanvaar is, is die aanvangsdatum die datum van bevestiging of ’n datum soos ooreengekom.

5.1.7 ’n Verklaring deur die beroepene dat daar geen hangende of dreigende tughandeling teen hom/haar is nie en dat hy/sy aan die plegtige legitimasie-verklaring getrou sal bly.

5.1.8 Die partye se handtekeninge met getuies en datum van ondertekening as aanvaarding dat ’n diensooreenkoms tussen die partye tot stand kom.

## 6. BEROEPBAARHEID VAN PREDIKANTE BINNE DIE FAMILIE VAN NG KERKE

**Besluite 1994**

6.1 Die Algemene Sinode besluit dat Kerkorde Artikels 6 en 7, reglemente 10 en 11 (nou *Reglement vir die Opleiding en Legitimasie van Predikante* en *Reglement vir die Bevoegdheid van Predikante, Proponente en Emeriti)* en verbandhoudende besluite van die Algemene Sinode oor die opleiding, legitimasie en bevoegdheid van leraars in die Ned Geref Kerk geld vir die Ned Geref Kerkverband en is as sodanig ook bepalend vir die interpretasie van die besluit van die Algemene Sinode oor die erkenning van die opleiding en legitimasie van die ander lede van die Ned Geref Kerkfamilie asook die besluit oor die oor-en-weer-beroepbaarheid van leraars binne die Familie van Ned Geref Kerke.

6.2 Die Algemene Sinode gee aan ringe opdrag om toe te sien dat by die goedkeuring van beroepe uit die Ned Geref Kerkfamilie daar aan die vereistes van die Ned Geref Kerk vir opleiding en legitimasie voldoen word.

(Handelinge 1994, p 452, pt 2.8.6)

**Besluite 2002**

6.3 Die NG Kerk erken die opleiding en legitimasie van die NGKA, VGKSA en RCA op voorwaarde dat dit voldoen aan die vereistes wat die NG Kerk stel vir sy eie opleiding en legitimasie.

6.4 Indien die opleiding van ’n gelegitimeerde van die NGKA, VGKSA en RCA nie gelykwaardig is aan die vereistes wat die NG Kerk vir sy eie gelegitimeerdes stel nie, is so ’n persoon nie sonder meer beroepbaar in die NG Kerk nie.

6.5 Voldoen ’n gelegitimeerde van die NGKA, VGKSA en RCA nie aan die vereistes wat die NG Kerk vir gelegitimeerdes stel nie, sal sodanige persoon die nodige aanvullende kwalifikasies moet verkry ten einde beroep te kan word na 'n NG Gemeente of benoem te kan word in ’n pos in die NG Kerkverband.

6.6 Die Drie Formuliere van Eenheid moet as belydenisgrondslag van die NG Kerk aanvaar word alvorens predikante van die Familie van NG Kerke in ’n gemeente van die NG Kerk bevestig kan word.

(Handelinge 2002, pp 336-337, pt 2.3.4)

## 7. BEROEP VAN GELEGITIMEERDES UIT DIE KERKE VAN DIE NG KERKFAMILIE BUITE DIE GRENSE VAN SA NA DIE NG KERK

Verwys na reglement 11, 12 en 13.

## 8. LEGITIMASIE MET BEPERKTE OPDRAG

Verwys na reglement 12.

## 9. OMRUILING VAN STANDPLASE

**Besluite 2015**

9.1 Die Algemene Sinode:

9.1.1 neem met dank kennis van die riglyne oor standplaasverwisseling (Bylaag 2);

9.1.2 versoek sinodes om aktief mee te werk aan die bedieningsvernuwing en -vreugde van leraars deur middel van standplaasverwisseling;

9.1.3 herbevestig sy besluit dat daar met leraars wat langer as 10 jaar in een werkkring/gemeente ’n gesprek gevoer moet word ten opsigte van bedienings-vreugde/standplaasverwisseling.

### 9.2 SINODALE PROSES VIR STANDPLAASVERWISSELING VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE SINODALE VERTEENWOORDIGER

### 9.2.1 AGTERGROND

Reeds in 1994 is die beginsel van standplaasverwisseling deur die sinode as aanvullende meganisme tot beroeping goedgekeur.

Die besluit word in 2002 herbevestig en in 2004 word die volgende uitgangspunte gestel:

***Roeping:*** In die proses van standplaasverwisseling moet die roeping van die leraar en die werk van die Heilige Gees in ag geneem word. Hierdie proses word gesien as één van die maniere.

***Bona fides*****:** Dit gaan om bona fide-redes vir verwisseling van standplase. Bedieningsvernuwing en persoonlike omstandighede dien (onder andere) as bona fide-redes vir verwisseling. Die betrokke partye oorweeg die meriete van die saak. Die proses mag bv nie gebruik word om dreigende tughandelinge te ontduik nie.

***Ooreenkoms:*** Die leraar en kerkraad staan in ’n werksverhouding wat amptelik by wyse van Kerkordebepalings en die arbeidswette gereguleer word. Die proses van verwisseling van standplase moet hierdie feite verreken, bv die regte en voorregte van albei partye, die kerkraad en die leraar moet in ag geneem word. Standplaasverwisseling is ’n saak wat by wyse van wedersydse ooreenkoms gereël word (na analogie van Artikel 7 van die Kerkorde 1998). Dit is ’n proses waar kerkrade en leraars ’n ooreenkoms tot verwisseling aangaan en waarvoor albei partye eienaarskap aanvaar.

***Verwisseling*** word nie afgedwing deur die kerkverband (ringe of sinodes) nie, maar skep ’n geleentheid vir die partye tot verwisseling. Dit vervang nie die huidige beroepstelsel nie. Ons wil ’n kultuur in die kerk skep waar standplaasverwisseling ’n positiewe saak is en gevestig is as ’n sistemiese aktiwiteit (dit vorm deel van die manier waarop die kerk funksioneer).

***Die Kerkverband:*** Die kerkverband speel in standplaasverwisseling ’n bemiddelende en fasiliterende rol. Hier het ringe, sinodes en die Algemene Sinode elk ’n eie rol te vervul (sien die res van die dokument).

***Beroeping:*** Die skriftelike ooreenkoms tot standplaasverwisseling waartoe die deelnemende partye kom, is ’n geldige beroep en vereis nie ’n aparte beroepshandeling nie. Die ooreenkoms moet by twee agtereenvolgende Sondae vir approbasie aan die gemeente voorgelê word (vgl die analogie in Reglement 6 pt 3: Eenwording van gemeentes).

***Multilaterale verwisseling:*** Die behoefte aan standplaasverwisseling kan deur bilaterale en multilaterale standplaasverwisseling hanteer word.

***Bestaande vakatures:*** Kerkrade met vakatures kan hulle inligting deurstuur aan, of inligting verkry by die Kantoor vir Standplaasverwisseling (nou die ASP) (vgl *Handleiding vir die Bestuur van Predikantesake in die NG Kerk*, 2013).

**9.2.2 INLEIDING**

Dit wil voorkom dat ten spyte van die beginselbesluite en verslae van die Algemene Sinode ten opsigte van standplaasverwisseling, dit nog nie standaardpraktyk in die kerk geword het nie. Van die redes hiervoor is:

9.2.2.1 Dat die proses soos dit beskryf was nie 'n veilig-genoeg proses vir die predikante is nie. Dit kan moontlik aan die volgende toegeskryf word:

9.2.2.1.1 Onsekerheid oor die "sukses" van standplaasverwisseling.

9.2.2.1.2 Wil nie 'n boodskap van ontevredenheid aan die gemeente deurgee nie.

9.2.2.1.2 Teologiese onrustigheid dat God se wil forseer word.

9.2.2.2 Dat waar daar nie 'n voltydse sinodale verteenwoordiger/fasiliteerder is nie, die proses moeilik aan die gang sal kom. Die voordeel van 'n voltydse persoon is:

9.2.2.2.1 'n Adres word geskep en dit bevorder bekendheid en veiligheid.

9.2.2.2.2 Dit (die persoon) gee momentum aan die proses.

9.2.2.3Dat waar standplaasverwisseling tot sover suksesvol plaasgevind het, dit meer van 'n pastorale proses en minder van 'n gereglementeerde proses was:

9.2.2.3.1 Die proses is persoongerig;

9.2.2.3.2 Dit neem die behoeftes van die predikant, gesin en gemeente in ag.

9.2.2.4.Dat as die proses losgemaak word van die roepingsbewustheid van die predikant en nie geloofonderskeidend plaasvind nie, dit moeilik tot 'n volwaardige en aanvaarde beroepingspraktyk en mobiliteit van predikante in die kerk sal groei.

Dit impliseer die volgende:

9.2.2.4.1 Dit is 'n geloofonderskeidende proses waaraan alle partye (predikant, gesin en gemeente) deel het waar daar gesoek word na die wil van God vir die predikant en die gemeente.

9.2.2.4.2 Dit is 'n geestelik-verrykende proses waarin gelowiges individueel en kollektief hul afhanklikheid van God besef.

9.2.2.4.3 Die sinodale verteenwoordiger of ander persoon wat die fasiliterende rol gaan speel, is bewus daarvan dat dit 'n geloofonderskeidende proses is wat in biddende afhanklikheid gedoen word.

In die lig van bogenoemde en tot tyd en wyl standplaasverwisseling algemene praktyk in die kerk word, word voorgestel dat die sinodale begeleiers as verteenwoordigers van die verskillende sinodale streke oorhoofs verantwoordelikheid vir die proses sal neem. Dit is 'n verhoudingsgedrewe proses. Die gesprekke moet van 'n persoonlike en pastorale aanslag getuig. Dit geskied in vertroulikheid en met toestemming van alle partye. Die predikant se huweliksmaat behoort van dag een af deel van die gesprek te wees. Indien daar 'n medeleraar(s) ter sprake is, behoort hulle by die eerste beste geleentheid betrek te word. Die kerkraad vorm deel van die gesprek sodra die aanvanklike gesprek tussen die predikante plaasgevind het.

Dit sal na alle waarskynlikheid 'n tydsame proses wees, maar dit is belangrik dat niemand onder druk moet voel nie en onder druk 'n besluit moet neem nie. Dit is beter

dat ons mekaar daaraan herinner dat die gelowige se lewe in die rus van God begin sodat ons Sy stem kan hoor.

### 9.2.3 VOORGESTELDE WERKSWYSE VAN DIE SINODALE VERTEEN-WOORDIGER

#### 9.2.3.1 KAPASITEIT

Elke streeksinode wys ’n sinodale verteenwoordiger aan wat saak van standplaas-verwisseling bestuur en hanteer.

#### 9.2.3.2 BEWUSMAKING

***Sinodes***

Die sinodale verteenwoordiger maak seker dat die besluite van die Algemene Sinode ten opsigte van standplaasverwisseling by die streeksinode bekend gemaak en hanteer word. Die streeksinode besluit wat die beste wyse is om die proses van standplaasverwisseling aan ringe en gemeentes bekend te maak (byvoorbeeld deur ’n Seisoen van Standplaasverwisseling af te kondig).

***Ringe***

Ringe neem die verantwoordelikheid om die besluit van die sinode te hanteer en in ringsverband deur te voer. Die ringskommissie maak seker dat die gemeentes die besluite hanteer, byvoorbeeld deur kerkrade/gemeentes daaraan te herinner dat ’n “amptelike” gesprek gevoer word met predikante wat 10 jaar of langer in ’n gemeente is (kyk pt 6).

Die uitslag van die gesprek word met die ringskommissie gekommunikeer. Indien nodig kan die ringskommissie ’n verdere gesprek met die gemeente aanvra. Die ringskommissie betrek die sinodale verteenwoordiger vir standplaasverwisseling vir verdere toeligting en die hantering daarvan indien nodig.

***Kerkraad/Gemeenteleierskap***

Die kerkraad neem kennis en hanteer die moontlikheid van standplaasverwisseling tydens die kerkraadsvergadering, byvoorbeeld deur die voer van die 10 jaar-gesprek. Die kerkraad het ’n “oop” gesprek met die leraar(-s) aan die hand van die Riglyn vir Bedieningsvernuwing (vgl Bylaag 1). Die kerkraad dra aan die gemeente die beginsel en moontlikheid van standplaasverwisseling as ’n waardige en geldige wyse van beroeping oor – soos ook reeds deur die Algemene Sinode voorgeskryf.

***Kerklike media***

Die kerklike media en webblaaie kan gebruik word om die proses van standplaasverwisseling bekend te maak. Die sinodale verteenwoordigers neem inisiatief om verhale en gevallestudies te publiseer. ‘n Vraebus kan hanteer word.

#### 9.2.3.3 AANMELDING

***9.2.3.3.1 Predikant kontak sinodale verteenwoordiger***

*Predikante* wat standplaasverwisseling oorweeg, kan die sinodale verteenwoordiger kontak om die moontlikheid daarvan te bespreek. Dit is ’n vertroulike gesprek en die kerkraad/gemeente hoef nie noodwendig daarvan kennis te dra nie. Die sinodale verteenwoordiger maak seker dat die motivering van die predikant nie strydig is met die beginsels van roeping en beroeping nie.

***9.2.3.3.2 Sinodale verteenwoordiger kontak die predikant***

Die *sinodale verteenwoordiger* kan op eie inisiatief ’n predikant kontak om standplaasverwisseling aan die orde te stel. Daar kan verskillende redes daarvoor wees, byvoorbeeld die aantal jare in die gemeente, die vasgelooptheid of behoefte aan geestelike groei van die predikant en gemeente, die moontlike passing met ’n ander

gemeente. Die proses word so bestuur dat geen druk op die predikant (of gemeente) geplaas word nie.

***9.2.3.3.3 Sinodale verteenwoordigers kontak mekaar op gereelde grondslag***

Die sinodale verteenwoordigers van die verskillende streeksinodes kom op ’n gereelde basis bymekaar om, met toestemming van predikante wat hul vir standplaas-verwisseling aangebied het, mekaar in die verband in te lig en te handel. Die ASP bied die ruimte vir hierdie fasilitering.

**9.2.4. PASSING**

Sinodale verteenwoordigers neem verantwoordelikheid vir die fasilitering van standplaasverwisseling tussen predikante. Die proses kan as volg verloop en is dieselfde vir multilaterale verwisseling:

9.2.4.1 Die sinodale verteenwoordiger of gedelegeerde tree op as fasiliteerder vir die proses en is teenwoordig by alle vergaderings, byeenkomste en gesprekke soos nodig. Die sinodale verteenwoordiger dra die belange van al die partye op die hart.

9.2.4.2 Besluite wat in die proses geneem word, word deur die sinodale verteenwoordiger oorgedra.

9.2.4.3 Die gesprek tussen die sinodale verteenwoordiger en die predikant vind in vertroue en ’n veilige ruimte plaas.

9.2.4.4 Die sinodale verteenwoordiger luister goed na die predikant (ds A) en indien die behoefte tot standplaasverwisseling geregverdig is, word die aansoeker se naam aangeteken.

9.2.4.5 Die sinodale verteenwoordiger raadpleeg die lys van moontlike kandidate wat met ds A kan ruil. Indien sodanige persoon (ds B) gevind word, vind die gesprek tussen die sinodale verteenwoordiger en ds B plaas om die moontlikheid van standplaasverwisseling met ds A te bespreek.

9.2.4.6 Die sinodale verteenwoordiger fasiliteer ’n gesprek tussen die predikante. Die sinodale verteenwoordiger maak seker dat die huweliksmaats (waar van toepassing) goed ingelig en deel van die gesprek is.

9.2.4.7 Indien daar ’n medeleraar(s) betrokke is, word die persoon(e) so vroeg en paslik moontlik by die proses betrek.

9.2.4.8 Indien daar tussen die betrokkenes eenstemmigheid is dat die proses van standplaasverwisseling moet voortgaan, vra die sinodale verteenwoordiger ’n gesprek aan met die geestelike leierskap (dagbestuur, taakspan, ens) van die verskillende gemeentes met die doel om die volgende dinge te doen:

9.2.4.8.1 Hulle weer in te lig oor die beginsel van standplaasverwisseling;

9.2.4.8.2 Hulle in te lig oor die verskillende stappe van die proses;

9.2.4.8.3Hulle daarop te wys dat hulle die verantwoordelikheid het om geloofsonderskeidend aan die proses deel te neem;

9.2.4.8.4 Hulle daarop te wys dat hulle onder geen verpligting is nie, anders as om saam die wil die Here te soek.

9.2.4.9 Tegelykertyd word die geestelike leierskap van al die gemeentes wat betrokke is, ingelig dat die sinodale verteenwoordiger die predikante genader het en die moontlikheid van standplaasverwisseling met hulle bespreek het. Die geestelike leierskap word ook ingelig oor hoe die gesprek tot dusver verloop het. Sover moontlik word die gesprek by beide (al) die gemeentes gelyktydig gevoer, wat beteken dat die sinodale verteenwoordiger op dié punt ’n gevolmagtigde kollega(s) het wat hierdie gesprek by een (of meer) van die gemeentes fasiliteer.

9.2.4.10 Die gemeenteleierskap en die predikant(e) verstaan dat hulle nie onder druk van die sinode of die verteenwoordiger van die sinode is om ’n besluit te neem nie. Hulle het wel die verantwoordelikheid om saam biddend oor die proses na te dink.

9.2.4.11 Dit staan enige persoon/party vry om enige tyd aan die proses te onttrek wat beteken dat die proses in geheel tot ’n einde kom. Die veronderstelling is wel dat die kerkraad/kommissie baie sterk oorweging sal skenk om ten minste eers die kandidaat (vir standplaasverwisseling) vir ’n bekendstellingsgesprek te ontmoet.

9.2.4.12 Die leierskap van beide gemeentes, met die hulp van die sinodale verteenwoordiger en die fasiliteerder(s), kom ooreen op ’n volgende vergadering waar die besluit oor die moontlike standplaasverwisseling geneem kan word en wat ook as ’n beroepingsvergadering sal dien. By dié geleentheid kontak die leierskap van die twee gemeentes mekaar om hul besluite bekend te maak.

9.2.4.13 Die sinodale verteenwoordiger, met kennisname van die gemeenteleierskap, stel die ringskommissie in kennis dat daar ’n proses van standplaasverwisseling aan die gang is.

9.2.4.14 Indien die besluit ten gunste van standplaasverwisseling is, word die gemeentes/gemeentelede ingelig en word dit afgekondig soos met enige ander beroeping. Die ringskommissie word ook dienooreenkomstig ingelig.

### 9.2.5 AFHANDELING

Na die finalisering van die beroep, volg die verloop volgens gemeentelike en kerkordelike verwagtinge en voorskrifte.

### 9.2.6 BEDIENINGSVERNUWINGGESPREK NA 10 JAAR

Om mobiliteit op ’n natuurlike wyse en op ’n breër front aan te moedig, word met alle leraars wat 10 jaar in ’n gemeente is, ’n gesprek gevoer met die oog op die roeping en die bedieningsbehoeftes van die predikant en die gemeente. Na hierdie geleentheid en indien die leraar nie van standplaas verwissel nie, word die gesprek daarna elke drie jaar met die leraar herhaal. Hierdie gesprek vind plaas tussen die leraar en die kerkraad. Die ringskommissie hanteer/fasiliteer hierdie gesprek binne ringsverband.

Vir hierdie gesprek word die Bedieningsvernuwingriglyn voorgestel (vgl Bylaag 1). Dit is ’n waarderende gesprek wat verskillende moontlikhede bied vir die mobiliteit en bedieningsvernuwing vir die predikant(e) en die gemeente(s). Standplaasverwisseling kan ’n spontane uitvloeisel wees van hierdie gesprek.

(Handelinge AS 2015, Dag 4, pt 10)

## 10. BEDIENING IN BUITENGEWONE OMSTANDIGHEDE

Die Algemene Sinode besluit om die volgende in die Kerkordeboek op te neem onder die funksionele besluite:

10.1 Die *status quo* word gehandhaaf naamlik dat daar net drie soorte poste vir bedienaars van die Woord is, te wete voltyds-onbepaalde pos, tentmakerpos (deeltyds onbepaald) en vaste termynpos (voltyds of deeltyds).

10.2 Waar in buitengewone omstandighede ŉ bedieningsbehoefte ontstaan wat nie deur punt 11.1 bevredig kan word nie, het die sinodale regs-/kerkordekommissie diskresie om op versoek van die ring aan ŉ gemeente toestemming te verleen om gebruik te maak van die dienste van ŉ emeritus ouer as 70 jaar.

10.3 Hierdie reëling geld net vir ŉ jaar en moet daarna hersien word.

10.4 Verslag van die gemeentelike bediening moet jaarliks deur die kerkraad en konsulent aan die ring gelewer word.

(Handeling AS 2013)

## 11. BRUGBEDIENING

Vergelyk reglement 18.

## 12. RIGLYNE VIR BEDIENAARS (OUDERLINGE EN DIAKENS MET BEVOEGDHEID)

12.1 Wanneer 'n behoefte op grond van plaaslike omstandighede in 'n spesifieke bedieningsarea ontstaan, wat nie deur 'n opgeleide predikant gevul kan/hoef word nie, bepaal die ring die meriete daarvan. (Spesifieke bedieningsarea sluit in: eredienste, pastoraat, bejaardebediening, jeug en familie, kinderbediening, diakonaat, geloofsvorming, kerkplanting, aanbidding, ens.)

12.2 Indien die ring die behoefte goedkeur, nomineer kerkrade persone wat 'n spesifieke bedieningsgerigte roeping het en oor die gewenste gawes beskik.

12.3 Die ring of sy gevolmagtigde voer 'n onderhoud met die genomineerde en beveel hom aan vir die toepaslike opleidingsprogram van die Algemene Kuratorium by Hugenote Kollege.

12.4 Ná goedkeuring deur die ring of sy gevolmagtigde, skryf die kerkraad die genomineerde in vir opleiding en toerusting van die goedgekeurde opleidingsprogram. Die kerkraad/ring behoort in te staan vir die aansoeker se opleidingskoste.

12.5 Ná die suksesvolle voltooiing van die opleiding word die bedienaar tot die kerkraad van die plaaslike gemeente verkies.

12.6 Die bedienaar se take asook bedieningsgebied (wat beperk is tot die ringsgebied) word duidelik omskryf.

12.7 Die ring of sy gevolmagtigde wys ’n predikant uit sy geledere aan om deurlopend aan sodanige bedienaar begeleiding te gee. Die begeleier doen jaarliks skriftelik verslag aan die ring ten opsigte van die geskiktheid van die bedienaar.

12.8 Die bedienaar word aangewend soos en waar die bedieningsnood deur die ring of die gemeente geïdentifiseer is.

12.9 Die bedienaar staan onder die opsig van die ring.

12.10 Bedienaarsposte is nie gesalarieerde poste nie. Slegs onkoste kan vergoed word of honoraria kan gegee word.

12.11 'n Bedienaar behou die bedieningsbevoegdheid vir solank hy in die amp staan en op voorwaarde dat die ring dit jaarliks goedkeur.

12.12 Wanneer die bedienaar die gemeente/ring verlaat word die bedieningsbevoegdheid beëindig.

12.13 Van dienende bedienaar word verwag om voortgesette opleidingsprogramme by te woon.

## 13. PREDIKANTE, DIENS – EN STANDPLAASLERAARS

### 13.1 Jaarlikse aanmelding

Die Algemene Sinode besluit dat alle dienende predikante jaarliks via hulle gemeenteskriba die skriba (bevoegdheidsregister) van die ATR moet inlig oor hulle huidige gemeente en posisie.

(Handelinge AS 2002, p 562, pt 3.1).

### 13.2 Predikante A-Z

Die Algemene Sinode 2007 het (met die uitsondering van hoofstuk 6) die A-Z Beleid aangaande Predikante goedgekeur. In hierdie dokument word volledig gehandel met Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO).

13.3.4 **HUWELIKSBEVESTIGERS** (vgl Agenda Deel I bl 287, A.3.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-Ontwikkeling pt 6.2 (vgl ook ADGO Bylaag 6 bl 313) asook Agenda Deel II bl 23)

1. Die Sinode besluit dat die huweliksdiens nie ’n gewone samekoms van die gemeente (erediens) onder leiding van die ampte is nie. Die persone by ’n huweliksluiting kom nie as gemeente van God met die oog op ’n openbare erediens saam nie.

2. Die Sinode besluit dat die leraar as individuele lerende ouderling pastoraal optree by die huweliksbevestiging en dat die toesig van die ander ampte nie noodsaaklik is nie.

3. Die Sinode beklemtoon dat die Bybelse eise met betrekking tot die huwelik suiwer moet weerklink met die huweliksvoorbereiding, -bevestiging en begeleiding binne die dampkring van die kerk as gemeenskap van die gelowiges. Gesien teen hierdie agtergrond kan die huwelik van belydende lidmate van ’n gemeente nie maar bloot deur enige persoon wat staatsregtelik daartoe bevoeg is, bevestig word nie. Dit bly die taak van die bevoegde bedienaar van die Woord.

### 14. PREDIKANT: AFTREEOUDERDOM

‘n Bedienaar van die Woord wat die ouderdom van 65 jaar bereik, mag vir hoogstens 6 maande na die bereiking van sy 65$^{ste}$ verjaarsdag en met toestemming van die betrokke kerkvergadering/kommissie in sy diens aanbly. (Vergelyk die besluit Algemene Sinode 1986, Acta p 712, en die *Reglement vir Vaste Termynposte,* punt 4)

## DIE VERGADERINGE VAN DIE KERK

### 15. NG KERKSEEL

Die Algemene Sinode bevestig die volgende as sy standpunt tov die NG Kerkseel: Die kerkseel is die eiendom van die Algemene Sinode; dit is ’n seel van “amptelikheid” en is beperk tot die Algemene Sinode se werksaamhede; persone/instansies kan die seel slegs gebruik met die verlof van die Moderamen; hulle moet skriftelik daarvoor aansoek doen.

(Handelinge AS 2002, p 568, pt 3.5.2).

### 16. TELEFOON- / ELEKTRONIESE VERGADERINGS EN STEMWYSES

Die Algemene Sinode keur die volgende advies van die ATR oor telefoonvergaderings en elektroniese stemwyse of -vergaderings goed:

16.1 Telefoon- en elektroniese vergaderings vir die taakspanne (sluit kommissies / diensrade/diensgroepe in) van die Sinode(s), ringe en kerkrade is toelaatbaar vir die hantering van spoedeisende sake onder die volgende voorwaardes:

16.1.1 Die vereistes vir telefoon- en elektroniese vergaderings is dieselfde as wat geld vir ’n gewone vergadering van die taakspan onder andere ten opsigte van kennisgewing, agenda, kworum en besluitneming.

16.1.2 Die notule van so ’n vergadering word by die volgende vergadering van die taakspan voorgelê vir goedkeuring.

16.2 Elektroniese stemwyse vir taakspanne van die sinodes is toelaatbaar onder die volgende voorwaardes:

16.2.1 Die Dagbestuur van die taakspan stel ’n verslag op in verband met die saak waaroor die taakspan besluit(e) wil neem. In die verslag word die sake waaroor en die manier waarop daar gestem moet word, duidelik aangedui.

16.2.2 Die verslag word elektronies aan al die lede van die taakspan versend.

16.2.3 Die elektroniese stemming se uitkoms is alleen geldig as die meerderheid van die lede hulle instemming met die voorstel wat voorgelê is vir stemming betuig het.

16.2.4 Die notule van so ’n stemming word by die volgende vergadering van die taakspan voorgelê vir goedkeuring.

(Handelinge AS 2011, p 117, pt 5.1.8)

# DIE SAKRAMENTE[55]

## 17. DOOP

### 17.1 Bediening van dooplidmate in skoolkoshuise

(Handelinge 1990, p 605, punt 2.1.9.4)

### 17.2 Doop van kinders in pleegsorg

Die Algemene Sinode besluit dat kinders in pleegsorg gedoop kan word en lê die volgende riglyne neer:

17.2.1 Die finale besluite berus by die betrokke kerkraad wat in alle gevalle moet waak teen die misbruik van die sakramente.

17.2.2 Waar die doop van ’n kindjie gewoonlik die resultaat is van die besluite van ’n ouer(s) en ’n kerkraad, kom in die geval van ’n pleegkind ook ander instansies wat die pleegplasing bestuur, ter sprake. Daar kan eers tot die doop oorgegaan word nadat die kerkraad deur samesprekinge met pleegouers en die pleegsorginstansie homself daarvan vergewis het dat die betrokke pleegplasing na alle waarskynlikheid van ’n langtermyn aard is.

(Handelinge 1994, p 474, punt 10.2.2.1)

### 17.3 Doop van Kinderhuiskinders

17.3.1 Die Algemene Sinode 2002 oordeel dat die besluit van die Algemene Sinode 1998 oor die bediening van die doop aan ’n kinderhuiskind ouer as 7 jaar wat dit begeer, die implikasie het dat ’n persoon of persone naas die eie, pleeg- of aanneemouer(s) by die doop op die formulier kan antwoord en vir die geestelike opvoeding van ’n kinderhuiskind verantwoordelikheid kan neem. Die moontlikheid bestaan dus dat ’n ongedoopte kinderhuiskind van 7 jaar en ouer, wie se kinderhuisplasing ’n min of meer permanente vorm aangeneem het, gedoop kan word.

17.3.2 Die Algemene Sinode handhaaf die besluit dat die kinderhuis of gemeente nie korporatief as pleegouer kan optree vir doeleindes van die aflê van en die uitvoering van die doopgelofte nie. Kerkrade kan wel, nadat die biologiese ouers, waar moontlik, daaroor geraadpleeg is, lidmate van die gemeente wat bereid is om verantwoordelikheid te neem vir die verbondsopvoeding, aanwys om as

[55] Vir die bediening van die sakramente vergelyk Artikel 49 van die *Kerkorde.*

doopgetuies of geestelike voogde op die formulier te antwoord by die bediening van die doop aan ’n kinderhuiskind ouer as 7 jaar.

17.3.3 Die Algemene Sinode oordeel dat by die doop van en daarna by die nagmaalbediening aan ’n kinderhuiskind die begeerte eers van die kinderhuiskind self moet kom en dat kerkrade daarteen moet waak dat ander oorweginge nie ’n aanleidende rol speel nie. Net soos alle kinderhuiskinders bo 7 jaar nie sonder meer gedoop kan word nie, kan alle dooplidmate nie sonder meer tot die nagmaaltafel toegelaat word nie. Dit is dus nie besluite wat kerkrade sonder die uitgesproke begeerte van die ongedoopte of dooplidmate en sonder die versekering van behoorlike ouerlike of plaasvervangende begeleiding en sorg kan neem nie.

(Handelinge AS 2002, p 567, punt 3.3.2).

**17.4 Doop van kinders uit buiteland**

17.4.1 As lidmate wat net tydelik in die buiteland woon, hul kind in ’n ander gemeente as hul tuisgemeente in Suid-Afrika wil laat doop, moet hulle die skriftelike toestemming van hul tuisgemeente verkry.

17.4.2 As lidmate wat permanent in die buiteland woon en daar by ’n gemeente inskakel, hul kind hier wil laat doop, is die prosedure soos volg:

17.4.2.1 Hulle moet toestemming van hul gemeente in die buiteland kry;

17.4.2.2 Daar word met hulle ’n doopgesprek gevoer.

17.4.3 As lidmate wat permanent in die buiteland woon nie daar by ’n gemeente kan inskakel nie, maar hier wil laat doop, word die volgende prosedure gevolg:

17.4.3.1 Die kerkraad van die gemeente waar hulle wil laat doop, vra hulle attestaat aan van die gemeente waar hulle lidmate was totdat hulle geëmigreer het;

17.4.3.2 Daar word met hulle ’n doopgesprek gevoer;

17.4.3.3 Hulle word tydens die gesprek gevra na die redes waarom hulle nie by ’n gemeente kan inskakel nie, en hulle word aangespoor om wel by ’n gemeente in die buiteland in te skakel.

(Handelinge AS 2002, p 560, punt 5.1.2).

**17.5 Doopgetuies**

Wanneer geeneen van die ouers geregtig is om op die doopvrae te antwoord nie, kan die kerkraad in oorleg met die ouers ’n doopgetuie(s) vind wat genoegsame waarborg kan bied vir ’n Christelike opvoeding van die dopeling.

**17.6 Doop van verbondskinders**

Die kerkraad moet toesien dat die doop van verbondskinders so gou as moontlik aangevra en bedien word.

**17.7 Doop van ‘n kind ouer as sewe jaar**

By die doop van ’n kind ouer as sewe jaar en voor belydenisaflegging:

17.7.1 moet die kerkraad daarvan oortuig wees dat die ouers/doopgetuies se gesindheid en meelewing tans reg is, en die kind wat gedoop moet word, moet in staat wees om, na gelang van die kind se bevatlikheid, 'n eenvoudige belydenis van instemming met die Christelike waarheid af te lê, tesame met 'n getuienis aangaande liefde tot en geloof in Jesus Christus.

17.7.2 Die eenvoudige belydenis word deur die kind slegs by die dooponderhoud afgelê.

17.7.3 Tydens die dooponderhoud word die kind voorberei op die vrae en antwoord slegs met 'n “ja”. Die vrae lui soos volg:

17.7.3.1 Glo jy dat die Bybel die Woord van God is ?

17.7.3.2 Glo jy dat God, die Vader, die Skepper van hemel en aarde is ?

17.7.3.3 Glo jy dat die Here Jesus Christus vir jou sondes gesterf het en dat Hy uit die dood opgestaan het, en het jy Hom lief ?

17.7.3.4 Glo jy dat die Heilige Gees in jou woon en jou lewe nuut maak ?

**17.8 Doop van persone sestien jaar en ouer**

Persone sestien jaar en ouer wat nie gedoop is nie kan gedoop word na openbare belydenis van geloof.

**17.9 Erkenning van doop**

Die doop van iemand uit 'n ander kerkverband word erken as dit geskied het in die Naam van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees; met water bedien is; en deur 'n persoon met bevoegdheid in die betrokke kerkverband bedien is.

**17.10 Doop, herdoop en doopherinnering/doopherdenking**

(Handelinge 1998, bl 417, 10.5 en bl 469-470, 1.3.6)

**Besluite 2011**

**17.11 Doop**

17.11.1 Die Algemene Sinode bevestig ons gereformeerde oortuiging dat die Verbondsdoop uitdrukking gee aan die grondwaarheid van die Evangelie dat God se genade en trou te alle tye ons gelowige aanvaarding daarvan voorafgaan en selfs omsluit.

17.11.2 Die Algemene Sinode vra daarom kerkrade en predikante om die gereformeerde verstaan van die verbondsdoop met oortuiging en deernis te verduidelik en te bevestig, ook aan lidmate wat ander oortuigings oor die doop huldig.

17.11.3 Die Algemene Sinode gee terselfdertyd erkenning aan die feit dat Christelike kerke nie almal dieselfde Doopbeskouing huldig nie, maar dat ons nogtans saam met mekaar deel uitmaak van die Kerk van Christus.

17.11.4 Die Algemene Sinode gee dankbaar erkenning aan lidmate wat ten spyte van hulle ander verstaan van die doop steeds lojaal bly aan die kerkverband en wil hulle verseker dat hulle 'n geestelike tuiste in die NG Kerk het.

17.11.5 Die Algemene Sinode vra opreg verskoning vir lidmate wat op een of ander wyse rondom die doop seergekry het, en nooi hulle uit tot onderlinge gesprek waar daar op pastorale wyse saam oor die saak gesels en gebid kan word.

17.11.6 Die Algemene Sinode verseker lidmate wat die NG Kerk vanweë hulle doopverstaan verlaat het, dat die NG Kerk ’n geestelike tuiste wil wees vir alle kinders van die Here en nooi hulle hartlik uit om hulle regmatige plek in hulle plaaslike NG gemeente in te neem en saam te werk aan die koms van God se koninkryk.

**17.12 Doopherdenking/herinnering**

17.12.1 Vertrekpunte vir gesprek

17.12.1.1 Die Sinode is van oordeel dat die gesprek en beredenering oor die gereformeerde vertrekpunte van die doop deur die jare in die Nederduitse Gereformeerde Kerk deurdag is en ’n rykdom van teologie ontsluit.

17.12.1.2 Die Sinode bevestig weer dat die verbondsteologie sentraal staan in die beredenering van doopherdenking of -herinnering.

17.12.1.3 Die Algemene Sinode bevestig dat in gehoorsaamheid aan die verbondsbelofte van ouers, ouers en die kerk verantwoordelikheid moet aanvaar vir die verbondsonderrig (kategese) van hul gedoopte kinders sodat hulle gelei word tot ’n toe-eiening van die heil (belydenisaflegging) wat nie aan ’n bepaalde ouderdom gekoppel kan word nie (soos tans in die kerkorde vasgestel word), en versoek daarom die Taakspan Kategese om die plek, aard en ouderdom vir belydenisaflegging te ondersoek.

17.12.1.4 Die Sinode besluit om niks by te voeg tot die gesprek oor die doop, kindernagmaal en kategese nie, maar wel net te fokus op die opdrag oor doopviering.

17.12.2 Terminologie

17.12.2.1 Die Sinode besluit dat die kerk eerder die woorde doopherdenking of doopherinnering sal gebruik.

17.12.3 Riglyne vir die herdenking/herinnering

17.12.3.1 Die Sinode bevestig dat die heil altyd en in alle omstandighede gevier moet word.

17.12.3.2 Die Algemene Sinode wys lidmate daarop dat die gereelde viering van die nagmaal die primêre plek van viering is.

17.12.3.3 Die Algemene Sinode bevestig dat die doopherinnering/viering nie as ’n her/weerdoop interpreteer mag word nie, maar direk met die verbonds-/Christelike doop saamhang.

17.12.3.4 Die Sinode besluit dat gemeentes aangemoedig word om geleenthede te skep waar doopherinnering of herdenking deel word van lidmate en gemeentes se verhaal.

17.12.3.5 Die Sinode beveel aan dat sakramentsviering ’n groter rol binne liturgie, kategese en die erediens sal speel.

17.12.3.6 Dit staan Kerkrade ook vry om toepaslike rituele te vestig wat die behoefte van sulke lidmate opvang om simbolies uitdrukking te gee aan hulle sterwe en opstanding saam met Christus. Hierdie rituele is nie Sakramente nie en vervang nie die Verbondsdoop nie.

(Handelinge 2011, pp 163-164)

**Besluite 2013**

**17.13 Doopherinnering / doopherdenking / samehang van sakramente**

17.13.1 Die Algemene Sinode ontvang die verslag as teologiese standpuntinname oor doop en doopherinnering/ -herdenking.

17.13.2 Die Algemene Sinode beveel die verskillende liturgieë by die kerkverband aan.

17.13.3 Die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om moeite te doen om die groter geloofsgemeenskap by die doopprosesse in die gemeente te betrek en daarteen te waak om aparte doopdienste te hou.

17.13.4 Die Algemene Sinode versoek dat daar in die ontwikkeling van kategesemateriaal na ’n groter geïntegreerdheid tussen doop en belydenisaflegging gekyk sal word.

17.13.5 Die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om lidmate gereeld kans te gee om op ’n sinvolle wyse hulle doop op verskillende maniere te herdenk.

(Handelinge 2013)

### 17.14 Doopherinnering en rituele

17.14.1 Hierdie beswaar (Beskrywingspunt (B.15 bl 301) (bl 90 aanbevelings)) word verwys na die Taakspan wat werk oor die samehang van die sakramente.

17.14.2 Die volgende formulerings word aan hierdie taakspan gestuur vir oorweging as reaksie op hierdie beswaarskrif:

17.14.2.1 Die Algemene Sinode neem kennis van hierdie beswaar van die gemeente oor doopherinnering, en gee die gemeente toe op die teologiese beredenering dat die doop en nagmaal nie deur ander geleenthede vervang mag word nie. Tog meen die Sinode dat die beswaar hoofsaaklik gegrond is op 'n interpretasie van 'n woord ("ritueel") in die besluite wat die bedoeling daarmee ver te bowe gaan. Die formulering het bedoel dat daar toepaslike geleenthede geskep sal word vir viering van die heil in Christus.

17.14.2.2 Die Algemene Sinode het begrip daarvoor dat sommige lidmate en gemeentes op teologiese gronde ongemaklik is oor die besluite van die 2011-Sinode rondom die erkenning van kerkrade se hantering van doopvieringspraktyke as addisionele geleenthede. Derhalwe wil die Sinode kerkrade opnuut oproep om ondubbelsinnig die regsinnige gereformeerde teologie van die sakramente te leer en in gemeentes te praktiseer.

17.14.2.3 Die Algemene Sinode besluit om "dooprituele" te ontmoedig omdat doopherinnering deel is van elke doopgeleentheid. Lidmate moet leer leef uit hulle doop. Die Algemene Sinode besluit dat oor doop en nagmaal dieper gepreek en nagedink moet word – as viering van die heil in Christus. Die simboliek en eenvoud van die doop en nagmaal moet opnuut ontdek/ervaar word.

17.14.2.4 Lidmate wat die behoefte het om groot gedoop te word, of wat hulle reeds laat herdoop het, behoort pastoraal begelei te word om saam te soek na die belewing van die wonderlike genade en heil van God. Leraars behoort meer moeite te doen om in die bediening van die sakramente mense se behoefte aan troos en versekering aan te spreek.

(Handelinge 2013)

**Besluite 2015**

### 17.15 Doop en doopviering

17.15.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die ontwikkelinge oor die doop soos hierbo uiteengesit en, in herbevestiging van sy besluite van 2013 oor die sakramente, versoek die Sinode gemeentes om hierdie gesprek te kontinueer, ook aan die hand van die twee genoemde dokumente in die Agenda van die Algemene Sinode van 2013 (bl 93–119) oor doopviering en die samehang van sakramente.

(Handelinge AS 2015, Dag 6, pt 4)

### 17.16 Belydenisdoop

17.16.1 Die Algemene Sinode herbevestig weereens al die jongste besluite (2011; 2013) oor die doop wat die standpunt van die NG Kerk as Gereformeerde kerk tot uitdrukking bring en wys hiermee die gravamen af.

17.16.2 Die Algemene Sinode versoek sinodes om die noue samehang van die sakramente (doop en nagmaal) deurlopend onder aandag van gemeentes te bring, waarin die genade-karakter van die evangelie onomwonde verkondig word (verwys studiestuk van 2013 in hierdie verband).

17.16.3 Die Algemene Sinode besluit om nie weer die moontlikheid van ’n sogenaamde belydenisdoop (wat in die praktyk soos versoek, nie anders as 'n her-doop verstaan kan word nie) verder te oorweeg nie.

17.16.4 Die Algemene Sinode wys daarop dat die onderskeid wat tussen bedienaars van die woord en lidmate gemaak word, nie die gelykwaardigheid van alle ampte negeer nie. Gelykwaardig beteken nie dat hulle dieselfde is nie. Hierdie onderskeid is gebaseer is op die legitimasie van predikante, wat hulle nie alleen die legitimiteit gee om die doop te bedien nie (in onderskeid van ander ampte), maar hulle ook daartoe verbind om lidmate deur leer en voorbeeld voor te gaan in die uitleef van ons Gereformeerde leer.

(Handelinge AS 2015, Dag 6, pt 4)

## 18. DOOP EN NAGMAAL: SAMEHANG VAN DIE SAKRAMENTE IN VERBONDS-TEOLOGIESE PERSPEKTIEF

18.1 Die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om in die *viering* van die sakramente die belydenis van die kerk voor oë te hou en die samehang van die twee sakramente te verreken.

18.2 Die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om in die *kategetiese onderrig* die samehang van die sakramente uit te lig en die kardinale rol daarvan in die proses van geloofsformasie tot sy reg te laat kom.

18.3 Die Algemene Sinode moedig *ouers* aan om in hulle *saamleef met hulle kinders* die troosryke werklikheid van die sakramente na die oppervlak te laat kom in gesprek en lewensvoorbeeld in ooreenstemming met die doopbelofte.

(Handelinge AS 2013)

## 19. NAGMAAL

### 19.1 Oop of geslote

(Handelinge 1994, p 434, punt 27.6)

### 19.2 Gereelde viering van nagmaal

19.2.1 Die Algemene Sinode bevestig ’n vorige besluit dat die volledige Christelike erediens beide Woordbediening en Nagmaalviering insluit.

19.2.2 Die Algemene Sinode moedig gemeentes weer eens aan om nader te beweeg aan die rigting van ’n weeklikse viering van die nagmaal. Die Algemene Sinode doen dit met die oortuiging dat dit die beste Bybelse praktyk is, dat die sakramente maniere is waarop God na ons kom en dat dit ook die Woordbediening kan versterk.

19.2.3 Die Algemene Sinode is daarvan oortuig dat die meer gereelde viering van die nagmaal ’n onbereikte ideaal sal bly indien die gemeente nie die geloof-versterkende nut daarvan beleef nie. Gemeentes en liturge word aangemoedig om die volgende paar jaar besondere erns te maak met die inkleding van die nagmaal.

19.2.4 Die Algemene Sinode aanvaar dat wat betref die hoe van die viering van die nagmaal die gereformeerde tradisie nooit voorskriftelik was nie. Daar is in die gereformeerde tradisie byvoorbeeld verskillende praktyke rondom die kommunie van die gemeente gangbaar. Die Algemene Sinode handhaaf die beginsel van vryheid, en versoek gemeentes om hulle in hul besluite hieroor te laat lei deur die beginsels van die Skrif en die wens dat die gemeente opgebou en gestig sal word deur die viering van die nagmaal.

(Handelinge AS 2002, p 537, punt 2.2.4.2).

**19.3 Nagmaal in kleingroepe**

Aangesien daar by ’n toenemende aantal lidmate ’n behoefte is aan ’n nagmaalsbelewing in kleiner, meer intieme groepe, en daar geen Bybelse beswaar daarteen is nie, besluit die Sinode dat nagmaal voortaan ook in kleingroepe in die gemeente bedien mag word onder dieselfde voorwaardes as wat in die gemeentes as geheel geld.

(Handelinge AS 2002, p 537).

**19.4 Toelating van kinders tot Nagmaal**

19.4.1 Die Algemene Sinode besluit dat

19.4.1.1 gedoopte kinders wat in Jesus Christus glo,

19.4.1.2 aan die vereistes van 1 Kor 11 voldoen, en

19.4.1.3 die begeerte het om nagmaal te gebruik tot die nagmaal toegelaat mag word.

19.4.2 **Praktyk van toelating van kinders by die Nagmaal**

19.4.2.1 Die Algemene Sinode besluit dat ter wille van die goeie orde en eenheid van die kerk die toelating van kinders tot die nagmaal op die volgende wyse geskied:

19.4.2.1.1 Kerkrade besluit wanneer die gemeente daarvoor gereed is. Die Algemene Sinode besluit om kerkrade te versoek om die gemeentes te begelei en toe te rus, en so tot gereedheid te voer vir toelating van kinders tot die gebruik van nagmaal as ’n gesinsmaal. Hierdie leiding moet op ’n pastorale wyse met groot liefde en toewyding gedoen word.

19.4.3 **Ouers se verantwoordelikheid**

19.4.3.1 Ouers het die verantwoordelikheid om hulle kinders voortdurend te begelei en te onderrig in die volle rykdom van die betekenis van die nagmaal, net soos kerkrade die plig het om volwassenes te begelei.

19.4.3.2 Dit is die verantwoordelikheid van elke kerkraad om spesifieke reëlings te tref oor die wyse waarop die toelating plaasvind.

19.4.3.3 Die Algemene Sinode beklemtoon dat ouers hulle kinders moet begelei met die oog op die kinders se deelname aan die nagmaal en om die besondere geleentheid te benut om saam met hulle kinders die nagmaal te gebruik.

19.4.3.4 Die Algemene Sinode versoek kerkrade om deurlopend aandag te gee aan die toerusting en begeleiding van ouers sodat hulle hulle kinders kan begelei in die deelname aan die nagmaal.

19.4.3.5 Die Algemene Sinode besluit:

19.4.3.5.1 By die toelating van kinders tot die nagmaal verval belydenisaflegging as toelatingsvoorwaarde vir die nagmaal.

19.4.3.5.2 Die praktyk van kategese en belydenisaflegging word gehandhaaf in ooreenstemming met die vorige besluite van die Algemene Sinode.

(Handelinge 1998, p 432, 4)

**19.5 Kinders aan die Nagmaalstafel**

19.5.1 Die Algemene Sinode handhaaf sy besluit van 1998 dat gedoopte kinders wat in Jesus Christus glo, aan die vereistes van 1 Kor 11 voldoen, en die begeerte het om nagmaal te gebruik, tot die nagmaal toegelaat mag word.

19.5.2 Die Algemene Sinode keur die volgende aanbevelings van die Moderamen (Agenda 2002 bl 344) as beginsel-standpunt goed:

19.5.2.1 Kerkrade het ’n deurlopende verantwoordelikheid om doop- en belydende lidmate toe te rus en te begelei vir die Christelike leer en lewe.

19.5.2.2 Kerkrade het daarom ook ’n verantwoordelikheid om die besluit van die Algemene Sinode 1998 oor die toelating van kinders tot die nagmaal uit te voer. In hierdie proses moet daar deurlopende begeleiding van ouers en kinders plaasvind, omdat die ouers so ’n belangrike rol by die kind se sinvolle gebruik van die sakrament speel. Kerkrade kan hiervoor die prediking, kategese, die pastorale werk van predikant, ouderling en diaken en ander vorme van begeleiding, inligting en voorligting gebruik.

19.5.2.3 Met betrekking tot die toelating van dooplidmate tot die nagmaal tref elke kerkraad toepaslike reëlings in die lig van plaaslike omstandighede. Wykskerkraadslede en/of kategete kan ook in die opsig saam met die ouers betrek word.

(Handelinge AS 2002, p 552: 15/16).

## 20. RIGLYNE VIR DIE BEDIENING VAN DIE NAGMAAL BUITE DIE EREDIENS

20.1 Dit is die verantwoordelikheid van die plaaslike kerkraad om toe te sien dat die nagmaal ordelik en in ooreenstemming met die Skrif geskied.

20.2 Die nagmaal word, behalwe by hoë uitsondering, in ’n erediens bedien.

20.3 Die kerkraad besluit oor die bediening van die nagmaal in sulke uitsonderlike gevalle.

20.4 Die volgende algemene riglyne word deur die kerkraad gehandhaaf in die bediening van die nagmaal buite die erediens:

20.4.1 Die kerkraad evalueer die meriete van elke aansoek.

20.4.2 Die Woord moet bedien word.

20.4.3 Die ware betekenis van die nagmaal word verduidelik sodat bygeloof uitgeskakel kan word hetsy deur die formulier of andersins.

20.4.4 Minstens een ampsdraer, verkieslik die wyksouderling, woon die nagmaalbediening by. Waar moontlik word gereël dat ander medegelowiges dit ook bywoon sodat die gemeenskapskarakter van die nagmaal bewaar kan bly.

(Handelinge 1994, p 514-515, 4.2)

# DIE ARBEID VAN DIE KERK

## 21. BUITELANDSE BEDIENING

Die besluite van die Algemene Sinode is by die Algemene Sekretaris beskikbaar.

## 22. KERKLIED

### 22.1 Amptelike Liedbundel

Die Algemene Sinode bevestig sy besluit dat die nuwe *Liedboek van die Kerk* die amptelike liedbundel van die NG Kerk is en doen ’n beroep op al die gemeentes om dit met ywer te benut. (Handelinge AS 2002, p. 536, pt 2.1.1.3).

### 22.2 FLAM

22.2.1 Die Algemene Sinode ondersteun die samestelling en werkswyse van Flam.

22.2.2 Algemene Sinode moedig gemeentes aan om gebruik te maak van hierdie teologiese- en musikaal-gekeurde nuwe kontemporêre liedere.

### 22.3 FLAM-MUSIEKUITGEWERS

22.3.1 Die Algemene Sinode ondersteun die samestelling en werkswyse van Flam Musiekuitgewers.

22.3.2 Gemeentes word aangemoedig om die lede van Flam uit te nooi om die liedere in hul gemeentes te kom bekendstel.

### 22.4 FLAM: PRODUKTE EN DIENSTE

22.4.1 Gemeentes en veral skribas word aangemoedig om so spoedig moontlik in te teken op Flam se nuusbrief om sodoende op hoogte te bly van nuwe geleenthede en produkte wat tot voordeel van die kerk kan wees.

22.4.2 Streek- en algemene sinodale vergaderings word aangemoedig om gebruik te maak van Flam se begeleidingsgroep tydens sinodesittings.

### 22.5 VONKK EN FLAM: CCLI

Die Algemene Sinode versoek gemeentes om vir die gebruik van VONKK- en FLAM-liedere by CCLI te registreer en ook erns te maak met die noukeurige rapportering aan CCLI van die VONKK- en FLAM-liedere wat gebruik word.

(Handelinge 2011, p 84, pt 23)

## 23. OUTEURSREG EN SANGBUNDELS

23.1 Die Algemene Sinode bevestig sy besluit dat die nuwe *Liedboek van die Kerk* die amptelike liedbundel van die NG Kerk is en doen ’n beroep op al die gemeentes om dit met ywer te benut.

23.2 die Algemene Sinode moedig gemeentes aan wat liedere elektronies projekteer, om te verseker dat die nodige lisensie(s) uitgeneem is en jaarliks hernu word.

(Handelinge AS 2002, p 536, pt 2.1.1.3 en p 573, pt 8.3).

## 24. KERKLIKE LIDMAATSKAP

**Besluite 1998**

24.1 Die Algemene Sinode bevestig dat dooplidmate en belydende lidmate op grond van die verbond volledig lidmate van die kerk is.

24.2 Die Algemene Sinode handhaaf die praktiese onderskeiding van dooplidmate en belydende lidmate om uitdrukking te gee aan die verskil in verantwoordelikhede rondom lidmaatskap. (2019 het die besluit verander)

24.3 Die Algemene Sinode besluit dat oordrag van lidmaatskap van een gemeente na ’n ander by wyse van attestaat sal geskied. Die attestaat is ’n getuigskrif van die kerkraad oor die lewe en leer van ’n belydende lidmaat tydens sy/haar verblyf in die gemeente. Die naam van ’n lidmaat wat gedoop is, word saam met dié van sy/haar ouer(s) op die attestaat vermeld. Indien dit nie moontlik is nie, word ’n doopattestaat uitgereik as getuienis dat die lidmaat gedoop is en, indien moontlik, te getuig oor die lewe en leer van die lidmaat.

24.4 Die Algemene Sinode besluit dat die kerkraad die attestaat van die lidmaat in ontvangs neem en die pastorale verantwoordelikheid vir die lidmaat moet aanvaar. As sodanig het die kerkraad toesig oor die lewe en leer van die lidmaat. Die kerkraad moet toesien dat die lidmaat aktief meeleef in die gemeente deur sy/haar gawes beskikbaar te stel tot opbou van die gemeente en die uitbou van die koninkryk van God in die wêreld.

(Handelinge 1998, p 454, pt 4).

**Besluite 2002**

24.5 Die Algemene Sinode aanvaar die volgende uitgangspunte vir die hantering van kerklike lidmaatskap:

24.5.1 Insluiting in die verbond (soos deur die doop bekragtig) is die grond vir volledige lidmaatskap.

24.5.2 Lidmaatskap van ’n gemeente (nie noodwendig die een binne wie se geografiese grense gewoon word nie) is verpligtend.

24.5.3 By watter gemeente ingeskakel word, is *primêr* die verantwoordelikheid van die lidmaat.

24.5.4 Gemeentes bly geografies ingedeel sovêr die geografiese gebied verstaan word as daardie gebied waarvoor die gemeente die institusionele verantwoordelikheid aanvaar om daar die koninkryk van God op elke terrein te bevorder.

24.6 Die Algemene Sinode handhaaf die gebruik om gemeentes geografies af te baken.

24.7 Die Algemene Sinode besluit dat die formele aflegging van geloofsbelydenis ingeklee word as ’n getuienis van persoonlike geloof in Jesus Christus, onderskrywing van die Gereformeerde leer soos vervat in die Ou- en Nuwe Testament en die artikels van die Christelike geloof en gereedheid om leiding te neem in die gemeente.

24.8 Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Algemene Jeugkommissie om toe te sien dat die kategetiese materiaal doelgerig aandag gee aan leerstellinge en praktiese toerusting van lidmate om hulle diensverantwoordelikheid in die gemeente en gemeenskap te kan aanvaar.

24.9 Die Algemene Sinode besluit dat die onderskeid tussen doop- en belydende lidmaatskap nie dui op dubbele lidmaatskap nie, maar slegs ’n onderskeid in die proses van lidmaatskap ontwikkeling aandui.

24.10 Omdat die ontwikkeling na belydende lidmaatskap gepaard gaan met die gereedheid om meerdere verantwoordelikheid tot diens leiding in die gemeente te aanvaar, besluit die Algemene Sinode dat slegs belydende lidmate tot die ampte (diens, leierskap) gekies word.

24.13 Lidmate van ander kerke wat versoek om in te skakel, word hanteer in terme van bestaande besluite van die Algemene Sinode. Waar sulke persone se doop erken word, kan hulle inskakel in die gemeente en deelneem aan die sakramente.

24.14 Die Algemene Sinode besluit om die volgende Begripverklaring oor kerklike lidmaatskap in Die *Kerkorde* op te neem: Die term *kerklidmaat* of *lidmaat* is ’n aanduiding van ’n bepaalde band tussen ’n gemeente en ’n indiwidu waarvolgens die gemeente van Jesus Christus die individu as deel van daardie gemeente se verbondsverhouding met die drie-enige-God aanvaar en waarvolgens die individu deelneem aan die diens van die gemeente aan God, medemens en skepping. ’n *Dooplidmaat* in hierdie verband is ’n lidmaat wat gedoop is, maar nog nie belydenis van geloof afgelê het nie. ’n *Belydende lidmaat* is ’n lidmaat wat in ’n erediens belydenis van geloof afgelê het. Hierdie onderskeiding dui nie op dubbele lidmaatskap nie, maar is slegs aanduiding van ’n lidmaat se gereedheid tot aanvaarding van meerdere verantwoordelikheid in leidinggewende verband in ’n gemeente as belydende lidmaat.

24.15 Die Algemene Sinode besluit dat belydende lidmaatskap deur ’n tughandeling beëindig kan word as uiterste stap van tug. So ’n persoon kan slegs deur belydenis van geloof weer belydende lidmaat word nadat die tug opgehef is.

## Riglyne vir Praktiese hantering van lidmaatskap

24.17 Persone kan binne geografiese grense van ’n bepaalde gemeente *intrek* en lidmaatskap van daardie gemeente verlang.

24.17.1 Lidmate handig self hulle attestate by die nuwe gemeente in of versoek die administratiewe amptenaar van die gemeente om dit van die vorige gemeente aan te vra.

24.18 Persone kan binne die geografiese grense van ’n gemeente *intrek en lidmaatskap van ’n ander gemeente verlang*.

24.18.1 Gemeentes behoort nie sonder meer sulke lidmate te verwelkom as die motivering vir hulle keuse om in te skakel verband hou met slegte verhoudings tussen die persoon(-ne) en iemand anders in die gemeente vanwaar hulle kom nie. In so ’n geval moet die kerkraad deur pastorale begeleiding die saak hanteer en in die reine bring.

24.18.2 Gemeentes behoort net lidmate van buite hulle geografiese grense te aanvaar indien dit prakties moontlik is om sulke lidmate te bedien waar hulle woon en dit vir sulke lidmate prakties moontlik is om aktiewe lidmate te wees van die geloofsgemeenskap. (’n Uiterste voorbeeld illustreer dit: Dit sal bv. onprakties en onaanvaarbaar wees as ’n lidmaat van Laingsburg sou besluit om by Roodepoort in te skakel. Die kerkraad van Roodepoort sou in die geval van so ’n versoek om erkenning as lidmaat dit alleen kon aanvaar as die kerkraad die vermoë het om die lidmaat in Laingsburg te versorg en as die lidmaat in Laingsburg die vermoë het om in te skakel by die gemeente-aktiwiteite in Roodepoort.)

24.18.3 Lidmate versoek skriftelik die gemeente waar hulle wil inskakel om as lidmate aanvaar te word en verskaf die nodige dokumentasie soos attestate en doopbewyse waar nodig. Die gemeente wat so ’n aansoek ontvang kan lidmate help met die verkryging van hierdie dokumente.

24.18.4 Kerkrade wat ’n lidmaat van buite die gemeentegrense ontvang, gee daarvan kennis aan die kerkraad van die gemeente waar die lidmaat woon.

24.19 Persone kan binne die geografiese grense van ’n bepaalde gemeente *intrek en verlang om lidmaat te bly van die gemeente waar hulle lidmaat was*.

24.19.1 Kerkrade wat ’n lidmaat van buite die gemeentegrense ontvang, gee daarvan kennis aan die kerkraad van die gemeente waar die lidmaat woon.

24.20 Persone kan vir ’n *tydperk lidmaat van* ’n *bepaalde gemeente wees* (hetsy omdat hulle binne die grense woon of oor grense lidmaatskap bekom het) *en besluit om lidmaat van* ’n *ander gemeente te word*.

24.20.1 Lidmate moet die kerkraad waar hulle lidmaat is daarvan in kennis stel met opgaaf van redes. Indien die kerkraad bevind dat die redes vir verandering van lidmaatskap nie kwaadwillig is nie, kan die attestaat na die nuwe gemeente oorgeplaas word.

(Handelinge AS 2002, p 559)

# 25. KERKLIKE MEDIA

## DIE BEDRYF VAN KERKLIKE MEDIA

### 25.1 INLEIDING

Die Bybel-Media Groep van Maatskappye ("die Groep") hanteer die bedryf van kerklike media.

## 25.2 ORGANISASIE

25.2.1 Die Groep bestaan uit die volgende Artikel 21-maatskappye: Bybel-Media, Bybel- Media Handel en die Tydskriftemaatskappy van die NG Kerk.

25.2.2 Die ledevergaderings van die Groep het dieselfde personeel as die personeel van die Moderamen van die Algemene Sinode van die NG Kerk en wys op aanbeveling van die uittredende direksies die lede van die onderskeie direksies aan. Die ledevergaderings konstitueer afsonderlik ooreenkomstig die statute van die onderskeie maatskappye.

25.2.3 Die ledevergaderings van die Groep sal so gou as moontlik ná elke gewone sitting van die Algemene Sinode die lede van die direksies van die Groep aanwys. Die direksies word saamgestel soos wat die aktes en statute van die onderskeie Artikel 21-maatskappye bepaal. Lede sal kollektief oor bewese kundigheid beskik ten opsigte van mediabehoeftes en mediabeleid asook van die bestuur en finansies van die mediabedryf.

25.2.4 Ander persone wat by die kerklike media-aktiwiteite of kommunikasie-aktiwiteite betrokke is, kan op uitnodiging direksievergaderings bywoon.

## 25.3 OPDRAG

Die Direksies

25.3.1 voer hulle opdrag uit ooreenkomstig die bepalings van die aktes en statute van die onderskeie Artikel 21-maatskappye van die Groep;

25.3.2 streef daarna dat die evangelie in sy volle omvang en toegepas op alle lewensbehoeftes aan almal gebring word deur gebruikmaking van geskikte media;

25.3.3 verseker dat hierdie bediening op ’n doeltreffende, ekonomiese en ekumeniese wyse plaasvind;

25.3.4 sal strategieë daarstel om met die kerkverband in gesprek te wees oor mediabehoeftes;

25.3.5 toesien dat doeltreffende kanale vir die kommunikasie van kerklike inligting beskikbaar is;

25.3.6 doen aan die ledevergadering verslag oor die stand van die kerklike mediabediening;

25.3.7 stel die uitvoerende hoof van die Groep en die redakteur van die amptelike lyfblad van die NG Kerk aan, ná advies van die Moderamen tov die kortlys van benoemdes vir die onderskeie poste.

(Handelinge AS 2013)

# 26. RIGLYNE VIR VERGOEDING AAN WERKGEWERS

**Besluite 2002**

26.1 Vanweë die aard van die NG Kerk as ’n kerkverband en nie net losstaande gemeentes nie, kan van kerkrade en gemeentes verwag word om hulle leraars en ook kerkraadslede beskikbaar te stel vir diens in die kerkverband (ring, sinode en Algemene Sinode).

26.2 Wanneer ’n predikant ’n buitengewone deel van sy/haar dienstyd in die diens van die kerkverband bestee, kan die kerkraad en die betrokke kommissie(s) met mekaar in gesprek tree oor kompenserende vergoeding aan die kerkraad of moontlike ander reëlings – die kerkraad of die betrokke kommissie neem die

inisiatief. Onderhandelinge oor kompenserende vergoeding moet vroegtydig gereël word.

26.3 Vergaderinge en kommissies van die kerkverband moet toesien dat die werk wat deur ’n predikant in kerkverband gedoen word nie ten koste van sy/haar gemeentewerk geskied nie. Indien dit wel gebeur, moet die kommissie(s) eers ’n poging aanwend om die werk te verdeel alvorens daar om kompenserende vergoeding gevra word en met ’n behoorlike motivering die nodige goedkeuring verkry word.

26.4 Kommissies kan in oorleg met die verantwoordelike kommissie reël om ’n spesiale vergoeding aan ’n persoon te betaal vir die verrigting van besondere dienste aan ’n kommissie. Hiervoor moet voorsiening gemaak word in die begroting van die kommissie.

26.5 Waar nodig, behoort persone wat dienste vir ’n kommissie van die kerkvergadering lewer, deur die kerkvergadering van ’n administratiewe infrastruktuur voorsien te word, waaronder die vergoeding vir sekretariële dienste, fotokopiëerkoste, telefoon- en fakskostes.

26.6 Billike vergoeding vir reis- en verblyfkoste en daggelde aan persone wat in kommissies van die kerkverband dien, behoort betaal te word.

(Handelinge AS 2002, p 570, pt 8.10.2.3).

**Besluit 2011**

**26.7 Fondse: inkoop van dienste**

Die Algemene Sinode besluit om die inkoop van dienste tot uitgawes van funksionarisse te beperk. Leraars wat vir bepaalde dienswerk verkies word, moet dit binne die riglyn van 10% van hulle tyd aan die kerkverband uitvoer. Taakspanne van die Algemene Sinode moet so funksioneer dat hulle hulle personeel binne hierdie riglyn aanwend.

(Handelinge 2011, p 110, pt 23)

# KERKLIKE OPSIG EN TUG

## 27. RIGLYNE VIR DIE BESLEGTING VAN KERKLIKE GESKILLE

27.1 Ampsdraers en lidmate poog allereers om onderlinge konflik op ’n persoonlike en pastorale wyse op te los.

27.2 ’n Kerkvergadering kan, waar konflik onder sy aandag kom, persone benoem om die oplossing daarvan te begelei.

27.3 Oplossing word bereik wanneer:

27.3.1 ’n alternatief as oplossing vir die probleem gevind is wat vir al die betrokkenes aanvaarbaar is, of

27.3.2 die betrokkenes ooreenkom om ruimte vir mekaar te maak om van mekaar te kan verskil en met mekaar versoen.

27.4 In die hantering van konflik geld onder meer die volgende:

27.4.1 Duidelikheid moet verkry word oor die presiese aard en omvang van die konflik.

27.4.2 Alle betrokkenes moet volle geleentheid kry om hulle siening van die saak te stel.

27.4.3 Die begeleier(s) tree altyd so op dat hy/sy nie by die konflik betrokke raak nie.

27.4.4 Alle betrokkenes behoort hulle volle samewerking te gee om ’n oplossing te bereik.

27.4.5 Die begeleiers rapporteer aan die kerkvergadering wat hulle benoem het.

27.4.6 ’n Kerkvergadering kan ook ’n ander kerkvergadering vra om die hantering van die konflik oor te neem.

(Handelinge 1998, p 462, pt 2.10)

# BETREKKINGE VAN DIE KERK NA BUITE

## 28. SUID-AFRIKAANSE HANDVES VAN GODSDIENSREGTE EN -VRYHEDE

**(Soos onderskryf op 21 Oktober 2010)**

**Aanhef**

28.1 AANGESIEN mense die inherente waardigheid, vermoë en behoefte het om te glo en hulle oortuigings in ooreenstemming met hulle basiese geloofstekste, -leerstellings of -tradisies te organiseer; en

28.2 AANGESIEN hierdie vermoë en behoefte mense se lewens bepaal en waardig is om beskerm te word; en

28.3 AANGESIEN geloofsoortuigings die hele lewe, insluitende die staat, omvat, en die grondwetlike erkenning en beskerming van die reg op vryheid van godsdiens en gewete ’n belangrike meganisme is waardeur die verhouding tussen die staat en godsdiens billik gereguleer word, en

28.4 AANGESIEN godsdiensinstellings daarop geregtig is om binne ’n regstaat erkenning, beskerming en samewerking te geniet as instellings wat gesag oor hulle eie sake het; en

28.5 AANGESIEN erken word dat regte die ooreenstemmende plig op almal in die samelewing lê om die regte van ander te eerbiedig; en

28.6 AANGESIEN die staat deur sy regeringsinstellings die verantwoordelikheid het om regverdig, konstruktief en onpartydig te regeer in belang van almal in die samelewing; en

28.7 AANGESIEN geloofsoortuigings ons begrip van geregtigheid, liefde, meegevoel, kulturele diversiteit, demokrasie, menswaardigheid, gelykheid, vryheid, regte en verpligtinge kan verdiep, asook ons begrip van die belangrikheid van gemeenskap en verhoudings in ons lewens en in die samelewing, en daarom in almal se belang kan wees; en

28.8 AANGESIEN die erkenning en effektiewe beskerming van die regte van godsdiensgemeenskappe en -instellings sal bydra tot ’n gees van wedersydse respek en verdraagsaamheid tussen die mense van Suid-Afrika; en

**DAAROM WORD die volgende Suid-Afrikaanse Handves van Godsdiensregte en -Vryhede hiermee aangeneem:**

28.9 Elke persoon het die reg om volgens hulle eie godsdienstige of filosofiese oortuigings (hierna oortuigings) te glo en te kies watter geloof, wêreldbeskouing, godsdiens, of godsdiensinstelling om te onderskryf, daarby te affilieer of daaraan te behoort.

28.10 Niemand mag gedwing word om te glo, wat om te glo of wat om nie te glo, of teen hulle oortuigings te handel nie.

28.10.1 Elke persoon het die reg om van geloof, godsdiens, oortuiging of godsdiensinstelling te verander, of ’n nuwe godsdiensgemeenskap of godsdiensinstelling te vorm.

28.10.2 Elke persoon het die reg dat hulle oortuigings redelik geakkommodeer word.

28.10.3 Elke persoon het die reg om op grond van hulle oortuigings te weier om (a) bepaalde pligte uit te voer, of deel te neem aan sekere handelinge of dit indirek te assisteer, byvoorbeeld van militêre of opvoedkundige aard, of (b) bepaalde dienste te lewer of daarvoor te verwys, insluitende mediese of verwante (insluitende farmaseutiese) dienste of prosedures.

28.10.4 Elke persoon het die reg dat hulle godsdienstige of ander oortuigings in ag geneem word by die ontvangs of weerhouding van mediese dienste.

28.10.5 Geen persoon mag aan enige vorm van dwang of indoktrinasie onderwerp word wat hulle godsdiens, geloof of wêreldbeskouing kan vernietig, verander of in gevaar stel nie.

28.11 Elke persoon het die reg op die staat se onpartydigheid en beskerming met betrekking tot godsdiens.

28.11.1 Die staat moet ’n positiewe en veilige omgewing vir die uitlewing van godsdiensvryheid skep, maar mag nie ’n spesifieke geloof, godsdiens of oortuiging bevorder of onregmatig bevoor- of benadeel nie en mag niemand indoktrineer met betrekking tot godsdiens nie. In die goedkeuring van enige plan vir die ontwikkeling van grond moet die staat godsdienstige behoeftes in ag neem.

28.11.2 Daar mag teen niemand op grond van hulle geloof, godsdiens, oortuigings of godsdienstige affiliasie onbillik gediskrimineer word nie.

28.12 Onderworpe aan die plig van redelike akkommodasie en die behoefte aan die lewering van noodsaaklike dienste, het elke persoon die reg op die private of openbare, en individuele of gesamentlike beoefening of uitlewing van hulle oortuigings, wat die lees en bespreking van gewyde tekste, belydenis, verkondiging, aanbidding, gebed, getuienislewering, orde, kleredrag, voorkoms, dieet, gebruike, rituele en pelgrimstogte, en die onderhouding van gewyde dae, rusdae, feeste en seremonies kan insluit maar nie daartoe beperk is nie.

28.12.1 Elke persoon het die reg op private toegang tot heilige plekke en begraafplekke relevant vir hulle godsdienstige of ander oortuigings. Sodanige toegang, en die bewaring van sodanige plekke, moet ooreenkomstig die reg gereguleer word en met behoorlike inagneming van eiendomsregte.

28.12.2 Elke persoon het die reg om met ander te assosieer, en godsdienstige en ander verenigings, -instellings en -genootskappe te stig, in stand te hou en daarby aan te sluit, godsdienstige samekomste en ander gesamentlike aktiwiteite te reël en plekke van aanbidding, waarvan die heiligheid eerbiedig moet word, daar te stel en te onderhou.

28.12.3 Elke persoon het die reg om binne die land en internasionaal met individue en instellings oor godsdienstige en ander sake te kommunikeer; en te reis, hulle te besoek, met hulle te vergader en in verhoudings of assosiasies met hulle te tree.

28.12.4 Elke persoon het die reg op enkelgeloof godsdiensbeoefening en godsdienstige uitdrukking en handelinge in staats- en staatsondersteunde instellings, solank sulke beoefening, uitdrukking en handelinge reëls nakom wat deur die toepaslike openbare gesag gemaak is, en solank dit op ’n billike grondslag geskied en die bywoning daarvan vry en vrywillig is.

28.13 Elke persoon het die reg om tradisies en stelsels van godsdienstige persone-, huweliks- en familiereg wat met die Grondwet strook, te onderhou. Wetgewing wat met die Grondwet strook, mag aangeneem word om huwelike wat kragtens

enige tradisie, of 'n stelsel van godsdiens-, persone- of familiereg, aangegaan is, te erken, of om stelsels van persone- of familiereg kragtens enige tradisie, of wat nagevolg word deur persone wat 'n besondere godsdiens aanhang, te erken.

28.14 Elke persoon het die reg op vryheid van uitdrukking met betrekking tot godsdiens.

28.14.1 Elke persoon het die reg om (a) op godsdienstige gronde standpunte na buite in te neem en aan openbare debat deel te neem, (b) godsdienstige publikasies en ander materiaal te produseer en te versprei, en (c) akademiese navorsing en verwante handelinge te onderneem in ooreenstemming met hulle oortuigings.

28.14.2 Elke persoon het die reg om hulle oortuigings met 'n ander gewillige persoon te deel.

28.14.3 Elke godsdiensinstelling het die reg op toegang tot openbare media, welke toegang billik gereguleer moet word.

28.14.4 Elke persoon het die reg op godsdienstige waardigheid, wat insluit om nie op grond van hulle geloof, godsdiens, oortuigings of godsdienstige handelinge geviktimiseer, bespot of belaster te word nie. Geen persoon mag haat wat op godsdiens gebaseer is en wat aanhitsing tot dreigende geweld of om fisiese skade te berokken, uitmaak, verkondig nie.

28.15 Elke persoon het die reg om ooreenkomstig hulle godsdienstige of filosofiese oortuigings opgevoed te word, of hulle kinders daarvolgens op te voed of te laat opvoed.

28.15.1 Die staat, wat enige openbare skool insluit, het die plig om hierdie reg te respekteer en ouers hieroor in te lig en te raadpleeg. Ouers mag hulle kinders van skoolaktiwiteite of -programme onttrek wat strydig met hulle godsdienstige of filosofiese oortuigings is.

28.15.2 Elke openbare opvoedkundige instelling mag 'n bepaalde godsdienstige of ander etos aanneem, so lank dit op 'n billike, vry en vrywillige en nie-diskriminerende basis beoefen word, en met behoorlike inagneming van die regte van minderhede.

28.15.3 Elke private opvoedkundige instelling wat op die basis van 'n bepaalde godsdiens, filosofie of geloof daargestel is, mag sy godsdienstige of ander oortuigings met alle kinders deel wat by daardie instelling geregistreer is, en mag weier om enige ander godsdiens of oortuiging te bevorder, te onderrig of te beoefen. Kinders wat by die instelling geregistreer is (of hulle ouers) en wat nie die godsdienstige of ander oortuigings onderskryf wat in daardie instelling beoefen word nie, doen afstand van hulle reg om nie aan die godsdienstige handelinge van die instelling deel te neem nie.

28.16 Elke persoon het die reg om op 'n vrywillige grondslag godsdienstige onderwys, opleiding en onderrig te ontvang en te verskaf. Die staat mag sodanige onderwys, opleiding en onderrig subsidieer.

28.17 Elke godsdiensinstelling het die institusionele reg op godsdiensvryheid.

28.17.1 Elke godsdiensinstelling het die reg om (a) hulle eie belydenisse, leerstellinge en kerklike ordes vas te stel, (b) oor alle leerstellige en kerkordelike sake self te besluit en, (c) in ooreenstemming met die beginsels van verdraagsaamheid, billikheid en verantwoordingspligtigheid, hulle eie interne sake te reël, insluitende organisatoriese strukture en prosedures, die bevestiging, diensvoorwaardes, dissiplinering en ontslag van ampsdraers en lede, die

aanstelling, diensvoorwaardes en ontslag van werknemers en vrywillige werkers, en lidmaatskapvereistes.

28.17.2 Elke godsdiensinstelling word erken en beskerm as ’n instelling wat gesag het oor sy eie sake en teenoor wie die staat, deur sy regeringsinstellings, die verantwoordelikheid het om regverdig, konstruktief en onpartydig te regeer in belang van almal in die samelewing.

28.17.3 Die staat, insluitende die regbank, moet die gesag van elke godsdiensinstelling oor sy eie sake eerbiedig en mag nie leerstellige en kerkordelike sake reguleer of voorskryf nie.

28.17.4Die vertroulikheid van die interne sake en kommunikasie van godsdiens-instellings moet eerbiedig word. Die gepriviligieerde aard van enige godsdienstige kommunikasie wat met die verwagting van vertroulikheid gemaak is, moet in regsprosesse eerbiedig word sover die belang van geregtigheid dit toelaat.

28.17.5Elke godsdiensinstelling is onderworpe aan die reg van die land. ’n Godsdiens-instelling moet enige nie-nakoming van ’n wet wat uit die uitoefening van die regte in hierdie Handves spruit, kan regverdig.

28.18 Die staat mag aan godsdiensinstellings wat as regspersone kwalifiseer belasting-, liefdadigheids- en ander voordele toestaan.

28.19 Elke persoon het die reg om vir godsdienstige doeleindes en in die bevordering van hulle doelstellings, vrywillige finansiële en ander vorme van ondersteuning en bydraes te werf, te ontvang, te bestuur, toe te wys en te spandeer. Die vertroulikheid van sulke ondersteuning en bydraes moet eerbiedig word.

28.20 Elke persoon het die reg om op godsdienstige of ander gronde en in ooreenstemming met hulle etos, en ongeag of geregtigheids-, ontwikkelings-, welsyns- en liefdadigheidswerk in die gemeenskap te doen, liefdadigheids- en welsynsorganisasies te stig, te onderhou en daartoe by te dra, en fondse vir hierdie doel te werf, te ontvang, te bestuur, te versprei en te spandeer.

## 29. KERKHERENIGING

**Besluite 2013**

### 29.1 THE ROAD MAP TO CHURCH REUNIFICATION: DRC – URCSA

**REQUIREMENTS**

| | | |
|---|---|---|
| Spirituality | Discernment | Obedience |
| Commitment | Capacity | Innovation |
| Consent | Mandatory power | Timeous |
| Co-operation | Delegation | Inclusiveness |
| Co-ownership | Vision | Communicative intent |
| Expertise | Purposeful | Credibility |

**Stage 1:** Point of departure. Signing of *Memorandum of Agreement* by Executives and ratification by General Synods. End of stage 1: October 2013

**Stage 2:** Formal decision taken by General Synods or General Synodical Commission mandated by General Synod to start the church orderly process to church reunification.

An urgent effort to be made to get the two other churches in the DRC-family on board before proceeding to stage 3.

**Stage 3:** Convene joint meetings of the churches' Executives, Moderatures and/or Synodical Commissions and continue to do so.

**Stage 4:** General Synods of the churches mandate the following commissions to act on their behalf *ad interim*: (a) The Leadership of the Churches (Executive, Moderamen and/or General Synodical Commission) to take preliminary or in principle decisions on behalf of the Church and report back to General Synod; (b) The Steering Committee for Church Reunification constituted by a majority of members not acting in the Leadership. The Steering Committee must be composed to ensure continuity and credibility, to maintain objectivity and to dispose of persuasiveness; (c) The Task Teams, among a Church Order Commission responsible for the drafting of an Common Set of Rules (Tussenorde) for the Churches [see foot note], the Concept Church Order for a Reunited Church and the obtaining of legal advice from a Panel of Legal Advisors. The principles already agreed on in the *Memorandum of Agreement* must be contained in the Concept Church Order (organic synodical-presbyterial structure, missional structure, diversity of language and culture, unification of congregations, presbyteries and synods, the autonomy of the local congregation combined with the authority of the presbytery, synod and General Synod and the confessional basis with the inclusion of the Belhar Confession).

**Stage 5:** Convene a joint General Synod, take joint decisions regarding church reunification and related issues, and ratify decisions by own General Synod. First joint General Synod may coincide with a General Ministers Conference. First General Synod shall be a celebration and festive occasion. In future general synodical meetings will take place on the same date and at the same venue. Joint decisions will be taken and be ratified as soon as possible afterwards in own meeting.

**Stage 6:** Report back to the General Synods (jointly and separately) on the Common Set of Rules, on proposed amendments to the existing Church Orders to make church reunification church orderly and legally possible, and on the Concept Church Order. General Synods take the decision to approve, apply and later to amend the Common Set of Rules. The Common Set of Rules has authority over the Churches' own Church Order on a spelled-out issue.

**Stage 7:** All Synods and Congregations enjoy the opportunity to respond to the content of the Concept (Draft) Church Order by making their proposal and/or accepting it in principle. A time frame is set within which to respond.

The final draft for the Concept Church Order is approved by the Churches' Synods and Church Councils/Consistories, with the approbation/consent of the members of the Congregation. A time frame is set for this action. The decision of each Church Council and Synod, taken in terms of the applicable Church Order, is conveyed to existing General Synods of the Church.

**Stage 8:** The General Synod of the Church takes a final decision to reunite and approve the Concept Church Order with a two-thirds majority.

The General Synod of the Church takes the necessary transitional decisions regarding the transfer of activity, property, funds, etc.

The General Synod of the Church takes a decision to dissolve the General Synod as meeting (not as juristic person, that may continue to exist) and appoints delegates to a Conventus and the General Synod of the Reunited Church.

**Stage 9**: The Conventus convenes on the date and time set forth by the Steering Commission. Report back from the General Synods of the Churches is given and the Church Order of the proposed Reunited Church is approved.

**Stage 10**: The General Synod of the Reunited Church is constituted.

**FOOT NOTE: COMMON SET OF RULES**

1. The *Common Set of Rules* is provided to serve the process of reunification and represents an important phase in the process of the churches to know each other, while experiencing and growing together in unity, reconciliation and justice.
2. The *Common Set of Rules* is a set of church orderly provisions which gives a legal base to cooperation between the churches on the road to reunification.
3. The *Common Set of Rules* does not remove/abrogate the articles, regulations or rules of the churches. The articles, regulations or rules stated in the church order are applicable as they stand, except in case where the common set of rules specifically makes room for exceptions.

**29.2 VERDERE BESLUITE OOR KERKHERENIGING**

29.2.1 Die Algemene Sinode is dankbaar oor die vordering in die gesprek en verhouding met die VGKSA en onderskryf die werk van die Moderamen in die verband.

29.2.2 Die Algemene Sinode keur die Memorandum van Ooreenkoms met die VGKSA sovêr dit kerkordelik en regtens haalbaar is.

29.2.3 Die Algemene Sinode keur die *roetekaart* vir 'n kerkherenigingsproses goed sovêr dit kerkordelik en regtens haalbaar is.

29.2.4 Die Algemene Sinode bevestig dat sinodes, ringe en gemeentes hulle selfstandigheid en verantwoordelikheid ten opsigte van besluitneming en bedieningstrukture in 'n nuwe kerkverband mag behou.

29.2.5 Die Algemene Sinode keur die beoogde Algemene Predikantekonferensie goed en versoek die kerkverband om dit moontlik te maak vir leraars om teenwoordig te wees.

29.2.6 Die Algemene Sinode keur die daarstel van 'n Loodskomitee vir Kerkhereniging en 'n Taakspan vir 'n Tussenorde en Konsepkerkorde goed, en dra die samestelling daarvan aan die moderamen op.

29.2.7 Die Algemene Sinode spreek weereens sy wens uit dat al vier kerke van die NG Kerkfamilie in een kerkverband moet tuiskom en dra dit aan die Moderamen op om in die onderhandelinge met die VGKSA asook die NGKA en die RCA alles moontlik te doen om dit moontlik te maak.

(Handelinge 2013)

## AKTUELE EN ETIESE SAKE

### 30. BEDIENING VAN BEVRYDING

**Besluite 2011**

30.1 Die Algemene Sinode bely met blydskap die oorwinning van Jesus Christus oor al die manifestasies van die duiwel, bose magte, boosheid en kwaad in hierdie wêreld.

30.2 Die Algemene Sinode aanvaar dat hierdie oorwinning in baie gevalle nog nie ten volle sigbaar is nie, dat ons dikwels oorweldig is deur hierdie boosheid wat groter is as onsself, ook juis weens die swakheid van die mens, die verleiding van die sonde en die gebroke werklikheid.

30.3 Die Algemene Sinode aanvaar daarom dat ons as kinders van God nog steeds in ’n geestelike stryd gewikkel is teen die boosheid in al sy manifestasies in die wêreld, maar veral teen die kwaad wat in elke mens skuil.

30.4 Die Algemene Sinode bevestig weer eens dat dit van uiterste belang is dat die kerk sal leef vanuit die geloofsperspektief dat, hoewel die Bose gelowiges steeds bedreig soos ’n brullende leeu en versoek soos ’n engel van die lig, die bose deur die lewe, sterwe en opstanding van Jesus en die uitstorting van God se Gees oorwin en aan bande gelê is.

30.5 Daarom meen die Algemene Sinode dat enige sogenaamde bediening van bevryding wat die geloofswaarheid oor die lewe en werk van Jesus en die Gees van God misken, geen bediening van die evangelie is nie en ook geen vryheid bring nie.

30.6 Die Algemene Sinode moedig daarom alle gelowiges aan om deur die krag van die Heilige Gees (in die gees van die oorwinning van Jesus) die boosheid die stryd aan te sê deur spesifiek te fokus op die genadige verlossingswerk van Christus, sodat die kerk die ware kenmerke van Evangeliese gehoorsaamheid (liefde, genade, vergifnis en versoening) sal vertoon.

30.7 Die Algemene Sinode aanvaar die werklikheid dat daar ’n wye diversiteit van interpretasies en toepassing van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Daar is ruimte vir lidmate wat aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone glo, en daar is ruimte vir lidmate wat die Bybelse spreke oor die bose en duiwels anders interpreteer.

30.8 Die Algemene Sinode oordeel dat die getuienis van leraars en lidmate van die NG Kerk dat hulle in hulle bediening wel mense teëgekom het van wie hulle oortuig was dat hulle deur bose magte of demone gedemoniseer was – en ook hulle getuienis dat ’n bediening van bevryding baie van hierdie mense van kwellings, vreesagtigheid, haat teenoor God en sy gebod bevry het – nie sonder meer afgewys moet word nie. Die Sinode aanvaar dat daar verskillende interpretasies is oor die werklikheid al dan nie van gedemoniseerdheid. Dit geld ook vir die interpretasie oor wie en wat agter bepaalde bevrydinge lê.

30.9 In die lig daarvan is dit die oordeel van die Algemene Sinode dat ’n bediening van bevryding as ’n buitengewone bedieningshandeling onder bepaalde voorwaardes toegelaat sou kon word eerder as om dit geheel en al te verbied. Die voorwaardes waaronder so ’n bediening toegelaat sou kon word, hou in dat:

30.9.1 die bediening van bevryding as ’n buitengewone bediening beoefen sal word en nie as deel van ’n roetine-pastoraat nie;

30.9.2 dit onder toesig van en met rapport aan die kerkraad en die ring gedoen word;

30.9.3 die persoon ook vir mediese evaluering verwys moet word. Daar rus ’n swaar verantwoordelikheid op persone wat so ’n bediening beoefen om mense nie skade te berokken deur siekte (onder meer psigiatriese versteurings) as besetenheid of gedemoniseerdheid te behandel nie;

30.9.4 daar met sorg gewaak word teen ’n animistiese verstaan van die skepping en teen die neiging om te dink daar skuil magiese kragte in sekere voorwerpe; teen lang

konfronterende gesprekke met bose magte, asook teen die gepaardgaande triomfalisme wat straal uit sensasionele byeenkomste van bevryding;

30.9.5 daar verreken moet word dat die Gees van Christus in mense wat aan Christus behoort en sy Naam bely, leef. Bedieningspraktyke wat die algenoegsaamheid van die werk van Christus minag en daarmee die gereformeerde belydenis van die volkome verlossingswerk van die genadige God in Jesus op die spel plaas, word afgewys.

30.10 Die Algemene Sinode besef dat die verskillende kulture in ons land ons duidelik bewus gemaak het van die veel-fasettige aard van die siening oor die Bose; dat daar kontekste is waarin daar ’n werklike vrees vir eksterne bose magte is wat baie mense se lewens oorheers en dat hierdie lewenservaring ernstig opgeneem behoort te word. Die Algemene Sinode moedig daarom sy eie ampsdraers en lidmate aan, wat in sulke kontekste werk, om op verantwoorde wyse besondere aandag hieraan te gee met die doel om die radikale verlossingswerk van Christus met oorgawe te verkondig.

(Handelinge 2011, pp 97-98, pt 18)

**Besluite 2013**

30.11 Die AS vervang die huidige punt 7 van die 2011-besluit met die verbeteringsvoorstel (aangepas) wat die Oostelike Sinode in hul beswaarskrif stel, te wete:

Die AS aanvaar die werklikheid dat daar ’n wye diversiteit van interpretasies en toepassing van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Daar is lidmate wat die persoonlike aard van die duiwel en demone aanvaar, en daar is lidmate wat die nie-persoonlike aard van die duiwel en demone aanvaar. Albei standpunte erken die realiteit van die bose.

(Handelinge AS 2013)

## 31. EKOLOGIE

**Besluite 2013**

31.1 Die Algemene Sinode aanvaar die dokument *Ter wille van die aarde en haar bewoners* as ’n raamwerkdokument.

31.2 Die Algemene Sinode moedig lidmate, gemeentes, ringe en sinodes aan om in hulle funksionering en bedieninge:

31.2.1 ’n leefwyse van eenvoud te omhels wat minder druk sit op die omgewing en aktief mee te werk aan die ontwikkeling van so ’n leefwyse, eerstens vir onsself maar ook vir alle mense.

31.2.2 temas rondom die omgewing en leefstylverandering deel te maak van die liturgie, kategese en ander vorme van gemeentewees.

31.2.3 ’n profetiese stem te laat hoor ten opsigte van die uitbuiting van natuurlike bronne en praktyke wat klimaatsverandering bevorder.

31.2.4 ekumenies in gesprek te tree met ander geloofsgroeperinge en nie-regeringsorganisasies ten einde die bewaring van die omgewing te bevorder.

31.3 Die Algemene Sinode dra dit aan die Taakspan Ekologie op om ’n standpuntinname ten opsigte van hidrobreking te formuleer en via die Moderamen aan die kerkverband deur te gee.

(Handelinge 2013)

**Besluite 2015**

31.4 Die Algemene Sinode moedig lidmate, gemeentes, ringe en sinodes aan om in hul funksionering en bediening:

31.4.1 gebruik te maak van beskikbare en nuut-ontwikkelde materiaal om die saak van die ekologie in hul werksaamhede te bevorder;

31.4.2 ’n profetiese stem te laat hoor waar die welwese van God se huishouding in gedrang kom; en

31.4.3 ekumenies in gesprek te tree met ander geloofsgroeperinge en nie-kerklike organisasies rakende die saak van die ekologie.

31.5 Die Algemene Sinode dra dit aan die Projekspan Ekologie op om:

31.5.1 beskikbare en nuut-ontwikkelde materiaal beskikbaar te stel ten einde gemeentes en lidmate te begelei om ekologies sensitief te leef; en

31.5.2 ’n studiestuk op te stel oor (1) hidrobreking, (2) kernkrag en (3) hernubare energie vir voorlegging by die volgende sinodesitting wat die Sinode sal kan begelei om formeel oor hierdie sake standpunt in te neem.

31.6 Die Algemene Sinode versoek die Algemene Steunspan Fondse en Bates om die moontlikhede van disinvestering in enige ekologies-onvriendelike beleggings te ondersoek vir voorlegging by die volgende sinodesitting.

31.7 Die Algemene Sinode neem met dank en waardering kennis van Pous Franciskus se ensikliek, *Laudato Si’*, en skaar haar by die besorgdheid vir die florering van die aarde en alle lewende wesens wat daarin vervat is (https://laudatosi.com/).

31.8 Die Algemene Sinode besluit om voortaan, in sensitiwiteit met God se huishouding, met eenvoud en spaarsamigheid, vergaderings steeds effektief in te rig.

(Handelinge AS 2015, Sesde Sittingsdag, p 62)

## 32. GELOFTEDAG AS VERSOENINGSDAG

(Handelinge 1994, pp 437, 560 en 694)

## 33. GRONDHERVORMING EN LANDELIKE ONTWIKKELING

### OPDRAG GRONDHERVORMING EN LANDELIKE ONTWIKKELING

(A.12.11.2 Grondhervorming, landelike ontwikkeling en landbou bl 243 pt 1.3)

33.1 Dit is geen onbekende feit dat die grondkwessie en restitusie, behoud en verkryging van eiendomsreg, werksgeleenthede en lone, voedselsekerheid en veiligheid in die brandpunt staan nie.

33.2 Die volgende sake en gebeure het die afgelope maande die intensiteit van hierdie kwessies en die gesprek daaroor verhoog:

33.2.1 Druk op die staat om grondhervorming te versnel en grond te onteien sonder behoorlike of enige vergoeding.

33.2.2 Die regerende party se eeufeesviering van die *Natives Land Act* van 1913.

33.2.3 Die voortgesette gewelddadige wyse waarop plaasaanvalle uitgevoer word en die onvermoë om die spiraal van geweld te deurbreek.

33.2.4 Stakings en gewelddadige betogings wat uitgeloop het op ontwrigtende optrede, saakbeskadiging en lewensverlies.

33.2.5Die statutêre verhoging van die minimumloon vir plaaswerkers en werksgeleenthede wat daardeur verlore gaan.

33.2.6 Onsekerheid oor die uiteindelike uitkoms van die regering se Groenskrif oor grondhervorming, waarop die regering nie op 19 Junie 2013, soos vooraf gesê is, amptelik gereageer het nie.

33.2.7 Die uitspraak in die Konstitusionele Hof oor Minerale Regte op 18 April 2013 wat vêrreikende implikasies vir die kwessie van grondonteiening en die toepassing van Artikel 25 van die Grondwet het.

33.2.8 Bevoordeeldes van grondrestitusie wat met mekaar in hofsake gewikkel is oor die verkryging van private eiendombesit waar grond steeds in kommunale of staatsbesit bly.

33.2.9Tradisionele leiers se onwilligheid om kommunale grond te verdeel en sodoende die uitvoering van die *Security of Tenure Act* van 1997 en die *Land Tenure Security Act* van 2010 verhinder.

33.2.10 Die volgehoue vernietiging van landbougrond deur mynbedrywighede en die nie-nakoming van wetsvoorskrifte wat dit probeer verhinder.

33.3 ’n Groot deel van die landbougemeenskap is lidmate van die NG Kerk. Afgesien daarvan dat die Kerk ’n *profetiese verantwoordelikheid* teenoor die owerheid het, het die Kerk ook ’n *pastorale verantwoordelikheid* teenoor sy lidmate.

33.4 Die kompleksiteit van grondhervorming en die impak daarvan op die landbousektor en landelike ontwikkeling, moet nie onderskat word nie. Talle rolspelers is by ’n verskeidenheid van sake betrokke. Standpunte loop dikwels uiteen. Dit sal ’n groot fout wees as die Kerk oningelig en veralgemenend te werk gaan in die nakoming van sy profetiese en pastorale verantwoordelikheid. Die Kerk wil aan God se kant staan as dit kom by die waarheid, geregtigheid, billikheid en menswaardigheid. Die Kerk wil veral ’n stem wees vir diegene wat nie oor die mag of middele beskik om vir hulleself te praat nie.

GRONDHERVORMING, LANDELIKE ONTWIKKELING EN LANDBOU (A.12.11.2 Grondhervorming, landelike ontwikkeling en landbou bl 248 pt 5 ):

33.5 Die Algemene Sinode versoek die Moderamen om binne die raamwerk van die verslag voort te gaan om op so veel as moontlike vlakke versoening en sinvolle oplossings te bemiddel.

33.6 Die Algemene Sinode verwys die verslag na die onderskeie sinodes om dit na goeddunke en binne konteks op die tafel van gemeentes te plaas, in die hoop dat dit die NG Kerk se sinvolle bydrae op voetsoolvlak/gemeentevlak sal verhoog.

33.7 Die Algemene Sinode versoek die Moderamen om, as NG Kerkfamilie en ekumeniese vennote, die aangeleenthede in die verslag waaroor ernstige kommer heers dringend met die Nasionale Regering op te neem.

33.8 Die Algemene Sinode is diep verontrus oor die morele verval in die land, maar veral binne die landbousektor (vergelyk Agenda 2013, pp 246-247, punt 4.6.1.4). Dit behoort as ’n prioriteit binne die NG Kerkfamilie hanteer te word – met 'n duidelik geformuleerde uitkomsgebaseerde omkeer-strategie.

33.9 Die Algemene Sinode is diep verontrus oor die impak wat veral bogrondse mynbedrywighede in sekere vrugbare dele van die land op die landbou en die omgewing het en doen 'n beroep op die regering om deur streng wetstoepassing en volhoubare gemeenskapsontwikkeling ’n einde daaraan te maak.

33.10 Die Algemene Sinode doen 'n beroep op lidmate in die landbousektor om die gesins- en familielewe van hulle werkers te koester, hulle onderwys te verseker en kerklik met hulle mee te leef.

33.11 Die Algemene Sinode versoek sy Taakspan vir Ekologie om die moderamen dringend met advies oor hidrobreking te voorsien met die oog op standpuntformulering.

(Handelinge AS 2013)

## 34. SELFDEGESLAGVERBINTENISSE

**Besluite 2019**

Die NG Kerk se Algemene Sinode is daartoe verbind om geloofsonderskeidend wysheid te vind oor moeilike etiese sake. Die Bybel, as die Woord van God, is die basis van ons nadenke oor ons identiteit en dissipelskap. Na ‘n lang en moeisame proses van studie, gesprek, luister en onderskeiding het die Sinode nou die volgende besluit oor selfdegeslagverhoudings geneem:

1. om die 2015-besluit van die Sinode op grond van prosedurele redes ter syde te stel;

2. dat

1. Die Algemene Sinode neem kennis dat verskille in die kerk ten opsigte van Skrifhantering en Skrifuitleg tot vasgelooptheid gelei het, en dat voortgaande besinning oor verantwoordelike Skrifuitleg steeds nodig is.

2. Die sinode bely egter dat die eenheid van die kerk gefundeer is in ’n eenheid met Christus en die belydenisgrondslag, en dat hierdie eenheid nie verbrokkel wanneer daar oor Skrifhantering en Skrifuitleg ten opsigte van hierdie saak verskil word nie, maar verryk en verdiep word.

3. Die sinode is verbind tot ’n voortgaande en nederige diepe luister na mekaar, met respek vir mekaar se uiteenlopende benaderings, Skrifhantering en hermeneutiek.

4. Die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om voort te gaan met die skep van gesprekruimtes vir gesonde geloofsonderskeidende gesprekke oor hierdie (en ander) teologies-etiese kwessies, en toe te sien dat:

4.1 hierdie ruimtes inklusief en divers bly;

4.2 nie oor ánder te praat nie, maar eerlik en broos vanuit die eie posisie, en

4.3 daar werklik erns gemaak word met die Woord van God.

5. Die Algemene Sinode respekteer kerkrade se reg om geloofsonderskeidende gesprekke in hulle eie kontekste te voer en moedig kerkrade aan om deurdagte en verantwoordelike besluite te neem.

6. Die Algemene Sinode moedig kerkrade aan, om by die aanwysing van persone in die ampte, lidmate se:

6.1 doop, belydenis, roeping, spiritualiteit en getuienis van leer en lewe,

6.2 toegang tot die sakramente,

6.3 integriteit van verhoudings, en

6.4 geskiktheid vir die spesifieke rol in ag te neem

6.5 ongeag ras, geslag, klas of seksuele oriëntasie en -identiteit.

7. By die legitimasie van teologiese studente, moet die studente se:

7.1 doop, belydenis, roeping, spiritualiteit en getuienis van leer en lewe,

7.2 toegang tot die sakramente,

7.3 integriteit van verhoudings, en

7.4 teologiese- en bedieningsvorming in ag te neem, ongeag ras, geslag, klas, of seksuele oriëntasie en -identiteit.

8. Die Algemene Sinode erken dat daar:

8.1 kerkrade en predikante is wat nie hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig nie,

8.2 ook kerkrade en predikante is wat wel hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig.

9. Die sinode wil graag die ruimte wat vir almal geskep word, om volgens hulle oortuiging op te tree, bevestig. Ook dat daar 'n span saamgestel word wat elke streek-sinode sal besoek om hierdie saak duidelik en deeglik deur te werk. Dit kan ons help om 'n ingeligte besluit te neem.

10. Die Algemene Sinode dra dit aan ATLAS op om 'n formulier te ontwikkel vir die bevestiging van burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag.

11. Die Algemene Sinode

11.1 betreur dat die verloop van die debat en die besluite in die kerk die afgelope jare lidmate verwar en seergemaak het;

11.2 vra gay-lidmate en hulle families wie se menswaardigheid wetend en onwetend misken is, uitdruklik om verskoning vir die pyn wat hulle in die kerk beleef het;

11.3 verbind hom daartoe om in die gees van hierdie besluit ruimtes te skep vir gesprek waarin almal se menswaardigheid gerespekteer word.

11.4 Die Algemene Sinode bedank gay-lidmate wat volgehou het met waagmoedige en konstruktiewe gesprekke in die kerk.

12. Die Algemene Sinode dra dit aan ATLAS op om voort te gaan met studie oor die huwelik en menslike seksualiteit met die oog op terugvoer aan die volgende sinode.

Die volgende besluite is saam met die bogenoemde besluit, steeds geldende besluite van die NG Kerk:

**HUWELIK, PROMISKUÏTEIT EN SELFDEGESLAG VERHOUDINGS**

**Die AS 2007 het die volgende besluite bevestig:**

1. Die Algemene Sinode herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou kan word.
2. Die Algemene Sinode bevestig ook die besluit van 2004 dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word.
3. Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig wat ons tans het, homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as 'n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.

   (uit Handelinge AS 2007, pp 204-205, pte 12.2 en 12.3)

**Die volgende aanbevelings is ook verder goedgekeur:**

Die Algemene Sinode

1. bevestig dat vorige besluite insake homoseksualiteit, selfdegeslag verbintenisse en huwelike gewysig en/of vervang is met nuwe besluite;

2. bevestig dat vorige besluite oor die huwelik en promiskuïteit steeds die geldende besluite is;

3. versoek dat hierdie besluite volledig in die Kerkordeboek opgeneem word;

4. neem kennis dat besluite oor selfdegeslag verbintenisse vir gemeentes buite die RSA onderworpe is aan daardie land se wetgewing;

5. besluit dat hierdie verslag met die oog op persverklarings die boodskap is wat die Algemene Sinode aan die wêreld bekend sal maak as die huidige amptelike standpunt van die Algemene Sinode.

Die Algemene Sinode is daarvan bewus dat al hierdie besluite op verskillende maniere toepaslik is in die lande waarin ons gemeentes teenwoordig is.

Die Algemene Sinode onderneem om met behulp van ‘n taakspan sinodes te ondersteun wanneer daar verder nagedink word oor die betekenis en waarde van die bostaande besluite. Die Sinode hoop dat die bostaande besluite lewegewende ruimte sal bied vir gelowiges met verskillende oortuigings oor die aangeleentheid.

Die vergadering van die Algemene Sinode het in ‘n baie goeie gees plaasgevind. Die lede is daartoe verbind om die besluit oor Selfdegeslagverbintenisse ten volle te ondersteun.

## 35. HUWELIK EN SAAMWOON

### Besluite 2011

### 35.11. HUWELIK EN SAAMWOON: PASTORALE VERSORGING

Die Sinode versoek leraars om in pastorale hantering van pare-in-verhouding, hulle met deernis te begelei van onvolledige verbintenisse na die omvattende, Bybelse verbintenis van die Christelike huwelik, en hierdie ideaal nooit af te water nie.

### 35.12 HUWELIK: ROL EN PLEK

35.12.1 Die Algemene Sinode bevestig die plek en waarde van die Christelike huwelik in die kerk en die gemeenskap en motiveer leraars en lidmate om die duursaamheid daarvan te bevorder.

35.12.2 Die Algemene Sinode versoek leraars en lidmate om gesonde huwelike aktief te bevorder en moeite te doen met huweliksvoorbereiding en huweliksverryking, omdat die idee en praktyk van huwelike verskraal het.

35.12.3 Die Algemene Sinode motiveer gemeentes om jaarliks op die tweede Sondag van Februarie wêreldhuweliksdag te vier.

### Besluite 2013

35.14 Die Algemene Sinode probeer om tans die volgende perspektiewe ten opsigte van saamwoonverhoudings te stel in die besef dat dit saamhang met omvattende sake soos die huwelik, egskeiding en seksuele etiek van gelowiges, wat deurlopend met deernis en sensitiwiteit deur die kerk onderskei en begelei moet word. Die verskillende punte hieronder moet daarom deurgaans met mekaar in verband gelees word.

35.15 Die Algemene Sinode besef dat die huwelik soos ons dit vandag ken die produk van eeue se ontwikkeling is. Daarom kan sommige huweliksgebruike soos in die Bybel beskryf, byvoorbeeld leviraatshuwelike en die vrou as besitting van die man, nie sonder meer dien as riglyne vir hoe Christelike huwelike vandag behoort te wees nie.

35.16 Die Algemene Sinode is daarvan oortuig dat die historiese ontwikkeling van die huwelik in die Bybel en in die geskiedenis vir ons duidelike riglyne bied van wat ’n Christelike huwelik is: ’n vaste, formele ooreenkoms tussen twee persone van die teenoorgestelde geslag om hulle lewens in alle opsigte met mekaar te deel in ’n lewenslange verbintenis waarin seksualiteit 'n eksklusiewe karakter dra, geseën of bevestig deur die kerk, gesluit in die teenwoordigheid van getuies, sovêr as moontlik in die gemeenskap van gelowiges en verkieslik erken deur die staat as ’n wettige huwelik.

35.17 Die Algemene Sinode oordeel dat, in die lig van bostaande, gelowiges met reg die huwelik ’n gawe van God noem en dat seksuele gemeenskap buite so ’n vaste, formele verbintenis/verhouding nie aan Christelike riglyne voldoen nie.

35.18 Die Algemene Sinode is daarvan bewus dat saamwoonverhoudings (wat die seksuele insluit) vandag 'n werklikheid in die samelewing is. Daar is verskillende redes waarom mense saamwoon. Sommige mense woon saam omdat hulle seksuele eksklusiwiteit nie as 'n belangrike aspek van 'n verhouding beskou nie. Hierdie verhoudings is weens die nie-permanente en selfsugtige aard daarvan, eties onaanvaarbaar.

35.19 Die Algemene Sinode is egter bewus daarvan dat daar ander redes is waarom sommige pare saamwoon. Sommige woon saam met die argument dat hulle seker wil maak dat hulle in alle opsigte by mekaar pas, voordat hulle trou. Van hierdie verhoudings streef in sekere opsigte na die Bybelse waardes van liefde, respek en eksklusiwiteit. Tog is dit minder as wat die Christelike verstaan van die huwelik verwag en word dit ontmoedig.

35.20 Die Algemene Sinode wil mense wat in 'n saamwoonverhouding leef, aanmoedig om die verbintenis nog vaster te maak deur die kerklike en staatkundige aspekte in plek te kry.

35.21 Die Algemene Sinode beskou die reëlings van mediese fondse en pensioenskemas wat voordele van mense ontneem wanneer hulle na die dood van 'n eggenoot/eggenote weer in die huwelik tree, as eties problematies en onderneem om nogeens met die betrokke owerhede hieroor in gesprek te tree.

35.22 Die Algemene Sinode aanvaar dat al die implikasies rondom die bevestiging van 'n enkel kerklike huweliksverbintenis nog nie uitgeklaar is nie en is daarom op hierdie stadium nie ten gunste van so 'n reëling nie.

(Handelinge AS 2013)

# A TOT Z - BELEID

Beskikbaar op die amptelike webblad van die NG Kerk: Algemene Sinode, dokumente.

# TUSSEN-ORDE[56]

## INLEIDING

Hierdie *Tussen-orde* handel hoofsaaklik met daardie gesamentlike aksies wat besondere reëlings benodig. Baie ander dinge wat tussen lidmate van ons kerke, gemeentes, ringe en sinodes kan en behoort te gebeur, word nie hier genoem nie. Gelowiges moet saam in hulle verskillende kontekste ontdek wat die Here wil hê hulle moet doen. Die bedoeling is dat in hierdie nuwe fase van ons reis saam op pad na hereniging, die deur oop is vir elke lidmaat en elke vergadering vir dit wat die Here vir hulle moontlik maak.

## AFDELING I. GEMEENTES

### Saamgevoegde gemeentes

*1. Die ooreenkoms*

1.1 Wanneer twee of meer gemeentes, wat aan ten minste twee verskillende kerke in die die NG Kerkfamilie behoort, 'n saamgevoegde gemeente wil vorm, moet elkeen van die gevolmagtigde kerkrade afsonderlik 'n besluit te dien effekte

[56] Vergelyk Artikel 71 en Handelinge AS 2015, Dag 5, pt 19: *Die Algemene Sinode keur die Tussen-orde goed mdo op die kerkherenigingsreis van die kerke van die NG Kerkfamilie.*

neem. Hierdie besluite sowel as die verbandhoudende bepalings word in ’n skriftelike ooreenkoms opgeneem.

1.2 ’n Saamgevoegde gemeente kan ook ’n wyk van ’n gemeente van een van die kerke in die NG Kerkfamilie insluit. In daardie geval word die besluit waarna hierbo verwys is, geneem deur die kerkraad van die gemeente waarvan die wyk deel is. Die regte en verpligtinge – beide in hulle oorspronklike gemeente en in die saamgevoegde gemeente – van die lidmate van die genoemde gemeente, wat deel vorm van die saamgevoegde gemeente, word in die bogenoemde ooreenkoms opgeneem. Enige bepaling in hierdie *Tussen-orde* is dienooreenkomstig op hulle van toepassing. Sulke lidmate kan slegs verkiesbaar wees as ouderling of diaken in een van die gemeentes soos van toepassing in die ooreenkoms.

1.3 ’n Besluit soos hierbo bedoel, vereis dat die approbasie van die lidmate van die gemeente, sowel as die goedkeuring van die ring of sy gevolmagtigde, verkry moet word volgens die reëlings van die betrokke kerkorde.

1.4 Die ooreenkoms sluit onder andere bepalings in oor:

- eredienste,
- die bediening van die Woord en sakramente,
- die beroeping van leraars,
- die verkiesing van ouderlinge en diakens,
- die funksionering van die saamgevoegde kerkraad,
- eiendomme en finansies,
- registrasie van lidmaatskap.

1.5 Die ooreenkoms word vir óf ’n beperkte óf ’n onbeperkte tydperk aangegaan. Indien die ooreenkoms vir ’n beperkte tydperk aangegaan word en nie een van die gemeentes betrokke beëindig dit by wyse van terminering nie, word dit stilswyend vir ’n soortgelyke termyn verleng.

1.6 Die ooreenkoms eindig by terminering. Terminering tree slegs in werking een jaar na die besluit geneem is om te termineer, tensy die meerderheid van die lede van die saamgevoegde kerkraad, sowel as die meerderheid van die kerkraadslede van elkeen van die samestellende gemeentes, afsonderlik ooreenkom op ’n korter termyn.

1.7 Die ooreenkoms kan na die tyd slegs verander word met die approbasie van die lidmate van die saamgevoegde gemeente.

1.8 In die amptelike benaming van die saamgevoegde gemeente moet die amptelike name van die samestellende gemeentes ingesluit word.

*2. Die saamgevoegde kerkraad*

2.1 In elke saamgevoegde gemeente is daar ’n saamgevoegde kerkraad saamgestel uit die leraars, ouderlinge en diakens – in soverre hulle lede is van die kerkraad – van die samevoegende gemeentes. Wanneer daar ten tyde van die samevoeging ander lede van ’n kerkraad dien, voltooi hulle hulle kerkordelike termyn in die saamgevoegde kerkraad.

2.2 In die geval van vakatures verkies die saamgevoegde kerkraad nuwe ampsdraers. Die lidmate van die saamgevoegde gemeentes sal die geleentheid kry om persone vir verkiesing te nomineer. Slegs daardie lidmate van die gemeente wat

kwalifiseer in terme van die kerkorde en bepalings van die gemeente waaraan hulle oorspronklik behoort het, is verkiesbaar.

2.3 Die approbasie van die verkiesing en die bevestiging van die verkose ouderlinge en/of diakens vind plaas volgens die bepalings en met die gebruikmaking van die formulier van enige van die kerke betrokke.

2.4 Die saamgevoegde kerkraad besluit oor die dienstermyn van sy ouderlinge en diakens, en oor die moontlikheid van herverkiesing. Die maksimum dienstermyn van ’n ouderling of diaken, wat herverkiesing insluit, is vier jaar. ’n Langer termyn is slegs moontlik met die toestemming van die bevoegde ring.

2.5 Die ooreenkoms bevat bepalings oor die prosedure vir die beroeping van predikante. Hierdie bepalings kan nie in konflik wees met die kerkorde en bepalings van enige van die samestellende kerke nie.

2.6 Die beroeping, approbasie en bevestiging van ’n predikant vind plaas in ooreenstemming met die kerkorde en bepalings van die kerk waaraan die predikant behoort.

2.7 ’n Konsulent vir ’n saamgevoegde gemeente word deur die saamgevoegde ring aangewys of, indien die gemeente nie deel is van ’n saamgevoegde ring nie, deur een van die gevolmagtigde ringe soos tussen hierdie ringe ooreengekom. Die konsulent is verkieslik nie ’n predikant van dieselfde kerk waaraan die predikant van die saamgevoegde gemeente behoort nie.

*3. Verantwoordelikhede en opdragte*

3.1 Die lewe en werk van ’n saamgevoegde gemeente is ten volle geïntegreerd, behalwe waar dit in die ooreenkoms uitgesluit is, waar dit nie moontlik is nie of waar die saamgevoegde kerkraad anders besluit. In sulke gevalle is die spesifieke kerkordebepalings van toepassing.

3.2 Die saamgevoegde kerkraad handel met die gesag en verantwoordelikheid van die kerkraad van elk van die gemeentes betrokke.

3.3 Die ooreenkoms kan impliseer, of die saamgevoegde kerkraad kan besluit, dat sake rakende kerklike tug en dissipline en sake wat regstreeks verband hou met die regspersoon van een van die gemeentes, deur die kerkraadslede van daardie betrokke gemeente hanteer word en wat – slegs in daardie geval of soos ooreengekom deur die saamgevoegde kerkraad – optree as die kerkraad van daardie gemeente in ooreenstemming met die kerkorde en bepalings van daardie kerk.

3.4 Indien dit ooreengekom word dat sake rakende kerklike tug en dissipline deur die (hele) saamgevoegde kerkraad hanteer sal word, sal hierdie kerkraad hou by die prosedurele voorskrifte van die kerk aan wie die lidmaat onder tug en dissipline behoort, insluitende die voorskrifte vir appèl. Geen dissiplinêre handeling kan geneem word sonder die goedkeuring van die meerderheid van die kerkraadslede van daardie betrokke kerk nie.

3.5 Die saamgevoegde kerkraad vergader ten minste vier keer per jaar.

3.6 Een van die leraars tree op as voorsitter van die vergadering. In die geval van ’n vakature tree die konsulent/interimleraar op as voorsitter. ’n Ouderling kan slegs met die goedkeuring van die gevolmagtigde ringe aangewys word as voorsitter van die saamgevoegde kerkraad.

*4. Die bediening*

4.1 Ten einde die Woord en/of sakramente te bedien, kan die kerkraad enige persoon uitnooi wat bevoeg is om dit in een van die kerke te doen wat deel is van die saamgevoegde gemeente, tensy anders ooreengekom. Geen persoon kan uitgenooi word wat nie bevoegdheid in enige van die kerke het nie.

4.2 Binne die moontlikhede wat die kerkordes en besluite van die gevolmagtigde kerke bied, besluit die kerkraad oor die liturgiese orde, liturgiese formuliere, liedboeke, Bybelvertalings en ander aspekte van aanbidding vir gebruik in die eredienste van die gemeente.

4.3 ’n Gemeenskaplike beleid vir toelating tot die Nagmaal sal deel wees van die ooreenkoms waarop die saamgevoegde gemeente berus.

4.4 Sake aangaande die bediening van die predikante sal hanteer word volgens die kerkordebepalings van die kerk waaraan hy/sy behoort. Besluite in hierdie verband kan slegs geneem word met die toestemming van die meerderheid van die lede van die saamgevoegde kerkraad wat aan dieselfde kerk as die predikant behoort. Indien ’n meerderheid nie verkry word nie, word die saak na die gevolmagtigde ring verwys vir besluitneming.

*5. Registrasie van lidmaatskap*

5.1 Die saamgevoegde gemeente behou die bestaande registrasie van lidmaatskap van die samestellende gemeentes. Die registrasie van lidmaatskap van die saamgevoegde gemeente sluit vir elke lidmaat ’n verwysing in na die samestellende gemeente waaraan hy/sy behoort.

5.2 Nuwe lidmate van die saamgevoegde gemeente kies een van die samestellende gemeentes vir registrasie as lidmaat.

5.3 Gedoopte kinders word as lidmate van die samestellende gemeente van hulle moeder geregistreer, tensy beide ouers anders besluit.

## AFDELING II. RINGE

### Saamgevoegde ringe

*1. Die ooreenkoms*

1.1 Wanneer twee of meer ringe, wat aan ten minste twee verskillende kerke in die NG Kerkfamilie behoort, ’n saamgevoegde ring wil vorm, moet elkeen van die gevolmagtigde ringe afsonderlik ’n besluit te dien effekte neem. Hierdie besluite sowel as die verbandhoudende bepalings word in ’n skriftelike ooreenkoms opgeneem.

1.2 Voordat ’n besluit soos hierbo bedoel, geneem word, gee die ring al die gemeentes in sy gebied die geleentheid om hulle menings skriftelik te gee. So ’n besluit vereis dat die toestemming van die (streek)sinode(s) of sy gevolmagtigde verkry word volgens die reëlings van die betrokke kerkorde.

1.3 Die ooreenkoms sluit onder andere bepalings in oor:

- die funksionering van die saamgevoegde ring,
- die spesifieke funksies van die ring,
- eiendomme en finansies.

1.4 ’n Saamgevoegde ring sluit al die gemeentes in wat deel is van die onderskeie afsonderlike ringe. Na konsultasie met die gevolmagtigde ringe kan die gevolmagtigde (streek)sinode(s) of sy gevolmagtigde ’n gemeente toelaat om, op versoek, deel te word van ’n ander ring.

1.5 Die ooreenkoms word óf vir ’n beperkte óf vir ’n onbeperkte tyd aangegaan. Indien die ooreenkoms vir ’n beperkte tyd aangegaan word en nie een van die ringe betrokke beëindig dit by wyse van terminering nie, word dit stilswyend vir ’n soortgelyke aantal jare verleng.

1.6 Die ooreenkoms eindig by terminering. Terminering tree slegs in werking een jaar na die besluit geneem is om te termineer, tensy die meerderheid van die lede van die saamgevoegde ring sowel as die meerderheid van sy lede van elk van die samestellende ringe afsonderlik, ooreenkom op ’n korter termyn.

1.7 Die ooreenkoms kan na die tyd slegs verander word met die goedkeuring van die (streek)sinode(s).

1.8 In die amptelike benaming van die saamgevoegde ring moet die amptelike name van die samestellende ringe ingesluit word.

*2. Verantwoordelikhede en opdragte*

2.1 Die verantwoordelikhede van ’n saamgevoegde ring sluit al die verantwoordelikhede en opdragte in wat ’n ring het volgens die kerkordes en bepalings van die samestellende kerke. Waar van toepassing handel die saamgevoegde ring – in die uitvoering van sy verantwoordelikhede en opdragte met betrekking tot gemeentes en ampsdraers – volgens die reëlings soos neergelê in die kerkorde en bepalings van die kerk waartoe die gemeente of ampsdraer behoort.

2.2 Die lewe en werk van ’n saamgestelde ring is ten volle geïntegreerd, behalwe waar dit in die ooreenkoms uitgesluit is, waar dit nie moontlik is nie of waar die saamgevoegde ring anders besluit. In sulke gevalle is die spesifieke kerkordebepalings van toepassing.

2.3 Die saamgevoegde ring handel met die gesag en verantwoordelikheid van elk van die ringe betrokke.

2.4 Indien ’n saamgevoegde ring deel is van twee (streek)sinodes wat nog nie self ’n saamgevoegde (streek)sinode gevorm het nie, stuur die ring afgevaardigdes na beide (streek)sinodes. Dié afgevaardigdes het slegs stemreg in die (streek)sinode indien hulle lidmate is van die spesifieke kerk waarvan die (streek)sinode deel is. Afgevaardigdes wat nie aan hierdie vereiste voldoen nie, het slegs ’n adviserende rol of tree op as waarnemers in ooreenstemming met die reëlings van daardie spesifieke (streek)sinode.

2.5 Die ooreenkoms kan impliseer, of die saamgevoegde ring kan besluit, dat sake rakende kerklike tug en dissipline, appèlle en sake wat direk verband hou met die regspersoon van een van die gemeentes of ringe – insluitende eiendomsaangeleenthede – hanteer sal word deur lede van die ring van daardie betrokke kerk. Slegs in dié geval, of soos besluit deur die saamgevoegde ring, kan laasgenoemde optree as die ring van daardie betrokke kerk en in ooreenstemming met die kerkorde en bepalings van daardie kerk.

2.6 Indien dit ooreengekom word dat sake rakende kerklike tug en dissipline deur die (hele) saamgevoegde ring hanteer word, sal hierdie ring hou by die prosedurele reëlings – insluitende die voorskrifte vir appèl – soos weergegee in die kerkorde van die kerk aan wie die ampsdraer onder tug en dissipline behoort. Geen dissiplinêre optrede kan plaasvind sonder die goedkeuring van die meerderheid van die lede van die ring van daardie betrokke kerk nie.

2.7 Indien dit ooreengekom word dat appèlle en sake wat direk verband hou met die regspersoon van een van die gemeentes of ringe – insluitende

eiendomsaangeleenthede – hanteer word deur die (hele) saamgevoegde ring, moet hierdie ring hou by die prosedurele reëlings soos vervat in die kerkorde van die betrokke kerk.

2.8 Die saamgevoegde ring vergader ten minste eenkeer in twee jaar.

2.9 Indien 'n saamgevoegde ring deel is van twee (streek)sinodes wat nog nie self besluit het om nou saam te werk of om 'n saamgevoegde (streek)sinode te vorm nie – soos hieronder uitgespel – moet appèlle teen besluite van daardie ring by beide die (streek)sinodes aanhangig gemaak word en hierdie sinodes of hulle gevolmagtigdes besluit saam daaroor.

**AFDELING III. (STREEK)SINODES**

*1. Die ooreenkoms*

1.1 In die lig van die eenwording van die kerke van die NG Kerkfamilie, en met inagneming van die huidige wetlike status en bevoegdhede van die (streek)sinodes van hierdie kerke, word hierdie sinodes uitgedaag om na die beste van hulle vermoë saam te werk.

1.2 Wanneer twee of meer (streek)sinodes wat aan ten minste twee verskillende kerke in die NG Kerkfamilie behoort, intensief wil saamwerk, moet elkeen van die bevoegde (streek)sinodes 'n besluit te dien effekte neem. Hierdie besluite sowel as die verbandhoudende bepalings word opgeneem in 'n skriftelike ooreenkoms.

1.3 Indien twee (streek)sinodes wat aan twee verskillende kerke in die NG Kerkfamilie behoort dieselfde geografiese grense deel, kan hulle besluit om 'n saamgevoegde (streek)sinode te vorm. In die geval neem elkeen van die bevoegde (streek)sinodes afsonderlik 'n besluit te dien effekte. Hierdie besluite sowel as die verbandhoudende bepalings word opgeneem in 'n skriftelike ooreenkoms.

1.4 Voordat 'n besluit soos hierbo bedoel (paragraaf 1.2 and 1.3) geneem word, gee die (streek)sinode al die gemeentes en ringe in sy gebied die geleentheid om hulle menings skriftelik te gee. So 'n besluit vereis dat die goedkeuring van die algemene sinode(s) of sy gevolmagtigde volgens die reëlings van die tersaaklike kerkorde verkry word.

1.5 Die ooreenkoms sluit onder andere bepalings in oor:

- die funksionering van die samewerkende (streek)sinodes/saamgevoegde (streek)sinode,
- die spesifieke opdragte van die samewerkende (streek) sinodes/saam-gevoegde (streek)sinode,
- eiendomme en finansies.

1.6 Samewerkende (streek)sinodes sowel as saamgevoegde (streek)sinodes sluit alle ringe in wat deel is van die onderskeie afsonderlike (streek)sinodes.

1.7 Die bevoegde (streek)sinode(s) of sy gevolmagtigde kan 'n (saamgevoegde) gemeente of 'n (saamgevoegde) ring toelaat, op versoek, om deel van 'n ander (streek)sinode te word indien ten minste 'n tweederde meerderheid van die kerkrade van die gemeentes in daardie (saamgevoegde) ring hulle toestemming gee.

1.8 Die ooreenkoms word óf vir 'n beperkte óf vir 'n onbeperkte tyd gemaak. Indien die ooreenkoms vir 'n beperkte tyd gemaak is en nie een van die samewerkende

(streek)sinodes of saamgevoegde (streek)sinodes betrokke dit getermineer het nie, word dit stilswyend vir 'n soortgelyke aantal jare verleng.

1.9 Die ooreenkoms eindig by terminering. Terminering tree slegs in werking een jaar na die besluit geneem is om te termineer, tensy die meerderheid van die lede van elkeen van die samewerkende (streek)sinodes of saamgevoegde (streek)sinodes op 'n korter termyn ooreenkom.

1.10 Die ooreenkoms kan slegs na die tyd verander word met die goedkeuring van die bevoegde algemene sinodes.

1.11 Die samewerkende (streek)sinodes of saamgevoegde (streek)sinode spesifiseer in die bogenoemde ooreenkoms watter van die verantwoordelikhede en opdragte wat hulle het, volgens die kerkordes en bepalings van die onderskeie kerke, saam uitgevoer gaan word.

1.12 Appèlle teen die (geratifiseerde) besluite van samewerkende (streek)sinodes of saamgevoegde (streek)sinodes sal by beide algemene sinodes ingedien word en hierdie sinodes of hulle gevolmagtigdes sal saam daaroor besluit.

***III/1 SAMEWERKENDE (STREEK)SINODES***

*1. Verantwoordelikhede en opdragte*

1.1 Samewerkende (streek)sinodes vergader so dikwels as wat vereis word gesamentlik vanuit die perspektief van die verantwoordelikhede en opdragte wat hulle gesamentlik uitvoer.

1.2 Besluite wat in 'n gesamentlike vergadering van samewerkende (streek)sinodes geneem word, is slegs van krag indien dit na die tyd in afsonderlike vergaderings van al die bevoegde (streek)sinodes geratifiseer word.

1.3 Die moderatuur/dagbestuur en/of die moderamen/sinodale kommissie van die samewerkende (streek)sinodes vergader gesamentlik. Hulle hanteer slegs 'n afsonderlike agenda indien dit noodsaaklik is vir redes tov wetlike verantwoordelikhede.

1.4 Die kommissies van die samewerkende (streek)sinodes vergader gesamentlik. Hulle hanteer slegs 'n afsonderlike agenda indien dit noodsaaklik is vir redes tov wetlike verantwoordelikhede.

1.5 Die gesamentlike vergadering van moderature/dagbesture berei die gesamentlike vergadering van die samewerkende (streek)sinodes voor. Die moderature/dagbesture neem saam verantwoordelikheid vir die implementering van besluite soos geneem in 'n gesamentlike vergadering van samewerkende (streek)sinodes.

1.6 Indien dit ooreengekom word dat appèlle en sake wat in direkte verband staan met die regspersoonlikheid van een van die gemeentes of ringe – insluitende eiendomskwessies – hanteer word in 'n gesamentlike vergadering van die samewerkende (streek)sinodes, sal hierdie gesamentlike vergadering hou by die prosedurele reëlings soos uiteengesit in die kerkorde van die betrokke kerk.

***III/2 SAAMGEVOEGDE (STREEK)SINODES***

*1. Verantwoordelikhede en opdragte*

1.1 In die amptelike benaming van die saamgevoegde (streek)sinode moet die amptelike name van die samestellende (streek)sinodes ingesluit word.

1.2 Die verantwoordelikhede en opdragte van 'n saamgevoegde (streek)sinode sluit alle verantwoordelikhede en opdragte in wat 'n (streek)sinode volgens die kerkordes en bepalinge van die samestellende kerke het. Waar van toepassing

handel die saamgevoegde (streek)sinode – in die uitvoering van sy verantwoordelikhede en opdragte met betrekking tot gemeentes en ringe – volgens die reëlings soos vervat in die kerkorde en bepalings van die kerk waaraan die gemeente of ring behoort.

1.3 Die lewe en werk van ’n saamgevoegde (streek)sinode is ten volle geïntegreerd behalwe waar dit in die ooreenkoms uitgesluit word, waar dit nie moontlik is nie of waar die saamgevoegde (streek)sinode anders besluit. In sulke gevalle geld die spesifieke kerkordebepalings.

1.4 Die saamgevoegde (streek)sinode handel met die gesag en aanspreeklikheid van elkeen van die ringe betrokke.

1.5 Die saamgevoegde (streek)sinode kies sy moderatuur/dagbestuur en sy moderamen/sinodale kommissie volgens die bepalings soos vervat in die bogenoemde ooreenkoms. Dit het saamgevoegde kommissies en wys die lede van sulke kommissies aan.

1.6 Die saamgevoegde (streek)sinode stuur afgevaardigdes na beide bevoegde algemene sinodes. Sulke afgevaardigdes het slegs stemreg in die algemene sinode indien hulle lidmate van daardie betrokke kerk is. Afgevaardigdes wat nie aan hierdie vereiste voldoen nie, het slegs ’n adviserende rol of tree op as waarnemer in ooreenstemming met die reëlings van daardie spesifieke algemene sinode.

1.7 Die ooreenkoms kan impliseer, of die saamgevoegde (streek)sinode kan besluit, dat sake rakende kerklike tug en dissipline, appèlle en sake wat direk verband hou met die regspersoon van een van die gemeentes of ringe – insluitend eiendomsaangeleenthede – hanteer sal word deur lede van die saamgevoegde (streek)sinode van daardie betrokke kerk. Slegs in die geval, of soos besluit deur die saamgevoegde (streek)sinode, kan laasgenoemde optree as die (streek)sinode van daardie betrokke kerk en in ooreenstemming met die kerkorde en bepalings van daardie kerk.

1.8 Indien dit ooreengekom word dat sake rakende kerklike tug en dissipline deur die (hele) saamgevoegde (streek)sinode of sy gevolmagtigde hanteer word, sal hierdie saamgevoegde (streek)sinode hou by die prosedurele reëlings – insluitende die voorskrifte vir appèl – soos weergegee in die kerkorde van die kerk aan wie die ampsdraer onder tug en dissipline behoort. Geen dissiplinêre optrede kan plaasvind sonder die goedkeuring van die meerderheid van die lede van die saamgevoegde (streek)sinode of sy gevolmagtigde wat aan daardie betrokke kerk behoort nie.

1.9 Indien dit ooreengekom word dat appèlle en sake wat direk verband hou met die regspersoon van een van die gemeentes of ringe – insluitende eiendomsaangeleenthede – hanteer word deur die (hele) saamgevoegde (streek)sinode of sy gevolmagtigde, moet hierdie (streek)sinode hou by die prosedurele reëlings soos vervat in die kerkorde van die betrokke kerk.

1.10 Die saamgevoegde (streek)sinode vergader ten minste eenkeer in vier jaar.

*2. Provinsiale konventus*

2.1 Indien al die (streek)sinodes van twee of meer kerke van die NG Kerkfamilie binne die grense van ’n provinsie van die Republiek van Suid-Afrika of in ’n naburige staat ooreenkom, kan hulle in ’n provinsiale konventus byeenkom ten einde te getuig van die voortgaande eenwording van die kerke in die politieke en

sosiale konteks van daardie besondere provinsie/land, dit te vier en uit te bou, en ons gemeenskaplike diens en getuienis te bevorder.

2.2 Die konventus kies sy eie leierskap.

**AFDELING IV. ALGEMENE SINODES**

1. Die moderature/dagbesture en/of die moderamens/sinodale kommissies van die algemene sinodes van twee of meer kerke van die NG Kerkfamilie kan saam vergader en saam besluite neem.
2. Hierdie gesamentlike besluite het slegs gesag indien dit na die tyd in afsonderlike vergaderings van die gevolmagtigde moderature/dagbesture en/of moderamens/sinodale kommissies geratifiseer is.

**AFDELING V. SAAMGEVOEGDE BEDIENINGE**

1. Saamgevoegde bedieninge moet in ooreenstemming met die bestaande ooreenkomste tussen die kerke in die NG Kerkfamilie aangemoedig word.
2. Nuwe bedieninge moet slegs onderneem word na konsultasie met die ander kerke in die NG Kerkfamilie en met die eksplisiete doel om dit so ver as moontlik saam te doen.
3. Gemeentes, ringe, (streek)sinodes en algemene sinodes kan gesamentlike projekte of gesamentlike regsentiteite daarstel (maatskappye, NOW’s, ens), solank as wat alle relevante kerklike vergaderings saamstem, ten einde die saamgevoegde bedieninge uit te bou.

**AFDELING VI. BESONDERE BEPALINGS**

1. ’n Gemeente van ’n kerk in die NG Kerkfamilie wat deel is van ’n ring wie se grense oorvleuel met die geografiese grense van een van die (streek)sinodes van die ander kerke in die NG Kerkfamilie, kan aansoek doen om deelname as assosiaat-lid in die ring en/of die (streek)sinode in sy geografiese area. So ’n aansoek kan slegs toegestaan word met die toestemming van die ring, die (streek)sinode (respektiewelik die algemene sinode) van die kerk waaraan die gemeente behoort. So ’n gemeente sit ook haar deelname in haar eie kerklike strukture voort.
2. Met betrekking tot die RCA kan die RCA op haar versoek ’n besondere soort deelname toegeken word in enige van die algemene sinodes van die ander kerke in die NG Kerkfamilie volgens die kerkorde.

## GEDRAGSKODE VIR PREDIKANTE VAN DIE NG KERK

**INLEIDING/AANHEF**

Goeie en moreel gefundeerde etiese gedrag en geloofwaardige optrede of die gebrek daaraan, kan die bediening van ʼn predikant maak of breek. Volgens artikel 4 van die Kerkorde verrig Christus al sy dienswerk in sy kerk en koninkryk deur sy Woord en Gees. Hy doen dit ondermeer deur gebruik te maak van die besondere ampte van bedienaar van die Woord, ouderlinge en diakens om gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk in die kerk en wêreld. (Kerkorde 2013, artikel 4)

Aangesien ons almal deur God se Gees tot die bediening geroep is (die innerlike roeping) en deur ʼn werkkring (kerkraad, ring of sinode) in diens gestel is (uiterlike roeping) wil ons getrou bly aan die Woord en ons belydenis.

Predikante – leraars, proponente, emeriti en dosente – in ons geloofsgemeenskappe, hetsy gemeentes, ringe en sinodes, asook ander instelling soos opvoedkundige

instansies, kapelaansdienste, versorgingsoorde (ouetehuise, kinderhuise en rehabilitasiesentrums) moet te alle tye ons Christelike waardes en gedrag in stand hou. Hierdie gedragskode voorsien ons daarom van ŉ bepaalde standaard waaraan ons gedrag gemeet word in die kerklike en geestelike sfere waarin Predikante beweeg en optree.

**VERANTWOORDELIKHEID**

Die private asook openbare/publieke optrede van gelegitimeerdes kan lidmate en nie-lidmate inspireer en motiveer, maar die teenoorgestelde is net so waar. Swak en onetiese gedrag van gelegitimeerdes kan ook dikwels lidmate en veral nie-lidmate se geloofservaring negatief beïnvloed en dan word Christene se Christenskap met rede erg gekritiseer. Gelegitimeerdes moet daarom veral bewus wees van die verantwoordelikheid wat met die **roeping** van geestelike leier gepaard gaan. Die verantwoordelike aanvaarding en internalisering van hierdie gedragskode op grond van predikante se besondere roeping berus by elke individu.

Predikante staan in ŉ baie besondere noue verhouding met lidmate en so word ŉ sterk vertrouensverhouding gebou. Hierdie vertrouensverhouding skep dan die ruimte waarbinne die Predikant en die lidmaat so noue kontak met mekaar het, dat daar later feitlik geen geheime/probleme is wat die lidmaat nie aan die leraar openbaar maak nie. Die situasie kan meebring dat die Predikant in so posisie geplaas word dat hy oor vertroulike inligting beskik wat dikwels nadelig vir die lidmaat sou wees, sou hy/sy dit op enige wyse openbaar. Verder kan die Bedienaar van die Woord ook beleef dat hy/sy in ŉ bepaalde "magsposisie" in beweeg en dat hy/sy dikwels voor die versoekings kan swig om hierdie "magsposisie" te misbruik in terme van gunsies/in ruil vir sekere monetêre/finansiële voordele en selfs seksuele gunste. ŉ Bedienaar van die Woord mag dus ook nooit uit sy/haar "magsbasis" en-of "magsposisie" lidmate manipuleer en/of misbruik nie.

Hieronder volg die Gedragskode wat ŉ gelegitimeerde se gedrag en openbare optrede rig. Gelegitimeerdes wat hulle skuldig maak aan die nie-uitvoering van hierdie gedragskode stel hulle self bloot aan korrektiewe optrede soos omskryf in die Kerkorde van die Ned Geref Kerk en soos uitgespel in die Riglyne hierby aangeheg. Hierdie tugmaatreëls kan wissel van ŉ mondelingse waarskuwing tot en met summiere ontslag.

**1. PASTORALE STANDAARDE**

Gelegitimeerdes sal in ŉ pastoraal terapeutiese situasie:

- ander se regte en welstand altyd eerste stel.
- nie berading gee wat verder strek as binne die vermoë waartoe die leraar opgelei is nie. Waar berading buite die verwysing val, moet die leraar altyd persone verwys na ŉ ander professionele persoon.
- ten alle tye vertroulikheid handhaaf.
- in geen intieme verhouding met persone betrokke raak wat vir berading aanklop nie.
- geen fisiese toenadering soek by enige persoon wat vir berading aanmeld nie.

**2. VERTROULIKHEID en BETROUBAARHEID**

**Vertroulikheid**

Enige gelegitimeerde sal in alle omstandighede (berading, advies, en geestelike versorging) die mees moontlike vertroulikheid handhaaf, deur

- Alle inligting as vertroulik te hanteer.

- Slegs inligting beskikbaar te stel wat volgens wet vereis word.
- As inligting bekend gemaak moet word, dit eers met die betrokke persoon te bespreek.

**Betroubaarheid**

Van enige gelegitimeerde kan verwag word om altyd betroubaar te wees. Daarom moet gelegitimeerdes so optree dat hulle vertrou kan word ten opsigte van:

- Leierskap – om met integriteit leiding te neem en ander op ŉ verantwoordbare wyse te begelei.
- Inligting deur dit met alle betroubaar en met die nodige vertroulikheid te hanteer.
- Met bronne deur dit wat aan die predikante toevertrou is met eerlikheid en noukeurigheid te hanteer.

## 3. GEDRAG TEN OPSIGTE VAN KINDERS

Gelegitimeerdes sal altyd in hulle kontak en werk met minderjariges ŉ oop en eerlike vertrouensverhouding handhaaf deur:

- Sovêr moontlik in span met minderjariges te werk.
- Geen fisiese kontak te maak behalwe waar dit in uiterste gevalle vir bemoediging nodig is (bv 'n hand ter vertroosting op arm). Geen kontak mag gemaak word wat as seksueel van aard geïnterpreteer kan word nie.
- Geen blootstelling aan afhanklikheidsmiddels nie.
- Nie in hul privaat woonplek of pastorie te laat oornag nie.
- Nie enige mediese behandeling toepas behalwe in uiterste noodgevalle nie.

## 4. REINHEID EN SUIWERHEID

**Seksuele reinheid**

Geen gelegitimeerde mag vir seksuele gewin of en enige ander vorm van intimiteit die vertroue in hulle gestel deur die geloofsgemeenskap misbruik deur:

- In berading en/of geloofsverhoudings so betrokke te raak dat die grense van betaamlike gedrag oorskry word nie.
- Enige seksuele gunsie te vra nie.
- Nie seksueel betrokke te raak by enige persoon nie.

**Teologiese suiwerheid**

ŉ Gelegitimeerde moet sonder skroom bereid wees om die leer van die Ned Geref Kerk te enige tyd te respekteer, bevorder en verdedig.

Om verder, indien as Bedienaar van die Woord later enige beswaar of ander insig oor die leer ontwikkel, dit nie sal leer of bevorder voordat dit aan 'n bevoegde kerkvergadering vir 'n beslissing voorgelê is nie.

## 5. TEISTERING

Geen gelegitimeerde mag op enige wyse betrokke raak by ŉ fisiese, psigologiese, geskrewe of verbale teistering van enige ander persoon nie, en moet ŉ omgewing te skep waar professioneel opgetree word wat vry is van enige vorm van diskriminasie, intimidasie en teistering en wat die volgende uitsluit:

- Fisiese en/of psigiese misbruik
- Afbrekende taal
- Onwelkome seksuele gedrag en/of aanraking

- Seksuele grappe

6. **KONFLIK VAN BELANGE**

Geen gelegitimeerde mag hom/haarself skuldig maak aan enige vorm waar daar ʼn konflik van belange mag ontstaan nie en;

- moet alle moontlikhede waar daar moontlik ʼn konflik van belange mag wees, openbaar
- mag nie voordele trek uit posisie as gelegitimeerde nie
- waar twee of meer partye betrokke is, dit met die partye uitklaar

7. **ADMINISTRATIEWE AKSIES**

Gelegitimeerdes moet deursigtig en eerlik die dag-tot-dag administrasie wat van hulle in die bediening verwag word, uitvoer.

- voldoen aan die kerkregtelike sowel as sivielregtelike eise
- mag nie mag misbruik nie

8. **GEESTELIKE EN LIGGAAMLIKE WELSTAND**

Gelegitimeerdes is self verantwoordelik vir hulle eie geestelike, fisiese, morele en emosionele welstand verantwoordelik

- moet bedag wees op tekens wat probleme uitwys
- moet onmiddellik hulp soek
- misbruik van drank en ander afhanklikheid middels is verbode
- Mentorskap is noodsaaklik

9. **INTEGRITEIT**

Gelegitimeerdes moet integriteit toon in:

- persoonlike karakter (verhoog van God; eerlik; hardwerkend; getrou, geduldig, vredeliewend)
- persoonlike versorging (gesondheid, fisiese voorkoms, geestelike verdieping, benut van mentors)
- prediking en lering (preek en leer die Waarheid)

10. **VERANTWOORDELIKHEID (Aanspreeklikheid)**

Gelegitimeerdes het die verantwoordelikheid om met ywer, toewyding, opregtheid en eerlikheid te dien in hul onderskeie werkkringe tov

- Finansies aan hul toevertrou
- Bedieningsverantwoordelikheid in gemeente en ander werkkring aan hul toevertrou
- Breër kerklike verband waar hul dien

11. **BEOEFEN REGVERDIGHEID EN BILLIKHEID**

Gelegitimeerdes moet te alle tye hoë vlakke van regverdigheid en billikheid handhaaf en tot voorbeeld wees in betrokkenheid met:

- Ander personeel
- Lidmate van die geloofsgemeenskap
- Die gemeenskap waarbinne hul betrokke is
- Ander geloofsgemeenskappe

Nakoming van bogenoemde kode moet 'n lewenskeuse en verantwoordelikheid van elke gelegitimeerde wees. Alles moontlik moet gedoen word om dit te onderskryf en te onderhou.

**NG Kerk Vrystaat**

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bloemfontein, 9301
Tel: +27 (0) 51 406 6700 | E-posadres: daf@ngkvs.co.za
Posbus 11412, Universitas, 9321

**www.ngkerkvrystaat.co.za**

NG Kerk Vrystaat



# Ons VADER

WAT IN DIE HEMELE IS
LAAT U NAAM GEHEILIG WORD
**LAAT U KONINKRYK KOM**
LAAT U WIL GESKIED
**SOOS IN DIE HEMEL SO OOK OP DIE AARDE**
**GEE ONS VANDAG ONS DAAGLIKSE BROOD**
**EN VERGEEF ONS ONS SKULDE**
**SOOS OOK ONS HULLE VERGEEF WAT**
**TEENOOR ONS SKULDIG STAAN EN BRING**
**ONS NIE IN VERSOEKING NIE MAAR**
**VERLOS ONS VAN DIE BOSE**
**WANT AAN U BEHOORT DIE**
KONINKRYK EN DIE KRAG
**EN DIE HEERLIKHEID TOT IN EWIGHEID**

# AMEN

*MATTEUS 6:9-13 (DIE BYBEL 2020-VERTALING: HOOFLETTERUITGAWE (AFR20HL))*

© 2022 | NG KERK VRYSTAAT